



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sferes te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidisiplinêre organisasie.

Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidisiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.

Tydskrif vir Geesteswetenskappe • Jaargang 62 Nummer 4 • Desember 2022



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

This title is
now indexed
in Scopus

refine your research
SCOPUS

Sedert Maart 2009 geïndekseer in
die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:
Engelienburghuis: Gister en vandag

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 62 | Volume 62
Nommer 4 | Number 4

DESEMBER 2022
DECEMBER 2022



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751

Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opperig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



4

Uitgewer/Publisher

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

The South African Academy for Science and Arts

Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Sunnyside 0132

Suid-Afrika/South Africa

Desember/December 2022

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Port Elizabeth)/(Nelson Mandela University, Port Elizabeth)

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

JJ (Koos) Malan, Publikereg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JP (Cillers) van den Berg, Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL (vervolg)

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)/(Free University and University of Amsterdam, The Netherlands)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University, Nijmegen, The Netherlands)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/(University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)

Ex officio: A (Anne-Marie) Beukes – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

Intekengeld vir 2022 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):

Subscription fees for 2022 in South Africa (VAT and postage included):

Tydskrif vir Geesteswetenskappe: R400,00 per jaargang/volume

S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: R350,00 per jaargang/volume

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: publikasies@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 62 Nummer 4, Desember 2022 / Volume 62 Number 4, December 2022

Inhoudsopgawe

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES

FRANCOIS DURAND

Insekte en voedselsekerheid in Suid-Afrika in die lig van klimaatsverandering /
Insects and food security in South Africa in the light of climate change 623

MARTIE VAN DER WALT

Die migrasie en verspreiding van aansteeklike siektes: Vanaf die oorsprong van *Homo sapiens* tot en met die Antroposeen / *Migration and spread of infectious diseases: From the origin of Homo sapiens up to the Anthropocene* 647

ERNST ROETS

Die tradisioneel-konserwatiewe vryheidsbeskouing van Edmund Burke teenoor dié van moderne konserwatisme / *Edmund Burke's traditional conservative conception of freedom as opposed to that of modern conservatism* 662

MORNÉ DIEDERICKS

Die invloed van denklynne van die Duitse universiteitsmodel op hedendaagse kwessies binne die universiteitswese / *The influence of lines of thought in the German university model on current university issues* 680

PIETER DUVENAGE

Taal as wêreldontsluiting: 'n Krities-waarderende interpretasie / *Language as world disclosure: A critical-appreciative interpretation* 692

HERCULES BOSHOFF

Oor die grense van taal / *On the limits of language* 706

CHARL C WOLHUTER EN JL (HANNES) VAN DER WALT

Strominge en teenstrominge in die vraag na die onderwystaalmedium: 'n Internasionale en 'n Suid-Afrikaanse perspektief / *Currents and counter-currents in the question of the language of learning and teaching: An international and a South African perspective* 715

DONOVAN LAWRENCE

Afrikaansstudente se gebruik van emoji's / *Afrikaans students' use of emojis* 743

EARL BASSON

Herstandaardisering aan die hand van skoolhandboeke vir die legitimering van Kaapse Afrikaans / *Restandardisation by means of school textbooks in order to legitimise Cape Afrikaans* 766

CHANELLE KEMP, ANITA E PIENAAR EN DORITA DU TOIT

Skoolgebaseerde bewegingsontwikkelingsprogramme en die motoriese behendigheid van graad 1-leerders: Die NW-CHILD-studie / *School-based movement development programmes and motor performance of Grade 1 learners: The NW-CHILD Study* 791

**FANIE JOUBERT, ANDRÉ LAÄS, ANNA MARIA LAÄS, JANNIE ROSSOUW &
COBUS VERMEULEN**

'n Perspektief op Orania se OSK Koöperatiewe Bank Beperk / *A perspective on Orania's OSC Co-operative Bank Limited* 812

CAZ LÖTTER

Het oortreders 'n reg op hervorming of eerder 'n reg op 'n hervorming-gedrewe omgewing? / *Are offenders entitled to a right to rehabilitation or rather to a rehabilitation-driven environment?* 830

FANIE SNYMAN

'n Kritiese evaluering van die bydrae van (prof.) WS Prinsloo tot die wetenskap van die Ou Testament / *A critical evaluation of the contribution of (Prof.) WS Prinsloo to the study of the Old Testament* 853

TAALRUBRIEK

TOM MCLACHLAN

Janus 867

BOEKBESPREKING

FANIE CLOETE

Beyond Diplomacy: My life of remarkable transitions and the moments that made the difference deur Riaan Eksteen 869

UITNODIGING

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Spesiale tema: Afrikaans – Huidige inisiatiewe en toekomstige perspektiewe 874

KEURDERS 2022 875

VOORSKRIFTE / GUIDELINES 877

Insekte en voedselsekerheid in Suid-Afrika in die lig van klimaatsverandering

Insects and food security in South Africa in the light of climate change

FRANÇOIS DURAND

Departement Dierkunde
Universiteit van Johannesburg
Suid-Afrika
E-pos: fdurand@uj.ac.za



François Durand

FRANÇOIS DURAND was 'n paleontoloog by die Raad vir Geowetenskap vir tien jaar. Hy is vanaf 1998 lektor en navorser in die Departement Dierkunde van die Universiteit van Johannesburg (voorheen die Randse Afrikaanse Universiteit). Benewens sy navorsing in paleontologie het hy karstekologiese navorsing in Suid-Afrika gevestig. Benewens die navorsing op die ekologie van grotte en grondwater, doen François en sy studente ook navorsing op die ekologie van vlei-lande en die uitwerking van suurmynwater op die ekologie en gesondheid van organismes. François het hom oor die laaste drie dekades beywer om paleontologie, ekologie, biologie en volhoubaarheid te bevorder. Hy tree vir die laaste 30 jaar as spreker oor die radio op en was die skrywer van meer as 60 populêre artikels. In sy vrye tyd is hy ook 'n kunstenaar en sy kunswerk is te sien in publikasies soos *Life etched in stone* (MacRae, 1999), 'n reeks seëls wat die hominien fossiele van Suid-Afrika herdenk (2006), twee reekse goue munte wat hy vir die SA Munt ontwerp het: *Archosauria of South Africa* (2018) en *Hominins of South Africa* (2019), en in sy boek *Die Menslike Dieretuin* (2022).

FRANÇOIS DURAND was formerly employed as a palaeontologist for ten years at the Council for Geoscience. Since 1998 he has been lecturer in zoology and palaeontology at the University of Johannesburg (originally the Rand Afrikaans University). Apart from his research on palaeontology, he established cave and groundwater ecology research in South Africa. He and his students also do research on wetlands and the ecological and health impacts of Acid Mine Drainage emanating from the gold fields of Johannesburg. François has endeavoured to popularise and promote palaeontology, ecology, biology and sustainability. He is a regular voice on the radio and wrote over 60 popular articles. He is also an artist and his illustrations can be seen in publications such as the book *Life etched in stone* (MacRae, 1999), a series of stamps commemorating the hominin fossils of South Africa (2006), two sets of gold coins he designed for the SA Mint: the *Archosaurs of South Africa* (2018) and the *Fossil Hominins of South Africa* (2019), and in his book *Die Menslike Dieretuin* (2022).

Datums:

Ontvang: 2022-09-07

Goedgekeur: 2022-10-22

Gepubliseer: Desember 2022

ABSTRACT***Insects and food security in South Africa in the light of climate change***

The Covid-19 pandemic has had a devastating socio-economic effect on the country, including the death of more than 102 000 people, many of whom were the breadwinners of their families. This could not have happened at a worse time, since the economy of the country was in a recession even before the pandemic. The situation is exacerbated by the highest level of unemployment in the world, widespread nepotism and corruption, the plundering of state coffers and the favouring of the business interests of BRICS partners by government officials over those of South Africans.

The government's commitment to prioritising their BRICS partners' business interests over those of the South African people contributes to food insecurity in South Africa. This includes the export of coal from mines in Mpumalanga to China and India, while nothing is done to rehabilitate the region, which was once known for its agriculture. The government handed over to the Chinese company SAEMB the Musina-Makhado Special Economic Zone, where four opencast mines, a 3 300 MW power station and an iron smelting plant will be developed. This development, however, requires the government to build a dam that will harvest 60% of the annual runoff of the Limpopo River, which in turn will have a devastating effect on farmers and communities downriver in South Africa, Zimbabwe and Mozambique who irrigate their crops with water from the Limpopo River.

The same kowtowing of the South African government to its BRICS partners can be seen in the reluctance with which the government responds to the plundering of our marine resources by Chinese fishing boats and abalone smugglers. The unfair competition imposed on local chicken farmers by distributors of dumped chicken, mainly from Brazil, with the approval of government, caused the closure of several South African chicken farms and the resulting loss of tens of thousands of jobs along the supply chain. The reluctance of the government to take sides in the Russia-Ukraine war is partly linked to the fact that South Africa imports fertilizer and wheat from Russia.

South Africa, a water-scarce country, is more vulnerable than many other countries to the effects of global climate change. The abnormal rain pattern, that is characterised by severe droughts in certain regions and heavy rainstorms and floods in others, has a devastating impact on the already economically struggling South African community. Abroad, attempts are made to ensure that mean temperatures do not exceed the pre-industrial level mark by more than 1,5 °C. South Africa, however, heats up twice as fast as many other countries, and has already exceeded the pre-industrial era level by more than 2 °C; it will continue to get warmer and drier, causing most of the country to become desertified by 2050.

A third of South African rivers do not reach the sea anymore because of over abstraction of water from rivers; similarly, there is extensive abstraction of groundwater. Together farming and forestry account for 70% of water use in South Africa. This over abstraction of water, worsened by the heat and aridification resulting from climate change, led to the degradation of most wetland and estuarine ecosystems and the drying and burning of irreplaceable peatlands.

These political, socioeconomic and environmental calamities create the worst possible scenario for food security in South Africa. Already one in four people in Africa suffers from food insecurity and this number will rapidly rise in the wake of global climate change, which will result in the loss of two thirds of arable land by 2025. South Africa is nearing socioeconomic collapse. This, in conjunction with continuing droughts, storms and rising temperatures associated with global climate change, will lead to food insecurity, starvation and anarchy.

The effect of global climate change will make it progressively more difficult to produce enough food for the South African population. It is imperative that South Africans consider alternative methods of food production, including water use.

*Entomophagy is widely practiced throughout the world, but is especially prevalent in South America, the Far East and Africa, where approximately 2 billion people use 1 900 species of insects as food. The nutritional value of insects is unsurpassed and, in some respects, even more nutritious than meat. The larvae of the black soldier fly (BSF) *Hermetia illucens* are a source of high-quality proteins and unsaturated fats that are used worldwide as animal feed. Insects are a source of minerals such as iron, calcium, copper, zinc and magnesium and high levels of vitamin A, B₂ and C.*

The ecological and socioeconomic benefits of using BSF larvae instead of grain as feed for fish, chickens and pigs are enormous. BSF larvae can be bred almost for free by feeding it a wide variety of organic waste, including rotten vegetables and fruit, manure and even carcasses that would have ended up in rubbish dumps and would have contributed to the methane and carbon dioxide pollution emanating from such dumps. The water use of BSF is negligible, because the water in the organic waste that would have been discarded in waste dumps is sufficient to sustain them. BSF affords the subsistence and small-scale farmer the opportunity to raise chickens at a lower input cost than ever before.

*The conversion of feed to food in insects is far greater than that of chickens, pigs or cattle. In the case of the house cricket (*Acheta domestica*) the conversion rate of feed to food is twice as effective as that of chickens, four times as effective as pigs and twelve times greater than that of cattle. Compared to conventional farming, this implies that with insects far more exceptionally nutritious food can be produced in a smaller area, with little water and no poison or fertilizer whatsoever, while waste and the associated methane gas are removed from the environment at the same time.*

A few South African companies have already seen the potential of insects as food and feed. Even though insect farming is still in its infancy, it is already generating jobs and new socioeconomic opportunities in South Africa. Insect farming, especially BSF farming, will in the near future probably grow in popularity all over the world as an affordable, healthy, ecologically sustainable alternative food source that will, directly or indirectly, be consumed by humans.

BSF afford the environmentally conscious homesteader who wants to produce livestock such as chickens, fish, or pigs in a sustainable manner an unsurpassed environmentally friendly alternative. BSF will also give the desperate, impoverished and starving population of the future an alternative free source of feed that will offer them economic prospects and food security.

KEYWORDS: entomophagy, insects, black soldier flies, BSF, starvation, global climate change, food security, animal feed, methane, waste dump, sustainability, water use

TREFWOORDE: entomofagie, insekte, swart soldaatvlieë, hongersnood, klimaatsverandering, diervoer, voedselsekerheid, metaan, afvalhoop, volhoubaarheid, watergebruik

OPSOMMING

Afgesien van die lewensverlies weens die Covid-19-pandemie gaan Suid-Afrika, soos die res van die wêreld, gebuk onder die sosioëkonomiese uitwerking daarvan, wat grootliks tot die agteruitgang van die ekonomie en werkverliese bygedra het. Dit, tesame met die toenemende uitwerking van klimaatsverandering, is van die grootste krisis wat Suid-Afrika tans teister.

Suid-Afrika gaan gebuk onder 'n abnormale reënpatroon, wat storms in sekere gebiede en droogtes in ander tot gevolg het. Hierdie omgewingskrisis maak die ekonomiese worstelende Suid-Afrikaanse samelewing nog meer kwesbaar. Van die belangrikste gevolge van klimaatsverandering en die ekonomiese agteruitgang in Suid-Afrika is kospryse wat die hoogte inskiet, terwyl oproer al hoe meer dikwels voorkom. Hierdie situasie sal nog verder agteruitgaan na gelang die gevolge van klimaatsverandering op die landbou en dus die beskikbaarheid en bekostigbaarheid van kos oor die volgende dekades vererger.

Suid-Afrika se voedselsekerheid is ook in die gedrang weens die onvermoë van die regering om die Suid-Afrikaanse bevolking teen buitelandse belange in Suid-Afrika te beskerm. Die afhanklikheid van Suid-Afrika van kos uit Oos-Europa en Asië word geopenbaar wanneer mens die effek van die oorlog in Oekraïne op die beskikbaarheid van sonneblomolie en koring in Suid-Afrika sien. Vis, wat eens die goedkoopste vleisbron was, is nou vir die meeste Suid-Afrikaners onbetaalbaar duur weens die oorbenuiting van visbronne deur buitelandse vissers, veral van China, wat binne ons gebiedswaters vis vang. Suid-Afrika voer ongeveer 6 miljoen hoenders per week uit die buiteland in, hoofsaaklik uit Brasilië, wat die inheemse hoender- en graanboere ekonomies bedreig en werksgeleenthede in die gedrang bring. Hierdie ongesonde situasie ondermyn plaaslike landbou en vissery en veroorsaak dat Suid-Afrika se voedselsekerheid deur die politieke beleid van die regering jeens ander BRICS-lande in die gedrang kom.

Landbou is een van die grootste oorsake van die vernietiging van die natuur en een van die belangrikste redes vir klimaatsverandering. Boerderye is een van die hoofbronne van metaan en stikstofdiksied, wat veel erger kweekhuysgasse as koolstofdiksied is. Terselfdertyd word amper tweederdes van Suid-Afrika se water deur landbou en bosbou gebruik. Die oorbenuiting van water, die vergiftiging van riviere, vleilande en grondwater met landbouchemikalieë, die toediening van gifstowwe en die gepaardgaande vernietiging van die ekologie, insluitende dié van riviere, stuur reeds op 'n ekologiese ramp af. 'n Derde van die riviere in Suid-Afrika bereik al klaar nie meer die see nie, wat tot die ineenstorting van vleilande en riviermonding ekosisteme gelei het. Oewerbosse, wat rivierwalle stabiliseer, vrek in plekke waar boere waterpompe in of langs rivierbeddings in gebruik het. Veenlande, wat oor duisende jare vorm en water stoor en suiwer wat deur vleilande vloei, droog uit en brand weens die ooronttrekking van grondwater op plase en bosbougebiede.

'n Groot deel van die uitwerking wat die landbou op die ekologie het, kan vermy word as alternatiewe kosproduksiemetodes ondersoek word. Dit is 'n wanpersepsie dat 'n vegetariese dieet minder skade aan die ekologie doen as een wat vleis bevat. Gewasverbouing het 'n veel groter uitwerking op die natuur as wat natuurlike vleisproduksie het. Die grootste negatiewe uitwerking wat vleisproduksie op die natuur het, is metaangas, hoë watergebruik en die verbouing van graan wat as voer gebruik word.

Insekte bied egter 'n alternatiewe bron van voer, wat op 'n baie goedkoper en betroubare manier tot voedselsekerheid in Suid-Afrika kan bydra en talle plaaslike werksgeleenthede kan skep. Die larwes van insekte soos die swart soldaatvlieg (*Hermetia illucens*) word reeds wêreldwyd, maar veral in die Verre Ooste, met groot sukses as voer vir lewende hawe gebruik. Hierdie hoëkwaliteitbron van proteïene, onversadigde vette, vitamene, minerale en vesel kan

bykans gratis met behulp van organiese afval geproduseer word. Daarbenewens kan hierdie insekte sonder gif of kunsmis en met min water in 'n relatief klein gebied, vergeleke met weiding of mielielande, geproduseer word.

1. Inleiding


Afgesien van die lewensverlies weens die Covid-19-pandemie, steier Suid-Afrika, soos die res van die wêreld, ook steeds onder die sosioëkonomiese uitwerking daarvan, wat grootliks tot die agteruitgang van die ekonomie, onttrekking van beleggers en werkverliese bygedra het (Arndt *et al.*, 2021). Die Covid-19-pandemie se nagevolge word nog erger in Suid-Afrika gevoel, waar van die hoogste werkloosheid ter wêreld reeds voor die pandemie voorgekom het, terwyl die land se ekonomie weens wanbestuur en korrupsie afwaarts tol (Ofusori, 2020). Die gevolge van klimaatsverandering gaan voorts algaande vererger en alle pogings om die agteruitgang van die ekonomie te keer in die wiele ry. Reeds kan ons die effek van klimaatsverandering op die omgewing en boerdery in Suid-Afrika sien (Scholes & Engelbrecht, 2021). Ongelukkig word die voedselsekerheid van Suid-Afrika nie slegs deur die gevolge van bogenoemde faktore bedreig nie, maar ook deur die invloed van buitelandse state, wat ook onder die uitwerking van oorbevolking, ekonomiese agteruitgang en klimaatsverandering gebuk gaan. Dit is belangrik dat voedselsekerheid tot elke prys in Suid-Afrika beskerm word om hongersnood, algehele sosioëkonomiese ineenstorting en anargie wat daarop sal volg, af te weer.

2. Die uitwerking van BRICS op voedselsekerheid in Suid-Afrika

Die regering se behoefte om sy verbintenis tot BRICS (Brasilië, Rusland, Indië, China & Suid-Afrika) gestand te doen, maak Suid-Afrikaners geweldig kwesbaar vir uitbuiting deur belangegroepes uit Suid-Afrika se BRICS-vennote. Terwyl die Guptas se betrokkenheid by staatskaping in die pers en deur die Zondo-Kommissie oopgeplek is (Commission of Inquiry into Allegations of State Capture, 2022), is daar baie meer subtiele aanslae vanuit die BRICS-lande op die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Die regering verdedig die uitvoer van steenkool deur te wys op die miljarde rande wat dit in die land inbring en die duisende werkseleenthede wat dit skep (Hermanus, 2021). Die feit dat kabinetministers en hul gesinne direkteure van hierdie mynmaatskappye is, is nie toevallig nie (Leonard, 2019). Ongelukkig weier die regering om verantwoordelikheid te aanvaar vir die onherstelbare skade wat die myne aan die omgewing aanrig (Olufemi *et al.*, 2018). In gebiede soos Mpumalanga, waar die myne 'n regstreekse en onherstelbare uitwerking het op riviere en die gebiede wat eens vir landbou gebruik is, is dit duidelik dat die regering mynbou en sy betrekkinge met China en Indië, ons grootste steenkoolkopers, bo die voedselsekerheid van die land stel (Sand, 2021; Feffer, 2021).

Die aanwysing van die Musina-Makhado Spesiale Ekonomiese Gebied (MMSEG) deur Rob Davies, gewese Minister van Handel en Nywerheid (*Staatskoerant*, No. 41287 van 1 Desember 2017), is sprekend van hierdie ANC-BRICS-verbintenis. Ongeag die teenkating van bewaringsorganisasies en boere in die omgewing het die regering in samewerking met China die plase in 'n gebied van 7 262 hektaar 40 km suid van Musina oteien en vir ontwikkeling aan die Chinese maatskappy South African Energy Metallurgical Base (SAEMB) beskikbaar gestel (Thompson, 2022) (sien Fig. 1).



Figuur 1: Die Spesiale Ekonomiese Gebiede (SEG) en damme wat deur die regering in samewerking met China vanaf Messina tot Makhado ontwikkel word. Steenkoolprojekte verwys na omliggende plase waar internasionale maatskappye die mineraalregte bekom het. Hierdie steenkoolmyne gaan steenkool aan die smelters en kragentrale van die MMSEG verskaf. (Aangepas uit Munnik, 2020 en Van Zyl, 2022).

Die regering is van plan om 60% van die jaarlikse vloei van die Limpoporivier in damme op te gaan en van omliggende gebiede te pomp vir hierdie ontwikkeling (Delta Built Environment Consultants (Pty) Ltd., 2019; Munnik, 2020). Dit sal 'n geweldig nadelige uitwerking op die boerderye in die Limpopo-provinsie, die suidelike deel van Zimbabwe en suidelike Mosambiek hê, asook 'n enorme negatiewe uitwerking op voedselsekureit in hierdie gebied hê (Munnik, 2020). In die lig van die gevolge van klimaatsverandering op die beskikbaarheid van water in hierdie droogtegeteisterde gebied, as gevolg van verhoogde wisselvalligheid, skrei hierdie besluit ten hemele (Munnik, 2020).

Die ontwikkeling van die Musina-Makhado Spesiale Ekonomiese Sone sluit vier oopgroefsteenkoolmyne, ’n 3 300 MW-kragentrale en ’n ystersmeltery in (Delta Built Environment Consultants (Pty) Ltd., 2019). Die regering se bevoordeling van SAEMB bo die Suid-Afrikaanse publiek behels onder meer besigheidsbelasting van slegs 15%, vergeleke met die 27% wat Suid-Afrikaanse besighede moet betaal, die onderhoud van die pad- en spoornetwerke vanaf die aanleg, die verskaffing van goedkoop water en BTW-kortings (Liebenberg, 2022). Dit is net die mees naïewe persoon wat die Chinese beloftes van werkskepping nie as ’n Trojaanse perd sal sien en nie sal insien dat dit ’n gesofistikeerde geval van staatskaping is nie (Ning Yat Hoi, 2019; Deng Yaowen, 2021). Die stroping van Suid-Afrikaanse minerale is immers tot die voordeel van China ten koste van die Suider-Afrikaanse belastingbetaler en voedselsekureit in die streek.

Dieselfde verdraagsaamheid van die regering teenoor die sakebelange van BRICS-vennote in Suid-Afrika en sy ongeërgdheid teenoor die belange van die Suid-Afrikaanse burgers kan gesien word in die traagheid om teenoor Chinese vistreilers wat onwettig die vis in ons gebiedswaters stroop (Klevin, 2016), op te tree. Dit word ook gesien in die onvermoë van die regering om genoeg mannekrag en befondsing beskikbaar te stel om die stroping van perlemoen vir die Chinese mark hok te slaan (Lambrechts, 2013). Die strengste optrede wat hierdie onwettige dade van Chinese in ons gebiedswaters kan verwag, is ’n boete, waarna die vissertreilers weer vry is om ons gebiedswaters te verlaat (Department of Forestry, Fisheries and the Environment, 2020).

Verreweg die meeste kunsmis wat in Suid-Afrika gebruik word, word uit die buiteland ingevoer. Die drie lande wat in 2017 die meeste kunsmis na Suid-Afrika uitgevoer het, is China (104 848 000 ton), Rusland (39 220 000 ton) en Indië 36 282 000 ton) (Department of Agriculture, Forestry and Fisheries, 2019). Ongeveer 40% van die koring wat in Suid-Afrika verbruik word, moet ingevoer word, want ons produseer nie genoeg koring om aan ons behoeftes te voldoen nie (Department of Agriculture, Land Reform and Rural Development, 2020). Onder die grootste koringinvoerders ter wêreld is Suid-Afrika 28ste op die ranglys. Die toptien lande wat aan ons koring lewer, is die Russiese Federasie, Duitsland, Argentinië, Kanada, die VSA, Roemenië en Oekraïne (Department of Forestry, Fisheries and the Environment, 2020). Die oorlog tussen Rusland en Oekraïne, wat tesame ongeveer ’n derde van ons koringbehoefte voorsien, plaas ons in ’n netelige posisie, wat juis in pres. Ramaphosa se aandrang op neutraliteit jeens die konflik tussen die twee lande weerspieël word.

Suid-Afrika is die slagoffer van hoenderstorting van nóg ’n BRICS-land, naamlik Brasilië (Hobbs *et al.*, 2018). Meer as ’n dekade lank reeds stort Brasilië hoender in Suid-Afrika, met ander woorde Brasilië verkoop hoender in Suid-Afrika vir minder as wat dit in Brasilië kos om te produseer. Hierdie predatoriese handelspraktyk is geweldig skadelik vir die plaaslike mark. Dit bedreig die voortbestaan van die ondernemings van plaaslike hoenderboere, graanprodusente en maatskappye wat afhanklik is van die pluimveewaardeketting, en vernietig plaaslike werksgeleenthede (Hobbs *et al.*, 2018). Storting van voedselprodukte dra op die lange duur by tot die verlies van voedselsekerheid en werksverliese in die ontvangerland.

Die Suid-Afrikaanse Pluimveevereniging (SAPV) het by die Internasionale Handelsadministrasiekommissie om die heffing van teenstortingstariewe aansoek gedoen. Nadat die gewese Suid-Afrikaanse Minister van Handel en Nywerheid, Rob Davies, met die Brasiliaanse regering onderhandel het, het hy geweier om die heffing wat deur die Internasionale Handelsadministrasiekommissie aanbeveel is, in te stel (Gumede, 2013). In 2012 is daar reeds 5 miljoen hoenders per week in Suid-Afrika gestort. Dit sou 20 000 werksgeleenthede in Suid-Afrika geskep het as daardie hoenders plaaslik geproduseer is (Ensor, 2012). Die situasie

het algaande vererger, en ongeag die sluiting van talle plaaslike hoenderplase en die aflegging van duisende werkers word net nóg meer hoenders ingevoer. In 2020 het Suid-Afrika 339 000 ton hoender ingevoer, waarvan meer as die helfte uit Brasilië afkomstig was (Galal, 2022).

3. Die sosioëkonomiese uitwerking van die Covid-19-pandemie in Suid-Afrika

In 2020, voor die uitbreek van die Covid-19-pandemie, was Suid-Afrika reeds kniediep in 'n resessie. Ekonomiese groei het op 0,2% gestaan, grootliks deur die agteruitgang van landbou beïnvloed (Naidu, 2021). Werkloosheid algeheel het op 29% gestaan, maar werkloosheid onder die jeug het amper op 60% beloop (World Bank, 2022a, 2022b). Graderingsmaatskappye soos Fitch en Standard & Poor het Suid-Afrika van stabiel tot negatief afgegradeer. Huishoudelike skuld het toe reeds op 34% van die bruto binnelandse produk gestaan (Naidu, 2021). Die stygende elektrisiteits- en petrolpryse en die agteruitgang van die rand, saam met die stygende voedselpryse, het huishoudings reeds voor die pandemie erg kwesbaar gelaat. Die uitbraak van Covid-19 het hierdie sosioëkonomiese agteruitgang versnel, deurdat daar in 2020 in Suid-Afrika 2,2 miljoen afleggings plaasgevind het, wat die werkloosheid tot 32% laat styg het (Naidu, 2021).

Voedselsekerheid is in talle lande oor die wêreld heen een van die grootste probleme. Die toenemende armoede wat weens die inperkings, werksverliese en ekonomiese agteruitgang met die Covid-19-pandemie gepaardgegaan het, het die situasie vererger (World Bank, 2022b). Wêreldwyd het ongeveer 2,37 miljard mense reeds nie toegang tot voldoende voedsel nie (FAO, IFAD, WFP, UNICEF & WHO, 2021). Die situasie in Suid-Afrika lyk ewe sleg. Voedselsekerheid het in die tydperk 2019–2021 so afgeneem dat ongeveer 23,6% van die Suid-Afrikaanse samelewing teen 2020 onder voedselonsekerheid gebuk gegaan het (Statistics South Africa, 2022).

Die World Food Summit (1996) het bepaal dat daar voedselsekerheid is wanneer alle mense in 'n land dermate toegang tot genoeg, gesonde en voedsame kos het dat dit 'n gesonde en aktiewe lewenswyse kan onderhou.

4. Die uitwerking van klimaatsverandering op voedselsekerheid


Suid-Afrika is, as 'n waterskaars en semi-ariëde land, meer kwesbaar vir klimaatsverandering as baie ander lande (Scholes & Engelbrecht, 2021). Daar word bereken dat ongeveer tweederdes van die grond in Afrika suid van die Sahara wat vir landbou gebruik word, teen 2025 weens droogte en hitte wat met klimaatsverandering gepaardgaan, vir voedselproduksie verlore sal gaan (Liliana, 2005).

Die uitwerking van klimaatsverandering is reeds sigbaar in Suid-Afrika en die land gaan reeds gebuk onder ongekende hittegolwe, droogtes, opdroging van damme en vloede (Scholes & Engelbrecht, 2021). Landbou en bosbou gebruik reeds 70% van die oppervlaktwater en grondwater in Suid-Afrika (Skowno *et al.*, 2018). Hierdie oorbenuiting van water het veroorsaak dat 'n derde van die Suid-Afrikaanse riviere nie meer by die see uitkom nie en dat die ekologie van die meeste van ons vleilande en riviermondings reeds erg beskadig is (Skowno *et al.*, 2018).

Suid-Afrikaanse boere moet, weens die gebrek aan reënval en toenemende uitdroging en hitte, al hoe meer op grondwater staatmaak (Skowno *et al.*, 2018). Die ooronttrekking van grondwater lei tot die uitdroging van veenlande wat oor duisende jare in vleilande gevorm het (Grundling *et al.*, 2021). Hierdie uitgedorde ondergrondse veen slaan aan die brand wanneer

die veld bogronds brand. Daar is tans reeds, sover bekend, 49 veenlande wat tussen 2016 en 2021 gebrand het, vergeleke met die 23 veenlande wat gebrand het in die 24 jaar wat dit voorafgegaan het (Grundling *et al.*, 2021). Die uitbrand van veenlande is 'n geweldige ekologiese terugslag. Veen vorm oor duisende jare in water versadigde vleilande. Danksy die veselryke aard van veen en die bakterieë, swamme, alge en protiste wat daarin voorkom, dien veen as 'n organiese filter wat gifstowwe en besoedeling kan absorbeer en in groot mate neutraliseer deur dit af te breek of in ander minder skadelike organiese verbindings te verander (Grundling *et al.*, 2017). Dit is onmoontlik vir die mens om veenlande weer tot hul oorspronklike staat te rehabiliteer, veral as die water waarvan dit eerstens afhanklik was, nie meer daar is nie, en daarbenewens kan mens nie duisende jare se opbou van veen naboots nie. Die verlies van veenlande lei tot die degradering van hele rivierstelsels verder stroomaf (Grundling *et al.*, 2017).

Wat klimaatsverandering betref, is Afrika weens uitdroging die mees kwesbare kontinent ter wêreld (Liliana, 2005; Intergovernmental Panel on Climate Change, 2007; World Bank, 2016). Droogtes, die temperatuurstyging en plaë bedreig reeds voedselsekerheid in Afrika, waar een uit vier mense al honger ly (Masipa, 2017). Ongeveer tweederdes van die grond wat tans in Afrika vir landbou gebruik word, sal waarskynlik teen 2025 weens klimaatsverandering onbewerkbaar wees (Liliana, 2005; European Commission, 2009). 'n Groot bydraende faktor wat voedselsekerheid in Afrika in die wiele ry, is dat die bevolkingsaanwas vinniger is as die groei in kosproduksie (Masipa, 2017). Oorbevolking sal in die lig van klimaatsverandering ongekende konflik en menslike lyding binne die volgende dekades teweegbring, veral ook omdat voedselsekerheid in lande wat in die verlede kos aan Afrika geskenk het, ook weens die uitwerking van klimaatsverandering onder druk sal kom.



Figuur 2: Suider-Afrika sal weens die uitwerking van klimaatsverandering teen 2050 waarskynlik grootliks in 'n woestyn verander (aangepas uit Woetzel *et al.*, 2020).

Wêreldwyd probeer klimaatbewustes hul regerings deur protesaksies oortuig om wetgewing in te stel en regulasies af te dwing om te verhoed dat die gemiddelde temperatuur tot meer as 2 °C bo dié van die voorindustriële era styg. Suid-Afrika, wat twee keer vinniger as die res van die wêreld verhit, is reeds verby hierdie punt (Scholes & Engelbrecht, 2021).

Die verslag *Climate impacts in southern Africa during the 21st Century* (Scholes & Engelbrecht, 2021) beskryf hoe Suid-Afrika binne die volgende dekades sal uitdroog en aan geweldige droogtes en storms blootgestel sal word wat tot massa-uitsterwing van spesies sal lei. Landbou sal mettertyd in die weste van die land bykans onmoontlik word namate dit uitdroog (sien Fig. 2). Die temperatuur in die noorde van die land sal dit vir mense onmoontlik maak om dit in die middel van die dag buite te waag. Die uiteinde van hierdie veranderinge sal wees dat water- en voedselsekerheid in die land verlore sal wees, wat tot groot sosioëkonomiese agteruitgang sal lei.

5. Bestaansboere en voedselsekerheid in Suid-Afrika

Die Geïntegreerde Voedselsekerheidstrategie (Department of Agriculture, 2002) het die volgende bedreigings vir voedselsekerheid geïdentifiseer: swak institusionele ondersteuningsnetwerke en rampbestuurstelsels, onvoldoende en onstabiele huishoudelike kosproduksie, gebrek aan koopkrag en die swak voedingswaarde van kos wat mense genoop is om te eet.


Een van die belangrikste prioriteite wat die Geïntegreerde Voedselsekerheidstrategie identifiseer, is die noodsaaklikheid daarvan dat huishoudelike kosproduksie verhoog word. Werklose mense sal noodgedwonge hul eie kos moet verbou om nie van honger te vergaan nie. Volgens Statistieke Suid-Afrika het minder as 15,2% van huishoudings in 2017 hul eie kos gekweek, maar dit het teen 2020 tot 17,2% gestyg. Hierdie merkbare toename in landboubeoefening dui daarop dat om voedsel te kweek as aanvullende manier om voedsel vir huishoudings te bekom 'n reaksie is op afleggings en 'n verlies aan inkomste wat op die uitbraak van Covid-19 gevolg het (Statistics South Africa, 2022).

Die meeste huishoudings wat hul eie kos verbou, kom in die Oos-Kaap, Limpopo en Mpumalanga voor, waar minstens 'n kwart van die huishoudings sedert 2017 kos hoofsaaklik vir huishoudelike gebruik verbou. Gedurende die Covid-19-pandemie was daar 'n beduidende toename in die kweek van kos vir eie gebruik in Mpumalanga, die Noord-Kaap, die Vrystaat, die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal (Statistics South Africa, 2022).

Die konvensionele boerderypraktyke wat in Suid-Afrika toegepas word, benodig groot hoeveelhede water (Skowno *et al.*, 2018). Elders in die wêreld word drupbesproeiing in droogtegeteisterde gebiede gebruik, wat goedkoper as besproeiing is en daarbenewens minder water verbruik (Valentin *et al.*, 2020). Ongelukkig sluit die regering se planne vir voedselsekerheid nie die vermindering of meer effektiewe gebruik van water in nie. Dit is 'n fatale flater in die lig van die uitwerking wat klimaatsverandering en bevolkingsaanwas op ons reeds skaars waterbronne het.

'n Belangrike saak wat die regering se voedselsekerheidstrategieë uit die oog verloor, is dat die mense van Suid-Afrika nie vegetaries is nie. Die gemiddelde Suid-Afrikaner eet 60-70 kg vleis per jaar (Ndlela & Murcott, 2021) (sien Fig. 3).

Hoender, bees, vark en skaap is die hoofbronne van vleis vir die gemiddelde Suid-Afrikaner (Shahbandeh, 2019). Hoender, wat heelwat goedkoper as ander vleissoorte is, maak ongeveer tweederdes van die Suid-Afrikaanse vleisgebruik uit (Department of Agriculture, Forestry and Fisheries, 2019). Suid-Afrikaners verbruik meer vleis per capita as enige ander land in Afrika (Ndlela & Murcott, 2021).



Figuur 3: Die per capita-gebruik van vleis in Suid-Afrika in 2017 (aangepas uit Berkhout, 2019).

Die grootste probleem wat bestaansboere wat vleis, melk of eiers produseer, in die gesig staar, is die hoë en steeds stygende voerpryse. Wit- en geelmielies, wat meer as 50% van veevoer uitmaak, het in Julie 2022 meer as R4 300 per ton gekos (Standard Bank, 2022). Hierdie enkele feit maak dit bykans onmoontlik vir kleinboere en bestaansboere om met hoenders te boer, veral in die lig van die onbillike mededinging met die verspreiders van gestorte hoenders.

6. Metaangas en klimaatsverandering

Alle kos kom direk of indirek van fotosintese. Ongeveer 1,67 miljard hektaar word wêreldwyd vir landbouoelindes gebruik (Food and Agriculture Organization of the United Nations, 2020). Ongeveer 12% en 26% van die aarde se kontinentale ysvrye landoppervlakte word vir onderskeidelik die verbouing van gewasse en veeweiding gebruik (Science Communication Unit, 2013). Daar word bereken dat jaarliks gemiddeld nog 'n verdere 6 miljoen hektaar natuurlike veld en woude in landerye omskep word (Deininger & Byerlee, 2011).

Ongelukkig beteken dit ook dat die ekologie in die gebiede wat vir landbou gebruik word, vernietig word (Tilman, 1999). Die plante en diere wat oorspronklik in 'n gebied voorgekom het, word eenvoudig uitgewis wanneer die veld skoongemaak word vir die verbouing van gewasse. Voorts word die riviere, grondwater en die grond self oorbenut en met landbouchemikalieë vergif, wat 'n veel groter gebied as die betrokke stuk landbougrond ekologies benadeel (Pimental & Levitan, 1986; Relyea, 2005).

Ongeveer 60% van metaangasafskeidings word deur antropogeniese aktiwiteite veroorsaak (Jackson *et al.*, 2020). Drie tipes antropogeniese aktiwiteite dra by tot meer as die helfte van die metaangas wat jaarliks in die atmosfeer vrygestel word. Die belangrikste bronne van

antropogeniese metaangasuitlatings is boerderybedrywighede (40%), fossielbrandstowwe (35%) en afvalhoop en afvalwater (20%) (Ravishankara *et al.*, 2021) (sien Fig. 4A).

Boerdery is die bron van drie kweekhuiskasse: koolsuurgas, metaan en stikstofdiksied (Ravishankara *et al.*, 2021), waarvan die een erger as die ander is. Metaangas se uitwerking as kweekhuiskas is 28 keer groter as dié van koolsuurgas en stikstofdiksied se effek op die atmosfeer is 265 keer groter as dié van koolsuurgas (Myhre *et al.*, 2013).


Die skuld vir die meeste metaangasvrystelling deur boerderye word meestal voor die deur van beesboerdery gelê. Een van die grootste wanpersepsies oor voedselproduksie wat deesdae al hoe meer algemeen in die media en selfs navorsingsreferate voorkom, is dat mense eerder groente as vleis moet eet om die planeet te red (Eshel *et al.*, 2019). Die hoofrede wat hiervoor aangevoer word, is dat vleisproduksie die grootste bydrae tot kweekhuiskasse lewer (Ritchie, 2020). Beeste, wat soos alle herkouters metaangas as deel van die herkouingsproses opbring, word as die grootste bron van hierdie enteriese besoedeling beskou. Volgens Ravishankara *et al.* (2021) is beeste verantwoordelik vir 32% van die metaangasvrystellings deur boerderybedrywighede.

Wat die vleiskritici uit die oog verloor, is dat daar tot 'n eeu of twee gelede oorspronklik reusetrokke wild op die graslande en savannas en Karoo in suider Afrika gewei het. Hierdie wild is grootliks gedurende die vorige eeue deur jagters uitgewis (Stassen, 2010). Hierdie herkouters het voordat mense hulle uitgeskiet het, net soveel metaangas vervaardig as die beeste en skape wat nou daar loop. Solank oorbeweiding nie plaasvind nie, herstel beeste en skape juis die ekologie, terwyl miljoene hektaar se grasvelde en omliggende landskappe wêreldwyd deur gewasverbouing vernietig is (Ramankutty *et al.*, 2008; Kleijn *et al.*, 2009; Corbeels, 2012).

Grasvelde wat as weiding gebruik word, bevat, vergeleke met landerye, nog baie van die ekologiese komponente wat oorspronklik daar voorgekom het (Isbell *et al.*, 2019). Die aspek van die ekologie van grasvlaktes en savannas, wat die ergste deur antropogeniese aktiwiteite benadeel is, is die uitwissing van die groot grasvreters wat oorspronklik daar voorgekom het (Teague & Kreuter, 2020). Hierdie soogdiere, en veral die bokke en sebras, het oorspronklik 'n reuserol in die instandhouding van die grasveldekolonie gespeel (Teague & Kreuter, 2020).

Bees-, skaap- en bokboerdery herstel die grasveldekolonie in 'n mate deurdat hierdie gedomestiseerde spesies die gras vreet, mis in die grond intrap en 'n magdom diere direk en indirek met hul mis, sweet, bloed, uriene en karkasse onderhou (Van Klink *et al.*, 2014; Teague & Kreuter, 2020). Die bosluise, luise, vlieë, kewers en hul larwes wat hierop voed, is weer die voedsel vir visse, paddas, akkedisse, voëls en insekvretende soogdiere. In hierdie semiherstelde ekosisteme speel die mens, by afwesigheid van die soogdierkarnivore soos leeus, hiënas, luiperds en wildehonde wat ons uitgewis het, die rol van die predator en aasdier. In hierdie aangepaste ekosisteme omskep beeste, skape en bokke jaarliks wêreldwyd 2,7 miljard ton plantmateriaal wat in plekke voorkom wat nie vir landbou geskik is nie, in eetbare proteïene wat deur mense benut word, terwyl hulle terselfdertyd 'n lewensbelangrike ekologiese rol speel (Poore & Nemecek, 2018; Teague & Kreuter, 2020).

Beeste wat met mielies in voerkrale gevoer word, is meer ekologies destruktief, omdat hulle met mielies gevoer word wat op landerye verbou word waar die ekologie totaal vernietig is en wat dan boonop met kunsmis bemest en met gifstowwe behandel word (United Nations Environment Programme, 2021). Ongeveer 'n derde van die graan wat jaarliks geproduseer word, word vir diervoer gebruik (Godfray *et al.*, 2010). Die metaangasproduksie van beeste wat op weivelde voorkom, word verdiskonteer deur die allerbelangrike ekologiese rol wat hulle vervul. Die ekologie trek egter geen voordeel uit gewasverbouing nie.



Figuur 4A: Antropogeniese metaangasbronne. **4B:** Bronne van metaangas en stikstofdioksied in die boerderysektor (aangepas uit Niggli et al., 2007, en Ravishankara et al., 2021).

Koolsuurgas, metaan en stikstofdioksied word deur onder meer verrotting van dooie plantmateriaal en organiese materiaal in die grond, die kap-en-brandmetode van ontbossing vir landbougrond en die verbranding van plantmateriaal op plase vrygestel (Ravishankara *et al.*, 2021). Die bestuur van landbougrond, die drooglegging van vleilande en die toediening van bemesting is ook groot bronne van kweekhuysgasse (Smith *et al.*, 2014; Grundling *et al.*, 2021). Ryslande is verantwoordelik vir 9-11% van metaangasvrystellings wat van boerderybedrywighede afkomstig is (Smith *et al.*, 2014; Ravishankara *et al.*, 2021). Van die grootste bronne van metaangas en stikstofdioksied wat van boerderybedrywighede afkomstig is, word deur bemesting van landerye met mis (15%) en kunsmis (12%) vrygestel (Smith *et al.*, 2014; Tian *et al.* 2020). Die verbranding van landbouafval, kap-en-brand van bosse vir landbougrond en die gebruik van biobrandstof dra tot nog 6-12 % van die metaan- en stikstofdioksiedvrystelling deur die boerderysektor by (Smith *et al.*, 2014) (sien Fig. 4B).

Daar word bereken dat ongeveer 'n derde van die kos wat wêreldwyd geproduseer word, uiteindelik nie geëet word nie en dus vermors word (Gustavsson *et al.*, 2011; Vilariño *et al.*, 2017). Kaloriegewys dra graan teen 53% vermorsing die meeste hiertoe by, gevolg deur wortels en knolle (14%), vrugte en groente (13%) en vleis (7%). Gewigsgewys word tot 44% van vrugte en groente en 20% van wortels en knolle vermors (Food and Agriculture Organization, 2011). Vleiskritici ignoreer die feit dat organiese materiaal in afvalhope, wat hoofsaaklik uit verboude gewasse bestaan, reusehoeveelhede metaangas en koolsuurgas afskei; dit maak trouens die grootste deel uit van die 20% van die jaarlikse antropogeniese metaangasbesoedeling wat deur afvalhope afgeskei word (Ravishankara, 2021).

Wanneer al die voor- en nadele van vleisproduksie teenoor gewasproduksie opgeweeg word, is dit duidelik dat gewasproduksie 'n veel groter negatiewe uitwerking op die natuur as vleisproduksie het. Dit is egter belangrik om te let op die feit dat hoenders wêreldwyd verreweg die grootste bron van diereproteïen is en nie beesvleis nie. Die metaangasvrystellings van hoenders, vis en varke is ook nie naastenby soveel soos dié van herkouers soos beeste, skape en bokke nie (Gerber *et al.*, 2013; Poore & Nemecek, 2018). Hierdie feit maak die hele poning

om die vegetariese dieet as die meer verantwoordelike ekologiese keuse voor te hou, belaglik. Die grootste bydrae wat hoenders ten opsigte van ekologiese vernietiging lewer, is die feit dat hulle wêreldwyd met graan gevoer word, terwyl varke met afvalgroente en -vrugte, wat andersins op afvalhoop sal beland en daar metaangas sal vrystel, gevoer kan word (Salemdeeba *et al.*, 2017; Yapura, 2021). Op moderne varkplase word varke egter hoofsaaklik met intensief-verboude graangewasse gevoer (Yapura, 2021).

Opsommend is van die grootste negatiewe aspekte van boerdery die volgende:

- Die verwydering van inheemse plante en diere deur ontbossing en die omploeg van natuurlike grasvelde, vleilande, bosse en woude om landerye te vestig.
- Die ekologiese vernietiging wat deur boerdery veroorsaak word omdat inheemse plante en diere verwyder word ten einde landerye te skep, en deur die vergiftiging van plante en diere, insluitende nie-teikenorganismes soos bestuiwers en diere in omliggende rivierstelsels.
- Die gebruik van grondwater en water uit riviere vir besproeiing en vir diere, veral waar daar gepoog word om plase te bedryf in gebiede wat nie hoë reënval kry nie. In Suid-Afrika is daar weens die hoë temperatuur vergeleke met die prairies van die VSA en Kanada, wat heelwat koeler is, baie hoë evapotranspirasie, wat dit veral moeilik maak om in Suid-Afrika gewasse te verbou (Moore, 1988).
- Die produksie van kweekhuysgasse, insluitende metaangas en stikstofdiksid.

7. Alternatiewe boerderymetodes en voedselsekerheid in Suid-Afrika

Daar is egter 'n volhoubare alternatief vir voedselproduksie wat al hierdie negatiewe aspekte van tradisionele en moderne boerdery vermy. Sekere insekte bied 'n ekologies volhoubare alternatief vir graan as voer vir varke en hoenders. Die larwes van die swart soldaatvlieg (*Hermetia illucens*) (sien Figs. 5 & 6) word reeds in talle lande kommersieel geteel, gedroog en gemaal as voer vir visse, varke en hoenders (Wang & Shelomi, 2017; Chia *et al.*, 2021).

Die voedingswaarde van insekte is uitstekend, en insekte is in sommige opsigte voedsamer as werweldierprodukte (Orkus, 2021). Kakkerlakmelk het byvoorbeeld drie keer die voedingswaarde van beesmelk (Banerjee *et al.*, 2016). Die larwes van die *H. illucens*, wat 'n wêreldwye verspreiding het, is 'n onverbeterlike bron van hoëgehalteproteïene en van onversadigde vette wat vir voer gebruik kan word (De Souza-Vilela *et al.*, 2019; Kaya *et al.*, 2021). Insekte is ook 'n goeie bron van minerale, maar daar is bevind dat verskillende spesies verskillende hoeveelhede van hierdie minerale het. Kriek, sprinkane en meelwurms het ook hoër konsentrasies van opneembare yster, kalsium, koper, sink en magnesium as beesvleis (Latunde-Dada *et al.*, 2016). Insekte bevat ook hoë vlakke van vitamien A, B₂ en C (Bernard & Womeni, 2017).

Die rede waarom minerale afkomstig van insekte so maklik opneembaar is en, vanuit die menslike perspektief gesien, so voedsaam is, is 'n bewys dat ons en ons voorouers se spysverteringstelsels en fisiologie oor miljoene jare so aangepas het om insekte as kosbron te benut. Trouens, die rede hoekom die eerste tetrapode die water verlaat het, was om insekte op land te eet (Shear & Selden, 2001). Omtrent al ons voorsate het van daardie tyd af insekte geëet: van die sinapsiede wat uit die vroeë tetrapode ontwikkel het, na die eerste soogdiere, die eerste primate, die hominiene, en uiteindelik die moderne mense (Tutin *et al.*, 1991; Jones *et al.*, 1994). Ons voorsate het hulle na vleisetery gewend toe hulle ongeveer twee miljoen jaar gelede wapens begin vervaardig het (Pobiner, 2013). Aanvanklik was hulle vleisdieet tot die aas van karkasse beperk, maar later, namate hul tegnologiese vaardigheid verbeter het, het hulle jagers

geword (Durand, 2010). Die domestisering van beeste het, saam met die domestisering van grane, ongeveer elf duisend jaar gelede plaasgevind (Scheu *et al.* 2015).

Die ekologiese en sosioëkonomiese voordele van *H. illucens* in plaas van graan as voer vir visse, varke en hoenders is enorm. *H. illucens* kan bykans gratis geteel word deur hulle organiese afval (verrotte groente, vrugte, mis en selfs karkasse) te voer, waardeur organiese afval wat in afvalhope sou beland, bowendien verminder word en dus selfs die toevoeging van metaangas en koolsuurgas tot die atmosfeer (Čičková *et al.*, 2015). Daarbenewens word die grootste struikelblok, naamlik die koste van graan, wat die bestaansboer en kleinboer verhoed om bekostigbare vleis te produseer uit die weg geruim.



Figuur 5: Die swart soldaatvlieg (*Hermetia illucens*)
(Foto: François Durand).

Die gebruik van *H. illucens*-larwes as hoender- en varkvoer sal 'n groot bydrae lewer tot die afskaling van graan as voer. Dit sal weer grootliks bydra tot die gedeeltelike herstel van die ekologie omdat die gebruik van water en grond verminder word en dus ook die gebruik van kunsmis en gifstowwe. Die feit dat organiese afval wat in rommelhope beland, reeds 'n hoë waterinhoud bevat (Marston *et al.*, 2021), skakel die watergebruik wat kenmerkend op plase voorkom, in soldaatvlieg-larwe-aanlegte uit. Trouens, die water in die vrugte, groente en graanprodukte wat weggegooi word, kom alles reeds van plase af; in soldaatvlieg-larwe-aanlegte word dit egter hergebruik in stede daarvan dat dit in rommelhope beland (Amrul *et al.*, 2022).

Reeds in die vorige eeu is die potensiaal van die vervaardiging van veevoer uit huisvlieg-larwes (*Musca domestica*) bewys, maar die vrees vir die verspreiding van siektes het mense daarvan weerhou om dit as 'n lewensvatbare boerderypraktiek aan te wend (Miller *et al.*, 1974; Hussein *et al.*, 2017). Die feit dat die volwasse soldaatvlieg nie voed nie, is baie voordelig in hierdie opsig, want dit verminder die moontlikheid dat hulle, in teenstelling met huisvlieë, as draers van siektes sal optree (Newton *et al.*, 2005).

Die soldaatvliegwyfies lê hul eiers naby die verrottende materiaal of mis, maar vermy dit andersins (Hoc *et al.*, 2019). Die larwes kruip uit die eiers na die verrottende materiaal en bly daarin vir die tydperk waartydens hulle voed en groei (Hoc *et al.*, 2019). Die voorpapias, wat nie meer voed nie, verlaat die verrottende materiaal en soek grond om in te tunnel om papias te vorm. Hierdie gedrag word gebruik om die soldaatvlieglarwes te oes, naamlik deur kanale om die migrerende voorpapias te maak sodat hulle in voerkrippe of houers val (Giannetti *et al.*, 2022).



Figuur 6: Larwes van die swart soldaatvlieg (*Hermetia illucens*)
(Foto: François Durand).

Soldaatvliegmaaiers kan op bykans enige tipe organiese afval oorleef en kan aangewend word om bees-, vark- en hoendermis in bruikbare voedingstowwe om te skakel (Sheppard *et al.*, 1994; Liu *et al.*, 2022). Mis op plase is, net soos afvalhope, 'n groot bron van metaangas. Deur die mis as voeding vir soldaatvlieglarwes aan te wend, word dit as 'n omgewingsprobleem nie slegs met tot die helfte verminder nie, maar in 'n nuttige bron van voer omskep. Die larwes het die vermoë om die mikroflora van die verrottende materiaal en selfs mis te verander en sodoende skadelike bakterieë soos *Escherichia coli* en *Salmonella enterica* drasties te verminder (Van Huis *et al.*, 2013); daar word trouens vermoed dat die larwes natuurlike antibiotika besit (Sheppard *et al.*, 2008).

Die omskakeling van afval na insekte is baie meer effektief as die omskakeling van gras of graan na bees, vark of hoender (Oonincx *et al.*, 2015). Die omskakeling van voer na voedsel word bereken op grond van die massa kos wat 'n organisme moet eet voordat dit as kositem deur die mens benut kan word. Ongeveer 10 kg voer word byvoorbeeld benodig om 'n braaikuiken van 4,65 kg te produseer (Akinbobola, 2018). Die voedselomskakeling van voer na voedsel in die geval van die huiskriek (*Acheta domestica*) is twee keer meer effektief as by hoenders, vier keer beter as by varke en twaalf keer beter as by beeste (Van Huis *et al.*, 2013). 'n Soldaatvlieg-aanleg kan dus baie meer voedsel in 'n kleiner gebied met minder voer vervaardig as die vleis wat uit gras of graan vervaardig word. Insekte vorm een van die weinige kosprodukte wat sonder gifstowwe geteel moet word, wat voordele vir beide die natuur en menslike gesondheid inhou.

Die geleentheid wat swart soldaatvlieë bied, is reeds deur 'n paar Suid-Afrikaanse entrepreneurs aangegryp. BSF Breeding in Kaapstad en Jozi Bugs in Johannesburg is twee van die maatskappye wat lewende soldaatvlieglarwes aan kopers landwyd verskaf. Inseco, die grootste insekproteïenvervaardiger in die suidelike halfgrond, vervaardig tans 100 ton ontvette insekproteïen en -olie per maand uit organiese afval (Squazzin, 2022). Hierdie aanleg van 10 000 vierkante meter buite Kaapstad verskaf voer vir die pluimvee, akwakultuur en die troeteldiermark in Suid-Afrika, maar beplan om mettertyd sy produkte oorsee ook te verkoop (Smout, 2022). Al is die swartsoldaatvliegbedryf nog in sy kinderskoene, word daar reeds talle werksgeleenthede geskep.

H. illucens-larwes kan selfs direk vir menslike gebruik aangewend word. Gourmet Grubb, 'n maatskappy in Kaapstad, vervaardig 'n tipe melk wat uit die larwes van die swart soldaatvlieg vervaardig word. Hierdie produk, wat onder die handelsnaam Entomilk verkoop word, bevat geen suiker nie, maar bevat yster, sink en kalsium en kan deur laktose-intolerante mense gebruik word (Noemdoe, 2019). Die maatskappy gebruik hierdie insekmelk om roomys te vervaardig, waarvoor hulle wêreldwye bekendheid verwerf het (Bailey, 2019). Onlangs het 'n restaurant, The Insect Experience, wat in insekdisse spesialiseer, in Kaapstad oopgemaak (Caboz, 2019).

Dit is hoogs waarskynlik dat larwes van die swart soldaatvlieg in die toekoms wêreldwyd as goedkoop, gesonde, ekologies volhoubare, alternatiewe voedselbron direk en indirek deur mense gebruik sal word (Van Huis *et al.*, 2013; Bessa *et al.*, 2020). Entomofagie, ofte wel die eet van insekte, is 'n algemene gebruik wat wêreldwyd voorkom. Ongeveer 1 900 spesies insekte word reeds deur ongeveer 2 miljard mense, veral in Asië, Suid-Amerika en Afrika, geëet (Bernard & Womeni, 2017). Dit is 'n nutjie vir die meeste Westerlinge, wat, sonder om objektief daarvoor na te dink, krapstokkies, garnale, kreef, mossels, slakke en heuning sal eet, terwyl hulle die eet van sprinkane, termiete en mopaniewurms met afgryse bejeën. Hierdie kulturele vooroordele is slegs dit – daar is geen wetenskaplike, mediese of voedingskundige rede vir die vooroordele nie.

Vir die omgewingsbewuste persoon wat op 'n volhoubare wyse voedsel wil produseer, is die gebruik van die larwes van die swart soldaatvlieg 'n uitstekende, omgewingsvriendelike alternatief wat as voer in akwakultuur en hoender- en varkboerdery gebruik kan word. Vir die verarmde Suid-Afrikaner wat verhongering in die gesig staar na gelang die land al hoe meer onder sosioëkonomiese verval en die aanslag van klimaatsverandering gebuk gaan, bied swart soldaatvlieë die enigste volhoubare en bekostigbare alternatief vir ekonomiese vooruitgang en voedselsekureit.

BIBLIOGRAFIE

- Akinbobola A. 2018. Broiler feeding guide, growth & weight chart. <https://www.livestocking.net/standard-broiler-feed-chart-growth-weight> [5 September 2022].
- Amrul, NF; Kabir Ahmad, I; Ahmad Basri, NE; Suja, F; Abdul Jalil, NA; Azman, NA. 2022. A review of organic waste treatment using black soldier fly (*Hermetia illucens*). *Sustainability* 14, 4565. <https://doi.org/10.3390/su14084565> [30 Oktober 2022].
- Arndt, C; Davies, R; Gabriel, S; Harris, L; Makrelov, K; Modise, B; Robinson, S; Simbanegavi, W; Van Seventer, D & Anderson L. 2020. Impact of Covid-19 on the South African economy: An initial analysis. Southern Africa –Towards Inclusive Economic Development (SA-TIED), Working Paper 111. April 2020. <https://sa-tied.wider.unu.edu/sites/default/files/pdf/SA-TIED-WP-111.pdf> [30 Oktober 2022].
- Bailey, S. 2019. This luxury ice cream is made from insects. *CNN Business*. <https://edition.cnn.com/2019/07/25/business/gourmet-grubb-insect-ice-cream-intl/index.html> [5 September 2022].
- Banerjee, S; Coussens, NP; Gallat, F-X; Sathyanarayanan, N; Srikanth, J; Yagi, KJ; Gray, JSS; Tobe, SS; Stay, B; Chavas, LMG & Ramaswamy S. 2016. Structure of a heterogeneous, glycosylated, lipid-bound, in vivo-grown protein crystal at atomic resolution from the viviparous cockroach *Diploptera punctata*. *IUCrJ* 3(4):282-293.
- Berkhout, N. 2019. Chicken meat imports dominate the South African poultry market. *BizCommunity*. 5 November 2019. <https://www.bizcommunity.com/Article/196/742/197520.html> [5 September 2022].
- Bernard, T & Womeni, HM. 2017. Entomophagy: Insects as food. In: Shields, VDC (ed.). *Insect physiology and ecology*, pp. 233-253. https://www.researchgate.net/publication/316431740_Entomophagy_Insects_as_Food/link/590067ebaca2725bd71f1b9e/download [5 September 2022].
- Bessa, LW; Pieterse, E; Marais, J & Hoffman, LC. 2020. Why for feed and not for human consumption? The black soldier fly larvae. *Comprehensive Reviews in Food Science and Food Safety*, 19(5):2747-2763.
- Caboz, J. 2019. South Africa's first all-insect restaurant is open for business – and the bugs are delicious. *Business Insider SA*. <https://www.businessinsider.co.za/south-africas-first-all-insect-restaurant-is-open-for-business-and-the-bugs-are-delicious-2019-7> [5 September 2022].
- Chia, SY; Tanga, CM; Osuga, IM; Alaru, AO; Mwangi, DM; Githinji, M; Dubois, T; Ekese, S; Van Loon, JJA & Dicke, M. 2021. Black soldier fly larval meal in feed enhances growth performance, carcass yield and meat quality of finishing pigs. *Journal of Insects as Food and Feed*, 7(4):433-447.
- Čičková, H; Newton, GL; Lacy, RC & Kozánek, M. 2015. The use of fly larvae for organic waste treatment. *Waste Management*, 35(1):68-80.
- Commission of Inquiry into Allegations of State Capture. 2022. Hillside House, 17 Empire Road, Parktown, Johannesburg, South Africa. 2193 <https://www.statecapture.org.za/site/information/reports>
- Corbeels, M. 2012. Agro-ecological attributes of conservation agriculture for sustainable land use. The International Symposium Agriculture and the Environment, 2012. <http://library.wur.nl/ojs/index.php/AE2012/article/view/12448/12595> [5 September 2022].
- Davies, R. 2017. Die aanwysing van die Musina-Makhado Spesiale Ekonomiese Gebied (MMSEG). *Staatskoerant*, No. 41287 van 1 Desember 2017.
- Deinlinger, K & Byerlee, D. 2011. Rising global interest in farmland: Can it yield sustainable and equitable benefits? Washington: The International Bank for Reconstruction and Development / The World Bank. <https://www.sifi.se/wp-content/uploads/2011/02/Rising-global-interest-in-farmland-WB.pdf> [5 September 2022].
- Delta Built Environment Consultants (Pty) Ltd. 2019. Musina-Makhado Special Economic Zone Development, Final Scoping Report. https://cer.org.za/wp-content/uploads/2019/11/P17102_REPORTS_1_REV-03-Final-Scoping-Assessment-Report-2019-06-05.pdf [30 Oktober 2022].
- Deng Yaowen. 2021. Musina Makhado: South Africa's budding carbon emitter. *China Dialogue*, 6 Mei 2021. <https://chinadialogue.net/en/business/musina-makhado-south-africa-budding-carbon-emitter/> [30 Oktober 2022].

- Department of Agriculture, Forestry and Fisheries. 2019. *South African fertilizers market analysis report*. <https://www.dalrrd.gov.za/doaDev/sideMenu/Marketing/Annual%20Publications/South%20African%20Fertilizer%20Market%20Analysis%20Report%202020.pdf> [5 September 2022].
- Department of Forestry, Fisheries and the Environment. 2020. Environmental Affairs fines Chinese fishing trawlers for being on South African waters. 26 April 2020. <https://www.gov.za/speeches/environmental-affairs-fines-chinese-fishing-trawlers-being-south-african-waters-26-apr-2020> [5 September 2022].
- Department of Agriculture. 2002. *The integrated food security strategy for South Africa*. <https://www.gov.za/documents/integrated-food-security-strategy-south-africa> [5 September 2022].
- Department of Agriculture, Land Reform and Rural Development. 2020. *A profile of the South African wheat market value chain*. <https://www.dalrrd.gov.za/doaDev/sideMenu/Marketing/Annual%20Publications/Commodity%20Profiles/field%20crops/Wheat%20Market%20Value%20Chain%20Profile%202020.pdf> [5 September 2022].
- De Souza-Vilela, J, Andrew, NR, & Ruhnke, I. 2019. Insect protein in animal nutrition. *Animal Production Science*, 59(11):2029-2036.
- Durand, JF. 2010. The rise of the human predator and the transcendence of consciousness. In: Du Toit, CW (ed.), *Homo transcendentalis? Transcendence in science and religion: Interdisciplinary perspectives*. *South African Science and Religion Forum (SASRF) series*, 14:53-75.
- Ensor, L. 2012. SA poultry producers unmoved by Davies' tariff plan. *Business Live*, 27 December 2012.
- Eshel, G; Stainier, P; Shepon, A & Swaminathan, A. 2019. Environmentally optimal, nutritionally sound, protein and energy conserving plant based alternatives to U.S. Meat. *Scientific Reports* 9, Article number: 10345. <https://doi.org/10.1038/s41598-019-46590-1> [5 September 2022].
- European Commission. 2009. Food security: Understanding and meeting the challenges of poverty, Publications Office of the European Union, Luxembourg. <https://socialprotection.gov.bd/wp-content/uploads/2017/06/EU-on-Food-security.pdf> [30 Oktober 2022].
- Feffer, J. 2021. Chinese fossil fuel investments in Africa. *Foreign Policy in Focus*. <https://fpif.org/chinese-fossil-fuel-investments-in-africa/> [5 September 2022].
- FAO, IFAD, UNICEF, WFP and WHO. 2021. The state of food security and nutrition in the world 2021: Transforming food systems for food security, improved nutrition and affordable healthy diets for all. Rome, FAO. <https://www.fao.org/3/cb4474en/online/cb4474en.html> [5 September 2022].
- Food and Agriculture Organization, 2011. Global Food Losses and Waste. Extent, Causes and Prevention. <http://www.fao.org/docrep/014/mb060e/mb060e00.pdf> [30 Oktober 2022].
- Food and Agriculture Organization. 2020. Land use in agriculture by the numbers. Food and Agriculture Organization of the United Nations, Rome. [https://www.fao.org/sustainability/news/detail/en/c/1274219/#:~:text=Global%20trends,and%20pastures\)%20for%20grazing%20livestock](https://www.fao.org/sustainability/news/detail/en/c/1274219/#:~:text=Global%20trends,and%20pastures)%20for%20grazing%20livestock) [5 September 2022].
- Galal, S. 2022. Import volume of meat in South Africa 2020, by type. STATISTA. <https://www.statista.com/statistics/1310512/import-volume-of-meat-in-south-africa-by-type/> [5 September 2022].
- Gerber, PJ; Steinfeld, H; Henderson, B; Mottet, A; Opio, C; Dijkman, J; Falcucci, A & Tempio, G. 2013. Tackling climate change through livestock: A global assessment of emissions and mitigation opportunities.: *Food and Agriculture Organization of the United Nations* (FAO), Rome. 115 pp.
- Giannetti, D; Schifani, E; Reggiani, R; Mazzoni, E; Reguzzi, MC; Castracani, C; Spotti, FA; Giardina, B; Mori, A; Grasso, DA. 2022. Do it by Yourself: Larval Locomotion in the Black Soldier Fly *Hermetia illucens*, with a novel "self-harvesting" method to separate prepupae. *Insects* 13(2) <https://doi.org/10.3390/insects13020127> [30 Oktober 2022].
- Godfray, HCJ; Beddington, JR; Crute, IR; Haddad, L; Lawrence, D; Muir, JF; Pretty, J; Robinson, S; Thomas, SM & Toulmin, C. 2010. Food security: The challenge of feeding 9 billion people. *Science*, 327, 812 (5967):812-818.
- Grundling, P-L; Grundling, AT; Pretorius, L; Mulders, J & Mitchel S. 2017. South African peatlands: ecohydrological characteristics and socio-economic value. *Water Research Commission Report No. 2346/1/17*.
- Grundling, P-L; Grundling, AT; Van Deventer, H & Le Roux, JP. 2021. Current state, pressures and protection of South African peatlands. *Mires and Peat*, 27(26):1-25.

- Gumede, W. 2013. *South Africa in BRICS: Salvation or ruination?*. Tafelberg-Short-Africa-Salvation-ruination-ebook/dp/B00FRHV7LC.
- Gustavsson, J; Cederberg, C; Van Otterdijk, R & Meybeck, A. 2011. Global food losses and food waste – extent, causes and prevention. Food and Agriculture Organization of the United Nations, Rome. https://www.fao.org/fileadmin/user_upload/sustainability/pdf/Global_Food_Losses_and_Food_Waste.pdf [5 September 2022].
- Hermanus, L. 2021. Making sense of jobs in South Africa's just energy transition: Managing the impact of a coal transition on employment. Trade & Industrial Policy Strategies, Policy Brief: 3/2021, April 2021. https://www.tips.org.za/images/Policy_Brief_Making_sense_of_jobs_in_South_Africas_just_energy_transition_Managing_the_impact_of_a_coal_transition_on_employment_April_2021.pdf [30 Oktober 2022].
- Hobbs, J; Draper, P & Beswick, C. 2018. Poultry tariffs in South Africa: Levelling the playing field or rewarding inefficiency? *Africa's Competitiveness in the Global Economy*, pp. 351-386.
- Hoc, B; Noël, G; Carpentier, J; Francis F & Megido, RC. 2019. Optimization of black soldier fly (*Hermetia illucens*) artificial reproduction. *PLoS One*, 14(4): e0216160. Published online 2019 Apr 30. doi: 10.1371/journal.pone.0216160. <https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC6490921/#pone.0216160.ref016> [2- Oktober 2022].
- Hussein, M; Pillai, VV; Goddard, JM; Park, HG; Kothapalli, KS; Ross, DS; Ketterings, QM; Brenna, JT; Milstein, MB; Marquis, H; Johnson, PA; Nyrop, JP & Selvaraj, V. 2017. Sustainable production of housefly (*Musca domestica*) larvae as a protein-rich feed ingredient by utilizing cattle manure. *PLoS One*. <https://doi.org/10.1371/journal.pone.0171708> [5 September 2022].
- Intergovernmental Panel on Climate Change. 2007. Climate Change 2007. Impacts, adaptation and vulnerability. https://www.ipcc.ch/site/assets/uploads/2018/03/ar4_wg2_full_report.pdf [30 Oktober 2022].
- Isbell, F; Tilman, D; Reich, PB & Clark, AT. 2019. Deficits of biodiversity and productivity linger a century after agricultural abandonment. *Nature Ecology and Evolution* 3:1533-1538. <https://doi.org/10.1038/s41559-019-1012-1> [30 Oktober 2022].
- Jackson, RB; Saunio, M; Bousquet, P; Canadell, JG; Poulter, B; Stavert, AR, Bergamaschi, P; Niwa, Y; Segers, A & Tsuruta, A. 2020. Increasing anthropogenic methane emissions arise equally from agricultural and fossil fuel sources. *Environmental Research Letters*, 15 071002. <https://iopscience.iop.org/article/10.1088/1748-9326/ab9ed2> [30 October 2022].
- Jones, S; Martin, R; Pilbeam, D. 1994. *The Cambridge Encyclopedia of Human Evolution*. Cambridge University Press.
- Kaya, C; Generalovic, TN; Ståhls, G; Hauser, M; Samayoa, AC; Nunes-Silva, CG; Roxburgh, H; Wohlfahrt, J; Ewusie, EA; Kenis, M; Hanboonsong, Y; Orozco, J; Carrejo, N; Nakamura, S; Gasco, L; Rojo, S; Tanga, SM; Meier, R; Rhode, C; Picar, CJ; Jiggins, CD; Leiber, F; Tomberlin, JK; Hasselmann, M; Blanckenhorn, WU; Kapun, M & Sandrock, C. 2021. Global population genetic structure and demographic trajectories of the black soldier fly, *Hermetia illucens*. *BMC Biology*, 19(1):1-22. <https://doi.org/10.1186/s12915-021-01029-w> [5 September 2022].
- Kleijn, D; Kohler, F; Báldi, A; Batáry, P; Concepción, ED; Clough, Y; Díaz, M; Gabriel, D; Holzschuh, A; Knop, E; Kovács, A; Marshall, EJP; Tschamntke, T & Verhulst, J. 2009. On the relationship between farmland biodiversity and land-use intensity in Europe. *Proceedings of the Royal Society*, 276(1658):903-909.
- Kleven, A. 2016. China's fishing fleet plundering African waters. *The Japan Times*, 4 September 2016.
- Lambrechts, D. 2013. Chinese syndicates and poaching in South Africa: the case of abalone. CCS Commentary 3 Junie 2013. Centre for Chinese Studies. http://www0.sun.ac.za/ccs/wp-content/uploads/2013/06/CCS_Commentary_Abalone_DL_2013.pdf [30 Oktober 2022].
- Latunde-Dada, GO; Yang, W & Aviles, MV. 2016. In vitro iron availability from insects and sirloin beef. *Journal of Agricultural and Food Chemistry*, 64(44):8420-8424.
- Leonard, L. 2019. Communities, mining corporations and corruption in South Africa. *News 24*, 12 Februarie 2019.
- Liebenberg, L. 2022. The rationale for Musina-Makhado Special Economic Zone is an industrial-scale lie. *Daily Maverick*, 24 April.

- Liliana, H. 2005. *The food gaps: The impacts of climate change on food production: A 2020 perspective*, Universal Ecological Fund, Alexandria, VA, USA.
- Liu, T; Klammsteiner, K; Mikhailovich, A; Vinay, D; Yuwen, K; Zengqiang, Z; Mukesh, Z & Awasthia, K. 2022. Black soldier fly larvae for organic manure recycling and its potential for a circular bioeconomy: A review. *Science of The Total Environment*, 833(1):155122.
- Marston, LT; Read, QD; Brown, SP & Muth, MK. 2021. Reducing water scarcity by reducing food loss and waste. *Frontiers in Sustainable Food Systems*, 5:651476. doi: 10.3389/fsufs.2021.651476 <https://www.frontiersin.org/articles/10.3389/fsufs.2021.651476/full> [30 Oktober 2022].
- Masipa, TS. 2017. The impact of climate change on food security in South Africa: Current realities and challenges ahead. *Jamba*, 2017; 9(1): 411, doi: 10.4102/jamba.v9i1.411. <https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC6014268/> [5 September 2022].
- Miller, BF; Teotia, JS & Thatcher, TO. 1974. Digestion of poultry manure by *Musca domestica*. *British Poultry Science*, 15(2):231-234.
- Moore, A; Van Eck, JAJ; Van Niekerk, JP & Robertson, BL. 1988. Evapotranspiration in three plant communities of *Rhigozum trichotomum* habitat at Upington. *Journal of the Grassland Society of Southern Africa*, 5:80-84.
- Munnik, V. 2020. Water risks of coal driven mega projects in Limpopo: the MCWAP and the EMSEZ, Technical Report. <https://www.researchgate.net/publication/341160046> [30 Oktober 2022].
- Myhre, G; Shindell, D; Bréon, F-M; Collins, W; Fuglestedt, J.; Huang, J; Koch, D; Lamarque, J-F; Lee, D; Mendoza, B; Nakajima, T; Robock, S; Stephens, G; Takemura, T & Zhang, H. 2013. Anthropogenic and Natural Radiative Forcing. In: Stocker, TF; Qin, D; Plattner G-K; Tignor, M; Allen, SK; Boschung, J; Nauels, A; Xia, Y; Bex, V & Midgley PM. (eds). *Climate change 2013: The physical science basis*. Contribution of Working Group I to the Fifth Assessment Report of the Intergovernmental Panel on Climate Change, Cambridge University Press, Cambridge, United Kingdom and New York, NY, USA.
- Naidu, S. 2021. The impact of COVID-19: The conundrum of South Africa's socio-economic landscape. *Accord*, 3 March 2021. <https://www.accord.org.za/analysis/the-impact-of-covid-19-the-conundrum-of-south-africas-socio-economic-landscape/> [5 September 2022].
- Ndlela, TS & Murcott, MJ. 2021. Innovative regulation of meat consumption in South Africa: An environmental rights perspective. *Potchefstroom Electronic Law Journal*, 24:1-47. <https://doi.org/10.17159/1727-3781/2021/v24i0a7519> [5 September 2022].
- Newton, L; Sheppard, C; Watson, DW; Burtle, G; Dove, R; Tomberlin, J & Thelen, E. 2005. Using the black soldier fly, *Hermetia Illucens*, as a value-added tool for the management of swine manure. <https://www.scirp.org/%28S%28351jmbntvnsjt1aadkposzje%29%29/reference/referencespapers.aspx?referenceid=2263506> [30 Oktober 2022].
- Niggli, U; Schmid, H & Fliessbach, A. 2007. Organic farming and climate change. Briefing prepared by the Research Institute of Organic Agriculture FiBL, Frick, Switzerland, for the International Trade Centre ITC, Geneva, Switzerland. https://www.researchgate.net/publication/28684793_Organic_Farming_and_Climate_Change [5 September 2022].
- Ning Yat Hoi. 2019. Onderhoud met die EMSEZ projekbestuurder in die *China Reform Daily*, 15 Mei 2019.
- Noemdoe, D. 2019. The world's first ever dairy alternative made with insect larvae created in Mzansi. www.foodformzansi.co.za [30 Oktober 2022].
- Ofusori, A. 2020. Implication of corruption on economic growth in South Africa. Democracy Development Program. 6 October 2020. <https://ddp.org.za/blog/2020/10/06/implication-of-corruption-on-economic-growth-in-south-africa/> [30 Oktober 2022].
- Olufemi, AC; Oluwatosin, P & Mji, A. 2018. Conflict implications of coal mining and environmental pollution in South Africa – Lessons from Niger Delta, Nigeria. *African Journal on Conflict Resolution*, 2018(1):7-35.
- Ooninx, DGAB; Van Broekhoven, S; Van Huis, A & Van Loon JJA. 2015. Feed Conversion, Survival and Development, and Composition of Four Insect Species on Diets Composed of Food By-Products. *PLoS One*, 10(12): e0144601. Published online 2015 Dec 23. doi: 10.1371/journal.pone.0144601.
- Orkusz, A. 2021. Edible insects versus meat – nutritional comparison: knowledge of their composition is the key to good health. *Nutrients*, 13(4):1207. doi: 10.3390/nu13041207.

- Pimental, D & Levitan, L. 1986. Pesticides: amounts applied and amounts reaching pests. *BioScience*, 36(2):86-91.
- Pobiner, B. 2013. Evidence for meat-eating by early humans. *Nature Education Knowledge*, 4(6):1. <https://www.nature.com/scitable/knowledge/library/evidence-for-meat-eating-by-early-humans-103874273/> [30 Oktober 2022].
- Poore, J & Nemecek, T. 2018. Reducing food's environmental impacts through producers and consumers. *Science*, 360(6392):987-992.
- Ramankutty, N; Evan, AT; Monfreda, C & Foley, JA. 2008. Farming the planet: Geographic distribution of global agricultural lands in the year 2000. *Global Biogeochemical Cycles*, 22(1), DOI:10.1029/2007GB002952.
- Relyea, R. 2005. The impact of insecticides and herbicides on the biodiversity and productivity of aquatic communities. *Ecological Applications*, 15(2):618-627.
- Ravishankara, AR; Kuylenstierna, JCI; Michalopoulou, E; HöglundIsaksson, L; Zhang, Y; Seltzer, K; Ru, M; Castelino, R; Faluvegi, G; Naik, V; Horowitz, L; He, J; Lamarque, J-F; Sudo, K; Collins, WJ; Malley, C; Harmsen, M; Stark, K; Junkin, J; Li, G; Glick, A & Borgford-Parnell, N. 2021. *Global methane assessment: Benefits and costs of mitigating methane emissions*. United Nations Environment Programme and Climate and Clean Air Coalition. Nairobi: United Nations Environment Programme. <https://www.unep.org/resources/report/global-methane-assessment-benefits-and-costs-mitigating-methane-emissions> [5 September 2022].
- Ritchie, H. 2020. The carbon footprint of foods: are differences explained by the impacts of methane? *Our World in Data*. <https://ourworldindata.org/carbon-footprint-food-methane> [30 Oktober 2022].
- Salemdeeba, R; Zu Ermgassen, EKJ; Hyung Kim, M; Balmford, A & Al-Tabbaa, A. 2017. Environmental and health impacts of using food waste as animal feed: a comparative analysis of food waste management options. *Journal of Cleaner Production*, 140(2):871-880.
- Sand, P. 2021. South Africa sees coal market in China as demand shoots up. *The Africa Logistics*, April 9, 2021. <https://www.theafricalogistics.com/2021/04/09/south-africa-sees-coal-market-in-china-as-demand-shoots-up/> [30 Oktober 2022].
- Scheu, A; Powell, A; Bollongino, R; Vigne, J-D; Tresset, A; Çakırlar, C; Benecke, N & Burger J. 2015. The genetic prehistory of domesticated cattle from their origin to the spread across Europe. *BMC Genet*, 16:54. doi: 10.1186/s12863-015-0203-2. <https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC4445560/#> [30 Oktober 2022].
- Scholes, R & Engelbrecht, F. 2021. Climate impacts in southern Africa during the 21st Century. Report for Earthjustice and the Centre for Environmental Rights. <https://lifeaftercoal.org.za/wp-content/uploads/2021/10/Scholes-and-Engelbrecht.2021.Climate-impacts-in-Southern-Africa-during-the-21st-Century.pdf> [30 Oktober 2022].
- Science Communication Unit, University of the West of England, Bristol. 2013. Science for environment policy in-depth report: Sustainable food. Report produced for the European Commission DG Environment. <http://ec.europa.eu/science-environment-policy> [5 September 2022].
- Sguazzin, A. 2022. Biggest insect protein plant in Southern Hemisphere raises seed funding. *Bloomberg Africa Edition*, 21 April 2022. <https://www.bloomberg.com/news/articles/2022-04-21/biggest-insect-plant-in-southern-hemisphere-raises-seed-funding> [30 Oktober 2022].
- Shahbandeh, M. 2019. Per capita consumption of meat in the South Africa by type 2010-2017. *Statista*, 31 Januarie 2019. <https://www.statista.com/statistics/963216/per-capita-consumption-of-meat-by-type-south-africa/> [30 Oktober 2022].
- Shear, WA & Selden, PA. 2001. Rustling in the undergrowth: animals in early terrestrial ecosystems. In: Gensel, PG & Edwards, D (eds). *Plants invade the land: evolutionary and environmental perspectives*. New York: Columbia University Press, pp. 29-51.
- Sheppard, DC; Newton, GL; Thompson, SA & Savage, S. 1994. A value added manure management system using the black soldier fly. *Bioresource Technology*, 50(3):275-279.
- Sheppard, DC; Newton, GL; & Burtle, G. 2008. Black soldier fly prepupae: A compelling alternative to fish meal and fish oil. A public comment prepared in response to a request by the National Marine Fisheries Service, 15 November 2007, to gather information on alternative feeds for aquaculture. NOAA-USDA Alternative Feeds Initiative. Public Comment on Alternative Feeds for Aquaculture: Comments received by NOAA 15/11//2007 - 29/2/2008.

- Skowno, AL; Poole, CJ; Raimondo, DC; Sink, KJ; Van Deventer, H; Van Niekerk, L; Harris, LR; Smith-Adao, LB; Tolley, KA; Zengeya, TA; Foden, WB; Midgley, GF & Driver, A. 2019. *National biodiversity assessment 2018: The status of South Africa's ecosystems and biodiversity. Synthesis Report*. South African National Biodiversity Institute, an entity of the Department of Environment, Forestry and Fisheries, Pretoria. pp. 1-214.
- Smith P; Bustamante, M; Ahammad, H; Clark, H; Dong, H; Elsiddig, EA; Haberl, H; Harper, R; House, J; Jafari, M; Masera, O; Mbow, C; Ravindranath, NH; Rice, CW; Robledo Abad, C; Romanovskaya, A; Sperling, F & Tubiello, F. 2014. Agriculture, forestry and other land use (AFOLU). In: Edenhofer, O; Pichs-Madruga, R; Sokona, Y; Farahani, E; Kadner, S.; Seyboth, K; Adler, A; Baum, I; Brunner, S; Eickemeier, P; Kriemann, B; Savolainen, J; Schlömer, S; Von Stechow, C; Zwickel T & Minx, JC (eds). *Climate Change 2014: Mitigation of Climate Change*. Contribution of Working Group III to the Fifth Assessment Report of the Intergovernmental Panel on Climate Change. Cambridge, United Kingdom, and New York, NY, USA: Cambridge University Press.
- Smout, J. 2022. Black soldier fly – Tiny insect holds potential to transform our waste, agricultural, medical, and food landscapes. *Daily Maverick*, 21 June 2022. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2022-06-21-tiny-insect-holds-potential-to-transform-our-waste-agricultural-medical-and-food-landscapes/> [5 September 2022].
- Standard Bank. 2022. *Field Crops* 1 July 2022. AgribusinessInsights@standardbank.co.za. [5 September 2022].
- Stassen, N. 2010. Die Dorslandtrekke na Angola en die redes daarvoor (1874-1928). *Historia*, 55(1):32-54.
- Statistics South Africa. 2022. *Measuring food security in South Africa: Applying the food insecurity experience scale*. Statistics South Africa, Report 03-00-19.
- Teague, R & Kreuter, U. 2020. Managing grazing to restore soil health, ecosystem function, and ecosystem services. In: *Livestock production and the functioning of agricultural ecosystems*, Volume I, Frontiers in Sustainable Food Systems 29, <https://doi.org/10.3389/fsufs.2020.534187> [5 September 2022].
- Thompson, L. 2022. Final rubber stamp for the Musina-Makhado Special Economic Zone travesty. *Mail and Guardian*, 1 March 2022.
- Tian, H; Xu, R; Canadell, P; Thompson, R; Winiwarter, W; Suntharalingam, P; Davidson, E; Ciais, P; Jackson, RB; Janssens-Maenhout, G; Prather, M; Regnier, P; Pan, N; Pan, S; Peters, G; Shi, H; Tubiello, F; Zaehle, S; Zhou, F; Arneeth, A; Battaglia, G; Berthet, S; Bopp, L; Bouwman, A; Buitenhuis, E; Chang, J; Chipperfield, M; Dangal, S; Dlugokencky, E; Elkins, J; Eyre, B; Fu, B; Hall, B; Ito, A; Joos, F; Krummel, P; Landolfi, A; Laruelle, G; Lauerwald, R; Li, W; Lienert, S; Maavara, T; MacLeod, M; Millet, D; Olin, S; Patra, PK; Prinn, R; Raymond, P; Ruiz, D; Van der Werf, G; Vuichard, N; Wang, J; Weiss, R; Wells, KC; Wilson, C; Yang, J & Yao, Y. 2020. A comprehensive quantification of global nitrous oxide sources and sinks. *Nature*, 584:248-256.
- Tilman, D. 1999. Global environmental impacts of agricultural expansion: The need for sustainable and efficient practices. *PNAS*, 96(11):5995-6000.
- Tutin, CE; Fernandez, M; Rogers, ME; Williamson, EA; McGrew, WC; Altmann, SA; Southgate, DAT; Crowe, I; Tutin, CEG; Whiten, A; Conklin, NL; Barrett, L. 1991. Foraging profiles of sympatric lowland gorillas and chimpanzees in the Lopé Reserve, Gabon. *Philosophical Transactions of the Royal Society of London. Series B, Biological Sciences*. 334(1270):179-186.
- United Nations Environment Programme. 2021. Our global food system is the primary driver of biodiversity loss. Press Release 3 February 2021. <https://www.unep.org/news-and-stories/press-release/our-global-food-system-primary-driver-biodiversity-loss> [30 Oktober 2022].
- Valentin, F; Nortes, PA; Dominguez, A; Sánchez, JM; Intrigliolo, DS; Alarcón, JJ & López-Urrea, R. 2020. Comparing evapotranspiration and yield performance of maize under sprinkler, superficial and subsurface drip irrigation in a semi-arid environment. *Irrigation Science*, 38:105-115.
- Van Huis, A; Van Itterbeek, J; Klunder, H; Mertens, E; Halloran, A; Muir, G & Vantomme, P. 2013. Edible insects: future prospects for food and feed security. *FAO Forestry Paper No. 171*, Rome. <http://www.fao.org/docrep/018/i3253e/i3253e00.htm> [5 September 2022].
- Van Klink, R; Van der Plas, F; Van Noordwijk, CGE; Wallis de Vries, MF & Olff, H. 2014. Effects of large herbivores on grassland arthropod diversity. *Biological Reviews*, 90(2):347-366.

- Van Zyl, A. 2022. Government trying to steamroller MMSEZ project, says SOLVE. Zoutpansberger 8 Julie 2022. <https://www.zoutpansberger.co.za/articles/news/56254/2022-07-08/government-trying-to-steamroller-mmsez-project-says-solve> [3 November 2022].
- Vilariño, MV; Franco, C & Quarrington, C. 2017. Food loss and waste reduction as an integral part of a circular economy. *Frontiers in Environmental Science*, 17 May 2017. <https://doi.org/10.3389/fenvs.2017.00021> [5 September 2022].
- Wang, YS & Shelomi, M. 2017. Review of black soldier fly (*Hermetia illucens*) as animal feed and human food. *Foods*, 6(10):91. doi: 10.3390/foods6100091. <https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC5664030/#B48-foods-06-00091> [30 Oktober 2022].
- Woetzel, J; Pinner, D; Samandari, H; Engel, H; Krishnan, M; McCullough, R & Melzer, T. 2020. How will African farmers adjust to changing patterns of precipitation? Case study: Agriculture in Africa. Physical hazards and socioeconomic impacts. McKinsey Global Institute, pp. 19. <https://www.mckinsey.com/~media/mckinsey/business%20functions/sustainability/our%20insights/climate%20risk%20and%20response%20physical%20hazards%20and%20socioeconomic%20impacts/mgi-climate-risk-and-response-full-report-vf.ashx> [5 September 2022].
- World Bank. 2020a. South Africa Unemployment Rate 1991–2022. <https://www.macrotrends.net/countries/ZAF/south-africa/unemployment-rate> [30 Oktober 2022].
- World Bank. 2020b. South Africa Youth Unemployment Rate 1991–2022. <https://www.macrotrends.net/countries/ZAF/south-africa/youth-unemployment-rate> [30 Oktober 2022].
- World Food Summit. 1996. *Report of the World Food Summit, 13–17 November 1996, Rome*. Food and Agriculture Organization of the United Nations.
- Yapura, S. 2021. Importance of corn in animal production. *Veterinaria Digital*. <https://www.veterinariadigital.com/en/articulos/importance-of-corn-in-animal-production/> [30 Oktober 2022].

Die migrasie en verspreiding van aansteeklike siektes: Vanaf die oorsprong van *Homo sapiens* tot en met die Antroposeen

Migration and spread of infectious diseases: From the origin of Homo sapiens up to the Anthropocene

MARTIE VAN DER WALT

Tuberkulose Platform
Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad,
Pretoria,
Suid-Afrika
E-pos: Martie.VanderWalt@mrc.ac.za



Martie van der Walt

MARTIE VAN DER WALT is die direkteur van die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad se Tuberkulose Platform. Haar navorsing fokus op aansteeklike siektes van mense en diere. Sy het navorsing gedoen oor die voorkoming en beheer van maagsiektes onder plaasdiere en die oordrag en verspreiding van aansteeklike en/of soönotiese siektes tussen plaasdiere en die mens. Sedert 1998 konsentreer sy op aansteeklike siektes onder mense en op gemeenskapsgesondheid. Sy fokus op siektes veroorsaak deur *Salmonella*, tuberkulose, MIV/VIGS en meer onlangs, COVID-19. Sy publiseer ook oor die geskiedenis van medisyne. Sy is 'n B-gegradeerde navorser.

MARTIE VAN DER WALT is the director of the Tuberculosis platform of the South African Medical Research Council. In her research, she focuses on communicable diseases of animals and humans. She has completed research on the prevention and control of diarrhoeal disease of farm animals and the transmission of zoonotic diseases between animals and humans. Since 1998, she concentrates on communicable diseases of humans and on public health. She has studied *Salmonella*, tuberculosis, HIV/AIDS and, more recently, coronavirus-related diseases. She has published on the history of medicine and is a B-graded scientist.

ABSTRACT

Migration and spread of infectious diseases: From the origin of Homo sapiens up to the Anthropocene

A typifying characteristic of Homo sapiens is its ability to walk upright, which allowed humans to move about in grasslands, enabling them to leave the forests of central Africa and populate the rest of Africa and later the world, a success story like no other. Africa is the place of origin of Homo sapiens. The first major migration of anatomically modern humans, known as the Out-of-Africa migration, was the first of many migratory events of Homo sapiens that continue

Datums:

Ontvang: 2022-06-22

Goedgekeur: 2022-10-14

Gepubliseer: Desember 2022

up to the current era that shaped the world and society. This article aims to describe the defining role of human migration in spreading infectious diseases from pre-history to the present. In future, infectious diseases will continue to spread through migration. However, by contrast, the spread of diseases will be exacerbated due to the opportunities provided in the Anthropocene epoch and will become progressively more challenging.

Migration is a term that encompasses the simultaneous movement of large numbers or groups of people away from their original place of living and for a specific reason. The main reasons for migration are emigration/immigration, forced displacement, slavery, migrant labour, asylum seeking and refugees. In addition, war, conflict, and environmental disasters such as droughts, famine and overpopulation are other common causes of migration. Migration is usually unplanned; it happens without warning or advanced planning and is accompanied by a large-scale disruption in the socio-economic structure, health, and well-being of the migrants and/or other affected groups. Such major disruptions to individuals' normal living can weaken the immune system, leading to increased susceptibility to infectious diseases. In addition, temporary housing during migration can often also result in humanitarian disasters that increase opportunities for the transmission of infectious diseases.

Migrants are also at risk of contracting new or previously-unencountered diseases prevalent in their chosen resettlement area. Conversely, migrants can carry with them microorganisms absent in the resettlement area. An example of this is the smallpox virus that was brought to South America by the Spanish colonisers. At that stage, poxvirus was absent in this continent, and the indigenous populations had no immunity to the pathogen. The transmission of the poxvirus by colonizers to indigenous populations almost destroyed the indigenous populations of the time.

A form of migration that emerged more recently is travel. Travel migration is defined as the large number of unrelated individuals who travel simultaneously across the globe for work or pleasure. Travel migration has been enabled by advances in the speed by which air and train travel takes place. This results in large numbers of individuals being transported across the globe in a short period and over long distances. Travel by water, air and land resulted in the world's population being highly interconnected through the mingling of large numbers of people from geographically remote places but in a relatively short period. Travelling connects people and diseases across the globe.

Examples of pathogens that spread through migration and that cause major infectious diseases include the smallpox virus, the human immuno-deficiency virus (HIV), and coronaviruses that cause Middle Eastern respiratory syndrome (MERS), coronavirus disease 2019 (COVID-19) and severe acute respiratory syndrome (SARS). Mycobacterium tuberculosis, the cause of tuberculosis, and Helicobacter pylori, which can cause gastric ulcers, are among the oldest known bacteria that infect humans and were already present in humans when the Out-of-Africa migration occurred. These two pathogens were carried with humans as they migrated and populated new areas of the world, and both have been present in large numbers of humans over millennia. These two organisms can only spread through very close contact between humans and have no host outside the body; therefore, they are great examples of how migration distributes infectious diseases across the world. Mycobacterium tuberculosis is exceptionally well-adapted to spread and cause disease among individuals with lower immunity, such as migrants. Poor housing conditions and crowding, which invariably result from migration due to humanitarian disasters, advance the transmission of pathogens such as tuberculosis.

Major lifestyle changes of humans occurred from the Paleolithic to the Neolithic after the Out-of-Africa migration, which directly or indirectly benefited the transmission of diseases. During the Neolithic, animals were domesticated, and agriculture started, allowing people to settle down and establishing the first towns and cities. The domestication of animals created an opportunity for pathogens to cross from animals to humans and adapt to the new host to cause new infectious diseases in humans, called zoonosis.

The Anthropocene dawned when deforestation, mining, farming, and other human activities left their mark. As a result, the Anthropocene offers unique opportunities for the emergence and spread of infectious diseases: firstly, by zoonosis or the transmission of diseases from animals to humans, and secondly, the spread of the diseases through migration.

Furthermore, changes in the weather and climate can lead to environmental migration. This occurs when people need to abandon their normal place of living because of severe weather events such as droughts and ice ages.

Labour migration was responsible for the spread of HIV from its place of origin in Africa. This virus initially landed in humans through inter-species cross-over from primates to humans in the 1950s from eating semi-cooked bush meat. As a result, it became established in the indigenous populations of Africa. HIV is a sexually transmitted disease amongst humans, and migratory labourers from Haiti were infected with the virus while working in the Congo, where they transmitted the virus to people in Haiti upon their return.

The MERS and SARS coronaviruses became human pathogens due to bat-human species cross-over, probably due to eating bush meat. However, the rapid distribution of these two viruses to other areas of the world was enabled through travel migration and the highly connected world population. Similarly, the extremely rapid spread of severe acute respiratory syndrome coronavirus 2 (SARS-CoV-2) upon its discovery in December 2019 was partly due to travel migration.

In future, the negative impact of infectious diseases can be prevented by having disaster preparedness plans to protect the health and well-being of migrants and resident populations. However, events that can potentially be disastrous are difficult to pre-empt: the world was largely unprepared on how to respond to the rapid spread of SARS-CoV-2 and how to control the ensuing pandemic. Other recent examples of similar unforeseen events are the Ukraine-Russian conflict that started in March 2022, which caused many people from Ukraine to flee to other countries for safety. The second example is the heavy rain of April 2022 in the KwaZulu-Natal Province of South Africa, which caused massive destruction of houses and infrastructure, resulting in affected people being displaced. In both cases, the reasons for migration can have a detrimental impact on the health of the affected people, which renders them susceptible to disease transmission.

KEYWORDS: Anthropocene, infectious diseases, migration, tuberculosis, *Helicobacter pylori*, HIV/AIDS, coronaviruses, inter-species, smallpox, Out-of-Africa, Ukraine, KwaZulu-Natal, zoonosis

TREFWOORDE: Antroposeen, aansteeklike siektes, migrasie, tuberkulose, *Helicobacter pylori*, MIV/VIGS, koronavirusse, inter-spesies, pokke, UitAfrika-migrasie, Oekraïne, KwaZulu-Natal, soönoses

OPSOMMING


Migrasie speel 'n groot rol in die verspreiding van aansteeklike siektes. Tydens migrasie word die patogene van die siektes saam met die mens gedra en só na voorheen onbesmette groepe oorgedra. Selfs so lank gelede as die Uit-Afrika-migrasie het die mens twee welbekende patogene saamgedra en na die res van die wêreld versprei. Daar kan talle redes wees vir migrasie. Dit gebeur óf beplan óf spontaan. Indien migrasie deur natuurrampe, konflik, trekarbeid, slawerny of kolonisasie veroorsaak word, mag dit nadelig vir die gesondheid van migrante wees. Dit kan ook hulle vatbaarheid vir siektes verhoog, wat die verspreiding van siektes aanhelp. Reis as 'n tipe migrasie het gemaak dat die wêreld se bevolking hoogs gekonnekteer is, en dit bevorder vinnige verspreiding van siektes oor die wêreld heen. Voorbeelde van siektes wat deur migrasie versprei is, sluit in tuberkulose, *Helicobacter pylori*-maagsiektes, pokke, die verworwe immuuniteitsgebreksindroomvirus, die Midde-Oosterse koronavirus en koronavirus tipe 1 en 2. Tydens die Holoseen het antropogeniese impakte 'n wanbalans in ekosisteme veroorsaak wat die Antroposeen ingelui het. Tydens die Neolitikum is diere gedomestiseer en sodoende is mikro-organismes van die diere na die mens oorgedra en sommige mikro-organismes, veral virusse, het siektes in mense veroorsaak, wat soönotiese siektes genoem word. In die toekoms gaan siektebeheer al hoe meer natuurbewaring insluit. Aangesien migrasie so 'n belangrike rol in die oordrag van siektes speel, gaan dit in die toekoms verpligtend word om situasies waar siektes, wat deur migrasie versprei word, deurlopend te monitor om rampbeheerplanne betyds te implementeer. Dit is moeilik om sulke situasies te voorsien. Twee baie goeie voorbeelde hiervan is eerstens die konflik in Oekraïne sedert Maart 2022 met die inval van Rusland, en tweedens, die grootskaalse skade aan huise en infrastruktuur wat deur die swaar reën in April 2022 in die KwaZulu-Natal Provinsie van Suid-Afrika plaasgevind het. In beide gevalle het groot getalle mense gevlug om die konflik of ramp te ontkom, en dit het mense meer vatbaar gemaak vir die oordrag van aansteeklike siektes. Rampbeheerplanne moet veral voorsiening maak vir die beskerming van die gesondheid van migrante en plaaslike gemeenskappe om die verspreiding van siektes uit te skakel.

Inleiding

Een van die mees uitstaande kenmerke van die genus *Homo* is die vermoë om regop te loop. Lede van dié genus kan dus lang afstande aflê. Dit het dinge veral vir die mens, *Homo sapiens*, moontlik gemaak om vanuit Afrika na die res van die wêreld te versprei en op al die eilande en kontinente, behalwe Antarktika, baie suksesvol te vestig (Campbell & Tishkoff, 2008). Hierdie eerste groot migrasie en daaropvolgende diaspora, asook die vestiging van *Homo sapiens* in nuwe gebiede, is 'n suksesverhaal sonder weerga.

Afrika word as die wieg van *Homo sapiens* beskou (Campbell & Tishkoff, 2008; Lombard *et al.*, 2013, Wirth *et al.*, 2008; Goebel, 2007). Die eerste groot migrasie van die mens uit Afrika, ook bekend as die Uit-Afrika-migrasie, het tussen 100 000 – 60 000 jaar gelede vanuit die Slenkdal na die Nabye Midde Ooste plaasgevind (Figuur 1) (Goebel, 2007). Teen 35 000 BCE het mense Australië bereik en die Amerikas teen 16 000 BCE. Hierdie eerste grootskaalse migrasie uit Afrika was vermoedelik die gevolg van 'n droogte in die Slenkdal. Dit kan redelikerwys aangeneem word dat die verdere diaspora oor die wêreld ook die gevolg was van ongunstige omstandighede soos die weer, klimaat en ander omgewingsfaktore, uitputting van natuurlike hulpbronne, siektegeteisterde gebiede, of konflik tussen groepe.

Die doel van die artikel is om te beskryf hoe verskeie aansteeklike siektes vanaf die ontstaan van *Homo sapiens* deur middel van migrasie oor die wêreld versprei is, en om te verduidelik hoe migrasie 'n beduidende faktor in die verspreiding van aansteeklike siektes is. Dit word



Figuur 1: Uittog van Homo sapiens uit Afrika en diaspora na ander dele van die wêreld.

Figuurkrediet: Wikimedia Commons

geïllustreer aan die hand van spesifieke siektes (Tabel 1). Die meer onlangse ontstaan van die drie nuwe respiratoriese sindroomverwante siektes (Tabel 1) kan nie aan die oorspronklike verspreiding van mense gedurende die Antroposeen toegeskryf word nie maar het eerder weens die feit dat die wêreldbevolking hoogs verbind is, 'n beduidende rol in die verspreiding van die COVID-19-pandemie gespeel. Daar word verduidelik hoe die Antroposeen in die toekoms ideale omstandighede vestig vir die ontstaan van nuwe aansteeklike siektes met pandemiese potensiaal.

TABEL 1: Infeksiesiektes wat deur migrasie oor die wêreld versprei het.

Bakterieë	Afkorting	Siekte
<i>Mycobacterium tuberculosis</i>	<i>M. tuberculosis</i>	Tuberkulose
<i>Helicobacter pylori</i>	<i>H. pylori</i>	Maaginfesie
Virusse		
<i>Variola virus</i>	–	Pokke
Menslike immuunverswakkingvirus	MIV	Verworwe menslike immuunverswakking-sindroom (VIGS)
Midde-Oosterse respiratoriese sindroomverwante koronavirus	MERS-KoV	MERS
Ernstige akute respiratoriese sindroomverwante koronavirus	EARS-KoV	EARS
Ernstige akute respiratoriese sindroomverwante koronavirus 2	EARS-KoV-2	COVID-19

Die mens se lewenswyse gedurende die Neolitikum en aansteeklike siektes

Vir die oorgrote deel van die mens se ontstaan het hulle in stabiele ekosisteme bestaan, in klein groepe as jagter-versamelaars geleef, wat meestal van ander groepe geïsoleer was, en hulle het nie baie blootstelling aan ander groepe gehad nie (Hersberg *et al.*, 2008). Enige nuwe siekte of die teenwoordigheid van die patogeen was gevolglik beperk tot 'n klein groep mense in 'n klein geografiese area (Hershkovitz *et al.*, 2015). Indien daar 'n aansteeklike siekte onder 'n spesifieke groep was, sou diegene wat die siekte oorleef het, immunitet teen die siekte opgebou het (McNeill, 1984).

Nadat *Homo sapiens* uit Afrika gemigreer het, aanvanklik na die areas van die Nabye Midde Ooste en later na die res van Europa het hulle 'n jagter-versamelaarbestaan gevoer. Ná die ontstaan van landbou, ongeveer 11 500–9 000 BCE, in die Neolitikum, het hulle permanent in gebiede begin vestig. Bevolkingsdigtheid het toegeneem. Die eerste stede het in 6 000 BCE begin verskyn en die mense het fisies nader aan mekaar gelewe. Hulle het meer gereeld kontak met mekaar gehad (Urquia & Gagnon, 2011; International Organisation for Migration, 2018). Die gesamentlike gebruik van water, kos, fisiese voorwerpe, die ophoop van huis- en diereafval en die afwesigheid van sanitasie het baie gunstige omstandighede vir die oordrag van aansteeklike siektes geskep. Baie van die individue of groepe wat bymekaar gekom het, was uiters vatbaar vir aansteeklike siektes, soos soönotiese siektes wat daardie tyd te voorskyn gekom het as gevolg van die domestisering van diere (McNeill, 1984; Morand *et al.*, 2014).

Migrasie

Die woord *migrasie* is 'n oorhoofse term wat die gelyktydige beweging of hervestiging van groot groepe mense beskryf na 'n plek van huisvesting wat nie onder normale omstandighede, of oorspronklik, hulle plek van huisvesting is nie (Tabel 2) (Urquia & Gagnon, 2011; McNeill, 1984; World Health Organization, 2016). Ander eienskappe van migrasie is dat dit as gevolg van 'n spesifieke rede, oor 'n redelike afstand, vir 'n redelike maar onbepaalde tyd voorkom. Gewoonlik woon die migrante in semi-permanente huisvesting (Tabel 2) (Hofman *et al.*, 2015). Migrasie kan binnelands of oor landsgrense heen plaasvind en is in die meeste gevalle 'n gedwonge proses en vind onverwags plaas (International Organisation for Migration, 2011; McNeill, 1984). Voorbeelde van migrasie is kolonisasie, reis, die wegvoer of verbanning van 'n volk, mensehandel of slawerny, emigrasie/immigrasie, omgewingsmigrasie, trekarbeid en vlugteling of asielsoekers (Tabel 2) (International Organisation for Migration, 2020).

Oor die eeue heen was daar altyd 'n beduidende hoeveelheid van die wêreld se bevolking wat as migrante geklassifiseer is. Die grootste gros van die wêreld se bevolking wat as migrante beskou kan word, neem toe: In 1980 was daar 102 miljoen migrante, in 2000 'n geskatte 173 miljoen en in 2017 was daar 258 miljoen (International Organisation for Migration, 2018). Migrante van of binne die Afrika-kontinent spesifiek vorm 'n beduidende deel van die migrante wêreldwyd: in 2017 was daar 41 miljoen emigrante vanuit Afrika, Afrika het 'n derde van die wêreld se vlugteling gehuisves terwyl slegs 5 miljoen immigrante vanaf die res van die wêreld gekom het (International Organisation for Migration, 2020; International Organisation for Migration, 2018). Statistieke oor ander tipes migrasie dui ook daarop dat miljoene mense geaffekteer word: die statistieke vir omgewingsmigrasie dui aan dat in 2016 alleen meer as 24 miljoen mense regoor die wêreld hervestig moes word. Die getal trekarbeiders in 2018 was ongeveer 150,3 miljoen (International Organisation for Migration, 2018; Norwegian Refugee Council/Internal Displacement Monitoring Centre, 2018) en in dieselfde jaar is 'n geskatte 25 miljoen individue aan slawerny of mensehandel blootgestel.

TABEL 2: Tipes migrasie en die rol daarvan in die verspreiding van aansteeklike siektes

Tipes migrasie	Rede vir migrasie	Faktore in die verspreiding van aansteeklike siektes	Voorbeelde van aansteeklike siektes
Slawerny	Een land voer burgers van 'n ander land mee om as goedkoop arbeid te dien, 'n gedwonge en onbeplande permanente proses.	Omstandighede tydens reis en in huisvesting wat verskaf word. Toegang tot gesondheidsdienste word deur die slawe-eienaar bepaal.	Slawe van Wes-Afrika het bilharzia gehad en dit na die inheemse volke van Suid-Amerika oorgedra.
Kolonisasie	Koloniale moondheid beset 'n ander land vir toegang tot hulpbronne en die inheemse volke word van hulle aanspraak op eiendom ontnem. Inheemse volke ondergaan nadelige verandering in sosio-welvaartstrukture.	Inheemse volke het geen vorige blootstelling gehad en geen opgeboude immuniteit teen siektes wat onder die koloniseerders voorgekom het nie.	Spaanse koloniseerders het onder andere pokke na Suid-Amerika gebring.
Uit-Afrika en diaspora	Vlugtelinge van konflik en omgewingsfaktore.	Versprei siektes na nuwe wêrelddele, of immigrante word blootgestel aan siektes wat endemies is onder die nuwe groepe wat hulle teëkom.	Tuberkulose, Helicobacter pylori-infeksie.
Immigrasie	Oor landsgrense heen met beter lewensomstandighede in die ander land ten doel 'n wettige, beplande en permanente hervestiging.	Sosio-demografie en ekonomiese faktore bepaal toegang tot gesondheidsdienste.	
Omgewingsmigrasie	Onbeplande verskuiwing as gevolg van veranderde klimaat of uitsonderlik slegte weersomstandighede, binnelands of oor landsgrense heen en vir 'n onbepaalde tyd. Akute, skielike gebeure met min voorafwaarskuwing soos vloede, swaar reën, rotsstortings. Gebeure wat stadig verloop, soos droogtes, styging in seevlakke, aardverhitting of -afkoeling.	Migrante migreer na areas waar sekere siektes endemies is en met geen voorheen ontwikkelende immuniteit nie.	Malaria, tuberkulose, cholera.
Arbeidsmigrasie	Beplande verskuiwing, vir 'n bepaalde tydperk, binnelands of oor landsgrense heen, om 'n inkomste te verdien waartydens die plek van permanente verblyf verander.	Verblyfsomstandighede bepaal blootstelling aan siektes. Toegang tot gesondheidsdienste mag beperk wees. Sekere werkplekke is hoërisiko-areas vir blootstelling aan siektes.	Mynwerkers wat tuberkulose en MIV opdoen en na hul plek van permanente verblyf oordra.

*MERS: Midde-Oosterse respiratoriese sindroomverwante koronavirussiekte

**EARS: Ernstige akute respiratoriese sindroomverwante koronavirussiekte

TABEL 2: Tipes migrasie en die rol daarvan in die verspreiding van aansteeklike siektes (*vervolg*)

Tipes migrasie	Rede vir migrasie	Faktore in die verspreiding van aansteeklike siektes	Voorbeelde van aansteeklike siektes
Reis	Kortstondig, vrywillig en bepland; binnelands of oor landsgrense heen, vir handel of plesier.	Metode van reis, omstandighede van verblyf tydens reis en algemene gedrag kan verspreiding van siektes bevoordeel.	COVID-19, MERS*, EARS**, lugweginfeksies, voedsel- en watergedraagde siektes.

*MERS: Midde-Oosterse respiratoriese sindroomverwante koronavirussiekte

**EARS: Ernstige akute respiratoriese sindroomverwante koronavirussiekte

Sekere tegnologiese ontwikkelinge in die laat 1900's het tot nuwe tipes migrasie gelei, naamlik reis vir plesier of besigheid. Dit is moontlik gemaak deur die ontwikkeling van straalvliegtuie vir vliegtuie in 1970, en ontwikkelings wat hoëspoedtreinvervoer moontlik gemaak het (Sun *et al.*, 2021b). Verder het 'n verandering plaasgevind in die manier hoe mense vakansie hou, naamlik om van plek-tot-plek op plesierbote te reis en gevolglik spandeer hulle die meeste van die tyd op die boot. Hierdie plesierbote huisves groot getalle mense en die bote deurkruis oseane en laai mense by verskeie hawens op. Die toeganklikheid van hoëspoedvervoer vir reis het dit vir baie mense moontlik gemaak om lang afstande in kort tye af te lê en dit is die hoofmetode van reis oor lang afstande. Hierdie metodes het daartoe gelei dat groepe mense regoor die wêreld deur die reisiger(s) verbind word. In die verlede was groepe oor die wêreld relatief ver van mekaar verwyder, maar met vervoer kan hulle nou binne enkele dae fisies aan mekaar verbind word (Christidis & Christodoulou, 2020; Sun *et al.*, 2021). In die geval van plesierbote word groot getalle mense van verskeie geografiese dele van die wêreld in die geslote area van die bote gehuisves vir 'n redelike aantal dae terwyl daar 'n konstante verandering van individue is wat die boot verlaat of met die bootreis begin. Die toename in reis sedert die 1970's is tienvoudig. Daar word bereken dat op enige gegewe tyd, 'n beduidende aantal van die wêreld se bevolking besig is om tussen twee plekke vir besigheid of plesier te reis (Sun *et al.*, 2021). In 2015 is geskat dat 4 biljoen mense van lugvervoer gebruik gemaak het, in teenstelling met 'n halfbiljoen in 1970 (International Organisation for Civil Aviation, 2012). Lugvervoer is 'n belangrike faktor in die verspreiding van aansteeklike siektes (Christidis & Christodoulou, 2020; Sun *et al.*, 2021). Op 'n daaglike basis spandeer groot getalle mense van verskeie bestemmings redelike tye op lughawens, soos wat hulle konneksievlugte na ander plekke neem. In vliegtuie is passasiers en kajuitpersoneel ook vir redelike tye in 'n klein ruimte opgekrop en veral lugoordraagbare siektes kan maklik in vliegtuie oorgedra word. Lugvaart maak dit dan moontlik dat mense op verskeie kontinente slegs ure van mekaar verwyder is. Voor stralerejns en sneltreine het dit dae geneem vir 'n passasier om oor groot afstande te reis.

Migrasie en aansteeklike siektes

Daar is verskeie maniere hoe migrasie die verspreiding van aansteeklike siektes bevorder (Tabel 3) (Wilson, 1995; McNeill, 1984; Piret & Boivin, 2021). Vir die tipes migrasie wat onverwags en onbepland gebeur, soos slawerny, verbanning, asielsoekers of omgewingsmigrasie (Tabel 2), het die migrasie 'n baie groot impak op die migrante se welstand. Die migrasie

is 'n baie ernstige gebeurtenis vir diegene wat migreer of hervestiging moet ondergaan, aangesien die groep mense baie skielik uit hulle voorheen bekende sosiale strukture, kultuur, welvaart, huisvesting en bekende omgewing ontwortel word. Hulle gesondheid word nadelig geaffekteer (Tabel 3) (Hershkovitz *et al.*, 2015) en hulle word meer vatbaar vir siektes. Die tipe tydelike huisvesting of omstandighede tydens die hervestiging speel 'n groot rol in die algemene welstand van die migrante. Wanneer migrasie onbepland en in groot getalle plaasvind, kan dit egter 'n humanitêre krisis tot gevolg hê (Hammer *et al.*, 2018).

Tabel 3: Faktore wat gesondheid en weerstand teen aansteeklike siektes affekteer

Faktore	Impak op gesondheid, immuniteit en blootstelling aan aansteeklike siektes
Ekonomiese status en inkomste	Mense wat 'n inkomste het, is gesonder as werkloos omdat hulle beter verblyf, kos en mediese sorg kan bekostig.
Sosiale status en ondersteunings-netwerke	Mense met ondersteuningsmeganismes is gesonder. Mense met hoër sosiale status en met opleiding is gesonder.
Individuele gedrag	Dieet, oefening, die gebruik van gewoontevormende substansie en die vermoë om moeilike situasies te hanteer, het 'n impak op gesondheid. Standpunte teen inentings en/of teen die gebruik van ander maatreëls vir siektevoorkoming of -behandeling mag die risiko vir siektes verhoog. Vrees vir stigma en verwerping as gevolg van siektes mag risiko om siektes op te doen, verhoog. Promiskuiteit en dwelmgebruik verhoog die risiko van geslagoordraagbare siektes soos VIGS en Hepatitis B.
Kultuur	Gebruike, tradisies en geloof affekteer toegang tot gesondheidsdienste.
Genetika	Bepaal algemene gesondheid en vatbaarheid vir sekere siektes. Groepe met beperkte genepoel mag verhoogde vatbaarheid vir siektes hê.
Geslag	Mans en vrouens se vatbaarheid vir sekere aansteeklike siektes verskil. Swangerskap maak vrouens meer vatbaar vir sekere siektes. Inperking van regte van vrouens mag hulle toegang tot gesondheidsdienste beperk, wat hulle risiko vir nadelige gevolge van aansteeklike siektes verhoog.
Ouderdom	Jong kinders se immuniteit is nog nie volledig ontwikkel nie en in ouer mense is immuniteit verswak – wat vatbaarheid vir sekere siektes verhoog.
Omgewing	Beskikbaarheid van skoon drinkwater en sanitasie-infrastruktuur bepaal die blootstelling aan patogene. Maatreëls om reservoors van patogene te beheer bepaal blootstelling aan patogene of vektore van patogene.
Gesondheidsdienste	Beskikbaarheid en gebruik van gesondheidsdienste om siektes te voorkom en te behandel. Beskikbaarheid van entstowwe en ander siektevoorkomende middels om siektes te behandel. Effektiwiteit en kennis van die praktyk van tradisionele medisyne.
Behuising	Tipe struktuur en aantal mense wat saamwoon bepaal die risiko van blootstelling aan aansteeklike siektes. Lugbesoedeling binnenshuis verhoog vatbaarheid vir sekere siektes.
Komorbiditeit	Teenwoordigheid van ander aansteeklike siektes of ander siektes en toestande wat die immuunrespons onderdruk, mag lei tot verhoogde vatbaarheid vir ander aansteeklike siektes.

Siektes wat deur migrasie versprei is

Tuberkulose en Helicobacter pylori-maaginfeksie

Migrasie is die rede vir die wêreldwye verspreiding van twee van die mees wydverspreide menslike patogene, naamlik *Mycobacterium tuberculosis* en *Helicobacter pylori* (Tabel 1), wat ook van die oudste bakteriese patogene is (Hofman *et al.*, 2015; World Health Organisation, 2018; Achtman, 2016; Wirth *et al.*, 2008). Die twee bakterieë se oorsprong kan tot die ontstaan van *Homo sapiens* (in Afrika) nagespoor word. Hierdie siektes was alreeds in die mense wat uit Afrika gemigreer het teenwoordig en is sodoende na al die dele van die wêreld versprei (Achtman, 2016). *Helicobacter pylori* wat in die maag vestig, is 'n algemene oorsaak van maagpyn en maagsere en kan maagkanker veroorsaak (Boira & Hanninen, 2017). Na skatting het die helfte van die volwasse wêreldbevolking *Helicobacter pylori* in die maag (Boira & Hanninen, 2017).

Mycobacterium tuberculosis veroorsaak tuberkulose, of toring, 'n siekte van die longe en word van mens-tot-mens oorgedra wanneer sputumdruppels deur onbesmette persone ingesem word. Dit gebeur wanneer die besmette persoon in hul nabyheid hoës (World Health Organization, 2018). Tuberkulose se oordrag vind veral plaas in omstandighede waar groot getalle mense bymekaar is, en in huisvesting of samedromming in geslote ruimtes waar ventilasie swak is (Boyd & Cookson, 2019). Mense wat in armoedige omstandighede leef, swak voeding kry (Tabel 1 en 2) en wie se immuniteit laag is, is veral vatbaar vir tuberkulose. Daar word gereken dat tot 'n kwart van die wêreldbevolking subklinies met *Mycobacterium tuberculosis* besmet kan wees (World Health Organization, 2018).

Pokke

Pokke is 'n virussiekte wat deur die *Variola*-virus veroorsaak word. In die afwesigheid van immuniteit is dit 'n baie ernstige siekte wat 'n hoë sterftekoers tot gevolg het. Pokke is in die 15de eeu deur die Spaanse koloniste na die volke van Suid- en Noord-Amerika oorgedra (McNeill, 1984). Tot en met die tyd toe die Spanjaarde Suid- en Sentraal-Amerika begin besoek het, was die volke daar geïsoleerd van mense van ander kontinente. Die genetiese poel van die nasies van Suid- en Noord-Amerika was ook baie klein. Die volke was meestal geïsoleerd teenoor ander volke wat in die groter geografiese streek van die Ou Wêreld en oor 'n langer tyd geleef het (Harari, 2011). Omdat daar voorheen slegs 'n enkele, kortstondige en bloedige kontak met 'n klein groepie Yslanders in 'n uithoek van Kanada plaasgevind het, het die mense van Noord- en Suid-Amerika nooit voorheen blootstelling gehad aan sekere aansteeklike siektes van Eurasië nie (Harari, 2011). In Suid- en Noord-Amerika is van die volke amper totaal uitgewis deur die aansteeklike siektes, veral pokke, wat deur Spaanse koloniseerders na die gebiede gebring is.

MIV/VIGS

In die middel-1900's is 'n virus vanaf primate na mense oorgedra. Die impak wat dit sedertdien op die bevolking van die wêreld het, is soortgelyk aan dié van enige pandemie, alhoewel die siekte nooit as 'n pandemie geïdentifiseer is nie (Marx *et al.*, 2004; Kallings, 2008). Die siekte wat deur die menslike immuniteitsgebreekvirus (MIV) veroorsaak word, is die verworwe immuniteitsgebreeksindroom (VIGS). Teen die einde van die 20ste eeu, het die virus in 30%

streke van Afrika voorgekom en in 2020, is na beraming, tussen 30,2 en 45,1 miljoen van die wêreld se bevolking met MIV besmet. Die virus het vermoedelik in die bevolkings van Wes- of Midde-Afrika ontstaan deur die eet van halfgaar bosvleis. Dit word met slegs noue kontak tussen mense deur sekere liggaamsvloeistowwe oorgedra. MIV het vermoedelik vanaf die 1950's uit wat vandag bekend staan as die Demokratiese Republiek Kongo (DRK) na ander dele van die wêreld versprei, vermoedelik eerste na Haïti deur seisoenale werkers wat in die Kongo gewerk het. Eers toe VIGS in 1981 by groter getalle mense in New York voorgekom het en dit as 'n nuwe siekte geïdentifiseer is, is die oorsaak en herkoms daarvan nagevors en is die virus en siekte vir die eerste keer beskryf (National Intelligence Agency, 2012). Die oorsprong van die verskyning van MIV/VIGS in die Verenigde State van Amerika (VSA) in 1981 was vermoedelik nie aanvanklik van Haïti nie. Dit is heel waarskynlik deur matrose en skeepvaart direk vanaf die DRK na die VSA versprei.

Koronavirus-respiratoriese sindroomverwante siektes

Sedert 2003 het drie nuwe koronavirussiektes in China ontstaan (Tabel 1). Al drie siektes het baie vinnig oor die wêreld versprei, deur onder meer lugvaart, maar dit was net COVID-19, veroorsaak deur EARS-Kov-2, wat tot 'n pandemie gelei het (Christidis & Christodoulou, 2020; Piret & Boivin, 2021; World Health Organization, 2020). EARS-KoV en die MERS-KoV het hulle oorsprong in vlermuise (National Intelligence Agency, 2012). Die oorsprong van die EARS-KoV-2 is nog nie bewys nie, hoewel daar vermoed word dat dit ook van vlermuise afkomstig is (Piret & Boivin, 2021; Karesh, 2020). Ander redes vir die snelle verspreiding van EARS-KoV-2, is die groot getalle Chinese burgers wat vir die viering van die Chinese Nuwejaar aan die einde van 2019 rondgereis het. Baie van die feesviering het ook binnenshuis plaasgevind. Dit het baie gunstige toestande geskep vir die aansteek en die oordrag van die EARS-KoV-2 wat ernstige lugweginfeksie veroorsaak. Die wêreldbevolking het ook, soos in die geval van pokke na Suid-Amerika, geen vorige blootstelling aan hierdie drie koronavirusse gehad nie. Gevolglik het die siekte 'n katastrofiese impak gehad op diegene wat dit opgedoen het (National Intelligence Agency, 2012).

Die Antroposeen en aansteeklike siektes

Die negatiewe impak van tegnologiese vooruitgang op die omgewing, vanaf die Neolitikum, tot die industriële revolusie, tot die Inligting- en Telekommunikasie-era, is só erg dat die mening ontstaan het dat die aarde nie meer in die Holoseen-epog is nie, maar in 'n heel nuwe epog genaamd die Antroposeen, of die epog van die mens. Die Antroposeen dui op 'n nuwe tydperk wat selfs sy merk op die geologie van die aarde sal nalaat (Braje, 2015; Butler & Hanigan, 2019; Crutzen, 2002; Smith & Zeder, 2013). Daar is verskille in denkrigtings oor wanneer die Antroposeen begin het. Daar word beweer dat dit in die Holoseen tydens die Neolitikum begin het, of dat dit in die tweede helfte van die agtiende eeu met die begin van die industriële revolusie begin het (Braje, 2015). Ongeag wanneer die Antroposeen begin het, die rol wat dit in die verspreiding van aansteeklike siektes en die ontstaan van nuwe siektes soos MERS en EARS gespeel het, het oor die laaste twee dekades die onderwerp van debat geword (Butler & Hanigan, 2019; Piret & Boivin, 2021). Die Antroposeen as sodanig, is nie noodwendig of alleen vir die oorsaak van hierdie onlangse nuwe siektes verantwoordelik nie. Soos beskryf is in hierdie artikel was migrasie telkemale vir die verspreiding van siektes soos tuberkulose, MIV/VIGS en *Helicobacter pylori*-maaginfeksie verantwoordelik en namate die mens met ander groepe kontak gehad het (Piret & Boivin, 2021).

Met die ontstaan van landbou in die Neolitikum is diere gedomestiseer en in groot getalle geteel. Die mens en gedomestiseerde diere was in baie noue en gereelde kontak soos wanneer diere opgepas, gevoer, geskeer, gemelk en geslag is. Dit het die geleentheid gebied vir die oordrag van mikro-organismes vanaf die dier na die mens, en veral virusse is so oorgedra (Karesh *et al.*, 2012). In sommige gevalle het die mikro-organismes siektes in die mens veroorsaak wat dan soönotiese siektes genoem word. Soos wat die mens se lewenswyse gedurende die Antroposeen verander het en tydens migrasie, het die soönotiese siektes verder versprei in so mate dat hierdie siektes die oorsaak is van meer as 60% van aansteeklike siektes in die mens in die huidige era (Karesh *et al.*, 2012). Voorbeelde van soönotiese siektes veroorsaak deur virusse is hondsdolheid, slenkalkoors, Ebola, MERS en EARS (Fennolar & Mediannikov, 2018). Die vestiging van landbou het groot skade aan die ewig van die ekosisteme berokken (Braje, 2015) en dit was die begin van die mens se grootskaalse inbreuk op die habitat van wilde diere.

Tydens die bestaan van die mens as jagter-versamelaar was daar weliswaar ook gereelde kontak tussen dier en mens. Diere was die bron van proteïene en die velle van diere is onder meer vir klere gebruik. Die omvang van kontak tydens die jagter-versamelaar-lewenswyse was egter nie só groot dat dit omvangryke skade aan die balans in die ekosisteen veroorsaak het soos tydens die intensivering van landbou wat tipies van die Antroposeen is nie. Indien daar inter-spesie-oordrag tussen mens en dier plaasgevind het, was die impak op 'n gemeenskap of die groter bevolking van die streek nie so groot nie, aangesien die groepe min kontak met mekaar gehad het.

Desnieteenstaande, sal die gevolge van klimaatsverandering wat as gevolg van die Antroposeen tot ramptoestande lei, steeds 'n belangrike oorsaak van migrasie regoor die wêreld wees (National Intelligence Council, 2012; Bergmann *et al.*, 2021). Aan die hand van die impak van klimaatsverandering in Peru, word omgewingsmigrasie as die enigste manier waarop die bevolking van hierdie land die gevolge daarvan kan ontsnap, beskou. In 2017 is gewaarsku dat omtrent 14 miljoen mense na verwagting elke jaar van die volgende twee dekades geraak sal word as gevolg van klimaatsverandering en ander binnelandse verskuiwings (Norwegian Refugee Council, 2018).

In teenstelling met die lewenswyse van die mens tot en met die eerste helfte van die vorige eeu, is die mens in die huidige era regoor die wêreld hoogs gekonnekteer – siektes versprei dus vinniger, verder en na meer mense. In die voorgeskiedenis en historiese eras het dit siektes maande of selfs jare geneem vir die patogeen om regoor die wêreld te versprei, en siektes wat as pandemies beskryf word, het nie tegelykertyd oor die wêreld plaasgevind nie (Hersberg *et al.*, 2008; Wilson, 1995). Een van die belangrikste redes wat daartoe bygedra het dat die SARS-KoV-2 so vinnig wêreldwyd versprei het sedert dit in Desember 2019 in Hubei in China uitgebreek het, is reis vir besigheid of plesier en lugvaart en sneltreine wat 'n groot aantal mense wêreldwyd oor groot afstande in kort tye met mekaar verbind. Die siekte kon binne enkele dae regoor die wêreld versprei (Sun *et al.*, 2021; World Health Organization, 2020).

In die toekoms gaan siektebeheer algaande meer natuurbewaring insluit wat een van die grootste uitdagings vir die mens is. Aangesien migrasie so 'n belangrike rol in oordrag van siektes speel, gaan daar in die toekoms ook vereis word dat situasies waar siektes veral deur migrasie versprei word, deurlopend gemoniteer moet word om rampbeheerplanne betyds te kan implementeer. Dit is moeilik om sulke situasies vooraf te voorsien. Twee baie goeie en onlangse voorbeelde hiervan is die konflik in Oekraïne sedert Maart 2022 met die inval van Rusland, en tweedens, die grootskaalse skade aan huise en infrastruktuur wat veroorsaak is deur die swaar reën in April 2022 in die KwaZulu-Natal Provinsie van Suid-Afrika. In beide

gevalle het groot getalle mense gevlug om aan die konflik of ramp te ontkom wat die gesondheid van sommige migrante met die hoër risiko's vir die oordrag van siektes, in gedrang bring. Rampbeheerplanne moet ook voorsiening maak vir die beskerming van die gesondheid van migrante om verspreiding van siektes te beheer en te beperk.

Slot

Dit is noodsaaklik om te aanvaar dat migrasie 'n wesenlike eienskap van *Homo sapiens* is. Enige migrasie het die moontlikheid vir die verspreiding van aansteeklike siektes tot gevolg. In die toekoms gaan migrasie, veral onbeplande migrasie, eerder toe- as afneem, veral die tipes migrasie wat deur omgewingsverandering veroorsaak word en die konflik wat daarop gaan volg (National Intelligence Agency, 2012; Bergmann *et al.*, 2021). Groepe soos kinders en mense met 'n lae sosio-ekonomiese status gaan die kwesbaarste wees (Migration, 2018, Bergmann *et al.*, 2021; International Organisation for Migration 2018 en 2020). Die migrante sal vir infeksies vatbaar wees en baie migrasies gaan in humanitêre krisisse ontaard. Die impak van reeds bestaande siektes op die mens sal vererger (Fenollar & Mediannikov, 2018; Hammer *et al.*, 2018). Die COVID-19-pandemie het bewys dat nuwe siektes in die toekoms ook 'n groot nadelige impak op die algemene gesondheidsdienste van, onder andere, lande in Afrika het (Saunders & Evans, 2021). Alle hulpbronne moet aangewend word om die nuwe siekte te beheer terwyl ander siektes soos TB en MIV/VIGS, wat trouens meer sterftes veroorsaak, agterweë gelaat word (Saunders & Evans, 2021; The Global Fund, 2021).

Die rol wat migrasie in die verlede in die oordrag van aansteeklike siektes gespeel het, sal in die toekoms steeds voortgaan, op sy eie of in kombinasie met ander faktore wat die verspreiding en ontstaan van aansteeklike siektes sal aanhelp. Daar moet aanvaar word dat oorvleueling van die oordrag van siektes van wilde diere na die mens, die gevolge van die Antroposeen en die gedrag van die mens die ideale omstandighede vir die ontstaan van nuwe pandemies sal skep. Dit sal in die toekoms die gesondheid van die wêreld se bevolking baie sleg affekteer, veral weens die gekonnekteerdheid van die wêreldbevolking (Piret & Boivin, 2021; National Intelligence Agency, 2012).

Tydens die MERS- en EARS-epidemies is die wêreld onverhoeds betrap omdat dié twee hoogs aansteeklike patogene so vinnig oor die aarde versprei het (Hughes, 2003). Kort ná die verskyning van EARS is daar gewaarsku teen owerhede se gelatenheid tot die benadering van aansteeklike siektes met katastrofale gevolge (Karesh, 2020; Muzemil *et al.*, 2021). Daar is gewys op die gevaar indien die wêreld die lesse wat tydens EARS geleer is, nie benut om beter voorbereid te wees vir toekomstige siektes nie (Hughes, 2003; Karesh, 2020). Meeste situasies, wat potensieel tot ramptoestande kan lei, is moeilik om vooruit te bepaal, soos in die geval met die konflik in Oekraïne en die skade ná die reën in die KwaZulu-Natal Provinsie van Suid-Afrika. Rampbeheerplanne moet ook voorsiening maak vir die beskerming van die gesondheid van migrante om die verspreiding van siektes te beheer.

Gevolgtrekking

Migrasie, hetsy beplan of nie, het sedert die ontstaan van die mens 'n groot rol in die oordrag en verspreiding van aansteeklike siektes gespeel. Dit sal in die toekoms ook die geval wees. As gevolg van die Antroposeen-gedewe impak op die klimaat en weerpatrone gaan migrasie in die toekoms eerder toe- as afneem. Die beskerming van die natuur gaan een van die grootste uitdagings van die 21ste eeu word. Na verwagting gaan konflik ook toeneem en terwyl aandag

aan die hervestiging van migrante geskenk word, moet hierdie mense gereeld gemonitor word vir die ontwikkeling van siektes wat 'n nadelige impak op hulle kan hê. Moniteringstelsels, wat regoor die wêreld geïntegreer is, moet ontwikkel word om die verskyning van siektes, hetsy bestaande of nuut, vinnig tussen die hoogs gekonnekteerde bevolking van die wêreld of onder hoërisikogroepe te kan identifiseer. Rampbestuursplanne moet voorsiening maak vir die beskerming van die gesondheid van migrante en van die gemeenskappe waarheen hulle hervestig word.

BIBLIOGRAFIE

- Achtman, M. 2016. How old are bacterial pathogens? Proceedings of the Royal Society B: *Biological Sciences*, 283:20160990.
- Bergmann, J, Vinke, K, Fernandez Palomino, CA, Gornott, C, Gleixner, S, Laudien, R, Lobanova, A, Ludescher, J & Schellnhuber, HJ. 2021. Assessing the evidence: Climate change and migration in Peru. *Potsdam Institute for Climate Impact Research (PIK) and International Organization for Migration (IOM)*. Potsdam & Geneva.
- Boira, RA & Hanninen, ML. 2017. *Helicobacter pylori*. In: JB Rose & B Jiménez-Cisneros (eds). Global Water Pathogens Project. Part three. Specific excreted pathogens: Environmental and epidemiology aspects. Michigan State University, E. Lansing, MI, UNESCO. <https://www.waterpathogens.org>. [12 Desember 2021].
- Boyd, AT & Cookson, ST. 2019. TB control in humanitarian emergencies: Lessons from the Syria displacement crisis. *Journal of Clinical Tuberculosis and Other Mycobacterial Diseases*, 14:31-35.
- Braie, TJ. 2015. Earth systems, human agency, and the Anthropocene: Planet earth in the human age. *Journal of Archaeological Research*, 23:369-396.
- Butler, C & Hanigan, IC. 2019. Anthropogenic climate change and health in the Global South. *The International Journal of Tuberculosis and Lung Disease*, 23:1243-1252.
- Campbell, MC & Tishkoff, SA. 2008. African genetic diversity: Implications for human demographic history, modern human origins, and complex disease mapping. *Annu Rev Genomics Hum Genet*, 9:403-33.
- Christidis, P & Christodoulou, A. 2020. The predictive capacity of air travel patterns during the global spread of the COVID-19 pandemic: Risk, uncertainty and randomness. *International Journal of Environmental Research and Public Health*, 17:33-56.
- Crutzen, PJ. 2002. Geology of mankind. *Nature*, 415:23-23.
- Fenollar, F & Mediannikov, O. 2018. Emerging infectious diseases in Africa in the 21st century. *New Microbes and New Infections*, 26:S10-S18.
- Global Fund. 2021. *Mitigating the impact of COVID-19 on countries affected by HIV, Tuberculosis and Malaria*. [12 Desember 2021] <https://www.theglobalfund.org/>
- Goebel, T. 2007. The missing years for modern humans. *Science*, 315:194-196.
- Hammer, CC, Brainard, J & Hunter, PR. 2018. Risk factors and risk factor cascades for communicable disease outbreaks in complex humanitarian emergencies: A qualitative systematic review. *BMJ Global Health*, 3:e000647.
- Harari, YN. 2011. *Sapiens a brief history of mankind*. London:Vintage.
- Hershkovitz, I, Donoghue, HD, Minnikin, DE, May, H, Lee, OY, Feldman, M, Galili, E, Spigelman, M, Rotschild, BM & Bar-Gal, GK. 2015. Tuberculosis origin: The Neolithic scenario. *Tuberculosis (Edinb)*, 95(1):S122-6.
- Hershberg, R, Lipatov, M, Small, PM, Sheffer, H, Niemann, S, Homolka, S, Roach, JC, Kremer, K, Petrov, DA, Feldman, MW, Gagneux, S. 2008. High functional diversity in *Mycobacterium tuberculosis* driven by genetic drift and human demography. *Plos Biology*, 6:e311.
- Hofman, CA, Rick, TC, Fleischer, RC & Maldonado, JE. 2015. Conservation archaeogenomics: Ancient DNA and biodiversity in the Anthropocene. *Trends in Ecology & Evolution*, 30:540-549.
- Hughes, JM. 2003. The SARS response: Building and assessing an evidence-based approach to future global microbial threats. *Journal of the American Medical Association*, 290:3251-3253.
- International Civil Aviation Agency. 2012. *Annual passenger total approaches 3 billion according to ICAO 2012 transport results*. Montreal. <https://www.icao.int.org> [7 April 2022].

- International Organisation for Migration. 2011. International migration law. *Glossary on Migration* (2nd Edition). Geneva, Switzerland. <http://www.iom.int> [10 April 2022].
- International Organization for Migration. 2018. Global migration indicators 2018: Insights from the global migration portal. <http://www.migrationdataportal.org> [2 Februarie 2022].
- International Organisation for Migration & The African Union. 2020. Africa migration report: Challenging the narrative. *International Organisation for Migration*. Norweë <https://ethiopia.iom.int> [2 Februarie 2022].
- Kallings, LO. 2008. The first postmodern pandemic: 25 years of HIV/AIDS. *Journal of internal medicine*, 263, 218-243.
- Karesh, WB, Dobson, A, Lloyd-Smith JO, Lubroth, L, Dixon, MA, Bennett, M, Aldrich, S, Harrington, T, Formenty, P, Loh, EH, Machalaba, CC, Thomas, MJ & Heymann, DL. 2012. Ecology of zoonoses: natural and unnatural histories. *The Lancet*, 380:1936-1945.
- Karesh, W. 2020. William Karesh: Championing “One Health”. *Bulletin of the World Health Organization*, 98:652-653.
- Lombard, M, Schlebusch, C & Soodyall, H. 2013. Bridging disciplines to better elucidate the evolution of early *Homo sapiens* in southern Africa. *South African Journal of Science*, 109:1-8.
- Marx, PA, Apetrei, C & Drucker, E. 2004. AIDS as a zoonosis? Confusion over the origin of the virus and the origin of the epidemics. *J Med Primatol*, 33:220-6.
- McNeill, WH. 1984. Human migration in historical perspective. *Population and Development Review*, 10:1-18.
- Morand, S, McIntyre, KM, Baylis, M. 2014. Domesticated animals and human infectious diseases of zoonotic origins: Domestication time matters. *Infection, Genetics and Evolution*, 24:76-81.
- Muzemil, A, Fasanmi, OG & Fasana, FO. 2018. African perspectives: modern complexities of emerging, re-emerging and endemic zoonoses. *Journal of Global Health*, 8:020310
- National Intelligence Agency. 2012. Global trends 2030: Alternative worlds. *Office of the Director of National Intelligence, United States of America*. <https://www.dni.gov/nic/globaltrends> [7 Oktober 2021].
- Norwegian Refugee Council. 2017. Disasters will replace 14 million people every year. October 2017. <https://www.nrc.no/news/2017/october/disasters-will-replace-14-million-people-every-year> [14 Oktober 2022].
- Norwegian Refugee Council & Internal Displacement Monitoring Centre (NRC/IDMC). 2018. *Global Report on Internal Displacement*. <https://www.refworld.org> [6 April 2022].
- Oxley, D & Chaitan, J. 2015. Global air passenger markets: Riding out the periods of turbulence. *The Travel and Tourism Competitiveness Report*. <https://www.iata.org/en/iata-repository/publications/economic-reports/global-air-passenger-markets-riding-out-periods-of-turbulence/> [18 Junie 2022].
- Piret, J & Boivin, G. 2021. Pandemics throughout history. *Frontiers in Microbiology*, 11:1-18.
- Saunders, MJ & Evans, CA. 2020. COVID-19, tuberculosis, and poverty: preventing a perfect storm. *Eur Respir J*. <https://doi.org/10.1183/13993003.01348-2020>.
- Smith, BD & Zeder, MA. 2013. The onset of the Anthropocene. *Anthropocene*, 4:8-13.
- Sun, X, Wandelt, S, Zheng, C & Zhang, A. 2021. COVID-19 pandemic and air transportation: Successfully navigating the paper hurricane. *Journal of Air Transport Management*, 94:102062.
- Urquia, ML & Gagnon, AJ. 2011. Glossary: Migration and health. *Journal of Epidemiology & Community Health*, 65:467-472.
- Wellcome. 2021. How the response to Ebola outbreaks shows why we need to prioritise preparedness. 16 September 2021. [13 Oktober 2022]. <https://wellcome.org/news/how-response-ebola-outbreak>
- Wilson, ME. 1995. Travel and the emergence of infectious diseases. *Emerging Infectious Diseases*, 1:39-46.
- Wirth, T, Hildebrand, F, Allix-Béguec, C, Wölbelling, F, Kubica, T, Kremer, K, Van Soolingen, D, Rüscher-Gerdes, S, Loch, C & Brisse, S. 2008. Origin, spread and demography of the *Mycobacterium tuberculosis* complex. *PLoS pathogens*, 4:e1000160.
- World Health Organization. 2015. *Advancing the right to health: The vital role of law*. Geneva: Switzerland. <https://www.who.int/publications> [12 Maart 2022].
- World Health Organization. 2018. *Global Tuberculosis Report 2018 – WHO*. Geneva: Switzerland. <https://www.who.int/publications> [12 Maart 2022].
- World Health Organization. 2020. *Archived: WHO timeline – COVID-19*. Geneva: Switzerland. <https://www.who.int/news/item> [21 Junie 2022].

Die tradisioneel-konserwatiewe vryheidsbeskouing van Edmund Burke teenoor dié van moderne konserwatisme

Edmund Burke's traditional conservative conception of freedom as opposed to that of modern conservatism

ERNST ROETS

Hoof: Beleid en Aksie

Afriforum

Pretoria

Suid-Afrika

E-pos: ernst.roets@afriforum.co.za



Ernst Roets

ERNST ROETS is 'n gemeenskapsaktivis, outeur en filmmaker wat by die burgerregteorganisasie AfriForum werksaam is as hoof van Beleid en Aksie. Roets het in 2022 'n LLD in regsfilosofie onder leiding van prof. Koos Malan aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Die titel van sy proefskrif is 'n *Regsfilosofiese ontleding van die selfgesentreerde teenoor die vervullende beskouing van vryheid*. Daarin voer Roets aan dat die Westerse wêreld in beduidende mate op 'n selfgesentreerde beskouing van vryheid gestandaardiseer het, in teenstelling met die vervullende vryheidsbeskouing wat onder meer deur die klassieke denkers in Athene, Jerusalem en Rome gehuldig is, en meer onlangs deur denkers soos Edmund Burke en Alexis de Tocqueville. Roets se werksaamhede by AfriForum sluit in die bestuur van dié organisasie se kommunikasie, veldtogte, navorsing en buitelandse inisiatiewe.

ERNST ROETS is a community activist, author and film producer, and works at the civil rights organisation AfriForum as Head of Policy and Action. Roets obtained an LLD in Legal Philosophy from the University of Pretoria in 2022 under the supervision of Prof. Koos Malan. The title of his thesis is 'n *Regsfilosofiese ontleding van die selfgesentreerde teenoor die vervullende beskouing van vryheid*. (Eng: A jurisprudential analysis of the self-centred versus the fulfilling notions of freedom). In his thesis, Roets argues that the Western world has to a significant extent standardised on the self-centred notion of freedom, as opposed to the fulfilling notion of freedom as envisaged by among others the classic philosophers of Athens, Jerusalem and Rome, and more recently philosophers like Edmund Burke and Alexis de Tocqueville. Roets's duties at AfriForum include managing the organisation's communication, campaigns, research and international initiatives.

Datums:

Ontvang: 2022-07-12

Goedgekeur: 2022-11-01

Gepubliseer: Desember 2022

ABSTRACT***Edmund Burke's traditional conservative conception of freedom as opposed to that of modern conservatism***

Even though Edmund Burke (1729–1797) is regularly described as the “founder of conservatism”, it is argued in this article that Burke would not recognise his thinking in what is today regarded as modern conservatism. This is because modern conservatism – and the different strands that constitute it – can more aptly be described as particular strands within the broad framework of liberalism. The reason is that modern conservatism is in many ways built on liberal cornerstones, such as the pursuit of individual freedom, free markets, an appeal to political theory and a quest to universalise its way of thinking.

Modern conservatism can be divided into a number of strands. It is argued that the most influential of these strands include: 1) libertarianism, which emphasises economic freedom as the primary determining factor for freedom; 2) individualist conservatism, which emphasises the individualist theories of among others John Locke and Thomas Paine; and 3) neo-conservatism, which emphasises its quest to universalise the Western conception of social order.

The traditional conservatism of Edmund Burke – and his conception of freedom in particular – differs from the mainstream strands of modern conservatism in three fundamental ways. These can be summarised as: first, the pursuit of the good as the cornerstone to promote freedom; second, a view of the citizen as someone who finds meaning and fulfilment not by turning inward towards their individual selves, but by participating in the community towards the pursuit of the communal good; and third, by rejecting political theory as an approach to solving societal questions and resorting to experience instead. Burke linked experience to tradition, which he also described as the “wisdom of the ancients”.

Nonetheless, Burke has been described as a liberal and even as the first post-modern thinker. This can be ascribed to his criticism of the prevailing political forces of his time, his support for the Glorious Revolution of 1688 (according to which monarchical power was limited in favour of parliamentary authority) and his support for American autonomy from British rule. It is argued that Burke does not fit these ideological labels, as Burke's conception of identity and of freedom was fundamentally conservative and hardly reconcilable with the tenets of liberalism and post-modernism.

Burkean thought is not characterised by an aversion to change, but rather by a pragmatic approach to political change, which favours gradual change and reform over sudden change and revolution. Therefore, he argued for change in favour of American autonomy from the British Empire. Burke argued that the Americans had developed a different culture than that of the British and that they could therefore not be governed by the British as if they had in fact been British. This, according to Burke's analysis, constituted not freedom, but rather imperialism and oppression, which could be described as the opposite of freedom.

Burke clearly distinguished between his own conception of freedom (which places the emphasis on the fulfilment of responsibilities in the context of community) and individual licence (according to which freedom is regarded as a circumstance under which individuals can do whatever they please). In Burke's analysis, freedom can only be achieved by preserving what is good from the past and building upon it towards the good, which is grounded in Christianity. This, he argued, can only be done by valuing experience over theory. For this reason, he rejected the French Revolution's conception of freedom, describing it as unnatural and savage.

For Burke, freedom naturally implied that citizens of the community should suppress their immoral appetites. Failing to achieve this or giving in to one's sinful desires was, in Burke's analysis, a state of slavery – not freedom. This is because the pursuit of the good naturally implies that freedom must be connected to the pursuit of virtue rather than licence. Therefore, Burke described freedom as “not solitary, unconnected, individual selfish liberty,” but as liberty “secured by the equality of restraint.”

It is thus concluded that in Burke's conception of freedom, he did not place the individual at the centre; nor did he define freedom along the lines of unlimited market participation; nor did he attempt to convert other cultures to his way of thinking.

KEYWORDS: Edmund Burke; freedom; conservatism; liberalism; tradition; the good; experience; rationalism; political theory; individualism, community; French revolution

TREFWOORDE: Edmund Burke; vryheid; konserwatisme; liberalisme; tradisie; die goeie; ervaring; rasionalisme; politieke teorie; individualisme, gemeenskap; Franse rewolusie

OPSOMMING

In hierdie artikel word daar aangevoer dat die Britse tradisioneel-konserwatiewe denker Edmund Burke (1729–1797) se vryheidsbeskouing fundamenteel verskil van die vryheidsbeskouings wat moderne konserwatisme onderlê. Moderne konserwatisme word aan verskillende strome gekenmerk wat hoofsaaklik deur liberale vertrekpunte onderlê word. Dit sluit in: die libertariese stroom, wat ekonomiese vryheid beklemtoon; die neokonserwatiewe stroom, wat die universalisering van Westerse sosiale orde beklemtoon; en die klassiek-liberale stroom, wat individuele vryheid beklemtoon. Die tradisioneel-konserwatiewe vryheidsbeskouing van Edmund Burke wyk in drie belangrike opsigte van al hierdie strome af: Eerstens beskou Burke vryheid as iets wat nie van die bevordering van die goeie losgemaak kan word nie; tweedens beskou Burke individue as wesens wat slegs werklik vry kan wees indien hulle hul verantwoordelikhede met betrekking tot hul gemeenskap nakom en sodoende daartoe bydra om hul gemeenskap vry te maak; derdens verwerp Burke politieke teorieë uitdruklik en beroep hom daarteenoor op ervaring as die enigste weg waardeur mense vrygemaak kan word. Gevolglik word vryheid, volgens Burke se ontleding, gekenmerk deur die nakoming van verantwoordelikhede, die bevordering van die goeie – nie net vir die individu nie, maar vir die breër gemeenskap – asook wedersydse respek en verdraagsaamheid tussen gemeenskappe.

1. Inleiding

Edmund Burke (1729–1797) word vandag dikwels as die “stigter van konserwatisme” beskryf (Norman, 2013:282; Mansfield, 1987:688). Tog sou Burke nie homself of sy idees in die uitsprake van 21ste-eeuse hoofstroomkonserwatiewes herken nie. Dit is omdat die denkraamwerk wat vandag algemeen as “konserwatisme” beskryf word meer gepas beskryf kan word as ’n aantal konserwatiewe strome in die liberale ideeraamwerk; of, om dit korter te stel: konserwatiewe liberalisme. Daarom het dit nodig geword om Burke se idees as *klassieke* of *tradisionele konserwatisme* te beskryf, ten einde dit van *moderne konserwatisme* te onderskei (Henrie, 2004). Die begrip “liberale konserwatisme” (dus, ’n liberale stroom in die konserwatiewe denkraamwerk) is ook al gebruik om Burke se idees te beskryf, omdat Burke se

benadering in die konteks van sy tyd soms inderdaad as liberaal beskryf kan word (Andreasson, 2014:12). Sy ondersteuning van die Glorieryke Rewolusie van 1688, ingevolge waarvan die mag van die koningshuis ten gunste van die parlement beperk is, sy pleidooi teen die Britse oorheersing van Amerika en sy sterk standpunt teen slawerny is voorbeelde hiervan. Daar word ook dikwels gesê dat Burke 'n liberale benadering tot die ekonomie gehad het. Sy aansluiting by die idees van Adam Smith word gewoonlik ter stawing hiervan aangevoer.

Hoewel daar 'n klemverskil tussen die begrippe “klassieke konserwatisme”, “tradisionele konserwatisme” en “liberale konserwatisme” bestaan, word dit dikwels afwisselend gebruik om breedweg na dieselfde ideeraamwerk te verwys. Dit is die ideeraamwerk waarvan Burke gereed as die voorste denker voorgehou word (Andreasson, 2014:13; Wills, 2017).

Ek verkies die begrip “tradisionele konserwatisme”, eerstens omdat Burke soveel klem op tradisie geplaas het, tweedens omdat die begrip “klassieke konserwatisme” moontlik die leser onder die wanindruk kan bring dat daar van die idees van klassieke denkers soos Plato en Aristoteles gepraat word, en derdens omdat die ingeboude teenstrydigheid in die begrip “liberale konserwatisme” moontlik die leser kan verwar.

Om Burke as die stigter van konserwatisme te beskryf, kan ook verwarrend wees, juis omdat Burke voortgebou het op die antieke denkers van Athene, Jerusalem en Rome. Hierdie beskrywing van Burke beklemtoon egter dat hy gewoonlik beskou word as die eerste toonaangewende denker wat repliek gelewer het op die idees van die Verligting, wat in belangrike opsigte die Westerse tradisie waarop Burke hom beroep, verwerp. Daarom beskryf Christopher Hitchens die debat tussen die konserwatiewe Burke en die liberale Thomas Paine as die voorloper van alle moderne argumente tussen dié wat in tradisie, eiendom en die oorerflikheidsbeginsel glo, en dié wat daardie dinge wantrou of verafsku (Hitchens, 2021:69).

In hierdie artikel gee ek eerstens 'n kort oorsig oor die liberale vertrekpunte van moderne konserwatisme ten einde die tafel te dek vir die gevolgtrekking dat moderne konserwatisme dikwels met Burke se tradisioneel-konserwatiewe vryheidsbeskouing onversoenbaar is. Daarna maak ek enkele opmerkings oor die konteks waarin Burke geleef het om vir die leser 'n beter begrip van Burke se vryheidsbeskouing te gee. Daarna behandel ek drie van Burke se hoofargumente, naamlik Burke se begrip vir die goeie, Burke se beskouing van die mens en die gemeenskap, en Burke se beroep op ervaring. Teen hierdie agtergrond verduidelik ek dan Burke se vryheidsbeskouing, voordat enkele slotopmerkings gemaak word.

2. Die liberale vertrekpunte van moderne konserwatisme

In Burke se beskouing is die konserwatiewe ideeraamwerk nie 'n ideologie nie, maar eerder 'n soort “anti-ideologie”, juis omdat Burke so sterk teen die indruis van politieke teorie in die werklikheid beswaar maak. Dit is waarom Roger Scruton sê dat konserwatisme nie beoog om die aard van die mens reg te stel of aan die hand van die voorkeur van een of ander rasonale denker te vorm nie (Scruton, 2019a:119). Dit is veral in hierdie opsig waar moderne konserwatisme dikwels van die tradisioneel-konserwatiewe idees van Burke afwyk, omdat die moderne konserwatiewe idees wat ek hier beskryf, dikwels gekenmerk word deur bepaalde teorieë op grond waarvan aansprake ten opsigte van die werklikheid gemaak word. In hierdie verband sluit moderne konserwatisme in belangrike opsigte eerder by liberalisme as by die tradisioneel-konserwatiewe ideeraamwerk van Burke aan. Dit is omdat liberalisme aanvoer dat die mensdom en die samelewing deur menslike vermoë en rede verbeter kan word wanneer

universeel-geldige beginsels en regte – waarin die mens as individu sentraal staan – vasgestel en toegepas word (Andreasson, 2014).

Konserwatisme – en veral die moderne verskynsel daarvan – is allermins homogeen. In sy handboek oor politieke ideologie identifiseer Andrew Heywood ten minste tien strome wat op een of ander manier as “konserwatief” beskryf kan word (Heywood, 2007). Harvey Mansfield sê op sy beurt dat die konserwatiewe beweging breedweg uit twee strome bestaan: die tradisioneel-konserwatiewe stroom en die (meer moderne) libertariese stroom (Mansfield, 1987: 668). Daar is egter bykomende strome wat sedert die val van die Berlynse muur vorm aangeneem het, wat ook as hoofstrome in die moderne konserwatiewe beweging beskryf kan word.

Wanneer ek gevolglik in hierdie artikel van “moderne konserwatisme” praat, verwys ek nie na een samehangende stel idees nie, maar na die mees invloedryke strome wat deel vorm van dit wat in die 21ste eeu algemeen as die konserwatiewe beweging beskou word.

Hierdie strome is eerstens die libertariese stroom, wat ook na hulleself as klassiek-liberaal verwys, maar wat oor die algemeen as konserwatief vertolk word. Die libertariërs plaas veral klem op die vrye mark, minimale (of selfs geen) staatsregulering en individuele vryheid. Hoewel hierdie stroom dit met Burke eens is dat die vrye mark belangrik is, wyk hulle van Burke af wanneer hulle die vryheid en gesag van die mens as individu sentraal plaas.

’n Verdere belangrike stroom is die neokonserwatiewes, wat minder individualisties as die libertariërs is. Waar Burke die klem op kultuur en tradisie geplaas het, is die neokonserwatiewes meer staatlik-nasionalisties. Die onderskeidende kenmerk van die neokonserwatiewes is hulle oortuiging dat die Westerse sosiale orde die beste soort sosiale orde is, en dat die wêreld meer vry en vreedsaam sal wees indien hierdie idees algemeen aanvaar word (Väisse, 2010:3). In hierdie opsig breek die neokonserwatiewes radikaal met die idees van Burke, wat vanuit sy sterk pro-kultuurbenadering aanvoer dat een kultuurgemeenskap nie aan ’n ander moet voorskryf nie. Burke het paternalisme as onderdrukkend, vernietigend en onvolhoubaar beskou.

’n Derde stroom, wat veral in die 2010’s op die voorgrond getree het, is ’n groep konserwatiewe denkers wat moeite doen om hulleself van die libertariërs en klassiek-liberales te onderskei, maar wat beduidende raakpunte met die libertariese konserwatiewes het. Dit is konserwatiewes wat dikwels veel groter waarde aan liberale denkers soos John Locke en Thomas Paine as aan konserwatiewe denkers soos Edmund Burke en Alexis de Tocqueville heg. ’n Kenmerkende eienskap van hierdie konserwatiewes is dat hulle die gebrek aan individualisme dikwels diagnoseer as die oorsaak van baie van die wêreld se probleme en gevolglik ook dat hulle individualisme en individuele vryheid dikwels as die oplossing voorhou. Daarom kan hulle vir die doel van die argument as “individualistiese konserwatiewes” beskryf word. Die term “identiteitspolitiek” as ’n versamelnaam om na die veldtogte van linkse bewegings te verwys, is veral deur die individualistiese konserwatiewes gepopulariseer. Die woordkeuse is veelseggend, omdat dit die idee dat politiek op die basis van identiteit beoefen kan word in beginsel verwerp.

Hierdie vertrekpunt is onversoenbaar met die tradisioneel-konserwatiewe benadering van Burke, wat sterk teen individualisme gewaarsku het. Burke se kritiek op linkse bewegings was nie dat hulle “identiteitspolitiek” beoefen nie, maar eerder dat dit natuurlike identiteit verwerp wanneer dit pog om die werklikheid aan die hand van abstrakte teorieë in te rig – iets waaraan die individualistiese konserwatiewes hulleself ook soms skuldig maak.

3. Edmund Burke in konteks

Edmund Burke was 'n enigma. Sy kritici beskuldig hom daarvan dat hy nie konsekwent was nie. Hy word ook soms 'n lopende paradoks genoem. Waar Burke byvoorbeeld radikale denke in beginsel veroordeel, voer sy kritici aan dat hy self ook die aanvoerder van radikale idees is (Norman, 2013:183). Hoewel Burke skerp kritiek gelewer het op die idees wat die Verligting onderlê, word daar ook daarop gewys dat hy in vele opsigte 'n tipiese denker van die Verligting was – hy was byvoorbeeld goed opgevoed, goed opgelei en voortdurend in die middelpunt van Londense intellektuele gesprekke (Norman, 2013:186-187).

Terwyl Burke 'n beroep op dinge van die verlede, soos kultuur, tradisie en erfenis geplaas het, word hy vandag soms as 'n postmoderne denker voorgelê (Norman, 2013:236). Hoewel Burke se *Reflections on the Revolutions in France* hoofsaaklik 'n kritiek op rasionalisme is, word die boek deur Roger Scruton as 'n “tour de force in rational thought” beskryf (Scruton, 2019b:vii). En laastens, terwyl Burke self kritiek op die monargie gelewer het en homself as 't ware vir die beperking van koninklike inmenging beywer het, het hy die Franse Rewolusie, wat ten doel gehad het om die koningshuis omver te werp, ook verwerp (Burke, 2009).

Hierdie “paradokse” blyk egter slegs teenstrydighede te wees indien die samehang in Burke se benadering nie ingesien word nie. Met die skryf van *Reflections* het Burke voorsien dat sy kritici hom van inkonsekwentheid sal beskuldig. Hy het sy antwoord daarop in die slotparagrafe neergepen deur sy oorhoofse doelwit te vergelyk met 'n skip wat op pad is na sy bestemming, en sy argumente wat betref die kanonne en bagasie op daardie skip:

(My opinions come) from one who wishes to preserve consistency; but who would preserve consistency by varying his means to secure the unity of his end; and, when the equipose of the vessel in which he sails, may be endangered by overloading it upon one side, is desirous of carrying the small weight of his reasons to that which may preserve its equipoise. (Burke, 2009:249-250)

Die einddoel waarvoor Burke hom beywer, is 'n volhoubare beskouing van vryheid. Vir Burke is vryheid nie 'n abstrakte konsep wat aan elke individu behoort nie, maar iets wat veel meer tasbaar is, in die natuur geanker is en in die gemeenskap vervul word.

Burke is in 1729 in Dublin, Ierland gebore. Sy pa was 'n prominente prokureur en 'n Protestant, en sy ma was 'n Katolieke (Levin, 2014:3). Burke het egter in die Anglikaanse geloof groot geword en het van jongs af 'n belangstelling in politiek, filosofie, taal en kultuur getoon (Levin, 2014:4). Ná voltooiing van sy studies by Trinity College in Dublin het hy na Londen verhuis om verder in die regsgeleerdheid te studeer (Norman, 2013:16). Hy het egter sy studies in hierdie verband gestaak om sy tyd eerder daaraan te wy om oor groot politieke vraagstukke te skryf (Levin, 2014:4).

Sy eerste publikasie in 1756, *A Vindication of Natural Society* (Burke, 2004), is 'n satire wat daarop gerig is om die absurde gevolge van Lord Bolingbroke (1678–1751) se politieke teorie in die praktyk uit te wys (Mansfield, 1987:690). Daarin onderskei hy tussen natuurlike en kunsmatige oortuigings. Natuurlike oortuigings spruit uit die natuurwet en die aard van die mens, terwyl kunsmatige oortuigings deur abstraksies gekonstrueer word. Hy skaar hom dan by 'n beroep op die natuurlike samelewing, wat hy as rasioneel en wetenskaplik beskryf, en verwerp gevolglik die beroep op 'n kunsmatige samelewing as onwortelde dogma (Levin, 2014:5).

In sy daaropvolgende werk in 1759, *A Philosophical Enquiry into the Origins of Our Ideas of the Sublime and the Beautiful* (Burke, 2004), voer Burke aan dat die verskil tussen

die verhewe en die skone (“the sublime and the beautiful”) in die verskil tussen liefde en vrees geanker is. Daarin argumenteer Burke dat die mens van nature meer op die emosionele as op die rasonale staatmaak, en dat politiek rekening moet hou met die feit dat mense deur meer as blote logika aangevuur word. Hy som dit op in die stelling: “The influence of reason in producing our passions is nothing near so extensive as it is commonly believed” (Burke, 2004:91; Levin, 2014:6).

In 1765 is Burke verkies as lid van die House of Commons, wat vir die volgende drie dekades Burke se arena sou wees (Levin, 2014:7). Gedurende sy loopbaan het Burke vyf groot politieke gevegte aangepak: eerstens vir meer gelyke behandeling van die Katolieke in Ierland; tweedens teen Britse onderdrukking van die dertien Amerikaanse kolonies; derdens vir grondwetlike beperkings op die uitvoerende gesag en koninklike beskerming (“royal patronage”); vierdens teen die korporatiewe mag van die Oos-Indiese Maatskappy in Indië; en vyfdens teen die invloed van die dogma ten grondslag van die Franse Rewolusie. Dit is veral vir sy kritiek op die Franse Rewolusie waarvoor Burke vandag steeds bekend is (Norman, 2013:2).

In sy 1770-pamflet, *Thoughts on the Causes of the Present Discontents* (Burke, 2004), sê hy dat politieke partye nie bloot verskillende faksies is wat met mekaar meeding vir bepaalde voordele nie, maar dat dit eerder liggame is wat ingerig word deur mense wat rondom ’n gemeenskaplike visie oor die gemeenskaplike goeie (“common good”) met mekaar assosieer (Levin, 2014:8). ’n Belangrike komponent van Burke se denke tree ook in hierdie werk na vore, naamlik sy beklemtoning van verstandige (“prudent”) staatsmanskap, die sentimente van die mense en die verhewe status van sosiale en politieke instellings (Levin, 2014:8).

In 1775 het Burke aangevoer dat die Amerikaners se kultuur en vryheidsbeskouing anders as dié van die Britte verwerk is en dat die Amerikaners dus nie regeer kan word asof hulle Britte is nie (Burke, 2004). Ofskoon Burke daarvan oortuig was dat politieke regte belangrik is, het hy bygevoeg dat regte nie van verantwoordelikhede ontkoppel kon word nie (Levin, 2014:10). Sy klem was dus deurgaans op die bydrae wat die mens as burger met betrekking tot sy gemeenskap lewer, eerder as die regte waarop die mens as individu kan aanspraak maak.

Burke is sterk beïnvloed deur die Franse filosoof Charles-Louis de Secondat Montesquieu (1689–1755), wat hy as “the greatest genius, which has enlightened this age” beskryf het (Mansfield, 1987:695). Montesquieu het aangevoer dat die geskiedenis deur algemene oorsake (“general causes”) gerig is, beperk deur die aard van dinge (“the nature of things”), wat fisiese geografie insluit, sowel as menslike gebruike en die reg (Burke, 2009:186; Mansfield, 1987:695; Norman, 2013:32).

Met sy magnum opus in 1790, *Reflections on the Revolution in France*, lewer Burke skerp kritiek op die idees wat die Franse Rewolusie onderlê. Hy maak in die besonder beswaar teen wat hy as “experimental government” beskryf (Burke, 2009:165) en voer aan dat die “philosophical fanatics” van die rewolusie verwyder is van die werklikheid (Burke, 2009:149).

As gevolg van die geweldige impak van sy *Reflections* word Burke vandag as die hoofbron van kritiek teen die ideologie van die Franse Rewolusie beskou (De Blois, 2008:213). Samuel Huntington het dit in 1957 as die hoeksteen van die Engelse tradisie oor konserwatisme beskryf (Huntington, 1957:470). Hy het op daardie stadium bygevoeg dat Engelse konserwatiewes verenig is in die identifisering van Edmund Burke as die konserwatiewe argetipe, asook in die aanname dat die basiese elemente van Burke se gedagtes ook die basiese elemente van konserwatisme geword het (Huntington, 1957:470).

Die Burkeaanse tradisie word aan die hand hiervan gekenmerk deur ’n pragmatiese benadering tot politieke en sosiale hervorming (O’Sullivan, 1976) en nie, soos wat soms

beweer word, 'n verwerping van sosiale, politieke en ekonomiese verandering in beginsel nie (O'Hara, 2011). Stefan Andreasson merk egter op dat moderne Engelse konserwatisme so vervleg geraak het met Torisme en liberalisme dat dit vandag – in teenstelling met Burke se beskouing – hoofsaaklik gekenmerk word deur die verknogtheid aan individualisme en 'n (negatiewe) vryheidsbeskouing wat die klem op ongebondenheid plaas (Andreasson, 2014:11).

Burke het die 1789-rewolusie in Frankryk van die Glorieryke Rewolusie van 1688 onderskei deur te beklemtoon dat laasgenoemde 'n versigtige, beperkte, dinastiese en konstitusionele verandering was (Parkin, 1986:121). Die Glorieryke Rewolusie was 'n relatief bloedlose staatsgreep wat Willem en Mary van die Huis van Oranje op die troon geplaas het en Protestantisme tot die amptelike godsdienst van die staat verklaar het (Hitchens, 2021:72). In teenstelling met die Franse Rewolusie het die burgers van Engeland deur die Glorieryke Rewolusie drie fundamentele regte verseker, wat die sosiale orde en samehang van die Britse grondwet versterk het. Hierdie regte is die reg van die burgers om self te kies wie hulle moet regeer; om regeerders vir wangedrag af te sit; en om self te besluit hoe die regering saamgestel moet word (Burke, 2009:16).

Burke se uitnemendheid as politieke denker word nie net deur die skerpsinnigheid van sy kommentaar gestaaf nie, maar in die besonder deur sy aangrypende vermoë om voorspellings oor die toekoms te maak. Burke het Karl Marx se kommunisme in die vooruitsig gestel toe hy die totalitêre gevolge van 'n bourgeoisrewolusie skets. Dit is geen verrassing dat Marx later vir Burke as “an out-and-out vulgar bourgeois” beskryf het nie (Hitchens, 2021:81).

Met die moontlike uitsondering van Rosa Luxemburg se voorspelling aan Vladimir Lenin oor wat die gevolge van die Bolsjevistiese rewolusie sou wees, skryf Christopher Hitchens ('n kritikus van Burke), dat hy nie bewus is van “any more chillingly accurate forecast” as dié van Burke oor wat die gevolge van die Franse Rewolusie sou wees nie (Hitchens, 2021:83). Burke het onder meer voorspel dat die koning en die koningin doodgemaak sal word (Burke, 2009:266) en dat die politieke strukture wat die rewolusie gelei het in duie sou stort (Burke, 2009:88). Sy merkwaardigste voorspelling is die vooruitsig dat 'n populêre generaal na vore sou tree om die politieke lugleegte te vul, wat natuurlik in 1799 gebeur het toe Napoleon die mag oorgeneem het om homself in 1804 as keiser te kroon. Burke se voorspelling in hierdie verband verdien om aangehaal te word:

In the weakness of one kind of authority, and in the fluctuation of all, the officers of an army will remain for some time mutinous and full of faction, until some popular general, who understands the art of conciliating the soldiery, and who possesses the true spirit of command, shall draw the eyes of all men upon himself. Armies will obey him on his personal account. There is no other way of securing military obedience in this state of things. But the moment in which that event shall happen, the person who really commands the army is your master; the master (that is little) of your king, the master of your assembly, the master of your whole republic. (Burke, 2009:221)

'n Oorhoofse tema by Burke is sy afkeer van onreg en magsmisbruik (Norman, 2013:2). Onderliggend aan sy basiese uitgangspunte is die idee van vryheid. Hy het die selfgesentreerde vryheidsbeskouing van die Verligting as vernietigend beskou en hom beroep op 'n meer natuurlike vryheidsbeskouing waarin individue nie teenoor die gemeenskap opgestel word nie, maar waarin vryheid slegs werklik vervul word indien mense op grond van hulle unieke talente hulle plek in die gemeenskap vind, en daarmee saam indien die gemeenskap nie aan die hand van politieke filosofie of teorie ingerig word nie, maar op grond van ervaring van die werklikheid.

4. Burke se begrip vir die goeie

Burke is vandag veral bekend vir 'n aanhaling wat verkeerdelik aan hom toegeskryf word. Daar word gereeld gesê dat Burke gesê het dat “The only thing necessary for the triumph of evil, is for good men to do nothing” (Brainyquote, ongedateerd). Dit is egter te betwyfel of Burke regtig daardie woorde gebruik het. Trouens, hy sou dit waarskynlik nie gesê het nie, en sou daarteenoor waarskynlik redeneer dat die passiwiteit van goeie mense nie die enigste ding is wat nodig is vir die bose om te seëvier nie. Wat Burke in werklikheid in 1770 in sy politieke pamflet, *Thoughts on the Cause of the Present Discontents*, geskryf het, is:

When bad men combine, the good must associate; else they will fall, one by one, an unpitied sacrifice in a contemptible struggle. (Burke, 2004:268)

Hierdie aanhaling sê baie meer oor Burke se werklike lewensuitkyk. In sy pleidooi vir goeie mense om saam te staan, maak hy ook die punt dat sodra mense ontkoppel geraak het van hulle gemeenskap en van dit wat objektief as “goed” beskryf kan word, word hulle bloot vryswewende individue, wat uiteindelik sal val, een vir een. Dit vorm die kern van Burke se kritiek op die Verligting en die Franse Rewolusie: As geen idee bo kritiek verhewe is nie en as geen tradisie of instelling te belangrik is om potensieel vernietig te word nie, dan, voer Burke aan, sal ons uiteindelik daardie punt bereik waar alles waarop die samelewing gebou is, verwerp of vernietig is.

In Burke se ontleding is hierdie toestand veel nader aan slawerny as aan vryheid. Daarom beskryf Burke dit as 'n “misfortune” dat alles in die gees van verligting vir potensieële verwerping vatbaar is (Burke, 2009:91). Hoewel Burke self sê dat verdraagsaamheid belangrik is (Burke, 2009:163), voeg hy by dat nie alles verdra moet word nie, juis omdat sekere dinge goed en ander sleg is. Om daarop aanspraak te maak dat alle dinge verdra moet word en dat daar nie tussen goed en kwaad onderskei moet word nie, skryf Burke, is 'n kwessie van geringe verdienste (Burke, 2009:151).

Die goeie waarna Burke verwys, kom van God en spruit veral uit die Christendom, wat hy beskryf as “our boast and comfort, and the one great source of civilization among us, and among many nations” (Burke, 2009:91; De Blois, 2008:220). Vanuit die Christelike tradisie spruit diepgaande en omvangryke (“profound and extensive”) wysheid (Burke, 2009:91). Vanuit hierdie wysheid organiseer mense hulleself in gemeenskapsverband, omdat mense slegs in gemeenskap met ander werklik die goeie kan bevorder (Baldacchino, 2012), maar ook omdat mense as individue aan 'n “lust for selfish will” ly (Burke, 2009:270), wat slegs in die konteks van gemeenskap getemper kan word. Die nederigheid wat deur die Christelike tradisie geleer word, skryf Burke, staan teenoor die “selfish, flattering, seductive, ostentatious vice, in the place of plain duty” wat deur die sekulêre wêreld aangemoedig word (Burke, 2009:270).

Hy voer aan dat ware nederigheid die basis van die Christendom en die grondslag van alle deugde is – in teenstelling met die selfgesentreerde ingesteldheid van die Verligting (Burke, 2009:268). In aansluiting by Christus se opmerking dat dié wat nie vir hom is nie, teen hom is (Lukas 11:23), sê Burke dat daar nie so iets soos 'n neutrale ateïs is nie, omdat dié wat geloof nie lief het nie, dit by implikasie verafsku (De Blois, 2008:3).

Burke sê dat mense van nature sondig is, maar dat mense ook oor die vermoë beskik om goeie dinge te doen, veral wanneer hulle in gemeenskapsverband met mekaar assosieer. Dit is omdat mense se bose instinkte nie deur hulleself in toom gehou kan word nie, maar slegs deur 'n krag wat nie vanuit die individu afkomstig is nie (De Blois, 2008:221). Hy voeg by dat party mense van nature meer goed en ander van nature meer boos is (Burke, 2004:229).

Gemeenskappe en politieke instellings moet dus ingerig word op 'n wyse wat die goeie mense daarvan weerhou om bose dinge te doen en bose mense daarvan weerhou om deel van die regering te word (Burke, 2004:230). Bose dinge spruit veral daaruit wanneer mense van hulle gemeenskap en tradisie losgemaak word (Baldacchino, 2012). Dit gebeur omdat gemeenskappe – wanneer dit die goeie bevorder – bepaalde struikelblokke daarstel wat dit vir die burgers van daardie gemeenskap moeiliker maak om onder hulle sondige natuur en selfgesentreerde drange te swig. Hierdie struikelblokke spruit uit dinge soos kultuur, instellings en sosiale druk. Daarom maak Burke die omstrede stelling wat teen die sentrale gees van die Verligting indruis:

Society requires not only that the passions of individuals should be subjected, but that even in the mass and body as well as in the individuals, the inclinations of men should frequently be thwarted, their will controlled, and their passions brought into subjection. (Burke, 2009:60)

Uit die grondwet van die tradisionele gemeenskap (dit is die daadwerklike grondwet, wat nie noodwendig 'n geskrewe dokument is nie) spruit die goeie, en dinge wat in weerspreking van die grondwet saamgestel word, is die grootste van alle booshede (Burke, 2004:410).

Burke waarsku daarom in die besonder teen die bose dinge wat daaruit voortspruit wanneer mense aan die genade van abstrakte filosofie oorgelaat word. Hy sê:

Those who have made the exhibition of the 14th of July [’n verwysing na die bestorming van die Bastille in 1789, wat algemeen as die begin van die Franse Rewolusie beskou word], are capable of every evil. They do not commit crimes for their designs; but they form designs that they may commit crimes. It is not their necessity, but their nature, that impels them. They are modern philosophers, which when you say of them, you express everything that is ignoble, savage and hard-hearted. (Burke, 2009:268)

5. Burke se beskouing van die mens en die gemeenskap

Waar Aristoteles in 350 v.C. die mens as 'n politieke dier beskryf (Aristoteles, 1992:59), voeg Burke in 1790 by dat die mens van nature 'n sosiale en godsdienstige dier is (Burke, 2009:90-91; Mansfield, 1987:701). Hy sluit verder by die Atheense tradisie aan wanneer hy sê dat die menslike siel uit verskillende komponente bestaan en dat menslike gedrag sinvol is wanneer daar harmonie in die siel is (Aristoteles, 2020:24-27; Parkin, 1986:126; Plato, 1973:61-66). In Plato se beskrywing bestaan die menslike siel uit drie komponente. Dit is die menslike rede (die *nous*), die menslike begeertes en drange (die *epithumia*) en die menslike geestelikheid (die *thumos*), waarby inbegrepe is die mens se behoefte aan betekenis en om by te dra tot die dinge wat groter as die individu is (Plato, 1973:61-66). Omdat mense van nature beide goeie en bose dinge doen, is menslike instellings van nature ook geneig om goeie sowel as bose dinge te doen (Burke, 2009:126).

Burke se beskrywing van die mens in die konteks van die gemeenskap word gewoonlik verwoord as 'n teenargument vir die idees wat die Verligting onderlê. In hierdie verband het hy veral vir Jean-Jacques Rousseau uitgesonder, wat hy beskryf het as “a lover of his kind, but a hater of his kindred” (Burke, 2009:272). Burke is egter vanweë die debat wat op sy *Reflections on the Revolution in France* gevolg het veral bekend vir sy meningsverskil met Thomas Paine (1737–1809). Hierdie meningsverskil het veral verband gehou met Burke en Paine se begrip vir die natuurtoestand en, wat daarop volg, die aard van die mens.

Paine, wie se benadering meer individualisties was, het hom daarop beroep dat die mens in die natuurtoestand in die eerste plek 'n individu is. Uit die natuurtoestand spruit die natuurreg, wat deur Paine in individualistiese terme vertolk is (Hitchens, 2021:36). Daarteenoor het Burke aangevoer dat die natuurtoestand tot die ontwikkeling van natuurlike gemeenskap tussen mense lei. Waar Paine dus vir Burke gekritiseer het dat hy in sy mensbeskouing nie heel by die begin begin nie, het Burke vir Paine gekritiseer dat hy nie ag slaan op die mens se natuurlike instink om met ander te assosieer nie (Levin, 2014:43-68). Burke het vertroudeheid met die aard van die mens as 'n voorvereiste beskou om die mensdom te kan dien (Baldacchino, 2012; Burke, 2009:137).

In *A Vindication of Natural Society* gee Burke toe dat mense in die natuurtoestand aan groot ongerief onderwerp is. Dit sluit die tekort in aan eenheid (*union*), wedersydse hulp en 'n gemeenskaplike arbiter om geskille te besleg. Burke beroep hom dan op die natuurlike samelewing wat uit die natuurtoestand voortspruit. Hy beskryf die *natuurlike samelewing* soos volg:

The original Children of the Earth lived with their Brethren of the other Kinds in much Equality. Their Diet must have been confined almost wholly to the vegetable Kind; and the same Tree, which in its flourishing State produced them Berries, in its Decay gave them Habitation. The mutual Desires of the Sexes uniting their Bodies and Affections, and the Children, which were the Results of these Intercourses, introduced first the Notion of Society, and taught its Conveniences. This Society, founded in natural Appetites and Instincts, and not in any positive Institution, I shall call *Natural Society*. (Burke, 2004:8)

Burke spreek dan sy kommer uit oor die feit dat die mens klaarblyklik van nature nie kan insien wanneer om tevrede te wees met dit wat hy het nie en dat die voortdurende strewe na meer daartoe kan lei dat die mens alles verloor wat hy oor die jare versamel het (Burke, 2004:8-9). Hy sê dat die mens in die natuurtoestand aansienlike voordeel gevind het in die samevoeging van 'n aantal mense om een familie te vorm. Gevolglik het die mens besluit om die voordele van die familie uit te brei deur 'n aantal families saam te voeg en so 'n gesamentlike politieke bestel ("body politic") te vorm.

Omdat die politieke bestel nie 'n natuurlike verskynsel is nie, skryf Burke, is dit ook nie 'n volhoubare reëling wat van nature bymekaar gehou word nie. Daarom het die mens besluit om dié gebrekkige reëling wat van nature dreig om ineen te stort met wette aanmekaar te hou (Burke, 2004:9). Burke beskryf die samelewing wat onder hierdie reëling in die lewe geroep word as die (onnatuurlike, of kunsmatige) *politieke samelewing* (Burke, 2004:9). Hy voer dan aan dat die grootste deel van die vernietiging van die (menslike) spesie aan die gevolge van die *politieke samelewing* toegeskryf kan word (Burke, 2004:19). Hy plaas die skuld vir hierdie vernietiging vierkantig voor die deur van dié wat die mensdom deur middel van wetgewing en abstrakte teorieë van die natuurtoestand wil bevry. Hy beklemtoon sy argument deur aan te voer dat daar iets in die aard van die mens is wat so teensinnig is met betrekking tot "artificial political Distinctions, that we need no other Trumpet to kindle us to War, and Destruction" (Burke, 2004:21). Burke sê dat hierdie vernietiging voorkom wanneer die mens met onnatuurlike mag toegerus word, omdat die menslike hart en verstand deur onnatuurlike mag gekorrumpeer word (Burke, 2004:23).

Burke verwerp in die besonder die teorie wat veral deur Thomas Hobbes, John Locke en Rousseau verwoord is, waarmee aangevoer word dat die staat deur 'n onderlinge verbond of "sosiale kontrak" tussen individue in die lewe geroep word (Hobbes, 2017:109; Locke, 2011:168; Rousseau, 2004:7). Hierdie kontrak behels dat mense instem om hulle vryheid in

te perk deur van hulle natuurlike magte aan die staat oor te dra, wat opgerig word om individue veilig te hou en hulle vryheid te verseker deur sosiale interaksie tussen hulle te reguleer.

In Burke se beskouing is hierdie teorie abstrak en van die werklikheid verwyder. Sy antwoord daarop is dat daar inderdaad 'n soort "sosiale kontrak" in die konteks van die gemeenskap bestaan, maar dat dit nie die soort is wat Hobbes, Locke en Rousseau in gedagte het nie. Die belangriker sosiale kontrak is die ongeskrewe vennootskap tussen dié wat lewe, dié wat reeds gesterf het, en dié wat nog nie gebore is nie. Burke verduidelik dit so:

Society is indeed a contract ... It is a partnership in all science; a partnership in all art; a partnership in every virtue, and in all perfection. As the ends of such a partnership cannot be obtained in many generations, it becomes a partnership not only between those who are living, but between those who are living, those who are dead, and those who are to be born. (Burke, 2009:96)

Dié wat reeds gesterf het, skryf Burke, is nie bloot stigters van die samelewing nie, maar is eerder "'silent partners' who have had their say and now make their point by unspoken reproach" (Mansfield, 1987:697). Burke was natuurlik nie die eerste denker wat hom op 'n verhouding tussen die verskillende geslagte beroep het nie. Daarmee sluit hy as 't ware aan by die klassieke Westerse tradisie, soos onder meer verwoord deur Homeros (gebore ongeveer 900 v.C.) en Cicero (106 v.C.–43 v.C.). In Homeros se *Ilias* verklaar die Trojaanse prins, Hektor, dat hy tot die dood sal veg om die groot roem van sy vader te handhaaf, want deur dit te doen, handhaaf hy ook sy eie roem. Daarna bid hy dat sy eie prestasies eendag deur dié van sy seun oorskadu sal word (Homeros, 1952:98-99). Cicero het dié tradisie voortgesit deur te sê dat dit 'n "mees heerlike ding" is om iets vir jou nageslag na te laat, terwyl dit 'n "afskuwelike ding" is wanneer 'n gemeenskap dit wat hulle van hulle voorouers geërf het, nie vir die nageslag bewaar nie (Cicero, 2018:174).

In die natuurlike gemeenskap – wat vir Burke ook die maatstaf vir 'n gesonde gemeenskap is – is daar orde (Burke, 2009:275). Ten einde hierdie orde te handhaaf, is 'n mate van mag (gesag) van nature in die gemeenskap gesetel (Burke, 2009:142). In aansluiting by Plato sê Burke ook dat hierdie gemeenskap van nature uit hiërargieë bestaan, waar elke burger daarvoor verantwoordelik is om sy plek in die groter geheel te vind (Burke, 2009:49; Plato 2015). Tog beskou Burke die natuurlike samelewing as die toepaslike maatstaf vir gelykheid. Trouens, hy beskryf gelykheid as die kern van gemeenskap (Burke, 2004:408). Hier verwys hy egter nie na materiële gelykheid nie omdat eiendom, die mark en die oorerflikheidsbeginsel noodwendig daartoe lei dat mense (as individue) materieel ongelik is (Burke, 2009:51). Vir Burke het gelykheid beteken dat mense as mekaar se gelykes aan die dinge van die gemeenskap deelneem.

Burke sien die individu as iemand wat altyd in 'n verhouding met sy gemeenskap staan. Hy sê dat mense in hierdie verband deur verskillende hartstogte aangedryf word: Die hartstogte wat met die behoud van die individu verband hou, is selfgesentreerd en dit wentel rondom pyn en vrees (Burke, 2004:87; Burke 2009:94), terwyl die hartstogte wat op die instandhouding van die breër gemeenskap (in Burke se taal, die "generation") gerig is, om bevrediging en plesier ("gratifications and pleasures") wentel (Burke, 2004:87).

Ter aansluiting by Adam Smith voer Burke aan dat wanneer mense aan die dinge van die gemeenskap deelneem, hulle nie net die goeie met betrekking tot hulle eie lewens bevorder nie, maar dat hulle by implikasie ook die goeie vir die gemeenskap bevorder (Burke, 2009:107). Daarom voer Burke aan dat die sekuriteit van die individu in die algemene belang is (Burke, 2004:408).

Smith het opgemerk dat Burke die enigste mens is wat hy ken wat presies soos hy oor die ekonomie dink sonder dat hulle vooraf met mekaar beraadslaag het (Norman, 2013:99). Die politieke ekonomie van Burke en Smith is al op uiteenlopende wyses vertolk. Daar word dikwels aangevoer dat Smith die weg gebaan het vir 'n liberaal-individualistiese ekonomie en dat Burke, vanweë sy aansluiting by Smith, ook 'n liberale denker was. Dit is egter 'n ooreenvoudiging van Smith se ekonomiese vertrekpunt, en by implikasie ook dié van Burke.

In sy bekende *The Wealth of Nations* verduidelik Smith dat burgers in 'n beskaafde samelewing van hulle gemeenskap afhanklik is en dat hierdie soort gemeenskapslewe een van die belangrike kenmerke is wat mense van diere onderskei (Smith, 2003:23). Hy voeg dan by dat burgers nie bloot van ander se goedgunstigheids afhanklik kan wees nie, en dat elkeen self ook sy deel moet doen, nie net vir sy gemeenskap en medeburgers nie, maar ook vir sy eie welsyn. Dit is in hierdie konteks wat Smith dan sy bekende stelling maak:

It is not from the benevolence of the butcher, the brewer, or the baker, that we expect our dinner, but from their regard to their own interest. We address ourselves, not to their humanity but to their self-love, and never talk to them of our own necessities but of their advantages. Nobody but the beggar chuses to depend chiefly upon the benevolence of his fellow-citizens. (Smith, 2003:23-24)

Teen hierdie agtergrond waarsku Andreasson dat die liberale vertolking van Burke en Smith se ekonomiese vertrekpunte 'n selektiewe en dus foutiewe vertolking is, ook omdat nie net Burke nie, maar ook Smith belangrike voorbehoude oor die abstrahering van die mens as individu uitgespreek het (Andreasson, 2014:11).

'n Mens se deelname aan die dinge van die gemeenskap bepaal ook sy waardigheid. Waardigheid is, in Burke se beskouing, nie die moderne reg op menswaardigheid nie, maar eerder die gevolg van 'n mens se besluite en die waarde wat hy tot die gemeenskap toevoeg (Burke, 2004:289). Omdat waardigheid vir Burke aan opoffering en die nakoming van verantwoordelikhede teenoor die gemeenskap verbind is, beklemtoon hy dat waardigheid van 'n mens vereis om soms dinge te doen wat nie noodwendig in die mens as individu se selfgesentreerde belang is nie (Burke, 2004:290).

Teen hierdie agtergrond sê Burke dat iets soos vooroordeel (“prejudice”) nie op sigself verwerp moet word nie. Inteendeel, hy voer aan dat vooroordeel in sekere gevalle waardevol is, omdat dit bloot gevolgtrekkings is wat op ervaring gebaseer is. Vooroordeel, skryf Burke, stel mense in staat om in noodgevallen vinnige besluite te neem (Burke, 2009:87).

Burke se beklemtoning van die belang van gemeenskappe behels nie dat hy by verstek 'n groepsdenker is nie. In hierdie verband tref hy 'n onderskeid tussen die natuurlike (kultuur-) gemeenskap en die kunsmatige (politieke of territoriaal-staatlike) gemeenskap. Trouens, Burke waarsku sterk teen die destruktiewe gevolge wanneer mense in groepsverband van hulle natuurlike gemeenskappe ontwortel word. Daarom waarsku hy dat mense wat in groepsverband van hulle tradisie en gemeenskap ontwortel word – soos die rewolusionêre in Frankryk – die ekwivalent van 'n “varkagtige menigte” (“swinish multitude”) word (Burke, 2009:79). In sy *Thoughts on the Cause of the Present Discontents* kritiseer Burke die bestaande politieke orde en sê dat hy hom veel eerder by die gemeenskap as by die regering skaar:

I am not one of those who think that the people are never in the wrong. They have been so, frequently and outrageously, both in other countries and in this. But I do say, that in all disputes between them and their rulers, the presumption is at least upon a par in favour of the people. (Burke, 2004:207)

Vanweë sy beklemtoning van die natuurlike gemeenskap maak Burke ook sterk beswaar teen die oorheersing van een gemeenskap oor 'n ander. Hy beskryf hierdie soort oorheersing as 'n verduistering van vryheid en 'n skending van die basiese beginsels van gelykheid (Burke, 2004:408, 440). Dit is omdat 'n regering by die karakter en omstandighede van die betrokke gemeenskap aangepas moet word (Burke, 2004:428). Hy waarsku dat vryheid met 'n denkbeeldige krag meeding, wat onder die gees van oorheersing na vore tree. Daarom sê hy:

When any community is subordinately connected with another, the great danger of the connexion is the extreme pride and self-complacency of the superior, which in all matters of controversy will probably decide in its own favour. (Burke, 2004:420)

In Burke se ontleding word 'n goeie staatsman nie geken aan die behoefte om ander te oorheers nie, maar om die goeie in die bestaande orde te bewaar en daarop te verbeter (Baldacchino, 2012). Dit word slegs gedoen deur aan die dinge van die gemeenskap deel te neem, wat noodwendig insluit dat tradisie gerespekteer word. Want, het Burke gesê, iemand wat sy voorouers respekteer, respekteer ook homself (Burke, 2009:36).

6. Burke se beroep op ervaring

Burke se kritiek op abstrakte filosofie kan sekerlik as 'n hooftema in sy werke uitgelig word. Tog word hy vandag dikwels as 'n filosoof beskryf. In soverre as wat Burke bereid was om tot daardie beskrywing toe te gee, het hy die term “filosoof-in-aksie” verkies (Norman, 2013:195). Die rede hiervoor is dat Burke in die eerste plek hoë agting vir die werke van antieke denkers soos Aristoteles en Cicero gehad het, maar in die tweede plek dat hy ernstig deur die abstrakte aard van moderne filosofie verontrus was.

Burke het geleef en geskryf in die tyd van die Verligting, toe dit gewild was om politieke teorieë op te stel aan die hand waarvan die samelewing ingerig kan word. Dit is waarom Burke in die eerste plek dikwels as die stigter van konserwatisme beskryf word (omdat hy die liberale vertrekpunte verwerp het), maar ook waarom hy soms as 'n postmoderne denker beskou word (omdat hy die gebreke van die moderne orde uitwys).

Burke word soms gekritiseer dat hy nie juis 'n stelsel of teorie in politieke filosofie ontwikkel het nie. Hoewel hy van die toonaangewende denkers van die Verligting verskil het, was hy as't ware nie regtig daarop ingestel om filosofe se werke te kritiseer nie (Mansfield, 1987:687). Daarom word hy dikwels in liberale kringe uitgesluit wanneer die groot filosofe van die geskiedenis bespreek word. Sy naam word byvoorbeeld nêrens in Bertrand Russell (1872–1970) se bekende *History of Western Philosophy* genoem nie (Russell, 2004). In AC Grayling se *The History of Philosophy* word Burke se naam slegs in die verbygaan genoem waar die outeur verduidelik dat konserwatiewe denkers die Verligting as 'n aanval op die tradisie vertolk (Grayling, 2020:274). In Hendrik Willem van Loon (1882–1944) se *The Liberation of Mankind* verwys die outeur snedig in die verbygaan na Burke wanneer hy Burke se *Reflections* as 'n “paniekbevange” reaksie op die Franse Rewolusie beskryf, wat volgens Van Loon se ontleding vinnig deur die liberale Thomas Paine aan die kaak gestel is (Van Loon, 1926:300).

Om Burke egter te kritiseer dat hy nie, soos René Descartes (1596–1650) of Benedict Spinoza (1632–1677), 'n teorie ontwikkel het nie, sou in Burke se oë 'n kompliment wees. Dit is 'n bevestiging daarvan dat hy homself nie skuldig gemaak het aan dit waaroor hy sy opponente gekritiseer het nie (Mansfield, 1987:687).

Denkers soos Hobbes en Rousseau was dit eens dat die soort samelewing wat hulle in gedagte het 'n “kunsmatige” samelewing is (Hobbes, 2017:7; Locke, 2011:168; Rousseau, 2004:32). Hoewel Hobbes en Locke van mekaar verskil het oor die aard van die natuurtoestand, was beide – saam met Rousseau – dit eens dat die natuurtoestand iets van die verlede is en dat nuwe antwoorde vir die moderne samelewing gevind moet word. Burke se belangrikste kritiek op al hierdie denkers is dat hulle gepoog het om die samelewing aan die hand van abstrakte stelsels en teorieë in te rig, eerder as om die klem op ervaring te plaas. Vir Burke is ervaring veral in dinge soos kultuur en tradisie opgesluit.

Burke se aanslag was om antwoorde op die politieke vraagstukke van sy tyd te bied. Hy het dit gedoen deur hom deurlopend op die werklikheid – meer spesifiek, ervaring – te beroep. Daarom merk Mansfield op:

If there is one recurrent theme in Burke's letters, speeches, and writings, it is his emphasis on the moral and political evils that follow upon the intrusion of theory into political practice. (Mansfield, 1987:689)

Hy verduidelik verder:

It is theory as such that he rejects; his emphasis on the evils of intrusive theory is not balanced by a compensating reliance on sound theory that men would need as a guide to their politics. Sound theory to him, would seem to be self-denying. (Mansfield, 1987:689)

Burke se pleidooi aan sy leser is om hom nie na teorie te wend om oplossings vir hedendaagse probleme te vind nie, maar om volgens die natuur te regeer deur sy ervaring te raadpleeg en na te volg (Burke, 2004:282, 328). Hy voer aan dat die abstrakte benadering van die denkers van die verligting niks anders as 'n oorlog teen die natuur is nie (Burke, 2009:49).

Hoewel Burke dit met Hobbes en Locke eens is dat 'n samelewing meer stabiel sal wees indien die lede daarvan meer dink as voel, het hy aangevoer dat die mens se vermoë om rasioneel te dink hom nie veel gaan baat nie, juis omdat die mens van nature so sterk deur emosionele dinge soos identiteit, kultuur, tradisie en 'n sin vir gemeenskap aangevuur word. Daarom het Burke aangevoer dat politieke onstabiliteit hoofsaaklik die gevolg van abstrakte, rasionele denke was. Hy het bygevoeg dat die rustige toestand (“conditions of tranquility”) waarvoor Hobbes en Locke hulle beywer het veel eerder bereik word wanneer mense deur hulle voorliefdes (“affections”) aangedryf word, eerder as deur rede (Womersley, 2004:xx). Daarom skryf Burke: “There are people who have split and anatomised the doctrine of free government as if it were an abstract question” (Womersley, 2004:xx).

Hy verskil dus wesenlik van die rasionalistiese uitgangspunt van Hobbes, Locke en Rousseau en voer as't ware aan dat die ideologiese vertrekpunt wat as “rasionalisme” beskryf word, hoegenaamd nie rasioneel is nie. Want, sê Burke, dit is 'n skending van rede om ervaring te verwerp (Burke, 2004:282). Burke het deurlopend 'n verband tussen die bedreigings van die hede (“the perilous present”) en die verwerping van kultuur en tradisie getrek (Womersley, 2004:xvi).

Teorie is eenvoudig, maar die werklikheid is ingewikkeld. Dit is waarom Burke sê dat mense wat hulle na teorie eerder as ervaring wend, verwyderd is van die werklikheid (Mansfield, 1987:691). Die toepaslike beeld waarop Burke hom beroep, is dus dié van 'n tuinier eerder as 'n ingenieur (Parkin, 1986:124).

Dit is belangrik om by te voeg dat Burke nie in beginsel teen rasionele denke was nie, maar teen die ideologie van rasionalisme. Trouens, Burke het hom deurlopend op wysheid en nadenke beroep.

Dit is in hierdie konteks wat Burke sê dat dit selde gebeur dat mense verkeerd is in hulle gevoelens oor publieke wangedrag, maar dat dit net so selde gebeur dat mense reg is in hulle bespiegeling oor die oorsaak daarvan (Burke, 2004:208).

7. Burke se vryheidsbeskouing

Teen hierdie agtergrond kan bepaalde gevolgtrekkings oor die tradisioneel-konserwatiewe vryheidsbeskouing van Edmund Burke gemaak word. Hier bo is reeds daarop gewys dat moderne konserwatisme veral gekenmerk word deur 'n vryheidsbeskouing wat die hoofklem op individuele en ekonomiese vryheid plaas en deur 'n poging om die wêreld op Westerse idees te laat standaardiseer. In die moderne begrip word vryheid dus dikwels as 'n soort negatiewe vryheid beskou, wat in die praktyk op individuele ongebondenheid neerkom.

Hierdie beskouing druis teen die kern van Burke se vryheidsbeskouing in. Burke het aangevoer dat “lisensie” (om enige iets te doen) die teenoorgestelde van vryheid is. Vir Burke was vryheid nie werklik vryheid as dit van dinge soos geregtigheid, orde en rede losgemaak word nie (Parkin, 1986:125). Sy skerp kritiek teen die Franse rewolusie spruit ook uit die feit dat hierdie rewolusie, volgens Burke se ontleding, die teenoorgestelde van vryheid bevorder het. Daarom beskryf hy die soort “vryheid” van die rewolusionêre as “this unnatural, insolent, and savage despotism called liberty” (Burke, 2009:280). Die “rasionele vryheid” van die rewolusie is vir Burke 'n fiksie wat van die werklikheid verwyder is (Burke, 2009:52). Hy voeg by:

Civil freedom, gentlemen, is not, as many have endeavoured to persuade you, a thing that lies hid in the depths of abstruse science. It is a blessing and a benefit, not an abstract speculation; and all the just reasoning that can be upon it, is of so coarse a texture, as perfectly to suit the ordinary capacities of those who are to enjoy, and of those who are to defend it. (Burke, 2004:429)

Teenoor die rasonele vryheidsbeskouing van die rewolusionêre sê Burke dat hy 'n “manly, moral, regulated liberty” verkies (Burke, 2009:7, 35). Vryheid kan nooit werklik vryheid wees as dit nie met reëls gepaard gaan en as dit nie met die bevordering van die goeie verbind word nie. Dit is omdat vryheid noodwendig behels dat mense hulle immorele begeertes moet onderdruk en dat mense wat nie in staat is om dit te doen nie se toestand nader aan slawerny as aan vryheid is. Burke beskryf dit so:

Men are qualified for civil liberty, in exact proportion to their disposition to put moral chains upon their own appetites; in proportion as their love to justice is above their rapacity; in proportion as their soundness and sobriety of understanding is above their vanity and presumption; in proportion as they are more disposed to listen to the counsels of the wise and good, in preference to the flattery of knaves. Society cannot exist unless a controlling power upon will and within, the more there must be without. It is ordained in the eternal constitution of things, that men of intemperate minds cannot be free. Their passions forge their fetters. (Burke, 2009:289)

Die gevolg van individuele vryheid is dat individue doen wat hulle ook al bevredig. As mense doen wat hulle ook al bevredig, moet eers vasgestel word wat dit is wat hulle bevredig, voordat hulle met hulle vryheid gelukkigewens word (Burke, 2009:8-9). Vryheid moet bewaar en beskerm word, nie bloot teen verowering van buite nie, maar in die besonder teen interne verval en

korrumpiering (Burke, 2009:54). Vryheid moet dus beperk word ten einde besit te word (Burke, 2004:430). Dit is 'n goeie waarop verbeter moet word, nie 'n boosheid wat afgebreek moet word nie (Burke, 2004:430). Daarom sê Burke dat die wêreld sal baat vind by 'n vryheidsbeskouing waarsonder deugde nie kan bestaan nie (Burke, 2009:104).

Omdat vryheid aan die bevordering van die goeie verbind is, kan Burke se vryheidsbeskouing van dié van moderne konserwatisme onderskei word in die sin dat vryheid vir hom nie bloot ekonomiese vryheid was nie. Daarom sê Burke:

A brave people will certainly prefer liberty, accompanied with a virtuous poverty, to a depraved and wealthy servitude. But before the privy of comfort and opulence is paid, one ought to be pretty sure it is real liberty which is purchased, and that she is to be purchased at no other price. (Burke, 2009:134)

Vir Burke is vryheid nie 'n gegewe nie. Dit is nie iets wat bloot verklaar kan word of by wyse van regte toegeken kan word nie. Dit is iets waarvoor gewerk moet word en wat in gemeenskap met ander tot vervulling gebring word. Die regering en die regstelsel moet vervolgens ingerig word op 'n wyse wat as “sekuriteit vir vryheid” sal dien (Burke, 2009:26, 30-32). Die regstelsel neem die vryheid van die gemeenskap in beskerming, eerder as die vryheid van elke mens as individu, eerstens omdat individuele vryheid onrealisties is en tweedens omdat dit destruktief vir die sosiale orde sou wees, juis omdat die mens as individu deur selfsugtige belange aangedryf word (Burke, 2009:33). Om 'n *vrye regering* in die lewe te roep, is om die teenstrydige konsepte van vryheid en selfbeheersing in een samehangende werk te temper. Dit vereis “much thought, deep reflection, a sagacious, powerful, and combining mind” (Burke, 2009:247).

Nie net moet die regering saamgestel word op 'n wyse wat vryheid volhoubaar in beskerming sal neem nie. Regerings moet volgens die omstandighede van elke gemeenskap gevorm en getemper word (Burke, 2004:430).

Vryheid is 'n algemene beginsel, en 'n duidelike reg van alle burgers. Gedeeltelike vryheid is die mees verraderlike vorm van slawerny. Ongelukkig is dit die soort vryheid wat in tye van burgerlike onenigheid gewoonlik toegelaat word. Want, sê Burke, partye is te geneig om van hulle eie toekomstige veiligheid te vergeet in hulle begeerte om hulle vyande op te offer. “People without much difficulty admit the entrance of that injustice of which they are not to be the immediate victims” (Burke, 2004:407).

Teen hierdie agtergrond word Burke se vryheidsbeskouing gepas opgesom in 'n brief wat hy vier maande ná die begin van die Franse Rewolusie en voor die publikasie van *Reflections* aan 'n jong Fransman genaamd Francois Depont geskryf het. Die tersaaklike paragraaf verdien om volledig aangehaal te word:

Permit me then to continue our conversation, and to tell you what the freedom is that I love, and that to which I think all men entitled. This is the more necessary, because, of all the loose terms in the world, liberty is the most indefinite. It is not solitary, unconnected, individual, selfish liberty, as if every man was to regulate the whole of his conduct by his own will. The liberty I mean is social freedom. It is that state of things in which liberty is secured by the equality of restraint. A constitution of things in which the liberty of no one man, and no body of men, and no number of men, can find means to trespass on the liberty of any person, or any description of persons, in the society. This kind of liberty is, indeed, but another name for justice; ascertained by wise laws, and secured by well-constructed institutions. (Burke, [1789])

BIBLIOGRAFIE

- Andreasson, S. 2014. Conservatism. In Geoghegan, V & Wilford R. (Eds). *Political Ideologies: An Introduction* (4th ed.). London: Taylor & Francis, pp. 47-70.
- Aristoteles. 1992 [335–323 v.C.]. *The Politics*. London: Penguin Books.
- Aristoteles. [340 v.C.] 2020. *The Nichomachean Ethics*. London: Penguin Books.
- Baldacchino, J. 2012. *The Value-Centered Historicism of Edmund Burke*. National Humanities Institute. <http://www.nhinet.org/burke.htm>. [27 Maart].
- Brainyquote. (ongedateerd). *Edmund Burke*. https://www.brainyquote.com/quotes/edmund_burke_377528. [ongedateerd].
- Burke, E. 2004 [1757–1777]. *A Philosophical Enquiry into the Sublime and the Beautiful*. London: Penguin Books, pp. 1-398.
- Burke, E. 1789. *Letter to Francois Depont*. November. <https://www.degruyter.com/document/doi/10.12987/9780300194517-017/pdf>.
- Burke, E. 2009. [1790]. *Reflections on the Revolution in France*. Oxford: Oxford University Press.
- Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 1983. *Die Bybel*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Cicero, MT. 2018. Speech in Defence of the Proposed Manilian Law. In Cicero, M.T. *Cicero's Orations*. New York: Dover Publications, pp. 171-197.
- De Blois, M. 2008. *Edmund Burke on Establishment and Tolerance*. R&R. 3:212-229.
- Deneen, PJ. 2018. *Why Liberalism Failed*. New Haven & London: Yale University Press.
- Grayling, AC. 2020. *The History of Philosophy: Three Millennia of Thought from the West and Beyond*. London: Penguin Books.
- Hazon, Y. 2018. *The Virtue of Nationalism*. New York: Basic Books.
- Henrie, MC. 2004. Understanding Traditionalist Conservatism. In Berkowitz (ed.). *Varieties of Conservatism in America*. Stanford: Hoover Institution, pp. 3-30. https://www.hoover.org/sites/default/files/uploads/documents/0817945725_3.pdf.
- Hitchens, C. 2010. *Hitch 22*. New York: Twelve.
- Hitchens, C. 2021. *Thomas Paine's Rights of Man*. London: Atlantic Books.
- Hobbes, T. 2017 [1651]. *Leviathan*. London: Penguin Classics.
- Homer, 1952. *Die Ilias*. Stellenbosch: Pro Ecclesia-Drukkery. Vertaal in Afrikaans deur Van Rensburg, J.P.J.
- Huntington, SP. 1957. Conservatism as an Ideology. *American Political Science Review*, 51 (2):452-473.
- Levin, J. 2014. *The Great Debate*. New York: Basic Books.
- Locke, J. 2011 [1689]. *Two Treatises of Government*. Merchant Books: (plek van publikasie nie beskikbaar).
- Mansfield, HC. 1987. Edmund Burke. In Strauss, L & Cropsey, J. (eds). *History of Political Philosophy*. Chicago & London: The University of Chicago Press.
- Norman, J. 2013. *Edmund Burke*. New York: Basic Books.
- O'Hara, K. 2011. *Conservatism*. London: Reaktion Books.
- O'Sullivan, D. 1976. *Conservatism*. London: JM Dent & Sons.
- Parkin, CW. 1986. Burke and the Conservative Tradition. In Thomson, D. *Political Ideas*. Harmondsworth: Penguin Books, pp. 118-129.
- Plato. 1973 [370 v.C.]. *Phaedrus*. London: Penguin Books.
- Plato. 2015 [375 v.C.]. *The Republic*. In Rouse, WHD. (ed.). *Great Dialogues of Plato*. New York: Signet Classics, pp. 130-501.
- Rousseau, JJ. 2004 [1762]. *The Social Contract*. London: Penguin Books. Vertaal deur Cranston, M.
- Scruton, R. 2019a. *How to Be a Conservative*. London: Bloomsbury Continuum.
- Scruton, R. 2019b. *A Political Philosophy*. London: Bloomsbury Continuum.
- Smith, A. 2003 [1776]. *The Wealth of Nations*. New York: Bantam Dell.
- Vaïsse, J. 2010. Why Neoconservatism Still Matters. *Foreign Policy at Brookings*. Number 20. May.
- Van Loon, HW. 1926. *The Liberation of Mankind: The Story of Man's Struggle for the Right to Think*. London, Toronto, Bombay & Sydney: George G. Harrap & Company Ltd.
- Wills, M. 2017. Edmund Burke and the Birth of Traditional Conservatism. *JSTOR Daily*. <https://daily.jstor.org/edmund-burke-and-the-birth-of-traditional-conservatism/>. [13 Januarie].
- Womersley, D. 2004. Introduction. In Burke, E. 2004 [1757-1777]. *A Philosophical Enquiry into the Sublime and the Beautiful*. London: Penguin Books, pp. x-xxxviii.

Die invloed van denklyne van die Duitse universiteitsmodel op hedendaagse kwessies binne die universiteitswese

The influence of lines of thought in the German university model on current university issues

MORNÉ DIEDERICKS

AROS: Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies

Pretoria, Suid-Afrika

E-pos: Morne.Diedericks@aros.ac.za



Morné Diedericks

MORNÉ DIEDERICKS verwerf die graad B-Th (tale) by die Noordwes-Universiteit, sy honneurs in Kerk- en Dogmageskiedenis by die Calvin Instituut van die Universiteit van die Vrystaat en sy Meestersgraad in Dogmatiek by die Noordwes-Universiteit. In 2015 verwerf hy sy PhD in die Filosofie van die Opvoedkunde by die Noordwes-Universiteit. Hy is 'n dosent by Aros (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies) en doseer Filosofie van die Opvoedkunde en Godsdiensopvoeding.

MORNÉ DIEDERICKS obtained the degree B-Th(languages) at the North-West University, his honours in Church and Dogmatic History at the Calvin Institute of the University of the Free State and his Master's Degree in Systematic Theology at the North-West University. In 2015 he obtained his PhD in the Philosophy of Education at the North-West University. Currently, he is a lecturer at Aros and is involved in teaching the modules Philosophy of Education and Religious Education.

ABSTRACT

The influence of lines of thought in the German university model on current university issues

By the end of the 18th century, the university model of Europe was largely that of the late Middle Ages (the 15th century), although the French Revolution and its overflow into Napoleon's reign had a significant effect on the universities of Europe. In 1789, Europe had 143 universities, but in 1815 only 83 universities remained; thus, a loss of 60 universities occurred during this time. However, in the 19th century, a turnaround took place. By the 1850s, Europe had 98 universities, and just before the start of World War II, there were approximately 200 universities. Viewed against the university's rich history from the Middle Ages, the 19th

Datums:

Ontvang: 2022-06-18

Goedgekeur: 2022-09-17

Gepubliseer: Desember 2022

century was characterised by a time of great upheaval in universities. The German university model contributed significantly to the reversal of university growth in the 19th century.

The new societal structures brought about by the French Revolution with its Enlightenment ideologies required new university models. The first model that was developed was the French university model. The French university model was a highly regulated model. The state prescribed to universities exactly which university should teach what content, as well as which function each university should fulfil. The university was in the service of the state and had to assist the state in training citizens for the performance of their task. The French university model had four aims in the sense that this model intended to: secure and maintain post-revolutionary status, bring education in line with state policy, prevent a new professional class from emerging and, lastly, establish restrictions on free thought in order to prevent the development of any ideas contrary to the stronghold of the state.

This study shows that the notable reversal of the 19th-century university system came about as a result of the implementation of the German university's model. Core German intellectuals such as Johann Gottlieb Fichte, Friedrich Schleiermacher and Wilhelm von Humboldt devised a new German education system, independent from that of French oppression. These intellectuals developed numerous fruitful concepts such as *Bildung*, *Wissenschaft*, *Lehrfreiheit*, and *Lernfreiheit*. These concepts and other concepts made it possible for the new German university model to be devised and implemented.

The German university model did not only have a great influence on the growth of student numbers, but it also opened up some lines of thought regarding the idea of the university, which are still relevant today. Some of the core issues still featuring on the agendas of present discussions regarding universities include the state-university relationship, where public universities are considered by some to be the property of the state. Issues regarding lecturers include, among others, the task of lecturers. The Medieval university concept of the lecturer as a master teacher is rarely found within the contemporary university – instead, teaching students is regarded as a lower order task compared to that of the lecturer's responsibility towards research. Today, lecturers' performance is measured by their research output (within the publish or perish culture) rather than their ability to teach students. An additional issue concerns the idea that higher education is currently perceived to be a human right and that students are therefore entitled to a free education (part of the Fees Must Fall campaign). Finally, the fragmentation of the curriculum within the modern university, resulting in the loss of the ideal of a universal education, is of concern – the latter having been a characteristic that was part of the idea of the university.

This paper, by revisiting the classical German university model, provides a philosophical and historical background to current discussions regarding aspects such as the university-state relationship, the role of professors, demands on students and the fragmentation of the curriculum.

KEYWORDS: *Bildung*; German university model; French university model; Friedrich Schleiermacher; research university; and Wilhelm von Humboldt

TREFWOORDE: *Bildung*; Duitse universiteitsmodel; Franse universiteitsmodel; Friedrich Schleiermacher; navorsingsuniversiteit; en Wilhelm von Humboldt

OPSOMMING

Teen die einde van die 18de eeu was die universiteitsmodel van Europa grootliks geskoei op dié van die laat Middeleeue (die 15de eeu), hoewel die Franse Rewolusie en die uitvloeisel daarvan tydens die bewind van Napoleon wel ’n noemenswaardige effek op die universiteitswese gehad het. Daar het egter in die 19de eeu ’n ommekeer plaasgevind. Teen die 1850’s was daar 98 universiteite in Europa, en net voor die begin van die Tweede Wêreldoorlog was daar ongeveer 200 universiteite. Gesien in die lig van die Middeleeue se ryk universiteitswese-geskiedenis, was die 19de eeu ’n tyd waarin groot omwenteling met betrekking tot universiteite plaasgevind het. Die Duitse universiteitsmodel het grootliks tot die ommekeer van universiteite se groei bygedra.

Die Duitse universiteitsmodel het egter nie net ’n omwenteling veroorsaak in studentegedagtes nie, maar ook sommige denklyne binne die universiteitsontwikkeling oopgemaak wat vandag steeds net so relevant is binne die gesprek oor die universiteitswese. Vryheid was die onderliggende konsep van die Duitse universiteitsmodel. Tog was dit die belangrikheid wat die universiteit aan navorsing geheg het wat ’n blywende invloed op die universiteitswese gehad het. Hierdie studie verskaf filosofiese en historiese agtergrond tot huidige besprekings oor aspekte soos die universiteit-staat-verhouding, die rol van professore, eise aan studente en die fragmentering van die kurrikulum deur na die ontwikkeling van die klassieke Duitse universiteitsmodel te kyk.

1. Inleiding

Teen die einde van die 18de eeu was die universiteitsmodel van Europa grootliks geskoei op dié van die laat Middeleeue (die 15de eeu), hoewel die Franse Rewolusie en die uitvloeisel daarvan tydens die bewind van Napoleon wel ’n noemenswaardige effek op die universiteitswese gehad het. In 1789 was daar 143 universiteite in Europa gewees, maar in 1815 was daar slegs 83 universiteite oor; dus het 60 universiteite gedurende hierdie tyd in die slag gebly. Daar het egter in die 19de eeu ’n ommekeer plaasgevind. Teen die 1850’s was daar 98 universiteite in Europa, en net voor die begin van die Tweede Wêreldoorlog was daar ongeveer 200 universiteite (Rüegg, 2004b:3). Gesien in die lig van die Middeleeue se ryk universiteitswese-geskiedenis, was die 19de eeu ’n tyd waarin groot omwenteling met betrekking tot universiteite plaasgevind het. Die Duitse universiteitsmodel het grootliks tot die ommekeer van universiteite se groei bygedra.

Die Duitse universiteitsmodel het egter nie net ’n omwenteling veroorsaak in studentegedagtes nie, maar ook sommige denklyne binne die universiteitsontwikkeling oopgemaak wat vandag steeds net so relevant is binne die gesprek oor die universiteitswese. Van hierdie kernkwessies wat vandag steeds op die agenda van die gesprekke aangaande die universiteitswese is, sluit in die staat-universiteits-verhouding, waar openbare universiteite deur sommiges as die eiendom van die staat beskou word (Wachelder, 2012:126). Kwessies aangaande dosente sluit onder andere die taak van dosente in. Die leermeestergedagte van die Middeleeuse universiteit word selde gevind binne die hedendaagse universiteit en die onderrig van studente word eerder beskou as sleurwerk wat van laer orde geag word as die navorsingstaak van die dosent. Dosente se prestasie-evaluering word so ook vandag eerder gemeet aan hulle navorsingsuitsette (binne die “publish or perish”-kultuur) as hulle vermoë om studente te onderrig (Mannoia, 2015:90). Verdere kwessies is die gedagte dat hoëronderrig vandag ’n menslike reg is wat daarom ook gratis behoort te wees (deel van die *Fees Must Fall*-veldtog) (Hodes, 2017:141). Asook die fragmentering van die kurrikulum waar die geheelbeeld van kennis binne universiteite verlore geraak het.

Die doel van die studie is om 'n filosofiese en historiese agtergrond te verskaf vir huidige besprekings oor aspekte soos die universiteit-staat-verhouding, die rol van professore, eise aan studente en die fragmentering van die kurrikulum deur na die ontwikkeling van die klassieke Duitse universiteitsmodel te kyk. In hierdie studie gaan 'n oorsig gebied word van die Franse universiteitsmodel as voorloper van die Duitse universiteitsmodel. Voorts gaan daar ook 'n bespreking volg van die rolspelers wat by die totstandkoming van die Duitse universiteitsmodel betrokke was. Laastens gaan daar gefokus word op sommige van die invloede wat die Duitse universiteitsmodel op die universiteitswese gehad het.

2. Die Franse universiteitsmodel van die 1800's as voorloper van die Duitse universiteitsmodel

Verligtingsdenkers het 'n geruime tyd gepoog om universiteite te transformeer sodat dit tot beter diens sou wees vir die breë samelewing, maar die universiteit was steeds teen die einde van die 18de eeu grootliks 'n Middeleeuse instelling. Hier en daar het veranderinge in sekere streke ingetree, maar met verloop van tyd het die universiteit op sy Middeleeuse grondslae teruggeval (Rüegg, 2004a:16). Toe die Franse Rewolusie (5 Mei 1789 – 9 November 1799) aangebreek het en Napoleon Bonaparte (1769–1821) aan bewind gekom het, het 'n daadwerklike verandering binne die universiteitswese ingetree. Die Franse Rewolusie en Napoleon se regering het beide 'n beduidende invloed gehad op die samelewingstrukture van Europa. Een van die Franse Rewolusie se grootste invloede kan gevind word in die wyse waarop die universiteit beïnvloed is. Die universiteit van vandag berus grootliks op uitgebreide modelle van die twee groot 19de-eeuse universiteitsmodelle, naamlik die Franse en Duitse universiteitsmodelle.

Voor die Franse Rewolusie was universiteite grootliks beperk tot die adelstand en welgesteldes. Die opstand van die proletariaat teen die adelstand se feodale stelsel het meegebring dat talle universiteite in die spervuur beland het. Die Franse Rewolusie het daartoe gelei dat die Franse universiteitsmodel, te midde van die herstrukturering van universiteite, 'n *tabula rasa*-metode gevolg het; dus het die Franse regering grootliks die ou universiteitstrukture afgebreek en 'n heeltemal nuwe struktuur geïmplementeer. In Duitsland was daar byvoorbeeld voor die Franse Rewolusie in 1789 35 universiteite. Teen die einde van die Rewolusie was daar slegs 16 universiteite oor (Charle, 2004:34).

Die nuwe samelewingstrukture wat die Franse Rewolusie met sy Verligtingsideologieë meegebring het, het nuwe universiteitsmodelle vereis. Die eerste model wat ontwikkel is, was die Franse universiteitsmodel. Eie aan die regeringswerkswyse van Frankryk in die tyd van Napoleon se regering was die Franse universiteitsmodel 'n hoogs gereguleerde model. Die staat het aan universiteite voorgeskryf presies watter universiteit watter inhoud moet onderrig, asook watter funksie elke universiteit moet vervul (Charle, 2004:44). Die universiteit was in diens van die staat en moes die staat gedurende die opleiding van landsburgers vir die uitvoering van hul taak bystaan. Tegnikons het 'n belangrike funksie in die Franse universiteitsmodel vervul omdat die tegniconskon daarvoor verantwoordelik was om tegniese vaardighede te onderrig. Hierdie vaardighede was nodig met die oog op die uitbreiding van die land se kapasiteit ten opsigte van die weermag, asook infrastruktuur.

Die Franse universiteitsmodel het volgens Charle (2004:45) vier oogmerke gehad in die sin dat hierdie model

- postrewolusiestatus wou verseker en handhaaf;
- opvoeding in lyn wou bring met staatsbeleid;

- voorkom dat 'n nuwe professionele klas ontstaan; en
- beperking van vrye denke wou daarstel ten einde te verhoed dat enige idees teen die staat ontwikkel.

3. Rolspelers wat betrokke was by die totstandkoming van die Duitse universiteitsmodel van die 1800's

'n Kernbeweging wat bygedra het tot die ontwikkeling van die Duitse universiteitsmodel was die filosofiese Idealismebeweging, soos ontwikkel deur Kant en Literêre Romantiek. Hierdeur is 'n liefde vir nasionale gevoel gekweek. In 1806 het Napoleon die state van Pruise ingeval en oortuigend oorwin. Napoleon se oorrumpeling van die Pruise het die Duitse kultuur in 'n krisis gedompel, met die gevolg dat daar oor die Duitse identiteit herbesin is. In die proses om 'n nuwe Duitse identiteit te vorm waarin die Duitse nasie opgebou word, sou opvoeding en onderrig 'n belangrike rol speel. Hierdie vernedering wat Pruise beleef het, het 'n krisis in die Duitse gemeenskap geskep, en ook gelei tot 'n soeke na 'n vereniging van die Duitse state. Die vernedering wat Napoleon se oorwinning meegebring het, het daartoe aanleiding gegee dat Duitse denkers begin skryf het oor hoe Duitsland as 'n nasie opgebou kon word. Hierdie skrywers wou beklemtoon dat Duitsland weer 'n rol kon speel in die magspolitiek van Europa.

Een van die denkers was Johann Gottlieb Fichte (1762–1814). In 1808 lewer Fichte (1808) sy bekende *Reden an die Deutsche Nation* (Rede aan die Duitse Nasie). Hierin poog Fichte om die Duitsers te definieer en hulle te begelei om 'n opstandsbeweging teen die Napoleonregering van stapel te stuur. Fichte het onder andere in sy skryfwerk ook op die onderwysstelsel van Duitsland gefokus en hoe die opstelling daarvan behoort te geskied ten einde in diens van die Duitse nasie te wees.

'n Ander individu wat 'n rol gespeel het in die vorming van denke rondom die onderwysstelsel van Duitsland was die filosoof en teoloog Friedrich Schleiermacher (1768–1834). In reaksie op Fichte skryf Schleiermacher in 1808 sy *Gelegentliche Gedanken über Universitäten im deutschen Sinn* (Occasional Thoughts on Universities in the German Sense). Hierdie teks sou as 't ware 'n basisdokument vir die Duitse universiteitsmodel word. Fichte en Schleiermacher het beide geglo dat die universiteit, anders as die Franse universiteite, 'n unieke instelling moes wees wat nie onder die gesag van die staat val nie. Die Verligtingsdenke se druk op praktiese kennis het volgens Schleiermacher gelei tot die fragmentering van kennis (Schleiermacher, 1808:44). Binne die Franse model is die universiteit 'n instrument van die staat. Die staat gebruik hierdie instrument om sy burgers vir spesifieke beroepe op te lei. Schleiermacher se liberale benadering was sterk gekant teen die gedagte van staatsabsolutisme. Vir Schleiermacher het die staat die funksie gehad om die universiteit se vryheid te beskerm. State wat egter inneng in die doen en late van universiteite verwoes die wese van die universiteit. Die wese van die universiteit was volgens Schleiermacher die vryheid om 'n navorsingsgees by jongmense te ontwikkel (Schleiermacher, 1808:64).

'n Funksie van die universiteit was die teenwerking van gefragmenteerde kennis. Die naam “universiteit” dui volgens Schleiermacher juis op die geheel en verbondenheid van kennis.

The name ‘university’ itself suggests this, for here it is not a question of collecting several kinds of knowledge, however diverse and worthwhile, but rather presenting the totality of knowledge in such a way that the principles and blueprint of all knowledge are brought to light. (Schleiermacher, 1808:60)

Om die eenheid van kennis te behou, is die filosofiefakulteit verhef tot die moeder van alle wetenskappe. Om isolasie van kennis teen te werk, is die belangrikheid van filosofiese onderrig beklemtoon. Filosofiese onderrig verskaf volgens Schleiermacher (1808:61) belangrike energie vir die verdere ontwikkeling van kennis.

Om die wesensfunksie van die universiteit te verstaan, moet die posisie van die universiteit in die Duitse onderwysstelsel begryp word. Die Duitse onderwysstelsel is verdeel in drie dele:

- die skool, wat verantwoordelik is vir die kind se inleiding tot die geheel van kennis;
- die universiteit, wat verantwoordelik is vir die kultivering van studente se navorsingsgees, asook hulle sistematiese en filosofiese gees; en
- die akademie, wat verantwoordelik is vir die bevordering van kennis.

Volgens Schleiermacher (1808:59) moet die universiteit hom daarop toespits om 'n navorsingsgees by studente te kweek. Om 'n navorsingsgees te kweek, neem nie baie tyd in beslag nie, daarom studeer studente slegs vir 'n kort tydperk aan die universiteit. Studente moet eerder geleer word hoe om te self te leer in stede daarvan dat hulle verdere feitekennis onderrig word. Die Duitse navorsingsgees wat by studente gekweek word, moet daartoe lei dat studente alles vanuit 'n wetenskaplike oogpunt benader. Dit impliseer dat studente geleer moet word dat elke individuele aspek nie in isolasie gesien word nie, maar eerder in die lig van sy diverse, wetenskaplike verbindings. Die universiteit moet dus by studente die vermoë ontwikkel om voortdurend die eenheid en verskeidenheid van kennis te verbind, navorsing te kan doen en nuwe ontdekkings te kan maak.

Die Duitse universiteitsmodel staan ook bekend as die Navorsingsuniversiteitsmodel of as die Humboldt-universiteitsmodel, wat na twee broers vernoem is, naamlik Wilhelm (1767–1835) en Alexander von Humboldt (1769–1859). Die ouer broer, Wilhelm, is in 1809–1810 aangestel as die minister van interne sake. Wilhelm is die taak opgelê om die Nasionale Opvoedkundige Beleid te ontwikkel en 'n nuwe universiteit in Berlyn tot stand te bring. Vanuit 'n staatsoogpunt was die idee met die aantreklike universiteitsmodel bloot om die Franse universiteitsmodel te kopieer. Wilhelm het egter 'n heeltemal ander rigting ingeslaan. Onder die invloed van denkers soos Fichte en Schleiermacher het Wilhelm die koning oortuig om eerder 'n ander universiteitsmodel te volg. Die grondslag van die universiteitsmodel wat Wilhelm voorgestel het, was die Verligting se konsep van vryheid.

Die Franse universiteitsmodel het 'n groot impak gehad op die verandering en vernuwing van die universiteitstelsel, veral ten opsigte van tegniese opleiding en die toerusting van studente vir die werksplek. Franse akademici het egter erken dat die Duitse universiteitsmodel die beste model was wat wêreldwyd 'n groter invloed uitgeoefen het (Rüegg, 2004:11).

Die implementering van die universiteitsmodel wat Wilhelm von Humboldt voorgestel het, het nie van die begin af verloop soos wat hy dit in beleide voorgestel het nie. Die belang van Humboldt se bydrae was egter daarin geleë dat hy 'n konsepraamwerk geskep het wat gebruik kon word om 'n universiteitsmodel te bedink. In 1810 skryf Wilhelm von Humboldt sy bekende en invloedryke “On the Internal and External Organization of the Higher Scientific Institutions in Berlin”. Twee kernbeginsels het Humboldt se gedagtes rakende universiteitsopleiding gevorm, naamlik die verhouding tussen die universiteit en die staat en die humanistiese ideale van vryheid.

Die begrip “vryheid” was die belangrikste konsep binne Humboldt se universiteitsmodel. Die opbou van die Duitse nasietrots was belangrik in die geskryfte van die tyd, veral ná afloop van die bewind van Napoleon se regering. Humboldt (1810:2) skryf dat die Germane 'n ingeboude sin vir navorsing en wetenskapsbeoefening (*Wissenschaft*) het en dat dit nie

onderdruk moet word nie. Eerder moet die vryheid van die professor (*Lehrfreiheit*) asook die vryheid van die student (*Lernfreiheit*) behou en gekoester word. Hierdie akademiese vryheid moet ten alle koste in die universiteit beskerm word. Die skool moet die kind voorberei om gereed te wees vir wetenskap, en dan moet die student toegelaat word om hierdie vryheid te beleef. Die vryheid was egter nie net gesetel in die vryheid om te onderrig wat dosente wou onderrig of in vryheid navorsing te doen nie, maar ook vryheid van die universiteit teen die staat en die kerk (Bara, 2015:1). Humboldt (1810:4) het geglo dat dit alleenlik die taak van die staat was om die finansiële versorging van die universiteit te verseker. Die finansiële versorging van die universiteit moes geskied deur die voorsiening en versorging van personeel en dosente, en ten tweede moes hulle vryheid verseker word sodat hulle hul werk kon uitvoer.

'n Ander invloedryke konsep wat deur Humboldt uitgewerk is, was *Bildung*. Humboldt (1810:8) het die gedagte van *Bildung* ontwikkel vanuit sy leeswerk van antieke Griekse tekste. *Bildung* as konsep het te doen met leergierigheid en die opbou van idees en konsepte tot vorming van die student as kritiese burger en selfs akademikus. Voorts is *Bildung* ook die proses en uitkoms van intellektuele ontwikkeling. Dit is anders as die blote opbouing van studente; dit sluit die fokus van die studente se opleiding ten opsigte van die student se vorming as akademikus in. Die kombinasie van filosofiese kennis en navorsingsvaardighede wat by 'n student gekultiveer word, vorm deel van *Bildung*. *Bildung* het ten doel om 'n student sover te kry om self verantwoordelikheid vir sy/haar eie leer te neem (Grafton, 1981:374).

Onderliggend aan al hierdie konsepte was 'n sterk nasionalistiese idee van die Duitse navorsingsgees. Die Duitse navorsingsgees is voorgelou as iets wat uniek tot die Duitser se wese was. Hierdie navorsingsgees simboliseer iets van 'n deeglikheid en afgerondheid ten opsigte van navorsing. 'n Navorsingsgees as deel van die Duitser se wese moes op skoolvlak gekweek word. Die Duitse navorsingsgees verteenwoordig 'n gesindheid van groei in wetenskaplike kennis, asook wetenskaplike verantwoordelikheid. Die sukses van die Duitse universiteitsmodel het vinnig begin versprei dermate dat selfs die Franse die Duitse universiteitsmodel nagestreef het. Amerika en Engeland het hulle studente gestuur om eerder in Duitsland verder te gaan studeer. Die waarde van 'n kwalifikasie wat by 'n Duitse universiteit verwerf is, is beskou as van hoër waarde as enige ander verwerfde kwalifikasie by nie-Duitse universiteite (Axtell, 2016:25).

4. Die invloed van die Duitse universiteitsmodel op verdere ontwikkeling binne universiteitswese

A. Universiteit-en-staat-verhouding

Die Verligtingsideale het teen die einde van die 18de eeu begin deursyfer. Dit het tot gevolg gehad dat die nasiestate gesekulariseer het, waar die Teologiefakulteite na teologiese skole – los van die universiteit – geskuif het. Die belang van nasionale opvoedkundige beleid het toegeneem, waar die universiteit in diens van die staat gestaan het (Rüegg, 2004b:3). Die gedagte onderliggend aan die Duitse universiteitsmodel was dat die staat die vryheid van die universiteit moet verseker. Die staat mag egter nie ingemeng het in die dinge wat in die universiteite onderrig word nie. Hierdie was die gedagte agter die vrye universiteitsidee wat Abraham Kuyper gepoog het om te implementeer toe hy die Vrye Universiteit van Amsterdam gestig het.

Die samewerking tussen universiteit en staat binne die Duitse universiteitsmodel was egter bloot 'n skynvryheid in die opsig dat die staat nie verplig was om wel die universiteit

vir die uitvoering van sy agenda te gebruik nie. Staatsbefondsing van universiteitsprojekte betreffende navorsing het universiteite egter spoedig so afhanklik van die staat gemaak dat universiteite mettertyd staatseïendom geword het. Universiteite het dus vir 'n beperkte tyd skynvryheid beleef tot die uitbreek van die Eerste en Tweede Wêreldoorlog, waarna dit duidelik geword het dat die universiteit eintlik die eiendom van die staat is (Kwiek, 2006:13).

Die Verligting se strukturering van die staat- en universiteitverhouding wat in beide die Franse en Duitse universiteitsmodelle sigbaar geword het, het volgens Glanzer *et al.* (2017:106) uiteindelik bygedra tot die verlies aan identiteit, sin en doel van die universiteit in die 20ste eeu. Die feit dat die staat verantwoordelik gemaak is vir die beskerming van die universiteit binne die Duitse universiteitsmodel het meegebring dat die staat die universiteit as sy eiendom beskou het. Die sterk beheer van die staat oor die universiteit het gemaak dat die universiteit deel van sy wensensfunksie verloor het, omdat dit 'n deel van sy akademiese vryheid prysgegee het. Die universiteit het slegs 'n instrument van die staat geword, wat slegs die instruksies van die staat uitvoer en nie waag om krities teenoor die staat te staan nie, omdat hulle hul staatsubsidie kan verloor.

B. *Die rol van dosente*

Die Duitse universiteitsmodel se groot klem op vryheid het die rol van die dosent wesentlik verander. Die groei van studentegetalle tesame met staatsbefondsing het gelei tot die professionele professor wat sy lewe aan navorsing kon wy. Hierdie vryheid wat die professionele professore geniet het, het ook meegebring dat kreatiwiteit bevorder is, wat as 't ware omgewings geskep het waar die "Albert Einsteins" (1879–1955) hul teorieë kon ontwikkel. Nie alle studente het egter waardering gehad vir die dosente wat almal hulle stokperdjies binne hul akademiese vryheid gevolg het nie.

Teen die einde van die 19de eeu het dit begin duidelik word dat die Duitse universiteitsmodel eerder vir die adelstand as vir die massas ontwikkel is (Watts, 2018:565). Die groei van studentegetalle het tot die toename van swakker opgeleide dosente gelei, en hulle moes 'n "diens" aan die groot studentegetalle verrig. Hierdie diens is verrig deur *Privatdozentin* (Charle, 2004:59). Hierdie dosente was die groep waaruit die professore gekies is. Die heersende vryheidsgees binne die Duitse universiteitsmodel het ook gelei tot groeiende kompetisie tussen die verskillende state om studente te werf. Om hulle aansien te versterk en hulle "mark" te verbreed, het individuele state die geleentheid gehad om bekende professore by hul universiteite aan te stel. Studente het dus agter dosente aangetrek.

Die groei in studentegetalle het verder meegebring dat dosente nog beter vergoed kon word. Sodoende het hulle nie meer nodig gehad om ander werk vir addisionele inkomste te doen nie. Dit het daartoe gelei dat hulle meer op navorsing en navorsingsuitsette kon fokus. Heyns (2013:7) verwys na hierdie belangrike toevoeging van navorsing tot die onderrigfunksie as "the first major paradigm change since the creation of the university as institution took place". Die Duitse universiteitsmodel het dit vir state moontlik gemaak om die ekonomiese waarde van universiteite vir navorsing raak te sien. Kerr (2001:32) toon aan op watter wyse die Duitse universiteitsmodel binne die sogenaamde multiversiteit (die universiteit van die 21ste eeu) sy hoogtepunt gevind het. Die ekonomiese navorsingswaarde van die dosent is beseft en die dosent is nie meer primêr beskou as 'n persoon wat ander onderrig nie. Intendeel "the higher a man's standing, the less he has to do with students."

Die Duitse universiteitsmodel se klem op vryheid binne navorsing het verder 'n tipe "onsigbare universiteit" geskep. Dosente het die vryheid gebruik om oor nasionale grense

heen hulle navorsing te deel. Konferensies en internasionale akademiese organisasies het algemeen geraak. Die uniekheid van die Duitse wetenskaplike navorsingsgees is teen die einde van die 19de eeu na ander groot universiteite in die wêreld oorgedra. Dit het tot gevolg gehad dat navorsing deel gevorm het van die universiteit se taak, waar die dosente se taakooreenkomste voortaan navorsingsuitsette vereis het.

Axtell (2016) toon aan hoe die oorspoel van die Duitse universiteitsmodel na Amerikaanse universiteite meegebring dat daar 'n groot toename en belangstelling in die navorsing van dosente ontwikkel het. Hierdie toename en belangstelling in die navorsing van dosente het die bekende “publish or perish”-kultuur wat binne hedendaagse universiteite heers, meegebring. “Since published research and scholarship was increasingly the currency of academe, American universities and elite colleges could establish or ratchet up policies of ‘publish or perish’ for promotion and, eventually, tenure” (2016:272-273).

C. Eise aan studente

Namate samelewingsnood verander het en die behoefte aan spesifieke beroepe vir die samelewing ontwikkel het, is die universiteite ingerig om in daardie behoefte te voorsien. Die Duitse universiteitsmodel wat groot klem op vryheid geplaas het, het ook die gedagte ingesluit dat die universiteit tot die beskikking van enigiemand behoort te wees. Bara (2015:2) toon aan dat die Duitse universiteitsmodel die weg gebaan het vir die ontwikkeling van Hoëronderwys as 'n menslike reg en dat universiteite nie net vir die elite is nie.

Tesame met die industrialisasie van die 18de en 19de eeu – wat gevoed is deur die vooruitgang in wetenskaplike ontwikkeling – het die universiteite geweldige groei in studentegetalle beleef. Die Duitse universiteitsmodel het grootliks bygedra tot die ommekeer van universiteite se groei. Meer nog het hierdie model egter ook bygedra tot die besef van universiteite se noemenswaardige waarde tot die opheffing en ontwikkeling van die samelewing.

Die Duitse universiteitsmodel het wel aan die einde van die 19de eeu voor bepaalde krisisse te staan gekom. Hierdie universiteitsmodel was geneig om 'n onderrighiërgie te skep. Dit het aanleiding gegee tot 'n eie burokrasie, wat tot 'n afname in kreatiwiteit, innovasie en inkorporering van nuwe tegnologie in universiteitsnavorsing gelei het.

Die dryf na die styging in studentegetalle het daartoe gelei dat die studentegetalle van die universiteite in Duitsland in 1914 vier maal groter as in 1865 was. Die groot groei in studentegetalle het meegebring dat die universiteite al hoe meer *Brotstudenten* gehad het. *Brotstudenten* was studente uit die middelklas van die samelewing. Hierdie studente wat op die broodlyn geleef het, was ver verwyder van die gedagte van 'n navorsingsgees. Hulle het eerder 'n oorlewingsgees gehad, en gevolglik was universiteitsopleiding 'n middel tot 'n doel en nie 'n doel op sigself nie. Die middelklas-universiteitstudente wou studeer en klaar studeer (Charle, 2004:59). Om deur te kom en hulle studie teen die minimale koste so spoedig moontlik te voltooi, was hulle enigste opsie.

Dit was teen hierdie agtergrond wat die Duitse universiteitsmodel se gedagte van vryheid teen homself begin werk het en tot die teenwerking van die navorsingsgees binne die universiteit gelei het. Voorts het die liberale houding van die Duitse universiteitsmodel ook daartoe gelei dat die universiteit nóg moeilikheid vir homself op die hals gehaal het. Dit word gesê in die lig daarvan dat die universiteit te veel studente gehad het in 'n tyd waarin die land in groot nood verkeer het. Dit het tot gevolg gehad dat 'n vlag van werklose afgestudeerde studente ontstaan het. Hierdie verskynsel was 'n voorsmakie van die moderne multiversiteite van die 20ste eeu.

Kerr (2001:31-32) beskryf op watter wyse die Duitse universiteitsmodel se gedagte van *Lernfreiheit* eers werklik in die multiversiteit tot 'n hoogtepunt gekom het asook die talle uitdagings wat dit vir studente in die multiversiteit te weeg gebring het. Volgens Kerr is die multiversiteit 'n verwarrende plek vir die student. Hy het probleme om sy identiteit en gevoel van veiligheid daarbinne te vestig. Maar dit bied hom 'n reeks keuses, genoeg om letterlik die gedagtes in mekaar te laat tuimel. In hierdie reeks keuses kom hy die dilemmas van vryheid teë. Die Duitse universiteitsmodel se *gedagte van Lernfreiheit* – vryheid van die student om te kies en te keur, om te bly of om aan te beweeg, is triomfantlik binne die multiversiteit.

D. Kurrikulumherstrukturering

Binne die Duitse universiteitsmodel is teologie as die moeder van alle wetenskappe vervang met filosofie. Om te voorkom dat die vryheid van dosente se navorsing nie tot gefragmenteerde kennis sou lei nie, is filosofie as die samebindende faktor tussen die verskillende vakwetenskappe beskou. Daar is van studente verwag om in filosofie geskool te wees en dan veral in die filosofiese idees van die Idealisme en die Romantiek. Deel van die Duitse universiteitsmodel was dat die filosofie nie bloot voorbereidend moes wees tot ander vakwetenskappe nie, maar dat dit die belangrikste vakwetenskap van al die vakwetenskappe moes wees. Die geheelbeeld word deur 'n sterk sin vir filosofie behou en daarom ook die belangrikheid van filosofie. Met betrekking hiertoe vind ons steeds op eietydse doktorsgraadsertifikate die letters “PhD”, wat staan vir *Philosophiae Doctor*. Hiermee word aangedui dat die persoon die basiese filosofiese beginsels van sy vakgebied beheers en daarbinne verdere navorsing kan doen. Die doel van alle onderrig was nié die oordrag van 'n massa feite nie, maar eerder die ontwikkeling van die student se intellek (Grafton, 1981:378).

Die groot invloed wat die Duitse universiteitsmodel op die kurrikulum uitgeoefen het, was die verandering wat deur Charles Eliot teweeggebring is. In 1869 is Eliot aangestel as president van Harvard. Eliot was verantwoordelik vir die dramatiese transformasie van Harvard tot 'n groot universiteit. Hy het teen die einde van die 19de eeu bekendheid verwerf vir die samestelling van die elektiewe kurrikulumstelsel. Eliot het weggedoen met al die vrye kunste (“liberal arts”), met die uitsondering van een retoriekmodule op eerstejaarsvlak (Adriaan, 2003:22). Eliot het die elektiewe kurrikulum ontwikkel vanuit die Duitse universiteitsmodel se begrip van *Lehrfreiheit* en *Lernfreiheit*. By laasgenoemde was die fokus gerig op die student se vryheid, wat die klem geplaas het op die student se vryheid om sy eie kurrikulum saam te stel. Die klassieke Christelike universiteitskurrikulum van die vrye kunste is in die 19de eeu deur die elektiewe stelsel vervang. 'n Streng fokus op die wetenskaplike metode en die nuwe elektiewe kurrikulumstelsel, soos geïmplementeer deur Harvard, het die klassieke vrye kunste asook godsdiens in die universiteit onder groot druk geplaas. Dit het tot gevolg gehad dat sekularisering binne universiteite spoedig versprei het.

Daar is nie duidelike bewyse dat Eliot anti-Christelik was nie. Hewige debatte het wel ontstaan oor die effek wat die elektiewe kurrikulumstelsel op Christelike universiteite sou hê. In hierdie opsig het die president van Princeton, James McCosh, in 1885 sy vrees uitgespreek dat 'n elektiewe stelsel 'n skeiding tussen Christelike universiteite sou meebring. In 1896 het Woodrow Wilson (1896), die destydse president van Princeton, soortgelyke bedenkinge uitgespreek in sy toespraak, *Princeton in the Nation's Service*. Hoewel hy versigtig was om wetenskaplikes te kritiseer, het hy gevoel dat die wetenskap 'n gees van eksperimentering en minagting vir die verlede gekweek het. Verder het hy ook klem gelê daarop dat mense begin

veronderstel dat die wêreld wat onsigbaar is (die transendente wêreld), onwerklik is. Wilson het ook in sy toespraak uitgelig dat die ergste van alles was dat mense meer in die hede en toekoms as in die verlede begin glo het. Ten spyte van kommer wat deur sommige leiers in hoër onderwys uitgespreek is, het Harvard die patroon vir die meeste universiteite in die 20ste eeu daargestel (Hofstadter, 1961:726).

Volgens Glanzer *et al.* (2017:139) was Eliot se elektiewe kurrikulum wat vanuit die Duitse universiteitsmodel se begrip van *Lehrfreiheit* en *Lernfreiheit* ontwikkel het, die begin van die fragmentering in die universiteite se kurrikulum. Hierdie fragmentering in die kurrikulum het meegebring dat silo's van verskillende vakwetenskappe in universiteite ontwikkel het, en die geheel van kennis binne universiteite verlore geraak het. Soos reeds aangetoon, was 'n funksie van die universiteit volgens die stigters van die Duitse universiteitsmodel juis die teenwerking van gefragmenteerde kennis. Tog het Eliot se oorbeklemtoning van *Lehrfreiheit* en *Lernfreiheit* meegebring dat 'n wesensverandering in universiteite ingetree het waar die fragmentering van kennis nie teengewerk word nie, maar intendeel verder bevorder word.

5. Gevolgtrekking

In hierdie studie is 'n oorsig gebied van die Franse universiteitsmodel as voorloper van die Duitse universiteitsmodel. Verder is die rolspelers wat betrokke was by die totstandkoming van die Duitse universiteitsmodel bespreek. Laastens is daar ook 'n bespreking gewy aan hoe die Duitse universiteitsmodel die universiteitswese op bepaalde maniere beïnvloed het. Vanuit die studie is aangetoon dat die Franse Rewolusie en die uitvloeisel daarvan tydens die bewind van Napoleon 'n noemenswaardige effek op die universiteitswese gehad het. Die studie toon aan dat die groot ommekeer van die 19de-eeuse universiteitswese egter deur die implementering van die Duitse universiteitsmodel geskied het.

Vryheid was die onderliggende konsep waarmee die Duitse universiteitsmodel geassosieer is. Tog was dit die sentrale belang van navorsing in die Duitse universiteitsmodel wat 'n blywende invloed op die universiteitswese sou laat. Die studie het aangetoon hoe die navorsingsgerigtheid van die Duitse universiteitsmodel 'n blywende invloed gehad het op kontemporêre kwessies binne universiteite vandag. Ten opsigte van die universiteits-staat-verhouding is die staat verantwoordelik gemaak vir die beskerming van die universiteit binne die Duitse universiteitsmodel. Dit het meegebring dat die staat die universiteit as sy eiendom beskou het. Die sterk beheer van die staat oor die universiteit het gemaak dat die universiteit deel van sy wensfunksie verloor het, omdat dit 'n deel van sy akademiese vryheid verloor, 'n kwessie wat vandag steeds binne universiteitswese heers.

Die Duitse universiteitsmodel se klem op navorsing het 'n groot paradigmatuif binne universiteite meegebring. Dit het onder andere daartoe gelei dat die taak van die dosent verskuif het vanaf die onderrig van die student na navorsing en ook die "publish or perish"-kultuur te weeg gebring. Die Duitse universiteitsmodel se gedagte van *Lehrfreiheit* en *Lernfreiheit* het eers werklik in die multiversiteite tot 'n hoogtepunt gekom en talle veranderinge vir studente en kurrikuleerders veroorsaak. Vir studente het 'n ongekende vryheidsgees ontwikkel waar die student in die reeks keuses die dilemmas van vryheid teëgekome het. Vir die kurrikuleerders het die oorbeklemtoning van *Lehrfreiheit* en *Lernfreiheit* meegebring dat 'n wesensverandering in universiteite ingetree het, waar die fragmentering van kennis bevorder is.

BIBLIOGRAFIE

- Adrian, W. 2003. Christian Universities in Historical Perspective. *Christian Higher Education*, 2(1):15-33.
- Axtell, J. 2016. *Wisdom's Workshop: The Rise of the Modern University*. New York: Princeton University Press.
- Bara, FE. 2015. Wilhelm von Humboldt, Cardinal John Henry Newman, and José Ortega y Gasset: Some Thoughts on Character Education for Today's University. *Journal of Character Education*, 11(1):1-13.
- Böckh, A. 1877. *Encyklopädie und Methodologie der Philologischen Wissenschaften*. Leipzig: B.G. Teubner.
- Charle, C. 2004. Patterns. In: Rüegg, W (ed.). *A History of the University. Volume III, Universities in the Nineteenth and Early Twentieth Centuries (1800–1945)*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 33-80.
- Fichte, JG. 1808. *Reden an die Deutsche Nation, (Vol. 588)*. Hamburg: Felix Meiner Verlag.
- Glanzer, PL, Alleman, NF & Ream, TC. 2017. *Restoring the soul of the university: Unifying Christian higher education in a fragmented age*. Downers Grove: InterVarsity Press.
- Grafton, A. 1981. Wilhelm von Humboldt. *The American Scholar*, 371-381.
- Heyns, M. 2013. The economic university: a brave new paradigm?. *Phronimon*, 14(2):1-24.
- Hodes, R. 2017. Questioning 'fees must fall'. *African Affairs*, 116(462):140-150.
- Hofstadter, R & Smith, W. 1961. *A Documentary History of American Higher Education*. Chicago: University of Chicago Press.
- Kerr, C. 2001. *The uses of the university*. Harvard University Press.
- Kwiek, M. 2006. *The classical German idea of the university revisited, or on the nationalization of the modern institution*. Poznan: Center for Public Policy Studies.
- Mannoia, VJ. 2015. Christian higher education: an education that liberates. *Christian High Education*, 14(1/2):89-107.
- Rüegg, W. 2004a. Themes. In: De Ridder-Symoens, H (ed.). *A History of the University: Universities in Early Modern Europe (1500–1800)*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 3-42.
- Rüegg, W. 2004b. Themes. In: Rüegg, W (ed.). *A History of the University, Volume III: Universities in the Nineteenth and Early Twentieth Centuries (1800–1945)*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 3-31.
- Rüegg, W. 2004c. Themes. In: Rüegg, W (ed.). *A History of the University in Europe. Volume IV. Universities since 1945*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 3-30.
- Schleiermacher, F. 1808. Occasional Thoughts on German Universities in the German Sense. In: Menand, L, Reitter, P & Wellmon, C (eds). 2017. *The Rise of the Research University: A Sourcebook*. Chicago: University of Chicago Press, pp. 29-44.
- von Humboldt, W. 1810. On the internal and external organization of the higher scientific institutions in Berlin. In: Dunlap, T. 1995. *From Absolutism to Napoleon, 1648–1815*. Volume 2. Berlin: *German History in Documents and Images*, pp. 1-6.
- Wachelder, J. 2012. De universiteit en de stad, 1800-2000: Nabeschouwing. *GEWINA/TGGNWT*, 24(2):126-137.
- Watts, R. 2018. Book Review: Berlin: *The Mother of all Research Universities 1860–1918*, by Charles E. McClelland; Nottingham: *A History of Britain's Global University*, by John Beckett. <https://www.tandfonline.com/doi/abs/10.1080/0046760X.2017.1406154?journalCode=thed20> [Date of access: 7 June 2022].
- Wilson, W. 1896. Princeton in the Nation's Service. *Science*, 4(103):908-910.

Taal as wêreldontsluiting: 'n Krities-waarderende interpretasie

Language as world disclosure: A critical-appreciative interpretation

PIETER DUVENAGE

Buitengewone Professor
Departement Filosofie, Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Dekaan: Geesteswetenskappe, Akademia
Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: pd@akademia.ac.za



Pieter Duvenage

PIETER DUVENAGE het in Suid-Afrika en Duitsland in die filosofie studeer. Nadat hy in 1994 sy doktorsgraad behaal het, word hy in 1995 senior lektor, in 1997 medeprofessor en in 2001 professor. Van 2011 tot 2018 was hy professor en hoof van die Departement Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat. Sedert 2019 is hy Dekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe van Akademia in Centurion. Hy is die skrywer of medeskrywer van verskeie boeke en bykans 50 geakkrediteerde artikels in vaktydskrifte en boeke. Sy jongste boekpublikasie is *Afrikaanse Filosofie* (Stellenbosch, Sun Press, 2016). Sedert 2003 is hy 'n Nasionale Navorsingstigting-(NNS)-geakkrediteerde navorsers, sedert 2004 lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en van 2005 tot 2008 was hy president van die Wysgerige Vereniging van Suider-Afrika (PSSA). Hy was redakteur van die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* (UV, 2015–2019). Sedert 2015 is hy ook 'n professorale genoot by die British Idealism and Collingwood Centre aan die Universiteit van Cardiff (VK) en vanaf 2022 'n buitengewone professor in filosofie by die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom). Hy dien op die direksies en rade van 3 instellings.

PIETER DUVENAGE studied philosophy in South Africa and Germany. After receiving his doctorate in 1994, he was appointed senior lecturer in 1995, associate professor in 1997 and professor in 2001. From 2011 to 2018 he served as professor and head of the Department of Philosophy at the University of the Free State. Since 2019 he has been Dean of the Faculty of the Humanities at Akademia in Centurion. He is author or co-author of several books and about 50 accredited articles in journals and books. His most recent book publication is *Afrikaanse Filosofie* (Stellenbosch, Sun Press, 2016). He has been a NRF (National Research Foundation) accredited researcher since 2003 and a member of the *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* since 2004; he was also president of the Philosophical Society of Southern Africa (PSSA) from 2005 to 2008. He was editor of the *Journal for Contemporary History* at the UFS (2015–2019). Since 2015 he has been a professorial fellow in the British Idealism and Collingwood Centre at Cardiff University (UK) and since 2022 extraordinary professor of philosophy at the Northwest University (Potchefstroom). He serves on the boards of three institutions.

Datums:

Ontvang: 2022-10-28

Goedgekeur: 2022-10-28

Gepubliseer: Desember 2022

ABSTRACT***Language as world disclosure: A critical-appreciative interpretation***

The issue of language as world disclosure forms the core of this contribution. In this process the following questions are asked: What is the role of language in society? Is language simply a tool that mankind can use at will or is there more at stake? How should language be thought of in contemporary societies and democracies?

To answer these questions, Heidegger's conception of language as world disclosure will be considered. Section 1 starts with an attempt to understand his view of language by making a distinction between world disclosure 1 and world disclosure 2. World disclosure 1 is about the disclosure of an already interpreted, symbolically structured world – the world within which we always already find ourselves. It is a world that we form in order to question reality, and the categories according to which we usually see it – a position that Heidegger outlines in Being and Time. After Heidegger's so-called Kehre in the 1930s, so it is argued, Heidegger moves to a version of world disclosure 2 where the subject's contribution to truth and knowledge is limited, while the role of Being is highlighted. In addition, the traditional assignment of truth to propositional statements in normal language usage also becomes less prevalent. World disclosure 2 thus refers as much to finding and disclosing existing horizons of meaning as to disclose previously hidden dimensions of meaning.

This section on Heidegger's position on language as world disclosure is concluded by raising three points of criticism – especially with world disclosure 2 in mind. These points of criticism include an aestheticisation of reality, the propositional nature of language, and the regard or disregard of the role of the public sphere.

Section 2 focuses on Habermas's response to Heidegger via his communicative-rational conception of validity claims. It is particularly about how he interprets Heidegger's concept of world disclosure 2 after his Kehre in the 1930s. As an alternative, Habermas is of the opinion that within a holistically structured world of meaning one can still use its conditions to speak and act relatively autonomously and reflexively. The ability of people to raise and challenge validity claims is the beginning of learning processes that can retroactively change previous worldviews. In his alternative, Habermas argues that philosophy and literary criticism are closely related to the universality of the sciences. Like other specialised languages, such as science, law, morality, economics, and political science, they make use of clarifying metaphors only if they satisfy the purposes of problem solving. In all these cases, the literary dimensions of language use are secondary to the different forms of argumentation.

At the end of section 2, points of criticism are also raised on Habermas's position. It includes Habermas's narrowing down of Heidegger's position to world disclosure 2, the concept of universalisation, and the role of world disclosure for semantic innovation.

In the last section (3), the respective positions of Heidegger and Habermas are mediated, but a move beyond them is also suggested. The point here is that there is no need to frame world disclosure and communicative reason (via validity claims) in mutually exclusive terms, as both Heidegger and Habermas tend to do. The contribution ends with a discussion of the political and aesthetic implications of the preceding discussion – also with reference to the complex nature of multicultural democracies.

KEYWORDS: communicative reason, Habermas, Heidegger, *Kehre*, public sphere, validity claims, world disclosure 1, world disclosure 2

TREFWOORDE: geldigheidsaansprake, Heidegger, Habermas, *Kehre*, kommunikatiewe rasionaliteit, openbare sfeer, *wêreldontsluiting 1*, *wêreldontsluiting 2*

OPSOMMING

Die fokus van hierdie bydrae is die kwessie van taal as wêreldontsluiting. Sentrale vrae in dié opsig is: Wat is die rol van taal in die samelewing? Is taal bloot 'n instrument wat die mens na goëddunke kan gebruik of is daar meer op die spel? Hoe moet daar oor taal gedink word in kontemporêre samelewings en veral demokrasieë? Om hierdie vrae te beantwoord, val die bydrae in drie afdelings uiteen.

In afdeling 1 word Heidegger se opvatting van taal by wyse van 'n onderskeid tussen *wêreldontsluiting 1* en *wêreldontsluiting 2* geïnterpreteer. In dié opsig speel Heidegger se *Kehre* in die 1930's 'n belangrike rol. Afdeling 1 eindig met drie punte van kritiek wat teen Heidegger se begrip van wêreldontsluiting – en veral *wêreldontsluiting 2* – geopper kan word.

In afdeling 2 word Habermas se reaksie op Heidegger, naamlik sy kommunikatief-rasionele opvatting van geldigheidsaansprake, krities gerekonstrueer. Dit gaan hier veral oor sy kritiek op Heidegger se taalopvatting, as *wêreldontsluiting 2*, na sy *Kehre* in die 1930s. Hierdie afdeling word eweneens met drie punte van kritiek op Habermas se taalopvatting afgesluit.

In die laaste afdeling (3) word daar tussen die onderskeie posisies van Heidegger en Habermas bemiddel, maar ook daarby verbybeweeg. Die punt hier is dat dit nie nodig is om wêreldontsluiting en geldigheidsaansprake in wedersyds eksklusiewe terme, soos beide Heidegger en Habermas neig, te maak nie. Uiteindelik eindig die bydrae met 'n bespreking van die politieke en estetiese implikasies van die voorafgaande bespreking – ook met verwysing na die komplekse aard van multikulturele demokrasieë.

Inleiding

In hierdie bydrae staan die tema van taal as wêreldontsluiting voorop. Hiermee saam kom vrae soos: Wat is die rol van taal in die samelewing? Is taal bloot 'n instrument wat die mens na goëddunke kan gebruik of is daar meer op die spel? Hoe moet daar oor taal gedink word in kontemporêre demokrasieë? Om hierdie vrae te beantwoord, is Heidegger se opvatting van taal as wêreldontsluiting 'n goeie begin. In afdeling 1 word sy posisie nie net in terme van die onderskeid tussen *wêreldontsluiting 1* en *wêreldontsluiting 2* geïnterpreteer nie, maar word ook reeds in die vroeë stadium sekere kritiese punte teenoor Heidegger se taalopvatting gemaak.¹ Hierna word Habermas se reaksie op Heidegger, nl. sy kommunikatief-rasionele opvatting van geldigheidsaansprake, ook krities gerekonstrueer (afdeling 2). Dit gaan hier veral oor hoe hy Heidegger se taalopvatting, wêreldontsluiting 2, ná sy *Kehre* in die 1930's interpreteer.²

In die laaste afdeling (3) word daar tussen die onderskeie posisies van Heidegger en Habermas bemiddel, maar ook daarby verby beweeg. Die punt hier is dat dit nie nodig is om wêreldontsluiting en geldigheidsaansprake in wedersyds eksklusiewe terme, soos beide denkers neig, te maak nie. Uiteindelik eindig die bydrae met 'n bespreking van die politieke, estetiese implikasies van die voorafgaande bespreking – ook met verwysing na die komplekse aard van multikulturele demokrasieë.

¹ Volgens Bohman (1994:82) het die begrip wêreldontsluiting ook in velde soos linguistiek, epistemologie en kulturele antropologie beweeg. So kan heel verskillende sake onder die begrip tuisgebring word: van gewone klassifikasieskemas, tot nuwe poëtiese taal, en epogale historiese ervarings van radikale innovering in kulture. Skepping en ontdekking is wederkerig.

² Hierdie bydrae is 'n Afrikaanse geredigeerde verwerking van die slothoofstuk van Duvenage (2003).

1. Heidegger: Taal as wêreldontsluiting

In sy beroemde vroeëre werk, *Sein und Zeit* (1927), beskryf Heidegger (1962) taal as 'n medium waarin alles wat in die wêreld voorkom, vooraf bepaal word. Die epistemologiese implikasie van hierdie siening is dat taal sigself nie op die basis van kennisgroeï of leerprosesse kan hersien nie – taal is eerder die *huis van die Syn* wat die wêreld waarin ons dink, klassifiseer en oordeel ontsluit.³ In 'n geskiedsfilosofiese sin is taal 'n kontingente synsgebeure (*Seinsgeschehen*) waarin ons geworpe is. In *Sein und Zeit* (Syn en Tyd) is elke poging van die mens (*seienden*) om in die openbare sfeer te klassifiseer, slegs op grond van 'n "... voorafgaande Syn-beslag" moontlik (Lafonte, 1994:51-52). Wêreldontsluiting bepaal dus *a priori* vooraf hoe "dinge is" – hoe dit verstaan moet word en "immuniseer" sigself sodoende teen enige binnewêreldse ervaring (Heidegger, 1962:256-273). In sy vroeë werk formuleer Heidegger die konsep van wêreldontsluiting en waarheid op só 'n wyse dat dit nie meer afhanklik is van óf tradisioneel-metafisiese, óf subjekgesentreerde fundamente nie. In die plek daarvan bied hy sy interpretasie van die menslike bestaan, *Dasein*, in-die-wêreld aan – wat nie dieselfde is as die outonome individuele subjek nie. Ter wille van hierdie bydrae en die argumente wat volg, kan mens hierdie opvatting van wêreldontsluiting by Heidegger as *wêreldontsluiting 1* beskryf. Dit gaan hier oor die ontsluiting van 'n reeds geïnterpreteerde, simbolies gestruktureerde wêreld – die wêreld waarbinne ons onself altyd reeds bevind. Dit is 'n wêreld wat ons vorm om die werklikheid, en die kategorieë waarvolgens ons dit gewoonlik sien, te bevraagteken – 'n posisie wat Heidegger in *Sein und Zeit* soos hier bo gestel, uiteensit.

Dit is egter so dat waar daar in *Sein und Zeit* (vertaal as *Being and Time* (Heidegger, 1962)) steeds 'n epistemologiese en kommunikatiewe ruimte vir 'n tipe transendentale subjek is, Heidegger se posisie radikaal verander in sy sogenaamde *Kehre* van die 1930's, wanneer wêreldontsluiting in verskeie essays, maar veral sy essay oor die oorsprong van die kunswerk as waarheidsgeskenk, geïnterpreteer word (Heidegger, 1993:200). Volgens hierdie weergawe van wêreldontsluiting (vir ons doeleindes *wêreldontsluiting 2*) word die subjek se bydrae tot waarheid en kennis beperk, terwyl die rol van *Syn* uitgelig word (Heidegger, 1993:119). Hiermee saam word die tradisionele toewysing van waarheid aan proposisionele stellings in normale taalgebruik ook minder belangrik. *Wêreldontsluiting 2* verwys dus net soveel na die vind en ontsluiting van bestaande betekenishorisonne as na die ontsluiting van voorheen verborge betekenisdimensies.⁴ *Wêreldontsluiting 2* kan dus, soos Kompridis (1994:30, 37) dit stel, verenigend of desentrenderend te werk gaan. In laasgenoemde geval is dit 'n betekenis-kreatiewe proses waar innoverende denke in staat is om wêreld te ont- en herskep.⁵

Heidegger (1993:121) argumenteer ná sy *Kehre*, en volgens die logika van *wêreldontsluiting 2*, dat 'n ding slegs binne 'n oopte verskyn wat nie die gevolg van die korrespondensie tussen subjek en objek is nie – maar as 'n oopte van verhoudinge (*Verhältnis*). Met ander

³ Vir 'n latere formulering hiervan, kyk Heidegger (1993:217) in sy beroemde brief oor die humanisme.

⁴ Die onderskeid tussen *Wêreldontsluiting 1* en *Wêreldontsluiting 2* is deur Kompridis (1994) beïnvloed. Ook Bohman (1994:82-83) kyk op 'n soortgelyke manier na *Ontsluiting A* en *Ontsluiting B*.

⁵ Vir Kompridis (1994) is die werk van Taylor, Dreyfus en Gadamer meer verenigend in die weef van 'n web wat ons taal, sosiale praktyke en wêreldbeskouings bymekaar hou, terwyl Rorty, Castoriades en Derrida meer desentrenderend ons bestaande interpretasiepatrone uitdaag deur ons selfbegrip en sosiale optrede te transformeer. Dit kom ooreen met Adorno se beklemtoning van die desentrenderende krag van nuwe kunswerke.

woorde werk, berekening en handeling vind in 'n oop ruimte plaas waar die mens (*Dasein*) aan die woord kan kom. Die korrektheid of waarheid van stellings en geldigheidsaansprake word deur so 'n oopte van verhoudinge (*Verhalten*) bemoontlik. Vir Heidegger staan hierdie oopte, vanaf die oorsprong van die Westerse denke, as *aletheia* (onverborgenheid) bekend. Hy (Heidegger, 1993:125) skryf: "If we translate *aletheia* as 'unconcealment' rather than 'truth', this translation is not merely more literal, it contains the directive to rethink the ordinary concept of truth in the sense of the correctness of statements and to think it back to that still uncomprehended disclosedness and disclosure of beings." Hieruit kom die dubbelsinnigheid van *aletheia* na vore, want elke ontsluiting laat dinge, in ander opsigte, versluier. Die oopte, waar ontsluiting en waarheid plaasvind, is ook die grond van vryheid – wat nie vryheid om te besit (eiendom) beteken nie. Vryheid (of gelatenheid) besit eerder die mens – 'n siening met interessante implikasies (Heidegger, 1993:123, 126-127).

'n Belangrike implikasie van die oopte, soos Heidegger in verskeie studies na *Sein und Zeit* (veral in sy oorsprong van die kunswerk) aanvoer, is die vestiging van die verband tussen ontsluiting, waarheid en *kuns*.⁶ In hierdie proses word ervaring van die kunswerk (veral die poësie) die model om die ontmoeting met die waarheid van *Syn* te beskryf – 'n ontologiese beweging wat antroposentriese en kognitief-epistemologiese benaderings voorafgaan. In die plek van kritiese kommentaar kom eerder 'n responsiewe of ontvanklike houding.⁷ In Heidegger se opstel oor die oorsprong van die kunswerk (1993:143) kom *kuns* voor die kunstenaar of kunswerk self. Die kunswerk open die *Syn*. Hierdie ontsluiting van die wêreld, dit wil sê die waarheid van *syndes*, gebeur in die kunswerk en dit word daar in plek gehou (Heidegger, 1993:165, 169). Die wêreld is dus nie 'n objek wat voor ons staan nie. Op enigmatiese wyse stel Heidegger dit die *wêreld wêrelds* – waardeur dit meer in voeling met die *Syn* is as die waarneembare empiriese domein waar die mens meen dat hy tuis is. In die wêreldontsluiting kry alle dinge hul talming en haas, hulle ver- en nabyheid, hul omvang en beperktheid. In sy essay oor die kunswerk onderskei Heidegger (1993:197-198) etimologies tussen die begrippe wêreld en aarde – waar laasgenoemde wys op dié wat na vore kom en skuil. Die wêreld wil ontsluit, en rustend op die aarde wil dit laasgenoemde te bowe gaan. Die aarde egter, as skuiling en selfsluitend (*Sich-verschliessende*), neig om die wêreld in sigself te trek en daar te hou (Heidegger, 1993:170-172, 173-174). Waarheid (*aletheia*) kom dus slegs na vore in die spanning tussen onthulling en verhulling – tussen wêreld en aarde.

Op 'n interessante wyse neem Heidegger (1993:186, 193) die waarheid van *kuns* na die wetenskaplike en sosiale sfere. Wetenskap is hier nie 'n oorspronklike gebeurtenis van waarheid nie, maar die kweek van 'n domein van waarheid wat reeds deur *kuns* oopgemaak is. Net so is die politiek 'n oopte waar woorde, dinge en handeling in 'n bepaalde historiese patroon kom om so 'n wêreld daar te stel. Dit is hier waar die praktyke en instellings van die politieke wêreld en moderne demokrasie bevraagteken en getoets word. In hierdie sin is 'n "ander politiek" slegs moontlik op grond van 'n herrangskikking van woorde, dinge en handelinge. Só 'n politiek gaan dus verby 'n rasonele begrip van handeling en wil. Wetenskap en politiek is dus slegs deur wêreldontsluiting moontlik deur vir 'n ander wyse van denke en sosiale handeling oop te wees. Dit is heeltemal te verstane dat so 'n provokatiewe formulering van wêreldontsluiting (en die estetiese en politieke implikasies daarvan) kritiek sal ontlok.

⁶ Kyk Heidegger se essays oor waarheid en rasionaliteit, sy werk oor Nietzsche en Hölderlin in hierdie opsig.

⁷ Bohman (1994:33) verwys na responsiewe gebare soos prysing (*ruhmen*) en toewyding (*weihen*). Dit kan ook gelatenheid beteken. Kyk in dié opsig na die kunswerk-essay (1993:169) en die essay oor tegnologie (1993: 341): "Hoe nader aan die gevaar daar is die bevraagtekening en die redding."

(i) 'n Eerste punt van kritiek op Heidegger se taalteorie is die kwessie van die estetisering van die werklikheid en waarheid (soos in die volgende afdeling deur Habermas verwoord word). In sy opstel oor die oorsprong van kuns gaan Heidegger so ver om alle vorme van ontsluiting (esteties, linguisties, polities en wetenskaplik) as gelyke manifestasies van dieselfde waarheid te beskryf. In die proses is kuns nie 'n vorm van waarheid nie, maar eerder dié waarheid deur ontsluiting. Die probleem met so 'n sterk opvatting van die estetiese (wat interessant genoeg ooreenkomste met Adorno se begrip van die waarheidsgehalte van kuns toon), is dat die verhouding tussen die waarheid van kuns en ander vorme van waarheid in gedrang kom. In hierdie opsig kom Hegel se standpunt oor klassieke kuns weer na vore. Die vraag is dan: Is kuns steeds 'n noodsaaklike wyse waarop waarheid, in ons historiese bestaan, gebeur? Die verskil tussen Heidegger (1993:204-205) en Hegel is dat Heidegger hierdie vraag positief wil beantwoord, terwyl Hegel aandui dat klassieke Griekse kuns die eerste en laaste keer was dat die wêreld deur kuns ontsluit is. Vandaar Hegel se stelling dat kuns nie meer vir ons (modernes) tel as die hoogste wyse waarop waarheid verkry word nie.⁸ In die opsig gaan Heidegger se stelling dat die kunswerk 'n wêreld vind (*stiften*), te ver. Verder is die probleem dat dit wat kuns vind nie die eis vir evaluasie en regverdiging kan vervang nie (Kompridis, 1994: 36).

(ii) Die tweede punt van kritiek teen Heidegger se taalteorie gaan oor die kwessie van evaluasie en regverdiging vanuit die perspektief van formele taalteorie. Meer presies gaan dit daaroor dat die geldigheidsaansprake van proposisionele waarheid 'n sekondêre rol in Heidegger se pragmatiese model van wêreldontsluiting speel.⁹ Die probleem hier, is soos Bohman (1994:86) uitwys, dat Heidegger se estetiese model van wêreldontsluiting nie oor die kognitiewe vermoë beskik om verskeie standpunte te vergelyk en te oorweeg met die doel om tot 'n beslissing te kom nie. 'n Een-tot-een-verhouding tussen wêreldontsluiting en waarheid word dus bevraagteken. Seel (1994:67) sluit hierby aan dat Heidegger se gelykmaking van ontsluiting en regverdiging daartoe bydra dat waarheid (as ontsluiting) buite *Dasein* se greep geontologiseer word. Nie eens die oorweging van wetenskaplike paradigmas is hier nuttig nie omdat die gemeenskap nie in staat is om te toets in watter opsig geldigheidsaansprake dinge ontsluit of verberg nie. Beide Bohman en Seel suggereer dat die verband tussen wêreldontsluiting en waarheid meer beskeie en minder onmiddellik gemaak moet word. Ontsluiting is misleidend wanneer dit tot waarheid gereduseer word, en omgekeerd; die idee van waarheid is misleidend wanneer dit tot ontsluiting gereduseer word (Kompridis, 1994:35).

In aansluiting hierby verbind Lafonte (1994:46-47) die probleem van geldigheidsaansprake by Heidegger met 'n Duitse taaltradisie van denkers soos Hamman, Herder en Humboldt – waar die stigterende of konstitutiewe aard van taal in die wêreld teenoor die instrumentele gebruik daarvan geplaas word.¹⁰ Humboldt, byvoorbeeld, sluit die suiwer betekenisse (*Bezeichnung*) tussen 'n naam en 'n objek uit – in die veronderstelling dat mense objekte teëkom soos taal hulle daarnatoe lei. Lafonte (1994:50-51, 55) beskryf so 'n opvatting as die hipostatisering van taal (nominalisme) – daar waar taal die ervaring tot so 'n mate voorskryf dat die aannames van 'n relatief taalonafhanklike objektiewe wêreld, as basis van intuitiewe waarheid, verdwyn. Verder beskryf sy dit as 'n “holistiese betekenisteorie” of “intensionele

⁸ Vir 'n bespreking van Heidegger en Hegel se estetika, kyk Kompridis (1994:36) en ook Bernstein (1992: hoofstuk 2) en Taminiux (1993).

⁹ M. Seel (1994:64-65) verwys na Habermas en Tugendhat se kritiek. Verder vind hy die werk van Goodman se werk, *Ways of Worldmaking*, soortgelyk aan Heidegger s'n.

¹⁰ Vir haar meer omvangryke posisie in dié opsig, kyk Lafonte (1999 en 2000).

verwysingsteorie” met die volgende relativistiese (epistemologiese) gevolge: Die transendentale eenheid van die bewussyn word in die besondere wêreldontsluitings van die verskillende historiese tale verdeel; waarheid en verwysing word taalimmanente dimensies, en word dus in hul geldigheid tot verskillende linguïstiese wêreldbeskouings gerelativeer; en laastens word hierdie wêreldbeskouings bo interne leerprosesse beoordeel. Vir Lafonte (1994:48-49) lei so ’n holistiese taalopvatting (wat sy ook as attributiewe taalgebruik beskryf), net soos ’n instrumentele opvatting van taal tot ’n soort epistemologiese reduksionisme.

In haar alternatief moet die wêreldontsluitende (attributiewe) en intensionalistiese (verwysende) dimensie van taal met ’n tipe referensiële of verwysende taalopvatting (Donellan) bemiddel word.¹¹ Hiervolgens moet die verwysingsfunksie van taal spesifiek-historiese tale oorskry (Lafonte, 1994:58-60). Die intieme band tussen sprekende en lerende subjekte kan dus slegs op die basis van beide ’n wêreldontsluitende (attributiewe) en referensiële gebruik van taal gevestig word – wat gebalanseerd en nie vooraf vanuit ’n “idealistiese standpunt” bevooroordeel moet wees nie. Lafonte se alternatief, in aansluiting by Bohman en Seel se opvatting hier bo, het ook implikasies vir die politiek en die demokratiese omgang tussen burgers waar wêreldontsluiting en holisme nie die “morsige proses” van regverdiging en kritiek in die openbare sfeer kan vermy nie (Kompridis, 1994:33-34).

(iii) Heidegger se antipatie teenoor die openbare sfeer is welbekend. Hy kritiseer die alledaagse dreun van strydende stemme wat taal as ’n “instrument” gebruik om aansprake en handeling te bemiddel eerder as om die hoogste wyse van deelname aan *Syn* na te jaag. Teen hierdie onnadenkende alledaagse lewe (*das Man*), plaas Heidegger sy weergawe van outentieke denke, wat huiwerig is om konseptuele hulpbronne vir alledaagse etiek en politiek te ontwikkel en te gebruik. Die probleem is dat so ’n opvatting van handeling nie ’n bevredigende begrip van die normatiewe spanning en interkonneksie tussen akteurs in die sosiale en politieke lewe oplewer nie. Enige klem op deelnemers aan ’n dialoog, of iets soos die ek-jy-verhouding, versterk vir Heidegger bloot die siekte van alledaagse subjektiwiteit. Gevolglik is die kritiek dat Heidegger ’n vorm van “mistiek” voorstaan wat bloot die ruimte vir anti-demokratiese sentimente en ’n “gereedheid tot gehoorsaamheid” ontsluit. Tog is daar die verantwoordelikheid om te handel (White, 1990:81-82), wat sommige kommentators gebruik om Heidegger se latere opvatting as nie-outoritêr en postmodern te beoordeel.¹²

Dit is so dat ’n politiek wat oop is vir ontsluiting van die ander, maklik van die diskoers oor alledaagse patrone en konvensies van betrokkenheid in die openbare sfeer kan wegstroom. Heidegger werk hier met ’n eendimensionele perspektief, waarin die handelende en normatiewe dimensies van politiek verwaarloos word. Kan ’n mens ’n tipe politiek hê wat ingestel is op ontsluiting van die gegewe wat nie daartoe in staat is om ’n nuwe orde te inisier nie? In sy alternatief voer White aan dat wette nie permanent ’n gegewe is nie; maar eerder spruit uit permanent hernude beraadslagings wat ’n bewussyn van die konvensionaliteit, feilbaarheid, onsekerheid en hersienbaarheid van alle politieke reëlins behels. So ’n benadering tot ’n praktyk van wette bly, interessant genoeg, naby aan Heidegger se politieke openheid vir die herbelyning van woorde, dinge en handeling. Kortom: Daar is niks daarmee verkeerd om demokrasie aan die afwesigheid van metafisies gefundeerde beginsels te verbind nie. Maar,

¹¹ In haar alternatief gebruik Lafonte (1994:55-56), behalwe Donellan, die taalteorieë van Kripke en Putnam. Donellan gebruik die onderskeid tussen attributiewe en referensiële taalgebruik.

¹² Vir ’n verdediging van Heidegger se nie-outoritêre politiek, kyk Shurmann (1997) wat *anarchic praxis* as begrip gebruik. Dit is ’n breër en radikale suggestie hoe handeling in die algemeen verstaan moet word as alternatief tot ’n tegniese en grypende benadering. Dit vier die plurale, bewegende en onhiërargiese aard van die *Syn*.

soos White aandui, is daar 'n wesenlike verskil tussen so 'n posisie en die verdere implikasie dat so 'n politiek rigtinggewend is, sonder enige leidende beginsels of konvensies (White, 1990:89-90).

2. Habermas se alternatief op Heidegger: Taal as kommunikatief-rasioneel

Alhoewel Habermas in sy vroeë filosofiese loopbaan deur Heidegger beïnvloed is (sy doktorsgraad oor Schelling se transendentale versoening tussen natuur en gees, staan in die tradisie van die Joodse en Christelike mistiek sowel as 'n Heideggeriaans-beïnvloede kritiek op Cartesiaanse dualisme),¹³ distansieer hy hom van Heidegger oor die wyse waarop laasgenoemde so onkrities met sy werk vanuit die 1930's in die vroeë-1950's omgegaan het. Hierdie gegewe, saam met sy belangstelling in die Frankfurt-skool, het hom oortuig dat die geestelike vervreemding van die moderne era eerder sosiaal-rasioneel as ontologies van aard is. So het hy toenemend begin werk oor die komplekse weg van die moderne rede in verhouding met die begrip van die *openbare sfeer*. Van daardie oomblik af is een van die rigtinggewende motiewe van sy werk 'n teorie van moderniteit – en die patologie van moderniteit, vanuit rekonstruksie van rasionaliteit in die geskiedenis (Habermas, 1986:171). Habermas se intellektuele projek kan dus geïnterpreteer word as 'n tipe rehabilitasie van die herlewing van 'n kritiese en kommunikatiewe grondslag van sosiale rede in 'n program van interdisciplinêre sosiale navorsing, wat waak teen die doodloopstraat van 'n konsep van instrumentele rasionaliteit, aan die een kant, en Heidegger se passiewe wag vir die ontsluiting van estetiese waarheid, ná sy *Kehre*, aan die ander kant.

Habermas se posisie ten opsigte van wêreldontsluiting kan vanuit sy belangrikste teoretiese werk, die *Theorie des kommunikativen Handelns* (1981), geïnterpreteer word. Hierdie werk is in baie opsigte 'n intense meningsverskil met Heidegger (en Adorno). Die volgende aspekte kan hier aangestip word. Habermas argumenteer, eerstens, teen 'n bewussynsfilosofie – die monologiese beeld van 'n subjek-gesentreerde verstand met 'n verwante handelingsmodel wat deur 'n eenwêreld-ontologie van objektiwiteit bepaal word. Die probleem hier is dat slegs 'n kognitief-instrumentele rasionaliteit as model dien om die “waarheid”, “effektiwiteit” en rasionaliteit van handeling te beoordeel. Sy alternatief vir 'n filosofie van bewussyn (wat hy met Heidegger en Adorno vereenselwig) is die konsep van kommunikatiewe rasionaliteit (en handeling) waar subjekte nie net objektief en instrumenteel met die wêreld omgaan nie. Kommunikatiewe handeling is nie op die teenoorstelling van subjek en objek geskoei nie, maar op die intersubjektiewe en dialogiese wederkerigheid van subjek en subjek (Habermas, 1981 I:10, 87-88, 273ff). In kommunikatiewe handeling het deelnemers verder 'n gedesentreerde siening van die wêreld – waar hulle objektief, normatief en ekspressief met 'n objektiewe, sosiale en subjektiewe wêreld omgaan. In dié sin word verskillende geldigheidsaansprake performatief in verskillende wêreldes gemaak. Hierdie dimensies van geldigheid (met hulle onderskeie standaarde van waarheid en valsheid en regverdigingwyses) open 'n gedifferensieerde siening van rasionaliteit. Kommunikatiewe handeling is dus van toepassing waar 'n spreker 'n diskursiewe aanbod of spraakhandeling uitvoer, wat deur ('n) deelnemer(s) aanvaar of verwerp kan word (Habermas, 1981 I:11, 15-16, 98ff., 288-290).

In 'n volgende stap van sy argument verbind Habermas sy begrip van kommunikatiewe handeling (soos beskryf) met 'n sosiologiese onderskeid tussen die moderne kulturele sfere

¹³ Vir sy proefskrif, kyk Habermas (1954). Vir 'n interpretasie van die jong Habermas, kyk Keulartz (1992) en Yos (2019). Vir 'n goeie biografie oor Habermas, kyk Muller-Doohm (2014).

van die wetenskap, reg en kuns. Dit impliseer dat konflikte in die leefwêreld slegs deur die rasonale wederkerigheid van argumente aangedurf kan word. Die verpligting om ooreenkoms te bereik, is dan duidelik nie net 'n ekspressief-estetiese een nie, maar 'n rasonale diskursiewe een waar al die aspekte van 'n objektiewe, sosiale en subjektiewe wêreld in ag geneem moet word (Habermas, 1981 I:10/28). Die vraag is egter of Habermas se alternatief van 'n kommunikatiewe rasionaliteit en konsensussteorie van waarheid enige ruimte vir die dimensie van estetiese rasionaliteit laat? Sy klem op die rasonale diskursiewe aard van rede is duidelik on-Heideggeriaans. Hoewel Heidegger se vroeëre begrip van *wêreldontsluiting 1* vir Habermas met die aktiwiteit van verantwoordelike subjekte kan saamval, fokus Heidegger se werk ná sy *Kehre* op 'n onafhanklike entiteit wat “die grammatikale transformasie van linguïstiese wêreldbeskouings” reguleer.¹⁴ *Wêreldontsluiting 2* is dus 'n lees van die geskiedenis, waar die transformerende kapasiteit van sosiale akteurs oorheers word. Deur die subjek aan *Syn* oor te gee, skep Heidegger, volgens Habermas, 'n vorm van heteronomie waar geldigheid en normatiewe ongespesifiseer word in die poëtiese transdiesensie van proposisionele waarheid en konseptuele denke. Vir Habermas onderspeel so 'n posisie die outonomie van menslike denke en optrede, en die eksistensiële konsep van vryheid. Die empiriese en normatiewe dimensies van die sosiale wetenskappe se kritiek op metafisika gaan sodoende verlore vir die digterlike denke van die filosoof wat op die wederkoms van die bestaan wag.¹⁵

As alternatief is Habermas van mening dat mens binne 'n holisties gestruktureerde betekeniswêreld steeds die voorwaardes daarvan kan gebruik om relatief outonoom en refleksief te spreek en te handel. Die vermoë van mense om geldigheidsaansprake te opper en te betwis, is die begin van leerprosesse wat vorige wêreldopvattinge terugwerkend kan verander. Kortom: Habermas vervang Heidegger se asimmetrie tussen *Syn* en wesens met 'n simmetrie tussen *wêreldontsluiting 1* en prosesse van intersubjektiewe leer (Kompridis, 1994:38-39). Habermas se standpunt ten opsigte van *wêreldontsluiting 2* is vanuit sy debat met Derrida afleesbaar. In die debat argumenteer hy teen 'n estetisering van taal wat nie die spanning tussen die poëtiese/wêreldontsluitende funksie van literatuur, aan die een kant, en die prosaïese (argumentgewende) innerlike wêreldfunksie van taal, aan die ander kant, erken nie. So 'n estetisering van taal kan nie alledaagse kommunikatiewe leerprosesse – elk met hul eie onafhanklike logikas wat plaaslike beperkings oorskry – verantwoord nie. So verwaarloos Derrida (en Heidegger) die wedersydse inspelings van geldigheidsaansprake vanuit die objektiewe, sosiale of subjektiewe wêreld. Die probleem is dat hulle die wêreldontsluitende dimensie van kuns en letterkunde met filosofie gelykmaak (Habermas, 1985:204-205/240-241, 207/243). In sy alternatief voer

¹⁴ In sy werk oor na-metafisiese denke, skryf Habermas (1988:50-51/42-43): “Language’s power to create meaning is promoted by the later Heidegger to the rank of the absolute. But from this there results another problem: the prejudicing force of linguistic world-disclosure devalues all innerworldly learning- processes. The ontological preunderstanding that dominates in any given period forms a fixed framework for the practices of the socialized individuals who are in the world. The encounter with what is innerworldly moves fatalistically along the path of antecedently regulated contexts of meaning, such that these contexts themselves cannot be affected by successful problem solutions, by accumulated knowledge, by the transformed state of productive forces, or by moral insights. It thus becomes impossible to account for the dialectical interplay between the shifting horizons of meaning, on the one hand, and the dimensions in which these horizons must in fact prove their viability, on the other.”

¹⁵ Habermas kritiseer Heidegger dat hy sy kritiek van metafisika anderkant die raamwerk van diskursiewe denke of redelikheid neem. Die punt is dat Heidegger se subjek-objek-skema van konseptuele taalgebruik en sy begrip van waarheidontsluiting die kommunikatiewe praxis van die lewenswêreld en intersubjektiewe onderskat.

Habermas aan dat filosofie en literêre kritiek ten nouste verband hou met die universaliteit van die wetenskappe. Soos ander gespesialiseerde tale, soos wetenskap, reg, moraliteit, ekonomie en politieke wetenskap, maak hulle slegs van verhelderende metafore gebruik as dit die doeleindes van probleemoplossing bevredig. In al hierdie gevalle is die literêre dimensies van taalgebruik sekondêr tot die afsonderlike vorme van argumentasie. Kortom: As die probleemoplossende aard van filosofie met letterkunde gelyk gemaak word, word dit onproduktief (Habermas, 1985:209-210/245-246). Uit die aard van die saak kan ook Habermas se posisie ten opsigte van wêreldontsluiting gekritiseer word.

(i) Habermas beperk wêreldontsluiting tot die gebied van estetiese ervaring – dus *wêreldontsluiting 2*. Hoewel sy alternatief Heidegger se ontologiese holisme temper, sou 'n mens kan aanvoer dat 'n te strakke konseptuele grens tussen wêreldontsluiting in die kuns en letterkunde, aan die een kant, en argumentatiewe leerprosesse in die wetenskap, aan die ander kant, te rigied is. So word die opposisie tussen ontologiese wêreldontsluiting en normatiewe redegewing by Habermas omgekeerd herhaal. Habermas kan nie *wêreldontsluiting 1* en *wêreldontsluiting 2* wederkerig interpreteer nie. Kortom: Sy aandrag op die eksklusiewe rasionaliteit van *wêreldontsluiting 1* ontlok vrae soos: Wat gebeur wanneer wisselwerkende kommunikatiewe argumente misluk? Wat gebeur wanneer die interpretasie van ons probleme stagneer, omdat die woordeskat waarin dit gegiet is, semanties uitgeput is? Hou leer op of moet ons op die volgende ontsluiting van die *Syn* wag? Hierdie vrae dui op probleme in Habermas se model van kommunikatiewe redegewing en intersubjektiewe leer.¹⁶

(ii) 'n Belangrike probleem in Habermas se model van kommunikatiewe rede is dat die geldigheidsaansprake van proposisionele waarheid en normatiewe reg konseptueel aan die idee van universele ooreenkoms gekoppel is. Hierdie aanname is gebaseer op sekere vorme van argumentasie in teoretiese diskoerse (d.i. aansprake op proposisionele, empiriese en teoretiese waarheid) en praktiese diskoerse (d.w.s. aansprake op morele geldigheid). Estetiese geldigheidsaansprake, daarenteen, bly tot bepaalde kontekste beperk, en is hiervolgens slegs geldig vir lede in 'n bepaalde ruimte en tyd. Hoewel Habermas die beperkings van die posisie erken, poog hy nie om die geldigheidsaansprake van estetiese werke en die sfeer van alledaagse kommunikatiewe handeling te verbind nie. Hierdie posisie lei tot 'n te eng opvatting van kommunikatiewe handeling in die sin dat estetiese kritiek geen rol speel in die idee van universele ooreenkoms nie (Habermas, 1981 I:41/70). Is daar 'n alternatief hiervoor? Jay en Keulartz voer aan dat ernstige probleme ontstaan as estetiese ervarings tot subjektiewe geldigheidsaansprake beperk word. As die ontsluitende potensiaal van estetiese waarheid egter vrygestel word, sal dit 'n impak hê op die onderlinge verhouding tussen die kognitiewe, morele en ekspressiewe dimensies – en die self transformeer. Estetiese geldigheidsaansprake word dus geregverdig met verwysing na die subjektiewe ervaring van diegene wat geraak word en nie met verwysing na feite, teorieë en argumente nie – 'n stap wat die rasionaliteit van “estetiese diskoers” kwalifiseer.

(iii) Hoewel Habermas die oordrewe weergawes van betekenisinnovasie in estetiese geldigheidsaansprake teëwerk, doen hy dit negatief. So is daar nie 'n ontvanklikheid vir semantiese innovasie en die kreatiewe betekenisverandering nie. Heidegger en Derrida argumenteer, aan die ander kant, dat wêreldontsluitende taal net so noodsaaklik is vir ons intellektuele en morele vooruitgang op diskursiewe wyse (Kompridis, 1994:39). Alhoewel

¹⁶ Volgens White (1991:91) word menslike projekte op so 'n wyse deur Habermas gesien dat hy mense onder die mag van verantwoordelike handeling essensialiseer en daardeur die probleem van eindigheid ignoreer.

hulle benadering die rol van *wêreldontsluiting 2* kan oorbeklemtoon, maak hulle tog die punt dat indien enige teorie van rasionaliteit nie 'n positiewe weergawe van nuwe ervaring en kreatiewe betekenisverandering kan gee nie, dit misluk. Deur slegs betekenis kreatiewe innovasie te evalueer, verwerp Habermas se prosedurele model van rasionaliteit die rasionaliteit van betekenis kreatiewe innovasie. Hy neem slegs die rasionaliteit van geldige taal en handeling (rasionaliteit as redegewing) in ag en nie die rasionaliteit van ontsluiting van verskillende betekenis horisone nie. Dit is op hierdie punt dat Wellmer se voorstel van 'n pluraliteit van rasionaliteite relevant word. Wellmer verdedig 'n konsep van rede wat nie estetika tot die subjektiewe sfeer reduseer nie, maar hy laat dit 'n rol soortgelyk aan die kognitiewe en morele sfere toe. In hierdie sin maak sy voorstel die veld skoon vir die refleksiwye moontlikheid om op 'n nie-abstrakte en nie-formele wyse oor morele subjekte te dink. Deur die onderlinge verband van geldigheidsfere te beklemtoon, beklemtoon hy die belangrikheid van allerlei interpretasies en oordele en argumenteer ten gunste van 'n horison waarin meervoudige waardes en behoeftes deel kan word van rasonale argumente en diskoers etiek.¹⁷ So 'n kreatiewe lees van *wêreldontsluiting 2* bied 'n interessante alternatief tot Habermas se lesing.

(iv) Habermas se standpunt oor kommunikatiewe rede en die estetiese implikasies van *wêreldontsluiting* hang nou met sy begrip van die openbare sfeer en demokrasie saam. In die opsig is sy konsep van demokrasie nou verwant aan 'n begrip van 'n gedifferensieerde staat waar 'n veelheid van terreine van beraadslaging en besluitneming breedweg deur kommunikatiewe rasionaliteit geregverdig word. In hierdie opsig lê hy groter klem, in vergelyking met Heidegger, op die konvensies van alledaagse patrone van betrokkenheid in die openbare sfeer. Beraadslagende of diskursiewe demokrasie kom vir Habermas op 'n voortdurende “wisselwerking” tussen 'n breë spektrum van informele en formele instellings in die burgerlike samelewing en openbare sfeer neer. Hiervolgens maak instellings dit vir burgers moontlik om 'n histories nuwe manier van kollektiewe “geldigheid” en “solidariteit” te verwerf wat nie in tradisionele instellings moontlik is nie.¹⁸ Hierdie normatiewe verstaan van politiek en demokrasie laat dus ruimte vir *wêreldontsluiting 1* toe, maar nie vir *wêreldontsluiting 2* nie (White, 1995:13).

Vir Habermas is sy voorstel van kommunikatiewe rasionaliteit – waar daar intersubjektief tussen private en openbare belange van burgers op 'n redelike wyse bemiddel word – 'n beter voorstel as die onderskeie posisies van die outonome individu in die liberalisme of die kollektiewe self in die kommunitarisme. In 'n politieke sin vertaal Habermas kommunikatiewe rasionaliteit in die taal van 'n gedifferensieerde “netwerk” van kommunikatiewe reëlings wat diskursief oop vir openbare mening en wilsvorming is. Basiese individuele regte verskaf die voorwaardes waarvolgens alle vorme van kommunikasie in 'n regstaat funksioneer. So 'n “diskursiewe” opvatting van demokrasie poog om legitimiteit nouer aan die kwaliteit van beraadslaging in politieke prosesse te verbind. Diskursiewe prosesse, van die mees informele tot die formele, handhaaf 'n gevoel van geldigheid en solidariteit in 'n “grondwetlike gemeenskap” en struktureer die reg nie net deur die sistematiese beheer van die outonome

¹⁷ Lara (1995:15-16). Vir sy belangrikste essays, kyk Wellmer (1991 en 2000).

¹⁸ White (1995:10) argumenteer dat Habermas se etiese perspektief en kritiek op Westerse rasionalisering in die 1970's op 'n kritiek van die bestaande instellings van liberale demokrasie as 'n politieke stelsel neergekom het. In die *Theorie des kommunikativen Handelns* het hierdie perspektief 'n verandering ondergaan, “...in the form of certain modes of resistance in advanced industrial societies. Healthy democratic impulses seem largely confined to the periphery of organized politics. The force of communicative reason, as manifest in new social movements, can, in effect, only hurl themselves against an administrative *Leviathan*.”

sfeer van mag en burokrasie nie, maar ook deur behoeftes wat uit die leefwêreld van burgers spruit. Die punt is dat 'n demokratiese regstaat net goed funksioneer daar waar administratiewe mag deurlopend in kommunikatiewe mag vertaal word (White, 1995:11-12). Die vraag bly egter of hierdie formele model tot 'n voldoende begrip van demokrasie lei. Is daar ruimte vir nuwe ontsluitings in Habermas se konsep van politiek teen die agtergrond van die beperkte plek vir estetiese ervaring in sy model van rasionele differensiasie?

3. Taal as wêreldontsluiting: Krities-waarderend lees

Wêreldontsluiting, soos bespreek in die vorige afdelings, kan geïnterpreteer word as 'n ervaring wat nuwe semantiese moontlikhede open – wat die lewensduur van huidige betekenis vereng of dié wat onbuigsaam geword het, vervang. Die punt is dat wanneer dit by waardes, argumente en gesigspunte kom, die innoverende gebruik van wêreldontsluiting die kognitiewe fakulteite kan open om die wêreld op nuwe, verskillende en innoverende maniere te ervaar. Dit impliseer dat die prosesse van *wêreldontsluiting 1* en *wêreldontsluiting 2*, soos bespreek, onderling interafhanklik is.¹⁹ Dit is dus nie nodig om die kontras tussen wêreldontsluiting en geldigheidsaansprake in sulke wedersyds eksklusiewe terme, soos Heidegger en Habermas neig, te maak nie. Habermas se probleem is dat hy slegs die argumentatiewe uitbreiding van moontlikhede vir interpretasie, betekenis en handeling kan oorweeg – 'n posisie wat die teoretiese en rasionele potensiaal wat in nuwe betekenis-horisonne na vore kom, verwaarloos (Kompridis, 1994:43). Heidegger, aan die ander kant, benadeel wêreldontsluiting in terme van sterk vorme van innovasie, of in terme van 'n objektiewe waarheidsgebeure. Hy het dus 'n oordrewe vertroue in kuns en 'n agterdog teenoor alledaagse taalgebruik en geldigheidsaansprake. In hierdie perspektief, soos Adorno se begrip van die waarheidsgehalte van kuns, word die redelikheid en rasionaliteit, die “logic of discovery”, van sosiale en politieke verandering verwaarloos (Bohman, 1994:84). Die radikale kontras van wêreldontsluiting en geldigheid kan vermy word as wêreldontsluiting oopstaan vir verdere regstellings. Wêreldontsluiting is so 'n nie-reduktiewe, oneindige en nie-teleologiese proses – een waar korrigerende wêreldontsluiting tussen kritiek en kreatiwiteit kan bemiddel, veral daar beide kritici en kunstenaars 'n kulturele innoverende rol kan speel.²⁰

Wêreldontsluiting is dus nie ekwivalent aan of onafhanklik van waarheid nie, maar 'n voorwaarde daarvoor. Dit is voor proposisionele waarheid in die sin dat ontsluiting beide ware en valse stellings oor die wêreld bemoontlik. So 'n korrigerende vermoë tot kulturele ontsluiting is nie net 'n voorwaarde vir waarheid nie, maar ook, en dalk nog belangriker, vir vryheid (Bohman, 1994:94-95). Korrigerende ontsluiting maak verder die rasionaliteit moontlik, selfs wanneer geldige kriteria, tesame met die oortuigings wat hulle ondersteun het, vir kritiek oopstaan. Rasionaliteit in hierdie konteks is nie 'n poging om die prosesse van wêreldontsluiting op die kort of lang termyn te stuit nie. Dit is ook belangrik om daarop te let dat wêreldontsluiting nie die ander van rede is nie – maar 'n ander stem van rede.

¹⁹ Dit behoort duidelik te wees dat *wêreldontsluiting 1* nie voor *wêreldontsluiting 2* geplaas moet word nie, soos Habermas en Bohman suggereer.

²⁰ Bohman (1994:84-85) hou vol dat dit nie die kunstenaar is nie, maar die kritikus wat nuwe moontlikhede van handeling en denke ontsluit. Hy gaan voort dat 'n mens nie 'n onderskeid tussen innoverende en alledaagse diskoerse moet maak nie, maar eerder 'n kontras tussen 'n ontsluitende en rigiede verhouding met die wêreld – patologieë van redenering, persepsie en spraak wat dikwels deur 'n spesiale rigiditeit en gebrek aan multi-dimensionaliteit gekenmerk word.

Konkrete voorbeelde van sulke wêreldontsluiting kan die impak van die waarheidspotensiaal van 'n kunswerk wees (byvoorbeeld in die geval van literatuur soos Kunneman en Wellmer aantoon), aan die een kant, of op politieke prosesse, soos die val van die Berlynse Muur en die einde van Apartheid, aan die ander kant. In laasgenoemde geval het 'n sekere histories-politieke wêreldontsluiting alle standaarde van oordeel binne en buite 'n gemeenskap verskuif met betrekking tot die verlede, hede en toekoms. Beide die val van die Berlynse Muur en Apartheid het 'n wêreld ontsluit wat die konteks van teoretiese en praktiese standaarde verander het. Burgers van hierdie samelewings word dus daarmee gekonfronteer om iets in hul geskiedenis op te neem wat voorheen nie daaraan behoort het nie, en om sodoende die relevansie van historiese prosesse te erken wat hulle voorheen nie as relevant beskou het nie – wat lei tot 'n wye reeks van insigte wat voorheen vermy of onderdruk is (Seel, 1994:76, 78).

Ontsluiting in hierdie sin het die potensiaal om tot 'n verdiepte begrip van demokrasie – ook in multikulturele demokrasieë – te lei. Dit impliseer ook dat die demokratiese universalisme van die Verligting nie geïnterpreteer moet word as 'n abstrakte beginsel van streng normatiwiteit nie, maar eerder 'n ensemble van gedeelde en tweede-orde praktyke, betekenis en basiese oriëntasies – wat verwys na die gewoontes van rasonale selfbeskikking, demokratiese besluitneming en die nie-gewelddadige oplossing van konflik (Wellmer, 1991:92). Dit impliseer verder dat die morele en politieke universalisme van die Verligting, die ideale van individuele outonomie en kollektiewe selfbeskikking, en die idees van die rede en van die geskiedenis alles opnuut deurdink moet word (Wellmer, 1991:93). Teen hierdie agtergrond behoort demokratiese politiek oop te wees vir die ontsluitingskrag van verskillende stemme van rede – 'n posisie wat ewe sensitief moet wees vir redegewing en estetiese wêreldontsluiting.

BIBLIOGRAFIE

- Benhabib, S. 1990. "The Utopian dimension in Communicative Ethics." In D Ingram & J Simon-Ingram: *Critical Theory: The Essential Readings*. New York: Paragon House.
- Bohman, J. 1994. "World disclosure and radical criticism." *Thesis Eleven*, 37:82-97.
- Bernstein, JM. 1992. *The Fate of Art. Aesthetic alienation from Kant to Derrida to Adorno*. Cambridge: Polity Press.
- Duvenage, P. 2003. *Habermas and Aesthetics*. Cambridge: Polity Press.
- Habermas, J. 1954. Das Absolute und die Geschichte. Von der Zwiespältigkeit in Schellings Denken. Bonn. Ongepubliseerde D. Phil.
- Habermas, J. 1981. *Theorie des kommunikativen Handelns*. Band I-II. Frankfurt: Suhrkamp. *The Theory of Communicative Action*. Vol. I-II. Vertaal deur T McCarthy. New York: Beacon Press (1984 en 1987).
- Habermas, J. 1985. *Der philosophische Diskurs der Moderne*. Frankfurt: Suhrkamp. *The Philosophical Discourse of Modernity*. Vertaal deur F Lawrence. Cambridge: Polity Press (1987).
- Habermas, J. 1986. *Autonomy and Solidarity. Interviews*. P. Dews (ed.). Norfolk: Thetford Press.
- Habermas, J. 1988. *Nachmetaphysisches Denken*. Frankfurt: Suhrkamp. *Postmetaphysical Thinking*. Vertaal deur WM Hohengarten. Cambridge: Polity Press (1992, gedeeltelike vertaling).
- Heidegger, M. 1962. *Being and Time*. Vertaal deur J. Macquarrie, E. Robinson. Oxford: Blackwell.
- Heidegger, M. 1993. "Letter on Humanism." In *Basic Writings*. David Ferrell Krell (ed.). London: Routledge.
- Keulartz, J. 1992. *De verkeerde wereld van Jürgen Habermas*. Amsterdam: Boom.
- Kompridis, N. 1994. "On World disclosure: Heidegger, Habermas, and Dewey." *Thesis Eleven*, 37:29-45.
- Lafonte, C. 1994. "World disclosure and Reference." *Thesis Eleven*, 37:46-63.
- Lafonte, C. 1999. *The Linguistic Turn in Hermeneutic Philosophy*. Cambridge, MA: MIT.
- Lafonte, C. 2000. *Heidegger, Language and World-Disclosure*, Cambridge: CUP.

- Lara, MP. 1995. "Albrecht Wellmer: between spheres of Validity." *Philosophy and Social Criticism*, 21(2):1-22.
- Müller-Doohm, S. 2014. *Jürgen Habermas. Eine Biographie*. Frankfurt Suhrkamp.
- Schurmann, R. 1987. *Heidegger on Being and Acting. From Principles to Anarchy*. Bloomington, Indiana: Indiana University Press.
- Seel, M. 1994. "On Rightness and Truth: Reflections on the concept of World Disclosure." *Thesis Eleven*, 37:64-81.
- Taminiaux, J. 1993. *Poetics, Speculation, and Judgment. The Shadow of the work of art from Kant to Phenomenology*. Albany: SUNY Press.
- Wellmer, A. 1991. *The Persistence of Modernity. Essays on Aesthetics, Ethics and Postmodernism*. Oxford: Polity Press.
- Wellmer, A. 2000. *Endgames. The Irreconcilable nature of Modernity. Essays and Lectures*. Cambridge, Mass.: MIT Press.
- White, SK. 1990. "Heidegger and the difficulties of a Postmodern Ethics and Politics." *Political Theory*, 18:80-103.
- White, SK. 1995. "Introduction." In S. White (ed.): *The Cambridge Companion to Habermas*. Cambridge: University Press.
- Yos, R. 2019. *Der junge Habermas*. Frankfurt: Suhrkamp.

Oor die grense van taal

On the limits of language

HERCULES BOSHOFF

Filosofie, Departement Sosiale Wetenskappe
Akademia
Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: hercules@akademia.ac.za



Hercules Boshoff

HERCULES BOSHOFF is 'n dosent in filosofie by Akademia. Hy was tot 2021 'n postdoktorale navorsers by die Noordwes-Universiteit. Hy het sy PhD getiteld *Ekonomie en Subjektiviteit* (2019) by die Universiteit van die Vrystaat voltooi, en sy MA (2015), by die Universiteit van Pretoria. Met beide hierdie projekte het hy onder van Nederland se mees vooraanstaande filosowe gewerk. Sy publikasies dek die filosofie van ekonomie, tegniek, taal, Duitse Idealisme, en die geskiedenis van filosofie.

HERCULES BOSHOFF is a lecturer in philosophy at Akademia. He was a postdoctoral researcher at North West University from 2019-2021. He completed his PHD entitled *Economics and Subjectivity* (2019) at the University of the Free State, and his MA (2015) at the University of Pretoria. During both these projects he worked under some of the most distinguished philosophers in the Netherlands. His publications cover philosophy of technics, language, German Idealism, and the history of philosophy.

ABSTRACT

On the limits of language

A language that seeks to grow and branch out needs to keep itself rooted. The possibilities of a language are co-determined by external and internal factors. The balance between the grammatical as such, or the grammatica tecne, as it was called in earlier times, alongside the local dialect, or the vulgare eloquentia, as Dante called it, will be explored. It will be argued that rootedness and branching are concurrent forces pulling in different directions, both contributing to the growth of the language in substantial measure. On the one hand entrance into what is historical is informed by current topics; and, on the other, what is current forms part of an unfolding of history.

The relation between language studies and politics once again has become an issue featuring in the discussions regarding the indigenous status of Afrikaans. If a language were to be considered as authentic solely on account of its indigenous status, it would be difficult to forward an argument for English being authentically "English", given the fact that most of the vocabulary is borrowed from Frisian and Latin, and very little from Celtic. The real

Datums:

Ontvang: 2022-10-31

Goedgekeur: 2022-10-31

Gepubliseer: Desember 2022

issue to be considered rather, is what purposes the speakers have in mind for the language, mere day-to-day communication or a distinguished literature? Should the latter be the preferred option, it follows that one will have to incorporate the development of the history of writing and study the fruits that were borne along with it. Dutch underwent similar developments during the so-called “Golden Age”, developments from which Afrikaans has also been able to benefit to a certain extent.

Grammar is not merely an objective science that examines and describes languages from a distance, but it is also historically embedded. Learning not only the rules and the scientific side of grammar, but also studying some of the languages that innovated these developments benefits any language, it binds a language into history. In his *Poetics*, Aristotle compares the different kinds of words to parts of a body but goes beyond that to speak about the physiological effects that certain kinds of metre have. We form sounds as much as sounds form us. Poetry specifically has two purposes for Aristotle – on the one hand it exposes the reader or listener to the *tapeinen*, or the unusual, which comprises of strange words or techniques; while on the other, it familiarises the reader with the norms and words of the language with which people are familiar. Without a good balance between these dimensions, poetry will remain either decadent or too mundane. If we accept the unfamiliar to be a key for unlocking meaning in our own language, it again raises the question of the relation between languages. Han interprets Heidegger’s notion of the bridge in the latter’s essay *Building, Dwelling, Thinking* to mean that both the domain of exchange and the divine horizon on the other side of the bridge are to remain intact. In the case of Afrikaans, Van Wyk Louw can therefore speak of the fundamental indebtedness of Afrikaans to Dutch, as a source from which it cannot separate itself, especially in the context of education, while simultaneously having been formed in South Africa, thus being a bridge language between the continents.

However great we judge our indebtedness to the development of grammar and the languages through which the history of literature was formed, we cannot neglect the particularity of our own language, and its ability to articulate what is universal in a unique manner, adding to the richness of the whole. In other words, the grammatical can become a hindrance in the development of language when a norm or a language dominates others to the extent that no more bridges can be extended. This was the case with Latin in the Middle Ages, and one might add with English today. Dante’s essay *Vulgare eloquentia* laid the basis for a new appreciation for the local language and its ability to extend itself to universal heights, which Dante accomplished with his great *Divine Comedy*. Louw emphasises the importance of translation as a means whereby the speakers can extend their horizons to a world of meaning previously unknown to them. Translation does not necessarily mean that the speakers are motivated not to learn other languages, translation is itself not possible without building a bridge between languages, between the dwelling spaces of languages. The bridge allows one to dwell inside the limits of a world previously unknown.

To manage this complex relation of the localities within a language, as well as the languages with one another, institutions are needed. But the mere existence of an institution does not automatically lead to literature. Humboldt calls for “spirited” writers, poets and philosophers to add new meaning and nuance to a language. This implies the study of these fields within institutions. If this does not happen, languages will to a great extent fall victim to the “hastiness” of the “newspaper men” as Louw calls the media. The hastiness relegates words to immediate meaning leaving little room for interpretation. The frequency of the word is therefore no yardstick for the health of a language. The limit represents the possibility of

understanding, of making concrete, while at the same time acknowledging itself as limit, as being in need of extending itself beyond itself to another modus of expression.

KEYWORDS: rootedness, branching, *grammatica tecne* indigenous origin, dialect, language studies, language imperialism, politics, local dialect, translation, bridging, spiritedness, uniqueness

TREFWOORDE: geankertheid, vertakking, grammatika tekne, inheemsheid, dialek, taalstudie, taal-imperialisme, politiek, plaaslike dialek, vertaling, oorbrugging, besieling, eiesoortigheid

OPSOMMING

'n Taal moet aanhou groei en vertak en daarom het dit 'n sterk stam en diep wortels nodig. 'n Taal se moontlikhede word deur 'n aantal interne werkinge sowel as eksterne invloede bepaal. Twee spanningsvelde van taal, naamlik die grammatika tekne, oftewel die grammatikale as sodanig, en wat Dante die vulgare eloquentia noem, die eiesoortige van elke afsonderlike taal, sal beskryf en dan met mekaar in gesprek gebring word. Leidrade vir 'n gesonde verhouding tussen hierdie twee aspekte sal by antieke sowel as moderne denkers gesoek word. 'n Gesonde verhouding tussen hierdie aspekte sal voorts enersyds 'n veredeling van die eie, en andersyds 'n geabstraheerde begrip van menslike uitdrukkingsvermoë kan teenwerk. Die eie taal moet derhalwe in verhouding tot die geskiedenis as erfgenaam maar ook as unieke gespreksgenoot gelees word, met erkenning van leengoed en gedeelde gevoel, maar steeds vol selfvertroue in sy eie seggenskrag.

Inleiding: Oor die inheemsheid van 'n literêre taal

Die onlangse debatte met betrekking tot die inheemsheid van Afrikaans het die ou vraagstuk oor die verhouding tussen taalstudie en politiek opnuut op die voorgrond gebring. Moet teorie enersyds bloot aangepas word om die politieke vraagstuk van die dag op te los, of moet taalstudie andersyds onafhanklik van die politiek beoefen word, asof die politiek geen invloed daarop uitoefen nie? Tog tref die beheptheid om Afrikaans as inheems voor te stel mens as vreemd. 'n Mens sou binne dieselfde diskoers oor taal kon vra hoe inheems Engels tot Engeland is, gegewe die feit dat die woordeskat hoofsaaklik uit Latyn en Fries ontleen is, juis met die oog op die ontwikkeling van 'n volwaardige letterkunde in die taal – 'n doelwit wat met groot sukses bereik is. Daarbenewens het Engels skaars twee dosyn woorde uit die plaaslike Kelties oorgeneem (Bragg, 2003:5). Enige taal wat 'n mate van standaardisering ondergaan, ontleen uit die lang geskiedenis norme wat van buite die eie raamwerk van die taal gestalte daaraan gee.

Hierdie inheemse maatstaf wat ten grondslag van bogenoemde benadering lê, kan teruggevoer word na Herder in die 18de eeu, wat die verweefdheid van 'n taal met die milieu waarbinne dit ontstaan, benadruk het. Voorts kan die gebeurtenisse binne die milieu wat daaraan meewerk om aan 'n taal gestalte te gee, maklik tot die verdoeming of die verromantisering van 'n taal bydra, maar, soos ek hier onder sal betoog, nie tot begrip van die aard van taal, veral nie in die geskrewe vorm daarvan nie. Anders as Herder se bedoeling word die verskraling van taal tot produk van die milieu meermale bloot gebruik as instrument in die diens van ander doeleindes. In Herder se denke, soos geredeneer gaan word, is daar konstante wisselwerking tussen die eie en die geskiedkundige.

Terug by die tematiek van taal en politiek. Die begrippe van taal en politiek is uiteraard nie staties nie, en het ingrypende veranderings ondergaan wat ten diepste met mekaar verband hou. Dit beteken egter nie dat die verhouding nie tot 'n mate uitgekarteer kan word nie. Aristoteles se bekende beskrywing van die mens as “politieke dier” word gemotiveer deur te verwys na die wyse waarop die mens die kompleksiteit van bestaan binne die konteks van die stadstaat kan uitdruk deur middel van taal:

It is also clear why a human being is more of a political animal than a bee or any other gregarious animal. Nature makes nothing pointlessly, as we say, and no animal has speech except a human being. A voice is a signifier of what is pleasant or painful, which is why it is also possessed by the other animals (for their nature goes this far: they not only perceive what is pleasant or painful but signify it to each other). But speech is for making clear what is beneficial or harmful, and hence also what IS just or unjust. For it is peculiar to human beings, in comparison to the other animals, that they alone have perception of what is good or bad, just or unjust, and the rest. And it is community in these that makes a household and a city-state. (Aristoteles, 1998:1253a)

Blote kommunikatiewe vermoëns bemoontlik 'n mate van “politieke” organisering by talle spesies, maar die uitgebreide aard van menslike kommunikasie, wat as taal (logos) gekenmerk word, stel die mens in staat om die politiek in te rig volgens die beginsel van geregtigheid, en nie bloot oorlewing nie.

Die ontwikkeling van skrif en letterkunde was een van die groot stappe wat geneem is in die mens se taalvermoë, en bygevolg ook sy vermoë om die politiek te bedryf. As voorbeeld van die komplekse aard van 'n skryftaal kan ons wys op die ontwikkeling van moderne Nederlands, wat met behulp van vier revolusies 'n literêre taalgemeenskap daargestel het: 1) die drukpers; 2) die Kerkhervorming se klem op die Bybelvertaling; 3) die belangstelling in die klassieke: “in hun wedijver met de klassieken betrokken ze ook de volkstaal, die ze wilden bevrijden van willekeur en even rijk en regelmatig wilde maken als de klassieke talen.”; en 4) die stryd teen die Spanjaarde waartydens suidelike inwoners noordwaarts na Holland beweeg het en vermenging van dialekte plaasgevind het (Burger, P; De Vries, JW; & Willemysn, R, 1994:56).

Voordat hierdie veranderinge plaasgevind het, het Nederlands 'n vereenvoudigde struktuur met minder verbuigings gehad, 'n vereenvoudiging wat Afrikaans waarskynlik geërf het. Afrikaans is dus tegelykertyd oud, maar tog uniek en modern. Hoe modern en eiesoortig die taal egter is, word dikwels oorhaastig bepaal sonder voldoende ondersoek. Omdat 'n verskynsel afwyk van Standaardnederlands, word te dikwels aangeneem dat alles wat uniek aan Afrikaans is, noodwendig hier te lande in Suid-Afrika ontstaan het. Die verhouding van Afrikaans tot Nederlands moet in die lig van die feit beskou word dat Nederlands in standaardvorm taamlik jonk was ten tyde van die VOC se bedrywighede, en mens sou kon sê dat die minderheid van die mense aan boord van hierdie skepe werklik onderlê was in hierdie reëls. Dit beteken dat sommige van die dialekte wat uiteindelik grootliks deur moderne Nederlands vervang is, hul weg steeds kon vind na Suid-Afrika. Die oorronding waarvoor Pretorianers byvoorbeeld bekend is, kan moontlik van die Limburgse dialek afkomstig wees: “Spesifiek Limburgs zijn de *o* in woorden als *jour* ‘jaar’, het ontbreken van de slot-*t* in woorden als *nach* ‘nacht’” (Burger, 1994:49).

Die spesifieke dialekte van Nederlands waaruit Afrikaans saamgestel is, was ná 'n ruk nie meer aan die sprekers van Afrikaans bekend nie, deels vanweë die feit dat die belangstelling in die opteken van dialekte in Nederland eers na 1800 begin toeneem het (Burger, 1994:51).

'n Nederlandse outestamentikus wat lank in Suid-Afrika klasgegee het, en wat die oudste teks in Afrikaans ontdek het, prof. A. van Selms, het die volgende oor Afrikaans gesê: “in woordgebruik is het Afrikaansch konservatief in den besten zin van het woord. Allerlei zeventiende-eeuwsche woorden, die bij ons lang vergeten zijn, worden er nog geregeld gebruikt” (Van Selms, 1941:261).

Die koppeling van Afrikaans aan Nederlands is vir Van Wyk Louw nie onderhandelbaar nie: “Afrikaans is geen neweproduk van ons Suid-Afrikaanse tale-in-'n-proefbuis nie. Dit is die erfgenaam van die Salige Ruusbroec, Hadewijch, Bijns, Vondel, Hooft en Bredero. En net soos Engels volledig doseer kan word alleen as Chaucer en Shakespeare ingebring word, so kan Afrikaans volledig doseer word alleen as die grotes van sy lang voorgeskiedenis ook mag meepraat” (Louw, 1988: 12). Erfgenaam bedoel allermins dat dit bloot dupliseer wat dit voorafgaan; Afrikaans is immers “*deur* hierdie land gevorm”. Gegewe die erfenis en die ontstaansgebeure van Afrikaans bly die taal vir hom dan 'n brug tussen die kontinente. Wat met brug bedoel word, is nie so eenvoudig as wat dit mag lyk nie. Heidegger se opstel, “Bou, woon dink” (Schoeman, 1989) het die tematiek van die brug sentraal gestel: “Heidegger emphasizes that a bridge is not simply built at an already existing site. Rather, it creates sites” (Han, 2022:41). Anders as Homi K Bhabha se interpretasie van die brug (en mens sou Breitenbach se begrip van die middelaarde ook hierby kon betrek), is Heidegger se begrip van die brug volgens Han nie geskoei op 'n blote hibriditeit nie: “the divine There, the divine bank, transcends the common and perhaps calamitous ‘hither and thither’ of the mortals” (Han, 2022:42). Die hibriede neig nie daartoe om kultuur te vernietig nie, maar om by wyse van hiperkultuur dit tot 'n blote verbruikersproduk te verskraal, iets wat in die algoritme verpak kan word en by implikasie die transendente horison van die anderkant waarheen dit wys, prysgee. Hiermee word bedoel dat die transaksionele aard van die hiperkultuur se skynpluraliteit afbreuk doen aan die outentieke interaksie waarin die ander nie bloot as middel tot 'n doel gebruik word nie.

Die betekenis in tekens

Hoewel dit te verstane is dat ons taal aanwend om ons lewens op die mees voordelige wyse in te rig, rus daar ook 'n verantwoordelikheid op ons om die aangeleentede van taal en politiek nie ten volle te vervleg nie. Laat ons dan 'n paar oorsigtelike punte oor taal maak om daaruit te kan bepaal in watter mate dit tot ander vlakke van menswees deurdring.

Ons weet dat taal uit die basiese uitdrukkingsvorme van foneme of klanke en simbole bestaan, wat die uitbeelding van taal moontlik maak en oor 'n langer tyd as eersgenoemde ontwikkel het. 'n Simbool wys op een ding wat as 't ware die rol van 'n ander vertolk, terwyl die *begrip* simbool letterlik beteken saamgooi, met ander woorde saamvoeging. Die wyse waarop tekens saamgevoeg word, is deur die Grieke in terme van die werkinge van ledemate in die liggaam verduidelik: Die naamwoorde en werkwoorde verteenwoordig onderskeidelik die skelet en die spiere, terwyl, soos die ou Grieke dit beskryf het, die lidwoorde (*syndesmos*) en die voegwoorde (*arthron*) die ligamente en die gewigte van die sin verteenwoordig. Die kleinste deel van die metrum in die digkuns word met nog 'n liggaamlike beskrywing, naamlik voet, benoem.

Die samewerking tussen simbool en klank in taal is nêrens meer treffend as in die digkuns nie. Aristoteles voer die vergelyking tussen taal en die liggaam 'n stap verder deur na die fisiologiese uitwerking van klank op die liggaam te verwys. 'n Bepaalde opeenvolging van voete in die digkuns kan sekere emosies in die menslike psige prikkel, en daarom pas sekere

metriese patrone beter by tragedie terwyl ander beter by komedie pas. So 'n fyn bestudering van die tegniese aspekte van taal baat nie alleen die sprekers van 'n taal nie, maar die mensdom as sodanig. Sonder 'n mate van behendigheid in die tegniek wat uit duisende jare se ontwikkeling ontleen word, kan geen blywende letterkunde opgelewer word nie. By implikasie maak dit tale wat die tegniese vaardighede kweek en aanwend erfgename van hierdie insigte. Tog, soos ons Aristoteles ken, sal daar ook 'n doel wees met die vaardighede wat 'n digter opgebou het. Die doel van die goeie digkuns is dan tweeledig: Dit verleen aan die digwerk die karakter van onalledaagsheid, *me tapeinen*, asook deur die aanwending van die gepaste herkenbare woord duidelikheid, *safe*. Hy sit die onalledaagsheid as volg uiteen: “Als ongewoon beskou ik de glosse, metaphoor, gerekt woord en alle andere die van het eigenlijke of normale afwijken” (Aristoteles, 2016:72/1458a18). Die mens bewonder van nature dít wat van ver af kom; dit gee aan hom genot, sê hy dan ook in die Retorika. Maar indien die digkuns nie met die duidelike woord en die norme, die *kurion*, wat hy afwissel met *oikeion*, die eie, gebalanseer word nie, kan dit volgens Aristoteles ontaard in 'n raaisel en die teendeel van gekultiveerdheid, naamlik vervreemding, tot gevolg hê.

Die verheuenheid in die alledaagse

Ofskoon studie van die ontwikkeling van taal as geheel en die prestasies wat tydens hierdie gang bereik is onontbeerlik vir die ontwikkeling van die plaaslike taal is, het dit dikwels gebeur dat sekere tale as inherent verheue bo die plaaslike taal voorgestel is. Diegene wat hulle denke dogmaties onderwerp aan hierdie voorveronderstelling, die deur Herder beskryfde *Schönwissenschafiler* en *Schönkünstler*, het tot dié toedrag van sake in sy konteks bygedra: “Das Leichte hat über das Schwerere gesiegt, die Einbildung hat vor dem Verstande Platz genommen” (Herder, deel 522). Dit gee daartoe aanleiding dat die skone in die wetenskappe verword tot louter “Colorit, nur Oberfläche, er pickt darnach wie der Vogel nach der Farbe, er hascht darnach wie nach einer schönen Wolke: die schöne Ansicht vergeht, und er hat nichts” (Herder, deel 522). Om eie verantwoordelikheid te neem vir die toekoms van 'n taal “wird nicht durch *elogia* fremder Zungen und Federn, nicht durch Schminke von außen, nicht durch Geschwätz oder Schönkunstelei erworben: sie ist die Frucht der ernstesten Anstrengung, die höchste Wissenschaft und Kunst des Lebens” (Herder, deel 526).

Nie alle denkers is dit dus met Aristoteles eens oor die aard van die verhouding tussen die onalledaagse en die “laer” (*tapeinen*) aspek van taal nie. Dante beklemtoon in 'n vroeë opstel *Vulgare eloquentia* die bepalende rol wat die *vulgare*, die plaaslike taal, in die skepping van die digkuns moet speel. Die *vulgare* is natuurlik tot die mens, wat dit op 'n nieformele wyse aanleer tydens die grootwordjare. Daarteenoor tref ons die *grammatica* aan wat Dante as 'n “secondary language” beskryf, wat moeisam aangeleer word en waarsonder geen groot letterkunde, soos reeds genoem is, opgelewer word nie. Dante se voorkeur vir die taaleie word as volg verwoord: “Of these two kinds of language, the more noble is the vernacular: first, because it was the language originally used by the human race; second, because the whole world employs it, though with different pronunciations and using different words; and third because it is natural to us, while the other is, in contrast, artificial” (Dante). Hiermee bedoel Dante nie dat die alledaagse woorde noodwendig slegs op alledaagse onderwerpe betrekking het nie; trouens, sy eie digkuns getuig van die teendeel. Insgelyks is die maatstaf van goeie taalgebruik vir Augustinus eenvoudig: “let our speech agree with our lives, our voice with our conscience” (aangehaal in Auerbach, 1993:28). Dante se werk is egter ook in diep gesprek met denkers uit die tradisie, terwyl dit die *grammatika tekne* verhef tot die trinitariese motief

van sy tersines. Dus vind daar nie bloot nabootsing van bronne plaas nie, maar erkenning, opname, verskil en voortbeweging.

Ons weet dat die Griekse en die Romeinse beskawings die tegniek van taal vernuwe en groot skatte aan die mensdom nagelaat het. Maar die verkeerde aanwending van tegniek dra nadelige gevolge. Nêrens, volgens Augustinus, is die wantoepassing van retoriese tegniek meer sigbaar as in preke waartydens die hoorders spontaan begin hande klap nie. Daarmee skiet hy allermens die bemeestering van retorika af; trouens, hy beveel ten sterkste Cicero se indeling van die *parva, modica* en *magna*, die alledaagse, die intermediêre en die verhewe spraak vir die preek aan. Maar anders as by Cicero, het elkeen van die indelings nie binne die geestelike domein van die preek alleen betrekking op sekere onderwerpe nie (hoewel dit steeds in ander domeine soos die regspraak en die akademie die norm behoort te wees). Dit is omdat die openbaring van Christus nie volgens 'n Stoïsynse wêreldbeeld geskied het nie, maar in eie terme: “A Christian orator recognizes no absolute levels of subject matter; only the immediate context and purpose (whether his aim is to teach, admonish, or to deliver an impassioned appeal) can tell him which level of style to employ” (Auerbach, 1993:35). Dienooreenkomstig met die misterie van die openbaring moet ons in die prediking volgens Augustinus ag slaan op die verduideliking van Lukas (self 'n meester in die beskrywing van die wyse waarop die allerheiligste in die alledaagse gestalte kry), soos dit in hoofstuk 16:10 van sy evangelie saamgevat word: “wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik”. Hierdie eerlike aanslag en worsteling met die retorika vind by uitstek neerslag in Augustinus se *Belydenisse*, 'n werk wat bewustelik en onbewustelik byval gevind het by menige groot skrywer in die Westerse geskiedenis, en het ongetwyfeld bygedra tot die selfvertroue om die eie worsteling, en daarby inbegrepe die eie taal, vir die hoogste doel in te span. Vir Augustinus is die grootsheid van die Bybel wat in die alledaagse Grieks neergepen is, by uitstek die voorbeeld van die wyse waarop taal verpak kan word: “Die gang daarvan is nederig, maar die hoogtes wat dit bereik het, het jou gees verhef” (Augustinus, 2007:53). Geen wonder dan dat die vertaling van die Bybel die impuls vir soveel moderne tale gebied het waaruit dit ontwikkel het nie.

Die grootsheid in klein tale

Sprekers van die tale waarin die balanse tussen die tegniese en taaleie hier bo genoem in bewonderenswaardige letterkunde gestalte gekry het, ontwikkel egter dikwels 'n hubris wat tot gevolg het dat die taal as enigste toegangspoort tot die waarheid verklaar word en wisselwerking met ander tale in die kiem smoor. Derhalwe moet konstant gelet word op die volgende punt, veral in die konteks van 'n taal soos Afrikaans wat relatief geïsoleerd geografies is van tale wat 'n ryk letterkunde opgelewer het: “The narrower the circle is, the stronger the sensuality and the drive is, the more uniform the ability for art and the work in life is, then the less is even the slightest progress through experience observable, at least for us” (Herder, 2004:130). In hierdie opsig is dit goed dat werklike debat (wat nie net bly by oop gesprek nie) plaasvind sodat die presiese woord konstant gesoek word.

Die wyse waarop die groot tale afgedwing word ten koste van die kleiner tale, kan daarom ook in Aristoteles se terme as barbarisme beskryf word, wat Louw inderdaad nie skroom om te doen nie: “daarom is die taal-imperialisme van die ‘groot groepe’ een van die gevaarlikste vorms van die moderne barbaarsheid” (Louw, 1988:97). Die grootsheid van 'n taal lê tegelyk in sy vermoë om die tegniese te bemeester, dit wil sê na te doen en aan te pas, én insgelyks in

sy beperking, in sy grens. Dit is in daardie grens waarin die waarheid kan wortel skiet, groei, vertak, blom en vrug dra. Daardie vrug wat deur die selfstandige letterkunde van 'n taal gedra word, is volgens Louw geen kleinigheid nie, maar 'n "onvervangbare verowering van die mens" (Louw, 1988: 97). Die kruisbestuiwing wat plaasvind, veroorsaak dat iets van die ou tale voortleef, iets meer as net woorde, naamlik idees en erfenis: "We all believe that we still now have paternal and household and human drives as the Oriental had them; that we can have faithfulness and diligence in art as the Egyptian possessed them; Phoenician activeness, Greek love of freedom, Roman strength of soul" (Herder, 2004:292). In die lig hiervan moet 'n taal die selfvertroue hê om 'n eie unieke stem te ontwikkel maar om in gesprek te wees met die kulture waaruit die moderne lewe ontwikkel het. Fichte het daarom 'n beroep gedoen op die Duitse kultuur om met ander kulture van die "sonverwante gees", wat vryheid, reg en ontwikkeling nastreef, in gesprek te tree, en nie vas te steek by diegene wat slegs in die "kluit, de rivier, de berg hun vaderland herkennen" (aangehaal in Safranski, 2009:177). Oopheid om jou eie vooruitgang in gesprek met die ou tale te bring, bewerkstellig 'n koppeling wat die eie taal inbind in die geskiedenis: "If human nature is no independent divinity in goodness – it has to learn everything, be formed through progressions, step ever further in gradual struggle – then naturally it is formed most or only on those sides where it has such occasions for virtue, for struggle, for progression" (Herder, 2004:294).

Die werklike en heerlike vrug wat taal dra is waarheid self, ofskoon dit telkens in 'n nuwe gewaad te voorskyn kom. Hierdie vrug is nie gereserveer vir die sprekers van 'n taal nie, en kan deur vertaling oorgedra word. Vertaling is die sleutel wat 'n taal ontvanklik maak vir ervarings wat verwyderd is van die wêreld van die sprekers en tegelyk 'n nuwe wêreld oopmaak in die taal. Vertaling is meer as die blote oordrag van idees, dit rek 'n taal. Om 'n ander taal as jou moedertaal aan te leer soos van 'n vertaler verwag word, verplaas jou tegelyk na 'n ander verstaanswêreld terwyl dit jou nie ten volle verwyder uit jou oorspronklike wêreld nie; dit gee mens as 't ware 'n nuwe blik op jou eie taal. Sonder die grondige bestudering van die grammatika (inbegrepe die groot werke) van ander tale, sê Hegel in die *Wissenschaft der Logik*, kan die "Bildung eines Volks" nie tot volle ontplooiing gevoer word nie (Hegel, 2004:41). Hy gaan so ver om te beweer dat die geskiedenis van die grammatika iets blootlê van die ontvouing van die denke. Tereg kan gevra word hoeveel Afrikaanssprekende taalkundiges en letterkundiges vandag enige ander taal behalwe Engels kan besig (terwyl hulle dikwels Anglisisme voorhou as die hoofsonde), wat nog te sê ouer tale waarmee die Afrikaanse taal vergelyk kan word om dit sodoende binne die narratief van die ontvouing van die geskiedenis van die *grammatika tekne* te karteer.

Mens sou kon wys op die omvang van die Afrikaanse boekebedryf om daarmee die suksesvolle toepassing van al die aspekte hier bo vermeld te belig, maar ten spyte van die groot prestasies wat in die vorige eeu in tale bereik is, wys Louw daarop dat die "onpresiese woord en die slordige gedagte" vanweë hoofsaaklik die invloed van die nuusmedia se "haastige koerantmanne" die norm van die tyd, bedoelende die 20ste eeu, geword het. Met die toevoeging van sosiale media sou mens kwalik kon sê dat die haastigheid vandag alleen tot die koerantmanne beperk is. Die slordige en onpresiese woord kan maklik tot blote prikkelings vir aggressie en die ondermyning van beskaafde en genuanseerde gesprekvoering oorskakel (voeg hierby die advertensies wat die berigte vergesel om die instemming tot prikkeling verder te stimuleer).

Om hierdie probleem teen te werk, vind ek aansluiting by Wilhelm von Humboldt se mening dat "Geistvolle Schriftsteller" oftewel "begeesterde skrywers" en 'n ontvanklike gehoor vir 'n taal nodig is, twee dinge wat allermins as vanselfsprekend aanvaar kan word.

Meer bepaald sal 'n taal kwalik sonder 'n “poetischer und philosophischer Geist” tot “Vollendung in ihrem Fortgange” kan ontplooi (Von Humboldt, 1974:114). Die wisselwerking tussen denkers en gehoor veronderstel gesonde en dinamiese instellings. Gesonde instellings sal nie die media ondermyn of slaafs napraat ter wille van relevansie nie, maar tereg laat kom as medium, as dít wat tussen mense, natuur en instellings bemiddel en sodoende skarniere vorm wat belangrik is vir die vormgewing aan betekenis in die moderne lewe.

Die ou argument dat 'n lingua franca die taal van die instellings, en veral die wetenskap behoort te wees, dra histories nie water nie. Dijksterhuis wys daarop dat die Latyns van die vyftiende en sestiende eeue reeds nie oor die woordeskat beskik het vir die moderne wêreld nie: “the scholar who felt obliged to express himself exclusively in Latin, and who could only do so by mangling it, was a familiar figure in Italian comedy” (Dijksterhuis, 1961:245). Uitnemende wetenskap berus dikwels op die plaaslike tale se beskrywings. Tale wat as lingua franca dien het dus ook grense, geskiedenis en partikulariteit, en moet konstant die verheuenheid van die alledaagse van ander, kleiner tale raadpleeg om met nuwe beskrywings vorendag te kom.

Die grens van 'n taal verteenwoordig daarom moontlikheid sowel as beperking, tegelyk is dit ook daar waar die brûe oorspan. Die perk gee konkrete gestalte aan die begrip terwyl die moontlikheid van die begrip nie oneindig is nie, maar voortdurend sy eie perk moet erken. Vertaling laat 'n taal egter toe om die grense oor te steek en te verskuif, en sonder die grense van beide tale sou vertaling nie moontlik gewees het nie. Om hierdie rede kan daar nooit opgehou word om die klassieke te verken nie, dit vertel 'n verhaal wat ook ons verhaal is, universeel en partikulier. Tot slot kan ons wys op die belangrikheid van die grammatikaal-tegniese sowel as die taaleie wat in voortdurende wisselwerking met mekaar moet verkeer, 'n wisselwerking waarsonder nie een van die dele en by implikasie die geheel tereg kan kom nie.

BIBLIOGRAFIE

- Aligieri, D. *De Vulgare Eloquentia*. https://warwick.ac.uk/fac/arts/modernlanguages/academic/lines/community/kenilworth/term2-wk9-dante-reading_2.pdf [Toegang verkry op 23/02/2022].
- Aristoteles. 2016. *Poëtica*. Amsterdam: Athenaeum.
- Aristoteles. 1998. *Politics*. Indianapolis: Hackett Publishing Company.
- Auerbach, E. 1993. *Literary Language and its public in late latin antiquity and in the Middle Ages*. Princeton: Princeton University Press.
- Augustinus. 2007. *Belydenisse*. Wellington: Lux Verbi.
- Bragg, M. 2004. *The Adventure of English: the biography of a language*. London: Hodder & Stoughton.
- Burger, P; De Vries, JW; Willems, R. 1994. *Het verhaal van een taal*. Amsterdam, Prometheus.
- Dijksterhuis, EJ. 1961. *The Mechanization of the World-Picture*. Oxford: Oxford University Press.
- Louw, NP van Wyk. 1988. *Gedagtes vir ons Tyd*. Kaapstad: Tafelberg.
- Han, BC. 2022. *Hyperculture*. Cambridge: Polity Press.
- Hegel, GWF. 2018. *Hauptwerke in sechs Bänden: Band 3. Wissenschaft der Logik*. Hamburg: Felix Meiner Verlag.
- Safranski, R. 2007. *Romantiek: Een Duitse Affaire*. Amsterdam: Atlas.
- Schoeman, MJ. 1989. Bou, woon, dink, deur Martin Heidegger. Vertaling met inleiding en kommentaar. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 29(3):165-179.
- Van Selms, A. 1941. Het Afrikaansch als Volks- en Cultuurtaal, *De Fakkel*, 1e Jaargang No. 4, Februarie 1941, bl. 258-270.
- Von Herder, JG. *Wichtige Schriften*. Kindle uitgawe.
- Von Herder, JG. 2004. *Herder's Philosophy*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Von Humboldt, W. 1974. *Über die Verschiedenheit des menschlichen Sprachbaues*. Hildesheim: Georg Olms Verlag.

Strominge en teenstrominge in die vraag na die onderwysaalmedium: 'n Internasionale en 'n Suid-Afrikaanse perspektief

Currents and counter-currents in the question of the language of learning and teaching: An international and a South African perspective

CHARL C WOLHUTER

Vergelykende en Internasionale Opvoedkunde
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
E-pos: Charl.Wolhuter@nwu.ac.za



JL (HANNES) VAN DER WALT

Edu-HRight-fokusarea: Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
E-pos: hannesv290@gmail.com

Charl Wolhuter Hannes van der Walt

CHARL WOLHUTER het aan die Universiteite van Johannesburg, Pretoria, Unisa, en Stellenbosch studeer. Hy het sy doktorsgraad in Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy is 'n voormalige junior lektor in Historiese Opvoedkunde en Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria en 'n voormalige senior lektor in Historiese Opvoedkunde en Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Zoeloeland. Tans is hy professor in Vergelykende en Internasionale Opvoedkunde aan Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, Suid-Afrika. Hy is die outeur van verskeie artikels oor Geskiedenis van die Opvoedkunde, asook Vergelykende en Internasionale Opvoedkunde. Hy was besoekende professor aan onder meer Brock Universiteit, Kanada; Mount Union Universiteit, Ohio, Verenigde State van Amerika; die Universiteit van Kreta, Griekeland; die Universiteit van Queensland, Australië; die Universiteit van Modena en Reggio Emilia, Italië; die Opvoedkunde Universiteit van Hong Kong; en Eberhardt Karls Universiteit, Duitsland.

CHARL WOLHUTER was educated at the Universities of Johannesburg, Pretoria, Unisa and Stellenbosch. His doctorate in Comparative Education was awarded to him by the University of Stellenbosch. He is a former junior lecturer in the Department History of Education and Comparative Education at the University of Pretoria, and a former senior lecturer in the Department of History of Education and Comparative Education at the University of Zululand. Currently he is professor of Comparative and International Education at North-West University, Potchefstroom Campus, South Africa. He is the author of several articles in the fields of History of Education and Comparative and International Education. He has been visiting professor at, inter alia, Brock University, Ontario, Canada; Mount Union University, Ohio, United States of America; University of Crete, Greece; University of Queensland, Australia; the University of Modena and Reggio Emilia, Italy; the Education University of Hong Kong; and Eberhardt Karls University, Germany.

Datums:

Ontvang: 2022-04-26

Goedgekeur: 2022-08-19

Gepubliseer: Desember 2022

HANNES VAN DER WALT, emeritus professor in die opvoedingsfilosofie en dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde aan die destydse PU vir CHO, is tans 'n spesialisnavorsers aan die Noordwes-Universiteit (NWU) en ook betrokke by kapasiteitsbouprogramme aan die NWU.

HANNES VAN DER WALT, Emeritus Professor of Education and Dean of the Faculty of Education at the former PU for CHE, is currently a specialist researcher at the North-West University (NWU) and also involved in capacity building programmes at that university.

ABSTRACT

Currents and counter-currents in the question of the language of learning and teaching: An international and a South African perspective

The aim of this article is twofold. It is firstly to map the international discourse and experience regarding the issue of language of learning and teaching in education. Secondly, the article focuses on the South African question regarding the issue of language of learning and teaching in educational institutions, by employing the international framework constructed in the first section for purposes of illumination, interpretation, and assessment.

The language medium in education remains a contentious issue in education, also in the South African context. The comparative method that was used for doing the mapping, namely, to examine and draw potentially valuable insights and perspectives from comparable international situations, is widely used for illuminating societal issues, also in education.

Schools were instituted for the first time around 3 000 BC in Mesopotamia and Egypt. During the first millennia in the history of these institutions, the dominant language of the political jurisdiction or entity in which the school was located was employed as the language of learning and teaching in schools. This was due to the political objectives of education and schooling as well as the social origins of the learners who attended the schools. Schools originated autochthonously in only a few places; most school systems in the world today can trace their roots back to the early mediaeval European prototype which was subsequently exported to the extra-European world by means of missionary activities and imperial (colonial) endeavours. It is important to keep this development in mind for an understanding of the subsequent course that the language of learning and teaching in schools followed.

A departure from the mediaeval practice to use Latin as the language of learning and teaching in schools coincided with the Reformation in Western Europe in the sixteenth century, in particular the formation of nation-states in that part of the world since the beginning of the nineteenth century. The leaders of the Reformation promoted the use of the vernacular for reading and understanding the Bible, and for this reason agitated for the home language to become the language of teaching and learning in the schools. This ideal was never fully realised, however; even in Western Europe the dominant language of each nation was used as the language of teaching and learning.

The notion of developing the vernacular as language of learning and teaching did not form part of the imperialist project of instituting schools in the colonies from the fifteenth century in the Americas and Asia, and from the nineteenth century in Sub-Saharan Africa. Instead, the official language of the colonial power in question was used as the language of learning and teaching in colonial schools.

The empowerment of the vernacular to become the official language of the country, a hallmark of the formation of nation-states and of national education systems in the Global North, received at best scant attention or lip service when the nations of the Global South,

especially in Africa (notably in Sub-Saharan Africa) and South Asia gained independence during the 1960s.

The situation has since been exacerbated by the rise of English as international lingua franca in the past half century. The impact of this development can be detected in the education systems of the world, including those of the Global North: English has become a de facto universal second or third language in teaching and learning at most levels. English is also increasingly supplanting respectively French and Portuguese as languages of teaching and learning in institutions of education in francophone and lusophone Africa. This, as mentioned, is a direct result of the vernacular not having been developed and empowered to become the language of teaching and learning. The hegemonic position of English is also reinforced by widespread support for this language as medium of teaching and learning among parents. Parents are convinced that mastery of English will be advantageous for their children in the higher education context and later in the international commercial world.

A plethora of scholarly investigations seem to indicate that the vernacular should be favoured as the language of learning and teaching in institutions of education. Their findings revolve around respect for human rights, including the right to use the home, mother or first language as medium of teaching and learning; the role of language of teaching and learning in ensuring that the vernacular maintains and even improves its status and currency in society; educational considerations, including the role that the mother language plays in cognitive development and the learning of the first language, the learning of a second language, and subsequently, the learning of English; also the issue of equality and equity in education, and the role and impact of the language of learning and teaching in the maintenance and production of human and social capital.

In the second part of the article, the South African situation regarding the issue of language of teaching and learning is described, analysed, interpreted and assessed against the international framework outlined in the first part. The analysis and discussion presented reveal that the international considerations are valid for the issue of language of learning and teaching in South Africa as well. They also show that several contextual-ecological features of the South African pedagogical landscape cause the promotion of the vernacular as medium of teaching and learning to be of even greater urgency. These features include the poor output (achievement) levels of, and the concomitant high levels of attrition in the South African education system, the persistent unacceptably high unemployment rate, the high levels of social inequality, and the national priority of making education accessible to all. Recommendations are made as to how the development of the various vernaculars could be developed to become efficient media of teaching and learning. Two of the strategies that could be considered are to promote the use of the vernacular in teacher education, and to use some of the international aid that is being poured into the African continent for the purpose of developing the various vernaculars to grow into effective education media.

KEYWORDS: Colonial Education; Comparative and International Education; English; equality/equity in education; Human Capital; Human Rights; Language; Language of Learning and Teaching; South Africa; Sub-Saharan Africa; unemployment; Vernacular

TREFWOORDE: Engels; Gelyke Onderwysgeleentede; Koloniale onderwys; Mense-regte; Menslike Kapitaal; moedertaal; Onderwys; Sub-Sahara Afrika; Suid-Afrika; Taal; Vergelykende en Internasionale Opvoedkunde; werkloosheid

OPSOMMING

Die doel van hierdie artikel is om 'n oorsig en ontleding te bied van die internasionale diskoers oor, en die ervaring rakende die onderwystaalmedium, en dan dié oorsig en ontleding te gebruik ter beligting van die Suid-Afrikaanse vraagstuk ten opsigte van onderwystaalmedium. Gedurende die eerste twee millennia van die bestaan van “die” skool as onderrig-leerinstansie, was die oorheersende taal van die politieke magsgebied waarin 'n betrokke skool geleë was vanselfsprekend ook die onderrig- en leertaal van die skool. Die kerkhervorming en veral die ontstaan van nasionale state in Wes-Europa in die negentiende eeu het 'n wending hierin meegebring deurdat hierdie gebeure die beginsel van die moedertaal as voertaal / onderrigmedium in die onderwys bevorder het. In die Globale Suide, ná die staatkundige mondigwording van voormalige kolonies en die gepaardgaande bemagtiging van die betrokke moeder- en nasionale tale, is die inheemse tale egter selde as onderrig- en leertale erken en ontwikkel. Engels het boonop, as internasionale *lingua franca*, die afgelope halfeeu regoor die aardbol as onderrig- en leertaal in die onderwys vastrapplek begin kry. In weerwil van hierdie verwickelinge bestaan daar 'n massa bewyse en argumente ten gunste van moedertaalmediumonderwys. Die eerste deel van die artikel gee 'n oorsig van hierdie bewysmateriaal en argumente.

In die tweede deel word hierdie materiaal benut om die onderwystaalmediumvraagstuk in die Suid-Afrikaanse onderwys te belig. Die historiese verloop van sake in Suid-Afrika het uitgeloop op die oorheersing van Engels as voertaal in die onderwys. Hierdie toedrag van sake het gelei tot stremming in die ontwikkeling en bemagtiging van die verskillende inheemse tale as onderwysvoertale. Afrikaans, indien 'n mens dit sou beskou as een van die inheemse tale ('n taal wat op Afrikabodem ontstaan en ontwikkel het), het benewens die globale en historiese-nasionale kragte ten gunste van Engels wat in die eerste deel van die artikel beskryf is, ook te doen met histories-politieke druk (as die “onderdrukkerstaal”). In die eerste deel van die artikel het dit geblyk dat daar sterk argumente, gesteun deur empiriese bewyse, bestaan ten gunste van die bemagtiging van moedertale as voertale in onderwys, en dus téén die huidige oorheersende posisie van Engels as onderwystaalmedium. Nie net geld dieselfde argumente vir die situasie in Suid-Afrika nie maar daar is ook 'n aantal faktore wat die wenslikheid van moedertaalmediumonderwys hier te lande des te meer noodsaaklik maak. Enkele aanbevelings word in hierdie verband aangebied.

Inleiding

Die onderwystaalmedium bly steeds 'n omstrede vraagstuk in Suid-Afrika. Dit is die onderwerp van 'n voortdurende openbare diskoers oor die onderwys (vgl. Rossouw, 2022) en van 'n stroom publikasies (vgl. Van der Vyver, 2021). Dit is internasionaal ook hoog op die onderwysagenda, onder andere omdat bevind is dat 37 persent van leerders in middel- en laer-inkomstelende tans onderwys ontvang deur die medium van 'n taal anders as hulle eerste, huis- of moedertaal (Wêreldbank, 2021:20). Die gesprek oor die vraagstuk van onderwystaalmedium in Suid-Afrika vind grootliks plaas met verwysing na nasionale (onderwysstelselkundige en maatskaplike) kontekstuele faktore (Giliomee, 2019:213-216; Van der Vyver, 2021). Waar internasionale presedente wel gebruik word om die neiging tot die aanvaarding van 'n enkeltalige onderrigmediumbeleid en -praktyk te regverdig (vgl. die twee voorbeelde hiervan uitgelig deur Bornman, Janse Van Vuuren, Pauw & Potgieter, [2021:316]), is dit nodig om sulke uitsprake te toets aan grondige wetenskaplike ontleding. Sodanige toetsing gee gevolg aan een van die stelreëls van vergelykende ondersoek (soos in die volgende afdeling

verduidelik); daaronder kan geen voordeel geput word uit die internasionale ondervinding oor 'n vraagstuk nie.

Die doel van hierdie artikel is om die internasionale diskoers oor, en ondervinding rakende die onderwysstroom onder oë te neem en waar moontlik nuttige gesigspunte daaruit na vore te bring vir benutting in die Suid-Afrikaanse onderwysopset. In die eerste afdeling word veral gefokus op die internasionale diskoers en ondervinding. Die uiteensetting begin met 'n metodologiese verantwoording oor die werkwyse, sin en doel van die ontwikkeling van 'n internasionaal vergelykende perspektief op onderwysvraagstukke. Aan die hand daarvan kom die internasionale ondervinding met, en die diskoers oor onderwysstroom aan bod. In die tweede deel van die artikel word die Suid-Afrikaanse ervaring en diskoers rakende die onderwysstroom van nader beskou en geëvalueer deur dit te bekyk in die lig van die internasionale ervaring. Die oogmerk daarmee is om verdere lig te werp op die Suid-Afrikaanse diskoers.

Metodologiese verantwoording

Die benutting van internasionaal-vergelykende perspektiewe is 'n wyd aanvaarde en gebruikte metode om openbare maatskaplike vraagstukke te belig (Pawson, 2006), ook op onderwysgebied (Crossley, 2014). Die doelbewuste en stelselmatige benutting van buitelandse (internasionale) ondervinding ten einde te kan kom tot 'n vollediger begrip van binnelandse onderwysvraagstukke, asook van die gepaardgaande oorsake en moontlike gevolge van 'n betrokke stand van sake en van moontlike oplossings tot 'n bepaalde probleem, strek ten minste twee eeue terug in die verlede (Wolhuter, 2019:4). Twee interverwante kontekstuele faktore het in die huidige tydsgewrig die aktualiteit en noodwendigheid van die aanwending van internasionale perspektiewe versterk. Die eerste is die neo-liberale ekonomiese revolusie, wat tans beskou word as een van die belangrikste globale onderwysvormende kragte (vgl. Van der Walt & Wolhuter, 2019), veral die premie wat die neo-liberale ekonomiese orde plaas op prestasie meting en wedywing. Die tweede is die opkoms van internasionale toetsing en meting soos die Organisasie van Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling se Internasionale Program vir Leerderassessering (PISA: *Programme for International Student Assessment*) en sy PIAAC-toetsreeks (*Programme for the International Assessment of Adult Competencies*) wat die vaardighede van volwassenes in 'n groot aantal lande meet; die Internasionale Assosiasie van Onderwysevaluering (IEA: *International Association for the Evaluation of Educational Achievement*) se toetsreekse (onder meer die TIMSS [*Trends in Mathematics and Science Studie*], die PIRLS [*Progress in Reading Literacy Study*]), die toetsreeks oor rekenaervaardighede en die aanwending van tegnologie in onderwys (SITES, *Studies on Information Technology in Education Study*-toetse), en die toetsreeks oor Burgerlike Onderwys (ICCS, *International Civic and Citizenship Education*). Al hierdie toetsreekse word met gereelde tussenposes in 'n groot getal lande afgeneem.

Internasionale graderings van universiteite is op tersiêre onderwysvlak die eweknie van hierdie metings op primêre en sekondêre onderwysvlak. Graderings van universiteite het die afgelope dertig jaar vanaf hoegenaamd niks tot 'n groot nywerheid uitgegroeï (vgl. Wolhuter, 2012). Toe Shin, Toutkoushian en Teichler in 2011 die heel eerste boek oor internasionale universiteitsgradering publiseer, was daar reeds 33 sulke graderings op die internet in omloop. Volgens die Alexa Browsing Extension (2021) lok die drie mees geraadpleegde internasionale universiteitsgraderings – die Shanghai Academic Ranking of World Universities, die Times Higher Education Supplement (THES) en die Quacquarelli Symonds (QS) – onderskeidelik 10 734, 4 484 en 85 518 internetbesoeke elke dag.

Die massa-databasisse wat hierdie toetsreekse en universiteitsgraderings lewer, is en word deur onderwysnavorsers, -meningsvormers, -beleidmakers en politieke leiers aangegryp in hulle soeke na beste internasionale praktyke ten einde hulle onderskeie binnelandse onderwysstelsels te verbeter. Hulle voel hulle daartoe genoop omdat hulle besef dat hulle en hulle lande se onderskeie onderwysstelsels hulle bevind in 'n geglobaliseerde wêreld waarin lande in wedywing met mekaar verkeer, waarin lande daarna streef om wêreldklasuniversiteite en onderwysstelsels as deel van hulle nasionale prestige op die been te bring. Hulle word ook daartoe gedryf deur die persepsie dat die internasionale stand van hulle onderwyspoging 'n integrale bestanddeel geraak het in die wedloop om "sagte mag" ("soft power") (Amirbeka & Ydyrysb, 2014).

Hierdie toedrag van sake laat egter gevaarligte vir die vakwetenskap vergelykende en internasionale opvoedkunde opgaan, naamlik dat die klakkelose oornome van sogenaamde beste praktyke uit een stelsel na 'n ander selde regverdigbaar is. Om dit te doen, stry teen 'n stelreël van hierdie wetenskap wat sover as moontlik gehoorsaam behoort te word wanneer praktyke of beleidsrigtings van een onderwysstelsel na 'n ander verplant wil word ter verbetering van die ontvangende onderwysstelsel (Stromquist, 2002; Pawson & Tilley, 2004; Li & Pilz, 2019: 613-614; Schweisfurth & Elliot, 2019).

Elke onderdeel van 'n onderwysstelsel, insluitende die onderwysmedium, is 'n integrale deel van 'n totale onderwysstelsel met al sy ander komponente en elemente (soos die kurrikulum, die onderwysdoelstellings, leerders, onderwysers, ouers en skoolbestuurstrukture, om maar net enkele te noem). En verder is die ganse onderwysstelsel ingebed in die eie en unieke maatskaplike konteks (geografie, demografie, ekonomie, sosiale sisteem, politieke stelsel, godsdiens en lewens- en wêreldbeskouing) wat daardie betrokke onderwysstelsel in aansyn geroep het en steeds 'n sterk vormgewende krag daarop uitoefen. Hoe gevoelig onderwysbeleid en -praktyk vir die heersende maatskaplik-kontekstuele faktore is, het onlangs weer eens geblyk uit die uiteenlopende maniere waarop verskillende nasionale onderwysstelsels gereageer het op die uitdagings van die Covid-19-pandemie (vgl. 'n onlangse vergelykende studie van Suid-Afrika en Nederland se bestuur van die pandemie in die onderwys [Broer, Van der Walt & Wolhuter, 2022]). Dieselfde konteksgevoeligheid geld vir die onderwysmedium (Meshulam, 2019). Meshulam (2019) toon in 'n gevallestudie hoe ouers in die Verenigde State van Amerika se motivering vir tweetalige onderwys ooreenkom met, maar ook verskil van dié van ouers in Israel.

Balfour (2007), een van die publikasies wat Bornman *et al.* (2007) noem, hou die gebrek aan welslae wat Wallies teenoor Engels as onderwysmedium in Wallis getoon het, voor as maatstaf of voorbeeld vir Afrikaans as onderwysmedium in Suid-Afrika, sonder om die maatskaplik kontekstuele en onderwysstelsel-faktore-verskille tussen Wallis en Suid-Afrika behoorlik en volledig in ag te neem. Dit is onverdedigbaar, in die lig van die argument in die vorige paragraaf, rakende die konteksgevoeligheid van onderwysstelsels.

DIE INTERNASIONALE LANDSKAP TEN AANSIEN VAN ONDERWYSTAAL-MEDIUM

Die eerste skole

Skole het vir die eerste keer in Mesopotamië en Egipte, en later ook in China en antieke Athene hulle verskyning gemaak. Argeologiese oorblyfsels van hierdie eerste skole dateer uit ongeveer 3 000 vC (Bowen, 1982: 8). Die eerste skool in Egipte was in die paleis van die Farao, terwyl die eerste skool in Mesopotamië in 'n paleis in Mari was (Roaf, 1995). Volgens alle aanduidings

is formele skole in antieke China deur die Xiao-dinastie gevestig (2030-1600 vC), ook in die koninklike paleis, en met die doel om 'n burokratiese elite vir die staatsadministrasie op te lei.

Min navorsers het tot dusver gepoog om te teoretiseer oor die rede vir die ontstaan van skole. Volgens Cohen (1970) het skole in die “beskawingstate” (Cohen se term) soos Mesopotamië, antieke Egipte, China en antieke Athene ontstaan, state wat gevorm is deur die samevoeging van kleiner politieke entiteite. In sulke state moes 'n hoër stand en 'n amptenary opgelei word om die nuwe eenheidsstaat in stand te hou. Skoolopleiding was gevolglik net bedoel vir 'n klein elite wat opgelei moes word as priesters en as skribas. Die taak van die skribas (amptenare) was om briewe te skryf, belastings te bereken, rekord te hou van die belastinginvordering en van transaksies wat die staat aangegaan het, en om koninklike hofdokumente op te stel en daarvan rekord te hou. Die bemeesting van die skrifstelsel – om te kan lees en skryf – het om hierdie redes die hart van die skoolkurrikulum gevorm. Die skool het ook die taak gehad om by die leerders getrouheid aan die nuwe oorkoepelende staat te bevorder en daarmee saam enige trou aan die samestellende kleiner politieke, geografiese en sosiale eenhede te ontmoedig. Hoewel Cohen in sy teorie nie direk oor die onderwysmedium handel nie, kan 'n mens aflei dat die taalmedium in hierdie eerste skole dié van die nuwe oorkoepelende staat en sy heersers moes wees, en nie enige van die streekstale of -dialekte nie.

Die prototipe van moderne skole

Die skool as samelewingsverband het mettertyd oor die hele destyds bekende wêreld ontstaan en verder ontwikkel, in elke geval op 'n eiesoortige manier soos vereis deur die maatskaplike konteks. In Europa, byvoorbeeld, het twee soorte Middeleeuse kerkskole ontstaan, te wete katedraalskole en kloosterskole. Latyn was in albei hierdie groepe skole die medium van onderrig en leer aangesien dit die amptelike taal van die oprigter en “besitter” van die skole was, naamlik die Rooms-Katolieke Kerk. Eksterne leerders (leerders wat nie die res van hulle lewens in die klooster wou slyt nie en slegs die kloosterskoolonderrig wou ondergaan) het ook onderrig in Latyn ontvang.

In die Arabies-Islamitiese-wêreld het skole en ander onderwysinstellings ook ontstaan (selfs tot op tersiêre vlak – vgl. die universiteite van al-Qarawiyyin in Fez, Morokko en die Al Azhar Universiteit in Kaïro). In hierdie skole en universiteite was die medium van onderrig en leer Arabies (Lutz & Klingholz, 2017). In 'n navorsingsprojek om boeke en onderrigmateriaal van die skole van antieke China op te spoor blyk dit dat die onderrig van die Chinese taal 'n vername aktiwiteit in hierdie skole was (Gu, 2013:100). In Japan is die Chinese skrifstelsel teen ongeveer die jaar 500 aangeneem deur die imperiale hof en is skole gestig om die skrif te onderrig aan leerders wat bestem was om die staatsadministrasie te behartig.

In Oud-Indië was die gebruik dat die kinders van die elite-Brahmaankaste, die enigste wat die voorreg geniet het om skoolonderrig te ondergaan, aan huis van die onderwyser (*Guru*) gebly het. Onderrig het gewentel om die bemeesting van die drie heilige geskrifte (die *Veda*, die *Vedangan* en die *Upanishads*), almal in Sanskrit geskryf. Lateraan het Boeddhistiese skole ook 'n vastrapplek gekry, en vanaf die dertiende eeu ook Islamitiese skole. Laasgenoemde het gedurende die Mogulryk (1526–1857) hulle plek in Indië verstewig.

Die Boeddhisme het mettertyd 'n groot aanhang regoor Suid-, Suid-Oos- en Oos-Asië verwerf, en teen die vierde eeu voor Christus het dit 'n eie stelsel van kloosterskole ontwikkel. Die onderwys in hierdie skole was veral godsdienstig van aard, gerig op die verstaan en toepassing van die Boeddhistiese heilige geskrifte, en van die liturgiese taal, Pali. Anders as ander antieke skole was hierdie skole nie elitisties nie; hulle was toeganklik vir enigen wat

bereid was om in 'n klooster te kom woon. Daar was geen eksterne leerders in hierdie skole nie.

In wat as 'n uitsondering op die skoolontwikkeling in die antieke wêreld beskou kan word, was daar in die ryk van die Asteke in Suid-Amerika, wat nagenoeg in die vyftiende eeu tot stand gekom het, 'n tweeledige skolestelsel. In die skole vir die massas is praktiese beroepsvaardighede onderrig, en in die eliteskole vir kinders uit die adellike klas is taal en lees- en skryfvaardighede onderrig. In die ryk van die Mayas het net die priesterklas skoolonderwys ontvang. Die Inkas het geen skrifstelsel gehad buiten 'n elementêre stelsel van knope in toue nie. Elders in die Amerikas, soos in Oseanië en in Sub-Sahara Afrika (behalwe vir die enkele plekke waar daar 'n invloed van die Islam was), het die vroegste kultuurgemeenskappe geen skrifstelsel gehad nie, en gevolglik ook geen skole nie.

Europese proto-skooltipes het mettergaan weens koloniserings heelwat van die bovermelde skoolstelsels verdring, en inbeweeg op plekke sonder formele skoolstelsels. Die sentrale plek van taal en taalonderrig in al hierdie stelsels kom in hierdie stadium van skoolontwikkeling al duidelik na vore.

Ontwikkelinge in Europa gedurende die Kerkhervorming

Dit sou eers met die Kerkhervorming gedurende die eerste dekades van die sestiende eeu wees dat die oorheersing van Latyn as onderwysmedium in Europa beëindig is. Die grondbeginsel van die Kerkhervorming, naamlik van verlossing slegs deur die geloof, en wel geloof gebaseer op die gesag van die Bybel en nie die kerklike hiërargie nie, het die noodsaaklikheid daarvan meegebring dat elkeen die Bybel self moes kon lees. Dit sou die die beste kon geskied in sy of haar huis- of moedertaal. Skoolonderrig, veral ook leer lees en skryf in skole, sou ook die beste deur hierdie medium geskied (Duggan, 1916). Hierdie verskuiwing wat onderwysmedium betref, het aanvanklik, veral deur die werk van Philip Melancthon en Martin Luther, posgevat in die Protestantse Duitse state en gaandeweg ook in skole dwarsoor Wes-Europa, dog aanvanklik net op primêre skoolvlak.

Die posisie van die moedertaal as onderwysmedium het hierna, ten minste op primêre skoolvlak, stukrag verkry met die ontstaan van nasionale state in Europa, veral na die negentiende-eeuwending toe die verskillende nasionale tale en nuwe openbare skoolstelsels 'n deurslaggewende rol in die vestiging van hierdie state gespeel het. Hierdie verwikkeling het in 'n groot mate naatloos uit die Hervorming gevloei omdat die Protestantse kerke meestal ook nasionaal-omskrewe kerke was. Die historikus Shirer (1960) beskou die Kerkhervorming gevolglik eerder as deel van die opkoms van die nasionalisme in Europa as in eerste instansie 'n godsdienstige beweging. In Oos-Europa was die etnofiliese disintegrasië van die Oosters-Ortodokse Kerk tot nasionale kerklike denominasies ná die Middeleeue nog sterker as dié van die Rooms-Katolieke Kerk in die noordelike dele van Wes-Europa (Hofmeisterová, 2019).

Die Europese voorkeur vir die moedertaal as onderwysmedium deur kolonialisering versprei

In die eeue na die Kerkhervorming is die grootste deel van die nie-Europese wêreld deur Europese moondhede gekoloniseer (1492 en daarna). Koloniale skole, meestal in die vorm van sendingskole (sendingaktiwiteite was dikwels die eerste stap in die Europese kolonialiseringprojek), het om verskeie redes die amptelike taal van die koloniserende moondheid as onderrigmedium gebruik, veral ná die eerste jare van kinders se primêre skoolonderrig. Op hierdie manier is die volgende onderwysmedium-patroon teen die eerste helfte van die

twintigste eeu regoor die destyds bekende wêreld gevestig: die meeste skole het onderrig verskaf deur medium van een van die Europese tale, veral Frans, Spaans, Engels, Portugees, Nederlands en Duits.

Die gebruik van die onderskeie Europese tale as onderwysmedia in die kolonies het gaandeweg daartoe gelei dat die koloniale onderdane die taal en kultuur van die koloniseerder geassimileer het, 'n praktyk wat soms onmenslike afmetings aangeneem het, soos gesien kan word uit die geskiedenis van die nywerheidskole in Kanada en van die “gesteelde generasie” in Australië. In albei hierdie gevalle is kinders van die inheemse bevolking met geweld van hulle ouers weggeneem en in kosskole geplaas ten einde hulle doelbewus op te voed in die konteks van die Europese taal en kultuur (vgl. Van Krieken, 1999). 'n Soortgelyke beleid is deur die Verenigde State van Amerika in Hawai gevolg na die oornome van hierdie eilandgroep in 1898 (Taira, 2018).

In die Islamitiese lande was Arabies die medium van onderwys. Die voorkoms van ander tale as medium van onderwys (Japannees, Mandaryns, na 1923 Turks, en enkele andere) was maar dun gesaai, ten minste op die vlak ná die eerste jare van primêre onderwys.

Die opkoms van Engels as lingua franca

Gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu, in 'n proses wat vandag nog voortduur, het die onderwysaalmedium stadig maar seker dwarsoor die wêreld geskuif vanaf die oorheersing deur 'n aantal Europese tale tot 'n voorkeur vir hoofsaaklik een van hulle, Engels. Die internasionale politieke en ekonomiese toneel, met die Verenigde State van Amerika as leierland (ondersteun deur die Verenigde Koninkryk en Kanada as wêreldmoondhede, en daarby ook Australië en Nieu-Seeland), die Washingtonkonsensus, die Bretton Woods-finansiële instellings, en die dekades lange ingeworteldheid van Engels in groot dele van die Globale Suide wat voorheen Britse kolonies was, het Engels bevoordeel, en daarvan die internasionale *lingua franca* in die politiek, die globale ekonomie, en die akademie gemaak. Weens die kragtige posisie wat hierdie taal in die wêreld verkry het, het dit onvermydelik ook 'n besondere aantrekkingskrag en waarde verkry as onderwysaalmedium.

In die dekades ná die Tweede Wêreldoorlog was die onafhanklikheidswording van voormalige kolonies in die Globale Suide een van die mees opvallende politieke verskynsels. 'n Mens sou logieserwys kon verwag dat met die politieke ontvoogding en nasionalisme rondom onafhanklikheidsverwerwing hierdie voormalige kolonies se inheemse tale ook bemagtig sou word en die status van onderwysmedia sou verwerf, maar dit het nie gebeur nie. Slegs vier van hierdie tale is gedurende die twintigste eeu ontwikkel om as onderwysaalmedia tot op doktorsale vlak te kon dien, te wete Afrikaans, Hebreeus, Hindi en Maleis-Indonesies (Van Jaarsveld, 2021).

Afrikaans het in die afgelope drie dekades in die konteks van die “nuwe” Suid-Afrika begin veld verloor, en verkeer as onderwysmedium in 'n staat van politieke beleg (hierop word uitgebrei in die tweede deel van die artikel). In Indië bly Engels op hoër en sekondêre onderwysvlak die oorheersende medium van onderrig, die bemagtiging van Hindi (as onderwysvoertaal en as wetenskapstaal) ten spyte (vgl. Santhakumar & Wolhuter, 2021).

Waar Engels in sommige van die kolonies aanvanklik sy plek as onderwysaalmedium ná onafhanklikheid moes prysgee ter wille van 'n inheemse taal het dit selfs soms gaandeweg daarin geslaag om sy voormalige status of selfs 'n status wat die taal nooit in die koloniale tyd gehad het nie, te herwin. In Sri-Lanka het dit byvoorbeeld gebeur nadat Engels in die eerste jare ná onafhanklikheidswording in 1948 vervang is deur die inheemse taal Sinhala as

onderwystaalmedium. In Namibië het die regering ná onafhanklikheidswording in 1990 'n beleid geformuleer waarvolgens die voertaal van onderwys gedurende die eerste drie jaar van die primêre skoolsiklus die moedertaal sou wees, en daarna, vanaf die vierde skooljaar Engels. 'n Skrale twee jaar later, in 1992, is die beleid verander om dit vir skole moontlik te maak om reeds vanaf die eerste skooljaar Engels as onderwysvoertaal te gebruik (Chavez, 2016:189). In Zanzibar is die uitbreiding na moedertaalmediumonderwys op primêre skoolvlak wat die eerste jare na onafhanklikheid gekenmerk het, ook omgekeer toe daar na Engels begin terugbeweeg is (Brock-Utne, 2012:3). Elders moes selfs 'n ander Europese taal plek maak vir Engels. In Ruanda, byvoorbeeld, is Frans (die koloniale taal van dié voormalige Belgiese kolonie) in 2016 deur Engels as skoolonderrigmedium vervang (Nzabirwa & Ntawiha, 2021). Weens die kontak met twee buurlande met Engels as amptelike taal en as onderwystaalmedium, naamlik Zambië en Namibië, het Engels Portugees as onderwystaalmedium in skole in die twee suidelikste distrikte van Angola vervang.

Bevoordeling van meerderheidstale as onderwystaalmedia

In die Globale Suide-lande waar regerings wel daarin geslaag het om 'n inheemse taal te bemagtig tot onderwystaalmedium (onder meer in Asië waar inheemse tale met 'n geskrewe tradisie bestaan het, soos in Myanmar), was dit dikwels net die taal van die meerderheid in die bevolking. Minderhede se tale is doelbewus opsy geskuif in 'n poging om politiek-etniese middelpuntvliedende kragte teen te werk (Lall & South, 2018:486). In gevalle waar daar wel beperkte erkenning aan minderheidstale gegee word, word dit gedoen in die raamwerk van die oorheersende meerderheidstaal, soos in China. Terwyl die Chinese Grondwet 128 tale erken (uit 'n totaal van 302 wat in die land gepraat word), word slegs ses van hulle gebruik in die *Gaokao* (die openbare sekondêreskoolafsluitingseksamen), en is Mandaryns 'n verpligte vak in alle skole. Verder het die sentrale regering in onlangse jare groot druk uitgeoefen om die posisie van Mandaryns in skole te versterk (Susan, 2022; Wang, 2022:80-83).

Druk uitgeoefen deur sentrale regerings ten gunste van die amptelik gesanksioneerde meerderheidstaal is nie die enigste faktor wat die bemagtiging van minderheidstale strem nie. In Latyns-Amerika, soos in die meeste lande, dog veral in Sub-Sahara-Afrika en elders in die Globale Suide, bemoeilik die aanwesigheid van 'n groot getal inheemse tale, elk met 'n relatiewe klein getal moedertaalsprekers, die ontwikkeling en bemagtiging van hierdie tale. Tog kan sodanige bemagtiging wel plaasvind, soos gemerk kan word uit die ontwikkeling van die grootste Latyns-Amerikaanse inheemse taal, Quechua (Kichwa), met 'n totaal van agt miljoen moedertaalsprekers, waarvan die meeste, sowat een miljoen, in Ecuador woon (Limerick, 2018:108). In 1988 het Quechua-taal- en kultuuraktiviste, met instemming van die regering van Ecuador, 'n parallelle onderwysstelsel (naas die nasionale openbare stelsel) tot stand gebring sodat leerders deur medium van die Quechua-taal en -kultuur opgevoed kon word. Die onderrig sou dubbel- of parallelmedium wees: Spaans, en Quechua of een van die ander sewe sterkste inheemse Amerindiese tale in die land. Teen 2018 was daar reeds 2 792 van hierdie skole.

Die bestuur van hierdie stelsel sukkel egter om Quechua en die ander sewe inheemse tale te bemagtig tot gepaste onderwysmedia, en Spaans bly voortbestaan en veld wen as hoof- of selfs enigste onderrigtaalmedium. Hierdie toedrag van sake kan ook gewyt word aan die ouers se houding (Limerick, 2018:108-109; vgl. ook Brock-Utne, 2012:3-4). Baie van hulle glo dat 'n gebrek aan vaardigheid in Spaans hulle kinders se kans in die arbeidswêreld en voortgesette onderwys sal benadeel. Hierdie tendens onder ouers kan verklaar word deur middel van Gardner

en Lambert (1972) se instrumentele / integratiewe model, 'n psigo-sosiologiese model oor motivering vir tweede-taalverwerwing, naamlik dat die instrumentele waarde van 'n taal as instrument vir byvoorbeeld inkomstegenerering, werkverkryging, loopbaanvordering, of sosiale mobiliteit, 'n persoon motiveer om daardie taal te bemeester. Hierdie tendens is ook bevestig deur die navorsing van Lindholm-Leary (2001) oor tweetalige onderwys. Die negatiewe houding van ouers oor die gebruik van 'n minderheidstaal as onderwysmedium skyn 'n faktor te wees wat die bemagtiging van minderheidstale strem.

Daar bestaan egter enkele uitsonderinge op hierdie tendens. In Ethiopië is Amharies sedert 1991 as medium van skoolonderwys aangevul met sowat dertig ander tale (Wêreldbank, 2021:61). In die naburige Eritrea is nege inheemse tale ontwikkel tot funksionele onderwys-taalmedia (Asfaha, 2015). In Uganda het die Verenigde State van Amerika se Agentskap van Internasionale Ontwikkelingshulp (United States' Agency for International Development, USAID) in 2013 'n projek van stapel gestuur ingevolge waarvan die moedertale van twaalf gemeenskappe in primêre skole gebruik word in die onderrig en leer van geletterdheidsvaardig-hede (Brunette, Piper, Jordan, Kinge & Nabacw, 2019). Hierdie projek het teen 2019 9 807 primêre skole bereik (*Ibid.*:592).

Daar is ook ander benaderings tot die vraagstuk van die keuse van onderwystaalmedium. In New York-stad, byvoorbeeld, waar 42 persent van die leerders in skole 'n huistaal anders as Engels het (Wêreldbank, 2021:47), is die *New York City English Learning Project* van stapel gestuur. Daarvolgens word leerders met een van drie vorme van hulp tegemoet gekom. Die eerste is die "Engels as Nuwe Taal"- ("English as New Language"-) program, waar Engelsvaardigheid as 'n afsonderlike vak onderrig word. Alle skole in die stad bied hierdie program aan. Tweedens is daar die Oorgangstweetalige-onderwysprogram ("Transitional Bilingual Program"): leerders bemeester inhoudelike kennis in hulle eerste of huistale, en ook Engels as 'n afsonderlike taalvak. Sodra hulle Engels op 'n bepaalde vlak bemeester het, skuif hulle oor na die Engelsmediumklas. Tweehonderd ses en sewentig skole beskik oor hierdie program wat in agt huistale aangebied word, te wete Arabies, Bengaals, Mandaryns, Haïties-Kreools, Pools, Russies, Spaans en Yiddish (Wêreldbank, 2021:47). Derdens is Tweetalige Onderwysprogramme ("Dual Language Programs") beskikbaar om tweetaligheid en kruiskulturele begrip te bevorder. Altesaam 291 skole het sulke programme, in altesaam tien tale: Arabies, Bengaals, Mandaryns, Frans, Haïties-Kreools, Italiaans, Japannees, Pools, Russies en Spaans (Wêreldbank, 2021:47).

Ten spyte van al hierdie maatreëls en programme is die situasie in die wêreld tans só dat nagenoeg 37 persent van alle leerders uit middel- en laerinkomstelande onderwys ontvang deur die medium van 'n taal anders as hulle eerste, moeder- of huistaal (Wêreldbank, 2021:20). Nasionale of amptelike tale, dikwels voormalige kolonialemoondheidstale, veral Engels, staan in die meeste gevalle in 'n oorheersende posisie. Hierdie taal, as internasionale *lingua franca*, is 'n funksie van die demografiese, ekonomiese, militêre, en politieke mag en historiese kragte wat nog in voorheen gekoloniseerde lande nawerk. Dit is ook moontlik dat, in die toekoms, 'n kombinasie van hierdie faktore kan veroorsaak dat Mandaryns, Spaans en Duits (lg. die sterkste taal in die Europese Unie as politieke entiteit) die dominante posisie van Engels as internasionale *lingua franca* kan uitdaag. Engels se status skyn egter vir die huidige nog onaantasbaar te wees. Daar is egter sterk argumente ten gunste van die bemagtiging van meer eerste, huis- of moedertale as onderwysmedia.

Die teenstroom in die wetenskaplike diskoers oor taalmedium in die onderwys

Argumente téén die oorheersende posisie van enkele, hoofsaaklik Europese, tale as enigste of belangrikste onderwystaalmedia, en ten gunste van die ontwikkeling van eerste, huis- of moedertale as onderwystaalmedia berus op menseregte-oorwegings, die plek en rol van die onderwysmedium as deel van die taalontwikkelingsprojek in 'n samelewing, onderwyskundige oorwegings, en laastens – vanaf 2021 – beskouinge oor die funksie van onderwys in die ontwikkeling van menslike kapitaal.

Menseregte-oorwegings

Bepalings in verband met, of verwysings na die regte van taal- en kultuurgemeenskappe kom vry algemeen in menseregtemanifeste voor. Die prototipe van hierdie dokumente, die Verenigde Nasies se Universele Verklaring oor Menseregte, aangeneem op 10 Desember 1948, stel die volgende standpunt oor taalregte:

- Artikel 2: Daar mag geen diskriminasie teenoor lede van enige taalgemeenskap wees nie.
 Artikel 26: Elkeen het die reg tot gratis primêre onderwys, en op hoër vlakke van onderwys, toegeken op regverdigde gronde; onderwys behoort gerig te wees op die totale ontwikkeling van die opvoeding, en ouers weet die beste wat in die belang van hulle kinders is.
 Artikel 27: Mense mag vryelik aan die kulturele bedrywighede van hulle kultuurgemeenskap deelneem (Verenigde Nasies, 2016; tersaaklike beginsels deur outeurs uitgelig en vry vertaal).

Elkeen van hierdie bepalings maak dit onregverdigbaar om kinders sonder goeie rede onderwys deur die medium van hulle eerste, moeder- of huistaal te ontsê. Hierdie slotsom strook met wat UNESCO, die Verenigde Nasies se Onderwys, Wetenskaplike en Kulturele stut-organisasie, kort na sy totstandkoming in 'n monografie ten gunste van die ontwikkeling van moedertaalmediumonderwys in die wêreld gekonstateer het (UNESCO, 1953). Hierdie sieninge strook ook met die derdegenerasiemenseregte soos deur Vasak (1977) uiteengesit: eerste-generasiemenseregte sluit vryhede in soos die reg om te stem vir 'n regering, vryheid van spraak, vryheid van godsdiens, en die reg om, in terme van die reg, gelyk met alle ander mense behandel te word; tweedegenerasiemenseregte omvat ekonomiese en sosiale regte soos die reg op huisvesting, gesondheidsdiens en sosiale sekuriteit; en derdegenerasieregte dui op groepsregte soos die reg op selfbeskikking en die regte van taal- en kultuurgroepe.

Die benutting van 'n taal as onderwysmedium as voorwaarde vir die oorlewing van so 'n taal in 'n samelewing

Artikel 27 van die Verenigde Nasies se Universele Verklaring oor Menseregte hou ook verband met die taalontwikkelings- of welstandsvlak van 'n taal in die samelewing, dit wil sê, met die verskillende maatskaplike kringe waarin die taal gebruik word. Fishman (1991) onderskei tussen die volgende agt vlakke in die ontwikkelings- of welstandsvlak van 'n taal:

1. Die taal word gebruik as onderwysmedium, in die werkplek, in die massamedia, en ook op nasionale vlak deur die regering.
2. Die taal word deur die streeks- en plaaslike media en regeringsdienste gebruik.
3. Die taal word op streeksvlak deur eerste- sowel as tweede- en vreemdetaalsprekers gebruik.

4. Geletterdheid word deur middel van die taal bewerkstellig en bevorder.
5. Die taal word in mondelinge en geskrewe kommunikasie deur alle eerstetaalsprekers van die taal gebruik.
6. Die taal word net as mondelinge kommunikasiemedium gebruik, en net deur eerstetaalsprekers oor alle generasies heen.
7. Die volwasse geslag eerstetaalsprekers ken die taal goed genoeg om met hulle ouers te kommunikeer, maar dra nie die taal aan hulle kinders oor nie.
8. Net eerstetaalsprekers ouer as 65 jaar verstaan en praat nog die taal.

'n Mens kan uit hierdie hiërargie van taalwelsynsaanduiders aflei dat die afskaling of die blokkering van 'n taal se aanwending as onderwysmedium so 'n taal op 'n trajek plaas wat kan lei tot die uiteindelijke uitsterwing daarvan.

Onderwyskundige oorwegings

Baie kan op onderwyskundige gronde ten gunste van moedertaalmediumonderwys aangevoer word. Dit sluit in prestasie of uitkoms oor die hele linie van skoolvakke, die ontwikkeling van kognitiewe vaardighede, die bevordering van leerder-gesentreerde onderrig, die bemeestering van die moedertaal, selfs die bemeestering van die tweede of vreemde tale, die interne effektiwiteit van die skoolstelsel, en gelyke onderwys. Hierdie oorwegings word hierna een vir een in besonderhede bespreek.

Statistiek toon dat leerders wat onderwys deur medium van hulle moedertaal ontvang, beter presteer as dié wat onderrig deur die medium van enige ander taal ontvang. Die 2007-*Trends in International Mathematics and Science Studies* (TIMSS)-toetsreeks, afgelê in wiskunde en wetenskap deur leerders van 59 lande, toon dat leerders wat “altyd” die taal waarin die TIMSS-toets afgeneem is ook tuis praat, 'n gemiddelde punt van 483 behaal het, teenoor 438 van leerders wat “soms” die taal tuis praat, en 368 van leerders wat “nooit” die taal tuis praat nie (Wêreldbank, 2021:16). Empiriese navorsing het aan die lig gebring dat leerders wat onderrig deur hulle moedertaal ontvang se algemene kognitiewe vaardighedsontwikkeling beter is as dié van leerders wat onderrig deur die medium van 'n taal anders as hulle moedertaal ontvang (Wêreldbank, 2021:17; Trudell & Piper, 2013). Die gebruik van die moedertaal as onderwysmedium vergemaklik leerdergesentreerde onderwys, wat in teenstelling met die tradisioneel onderwyser-gesentreerde onderwysmetode, hedendaags die verkose onderwysmetode is (Muijs, Barnes, Hunt, Powell, Arweck & Lindsay, 2014; Wêreldbank, 2021:17).

Moedertaalmediumonderwys het nie slegs 'n positiewe uitwerking op die bemeestering van die moedertaal en op die aanleer van basiese geletterdheidsvaardighede (soos lees) nie (Wêreldbank, 2021:16). Anders as leerders wat deur die medium van 'n tweede of vreemde taal onderwys ontvang, bemeester leerders wat deur hulle moedertaal onderwys ontvang selfs 'n tweede taal beter (Goldenberg, 2013; Wêreldbank, 2021:16-17).

Cummings se dubbele ysbergmodel of -teorie bied 'n goeie verstaan van die vergelykende voordeel wat leerders geniet in terme van algemene prestasie, geletterdheidsontwikkeling, kognitiewe vaardighedsontwikkeling en selfs die bemeestering van 'n tweede / vreemde taal wanneer hulle onderwys deur die moedertaal ontvang het. Volgens Cummings, een van die wêreld se mees gerekende kenners van tweetalige onderwys, word begrippe wat in die eerste taal geleer is na die tweede / vreemde taal oorgedra (Barzalo, 2020), en so bemoontlik die bemeestering van, en ontwikkeling in die eerste taal dié van die tweede taal. Daar bestaan ook empiriese bewys dat onderwys deur medium van die moedertaal groter interne doeltreffendheid

bevorder: die druipsyfer en vroeë skoolverlating – kommerwekkende swakplekke in die onderwysstelsels van veral Globale Suide-lande – verlaag indien die eerste, huis- of moedertaal as onderwysmedium gebruik word (Seid, 2019; Wêreldbank, 2021:17).

Daar bestaan ook bewyse dat onderwys deur die medium van 'n taal anders as die eerste taal die probleem van onderwysongelykheid, insluitende dié van ongelyke uitkomst en uitsette versterk (Wêreldbank, 2021:17). Rubagumya (1991) voer 'n uitvoerige argument dat die beleid om 'n taal anders as die moedertaal in skole in Tanzanië te gebruik daartoe bydra om ongelykhede in die samelewing te versterk. Die rede is dat leerders uit goeie sosio-ekonomiese strata tuis met baie meer blootstelling aan Engels opgroei, deur byvoorbeeld Engelse boeke, internasionale televisiekanale en buitelandse reise, en dat dit hulle vergelykende voordeel bo leerders uit minder goeie sosio-ekonomiese strata gee. Wat internasionale ongelykheid in onderwys betref, gebruik Brock-Utne (2012) die resultate van internasionale toetsreekse (soos hier bo gemeld) om aan te toon hoe 'n gebrek aan moedertaalmedium-onderwys in die lande van die Globale Suide die laer onderwysprestasie van leerders in hierdie wêrelddeel, in vergelyking met leerders in die lande van die Globale Noorde, verklaar.

Menslike kapitaal-oorwegings

Die Wêreldbank (2021) het in 'n onlangse verslag sy stem gevoeg ten gunste van onderwys deur die medium van die moedertaal, en wel vanuit ekonomies-finansiële oorwegings. Hierdie verwickeling is betekenisvol in die lig van die feit dat, soos hier bo verduidelik, onderwys-uitbreiding en -hervorming tans (en al sedert die middel van die vorige eeu) wêreldwyd aangedryf word deur wat beskou kan word as twee byna “ideologiese” kragte, naamlik die Leer van Menseregte en die neo-liberale ekonomiese revolusie, met laasgenoemde wat dan onderwys se waarde meet aan die skep van menslike kapitaal (Wolhuter & Van der Walt, 2019). UNESCO (as belangrike pleitbesorger van die Leer van Menseregte in die onderwys), soos aangetoon, is 'n sterk voorstander van moedertaalonderwys as fundamentele mensereg, en nou het die Wêreldbank, as eksponent van die neo-liberale ekonomiese revolusie, vanuit sy siening dat die onderwys 'n kernrol in die bevordering van die ekonomie speel, hom ook sterk uitgelaat ten gunste van moedertaalmediumonderwys. Die Bank meen dat moedertaalmedium-onderwys sterker potensiaal het om menslike kapitaal in leerders te ontwikkel (Wêreldbank, 2021). Moedertaalonderwys lei ook volgens die Bank tot groter koste-doeltreffendheid as 'n mens die gepaardgaande verlaging in drui- en herhalingsyfers per skoolfase en die groter wins wat moedertaalvoertaalonderrig meebring, in ag neem.

Samevatting: Die internasionale ondervinding

Formele onderwys, dit wil sê skoolonderwys, het gegroei van 'n kleinskaalse aktiwiteit bedoel vir die kinders van elitegroepe in enkele antieke samelewings tot 'n grootskaalse en belangrike bedrywigheid in elke samelewing ter wêreld. Op die plekke waar universele skoolbywoning nog nie bestaan nie is daar al ten minste sprake van grootskaalse skoolbywoning, en bly universele skoolbywoning 'n ideaal wat nagejaag word. Weens die werking van historiese kragte was die moeder-, huis- of eerste taal van leerders nie altyd die medium van onderrig en leer in skole nie, maar is die onderwysmedium eerder bepaal deur faktore soos politieke, sosiale en militêre magsverhoudinge, historiese traagheid, demografiese diversiteit (wat die gebruik van net een onderwysmedium vir almal in een skool kan bemoeilik), en die vlak van verfyndheid van 'n taal. Die werking van al hierdie faktore is nie swakker in die hedendaagse wêreld nie. Die status van Engels as internasionale *lingua franca* ('n toedrag van sake

wat teruggespoor kan word na ongelyke magsverhoudinge in die wêreld, historiese traagheid, en 'n onvermoë om ander tale, veral in die Globale Suide, te bemagtig) is tans 'n krag wat die uitbreiding van moedertaalmediumonderwys teenwerk.

Daar is egter tans ook 'n reeks kragtige argumente, onder meer gebaseer op heelwat empiriese bewysmateriaal, ten gunste van moedertaalmediumonderrig. Van hierdie argumente berus op eerbied vir menseregte, met die nadruk op taalregte, op die rol wat die onderwys-taalmedium kan en behoort te vervul in die handhawing van die ontwikkelingsvlak van 'n taal in 'n samelewing, op onderwyskundige oorwegings, en op die ontwikkeling van menslike kapitaal.

In die hieropvolgende tweede deel van die artikel word die situasie in Suid-Afrika binne die hier bo bespreekte internasionale raamwerk ontleed en geëvalueer.

DIE SUID-AFRIKAANSE GEVAL: INLEIDENDE AGTERGROND

Suid-Afrika is 'n taaldiverse land. Dit word weerspieël in die feit dat die Grondwet (RSA, 1996) voorsiening maak vir elf amptelike tale. Hierdie groepie tale is egter hoegenaamd nie die somtotaal van tale wat in die land gebruik word nie. Die tale van die landsinwoners wat na hulself verwys as “Eerste-nasiemense” is byvoorbeeld nie by die amptelike tale ingesluit nie. Die konstante stroom wettige en onwettige immigrante (na skatting nagenoeg drie miljoen van hulle) lei tot verdere groei in taaldiversiteit. Hierdie groot, en steeds groeiende taaldiversiteit is ook in onderwysinstellings sigbaar. 'n Middelklas-skool in een van die noordelike woonbuurte van Kaapstad het onlangs verklaar dat 37 verskillende huistale deur sy leerders gepraat word (Mafisa & Booysen, 2022:1).

Die bestuur van die onderrig-leertaalmedium is nie slegs uiters gekompliseerd as gevolg van hierdie taaldiversiteit nie maar ook weens allerlei politieke faktore. Afrikaans het as onderwys-taalmedium in die spervuur gekom as deel van 'n oorkoepelende poging om dit te marginaliseer. Ten tyde van die skryf van hierdie artikel (Maart 2022) is die vraagstuk van taal in die onderwys andermaal in politieke omstredenheid gewerp met die publikasie van twee wetsontwerpe. Die eerste hiervan sluit Afrikaans uit as een van die inheemse landstale vir aanwending in die hoër onderwyssektor (RSA, 2020). Die tweede stel in die vooruitsig dat die bevoegdheid van skoolbeheerliggame om hulle skole se taalbeleid te bepaal oorgeskuif word na provinsiale Ministers van Onderwys. Hierdie stap word deur openbare meningsvormers vertolk as nog 'n manier om Afrikaans as onderrig-leertaal in skole onder druk te plaas (Boonzaai, 2022:1).

Die tweede deel van hierdie artikel benut die reeds beskrewe internasionale raamwerk as agtergrond, vir die vertolking en evaluering van die situasie in Suid-Afrika. Die volgende afdeling bevat 'n metodologiese uiteensetting en verantwoording, en dit word gevolg deur 'n skets van die histories-ontvouende konteks, met onder meer aandag aan die *de facto* oorheersende posisie van Engels in die volgende tydperke: voor 1910, 1910–1948, 1948–1994, en die tydperk sedert 1994.

Metodologiese verantwoording vir die bestudering van die Suid-Afrikaanse geval

In die eerste deel van die artikel is verduidelik dat internasionaal-vergelykende perspektiewe 'n algemeen gebruikte metode is om onderwysvraagstukke mee te ondersoek. Dit is een van die voorwaardes by so 'n oefening om buitelandse perspektiewe ter beligting van binnelandse vraagstukke aan te wend, dat die verskille en ooreenkomste ten opsigte van die samelewingskontekste tussen die binnelandse en die buitelandse eksemplare deeglik in ag geneem

word. Daar is aangetoon dat in sommige publikasies waar sulke buitelandse eksemplare gebruik is om die vraagstuk van die onderwystaalmedium in Suid-Afrika te belig, hierdie voorwaarde nie na behore nagekom is nie. Daarom was dit nodig om die Suid-Afrikaanse samelewingskonteks in al sy fasette (politiek, sosio-kultureel en andersins) as vormgewende kragte in die onderwys, en meer spesifiek, rakende die onderwystaalmedium, te ondersoek – en die resultate van die ondersoek.

Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel en samelewingskonteks is die uitkoms van 'n lang geskiedenis. Daarom is, naas die metode van die vergelykende en internasionale opvoedkunde, ook die metode van sy susterwetenskap, die historiese opvoedkunde, aangewend om deur 'n rekonstruksie van die verlede by te dra tot 'n vollediger begrip van die huidige onderwysopset, 'n uitgekristalliseerde situasie, die uitkoms van kragte wat oor 'n lang tydperk werksaam was (Le Roux & Wassermann, 2016:2). Hierdie metode, die verklaring van (huidige, nasionale) onderwysstelsels vanuit die historiese ontwikkeling van die nasionale konteks wat die onderwysstelsel gevorm het, is bekend as historiese funksionalisme, en is een van die hoofbenaderings van die vergelykende en internasionale opvoedkunde (vgl. Epstein & Carroll, 2005; Epstein, 2008; Marques, 2021:31-33).

Die onderwystaalmedium gedurende die eerste 250 jaar van formele onderwys in Suid-Afrika

Kort na die stigting van 'n verversingspos aan die Kaap deur die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie kom die eerste skool tot stand, op 17 April 1658. Die skool was bedoel vir die kinders van slawe vanaf Madagaskar en Angola wat toe pas met die skip die *Amersfoort* aangekom het, met sieketrooster Pieter van der Stael as onderwyser. Die doel daarvan was om die kinders die Nederlandse taal en die Christelike godsdiens te laat leer (Le Roux, 2011:65). Hier merk 'n mens ook weer die werking van die motief wat in die eerste afdeling van hierdie artikel na vore gekom het, naamlik die aanwending van die skool om die taal van die heersersklas te versterk. In 1663 word die tweede skool geopen, hierdie keer vir kolonistekinders. Aan die begin het 12 kolonistekinders, vier slawekinders en een Eerste-nasiekind dit bygewoon.

Vanaf 1676 is skoolonderwys in die praktyk ras-gesegregeerd aangebied (Coetzee, 1963:5). Onderwys is aan blanke leerders voorsien in skole deur die owerheid voorsien, en in die geval van die yl-bevolkte binneland deur rondreisende onderwysers. In beide gevalle was die onderwysmedium Nederlands.

Die eerste skool wat primêr op swart leerders gemik was, was 'n sendingskool in 1799 in die omgewing van die huidige King Williams Town. Sendingskole vir hierdie leerders het veral in die Oosgrensgebied van die Kaapkolonie verrys ná die Britse oornam van die Kaap in die begin van die negentiende eeu (dus ná 1806), en later in die negentiende eeu ook in Natal en die twee Boererepublieke, die Oranje-Vrystaat en die Transvaal.

Onderwys aan "Eerste-nasie"- en aan swart leerders is deur sendinggenootskappe voorsien, met Engels as onderwysmedium (veral na die eerste grade van die primêre onderwys). 'n Sendingstasie het destyds tipies uit 'n kerk, 'n hospitaal en 'n skool bestaan. Sendelinge uit Nederland en Duitsland het voor 1803, en uit Engeland ná die Engelse bewindsoornam in 1806 in groot getalle na Suid-Afrika gestroom, in dié mate dat, volgens Christie (1991:71) daar teen die einde van die negentiende eeu meer sendelinge in Suid-Afrika as in enige ander plek in die wêreld was. Die feit dat die meeste van die sendelinge ná 1806 verbonde was aan Engelse en Amerikaanse sendinggenootskappe en Engels die amptelike taal aan die Kaap en

in Natal was, het meegebring dat Engels by verstek die onderrig- en leermedium in die sendingskole was. In latere tye is die sendingskole daarvoor verwytdat hulle die swart bevolking hierdeur van eie tale en kulture vervreem het (vgl. Wolhuter, Potgieter & Steyn, 2011:26). Die sendelinge het nietemin baie gedoen om die mees gesproke inheemse tale tot geskrewe tale te verhef. Robert Moffat het byvoorbeeld die Bybel in Setswana vertaal. Die eerste volledige Bybelvertalings in agt van die huidige nege amptelike swart tale in Suid-Afrika is deur sendinggenootskappe gedoen (Hermanson, 2002:8).

Vanaf 1822 is regeringskole regoor die Kaapkolonie opgerig, telkens met Engels as voertaal. Die Nederlandssprekende deel van die blanke bevolking het 'n sterk boikotbeweging teen hierdie skole op tou gesit, en verskeie privaat Nederlandsmediumskole gestig. Die getal privaat skole in die Kaapkolonie het in die dekade 1830–1839 vanaf 39 tot 94 toegeneem, die meeste hiervan dan uiteraard Nederlandsmediumskole (Malherbe, 1925:68). In 1839, toe 'n formele Onderwysdepartement deur die Kaapkolonie-administrasie opgerig is, is bepaal dat Engels of Nederlands die voertaal van staatskole sou wees (Squelch, 1997:25). In 1875 is die Genootskap van Regte Afrikaners gestig om die bevordering van Afrikaans as taal (naas Nederlands) te bevorder.

Intussen is die eerste skool in 1823 in die gebied van die Oranje-Vrystaat opgerig, in 1835 die eerste skool in Natal, en in 1842 die eerste skool in die gebied wat later as die Transvaal sou bekend staan. Teen 1876 was daar vier Engelsmediumskole en drie Nederlandsmediumskole in die Transvaal (Malherbe, 1925: 255). SJ du Toit (die destydse Superintendent van Onderwys) se 1882-Onderwyswet het bepaal dat Nederlands die taalmedium van die staatskole in die Transvaal sou wees (Squelch, 1997:29). Hierdie beleid is voortgesit in die Onderwyswet van dr. N Mansveldt wat in 1891 die Superintendent van Onderwys van die Transvaal geword het (Squelch, 1997:30).

Ná die Tweede Vryheidsoorlog (1899–1902) was daar 'n sterk beweging om Christelik-Nasionale privaat skole in die twee voormalige Boererepublieke op te rig. Hierdie skole is opgerig in reaksie teen Milner se verengelsingbeleid; die doel van dié skole was om die Nederlandse taal en die Calvinistiese grondmotief van die onderwys te bewaar (Squelch, 1997:29, 31). 'n Hele aantal van hierdie skole is gestig (Pistorius, 1975). Tussen tien en twintig van hierdie Nederlandsmedium-privaat Christelik-Nasionale skole is selfs ná 1902 in die noordelike distrikte van Natal opgerig (Squelch, 1997:29). Smuts se Onderwyswet in die Transvaal (1907) en Hertzog se Onderwyswet (1908) in die Oranje-Vrystaat het Nederlands en Engels in die openbare onderwys op gelyke voet geplaas (Squelch, 1997:33, 35).

Ten spyte van pogings gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu om Nederlands te marginaliseer (Le Roux, 2011:100-105), en ook weer ná 1902 in die twee voormalige Boererepublieke, was die patroon teen Uniewording in 1910 dat Nederlands sowel as Engels die onderrig- en leermedia in blanke skole was.

Die Nederlandse koloniale administrasie het tot aan die einde van hulle heerskappy van die Kaap in 1806 geen aandag aan die verskaffing van hoër onderwys gegee nie (Penrith, 1972:4). Hoër onderwys het eers in 1829 'n aanvang geneem met die stigting van die South African College in Kaapstad, gemodelleer op die Universiteit van Londen, onder meer omdat slegs Engels daar as toelatingsvereiste gegeld het en nie ook Latyn, soos byvoorbeeld by Oxford en Cambridge nie. Die College is in 1873 verhef tot die University of the Cape of Good Hope, weer eens gemodelleer op die Universiteit van Londen (Penrith, 1972:24), met Engels as onderrigtaal. Met Uniewording in 1910 was hierdie die enigste universiteit in Suid-Afrika.

Die tydperk 1910–1948

Artikel 137 van die Grondwet van die Unie wat in 1910 tot stand gekom het, het Engels en Nederlands as die twee amptelike tale van die land verklaar. Hulle sou op gelyke voet staan, en gelyke vryhede, regte en voorregte geniet (Imperial Parliament, 1909). Hierdie twee tale (Nederlands is in 1925 met Afrikaans vervang [Kannemeyer, 1995]) is as onderwysmedia in blanke onderwys gebruik, met die moedertaal as die voorkeur-onderwysaalmedium (Truter, 2004). In die onderwys vir swart leerders is die bedeling voor 1910 voortgesit, met kerk- of sendingskole as die vernaamste verskaffer van onderwys en moedertaalmediumonderwys (of ten minste deur die taal van die meeste mense in 'n betrokke skool se voedingsarea) in die eerste drie jaar van primêre onderwys, daarna deur medium van Engels.

Deur die promulgering van Wet 12 van 1916 het die Universiteit van Suid-Afrika tot stand gekom. Met verloop van tyd, tot 1951, het die een na die ander van sy samestellende kolleges selfstandige universiteite geword. Sommige van hierdie universiteitskolleges (soos die universiteitskolleges van Stellenbosch, Pretoria, die Vrystaat en Potchefstroom) was in die eerste helfte van die twintigste eeu Afrikaansmediuminstansies. Die kolleges wat die universiteite van Kaapstad, Witwatersrand en Rhodes geword het, asook die Universiteit van Fort Hare wat gemik was op tersiêre onderwys aan swart studente, het almal Engelsmediuminstansies geword. Die Universiteit van Suid-Afrika is in 1947 omskep in 'n parallelmedium-korrespondensie-universiteit met Afrikaans en Engels as onderrigtaalmedia.

Die tydperk 1948–1994

In 1948 het die Nasionale Party die bewind in Suid-Afrika oorgeneem, en begin om sy beleid van *de iure*-rassesegregasie (en ook etniese segregasie in die swart bevolking) (apartheid) toe te pas. Hierdie beleid was 'n voortsetting van praktyke wat reeds uit die koloniale dae aan die orde van die dag was; onder Nasionale Party-bewind het hulle egter statutêre beslag gekry.

Verskeie stappe is geneem om in die praktyk beslag te gee aan die apartheidsbeleid. In 1953 het die regering 'n vername verskaffer van onderwys aan swart leerders geword met die stigting van 'n afsonderlike Departement van Bantoe-onderwys. Die Bantoe-onderwyswet, Wet 47 van 1953, het bepaal dat die huistaal van leerders die voertaal tot standerd 6 (dus die eerste agt skooljare) sou wees; daarna sou Afrikaans en Engels op gelyke voet (die helfte van die kurrikulum in Afrikaans en die helfte in Engels) as onderwysaalmedia geld (Truter, 2004:164). Hierdie voorskrif is egter nie in die praktyk afgedwing nie, met die gevolg dat die meerderheid-swart taal in 'n skool se voedingsarea as voertaal gebruik is, waarna oorgeskakel is na Engels as onderrigtaalmedium. Beswaar is in die swart gemeenskappe gemaak teen die stelsel van gesegregeerde onderwys, waarvan Bantoe-onderwys as 'n onderdeel beskou is, en veral ook teen die onderwysaalmediumbeleid, insluitend teen die nadruk op Afrikatale, omdat dit alles beskou is as beleide en praktyke om die swart leerders te beroof van geleenthede binne die hoofstroomekonomie van die land (Chick, 1992:275; Desai, 2001:330).

Hierdie taalbedeling het nietemin voortgeduur tot 1976 toe die Departement by monde van die betrokke Minister aangekondig het dat die beleid voortaan toegepas gaan word dat skoolvakke vanaf die vierde skooljaar om die helfte deur medium van Engels en Afrikaans onderrig moes word. Hierdie reëling kan beskou word as die direkte oorsaak van die 1976-opstande in Soweto, en mettergaan ook landwyd. Toe skole vir swart leerders weer die keuse gegee is om self te besluit wat hulle onderwysmedium moes wees het Engels weer eens die onderrigmedium van swart skole ná die derde primêre skooljaar geword. Hierdie beleids-

verandering het egter nie veroorsaak dat die opstande onder swart leerders en studente bedaar het nie. Die opstandsbeweging in skole en universiteite het gaandeweg verstrengel geraak met 'n landwye sosio-politieke beweging gemik op die beëindiging van die politieke bestel van die dag. Swart leerders en studente het selfs die voorhoede van hierdie oproer gevorm (Simpson, 2021:268).

Die posisie van Afrikaans as onderwystaalmedium in swart skole het nie ongeskonde uit die oproer gekom nie, selfs toe besluit is dat swart skole self hulle onderwystaalmedium kon kies (Lewis, 2019:88, 134-135, 205-206, 213-214). Lewis (2019:*ibid*) vermeld dat selfs onder dié deel van die bevolking wat as “kleurling” geklassifiseer is, en waarvan die meeste Afrikaans as huistaal gehad het, 'n weersin in Afrikaans ontwikkel het omdat dit met die magshebbers en die sosiale ongelykhede van destyds in verband gebring is.

Intussen is nog twee universiteite gestig: Port Elizabeth (1965), 'n dubbelmediuminstansie (Afrikaans en Engels vyftig present elk as onderwysmedium in elke kursus), en die Randse Afrikaanse Universiteit (1968), met Afrikaans as voertaal. Groot uitbreiding het ook plaasgevind in die konteks van swart hoër onderwys. Dit was deel van die Apartheidsprojek dat elke bevolkingsgroep sy eie universiteit moes hê. In 1960 is vier universiteite van stapel gestuur: die Noorde, Zoeloeland, Wes-Kaapland, en Durban-Westville. Die tuislandregerings het ook in die 1970s en 1980s universiteite tot stand gebring. Hieronder tel: Transkei, Bophuthatswana, Venda en Qua-Qua. Die Nasionale Party-regering het voorts die Universiteit van Vista in 1982 vir stedelike swart inwoners tot stand gebring. Die voertaal van al hierdie universiteite was Engels, behalwe die Universiteit van Wes-Kaapland. Laasgenoemde was by sy stigting tweetalig (Afrikaans en Engels), maar omdat die universiteitsbestuur homself geskaar het by die teenstand teen die heersende politieke beleid, het dit gedurende die 1980s eentalig Engels geword.

Die tydperk sedert 1994

Die 1996-Grondwet (RSA, 1996) maak voorsiening vir elf amptelike tale. Artikel 6(1) daarvan bepaal dat elke landsburger die taal en kultuur van sy/haar keuse kan gebruik indien prakties uitvoerbaar (art. 30), en dat elkeen die reg het om onderwys te ontvang deur die medium van die landstaal van sy/haar keuse (Artikel 29(2)). Ondanks gereelde verklarings van voorneme en belofes van sowel die Ministerie van Hoër Onderwys, die regering by monde van die president (Delport, 2021), en van universiteitsbesture (Phakeng, 2021) in hierdie verband, en ondanks grondwetlike bepalings, is Afrikaans as onderrigmedium in elke openbare universiteit waar dit voor 1996 as onderrigmedium gebruik was, afgeskaal of afgeskaf, onder meer op grond van (Grondwet)hofuitsprake, ondanks uitdruklike grondwetlike beskerming (Giliomee, 2019:317-322).

Net soos in die hoër onderwys, en ooreenkomstig die grondwetlike bepaling hier bo vermeld, het regeringsleiers vanaf 1996 gereeld verklarings uitgereik waarin hulle die belangrikheid van moedertaalmediumonderrig in die skole steun, en onderneem om meer tale te ontwikkel as media van onderrig op vlakke hoër as graad 3. In die Nasionale Ontwikkelingsplan, nog steeds die regering se padkaart tot 2030, verskyn daar 39 uitsprake oor taal (RSA, nd). Dit meld dat Suid-Afrika 'n taaldiverse land is, en dat die aanleer van Afrikatale bevorder moet word. Hierdie standpunt strook met periodieke verklarings van regeringskant oor die noodsaaklikheid van die ontwikkeling van meer tale, Afrikatale in die besonder, tot tale van onderrig en leer in onderwysinstellings. Die Minister van Basiese Onderwys het onlangs andermaal 'n sterk bewoorde verklaring te dien effekte uitgereik (Motshekga, 2022).

Die harde praktyk leer egter dat die getal enkelmedium-Afrikaanse skole sedert 1994 sterk afgeneem het, en dat nasionale sowel as provinsiale regerings gereeld hofsake teen enkelmedium-Afrikaanse skole voer omdat hulle na bewering taal-eksklusief sou wees. Boonop is daar geen bewys dat daar óf op universiteits- óf skoolvlak enige vordering is om enige van die ander tale (behalwe Engels) as onderwysmedium te ontwikkel nie. Vanaf 1993 tot 2005 het die getal Afrikaans-enkelmedium skole in Suid-Afrika afgeneem vanaf 1 396 tot 839 (Giliomee & Schlemmer, 2006:242). Selfs as 'n vak is die studie van Afrikatale aan universiteite sedert 1994 op 'n kreeftegang: departemente van Afrikatale het verminder, en studentegetalle het ná 1994 gekrimp (Mgqwashu, 2013:2). Aan die Universiteit van Suid-Afrika, byvoorbeeld, was daar in 1997 nog 25 000 studente vir Afrikatale geregistreer; teen 2008 het hierdie getal afgeneem tot 3 000 (Shiraya, 2008:18).

Terwyl daar in die Afrikaanssprekende gemeenskap nog 'n sterk voorkeur vir moedertaal-mediumonderrig is, is daar skynbaar in anderstalige gemeenskappe in die land meningsverskil hieroor, soos dit in die openbare diskoers oor die onderwys blyk. 'n Opname onder Suid-Afrikaners het getoon dat 65 persent van respondente die gebruik van Engels as medium van onderrig in die grondslagfase (grade 1 tot 3) verkies, en hierdie persentasie styg ten aansien van die hoër vlakke van onderwys (Gordon & Harvey, 2019). Hierdie voorkeur skyn hand aan hand te loop met persepsies oor die waarde van Engels in die nasionale en internasionale ekonomie, en die voorkeur stem ook ooreen met die verdeelde mening onder soortgelyke gemeenskappe elders ter wêreld, soos wat in die eerste deel van die artikel verduidelik is.

Die werklikheid rakende die verandering van skole of universiteite vanaf Afrikaans-enkelmedium na twee-taal-medium (Afrikaans en Engels) in die Suid-Afrikaanse konteks, een waarin daar sterk politieke en ander magte teen Afrikaans (as taal van die voormalige maghebber, onderdrukker) werksaam is, is dat 'n beleid van tweetaligheid spoedig lei tot eentalige Engelsmediumonderrig. Die Franssprekende Kanadese taalkundige Jean Laponce (1987) se navorsing het getoon dat in 'n omgewing van ongunstige sosiopolitieke en demografiese werklikhede dit die noodwendige uiteinde is dat tweetalige onderwysinstellings ná 'n kort tyd eentalig ten gunste van die oorheersende taal raak. Die geskiedenis van alle Suid-Afrikaanse universiteite die afgelope dertig jaar, asook van baie skole, toon dat, onder andere as gevolg van politieke druk, hulle hulself genoop geag het om van Afrikaans-enkelmedium na Afrikaans-Engels tweetalige medium oor te skakel. In welke minderheidsposisie Afrikaansmediumskole hulle in die land bevind, spreek uit die volgende syfers. In 2020 was daar 2 449 skole waar Afrikaans as onderrigtaal gebruik is (Skole.co.za, 2021:4). Dit verteenwoordig net minder as 10% van die totale getal openbare en onafhanklike skole in die land (*Ibid.*). Die enkelmediumskole verteenwoordig 48% van die skole wat Afrikaansmedium gebruik, en bied onderrig aan 57% Afrikaanse leerders (*Ibid.*:11).

Die situasie in die onderwys in Suid-Afrika sien tans soos volg daar uit. Engels se posisie in die onderwys het sedert 1994 versterk; geen ander taal is beter daaraan toe as wat dit teen 1994 was nie. Afrikaans is en word uitgeskuif en afgeskaal, en ondervind nog steeds druk as onderwystaalmedium. Ook kan geen van die ander amptelike tale enige vordering toon nie. Die status van die nege ander amptelike landstale is beperk tot die volgende: waar daar genoegsame leerders is, en die ouers dit so verkies, of die situasie histories so ontwikkel het (in die histories swart skole) is die meerderheidstaal van die voedingsgebied van die skool die voertaal in die eerste drie jaar van onderrig; daarna word na Engels oorgeskakel.

In die vorige afdeling van hierdie artikel oor die internasionale situasie is aangetoon dat die gebruik van enkele sterk tale, veral Engels, as onderwystaalmedia 'n wêreldwye tendens is. Hierdie tendens is ook opmerklik in Suid-Afrika; daar is duidelike konteks-spesifieke kragte

wat die tendens hier te lande steun, insluitende 'n krag wat nie oral elders ter wêreld 'n rol speel nie, soos die negatiewe teenoor Afrikaans as voertaal, en wel op histories-politieke gronde. Hierteenoor is daar in die vorige afdeling ook tot die gevolgtrekking gekom dat daar heelwat kragtige argumente ten gunste van die uitbreiding van moedertaalmediumonderrig in skole bestaan. Hierdie argumente wentel om respek vir menseregte, die rol van die onderwysmedium in die handhawing van die ontwikkelingsvlak van 'n taal in 'n samelewing, sekere onderwyskundige oorwegings, en die rol van die onderwys in die ontwikkeling van menslike kapitaal. Die krag van hierdie argumente binne die Suid-Afrikaanse konteks sal nou ondersoek word.

Beoordeling van die Suid-Afrikaanse situasie teen die agtergrond van die internasionale ervaring

Menseregte-oorwegings

In die eerste afdeling van hierdie artikel is daarop gewys dat menseregtemanifeste oor die algemeen bepalings bevat ten opsigte van taal- en kultuurgemeenskapsregte. Sulke verwysings kan teruggespoor word tot by die Verenigde Nasies se Universele Verklaring oor Menseregte (1948). Die reg op die moedertaal as onderwysvoertaal word ook sedert 1953 deur UNESCO (1953) erken. In weerwil hiervan slaan die Suid-Afrikaanse (onderwys)owerhede en die regspraak tot in die Konstitusionele Hof, veral ten opsigte van Afrikaans, 'n weg in wat lynreg bots met hierdie instansies se verklaarde standpunte, en ook ten spyte daarvan dat taalregte in die Suid-Afrikaanse Grondwet verskans word. Artikel 39(1) van die Grondwet bepaal dat hofuitsprake ooreenkomstig die Internasionale Reg moet wees. Hoewel die outeurs van hierdie artikel nie regs kundiges is nie, val dit hulle tog op dat die hofuitsprake oor die gebruik van Afrikaans aan die verskillende histories-Afrikaansmediumuniversiteite telkens verskil – daar word ten opsigte van elke geval 'n ander rede aangevoer om die marginalisering of verwydering van Afrikaans as onderwystaal te regverdig. Die hantering van die belange van die verskillende taalgemeenskappe is ook ongelyk in die sin dat Afrikaanssprekendes se regte nie op dieselfde manier erken word as dié van nie-Afrikaanssprekendes nie. Die uitsprake is ook duidelik in botsing met die bepalings van die Grondwet (Giliomee, 2019:317-322). Hierdie toedrag van sake is sodanig dat die politieke kommentator Scholtz (2021) tot die konklusie kon kom dat die Grondwethof inderwaarheid sê dat “wat in die Grondwet staan eintlik nie daar staan nie” (Scholtz, 2021).

Die ontwikkelingsvlak van tale

In die eerste afdeling van die artikel is met behulp van Fishman (1991) se model van agt vlakke van ontwikkeling van die gebruik van tale verduidelik dat die afskaling van 'n taal as onderwysmedium sodanige taal op die pad na totale verdwyning plaas. 'n Gemeenskap se taalregte kan dan nie tot hulle reg kom nie. In die Suid-Afrikaanse konteks word in die Grondwet, en in uitsprake en voornemens van die regering uitgespreek in dokumente soos die Nasionale Ontwikkelingsplan, hoog opgegee oor die koestering van die taalerfenis en -verskeidenheid van die verskillende taalgemeenskappe. Tog kom weinig daarvan in die praktyk tereg, en kan die gebrek aan bemagtiging van inheemse Afrikatale as voertale in onderwys ernstige gevolge inhou vir die welstand, ontwikkeling en toekoms van hierdie tale.

Die marginalisering en afskaling van Afrikaans as onderwysmedium kan in die lig van die genoemde Fishmanmodel (Fishman, 1991) lei tot 'n afname in die welstand van die taal in die samelewing. In die eerste deel van hierdie artikel is vermeld dat daar gedurende die twintigste eeu maar vier voorbeelde is van tale wat, in weerwil van die oorweldigende mag van sekere wêreldtale, bemagtig en ontwikkel kon word tot onderwysmedia tot op tersiêre onderwysvlak: Hebreeus, Hindi, Bahasa-Maleis-Indonesies en Afrikaans. In sy TB Davielesing aan die Universiteit van Kaapstad (2017) het die Ugandese akademikus Mahmood Mamdani, tot die argwaan van 'n deel van sy gehoor, die bemagtiging van Afrikaans in die twintigste eeu voorgelê as 'n model vir dekolonialisering en vir die ontwikkeling van ander tale in Suid-Afrika (Loots, 2017). Hierby moet gestel word dat die marginalisering van Afrikaans sinloos skyn te wees in die lig van die oproep om die inheemse tale in die land te bemagtig. Een van die redes waarom die ander inheemse tale (buiten Afrikaans) nie as voertaal in skole gebruik word nie, is dat handboeke nie in hierdie ander tale beskikbaar is nie (De Wet, 2002:119). Byna alle handboeke is wel in Afrikaans beskikbaar.

Onderwyskundige oorwegings

In die eerste afdeling van hierdie artikel is verduidelik dat moedertaalonderwys ook op grond van onderwyskundige oorwegings sin maak: dit lei tot beter uitkomst oor die hele spektrum van skoolvakke, verbeterde kognitiewe vaardighede, meer doeltreffende leerder-gesentreerde onderrig, die bemeestering van die moeder- of huistaal, groter bemeestering van tweede en vreemde tale, groter interne doeltreffendheid van die skoolstelsel, en meer gelyke onderwys.

Die onlangse Wêreldbankverslag (2021) oor die meriete van moedertaalmediumonderrig waarvan daar in die vorige afdeling sprake was, verwys na twee stukke empiriese navorsing wat op Suid-Afrikaanse bodem uitgevoer is om die standpunt dat moedertaalmediumonderrig tot hoër prestasievlakke deur leerders lei, te staaf. Eerstens word verwys na 'n vergelykende studie om aan te toon dat daar 'n positiewe 37-persentasiepuntverskil is tussen leerders in die grondslagfase wat moedertaalmediumonderrig ontvang en leerders wat dit nie so ontvang nie (Wêreldbank, 2021:16). Die Verslag wys daarop dat dié voordeel van moedertaalmediumonderrig in die grondslagfase in die geval van Suid-Afrika sefs groter is as die internasionale norm soos gesien kan word in die resultate van die internasionale Progress in Reading Literacy Study (PIRLS) (*Ibid.*). Die Verslag haal ook 'n empiriese navorsingsprojek aan waarin bevind is dat nie-Engelsmoedertalige Suid-Afrikaanse leerders wat tweetaligemediumonderrig ontvang, Engels beduidend beter bemeester as leerders wat eentalig Engelsmediumonderrig ontvang (*Ibid.*:17). MacDonald en Burroughs (1990) het reeds drie dekades gelede (daar is nie rede om te vermoed dat die situasie tans wesentlik anders is nie) in hulle navorsing vasgestel dat die gemiddelde Engels-tweedetaalleerder in Suid-Afrika aan die einde van die vierde skooljaar 'n woordeskat van slegs 800 Engelse woorde het terwyl die kurrikulum van die vyfde skooljaar 'n woordeskat van ten minste 5 000 Engelse woorde vereis.

Die huidige benadeling van moedertaalmediumonderrig moet in Suid-Afrika ook in verband gebring word met die huidige lae uitsetkwaliteit / prestasie van leerders, soos waargeneem kan word aan die hoë getal matriekdrupelinge en die hoë skool-uitvalsyfer, die lae matriekslagvereistes, die swak resultate van nasionale toetsreekse, en die swak uitslae wat leerders in internasionale toetsreekse behaal. In die 2015-TIMSS (Trends in International Mathematics and Science Study) het Suid-Afrikaanse leerders tweede-laaste gekom uit die 75 deelnemende lande in die wiskundetoets. Hul gemiddelde punt was 376 terwyl Singapoer, wat eerste geëindig het, se gemiddelde punt 618 was (middelpunt van die toets: 500) (Mullis,

Martins, Foy & Hooper, 2017). 'n Ander aspek van die Suid-Afrikaanse voertaalvraagstuk het te make met sosiale ongelykheid, veral die strewe na gelyke geleenthede, wat een van die hoofmotiewe van die 1994 onderwysherstrukturering ná 1994 was. Hierdie vraagstuk hang saam met menslike-kapitaaloorwegings, wat vervolgens bespreek sal word.

Menslike-kapitaaloorwegings

In die vorige afdeling is verduidelik dat die 2021-Wêreldbankverslag oor moedertaalmedium-onderwys sy standpunt ten gunste van moedertaalmedium-onderwys ook fundeer in die argument dat moedertaalmediumonderwys die moontlikheid tot die skep van menslike kapitaal verhoog. Die Verslag se argument hieroor berus nie op empiriese studies oor opbrengskoerse (“rates of return analyses”) nie, maar op die siening dat die vermindering van die uitvalsyfer, herhaling, en die bemoontliking van beter kognitiewe ontwikkeling en prestasievlakke deur moedertaalonderrig ongetwyfeld sal uitloop op beter en meer ekonomiese mensekapitaalskepping. Die verskaffing van beter onderwys deur medium van die moedertaal en daarmee saam die uitskakeling van die hoë uitvalsyfer en beter skoolprestasie is nog meer nodig in die Suid-Afrikaanse situasie in die lig van die huidige hoë werkloosheidskoers, wat teen die einde van die vierde kwartaal van 2021 op 35 persent gestaan het (Stoddard, 2022). Onder die jeugdiges, dit is werksoekers tussen 15 en 24 jaar oud, was die werkloosheidskoers nog hoër – meer as 63 persent (*Ibid.*).

Beter onderwys deur middel van die moeder-, eerste of huistaal as onderrigmedium sal ook daartoe bydra dat die huidige sosiaal-maatskaplike ongelykheid in die land teengewerk word – een van die ideale van die bedeling ná 1994. Die jongste Wêreldbanksyfers gee Suid-Afrika aan as die land met die hoogste Gini-koëffisiënt in die wêreld (die Gini-koëffisiënt is die maatstaf van ongelykheid in 'n land) (Zwane, 2022:3). Ras verklaar soveel as 38.9 persent van die totale variasie in die per capita verbruikersongelykheid in Suid-Afrika (*Ibid.*). Die noodsaaklikheid van gelykskakeling in die onderwys en daarmee saam in die samelewing, gegewe die feit dat 'n beter onderwyspeil werkloosheid verminder (Businessstech, 2021), en dat onderwys 'n kragtige (ofskoon nie 'n gewaarborgde) middel tot sosiale mobiliteit is (soos weer eens bevind in 'n onlangse navorsingsverslag van die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling – OECD, 2018), dui alles daarop dat moedertaalmediumonderwys in die Suid-Afrikaanse konteks gebiedend noodsaaklik is.

Gevolgtrekkings en aanbevelings

In die eerste deel van die artikel is onder meer tot die slotsom gekom dat 'n oorheersende taal (weens sosiopolitieke en ekonomiese magsverhoudinge) die ontwikkeling en bemagtiging van ondergeskikte tale as onderwysvoertale strem. In Suid-Afrika het hierdie verskynsel ook na vore gekom. Omdat Engels histories 'n oorheersende posisie verkry het, is dit tans nie slegs een van die amptelike tale van die land nie maar die de facto hoof- amptelike taal – tot nadeel van Afrikaans en al die ander inheemse tale. Hierdie ander tale kan gevolglik so goed as geen vordering toon om erken te word as onderwystaalmedia nie.

Afrikaans as onderwystaalmedium word tans weens die nadruk op Engels en die werking van politieke kragte onder groot druk geplaas. Soos in die eerste sowel as die tweede deel van die artikel geblyk het, kan 'n hele aantal argumente ten gunste van die ontwikkeling van moedertale as voertale van onderwys aangevoer word, argumente wat wentel om onderwyskundige oorwegings, die skep van menslike kapitaal, die handhawing en versterking van

die ontwikkelingsvlak van 'n taal in 'n samelewing, menseregteoorwegings, onderwysgehalte-oorwegings, en die uitskakeling van sosiaal-maatskaplike ongelykhede.

Die voorgaande gevolgtrekking bring 'n mens by enkele aanbevelings. Aangesien dit tans voorkom of dit slegs die Afrikaanssprekende taalgemeenskap is wat wye en sterk steun verleen aan die beginsel van moedertaalmediumonderwys, lê dit op die skouers van hierdie gemeenskap om ander taalgemeenskappe te oortuig van die waarde van moedertaalonderwys. Die Afrikaanssprekende gemeenskap moet op die uitkyk bly vir geleenthede om die situasie van Afrikaans te versterk en om die gebruik daarvan as onderwystaalmedium te bevorder en te benut. Een moontlikheid om dit te kan doen, is deur meer Afrikaanssprekende onderwysers op te lei of te laat oplei. 'n Onlangs gepubliseerde navorsingsverslag meld dat Suid-Afrika teen 2025 jaarliks ongeveer 39 500 nuwe onderwysers sal benodig, en soveel as 52 000 teen 2030 (Van der Berg, Gustafsson & Burger, 2020). Hierteenoor lewer die hoër onderwysstelsel tans slegs ongeveer 25 000 nuwe onderwysers per jaar op, waarvan slegs 17 000 betrekking as onderwysers in Suid-Afrika aanvaar (*Ibid.*). Hier is dus 'n gulde geleentheid vir die Afrikaanse taalgemeenskap om 'n hupstoot te gee aan die saak van Afrikaans as onderwystaalmedium – deur die mark te voorsien van Afrikaanssprekende onderwysers.

Die saak van die bevordering van moedertaalonderwys in Suid-Afrika moet egter nie beperk bly tot Afrikaans nie. Afrika was die afgelope meer as dertig jaar, sedert die beëindiging van die Koue Oorlog in 1990, die ontvanger van internasionale ontwikkelingshulp ten bedrae van sowat VSA\$ 1.2 triljoen (Mills, 2021: 1). Mills (2021) kom tot die gevolgtrekking dat ná hierdie 30 jaar Afrika maar min kan toon in terme van die doelstellings wat aanvanklik vir die ontwikkelingshulp gestel is. Die Afrikaanssprekende gemeenskap behoort hom ook te vergewis van (a) die doelstellings wat vir die ontwikkelingshulp gestel is, en (b) sy stem te laar hoor by pogings om die geld wat vir sodanige hulp na Afrika vloei te benut, onder meer ter bevordering van ander inheemse tale as onderwysvoertale. Afrika se onderwysuitbreiding behoort nie net, soos in die afgelope vyf en sewentig jaar, te konsentreer op die groei in inskrywingsgetalle nie; dit moet ook fokus op verbeterde uitset deur leerders en studente. Die Afrikaanssprekende gemeenskap behoort sy gewig in te gooi agter alle pogings om die status van inheemse Afrikatale te bevorder tot onderwysmedia. Moedertaalonderwys mag dalk net die vonk wees wat die kontinent se onderwysuitbreidingspoging sal laat oorgaan vanaf 'n gejaag na getalle tot 'n strewe na beter prestasie, ekonomiese groei en gelyker kanse vir almal.

BIBLIOGRAFIE

- Alexa Browsing Extension 2021. <https://www.alex.com/siteinfo/shanghairanking.com> [4 Julie 2021 geraadpleeg].
- Amirbeka, A & Ydyrysb, K. 2014. Education and Soft Power: Analysis As An Instrument Of Foreign Policy. *Procedia. Social and Behavioral Sciences*, 143:514-516.
- Balfour, RJ. 2007. University language policies, internationalism, multilingualism, and language development in South Africa and the UK. *Cambridge Journal of Education*, 37(1):35-49. doi: 10.1080/03057640601178998.
- Barzalo, YR. 2020. Linguistic Independence Hypothesis: Definition and application. <https://study.com/academy/lesson/linguistic-interdependence-hypothesis-definition-application.html>. [23 Desember 2019 geraadpleeg].
- Boonzaaier, D. 2022. Staat wil skole se taalbeleid bepaal: Afrikaans verder onder druk as LUR ouerliggame kan veto oor taal. *Rapport* 13 Februarie 2022:1.
- Bornman, E, Janse van Vuuren, HH, Pauw, JC & Potgieter, PH. 2021. Globalisme en taal in die hoër onderwys: Redes vir die keuse van Engels as onderrigtaal. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(1):308-328.

- Bowen J. 1982. *A History of Western Education, vol. 1*. London: Methuen.
- Broer, NA, Van der Walt, JL & Wolhuter, CC. 2022. Behartiging van het onderwys in coronatyd in Nederland en Zuid-Afrika: een vergelykende studie. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 78(4), a7173. <https://doi.org/10.4102/hts.v78i4.7173>.
- Brock-Utne, B. 2012. Language and inequality: global challenges to education. *Compare: A Journal of Comparative and International Education*, 2012: 1-21 DOI:10.1080/03057925.2012.706453.
- Brunette, T, Piper, B, Jordan, R, Kinge, S & Nabacw, R. 2019. The Impact of Mother Tongue Reading Instruction in Twelve Ugandan Languages and the Role of Language Complexity, Socioeconomic Factors, and Program Implementation/. *Comparative Education Review*, 63(4):591-612.
- Businesstech. 2021. Here are your chances of employment in South Africa, based on your level of education. <https://businesstech.co.za/news/business/542840/here-are-your-chances-of-employment-in-south-africa-based-on-your-level-of-education/#:~:text=The%20unemployment%20rate%20for%20South,an%20unemployment%20rate%20of%2040.2%25>. [Datum van Toegang: 28 Maart 2022].
- Chavez, A. 2016. Rights in Education and Self-Identity: Education and Language of Instruction in Namibia. *International Education Studies*, 9(3):189-196.
- Chick, JK. 1992. Language policy in education. In: M McGregor & L McGregor (eds). *McGregor's education alternatives*. Kenwyn: Juta & Co, pp. 270-288.
- Coetzee, J. Chr. 1963. *Onderwys in Suid-Afrika: 1652–1960*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Cohen, Y. 1970. Schools and Civilization States. In Fischer, J. (ed.). *The Social Sciences and the Comparative Study of Educational Sciences*. Scranton: International Textbook Company.
- Crossley, M. 2014. Global League Tables, Big Data and the International Transfer of Educational Research Modalities. *Comparative Education*, 50(1):15-26.
- Delpont, D. 2021. Afrikaans, Nama, Khoi, San “van hier”. *Beeld*, 29 Oktober 2021:8.
- Desai, Z. 2001. Multilingualism in South Africa with particular reference to the role of African languages in education. *International Review of Education*, 47:323-339.
- De Wet, C. 2002. Factors influencing the choice of English as language of learning and teaching (LoLT) – a South African perspective. *South African Journal of Education*, 22(2):119-129.
- Duggan, SP. 1916. *A student's textbook in the study of History of Education*. New York: Appleton Century
- Epstein, EH & Carroll, KT. 2005. Abusing ancestors: Historical functionalism and the postmodern deviation in Comparative Education. *Comparative Education Review*, 49 (1):61-88.
- Epstein, E. 2008. Setting the normative boundaries: Crucial epistemological benchmarks in Comparative Education. *Comparative Education*, 44(4):373-386.
- Fishman, JA. 1991. *Reversing Language Shift: Theoretical and empirical foundations of assistance to threatened language*. Clevedon: Multilanguage Matters.
- Gardner, RC & Lambert, WE. (eds). 1972. *Attitudes and Motivation in Second Language Learning*. Rowley: Newbury House.
- Giliomee, H. 2019. *The Rise and Demise of the Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg.
- Giliomee, H. & Schlemmer, L. 2006. *'n Vaste Plek vir Afrikaans: Taaluitdagings op kampus*. Stellenbosch: Sunmedia.
- Goldenberg, C. 2013. Research on English learner instruction. In Calderon, M. (ed.). *Breaking through: Effective instruction and assessment for reading English learners*. Bloomington, Indiana: Solution Tree Press.
- Gordon, SL. & Harvey, J. 2019. Choice of language in education: do we know what South Africans want? *Language and Education*, 33(3):226-243, DOI: 10.1080/09500782.2018.1488865.
- Gu, Mingyuan. 2013. *Cultural Foundations of Chinese Education*. Leiden: Brill.
- Hermanson, EA. 2002. A Brief Overview of Bible Translations in South Africa. [file:///C:/Users/User/Downloads/5451-Article%20Text-49762-1-10-20041013%20\(1\).pdf](file:///C:/Users/User/Downloads/5451-Article%20Text-49762-1-10-20041013%20(1).pdf). [Datum van Toegang: 18 Maart 2022].
- Hofmeisterová, K. 2019. “Ecclesiastical nationalism and primacy in world Orthodoxy: the case of the Serbian Church at the pan-Orthodox Council in Crete”, *Religion, State & Society* 47:3, 341-357, DOI: 10.1080/09637494.2019.1609226.
- Imperial Parliament. 1909. South Africa Act. https://media.law.wisc.edu/s/c_8/jzhy2/cbsa1.pdf. [Datum van Toegang: 20 Maart 2022].

- Kannemeyer, JC. 1995. *Langenhoven: 'n lewe*. Kaapstad: Tafelberg.
- Lall, M & South, A. 2018. Power Dynamics of Language and Education Policy in Myanmar's Contested Transition. *Comparative Education Review*, 62(4):482-504.
- Laponce, JA. 1987. *Languages and their Territories*. Toronto: University of Toronto Press.
- Le Roux, CS. 2011-1. European Foundations Shaping Schooling in South Africa: Early Dutch and British influence at the Cape. In: Booysse, JJ, Le Roux, CS, Seroto, J & Wolhuter, CC. *A history of schooling in South Africa*. Pretoria: JL van Schaik, pp. 57-84.
- Le Roux, CS. 2011-2. The influences of Western Education on education in the Cape and Natal. In: Booysse, JJ, Le Roux, CS, Seroto, J & Wolhuter, CC. (eds). *A History of Schooling in South Africa: Method and context*. Pretoria: Van Schaik, pp. 87-125.
- Le Roux, CS & Wassermann, J. 2016. The history of South African education up to 1994. In: Horsthemke, K, P Siyakwazi, E Walton en CC Wolhuter (eds). 2016. *Education studies: History, sociology, philosophy*. Kaapstad: Oxford University Press, pp. 2-44.
- Lewis, AF. 2019. Contesting the South African music curriculum: An autoethnography. Ongepubliseerde Ph.D. tesis, Universiteit van Pretoria.
- Li, J & Pilz, M. 2019. Transferring German Evaluation Policy to China: A Prospective Evaluation of Peer Review in TVET. *Comparative Education Review*, 63(4):613-632.
- Limerick, N. 2018. Kichwa or Quichua? Competing Alphabets, Political Histories, and Complicated Reading in Indigenous Languages. *Comparative Education Review*, 62(1):103-124.
- Lindholm-Leary, KJ. 2001. *Dual Language Education*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Loots, S. 2017. *Rapport*, 18 September 2017.
- Lutz, W. & Klingholz, R. 2017. *Education First! From Martin Luther to Sustainable Development*. Stellenbosch: Sun Media.
- MacDonald, C & Burroughs, E. 1990. *Eager to Talk and Learn to Think Bilingual Primary Education in South Africa*. Kaapstad: Maskew Miller, Longman.
- Mafisa, I & Booysen, C. 2022. MPs Fume Over Racism Against Black Pupils. *Cape Times* 15 Februarie 2022:1.
- Malherbe, EG. 1925. *Education in South Africa, part I*. Cape Town: Juta.
- Marques, M. 2021. Structural Functionalism in Comparative and International Education: Antecedents, developments and applications. In: TD Jules, R Shields & MAM Thomas (eds). *The Bloomsbury Handbook of Theory in Comparative and International Education*. London: Bloomsbury, pp. 23-36.
- Meshulam, A. 2019. Cross-National Comparison of Parental Choice of Two-Way Bilingual Education in the United States and Israel. *Comparative Education Review*, 63(2):236-258.
- Mgqwashu, EM. 2013. On developing academic literacy in the mother tongue for epistemological access. *Critical Issues in Language Planning*, 2013:1-13.
- Mills, G. 2021. *Expensive Poverty: Why aid fails and how it can work*. Johannesburg: Pan Macmillan.
- Motshekga, A. 2022. African languages must take their rightful place in our schools. *Sunday Times* 20 Maart 2022:1.
- Mullis, IVS, MO Martin, P Foy & M Hooper. 2017. <http://timss2015.org/wpcontent/uploads/filebase/full%20pdfs/T15-International-Results-in-Mathematics-Grade-4.pdf> [14 Desember 2017 geraadpleeg].
- Muijs, D, Kyriakides, L, van der Werf, G, Creemers, B, Timerley, H, & Earl, L. 2014. State of the art – teacher effectiveness and professional learning. *School Effectiveness and School Improvement*, 25(2):231-256.
- Nzabalarwa, W & Ntawiha, P. 2021. Development of the education system of Rwanda. In: Steyn, HJ & Wolhuter, CC. (eds). *World Education Systems Entering the Twenty-First Century*. Noordbrug: Keurkopies, pp. 292-319.
- Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling. 2018. A Broken Elevator? How to promote social mobility <https://www.oecd.org/social/soc/Social-mobility-2018-Overview-MainFindings.pdf> [28 Maart 2022 geraadpleeg].
- Pawson, R. 2006. *Evidence-Based Policy: A Realist Perspective*. Thousand Oaks, CA: Sage.
- Pawson, R & Tilley, N. 2004. Realistic Evaluation. In: Matthieson, S. (ed.). *Encyclopaedia of Evaluation*. Thousand Oaks, CA: Sage, pp. 359-367.

- Penrith, MC. 1972. A historical and critical account of the teaching of English Language and Literature in English-medium universities in South Africa, with particular reference to the University of Cape Town and the South African College. Ongepubliseerde M.A. Verhandelings, Universiteit van Kaapstad.
- Phakeng, M. 2021. Transforming the academy using African languages. *Sunday Independent*, 3 Oktober 2021: 4.
- Pistorius, P. 1975. *Gister en Vandag in die Onderwys*. Potchefstroom: Pro-Rege.
- Republiek van Suid-Afrika, Nasionale Beplanningskommissie. Nd. *National Development Plan 2030. Our Future – Make it work*. http://www.dac.gov.za/sites/default/files/NDP%202030%20-%20Our%20future%20-%20make%20it%20work_0.pdf. [Datum van Toegang: 22 Maart 2022].
- Republiek van Suid-Afrika, RSA. 1996 *Constitution of the Republic of South Africa, Act 108 of 1996*, <https://www.gov.za/sites/default/files/images/a108-96.pdf> [Datum van toegang: 19 Oktober 2021].
- Republiek van Suid-Afrika, RSA, Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. 2020. Language Policy Framework for Public Higher Education Institutions Determined in terms of Section 27(2) of the Higher Education Act. 101 OF 1997 as Amended. https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/202011/43860gon1160.pdf [Datum van Toegang: 15 Maart 2022].
- Roaf, M. 1995. Palaces and Temples in Ancient Mesopotamia. In: Jack, M, Sasson, JM (chief editor); Baines, J, Beckman, G & Rubinson, KS. (co-editors). *Civilizations of the ancient Near East, 1-2*. Scribner, New York (2nd edition. 2000. Peabody MA: Hendrickson Publishers).
- Rossouw, J. 2022. Maties: Twee sienings wat bots: In 'n vertalende universiteit sal een of twee moedertale gekies moet word. *Rapport*, 16 Januarie 2022:7.
- Rubagumya, CM. 1991. Language Promotion for Educational Purposes: The example of Tanzania. *International Review of Education*, 37(1):67-85.
- Santhakumar, V & Wolhuter, CC. 2021. Language of Learning and Teaching in South Africa and India: A comparative study. In: Wolhuter, C. (ed.). *Critical Issues in South African Education: Illumination from international comparative perspectives from the BRICS countries*. Durbanville: AOSIS, pp. 109-138.
- Scholtz, L. 2021. Word Maties nou ge-Milner? *Netwerk24* 9 Maart 2021. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/Stemme/Aktueel/is-maties-nou-ge-milner-20210308> [Datum van Toegang: 24 Maart 2022].
- Schweisfurth, M & Elliott, J. 2019. When 'best practice' meets the pedagogical nexus: recontextualisation, reframing and resilience. *Comparative Education*, 55(1):1-8.
- Seid, Y. 2019. The impact of learning first in mother tongue: evidence from a natural experiment in Ethiopia. *Applied Economics*, 51(6):577-593.
- Shin, JC, Toutkoushian, RK & Teichler, U. (eds). 2011. *University rankings: Theoretical basis, methodology and impacts on global higher education*. Dordrecht: Springer.
- Shiraya, J. 2008. 'Knowledge of English is essential for kids' success', *Cape Argus*, 16 Oktober, p. 18.
- Shirer, WL. 1960. *The Rise and Fall of the Third Reich: A history of NAZI Germany*. New York: Simon & Schuster.
- Simpson, T. 2021. *History of South Africa: From 1902 to the present*. Cape Town: Penguin.
- Skole.co.za. 2021. Afrikaanse Skole: So lyk die syfers. https://skole.co.za/wp-content/uploads/2021/11/SOS_Afrikaanse-skole-verslag_web.pdf [Datum van Toegang: 24 Maart 2022].
- Squelch, JM. 1997. Private Education in South Africa: Legal status and management of private schools. Ongepubliseerde PhD-Tesis, Universiteit van Suid-Afrika.
- Stoddard, 2022. South African unemployment rate hits record 35.3% in Q4 2021. *Daily Maverick* 29 March 2022 <https://www.dailymaverick.co.za/article/2022-03-29-south-african-unemployment-rate-hits-record-35-3-in-q4-2021/>
- Stromquist, N. 2002. *Education in a globalized world: the connectivity of economic power, technology, and knowledge*. Lanham, Maryland: Rowman & Littlefield.
- Susan, AS. 2022. How Many Languages are Spoken in China? | CJK Translation [Datum van Toegang: 3 Maart 2022].
- Taira, D. 2018. Embracing education and contesting Americanization: A reexamination of native Hawaiian student engagement in territorial Hawaii's public schools, 1920–1940. *History of Education Quarterly*, 58(3):361-91.

- Trudell, B & Piper, B. 2013. Whatever the Law Says: Language policy implementation and early-grade literacy achievement in Kenya. *Current Issues in Language Planning*, DOI:10.1080/14664208.2013.856985.
- Truter, EJJ. 2004. Die ontplooiing van die taalbeleid in die Suid-Afrikaanse onderwys, 1652-1961 in besonder gedurende die Unietydperk. *Acta Academica, Supplementum*, 2:1-165.
- UNESCO. 1953. The use of vernacular languages in education. <http://unesdoc.unesco.org/images/0000/000028/002897EB.pdf> [Datum van Toegang: 31 Maart 2018].
- Van der Berg, S, Gustafsson, M & Burger, C. 2020. School Teacher Supply and Demand in South Africa in 2019 and Beyond. <https://resep.sun.ac.za/wp-content/uploads/2022/03/DHET-Supply-and-Demand-Report-Phase-1.pdf> [Datum van Toegang 28 Maart 2022].
- Van der Vyfer, C. 2021. Die waarde van persoonlike vertelling in Afrikaans Huistaal in die Nasionale Kurrikulum en Asseseringsbeleidsverklaring. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(3):772-793.
- Van der Walt, JL & Wolhuter, CC. 2019. Neo-liberalism and the human rights creed: conflicting forces vying for control of the global education agenda. *South African Journal of Education*, 39(4). <https://doi.org/10.15700/saje.v39n4a1834> [Datum van Toegang: 3 Maart 2022].
- Van Jaarsveld, A. 2021. Afrikaans uitskuif, watwou? <https://afrikaans.com/2021/03/26/afrikaans-uitskuif-watwou/> [Datum van Toegang: 11 April 2022.]
- Van Krieken, R. 1999. The 'stolen generations' and cultural genocide: the forced removal of Australian Indigenous children from their families and its implications for the sociology of childhood. *Childhood*, 6(3):297-311.
- Vasak, K. 1977. Human rights: A thirty-year struggle: The sustained efforts to give force of law to the universal declaration of human rights. *UNESCO Courier* 30, 11.
- Verenigde Nasies. 2016. The Universal Declaration of Human Rights <http://www.un.org/en/universal-declaration-human-rights/> [Datum van Toegang: 17 Januarie 2016].
- Wang, N. 2022. Collective Belonging or Individual Calling: Language and Ethnic Identity of Minorities in China. *Comparative Education Review*, 66(1):80-101.
- Wêreldbank. 2021. *Loud and Clear: Effective Language of Instruction Policies For Learning. A World Bank Policy Paper*. Washington DC: Wêreldbank.
- Wolhuter, CC. 2012. 'n Wêreldklasuniversiteit in Suid-Afrika: ideaal, wenslik, haalbaar, werklikheid, hersenskim? *LitNet Akademies* 9(2):284-308.
- Wolhuter, CC. 2019. The philanthropic mission of comparative and international education bequeathed by Jullien: continuing capstone of the field. In Wolhuter, C.C. (ed.). *The Legacy of Jullien's Work for Comparative Education*. London, Routledge, pp. 1-14.
- Wolhuter, CC, Potgieter, FJ & Steyn, HJ. 2011. 'n Gevallestudie van die bydrae van sendingonderwys tot die ontwikkeling van Afrika – omgekeerde spieëlbeeld van die stereotipiese uitbeelding in die literatuur. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 47(1):23-41.
- Zwane, T. 2022. Inequality in SA, Namibia imperils economies, warns World Bank. *Business Day* 10 Maart 2022:3.

Afrikaansstudente se gebruik van emoji's

Afrikaans students' use of emojis

DONOVAN LAWRENCE

Afrikaans & Neerlandistiek
Universiteit van Wes-Kaapland
Bellville
Suid-Afrika
E-pos: dlawrence@uwc.ac.za



Donovan Lawrence

DONOVAN LAWRENCE is 'n senior lektor in taalkunde en hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Wes-Kaapland. Sy loopbaan as hoërskool Afrikaans-onderwyser begin in 1988, waarna hy doseer aan 'n onderwyskollege en verskeie universiteite, insluitende die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa), Witwatersrandse Universiteit (Wits) en die Universiteit van Johannesburg (UJ). Sy voorgraadse en nagraadse kwalifikasies in Afrikaans verwerf hy aan die Universiteit van Wes-Kaapland en die Universiteit van Johannesburg. Dit sluit in 'n BA in 1986; 'n Hoër Onderwysdiploma in 1987; 'n Honneursgraad in Afrikaans in 1993; 'n MA (Cum Laude) in 1998 en 'n PhD in 2004. Sy doktorsale proefskrif handel oor: *Rekenaar-gebruik vir die aanleer van Afrikaans*.

Hy is tans Umalusi se nasionale, eksterne eksaminator vir Afrikaans EAT- en TAT-matriekvraestelle. Hy is die outeur van verskeie navorsingsartikels, medeskrywer van die boek *Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril* (2014) en gereelde rubriekskrywer vir *Beeld*, *Burger* en *Volksblad*.

DONOVAN LAWRENCE is a senior lecturer in Afrikaans Linguistics and Head of the Department Afrikaans and Dutch Studies at the University of the Western Cape. His career as a high school Afrikaans teacher started in 1988. Subsequently, he lectured at a teacher's college and various universities including the University of South Africa (Unisa), the University of the Witwatersrand (Wits) and the University of Johannesburg (UJ). He received his undergraduate and postgraduate qualifications in Afrikaans from the University of the Western Cape and the University of Johannesburg. These include a BA in 1986; a Higher Diploma in Education in 1987; an Honours degree in Afrikaans in 1993; a MA (Cum Laude) in 1998 and a PhD in 2004. His doctoral thesis investigates the use of computers for teaching Afrikaans.

Currently, he is Umalusi's national external examiner for Afrikaans FAL and SAL matriculation papers. He is the author of various research articles, co-author of the book *Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril* (2014) and regularly writes opinion pieces in the *Beeld*, *Burger* and *Volksblad* newspapers.

Datums:

Ontvang: 2022-04-04

Goedgekeur: 2022-09-07

Gepubliseer: Desember 2022

ABSTRACT***Afrikaans students' use of emojis***

Everyday five billion emojis are used on Facebook Messenger, one out of every five Twitter messages contains an emoji and half of all Instagram comments have an emoji (Emojipedia.org, 2022). The use of emojis in online text messages has become increasingly prevalent in not only informal online interactions between family and friends, but also in formal contexts such as WhatsApp messages used in online learning.

Over the last decade the use of WhatsApp has evolved from being used for informal interactions to being used as a platform for online learning and teaching in schools and universities. As a learning platform it has proved effective for using text messages to exchange information and knowledge and discuss lesson content.

In this article a group of undergraduate Afrikaans students' use of emojis in three different contexts (interactions with friends and family, peers, and tutors; and lecturers) is examined to ascertain how the differentiation in context influences their use of emojis, how the use of emojis influences their online communication and how social presence in online learning is influenced using emojis.

To this end, a mixed-method approach in the form of a case study was used. Students' experiences of and attitudes towards the use of emojis were measured quantitatively and qualitatively using an electronic questionnaire that consisted of twenty-two questions. The questionnaire allowed for two sets of data to be gathered: quantitative data about the use of ten different emojis in three different contexts and qualitative data about student's motivations for their use.

The findings are interpreted against the backdrop of existing research and within the framework of the Social Presence Theory (Short, Williams & Christie, 1976). In the modern-day context this theory acknowledges that computer mediated communication (CMC) has a lower social presence than face-to-face communication due to the absence of non-verbal cues. Furthermore, it states that different types of CMC have different degrees of social presence because of their varying capacities to convey socio-emotional information.

What follows is a summary of the most important findings.

Students' use of emojis is influenced by context. More emojis are used in WhatsApp messages to friends and family, fewer in messages to peers and tutors and the least in messages to lecturers. There is also a differentiation in the type of emojis used in these interactions: face emojis tend to be used more in informal contexts whilst hand emojis are used more in formal learning contexts.

Findings further indicate that because emojis save time and are fun to use they impact on student's online communication in different ways. The use of emojis not only enhances the correct interpretation of messages but also creates social presence. However, in cases where emojis are interpreted differently it may lead to misunderstandings therefore hampering successful communication.

In communication between students, their peers and tutors the use of emojis results in the creation of a comfortable atmosphere and social presence conducive to learning. Fewer, if any, emojis are used in interactions between students and lecturers. When used it is mostly restricted to the use of the less emotive thumbs-up and praying hands emojis. Although students are not comfortable using emojis in their WhatsApp messages to lecturers (they regard online learning as a formal context and deem the use of emojis in this context as inappropriate) most respondents (41%) are undecided as to whether or not emojis have a role to play in enhancing online communication between students and lecturers during online learning. Students in

favour of using emojis in this context, although in the minority, indicated that emojis might – just like in their interactions with peers and tutors – also help in this context to create a relaxed atmosphere and social presence conducive to learning. More research on this aspect of emoji use is necessary.

KEYWORDS: Afrikaans students, online learning, emojis, emoticons, interaction, learning platform, computer mediated communication (CMC), social presence, Social Presence Theory, text-based communication, WhatsApp

TREFWOORDE: aanlyn leer, Afrikaansstudente, emoji's, emotikone, interaksie, leerplatform, rekenaarbemiddelde kommunikasie (RBK), sosiale teenwoordigheid, Sosiale Teenwoordigheid Teorie, teksgebaseerde kommunikasie, WhatsApp

OPSOMMING

In 'n era waar sosiale media soos WhatsApp toenemend as leerplatform gebruik word en studente se aanlyn kommunikasie gekenmerk word deur die toenemende gebruik van emoji's, is dit nodig om die rol van emoji's in die kommunikasie wat tydens aanlyn leer plaasvind, te ondersoek.

Die doel van hierdie navorsing is om vas te stel hoe studente se keuse van emoji's deur konteks beïnvloed word; hoe hulle aanlyn kommunikasie in informele en formele kontekste deur die gebruik van emoji's beïnvloed word; en watter rol emoji's speel in die skep van 'n sosiale teenwoordigheid tydens aanlyn leer.

Die bevindings dui daarop dat konteks inderdaad 'n invloed uitoefen en tot welke mate emoji's meer in informele interaksies gebruik word en minder in meer formele aanlyn leer kontekste. Emoji's beïnvloed aanlyn kommunikasie op verskillende maniere: dit maak dit meer pret; meer interaktief; bevorder korrekte interpretasie en sosiale teenwoordigheid. In studente se interaksie met medestudente en tutors help dit veral om 'n gemaklike atmosfeer te skep wat leer kan bevorder. Studente is egter huiwerig en onseker oor die gebruik van emoji's tydens interaksies met dosente. Hoewel sommige die moontlike waarde daarvan kan insien, beskou ander dit as onvanpas.

1. Inleiding

Onlangse navorsing oor aanlyn leer dui onder andere daarop dat sosiale media soos WhatsApp toenemend as leerplatform in Suid-Afrikaanse skole (Jere, Jona & Lukose, 2019; Rwdzi, de Jager & Mpofu, 2020) en universiteite (Rambe & Chipunza, 2013; Naidoo & Kopung, 2016; Lawrence, 2021) gebruik word. Wanneer WhatsApp vir leer en onderrig gebruik word, maak studente, tutors, onderwysers en dosente veral gebruik van teksboodskappe om inligting en kennis uit te ruil en lesinhoud te bespreek.

In die navorser se ervaring van die gebruik van WhatsApp vir aanlyn onderrig het dit opgeval dat studente tydens aanlyn leer emoji's in hulle teksboodskappe gebruik. Oënskynlik is die gebruik van emoji's nie tot informele interaksies beperk nie, maar word dit ook in meer formele kontekste soos aanlyn leer gebruik.

Wêreldwyd is die gebruik van emoji's aan die toeneem en word dit deel van gebruikers se aanlyn leksikon. Die gewildheid van emoji's blyk uit die volgende statistiek van Emojipedia.org (2022):

- Vyf miljard emoji's word daaglik op Facebook Messenger gebruik.
- Een uit elke vyf Twitter-boodskappe bevat 'n emoji.
- Die helfte van alle Instagram-kommentaar bevat 'n emoji.

In hierdie boodskappe en kommentaar word emoji's gewoonlik gebruik om woorde te vervang of om die konteks en betekenis van die teks toe te lig.

Daar bestaan uitgebreide internasionale navorsing wat die funksionele (Walther & D'Addario, 2001; Huang, Yen & Zhang, 2008; Thompson & Filik, 2016; Chen, Lu, Shen, Ai, Liu & Mei, 2017; Al Rashdi, 2018) en strategiese (Derks, Bos & Von Grumbkow, 2007; Lo, 2008; Lee, Hong, Kim, Oh & Lee, 2016; Chen *et al.*, 2017; Veytia-Bucheli, Gómez-Galán & Vergara, 2020; Apriliani & Muslim, 2021) gebruik van emoji's ondersoek.

Plaaslik is daar slegs die magisterstudie van Du Plessis (2020) wat die gebruik van emoji's in organisatoriese kommunikasie ondersoek. Hierin word die verskillende interpretasies van emoji's aan die hand van veranderlikes soos ouderdom, geslag en ras ondersoek. Geen plaaslike navorsing oor die gebruik van emoji's in aanlyn leer is egter beskikbaar nie.

In die lig daarvan dat emoji's deel vorm van die kommunikasie wat tydens aanlyn leer plaasvind en in die afwesigheid van enige plaaslike navorsing hieroor is dit vir hierdie navorsing belangrik om vas te stel hoe studente emoji's in 'n aanlyn leerkonteks gebruik en tot watter mate dit verskil of ooreenstem met die gebruik daarvan in informele kontekste.

Die navorsingsvrae is soos volg:

- Hoe word studente se keuse van emoji's deur konteks beïnvloed?
- Hoe word studente se aanlyn kommunikasie in informele kontekste deur die gebruik van emoji's beïnvloed?
- Hoe word studente se aanlyn kommunikasie in formele kontekste deur die gebruik van emoji's beïnvloed?
- Hoe word studente se ervaring van sosiale teenwoordigheid in aanlyn leer deur die gebruik van emoji's beïnvloed?

As 'n gevallestudie is 'n groep voorgraadse Afrikaansstudente aan die Universiteit van Wes-Kaapland se gebruik van emoji's ondersoek. 'n Kwantitatiewe vergelyking word getref tussen studente se gebruik van emoji's in WhatsApp-tekstboodskappe aan vriende en familie; medestudente en tutors; en dosente onderskeidelik. Daarbenewens word studente se ervaring van die gebruik van emoji's kwalitatief ontleed om enersyds die funksies van emoji's beter te verstaan en andersyds die rol van emoji's in die skep van 'n sosiale teenwoordigheid in aanlyn leer te peil.

Die bevindings bied insig in die funksionele en strategiese gebruik van emoji's om betekenis en interaksie te manipuleer sowel as die rol wat emoji's speel in studente se ervaring van sosiale teenwoordigheid in 'n aanlyn leeromgewing. Laasgenoemde is veral relevant in die lig daarvan dat studente heel dikwels aanlyn leer as verwyderd en geïsoleerd ervaar.

2. Emoji's




2.1 *Ontstaan en ontwikkeling*

Een van die opvallendste en mees besproke tekortkominge van rekenaarbemiddelde kommunikasie (RBK) in die algemeen en teksgebaseerde kommunikasie in die besonder, is die afwesigheid van nieverbale aanduiders (gesigsuitdrukkings, gebare, stemtoon en intonasie),

wat dan heel dikwels 'n invloed op die suksesvolle oordrag van die boodskap het (Tu & McIsaacs, 2002).

Aanlyn gebruikers was nog altyd bewus van hierdie struikelblok en die invloed wat dit op suksesvolle aanlyn kommunikasie mag hê. Voor die bekendstelling en gebruik van sosiale media was daar reeds tekens hiervan in SMS-boodskappe: so byvoorbeeld kon leestekens soos hoofletters vir uitroepe gebruik word en veelvuldige uitroepetekens gebruik word om opgewondenheid aan te dui (Rodrigues, Prada, Rui, Garrido & Lopes, 2017). Later is emotikone ('n kombinasie van leestekens) gebruik om 'n gesigsuitdrukking te vorm (sien Tabel 1).

TABEL 1: Die verskil tussen emotikone, emoji's en plakkers

Emotikone	Emoji's	Plakkers
:-) :-( 	 

Emotikone is later met emoji's vervang. Anders as emotikone, stel emoji's nie net gesigsuitdrukings, emosies en abstrakte konsepte voor nie, maar ook entiteite in die vorm van prentjies van diere, plante, aktiwiteite, gebare en voorwerpe (Rodrigues *et al.*, 2017; Bai, Dan, Mu & Yang, 2019). Hierdie entiteite kan dan as plaasvervangers vir woorde gebruik word, terwyl gesig-emoji's die betekenis van die teks kan komplementeer (Ai *et al.*, 2017). 'n Verdere ontwikkeling van emoji's is plakkers (*stickers*) oftewel geanimeerde emoji's. Behalwe dat plakkers bewegend is, is dit ook groter as statiese emoji's en bevat dit soms bygaande teks en word dit meestal tematies aangebied (sien Tabel 1). In hierdie navorsing word die begrip *emoji* generies gebruik en kan dit emotikone; sowel as statiese en geanimeerde emoji's (plakkers) insluit.

2.2 Gebruik

Emoji's word tipies op een van twee maniere tydens aanlyn kommunikasie gebruik: onafhanklik of as deel van die teks (Tu & McIsaacs, 2002). Wanneer dit onafhanklik gebruik word, staan dit gewoonlik in die plek van 'n woord of woorde wat ook die kommunikasie versnel: die boodskap word gouer oorgedra. So byvoorbeeld kan 'n enkele emoji gebruik word om hallo, tsiens, dankie of jammer te sê.

As deel van die teks komplementeer of verhelder emoji's gewoonlik die betekenis van die teks deur die oordra van 'n spesifieke emosie. Sodoende word die boodskap se betekenis meer akkuraat oorgedra. Volgens Chen & Siu (2017) is dit dan ook wanneer emoji's gebruik word om positiewe emosies (vriendelikheid, nederigheid, ordentlikheid, gemaklikheid) oor te dra, dat dit ook help om gebruikers tuis en gemaklik in die aanlyn omgewing te laat voel. Insgelyks kan die gebruik van negatiewe emoji's negatiewe reaksies ontlok.

Afgesien daarvan dat emoji's help om die boodskap gouer en meer akkuraat oor te dra, bevorder dit ook aanlyn interaksie op ander maniere: dit maak die interaksie meer prettig, meer vloeiend en meer interaktief. Daar is ook aanduidings dat hoe meer gebruikers hierdie tipe interaksie geniet, hoe meer emoji's gebruik hulle – wat dan die interaksie selfs nog meer kan bevorder (Chen & Siu, 2017:645).

Hoewel die gebruik van emoji's meestal bevorderlik is vir aanlyn kommunikasie, kan dit ook soms belemmerend wees en tot misverstande lei. Dit gebeur veral in gevalle waar 'n emoji dalk nie goed ontwerp is nie en dan verskillend deur sender en ontvanger geïnterpreteer word (Chen *et al.*, 2017; Miller, Thebault-Spieker, Chang, Johnson, Terveen & Hecht, 2016; Veytia-Bucheli *et al.*, 2020). Eweneens het die oormatige gebruik van emoji's ook die potensiaal om ontvangers te verwar of ongemaklik te laat voel en kan dit dan kommunikasie negatief beïnvloed (Chen *et al.*, 2017; Wolf 2000).

Individue maak nietemin meestal bewustelike keuses oor watter en hoeveel emoji's om in 'n boodskap te gebruik. Hierdie keuses berus gewoonlik op wie die ontvanger(s) is en wat die aard van die boodskap of interaksie is (Aull, 2019). So byvoorbeeld word meer emoji's in interaksies met vriende as vreemdelinge gebruik en het hoërskoolleerlinge byvoorbeeld meer emoji's gebruik toe hulle 'n geskenk vir 'n klasmaat bespreek het, maar aansienlik minder emoji's gebruik toe hulle die werksverdeling vir 'n klasprojek bespreek het (Derks *et al.*, 2007). Die afleiding is dat emoji's meer in sosio-emosionele kontekste as in taakgeoriënteerde kontekste gebruik word (Derks *et al.*, 2007).

3. Sosiale teenwoordigheid

Aanlyn leer word gekenmerk deur afstand en isolasie: studente voel heel dikwels geïsoleerd weens die afstand (fisies, geografies en psilogies) tussen hulle en medestudente, tutors en dosente. Die sentrale fokus van hierdie navorsing is die rol wat emoji's speel in die kommunikasie wat tydens aanlyn leer plaasvind en daarom word die teorie van Sosiale Teenwoordigheid as lens gebruik om hierdie rol van emoji's beter te verstaan.

3.1 Sosiale Teenwoordigheid as teoretiese vertrekpunt

Die teorie van Sosiale Teenwoordigheid (*Social Presence Theory*) is in 1976 deur John Short, Ederyn Williams en Bruce Christie in *The Social Psychology of Telecommunications* bekendgestel. Die oorspronklike doel van die teorie was om die effektiwiteit van maatskappye se gebruik van telekommunikasie-media (telefoon, videokonferensie, radio) te bepaal. Meer spesifiek wou hierdie teorie lig werp op hoe persone se gevoel van bymekaar wees (*sense of being with another*) deur verskeie tipes telekommunikasie-media beïnvloed word (Short, Williams & Christie, 1976).

Met die ontwikkeling van nuwe rekenaartegnologie is die definisie van sosiale teenwoordigheid aangepas en deesdae word dit ook gebruik om te verwys na die gevoel van behoort (oftewel om deel te voel van 'n groter groep) (*feeling of community*) wat gebruikers in aanlyn omgewings ervaar (Tu & Mc Isaac, 2002).

Die uitgangspunte van hierdie teorie is eerstens dat rekenaarbemiddelde kommunikasie (voortaan RBK) 'n laer sosiale teenwoordigheid as aangesig-tot-aangesig-*(face-to-face)*-kommunikasie het en dat dit hoofsaaklik vanweë die afwesigheid van nieverbale aanduiders is. Tweedens beskik verskillende tipes RBK oor verskillende grade van sosiale teenwoordigheid omdat die kapasiteit van RBK om sosio-emosionele inligting oor te dra, verskil (Vergelyk die navorsing van Tu, 2002; Tu & McIsaac, 2002; Yamada & Akihori, 2007 in 3.3).

3.2 Onmiddellikheid (*Immediacy*) en Intimiteit (*Intimacy*)

Die oorsprong van die konsep sosiale teenwoordigheid lê in die begrippe direktheid (*immediacy*) en intimiteit (*intimacy*).

Die begrip *direktheid* verwys na die manier waarop nieverbale kommunikasie soos oogkontak en liggaamsbewegings gebruik word om 'n gevoel van “nabyheid” tydens interpersoonlike kommunikasie te bevorder. *Nabyheid* dui op die psigologiese afstand tussen die kommunikeerder en die aangesprokene(s) (Gunawardena & Zittle, 1997:9).

Die begrip *intimiteit* verwys na 'n kombinasie van oogkontak, fisiese nabyheid en glimlag wat 'n ewilbrium vir intimiteit vorm. Hiervolgens kan 'n verandering in enige van die komponente veroorsaak dat die ander komponente veranderinge maak om daarvoor te vergoed. So byvoorbeeld sal twee persone wat baie na aan mekaar staan se oogkontak aanpas en verminder (Argyle & Dean, 1965).

Die mate of graad van sosiale teenwoordigheid word bepaal deur die vermoë om fisieke en emosionele teenwoordigheid tydens interaksies te projekteer. In RBK byvoorbeeld gaan dit oor die manier waarop individue hulself in die aanlyn omgewing aanbied of projekteer. Dit bied gewoonlik 'n aanduiding of die individu beskikbaar en gewillig is om aan die interaksie deel te neem en word bewerkstellig deur die manier waarop aanlyn boodskappe geformuleer en gestuur word en deur ontvangers geïnterpreteer word (Cobb, 2009).

3.3 Sosiale teenwoordigheid in aanlyn leer

Navorsing oor die rol van sosiale teenwoordigheid in aanlyn leer fokus enersyds op die rol van die verskillende tipes RBK (Tu & McIsaacs, 2002; Tu, 2002; Yamada & Akihori, 2007) en andersyds op die invloed van sosiale teenwoordigheid op studente se ervaring van die aanlyn leer- en onderrigsituasie (Richardson & Swan, 2003; Russo & Benson, 2005; So & Brush, 2008; Caspi & Blau, 2008).

In een van die eerste studies ondersoek Tu & McIsaacs (2002) die verwantskap tussen sosiale teenwoordigheid en die teksgebaseerde interaksie wat tydens aanlyn leer plaasvind. Die bevindings dui daarop dat die sosiale konteks, die aanlyn kommunikasie en die interaksie wat plaasvind belangrike onderdele van sosiale teenwoordigheid is. Eweneens kon hulle navorsing uitwys dat studente emoji's gebruik om vir die gebrek aan nieverbale aanduiders in aanlyn kommunikasie te vergoed.

In die gelyksoortige navorsing van Tu (2002) word drie ander tipes RBK (e-pos, bulletinborde en intydse kletskamers) vergelyk om vas te stel watter invloed dit op die skep van 'n aanlyn sosiale teenwoordigheid het. Die bevindings wys dat e-pos 'n hoër sosiale teenwoordigheid as bulletinborde en kletskamers bied, aangesien e-pos 'n groter mate van “privaatheid” en 'n meer “persoonlike” gevoel bied.

In een van die eerste studies wat gedoen is oor die invloed van sosiale teenwoordigheid op aanlyn leer en onderrig, ondersoek Richardson en Swan (2003) die invloed van sosiale teenwoordigheid op 'n groep universiteitstudente se persepsies en ervaring van aanlyn lesings, notas, leeswerk, take, projekte, toetse en eksamens. In die bevindings is dit duidelik dat studente se persepsie van sosiale teenwoordigheid positief korreleer met hulle tevredenheid met die leer- en onderrigproses.

Russo en Benson (2005) ondersoek die invloed van sosiale teenwoordigheid op studente se persepsie van die mate waartoe die affektiewe en kognitiewe leeruitkomste bereik is. Die bevindings dui op 'n betekenisvolle korrelasie tussen studente se persepsie van medestudente (sosiale teenwoordigheid) en hulle houdings teenoor en tevredenheid met hulle eie aanlyn leerproses. Verder korreleer sosiale teenwoordigheid ook met studente se prestasie en selfassessering.

In die eksperimentele navorsing van Yamada en Akihori (2007) vergelyk hulle die sosiale teenwoordigheid in vier tipes sinchroniese RBK en die invloed wat dit op die aanleer van taal het. Leerders is in vier groepe verdeel: die eerste groep het deur middel van videokonferensie kommunikeer; die tweede groep het oudiokonferensie gebruik; die derde groep het teksboodskappe gebruik wat 'n foto van elke deelnemer ingesluit het; en die vierde groep het slegs met behulp van teks (sonder 'n foto) gekommunikeer. Die bevindings dui op die positiewe invloed van sosiale teenwoordigheid op taalaanleer en wys ook op die positiewe rol wat video, klank en foto's speel in die skep van sosiale teenwoordigheid: veral deelnemers se foto's het sosiale teenwoordigheid bevorder; en sosiale teenwoordigheid het taalaanleer bevorder.

In So en Brush (2008) se navorsing word die verwantskap tussen sosiale teenwoordigheid en samewerkende leer (*collaborative learning*) ondersoek. Die ondersoekgroep vir hierdie navorsing het bestaan uit 48 universiteitstudente wat 'n groepsprojek as deel van 'n aanlyn kursus in gesondheidswetenskappe moes voltooi. Die bevindings dui op 'n positiewe korrelasie tussen studente se persepsie van samewerkende leer en hulle persepsie van sosiale teenwoordigheid. Studente wat 'n hoë vlak van samewerkende leer ervaar het, was meer tevrede met die kursus en het 'n hoë vlak van sosiale teenwoordigheid tydens die aanlyn kursus ervaar.

Die navorsing van Caspi en Blau (2008) vind aansluiting by die voorgenoemde navorsing en bewys dat sosiale teenwoordigheid belangrik is vir aanlyn leer, aangesien dit help om 'n gemaklike “klimaat” vir leer te skep. Dit wys veral daarop dat die manier waarop studente hulself tydens aanlyn leer projekteer en die persepsie wat hulle van ander groeplede het, sosiale teenwoordigheid definieer en aanlyn leer bevorder.

In die afwesigheid van sosiale teenwoordigheid word die leeromgewing derhalwe onpersoonlik, wat kan lei tot 'n afname in kommunikasie en uitruil van inligting tydens aanlyn leer. Wanneer daar wel sosiale teenwoordigheid is, laat dit deelnemers voel dat die aanlyn kursus toeganklik is; dat hulle deel is van die interaksie; dat hulle 'n mate van beheer het; en dat hulle teenwoordigheid waardeur word (Leh, 2001).

3.4 *Emoji's en sosiale teenwoordigheid*

Voorbeelde van navorsing oor die invloed van emoji's op sosiale teenwoordigheid is dié van Gunawardena en Zittle (1997) en Tung en Deng (2007).

Gunawardena en Zittle (1997) ondersoek die verband tussen die gebruik van emoji's, sosiale teenwoordigheid en studentetevredenheid. Die ondersoekgroep het bestaan uit vyftig studente van verskillende universiteite wat 'n aanlyn konferensiefasiliteit gebruik het om 'n navorsingsprojek te voltooi. Hulle het hoofsaaklik asinchroniese, teksgebaseerde RBK gebruik om met mekaar te kommunikeer.

Die bevindings wys dat studente met hoër vlakke van sosiale teenwoordigheid hulle sosio-emosionele ervaring bevorder het wanneer hulle emoji's gebruik het om hulle emosies uit te druk. Daarbenewens is bevind dat lae vlakke van sosiale teenwoordigheid geen invloed op studentetevredenheid gehad het nie, maar dat die toenemende gebruik van emoji's wel lei tot hoër vlakke van sosiale teenwoordigheid en hoër vlakke van leerdertevredenheid.

In die navorsing van Tung en Deng (2007) vergelyk hulle die invloed van (statiese) emoji's en plakkers (bewegende emoji's) op sosiale teenwoordigheid tydens aanlyn leer. Voorts wou hulle ook vasstel of daar enige verskille tussen meisies en seuns ('n groep van 173 graad 6-leerders) se gebruik van emoji's en plakkers is. Hulle navorsing het bevind dat dinamiese emoji's (plakkers) 'n hoër graad van sosiale teenwoordigheid teweegbring, maar dat geslag

geen invloed op die gebruik van emoji's of plakkers of die skep van 'n sosiale teenwoordigheid gehad het nie.

In hierdie afdeling is die oorsprong, definisie en die rol van sosiale teenwoordigheid in rekenaarbemiddelde kommunikasie en aanlyn leer ondersoek. Daarbenewens is die rol van emoji's in die skep van 'n sosiale teenwoordigheid tydens aanlyn leer ondersoek. Dit is duidelik uit die bevindings van bestaande navorsing dat sosiale teenwoordigheid 'n belangrike rol speel in die sukses van aanlyn leer; en dat die gebruik van emoji's nie net kan vergoed vir die afwesigheid van nie-verbale aanduiders nie, maar ook kan bydra tot die skep van 'n sosiale teenwoordigheid.

Vervolgens word die metodologie van hierdie navorsing uiteengesit.

4. Metodologie

Aangesien die gemengdemetode-navorsingsbenadering kwantitatiewe en kwalitatiewe data integreer om 'n meer volledige begrip van die navorsingsprobleem te bied en die geldigheid van die navorsing te verhoog (Creswell, 2009), word dit in hierdie navorsing gebruik. Twee stelde data wat met behulp van 'n vraelys ingesamel is, word gebruik. Studente se gebruik van verskillende emoji's in verskillende kontekste word kwantitatief gemeet en vergelyk. Daarbenewens word die redes vir spesifieke gebruik kwalitatief ontleed om studente se gebruik van emoji's in die drie verskillende kontekste beter te begryp.

As navorsingstrategie is 'n gevallestudie gebruik, aangesien hierdie studie 'n kontemporêre kwessie binne 'n werklikewêreldkonteks ondersoek (Rebolj, 2013) en dit meehelp om 'n groep studente se gebruik van emoji's in verskillende kontekste beter te ontsluit. Die gebruik van sosiale media vir aanlyn leer en die gebruik van emoji's in aanlyn kommunikasie is ongetwyfeld besig om toe te neem. Navorsing in die vorm van gevallestudies vervul dus 'n belangrike rol om insig in hierdie tendense en veral die pedagogiese implikasies daarvan te ontwikkel.

In hierdie gevallestudie word gebruik gemaak van 'n nie-waarskynlikheidsteekproef (Cohen & Marion, 2017:110) aangesien hierdie navorsing 'n indiepte-ondersoek is van 'n klein groep deelnemers en die resultate daarom nie veralgemeenbaar of verteenwoordigend van alle universiteitstudente is nie. Om te veralgemeen, is trouens ook nie die doel van hierdie ondersoek nie. Veel eerder wil dit as basis vir en aansporing tot toekomstige navorsing dien.


'n Vraelys wat op Google Forms ontwerp en versprei is, is gebruik om die data te versamel. Die vraelys het uit 22 items bestaan. Die kwantitatiewe inligting wat hiermee ingesamel is, is ontleed en word met behulp van grafieke en tabelle voorgestel. Die kwalitatiewe data is die vorm van verbatim kommentaar van studente wat tematies ontleed is. Toepaslike, geselekteerde voorbeelde uit studente se kommentaar word in die vorm van tabelle aangebied.

5. Bespreking van bevindings

5.1 Kwantitatiewe data: geslag en ouderdom

Die ondersoekgroep is 97 derdejaar Afrikaansstudente aan die Universiteit van Wes-Kaapland. Elektroniese vraelyste is aan al 97 studente gestuur en 63 studente het dit voltooi; dus 'n respons van 64,9%.

Die oorgrote meerderheid (84%) van die ondersoekgroep is vroulik en die meeste (87%) is in die ouderdomsgroep 20–25 jaar (Figuur 1)



Figuur 1: Profiel van ondersoekgroep: ouderdom en geslag.

5.2 Kwantitatiewe data: gebruik van emoji's

Vervolgens 'n samevatting van die bevindings aangaande die ondersoekgroep se gebruik van elk van die tien emoji's in drie verskillende kontekste: WhatsApp-boodskappe aan vriende en familie; medestudente en tutors; en dosente. Tabel 2 bied 'n statistiese opsomming hiervan.

5.2.1 Emoji 1: gesiggie met trane van blydskap



Hierdie emoji word gewoonlik gebruik as 'n reaksie op iets lagwekkend. Dit is tans die gewildste emoji op verskeie sosialemediaplatforms en is in 2015 deur die *Oxford Dictionary* as Woord van die Jaar aangewys (Emojipedia, 2022). Die bevindings van hierdie navorsing bevestig die gewildheid van hierdie emoji. Respondente gebruik dit meestal in informele teksboodskappe aan vriende en familie (95% gebruik dit baie gereeld); minder in boodskappe aan medestudente en tutors (34% gebruik dit baie gereeld en 58% gebruik dit soms) en feitlik nooit in boodskappe aan dosente nie (82% gebruik dit nooit; 16% gebruik dit soms en 2% gebruik dit baie gereeld).

5.2.2 Emoji 2: duim in die lug













Hierdie emoji word gewoonlik gebruik om aan te dui dat die sender van iets hou; iets goedkeur of saamstem met iets (Emojipedia). Die ingesamelde data toon dat dit die meeste gebruik word in boodskappe aan medestudente en tutors (62% gebruik dit baie gereeld en 36% gebruik dit soms); dit word minder gebruik in boodskappe aan vriende en familie (39% gebruik dit baie gereeld en 52% gebruik dit soms); en die minste in boodskappe aan dosente (27% gebruik dit baie gereeld; 28% gebruik dit soms; en 45% gebruik dit nooit nie).

5.2.3 Emoji 3: die nadenkende gesiggie



Die ingesamelde data toon dat studente hierdie emoji baie gereeld gebruik in teksboodskappe wat hulle aan vriende en familie stuur (41% gebruik dit baie gereeld en 46% gebruik dit soms);

TABEL 2: Kwantitatiewe data: die gebruik van emoji's in verskillende kontekste

		KONTEKSTE											
		VRIENDE EN FAMILIE				MEDESTUDENTE EN TUTORS				DOSENTE			
		Nooit	Soms	Baie gereeld	Totaal	Nooit	Soms	Baie gereeld	Totaal	Nooit	Soms	Baie gereeld	Totaal
1	N	1	2	60	63	5	34	20	59	47	9	1	57
		%	2	3	65	100	8	58	34	100	82	16	2
2	N	6	32	24	62	1	22	38	61	27	17	16	60
		%	10	52	38	100	2	36	62	100	45	28	27
3	N	8	29	26	63	23	31	6	62	50	8	1	59
		%	13	46	41	100	38	52	10	100	85	13	2
4	N	1	18	44	63	15	29	15	59	52	4	2	58
		%	2	28	70	100	25	50	25	100	90	6	4
5	N	0	21	42	63	8	25	27	60	32	13	13	58
		%	0	33	67	100	13	42	45	100	56	22	22
6	N	3	18	42	63	17	30	13	60	51	5	3	59
		%	5	28	67	100	28	50	22	100	86	9	5
7	N	1	18	44	63	40	13	6	59	58	0	1	59
		%	2	28	70	100	68	32	10	100	98	0	2
8	N	1	12	50	63	20	22	17	59	53	4	3	60
		%	2	19	79	100	34	37	29	100	88	7	5
9	N	22	27	14	63	52	6	1	59	58	1	0	59
		%	35	43	22	100	88	10	2	100	98	2	0
10	N	6	27	29	62	28	25	8	61	53	6	0	59
		%	9	44	47	100	46	41	13	100	90	10	0

aansienlik minder in teksboodskappe aan medestudente en tutors (10% gebruik dit baie gereeld; 52% gebruik dit soms; en 38% gebruik dit nooit nie); en feitlik nooit in boodskappe aan dosente nie (85% gebruik dit glad nie). In die lig van die meerduidigheid van hierdie emoji (Emojipedia) is die afleiding dat respondente dit gebruik om iemand of iets te bevraagteken of te berispe. Die toon kan ook wissel tussen ernstig, speels, verbaas, skepties en spottend.

5.2.4 *Emoji 4: die gesiggie wat hardop huil*



Respondente gebruik hierdie emoji die meeste in teksboodskappe aan vriende en familie (70% gebruik dit baie gereeld en 28% gebruik dit soms); aansienlik minder in boodskappe aan medestudente en tutors (25% gebruik dit baie gereeld; 50% gebruik dit soms; en 25% gebruik dit nooit nie) en feitlik glad nie in boodskappe aan dosente nie (90% gebruik dit glad nie; 6% gebruik dit soms; en slegs 4% gebruik dit baie gereeld). Omdat hierdie emoji verskillend geïnterpreteer kan word (Emojipedia) beteken dit dat respondente dit gebruik om óf ontroosbare hartseer óf onbeheerste lag, trots of oorweldigende vreugde aan te dui.

5.2.5 *Emoji 5: die gevoude / biddende hande*



Die data dui aan dat respondente hierdie emoji veral in boodskappe aan vriende en familie gebruik (67% gebruik dit baie gereeld en 33% gebruik dit soms); minder in boodskappe aan medestudente en tutors (45% gebruik dit baie gereeld; 42% gebruik dit soms; en 13% gebruik dit nooit nie); en die minste in boodskappe aan dosente (56% gebruik dit glad nie; 22% gebruik dit soms; 22% gebruik dit baie gereeld). Hierdie emoji het ook meer as een betekenis (Emojipedia) wat beteken dat respondente dit gebruik in kontekste waar dit asseblief, dankie of gebed sou kon aandui.

5.2.6 *Emoji 6: die “see-no-evil” gesiggie*



Hierdie emoji word gewoonlik gebruik om ongeloof aan te dui (Emojipedia). Die ingesamelde data wys dat respondente hierdie emoji meestal in boodskappe aan vriende en familie gebruik (67% gebruik dit baie gereeld; en 28% gebruik dit soms); minder gereeld in boodskappe aan medestudente en tutors (22% gebruik dit baie gereeld; 50% gebruik dit soms; en 28% gebruik dit nooit nie) gebruik; en die minste in boodskappe aan dosente gebruik (86% gebruik dit glad nie; 9% gebruik dit soms; en 5% gebruik dit baie gereeld).

5.2.7 *Emoji 7: die glimlaggende gesiggie met hartjie-oë*



Hierdie emoji word gewoonlik gebruik om ’n entoesiastiese gevoel van liefde, verliefdheid of bewondering aan te dui (Emojipedia, 2022). Respondente gebruik hierdie emoji die meeste

in boodskappe aan vriende en familie (70% gebruik dit baie gereeld; en 28% gebruik dit soms); minder in boodskappe aan medestudente en tutors (10% gebruik dit baie gereeld; 22% gebruik dit soms; en 68% gebruik dit nooit nie); en die minste in boodskappe aan dosente (98% gebruik dit glad nie; en 2% gebruik dit baie gereeld).

5.2.8 *Emoji 8: die smekende gesiggie*



Hierdie emoji word gebruik om 'n liefdevolle gebaar van diepe bewondering of aangedaanheid aan te dui (Emojipedia). Die data wys dat hierdie emoji die meeste gebruik word in boodskappe aan vriende en familie (79% gebruik dit baie gereeld; en 19% gebruik dit soms); minder in boodskappe aan medestudente en tutors (29% gebruik dit baie gereeld; 37% gebruik dit soms; en 34% gebruik dit nooit nie); en die minste in boodskappe aan dosente (88% gebruik dit glad nie; 7% gebruik dit soms; en slegs 5% gebruik dit baie gereeld).

5.2.9 *Emoji 9: die knorrige gesiggie*



Hierdie emoji word gebruik om verskillende grade van woede aan te dui wat kan wissel tussen knorrigheid, irritasie, afkeur en verontwaardiging. Dit kan ook gebruik word wanneer iemand hom of haar voordoen as gehard of gemeen (Emojipedia). Die data dui daarop dat hierdie emoji nie baie gewild is nie en nie gereeld gebruik word nie. In boodskappe aan vriende en familie word dit meer gebruik (22% van respondente gebruik dit baie gereeld; 43% gebruik dit soms; en 35% gebruik dit glad nie); minder in boodskappe aan medestudente en tutors (2% gebruik dit baie gereeld; 10% gebruik dit soms; en 88% gebruik dit nooit nie); en die minste in boodskappe aan dosente (98% gebruik dit glad nie; en slegs 2% gebruik dit soms).

5.2.10 *Die knipoog gesiggie*



Hierdie emoji kan gebruik word om 'n grap aan te dui of as 'n teken van flirtasie gebruik word. Die toon kan wissel tussen speels, liefdevol, suggestief en ironies (Emojipedia). Die ingesamelde data dui daarop dat hierdie emoji die meeste gebruik word in boodskappe aan vriende en familie (47% gebruik dit baie gereeld; 44% gebruik dit soms; en 9% gebruik dit glad nie); minder in boodskappe aan medestudente en tutors (13% gebruik dit baie gereeld; 41% gebruik dit soms; en 46% gebruik dit nooit nie); en die minste in boodskappe aan dosente (90% gebruik dit glad nie; en 10% gebruik dit soms).

Ter samevatting kan genoem word dat die emoji's wat die meeste in WhatsApp-boodskappe aan vriende en familie gebruik word, is veral gesig-emoji's (smekende gesiggie; glimlaggende gesiggie met hartjie-oë; gesiggie wat hardop huil; en gesiggie met trane van blydskap), wat gebruik word om emosies oor te dra. In boodskappe aan medestudente en tutors word die twee hand-emoji's (duim in die lug en biddende/gevoude hande) en die gesiggie met trane van blydskap die meeste gebruik. In boodskappe aan dosente is die gebruik van emoji's beduidend minder as die vorige twee kontekste, maar dieselfde twee hand-emoji's word ook meestal gebruik.

Respondente gebruik dus meer emoji's in WhatsApp-boodskappe aan vriende en familie; minder in boodskappe aan medestudente en tutors; en die minste in boodskappe aan dosente. Hierdie bevinding ondersteun dié van Derks *et al.* (2007) en Aull (2019) wat uitwys dat emoji's meer in sosio-emosionele kontekste as taakgeoriënteerde kontekste gebruik word. Dit bevestig ook die waarneming dat die keuse en gebruik van emoji's nie net deur die ontvanger beïnvloed word nie, maar ook deur die aard van die boodskap en interaksie.

Wat voorkeur betref, verkies respondente en blyk hulle gemakliker te wees om hartjie-emoji's in informele kontekste met bekende persone te gebruik en liefs die meer neutrale hand-emoji's in meer formele kontekste met onbekendes soos medestudente, tutors en dosente te gebruik. Geen vorige navorsing kan hierdie bevinding bevestig of weerlê nie. Dit dui nietemin op die belangrike effek van konteks nie net op die gebruik van emoji's in die algemeen nie, maar ook die invloed daarvan op die tipe emoji wat gebruik word – 'n aspek wat in toekomstige navorsing ondersoek behoort te word.

5.3 *Kwantitatiewe en kwalitatiewe data: emoji's in verskillende kontekste*

5.3.1 *WhatsApp-boodskappe aan vriende en familie*


Die oorgrote meerderheid van respondente het aangedui dat hulle óf beslis saamstem (74%) óf saamstem (23.8%) dat die gebruik van emoji's hulle help om hulle emosies oor te dra in boodskappe wat hulle aan vriende en familie stuur (Figuur 2). Wat betref die boodskappe wat hulle van vriende en familie ontvang, is die respons soortgelyk: 47,6% stem beslis saam; en 42,9% stem saam (Figuur 3).

Respondente het dus oor die algemeen 'n baie positiewe houding teenoor die gebruik van emoji's in boodskappe aan vriende en familie. In die ontleding van die kwalitatiewe data word die volgende aspekte duideliker:


Emoji's in boodskappe aan vriende en familie is veral gewild omdat dit nie net die betekenis van die boodskap verhelder nie, maar ook die toon. Nietemin word die moontlike negatiewe invloed van emoji's op toon en betekenis ook erken. Dit kan gebeur wanneer sender en ontvanger emoji's verskillend interpreteer (“Daar is baie mense wat emoji's verkeerd gebruik.” – Tabel 3). Hierdie bevinding sluit aan by die navorsing van Chen *et al.*, (2017); Miller *et al.*, (2016) en Veytia-Bucheli *et al.*, (2020) wat uitwys dat misverstande kan ontstaan wanneer emoji's verkeerd gebruik of geïnterpreteer word.

Die kwalitatiewe data bring ook aan die lig dat die gebruik van emoji's aan vriende en familie sodanige interaksie bevorder aangesien dit tydbesparend en pret is om te gebruik. Daarbenewens is daar ook tekens dat respondente 'n mate van sosiale teenwoordigheid ervaar wanneer emoji's in hierdie konteks gebruik word. Een van die respondente noem dat emoji's hierdie boodskappe meer persoonlik maak (Tabel 3).

Wat die effek van emoji's op interaksie betref, sluit hierdie bevindings aan by dié van Chen en Siu (2017: 645) wat beklemtoon dat die gebruik van emoji's interaksie nie net meer prettig maak nie, maar ook meer vloeiend en interaktief. Wat die effek van emoji's op die skep van 'n sosiale teenwoordigheid betref, is die bevindings van hierdie navorsing in lyn met dié van Cobb (2009) wat uitwys dat die graad van sosiale teenwoordigheid bepaal word deur die vermoë om fisieke en emosionele teenwoordigheid in 'n aanlyn omgewing te projekteer. Na aanleiding hiervan kan die afleiding gemaak word dat emoji's oor die potensiaal beskik om boodskappe meer persoonlik te maak en sodoende 'n sosiale teenwoordigheid te skep.



Figuur 2: *Emoji's help my om my emosies uit te druk wanneer ek WhatsApp-boodskappe aan vriende en familie stuur.*



Figuur 3: *Emoji's help my om my WhatsApp-boodskappe wat ek van vriende en familie ontvang, beter te verstaan.*

TABEL 3: Kwantitatiewe data: emoji's in teksboodskappe aan vriende en familie

TEMA	VERBATIM KOMMENTAAR
VERHELDERING VAN BETEKENIS	<i>[Dit maak die boodskap meer betekenisvol en pret.] [Dit stel my in staat om af te lei in watter toon my kontakte met my kommunikeer.] [Soms klink die boodskap rof en onbeskof maar die emoji verander die toon van die boodskap.]</i>
BELEMMERING VAN BETEKENIS	<i>[Daar is baie mense wat emoji's verkeerd gebruik.] [Soms weet jy nie regtig wat die emoji beteken nie want soms kan dit twee verskillende goed beteken.] [Ek stem saam en nie beslis saam nie want somtyds verstaan mense nie wat die emoji beteken nie of hulle gebruik dit in verkeerde konteks.]</i>
INTERAKSIE	<i>[Want dis gou om net te kies hoe jy voel eerder as om dit nog uit te tik.] [Dis makliker om van emojis gebruik te maak, en dit spaar tyd ook aangesien ek nie hou van "chat" nie.] [Soms is dit nie eers nodig om 'n sin te skryf om jou emosies of reaksie oor die dra nie, 'n enkele emoji sal ook die trick doen.] [Emoji's maak gesprekke lewendig/stimuleer gesprekke.] [Emoji's lei tot groter gesprek.] [Die emoji's gee jou boodskap lewe en help sodat die ontvanger jou boodskap beter verstaan anders is die boodskappe net vervelig.]</i>
SOSIALE TEENWOORDIGHEID	<i>[Konteks is baie belangrik. Om emosie te vertoon aan familieleden en vriende kom natuurlik, alhoewel boodskappe nie so persoonlik is as wat mens graag wil hê dit moet wees nie, is die emoji's die naaste aan persoonlikheid via boodskappe.] [Dit help ook om beter uitdrukking te gee aan hoe mens voel en help dat die boodskap nie onpersoonlik voorkom nie.]</i>

5.3.2 WhatsApp-boodskappe aan medestudente en tutors


Respondente vertoon 'n oorwegend positiewe houding teenoor die gebruik van emoji's in hierdie konteks. Wat kommunikasie met medestudente betref: 80% stem beslis saam of stem saam dat emoji's studente help om beter met mekaar te kommunikeer (Figuur 4). Wat kommunikasie met tutors betref: 60% van respondente stem saam of stem beslis saam dat emoji's studente en tutors help om beter met mekaar te kommunikeer (Figuur 5).

Die waarde van die gebruik van emoji's in hierdie kontekste is te vinde in die kwalitatiewe terugvoer van respondente wat verwys na die rol daarvan in die bevordering van interaksie en die skep van 'n sosiale teenwoordigheid. Die kommentaar dui daarop dat emoji's interaksies tussen studente kan verlewendig en interessant maak. Daarbenewens versnel dit ook die interaksie aangesien korter boodskappe gebruik kan word. Dit laat ook studente op hulle gemak voel. Hierdie bevinding ondersteun die navorsing van Chen en Siu (2011) en Leh (2001) wat aandui dat dit veral emoji's wat positiewe emosies oordra, is wat gebruikers help om gemaklik in die aanlyn omgewing te voel.


Wat die skep van 'n sosiale teenwoordigheid betref, is daar bewyse dat emoji's 'n rol kan speel om studente te laat voel dat hulle deel is van 'n groep. Volgens een van die respondente laat dit hom of haar voel asof “jy nog in 'n klas is en nie in 'n formele groep nie” (Tabel 4). Die gebruik van emoji's het dus die potensiaal om volgens die teorie van Sosiale Teenwoordigheid aan studente 'n “sense of being with another” te verskaf.

Die navorsing van Tu en McIsaacs (2002) wys juis daarop dat emoji's doelbewus gebruik word om te vergoed vir die afwesigheid van nieverbale aanduiders. Wanneer studente emoji's gebruik, probeer hulle as't ware 'n situasie skep wat herinner aan konvensionele lesings (“... dit laat mens voel of jy nog in 'n klas is...” – Tabel 4).

Daar is nietemin ook negatiewe houdings teenoor die gebruik van emoji's in hierdie twee kontekste. Dit hou hoofsaaklik verband met die persepsie dat aanlyn leer 'n formele konteks is en dat emoji's nie daar tuishoort nie.



Figuur 4: Die gebruik van emoji's help studente om beter met mekaar te kommunikeer.



Figuur 5: Die gebruik van emoji's help studente en tutors om beter met mekaar te kommunikeer.

Die redes hiervoor word in die ontleding van die kwalitatiewe data gevind:

TABEL 4: Kwantitatiewe data: emoji's in teksboodskappe aan tutors

TEMA	VERBATIM KOMMENTAAR
INTERAKSIE	<p><i>[Ek stem saam, dit gee die gesprek tussen ons meer lewe as 'n doodeenvoudige gesprek sonder emoji's.] [Veral in WhatsApp-groepe, dit hou die gesprek interessant.] [Emoji's bespaar tyd en dis 'n manier om gouer te kommunikeer.] [Om boodskappe korter hou.] [Soms is jy skaam om 'n ding te sê of te beantwoord maar die emoji's bring die response beter uit.] [Emoji's is cool en laat anders gemaklik voel.]</i></p>
SOSIALE TEENWOORDIGHEID	<p><i>[Dit skep ook 'n platform om mense te wys dat ons gemaklik is om met hulle te kommunikeer.] [Ek stem saam soms sal iemand iets sê in die groep en dan stuur die studente lag emoji's en almal lag saam dit laat 'n mens voel asof jy nog in 'n klas is en nie in 'n formele groep nie.]</i></p>
KONTEKS	<p><i>[Studente moet nie altyd emoji's gebruik want ons is besig met universiteit werk.] [Nie al die studente ken mekaar persoonlik nie. Met ander woorde, nie almal gaan gemaklik voel om sommer emoji's te gebruik nie want 'n soort formaliteit moet nog steeds behou word.]</i></p>

5.3.3 WhatsApp-boodskappe aan dosente


Volgens Tabel 3 is die duim-in-die-lug-emoji die een wat die meeste deur studente in hulle interaksie met dosente gebruik word. Hoewel dieselfde emoji ook die meeste gebruik is in die kommunikasie tussen studente en tutors, is die persentasies in hierdie konteks aansienlik laer: 27% gebruik dit baie gereeld en 28% gebruik dit soms.

Dieselfde geld die biddende-hande-emoji. Dit is ook die tweede gewildste emoji in hierdie konteks, maar anders as in die geval van studente wat met medestudente en tutors kommunikeer, is die persentasie vir die gebruik in interaksies met dosente aansienlik laer: 22% gebruik dit baie gereeld en 'n verdere 22% gebruik dit soms.

Dit is duidelik dat emoji's (hoewel minder as in die vorige twee kontekste) tog tydens aanlyn interaksies met dosente gebruik word en dat respondente se positiewe houdings verband hou daarmee dat emoji's ook in hierdie konteks betekenis kan verhelder; interaksie kan bevorder en 'n sosiale teenwoordigheid kan skep. Die kommentaar dui daarop dat die gebruik van emoji's 'n rol kan speel om die interaksie met die dosent minder intimiderend te maak en die student laat voel dat hy of sy met 'n persoon en nie 'n "vervelige masjien" kommunikeer nie. Hierdie bevindings sluit aan by die navorsing van Caspi & Blau (2008) wat ook bevind het dat die gebruik van emoji's in leer- en onderrigkontekste kan meehelp om 'n gemaklike atmosfeer te skep.

Respondente se negatiewe houdings hierteenoor het (net soos in die geval van interaksie met medestudente en tutors) ook te make met 'n persepsie dat die gebruik van emoji's nie geskik is vir hierdie konteks nie en voorts ook uit vrees dat dit tot misverstande kan lei as dosente dalk 'n ander betekenis aan 'n emoji heg. 'n Belangrike faktor is dat respondente met 'n negatiewe houding teenoor die gebruik van emoji's in hierdie konteks dit (net soos in die geval van interaksie met medestudente en tutors) ook baseer op die persepsie dat emoji's nie tuishoort in 'n aanlyn leerkonteks nie en dat dit beskou word as onprofessioneel en selfs 'n teken van minagting.

Dit is ook belangrik om daarop te wys dat die grootste persentasie (41.3%) van respondente onseker is of emoji's wel 'n rol kan speel of nie om kommunikasie tussen studente en dosente te bevorder. Meer indiepteondersoeke hierna is waarskynlik nodig.



Figuur 6: Die gebruik van emoji's help studente en dosente om beter met mekaar te kommunikeer.

TABEL 5: Kwantitatiewe data: emoji's in teksboodskappe aan dosente

TEMA	VERBATIM KOMMENTAAR
VERHELDERING VAN BETEKENIS	<i>Dit verander die gemoed en atmosfeer van die kommunikasie en maak dit meer verstaanbaar.] [Dit help studente om die gevoel of toon van die lesing beter te verstaan, soos wat die dosent sou uitdruk as hulle 'n regstreekse klas sou hê.] [Soms kan die dosente die emosie aflei wat die studente voel deur die emoji's wat gestuur word.]</i>
BELEMMERING VAN BETEKENIS	<i>[Nie alle dosente gebruik emoji's of verstaan dit reg nie.]</i>

TABEL 5: Kwantitatiewe data: emoji's in teksboodskappe aan dosente (vervolg)

TEMA	VERBATIM KOMMENTAAR
INTERAKSIE	<i>[Dit help dat studente gemaklik voel en oorbrug daardie gevoelens van intimidasie wat daar dalk mag wees, juis omdat die dosent die gesagsfiguur is. Dit voel ook bietjie informeel en dit laat studente gemaklik voel.] [Die verhouding tussen dosente en leerders is ook leer verwantskap, professioneel en emoji's sal die verhouding tussen partye informeel maak. Eintlik sal dit kommunikasie tussen partye verbeter, veral vir studente wat nie juis wil praat en om hulp wil vra nie, emoji's mag dalk die dinge ligter maak en nie soos 'n groot taak laat voel wanneer jy vir die dosent 'n boodskap stuur nie. In fact dit kan selfs die skryf van opstelle interessant maak (just a thought, maybe one day).]</i>
SOSIALE TEENWOORDIGHEID	<i>[Dit maak dit net 'n bietjie persoonlik.] [Ja, want die gebruik van emoji's maak die kommunikasie meer menslik in plaas van om te praat of te leer uit 'n vervelige masjien nie.]</i>
KONTEKS	<i>[Sommige studente sal ongemaklik voel om emoji's met dosente te gebruik omdat dit dalk onprofessioneel sal wees.] [Tussen studente mag emoji's sekerlik onbeperk gebruik word, maar nie met dosente nie. Daar behoort 'n professionele grens tussen student en dosent te wees op grond van watter emoji's gebruik mag word.] [Ek gebruik nie emoji's as ek met my dosente kommunikeer nie, omdat ek dink emoji's is meer gepas vir informele kontekste.] [Dit voel vir my asof ek die dosent minag.]</i>

6. Samevatting

Die fokus van hierdie navorsing is studente se gebruik van emoji's in WhatsApp-boodskappe. Die drie vrae wat hierdie navorsing gerig het, is:

- (i) Hoe word studente se keuse en gebruik van emoji's deur konteks beïnvloed?
- (ii) Hoe word hulle aanlyn kommunikasie in informele en formele kontekste deur die gebruik van emoji's beïnvloed?
- (iii) Watter rol emoji's speel in die skep van 'n sosiale teenwoordigheid tydens aanlyn leer?

In ooreenstemming hiermee is die volgende bevind:

6.1 Die invloed van konteks op die gebruik van emoji's

Konteks het 'n bepalende invloed op studente se gebruik van emoji's. Dit is in teksboodskappe aan familie en vriende waar die meeste emoji's gebruik word; in boodskappe aan medestudente

waar dit minder gebruik word; en in boodskappe aan dosente waar dit die minste of glad nie gebruik word nie.

Verder bepaal die konteks ook die tipe emoji wat gebruik word: gesig-emoji's word merendeels in boodskappe aan vriende en familie; minder in boodskappe aan medestudente en tutors; en glad nie in boodskappe aan dosente gebruik nie. Wanneer emoji's wel in boodskappe aan dosente gebruik word, is dit hoofsaaklik die twee hand-emoji's.

6.2 Die invloed van emoji's op aanlyn kommunikasie

Die gebruik van emoji's in boodskappe aan vriende en familie is nie net tydbesparend nie, maar ook pret. Dit verhelder die toon en betekenis van boodskappe en dra by tot die korrekte interpretasie van boodskappe. In gevalle waar sender en ontvanger nie dieselfde betekenis aan 'n emoji heg nie, kan dit egter tot misverstande lei. Voorts help dit ook studente om beter met medestudente en tutors te kommunikeer aangesien dit 'n gemaklike atmosfeer skep en sodoende interaksie bevorder.

6.3 Die invloed van emoji's op die skep van 'n sosiale teenwoordigheid

Die gebruik van emoji's speel 'n belangrike rol in die skep van 'n sosiale teenwoordigheid tydens aanlyn interaksie. In boodskappe aan vriende en familie dra dit by om die kommunikasie meer persoonlik te maak. In kommunikasie met medestudente en tutors laat dit studente minder verwyderd en meer “deel van die groep” voel, tot welke mate sommige studente dan voel “asof hulle in die klas is”. Wat die skep van 'n sosiale teenwoordigheid tydens student-dosent-kommunikasie betref, is die bevindings ontoereikend. Die meeste respondente beskou dit as onvanpas om emoji's in teksboodskappe aan dosente te gebruik en 'n groot persentasie (41.3%) van respondente is onseker of emoji's wel 'n rol kan speel. Meer breedvoerige en uitgebreide ondersoeke hierna is waarskynlik nodig.

BIBLIOGRAFIE

- Ai, W, Lu, X, Liu, X, Wang, N, Huang, G & Mei, Q. 2017. Untangling Emoji Popularity Through Semantic Embeddings. *Proceedings of the International AAAI Conference on Web and Social Media*, 11(1):2-11. <https://ojs.aaai.org/index.php/ICWSM/article/view/14903> [30 October 2021].
- Al Rashdi, F. 2018. Functions of emoji's in WhatsApp interaction among Omanis. *Discourse Context Media*, (26):117-126. <https://doi.org/10.1016/j.dcm.2018.07.001> [15 September 2021].
- Apriliani, H & Muslim, AB. 2021. Grounding in Online Communication: Using Emojis to Support Electronic Discourse in the Chatroom. *Proceedings of the Thirteenth Conference on Applied Linguistics (CONAPLIN 2020)*. <https://dx.doi.org/10.2991/assehr.k.210427.032> [3 November 2021].
- Argyle, D & Dean, J. 1965. Eye contact, distance and affiliation. *Sociometry*, 28(3): 289-304. <https://doi.org/10.2307/2786027> [5 August 2021].
- Aull, B. 2019. A Study of Phatic Emoji Use in WhatsApp communication. *Internet Pragmatics* 2(2). 10.1075/ip.00029.aull [3 February 2022].
- Bai, Q, Dan, Q, Mu, Z & Yang, M. 2019. A Systematic Review of Emoji: Current Research and Future Perspectives. *Frontiers in Psychology* (10). <https://doi.org/10.3389/fpsyg.2019.02221> [18 August 2021].
- Caspi, A & Blau, I. 2008. Social presence in online discussion groups: Testing three conceptions and their relations to perceived learning. *Social Psychology of Education*, 11(3):323-346. <http://dx.doi.org/10.1007/s11218-008-9054-2> [15 February 2022].

- Chen, X & Siu, KWM. 2017. Exploring User Behaviour of Emoticon Use among Chinese Youth. *Behaviour & Information Technology*, 36(6):637-649. <https://www.tandfonline.com/doi/full/10.1080/0144929X.2016.1269199?journalCode=tbit20> [09 March 2021].
- Chen, Z, Lu, X, Shen, S, Ai, W, Liu, X & Mei, Q. 2017. Through a Gender Lens: An Empirical Study of Emoji Usage over Large-Scale Android Users. https://www.researchgate.net/publication/316985738_Through_a_Gender_Lens_An_Empirical_Study_of_Emoji_Usage_over_Large-Scale_Android_Users [27 August 2021].
- Cohen, L & Manion, L. 2007. *Research methods in education*. London: Routledge.
- Creswell, JW. 2009. *Research design: Qualitative, quantitative and mixed methods approaches*. Thousand Oaks, CA: Sage.
- Derks, D, Bos, AER & Von Grumbkow, J. 2007. Emoticons and social interaction on the Internet: The importance of social context. *Computers in Human Behavior* 23(1):842-849. <https://doi.org/10.1016/j.chb.2004.11.013> [2 February 2022].
- Du Plessis, T. 2020. Interpretation of Emojis in Organisational Computer-Mediated Communication (CMC) Contexts. Unpublished Masters Thesis. University of Stellenbosch.
- Emoji Statistics. 2022. emojipedia.org/stats/ [23 March 2022].
- Gunawardena, CN & Zittle, FJ. 1997. Social presence as a predictor of satisfaction within a computer-mediated conferencing environment. *American Journal of Distance Education*, 11(3): 8-26. <https://doi.org/10.1080/08923649709526970> [16 January 2022].
- Huang, A, Yen, D & Zhang, X. 2008. Exploring the potential effects of emoticons. *Information & Management*, 45(7): 466-473. <https://doi.org/10.1016/j.im.2008.07.001> [13 September 2021].
- Jere, NR, Jona, W & Lukose, JM. 2019. Effectiveness of using WhatsApp for grade 12 learners in teaching Mathematics in South Africa. *2019 IST-Africa Week Conference (IST-Africa)*. <https://ieeexplore.ieee.org/document/8764822> [29 April 2020].
- Lawrence, D. 2021. Afrikaansstudente se persepsies en gebruik van WhatsApp as leerplatform vir (taal) leer: 'n nuwe norm(aal)? *Litnet Akademies (Opvoedkunde)* 18(1). <https://www.litnet.co.za/afrikaansstudente-se-persepsies-en-gebruik-van-whatsapp-as-platform-vir-taal-leer-n-nuwe-normaal/> [20 Januarie 2022].
- Lee, JY, Hong, N, Kim, S, Oh, J & Lee, J. 2016. Smiley face: Why we use emoticon stickers in mobile messaging. *Proceedings of the 18th International Conference on HCI with Mobile Devices and Services Adjunct*. https://www.researchgate.net/publication/307574484_Smiley_face_why_we_use_emoticon_stickers_in_mobile_messaging [19 January 2022].
- Leh, Amy. 2001. Computer-Mediated Communication and Social Presence in a Distance Learning Environment. *International Journal of Educational Telecommunications*, 7 (2):109-128. <https://www.learntechlib.org/primary/p/8470/> [16 May 2021].
- Lo, SK. 2008. The nonverbal communication functions of emoticons in computer-mediated communication. *CyberPsychology & Behavior* 11(5):595-597. <https://doi.org/10.1089/cpb.2007.0132> [3 March 2022].
- Miller, H, Thebault-Spieker, J, Chang, S, Johnson, I, Terveen, L & Hecht, B. 2016. "Blissfully happy" or "ready to fight": varying interpretations of emoji. *ICWSM*. http://www-users.cs.umn.edu/~bhecht/publications/ICWSM2016_emoji.pdf [29 January 2021].
- Naidoo, J & Kopung, KJ. 2016. Exploring the use of WhatsApp in Mathematics learning: a case study. *Journal of Communication*, (7):266-273.
- Rambe, P & Chipunza, PRC. 2013. Using mobile devices to leverage student access to collaboratively generated resources: a case of WhatsApp instant messaging at a South African university. *International Conference on Advanced Information and Communication Technology for Education (ICAICTE 2013)*. <https://onlinelibrary.wiley.com/doi/abs/10.1111/bjet.12057> [6 June 2020].
- Rebolj, A. 2013. The case study as a type of qualitative research. *Journal of Contemporary Educational Studies*, (1):28-43. <https://www.researchgate.net/publication/265682891> [9 February 2021].
- Richardson, J & Swan, K. 2019. Examining social presence in online courses in relation to students' perceived learning and satisfaction. *Online Learning*, 7(1). <http://dx.doi.org/10.24059/olj.v7i1.1864> [3 October 2021].

- Rodrigues, D, Prada, M, Gaspar, R, Garrido, M & Lopes, D. 2018. Lisbon Emoji and Emoticon Database (LEED): Norms for emoji and emoticons in seven evaluative dimensions. *Behavior Research Methods*, (50):392-405 <https://doi.org/10.3758/s13428-017-0878-6> [20 November 2021].
- Russo, T & Benson, S. 2005. Learning with Invisible Others: Perceptions of Online Presence and their Relationship to Cognitive and Affective Learning. *Educational Technology & Society*, (8):54-62. <https://www.jstor.org/stable/jeductechsoci.8.1.54> [6 April 2021].
- Rwodzi, C, De Jager, L & Mpfu, N. 2020. The innovative use of social media for teaching English as a second language. *The Journal for Transdisciplinary Research in Southern Africa*, 16(1):1-7. https://www.researchgate.net/publication/339432039_The_innovative_use_of_social_media_for_teaching_English_as_a_second_language [1 June 2020].
- Short, J, Williams, E & Christie, B. 1976. *The Social Psychology of Telecommunications*. London: John Wiley & Sons, Ltd.
- So, H & Brush, T. 2008. Student perceptions of collaborative learning, social presence and satisfaction in a blended learning environment: Relationships and critical factors. *Computers & Education*, 51(1):318-336. <https://doi.org/10.1016/j.compedu.2007.05.009> [29 October 2021].
- Thompson, D & Filik, R. 2016. Sarcasm in written communication: Emoticons are efficient markers of intention. *Journal of Computer-Mediated Communication*, 21(2):105-120. <https://doi.org/10.1111/jcc4.12156> [10 October 2021].
- Tu, C. 2002. The Impacts of Text-based CMC on Online Social Presence. *The Journal of Interactive Online Learning*, 1(2):1-24. <http://www.ncolr.org/jiol/issues/pdf/1.2.6.pdf> [20 March 2022].
- Tu, C & McIsaac, M. 2002. The Relationship of Social Presence and Interaction in Online Classes. *American Journal of Distance Education*, 16(3):131-150. https://doi.org/10.1207/S15389286AJDE1603_2 [3 November 2021].
- Tung, F & Deng, Y. 2007. Increasing social presence of social actors in e-learning environments: Effects of dynamic and static emoticons on children. *Displays* (28):174-180. <https://doi.org/10.1016/j.displa.2007.06.005> [10 October 2021].
- Veytia-Bucheli, MG, Gómez-Galán, J & Vergara, D. 2020. Presence of new forms of intercultural communication in higher education: Emojis and social interactions through whatsapp among graduate students. *Education Sciences*, 10(11):1-17. <https://doi.org/10.3390/educsci10110295> [4 March 2022].
- Walther, JB & D'Addario, KP. 2001. The Impacts of Emoticons on Message Interpretation in Computer-Mediated Communication. *Social Science Computer Review*, 19(3):324-347. <https://doi.org/10.1177/089443930101900307> [7 March 2021].
- Wolf, A. 2000. Emotional expression online: gender differences in emoticon use. *CyberPsychology & Behaviour*, 3(5):827-833. <https://doi.org/10.1089/10949310050191809> [14 September 2021].
- Yamada, M & Akihori, K. 2007. Social presence in synchronous CMC-based language learning: How does it affect the productive performance and consciousness of learning objectives? *Computer Assisted Language Learning*, 20(1):37-65. <https://doi.org/10.1080/09588220601118503> [13 March 2022].

Herstandaardisering aan die hand van skoolhandboeke vir die legitimering van Kaapse Afrikaans

Restandardisation by means of school textbooks in order to legitimise Cape Afrikaans

EARL BASSON

Departement Afrikaans en Nederlands

Universiteit Stellenbosch

Suid-Afrika

E-pos: bassonea@cput.ac.za



Earl Basson

EARL BASSON is 'n dosent en navorser verbonde aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie se Fakulteit Opvoedkunde. Hy doseer Afrikaanse taalkunde en letterkunde asook metodiek van Afrikaansonderrig. Voorheen het hy gewerk as 'n uitgewersassistent by NB-Uitgewers, 'n multigraad-onderwyser by Groote Schuur Hospitaalskool, hooftutor en mede-kurrikulumontwerper by die BA Verlengde Graadprogram van die Universiteit Stellenbosch en 'n huiskameronderwyser by Capricorn Primêre Skool. Sy navorsingsbelangstelling is onder meer sosiolinguistiek, Swart Afrikaanse letterkunde en kurrikulumstudie. Hy het sy navorsing by verskeie nasionale en internasionale navorsingskonferensies aangebied. In 2020 was hy die ontvanger van die Gent Universiteit se Afrika-Gent navorsingsgenootskap. Hy is ook betrokke by talle projekte, o.a. die *Woorde Open Wêreld* se debatskompetisie, die Afrikaanse Taalraad se Kurrikulum-inisiatief, die inter-institusionele navorsingsprojek *Ontlaering/Unlaagering* en die Afrikaanse taal- en kultuurpotgooi, *Sitkamer*.

EARL BASSON is a lecturer and researcher at the Cape Peninsula University of Technology's Faculty of Education. He teaches Afrikaans linguistics and literature as well as methodology of Afrikaans teaching. He previously worked as a publishing assistant at NB Publishers, a multi-grade teacher at Groote Schuur Hospital School, head tutor and co-curriculum designer at the BA Extended Degree Program of Stellenbosch University and a homeroom teacher at Capricorn Primary School. His research interests include sociolinguistics, Black Afrikaans literature and curriculum studies. He has presented his research at several national and international research conferences. In 2020, he was the recipient of Ghent University's Africa-Ghent Research Fellowship. He is also involved in numerous projects, i.e., the *Words Open Worlds* debate competition, the Afrikaanse Taalraad's Curriculum Initiative, the inter-institutional research project *Ontlaering / Unlaagering* and the Afrikaans language and culture podcast, *Sitkamer*.

Datums:

Ontvang: 2022-05-16

Goedgekeur: 2022-11-05

Gepubliseer: Desember 2022

ABSTRACT***Restandardisation by means of school textbooks in order to legitimise Cape Afrikaans***

The discourse on the restandardisation of Afrikaans often raises the issue of the negative consequences of a hegemonic standard variety in the Afrikaans classroom and how the school system has been using teaching materials such as textbooks to protect the point of view that the standard language is the only legitimate language.

Various educators, researchers, linguists, artists, and language activists have spoken out about how Standard Afrikaans (Standaardafrikaans) alienates learners who are speakers of Cape Afrikaans and how drastic changes to the language form of Standard Afrikaans and language functions of varieties such as Cape Afrikaans are needed so that Afrikaans can serve the entire Afrikaans-speaking community. Yet the school context and textbooks are predominantly underutilised as a source of language legitimisation in the course of the current discussion on restandardisation. Bearing in mind Haugen's (1987:637) view that changes to the language form should be implemented by educational institutions, this conceptual article investigates how the inclusion of Cape Afrikaans in textbooks can legitimise this variety and ultimately advance the restandardisation of Afrikaans.

First, Odendaal's (2012:125-126) theoretical exposition of the concept of "restandardisation" is discussed. From her definition, the conclusion is made that restandardisation could be a social restitution aimed at democratising Afrikaans by using varieties such as Cape Afrikaans as a source to expand the standard variety. The democratisation of Afrikaans entails that varieties like Cape Afrikaans must be destigmatised by introducing it in authoritative spaces such as the education system. In this way, the prestige of the varieties is increased, and it is established as a legitimate form of Afrikaans. It is argued that textbooks possess discursive qualities that offer productive possibilities to promote the restandardisation of Afrikaans by establishing Cape Afrikaans as a legitimate language form. These discursive qualities of textbooks are explored, as well as how textbooks as linguistic resources bring about legitimisation.

Textbooks act as a form of discourse because they are presented in a specific language variety and take the form of a series of thematic and ideologically structured communications that circulate between a specific community of communicators. As the production of textbooks is controlled by the dominant groups and institutions (the publishing industry and/or state approval committees), textbooks tend to reflect the ideologies of the dominant group. A textbook therefore functions on the one hand as an instrument that contains knowledge considered legitimate by political authorities and on the other hand it forms part of socialisation processes. One of the primary functions of a discourse (here: in the form of textbooks) is to influence the experiences of the participants in the discursive practice (here: learners who work from the textbook).

By using a specific language or language variety in textbooks, textbook users are socialised to regard such a specific language or language variety as the legitimate language, because the legitimate knowledge – as set out in the school curriculum – is presented in that particular language or language variety. Similar to discourse, textbooks are thus not only modelled on social values and traditions, but they also possess the ability to shape social beliefs and values.

Fairclough (1995:131) argues that discursive practices – such as compiling and using textbooks – act in socially reproductive and socially transformative ways. Depending on the socio-political circumstances, textbooks have the ability to perpetuate existing social beliefs, or they can transform existing beliefs by exposing users to new knowledge and insights.

Furthermore, textbooks also comply with Van Leeuwen's (2007:92) exposition of linguistic resources that bring about legitimisation. Textbooks are linguistic resources 1) that are used by persons with institutional authority (educators) 2) during institutionalised social interaction (the teaching-learning process) 3) while containing official and approved knowledge that reflects the values and beliefs of society 4) and at the same time possessing the ability to influence users' scholastic success.

This article explores how textbooks can be used as resources to legitimise Cape Afrikaans. Drawing on Odendaal's (2012:462) restandardisation framework as a theoretical point of departure, this article illustrates how textbooks in the relevant phases can promote the legitimisation of Cape Afrikaans and, ultimately, the restandardisation of Afrikaans.

KEYWORDS: standard language, restandardisation, Standard Afrikaans, Cape Afrikaans, democratisation, variety, legitimate language, textbooks, discursive practice, school

TREFWOORDE: standaardtaal, herstandaardisering, Standaardafrikaans, Kaapse Afrikaans, demokratisering, variëteit, legitieme taal, handboeke, diskursiewe praktyke, skool

OPSOMMING

In die diskoers oor die herstandaardisering van Afrikaans word gereeld melding gemaak van die negatiewe gevolge van 'n hegemonese standaardvariëteit in die Afrikaansklaskamer en van hoe die skoolstelsel destyds onderrigmateriaal soos handboeke gebruik het om die opvatting te beskerm dat Standaardafrikaans die enigste legitieme taalvorm is. Ondanks gereelde oproepe tot veranderinge aan die taalvorm van Standaardafrikaans en die taalfunksies van variëteite soos Kaapse Afrikaans, word skool- en handboeke as bron vir taallegitimering in die huidige diskoers oor herstandaardisering oorwegend onderbenut. Hierdie konseptuele artikel stel ondersoek in na die wyse waarop insluiting van Kaapse Afrikaans in handboeke dié variëteit kan legitimeer en Afrikaans kan demokratiseer.

Eerstens word Odendaal (2012:125-126) se teoretiese uiteensetting van die begrip *herstandaardisering* bespreek. Vanuit haar definisie word tot die gevolgtrekking gekom dat herstandaardisering 'n sosiale regstelling kan wees met die doel om Afrikaans te demokratiseer deur variëteite soos Kaapse Afrikaans as 'n voedingsbron vir die standaardvariëteit te gebruik. Die demokratisering van Afrikaans behels dat die stigmas wat aan variëteite gekoppel is, afgebreek word deur die variëteite in gesaghebbende gebruiksdomeine, soos die onderwysstelsel, in werking te stel. Sodoende word die prestige van die variëteite verhoog en word hulle as legitieme taalvorme gevestig. Hierna word aangevoer dat handboeke diskursiewe kwaliteite besit wat produktiewe moontlikhede bied om die herstandaardisering van Afrikaans te bevorder deur Kaapse Afrikaans as 'n legitieme taalvorm te vestig.

Odendaal (2012:462) se herstandaardiseringsraamwerk is as teoretiese vertrekpunt gebruik om aan te toon hoe handboeke in die betrokke fases die legitimering van Kaapse Afrikaans en uiteindelik die herstandaardisering van Afrikaans kan bevorder.

1. Inleiding

In die diskoers oor die herstandaardisering van Afrikaans word die onderwysstelsel en die negatiewe gevolge van 'n hegemonese standaardvariëteit in die Afrikaansklaskamer gereeld geopper (Basson, 2022:124-125). Standaardafrikaans is histories as die enigste aanvaarbare

vorm van Afrikaans in die klaskamer voorgehou (Ponelis, 1994:107) en variëteite soos Kaapse Afrikaans¹ is as onbeskaafd gestereotipeer (Odendaal, 2012:473; Basson, 2018b:151). Sodoende het die skoolstelsel die prestige en status van Standaardafrikaans bevorder en volgehou deur variëteite soos Kaapse Afrikaans te stereotipeer en delegitimeer.

Volgens Cushing (2021:1) is skole ruimtes waar die kruispunte tussen taal, mag en identiteit vasgelê word deur bepaalde (taal)reëls en -standaarde aan sprekers voor te hou. In die klaskamer word “korrekte” en vaste taalkonvensies onderrig om te verseker dat sprekers alle taalhandelinge identies handhaaf ten einde die linguïstiese en ideologiese homogeniteit van die standaardtaal te bevorder en die opvatting te beskerm dat die standaardvariëteit die enigste legitieme taalvorm is (Bourdieu, 1991:48-49). Hierdie hegemonie word deur onderrigmateriaal soos handboeke bevorder.

In die konteks van Afrikaans is handboeke histories gebruik om die ideologiese oortuigings wat in Standaardafrikaans vasgelê is, te propageer. Hier is veral skoolmateriaal soos *Die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal* (1958) en *Dit was ons erns* (1962) deur die Nienaberbroers van belang. Jordaan (2004:253) meen die wordingsgeskiedenis van Afrikaans is in ’n mite omskep om Afrikaans as die taal van die Afrikaners² te verklaar en hierdie eensydige siening van Afrikaans het in die skoolmateriaal van die Nienaberbroers neerslag gevind. Voorts meen Esterhuysen (1986) dat dié beeld van Afrikaans ’n gevolg is van die “sosiolinguïstiese manipulasie deur sillabusbeplanners, voorskryfkomitees en handboekskrywers” wat amptelike leermateriaal ontwikkel en voorgeskryf het om linguïstiese ondersteuning aan die apartheidsideologie te bied.

Sedert die laat 1980’s tot vandag het opvoedkundiges, navorsers, taalkundiges, kunstenaars en taalaktiviste hulle uitgespreek oor hoe Standaardafrikaans leerders vervreem wat sprekers is van Kaapse Afrikaans en hoe indringende veranderinge aan die taalvorm van Standaardafrikaans en aan taalfunksies van variëteite soos Kaapse Afrikaans nodig is sodat Afrikaans die totale spraakgemeenskap kan dien (sien Van den Heever, 1987, 1988; Botha, 1990; Van de Rheede, 1992; Van Rensburg, 1992; Mokwena, 1993; De Wet, 1997; Willemsen 2009; *Afrikaaps*-dokumentêr 2010; Le Cordeur 2015, 2020). Ondanks herhaalde diskoerse oor die hegemonie van die standaardvariëteit in die klaskamer, word die skool- en handboeke as ’n bron vir taallegitimering in die huidige herstandaardiseringsdiskoerse oorwegend onderbenut.

Haugen (1987:637) hou voor “linguistic traditions and their potential innovations are channelled through educational establishments”. Om dus veranderinge aan die standaardvariëteit en die taalfunksies van Kaapse Afrikaans aan te bring, word daar in hierdie konseptuele artikel³

¹ Kaapse Afrikaans verwys na die Kaapse vernakulêre Afrikaans (of Kaaps) wat in Kaapstad en omliggende gebiede gepraat word, asook na Bolandse, Swartlandse en Overbergse Afrikaans (Hendricks, 2016b:7).

² Wanneer ek dit hier oor Afrikaners het, verwys ek na die afstammeling van Nederlandse, Duitse en Franse herkoms wat Suid-Afrika as hul vaderland aangeneem het (Giliomee, 2014:224). Die Afrikaneridentiteit is gekonstrueer rondom Afrikaans, kerklidmaatskap, toewyding aan politieke mag en partylidmaatskap, asook toewyding aan kulturele organisasies soos die Broederbond (Van Zyl Slabbert, 1999:49-51). Steyn (1987:15) en Cloete (1992:42) meen egter die basiese kriteria vir Afrikaneridentiteit is ’n wit persoon wat Afrikaans praat.

³ Volgens Gilson en Goldberg (2015:127) is die doel van konseptuele artikels om nuwe verhoudings tussen bestaande konstruksies te vind. Gilson en Goldberg (2015:127) hou voor dit is belangrik vir konseptuele artikels om ’n probleem-gefokusde benadering te volg en dit moet ’n deeglike bespreking van die nuwe insigte bied. Hier handel dit daarvoor om op ’n kruis-dissiplinêre wyse te werk te gaan deur bestaande teorieë op interessante maniere aan mekaar te verbind ten einde meervlakkige insigte te verskaf en uiteindelik die omvang van ons denke te verbreed (Gilson &

ondersoek ingestel na hoe die insluiting van Kaapse Afrikaans in handboeke⁴ dié variëteit kan legitimeer en uiteindelik Afrikaans kan demokratiseer.

Eerstens kom 'n teoretiese bespreking van herstandaardisering as die demokratisering van Afrikaans aan bod. Hier word daar spesifiek gekyk na Odendaal (2012:125-126) se siening van wat herstandaardisering behels en wat die waarde van só 'n projek is. Daar word aangevoer dat handboeke produktiewe moontlikhede bied om Afrikaans te herstandaardiseer. Vanweë handboeke se vermoë om in 'n spesifieke taalvariëteit oor taal en taalgebruik te kommunikeer, word Kalmus (2003:7) se siening van handboeke as 'n vorm van diskoers onder die loep geneem. Hier val die fokus op die sosiopolitieke aard van handboeke en hoe dit op 'n sosiopolitiese vormgewende wyse gebruik word om gebruikers se sosiokulturele en politieke oortuigings te beïnvloed. Gedagtig aan Fairclough (1995:131) se siening van diskoers en Van Leeuwen (2007:92) se siening van legitimering, word daar aangevoer dat handboeke as diskursiewe praktyke⁵ sosiale transformatiewe eienskappe besit en ook as 'n bron van legitimering funksioneer. Daarna word die sosiopolitieke aard en die sosiaal transformatiewe en legitimerende eienskappe van handboeke aan die demokratiseringsideale van herstandaardisering gekoppel. Op grond hiervan blyk dit dat handboeke produktief is in die legitimering van voorheen gemarginaliseerde variëteite. Voorts word Odendaal (2012:462) se herstandaardiseringsraamwerk as teoretiese vertrekpunt gebruik om ondersoek in te stel na hoe handboeke as bronmateriaal vir die legitimering van Kaapse Afrikaans gebruik kan word. In hierdie bespreking word handboeke teen die agtergrond van die verskeie fases van Odendaal (2012:462) se herstandaardiseringsmodel bespreek en daar word getoon hoe handboeke in die betrokke fases die legitimering van Kaapse Afrikaans en uiteindelik die herstandaardisering van Afrikaans kan bevorder.

2. Demokratisering van Afrikaans

Volgens Pokpas en Van Gensen (1992:176) moet die sosiale strukture van 'n taal gedemokratiseer word ten einde die hegemoniese aard van 'n homogene standaardtaal af te breek. Hierdie siening sluit aan by Odendaal (2012:125-126) se beskouing van herstandaardisering. Odendaal (2012:125-126) definieer die begrip “herstandaardisering” as volg:

Die doelbewuste hersiening van die vorm, funksie en status van 'n standaardtaal in 'n poging om 'n bodialektiese taalvorm daar te stel wat verteenwoordigend is van die hele spraakgemeenskap. Dit behels gewoonlik dat een of ander ongeregtheid in die taalgemeenskap reggestel word, deurdat die standaardtaal meer inklusief gemaak word om daardeur diegene wat voorheen benadeel of onderdruk is, te bemagtig.

Goldberg, 2015:128; Jaakkola, 2020:18). In die konteks van hierdie navorsingsartikel word die herstandaardisering teoretiese raamwerk met teorieë vanuit ander dissiplines verryk, nl. Kritiese Diskoers-analise (Fairclough, 1995; Kalmus, 2003; Van Leeuwen, 2007), Kritiese Taalbewustheid (Siegel, 2006) en Kultuuronderhoudende pedagogiek (Alim en Paris, 2017).

⁴ In hierdie artikel val die fokus uitsluitlik op Kaapse Afrikaans. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die voorstelle wat in hierdie artikel gemaak word ook op ander voorheen gemarginaliseerde variëteite van toepassing is.

⁵ Volgens Fairclough (1995:97) hou diskursiewe praktyke verband met die produksie, sirkulasie en gebruik van die tekste en hoedat dié tekste deur mense geïnterpreteer, gereproduseer en getransformeer word.

Dit blyk uit Odendaal (2012:125-126) se definisie van herstandaardisering dat die fokus daarvan is om 'n ongeregtheid in die taalgemeenskap reg te stel. In die Afrikaanse spraakgemeenskap verwys dié ongeregtheid enersyds na die vernederlandsing van Afrikaans tydens standaardisering en andersyds na die miskiening van die sogenaamde “kleurvariëteite”⁶ tot die ontwikkeling van Afrikaans (Hugo, 2010:66; Odendaal, 2012:88, 2014:660; Van Rensburg, 2012:115, 2017:52; Van Keymeulen, 2018:2; Van Huyssteen & Pilon, 2021:9). Volgens Odendaal (2012:88) het die Taalkommissie – die liggaam verantwoordelik vir die standaardisering van die Afrikaanse ortografie – nie tred gehou met die spelvernuwing in die ander variëteite van Afrikaans nie. Willemse (2011:5) sluit hierby aan wanneer hy meen dat die Taalkommissie en ander instansies met ideologiese mag (soos die media en die onderwys) daartoe bygedra het om ander variëteite van Afrikaans te marginaliseer.

Odendaal (2012:125-126) se definisie beskou herstandaardisering as 'n vorm van sosiale regstelling wat daarop gemik is om Afrikaans te demokratiseer deurdat gemarginaliseerde variëteite⁷ soos Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrikaans⁸ ook as voedingsbronne vir die standaardvariëteit gebruik word.⁹ Alhoewel die sosiopolitieke landskap sedert die amptelike standaardisering van Afrikaans verander het na 'n demokratiese bestel, het die Afrikaanse taal as bron van en vir demokratisering na my mening nog nie genoeg verander wat vorm en funksie betref nie. Demokratisering behels onder meer dat die verskille tussen die variëteite van 'n taal kleiner gemaak word deur die grense van aanvaarbaarheid te verbreed. Hiermee word bedoel dat die standaardvariëteit groter gemaak moet word deur die voorheen gemarginaliseerde variëteite in die standaardvariëteit op te neem (Stander & Jenkinson, 1992:136; Van Rensburg, 1992:184; Wade, 1996:10).

Odendaal (2012:125) meen herstandaardisering behels meer as net die herdefiniëring van die taalvorm, maar sluit ook die taalfunksies, taalingesteldhede en taalgedrag van die sprekers

⁶ Die “kleurvariëteite” van Afrikaans verwys na variëteite soos Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrikaans, wat onderskeidelik deur die tale van die slawe en die Khoi-Khoen beïnvloed is (Odendaal, 2012:69) en oorwegend met bruin Afrikaanssprekendes geassosieer word aangesien bruin sprekers die dominante sprekerskorps van Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrikaans is (Hendricks, 2016:6).

⁷ Siegel (2006:157-158) beskryf gemarginaliseerde variëteite as gestigmatiseerde en gestereotipeerde taalvariëteite wat as gedegeneerde vorme van die standaardvariëteit beskou word. Hierdie stigma wat aan die taalvariëteit kleef, lei daartoe dat dit as onvanpas beskou word vir meer formele gebruiksdomeine soos die onderwysstelsel. In hierdie artikel verwys gemarginaliseerde variëteite na Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrikaans.

⁸ Oranjerivierafrikaans verwys na die variëteit van Afrikaans wat uit die kontaksituasies tussen die Khoi-Khoen en Nederlandse seevaarders tussen 1595-1652 aan die Kaap ontstaan het, waartydens die Khoi-Khoen 'n aanleedersvorm van Nederlands ontwikkel en gepraat het (Van Rensburg, 2012:14-16). Hierdie variëteit van Afrikaans het met die uitbreiding van die Kaapkolonie tydens die 18de eeu na die noordelike en oostelike grense van Suid-Afrika versprei. Volgens Saal (2019) is Namakwaland die geografiese kern van Oranjerivierafrikaans, maar hy dui daarop dat dit ook noordwaarts tot in die Richtersveld, die suide van Namibië en ooswaarts tot in die Suid-Vrystaat aangetref kan word.

⁹ Tydens die amptelike standaardisering van Afrikaans is Oosgrensafrikaans as die basisdialek van Standaardafrikaans gekies. Hierdie variëteit van Afrikaans het uit niestandaardvorme van Nederlands ontwikkel en is hoofsaaklik deur die Voortrekkers en vryburgers gebruik (Van Rensburg, 1989:462; Grebe, 1999:48). Volgens Steyn (1980, aangehaal in Hugo, 2010:68) kan die uitsluiting van Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrikaans tydens die standaardisering van Afrikaans toegeskryf word aan die etniese teenstelling tussen sprekers van Oosgrensafrikaans aan die een kant en sprekers van Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrikaans aan die ander kant.

in. As deel van die demokratisering van Afrikaans behoort stigmas wat aan variëteite kleef, teengewerk te word (Webb, 1997:227). Volgens Hendricks (2011, 2016a:30) het Afrikaanse taalonderrig 'n belangrike rol te speel in die destigmatisering van variëteite en die bewusmaking van die legitimiteit van alle variëteite. Alvorens variëteite in die standaardtaal opgeneem kan word, moet die stereotipes en stigmas wat aan die variëteite kleef, afgebreek word deur dit as legitieme taalvorme van Afrikaans te vestig. Die demokratisering van Afrikaans behels dus die emansipasie van Afrikaans.

Volgens Huss en Lindgren (2011:1-3) hou die emansipasie van 'n taal verband met die verandering van hiërargiese magstrukture deur die oorheersing van een sosiale groep oor 'n ander af te skaf ten gunste van 'n demokratiese struktuur waar geregtigheid, gelykheid en deelname vir alle sprekers moontlik is. Deel van die emansipasie van 'n taal is om die stigmas wat aan die variëteite gekoppel is, af te breek. Dit kan gedoen word deur die sosiale posisie van 'n voorheen benadeelde variëteit in gesaghebbende gebruiksdomeine in gebruik te stel as 'n manier om die negatiewe persepsies van die variëteit teen te werk en sodoende die status en prestige van die variëteit te verhoog. Hierdeur word die siening van die variëteit omskep in 'n bron van waardevolle erfenis en 'n hulpbron in die moderne samelewing (Huss & Lindgren, 2011:7-8). Wanneer ons dit het oor Afrikaans, beteken dit die sosiale strukture van Afrikaans moet gedemokratiseer word deur die statusverhoging en funksie-uitbreiding van variëteite soos Kaapse Afrikaans. Hier het handboeke 'n belangrike rol te speel in die demokratisering van Afrikaans en die legitimering van Kaapse Afrikaans, aldus Basson (2022:128).

Curd-Christiansen (2017:197) meen handboeke bevat nie net die kennis wat as legitiem deur politieke maghebbers beskou word nie, maar dit vorm deel van sosialiseringprosesse om bestaande sosiale rolle, norme en waardes te bekragtig en te bewaar om sodoende bestaande sosiale strukture voort te sit. Deur 'n spesifieke taal of taalvariëteit in handboeke te gebruik word handboekgebruikers gesosialiseer om daardie taal of taalvariëteit as die legitieme taal te beskou, want die legitieme kennis – soos in die skoolkurrikulum uiteengesit – word in die betrokke taal of taalvariëteit oorgedra (Pradhan, 2017:382). Handboeke is dus draers van die taalvorm wat die sosiopolitieke oortuigings van 'n samelewing verteenwoordig. In die huidige herstandaardiseringsdiskoers kan handboeke as 'n vorm van diskoers gebruik word om enersyds die demokratiseringsideale te bevorder en andersyds die prestige en status van Kaapse Afrikaans te verhoog.

3. Handboeke as diskursiewe praktyke

Met verwysing na Biocca (1991:45) se definisie van *diskoers*, meen Kalmus (2003:7) dat handboeke 'n vorm van diskoers is, aangesien hulle bestaan uit:

A thematically and ideologically structured, self-referring progression of communications (messages, texts) circulating within a definable community of communicators and receivers over a specified period of time.

Die inhoud van die handboekdiskoers is gewoonlik 'n produk wat deur verskeie faktore beïnvloed is, byvoorbeeld die kurrikulum, ekonomie, die denkwyse van die samelewing en die outeur se doel en standpunte (Kalmus, 2003:8). Hier funksioneer die outeurs van handboeke as tussengangers tussen die sosiopolitieke oriëntasie van die samelewing en die diskoers van handboeke. Na gelang van die outeur se ideologiese oortuigings en die rigiditeit van die sosiopolitieke diskoers in die samelewing, kan handboeke as 'n vorm van diskoers gebruik

word om óf die ideologieë van die dominante groep uit te druk en te legitimeer, óf dit kan weerstand bied teen die dominante ideologiese oortuigings (Kalmus, 2003:9). Handboeke is egter geneig om die ideologieë van die dominante groep te weerspieël, aangesien die produksie van opvoedkundige materiaal deur die dominante groepe en instellings (soos die uitgewersbedryf en/of staatsgoedkeuringskomitees) beheer word (Kalmus, 2003:9-10; Ide, Kirchheimer & Bentrovato, 2018:287). Sodoende word handboeke gebruik om die dominante ideologiese oortuigings aan gebruikers oor te dra.

3.1 *Sosialisering deur handboeke*

'n Belangrike funksie van 'n diskoers (hier: handboeke) is om die deelnemers aan die diskursiewe praktyk (hier: leerders wat met die handboek werk) se ervaringe te beïnvloed, aldus Kalmus (2003:7). In die konteks van 'n taalklaskamer lei dit daartoe dat opvoeders die preskriptiewe grammatika in handboeke gebaseer op die standaardvariëteit aan leerders as “goeie taalgebruik” voorhou, terwyl sprekers van ander variëteite se taalgebruik bloot as “slegte taalgebruik” afgemaak word (Eskey, 1974:769). Curdt-Christiansen (2017:195) stel dat, deur leerders bloot te stel aan handboeke met kultureel en ideologies ingebedde inhoud, handboeke as instrumente van sosialisering funksioneer wat ontwerp is om leerders bevoegde lede van 'n kulturele en linguïstiese gemeenskap te maak. Hier verwys “bevoegde lid van 'n kulturele en linguïstiese gemeenskap” na 'n leerder se vermoë om die standaardvariëteit baas te raak en sodoende in die sosiokulturele landskap van die standaardvariëteit te assimileer. In hierdie opsig is handboeke sosiaal gevorm, maar kan terselfdertyd vorm gee aan sosiale oortuigings en waardes.

3.2 *Handboeke as 'n bron vir taallegitimering*

Volgens Fairclough (1995:133) word diskoers nie net deur die samelewing geskep nie, maar dit het ook die vermoë om vorm te gee aan die samelewing. Ten opsigte van handboeke beteken dit dat handboeke en die kennis wat daarin opgeneem is deur rolspelers in die opvoedkunde en die staat geskep en goedgekeur is én dat handboeke die vermoë het om gebruikers se wêreldsiening te beïnvloed.

Voorts meen Fairclough (1995:133) dat diskursiewe praktyke – soos die saamstel en die gebruik van handboeke (Kalmus, 2003:7) – op sosiaal reproduktiewe en sosiaal transformerende maniere optree. Afhangend van die sosiopolitieke omstandighede, het handboeke die vermoë om bestaande sosiale oortuigings óf voort te sit, óf handboeke kan bestaande oortuigings transformeer deur gebruikers aan nuwe kennis en insigte bloot te stel. Verder voldoen handboeke ook aan Van Leeuwen (2007:92) se uiteensetting van linguïstiese hulpbronne wat legitimering bewerkstellig.

Volgens Van Leeuwen (2007:92) berus legitimering op outorisasie, morele evaluering, rasionalisering en mitopoëse, wat hy soos volg definieer:

- 1) **Outorisasie** behels legitimering deur verwysing na die gesag van tradisie, gewoonte en reg en persone by wie institusionele gesag van die een of ander aard berus, bv. onderwysinstellings, onderwysers.
- 2) **Morele evaluering** behels legitimering deur (dikwels vae) verwysing na waardesisteme, bv. waardes en oortuigings van 'n samelewing.
- 3) **Rasionalisering** behels legitimering met verwysing na die doelwitte en gebruike van geïnstansionaliseerde sosiale aksie, asook na die kennis wat die samelewing geskep het om kognitiewe geldigheid daaraan te verleen.

- 4) **Mitopoëse** behels dat legitimering oorgedra word deur narratiewe waarvan die uitkomstige legitieme aksies beloon en nielegitieme aksies straf.

Van Leeuwen (2007:92) voer aan dat legitimering hoofsaaklik deur linguistiese hulpbronne bevorder word. Handboeke voldoen aan die bostaande uiteensetting van legitimering deurdat dit 'n linguistiese hulpbron is wat deur 'n persoon met institusionele gesag (opvoeder) tydens 'n geïnstitusionele sosiale aksie (onderrig-en-leerproses) gebruik word. Dit bevat voorts ook amptelike en goedgekeurde kennis wat die waardes en oortuigings van die samelewing weerspieël, en is 'n hulpbron wat gebruikers se skoolastiese sukses kan beïnvloed.

Op grond van die sosialiserende, transformatiewe, en legitimerende eienskappe van handboeke, blyk dit 'n nuttige bron te wees om Afrikaans te herstandaardiseer deur variëteite soos Kaapse Afrikaans te legitimeer.

4. Handboeke as bron vir legitimering van Kaapse Afrikaans


Soos reeds in Afdeling 3 vermeld, speel handboeke 'n instrumentele rol in die bevordering van die sosiopolitieke ideologie van die samelewing (vergelyk ook Apple & Christian-Smith, 1991:11; Kalmus, 2003:9-10; Ide, Kirchheimer & Bentrovato 2018:287). Volgens Pennycook (2001:81) sal 'n ondersoek na die inhoud van skoolhandboeke duidelikheid bied oor die ideologiese oortuigings van 'n samelewing. In 'n demokratiese bestel behoort handboeke derhalwe die demokratiese waardes en ideale van die samelewing te weerspieël.

Aangesien die saamstel en gebruik van handboeke as diskursiewe praktyke op 'n sosiaal transformerende wyse kan funksioneer (Kalmus, 2003:7), sal die insluiting van voorheen gemarginaliseerde variëteite, soos Kaapse Afrikaans, in handboeke enersyds die demokratiese ideale van die land bevorder en andersyds die taalwerklikheidsbeeld van Afrikaans demokratiseer deur die heterogene sosiokulturele werklikheid van die Afrikaanse spraakgemeenskap uit te beeld (Webb, 1997:227-228). Dit kan toegeskryf word aan die feit dat taal as 'n demokratiserende bron optree (Webb, 1997:227). Gedagtig aan Van Leeuwen (2007:92) se siening dat legitimering deur linguistiese hulpbronne bevorder word, kan die insluiting van Kaapse Afrikaans in handboeke ook legitimititeit aan Kaapse Afrikaans verleen.

Handboeke kan as 'n bron vir die legitimering van Kaapse Afrikaans gebruik word, aangesien dit deur persone met gesag (opvoeders) tydens die onderrig-en-leerproses gebruik word, waartydens die nuwe demokratiese waardes en oortuigings van die land en die Afrikaanse spraakgemeenskap aan leerders oorgedra word. Die insluiting van Kaapse Afrikaans in handboeke vorm gevolglik deel van die amptelike en goedgekeurde kennis wat aan opvoeders die geleentheid bied om die gelykwaardigheid van al die variëteite aan leerders oor te dra (Webb, 2000:62; Hendricks, 2016a:30). Deur Kaapse Afrikaans in handboeke in te sluit en dit sodoende deel te maak van die onderrig-en-leerproses, word daar ook opvoedkundige waarde aan die variëteit toegeken en dit word geposisioneer as belangrik vir die skoolastiese sukses van die leerders. Op hierdie manier word die sosiale status en prestige van Kaapse Afrikaans verhoog en word dit as 'n legitieme taalvorm en as inherente deel van Afrikaans verklaar.

5. Afrikaanse skoolhandboeke binne Odendaal (2012) se herstandaardiseringsmodel

In hierdie afdeling word Odendaal (2012:462) se herstandaardiseringsmodel as 'n teoretiese raamwerk gebruik om ondersoek in te stel na die manier waarop handboeke as herstandaardiseringshulpbron gebruik kan word ten opsigte van die legitimering van Kaapse Afrikaans.



Figuur 1: Odendaal (2012:462) se herstandardiseringsmodel

5.1 Kontekstualisering

Odendaal (2012:463) meen dat, alvorens 'n herstandardiseringsprojek aangepak word, dit belangrik is om die breë konteks in ag te neem waarbinne die nuwe standaard moet funksioneer. Sy identifiseer die sosiale konteks, ekonomiese konteks, politieke konteks en linguistiese konteks as belangrik vir herstandardiseringsbesluite. Die funksionering van skoolhandboeke in hierdie kontekste word vervolgens bespreek.

5.1.1 Sosiale konteks

Volgens FitzGerald (1979:47) en Apple (1990:18) funksioneer skoolhandboeke enersyds as bronne van legitieme kennis en is dit andersyds aanduidend van die dominante waardes, oortuigings en norme van die samelewing. Binne die Suid-Afrikaanse konteks moet skoolhandboeke onderlê word deur die doelwitte en beginsels soos uiteengesit in die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV)*. Wanneer ek dit het oor die legitimering van Kaapse Afrikaans in skoolhandboeke, moet handboekskrywers veral ag slaan op die KABV (Departement van Basiese Onderwys (DBO) 2011:5) se beginsels van sosiale geregtigheid en waardering vir inheemse kennissisteme.

Volgens die beginsel ten opsigte van sosiale geregtigheid is die KABV daartoe verbind om 'n sensitieweit by leerders te kweek vir kwessies wat diversiteit weerspieël, byvoorbeeld ongelykheid, ras, geslag en taal (DBO 2011:5). Verder bevorder die KABV ook 'n waardering vir inheemse kennissisteme deur erkenning te verleen aan die geskiedenis en erfenis van Suid-Afrika (DBO 2011:5).

Een manier waarop bogenoemde beginsels in handboeke neerslag kan vind, is om reeds in die voorwoord van die handboeke Afrikaans as die somtotaal van al die variëteite te verklaar. Só 'n verklaring moet die stigmas oor Kaapse Afrikaans verwyder deur onomwonde die stelling te maak dat Kaapse Afrikaans en ook ander geografiese variëteite nie gebrekkig of minderwaardig is nie. Deur eksplisiet in die voorwoord die stigmas en stereotipes wat aan variëteite soos Kaapse Afrikaans kleef, teen te spreek, word daar reeds aan die KABV se beginsel van sosiale geregtigheid voldoen. Leerders word bewus gemaak van die waardigheid van Kaapse Afrikaans en dit moedig 'n sensitieweit aan vir die diverse aard van die Afrikaanse taal. Voorts moedig só 'n voorwoord ook 'n waardering vir inheemse kennis aan deurdat die taalkundige bydrae van die Khoi-Khoen en die slawe tot die ontwikkeling van Afrikaans erken word.

Skoolhandboeke speel ook 'n belangrike rol daarin om die multikulturele aard van die Afrikaanse spraakgemeenskap te benadruk. Engelbrecht (2006:76) wys daarop dat Afrikaanse skoolhandboeke soos *Ruimland* sedert die laat 1980's toenemend 'n meer inklusiewe en multikulturele beeld van die Afrikaanse spraakgemeenskap bevorder het. Hierdie handboek het 'n akkurer sosiolinguistiese beeld van die Afrikaanse spraakgemeenskap geskets en het ten doel gehad om demokratiese waardes aan leerders oor te dra. Op 'n soortgelyke wyse het handboeke soos *Raamwerk* ook 'n inklusiewe beeld van Afrikaans bevorder, met 'n sterk bewustheid van en respek vir diversiteit wat gegrond is in eenheid in diversiteit (Engelbrecht, 2006:76).¹⁰

Na my mening moet dié multikulturele beeld verder uitgebrei word en moet dit veral neerslag vind in die visuele elemente en die voorgeskrewe letterkunde (poësie, drama, kortverhale en romans). Die visuele elemente in die handboek moet verteenwoordigend wees van die totale spraakgemeenskap ten opsigte van ras, etniese agtergrond, klas, geloofsoortuiging en gender. Die insluiting van diverse visuele elemente sal 'n akkurer weerspieëling van die diverse aard van die Afrikaanse spraakgemeenskap bied, byvoorbeeld prente van alle rassegroepe, beelde wat die verskillende geloofsgroepe uitbeeld, foto's van uiteenlopende familiestrukture, beelde van verskillende woonareas, prente van mense met fisiese gestremdhede, beelde waar mense hulle genderidentiteit op verskillende wyses uitdruk, ensovoorts. Verder moet die diversiteit ook in die voorgeskrewe letterkunde gereflekteer word. Dit sluit in dat meer literêre tekste wat in variëteite soos Kaapse Afrikaans geskryf is as voorgeskrewe werke behandel word en dat die voorgeskrewe literêre tekste ook uiteenlopende leefwêreldes uitbeeld. Hier is die strokiesprente wat in Kaapse Afrikaans geskryf is deur skrywers en strokiesprentkunstenaars André en Nathan Trantraal oftewel *Die Trantraal-broers*¹¹ veral van waarde.

Möller (2007:147) meen dat strokiesprente nie net visuele geletterdheid bevorder nie, maar dit is ook 'n vorm van kulturele geletterdheid aangesien dit leerders 'n historiese perspektief bied om die ideologiese onderbou van die strokiesprent beter te begryp. Deur

¹⁰ In 'n volgende artikel sal daar na meer onlangs gepubliseerde Afrikaans-handboeke gekyk word.

¹¹ Kyk Basson (2018a) se rubriek "Die visuele storievertelling van die Trantraal-broers se comics" op die aanlyn platform *Klyntji* vir meer inligting oor Die Trantraal-broers (Kyk <https://klyntji.com/joernaal/2018/9/16/andre-nathan-trantraal>).

strokiesprente wat in Kaapse Afrikaans geskryf is by handboeke in te sluit, word leerders aan ander leefwêreld blootgestel. Hierdie insluiting sal die heterogene aard van die Afrikaanse spraakgemeenskap normaliseer. Dit sal ook die geloofwaardigheid van Kaapse Afrikaans verhoog, want 'n belangrike kenmerk van 'n legitieme taal is dat dit gebruik word om kurrikuluminhoud aan leerders oor te dra.

5.1.2 *Ekonomiese konteks*

Vanweë sosio-ekonomiese ongelikheid in Suid-Afrika, is daar 'n groot uitdaging wat betref toegang tot hoëgehalte-onderwys (Spaull, 2013:438). Hierdie uitdaging word vererger deur swak dienslewering wat lei tot insidente soos die 2013-handboekkrisis (Nkosi, 2013; 2016).¹² Die ongelikheid in toegang tot hoëgehalte-onderwys kan teruggevoer word na die koloniale verlede van Suid-Afrika en meer onlangs die apartheidstelsel, waartydens militêre verowering, politieke uitsluiting en onderdrukking gebruik is om die wit gemeenskap van Suid-Afrika te bevoordeel en gevolglik is die bruin, Indiër en swart gemeenskappe in armoede gelaat (Gelb, 2004:18; Christie, 2008:101). In postapartheid Suid-Afrika het sosiale regstelling deur opvoedkunde 'n belangrike rol te speel in die verwesenliking van die demokratiese ideale van die Grondwet (Collins, 2017:39). Ongelukkig het die vorige politieke stelsel daartoe gelei dat die meerderheid Suid-Afrikaanse skole vandag steeds 'n tekort aan ekonomiese hulpbronne het en met die swak dienslewering van die huidige politieke leiers word die siklus van ongelikheid voortgesit. Voormelde ongelikheid is ook in die Afrikaanse spraakgemeenskap sigbaar.

Kaapse Afrikaans is 'n werkersklastaalvorm wat oorwegend deur bruin Afrikaanssprekendes in werkersklasomgewings gebruik word (Stone, 2002:379; Hendricks, 2016b:7; Collins, 2017:51). Skole in hierdie omgewings ervaar gewoonlik uitdagings met onder meer armoede, toegang tot hulpbronne en werkloosheid (Geland, 2018:56). Daarom is dit belangrik dat opvoedkundige uitgewers en belanghebbendes in die onderwys 'n bewustheid toon van dié ongelikheid en hoe dit toegang tot die herstandaardiseringsbronne kan beïnvloed. Hier is dit veral van waarde om ag te slaan op die KABV se beginsel van sosiale transformasie, wat voorhou dat die onderwysongelykhede van die verlede teengewerk moet word deur gelyke onderwysgeleenthede aan Suid-Afrikaanse leerders te verskaf (DBO, 2011:4).

Om gelyke toegang tot die nuwe onderrigmateriaal te verseker, moet die voordele van die digitale era benut word deur materiaal aanlyn beskikbaar te stel sodat dit 'n kleiner finansiële las plaas op skole in die kwintiel een tot drie kategorieë,¹³ soos uiteengesit deur die Minister van Basiese Onderwys. Deur gebruik te maak van die Departement van Basiese Onderwys se

¹² As gevolg van finansiële beperkinge was daar in 2013 en 2015 'n groot tekort aan skoolhandboeke. Dit het daartoe gelei dat leerders hulle skooljaar sonder die voorgeskrewe skoolhandboeke moes voltooi (Nkosi, 2013; 2016).

¹³ Die nasionale kwintielstelsel van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) word gebruik om skole te kategoriseer volgens vlakke van armoede op grond van die omliggende gebiede (Grant, 2013; Dass & Rinquest, 2017:146; Van Dyk & White, 2019:52). Skole word verdeel in kwintiele 1 tot 5, met kwintiel 1-skole wat in baie arm gebiede geleë is, terwyl kwintiel 5-skole in welgestelde gebiede geleë is. Skole in kwintiele 1 tot 3 vereis geen skoolfonds van die leerders nie en word volledig deur die regering gesubsidieer, terwyl skole in kwintiele 4 tot 5 skoolfonds van leerders verwag en die skole word slegs gedeeltelik deur die regering gesubsidieer (Dass & Rinquest, 2017:146).

inisiatiewe soos *South Africa Connect*,¹⁴ *Universal Service and Access Obligations*¹⁵ en *Internet for All (IFA)*,¹⁶ kan vennootskappe aangegaan word met aanlyn platforms soos Virtuele Instituut vir Afrikaans (*VivA*) en *LitNet* – wat onderrigmateriaal gratis beskikbaar stel – om nuwe onderrigmateriaal te versprei wat Kaapse Afrikaans insluit. Verder moet gedrukte kopieë ook aan openbare biblioteke geskenk word, sodat die leerders vry en kosteloos toegang tot die nuwe onderrigmateriaal kan hê.

5.1.3 Politieke konteks

Die politieke konteks behels dat die demokratiese beginsels van die land in die taal en in die onderrigmateriaal moet neerslag vind. Die fokus val op sosiale regstelling van ’n historiese ongelikheid om diegene wat voorheen benadeel is, te bemagtig. Op ’n inhoudelike vlak behels dit dat die hegemonie van Standaardafrikaans binne die skoolhandboeke verwyder moet word en dat die standaardvariëteit en onderrigmateriaal die demokratiese ideale van die skoolkurrikulum moet illustreer. As sodanig moet die standaardvariëteit en die onderrigmateriaal deur variëteite soos Kaapse Afrikaans verruim word. Op dié manier kan leerders wat sprekers is van Kaapse Afrikaans se gevoel van “ontuisheid” binne die Afrikaansklaskamer teengewerk word, want Kaapse Afrikaans word nou as ’n wesenlike deel van Afrikaans beskou.

Kalmus (2003:9) voer aan een van die redes waarom handboeke die dominante ideologie reflekteer, is dat die skrywers en die keurders van handboeke gewoonlik aan die dominante groep behoort. In die geval van Afrikaans is daar gelyktydig ’n taaleksterne¹⁷ en -interne¹⁸

¹⁴ *South Africa Connect* (SA Connect) is die regering se beleid om breëbandtoegang aan die land beskikbaar te stel. Hierdie beleid is reeds in 2013 gepubliseer en het ten doel gehad om teen 2020 alle skole in die land teen ’n spoed van minstens 10 megabit per sekonde aan die internet te koppel (University of Chicago Law School, 2020:11). As gevolg van begrotings wat verminder is, verwarring oor die toekenning van tenders en uitdagings met toegang tot vesel, is die projek vertraag. In 2019 is daar egter nuwe befondsing beskikbaar gestel om voort te gaan met die projek (University of Chicago Law School, 2020:22-23).

¹⁵ *Universal Service and Access Obligations* is lisensieverpligtinge wat deur die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (Okasa) aan telekommunikasieoperateurs soos Cell-C, MTN en Vodacom opgelê is om sedert 2014 internet en skootrekenaars aan 1 400 skole te verskaf (University of Chicago Law School, 2020:11).

¹⁶ *Internet for All (IFA)* is ’n inisiatief wat deur die Wêreld- Ekonomiese Forum (WEF) geskep is om fisiese en digitale platforms op globale, streeks- en nasionale vlak te fasiliteer deur aan ’n aantal kwessies aandag te gee, byvoorbeeld internet-infrastruktuur; verbetering van vaardighede en bewustheid oor die internet (veral in landelike gebiede); toename in die ontwikkeling van plaaslike inhoud om internetgebruik te bevorder (insluitende opvoedkundige inhoud) en laastens om bekostigbare toestelle en data beskikbaar te stel (University of Chicago Law School, 2020:11).

¹⁷ Die taaleksterne dominante ideologie kan gekoppel word aan die samelewingsbeskouing van Afrikaans as witmanstaal of die taal van die onderdrukker. Ten spyte van die mate van waarheid in dié beskouing, is dit myns insiens ongenueanseerd. Hierdie siening negeer nie net die bruin en/of swart sprekers van Afrikaans wie se voorouers ’n integrale rol in die skepping van Afrikaans gespeel het nie, dit gaan ook voort om die Afrikanerideologie aan Afrikaans te koppel. Hierdie negatiewe sienings van Afrikaans is veral sigbaar in die weglating daarvan onder die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoër Onderwysinstellings se definisie van inheemse tale (DHET, 2020: 7).

¹⁸ Aan die ander kant is daar ook ’n interne dominante ideologie binne die Afrikaanse spraakgemeenskap wat steeds die standaardvariëteit hoër as variëteite soos Kaapse Afrikaans ag. Basson (2022:127) voer aan dat die etnosentriese aard van onderrigmateriaal van die verlede stigmas en stereotipes gekweek het wat vandag steeds in die Afrikaansklaskamer voorkom en sprekers van Kaapse Afrikaans in die klaskamer affekteer.

dominante ideologie. Op verskillende maniere hou beide dié ideologieë voort om die Afrikaner-ideologie aan Afrikaans te koppel, wat weer eens die plek van Kaapse Afrikaans(sprekendes) in die Afrikaanse spraakgemeenskap in gedrang bring. Om Afrikaans te herstandaardiseer, sal moet inhou dat die taalbeplanning op 'n demokratiese wyse geskied deurdat sprekersgroepe van al die variëteite van Afrikaans gelyke inspraak moet gee rakende kwessies oor die herstandaardisering van Afrikaans. In die konteks van skoolhandboeke berus die verantwoordelikheid by opvoedkundige uitgewers om seker te maak dat die skrywerspan van 'n handboek ten minste een spreker en/of kenner van Kaapse Afrikaans insluit. Aan die ander kant is dit die verantwoordelikheid van die Departement van Basiese Onderwys om te verseker dat die handboekkeurders ook minstens een spreker en/of kenner van Kaapse Afrikaans insluit.¹⁹

5.1.4 *Linguistiese konteks*

Volgens Bourdieu (1991:60) is daar twee belangrike eienskappe van 'n legitieme taal, naamlik *onderskeid* en *korrektheid*. Onderskeid verwys na taalgebruik wat afwyk van die legitieme taal, byvoorbeeld variëteite, sleng en vloekwoorde. Korrektheid hou verband met vasgestelde taalnorme en hoe sprekers dit in bepaalde domeine behoort te gebruik. Daar is twee beginsels van korrektheid, naamlik preskriptiewe taalgebruik en deskriptiewe taalgebruik. Preskriptiewe taalgebruik behels 'n streng voorkeur vir 'n spesifieke taalvorm (gewoonlik die standaardvariëteit) en deskriptiewe taalgebruik behels die beskrywing van taalverskynsels (Haugen, 1959:8). Rolspelers in die onderwys, soos onderwysers en handboekskrywers, neem tradisioneel 'n preskriptiewe benadering²⁰ tot taalonderrig in deur die standaardvariëteit te onderrig en

¹⁹ Die uiteindelige doel van 'n herstandaardiseringsprojek is dat besluitneming op 'n demokratiese wyse moet geskied, wat behels dat die besluitnemers verteenwoordigend van die demografie van Afrikaans is. Dit is steeds nie die geval wanneer daar na die skrywerspan van die meeste skoolhandboeke (en meer spesifiek Afrikaanshandboeke) gekyk word nie. In 'n studie onderneem deur die Departement van Basiese Onderwys waartydens die Minister van Basiese Onderwys in 2016 'n ministeriële komitee aangestel het om 39 handboeke te ontleed ten einde vas te stel in watter mate verskillende vorme van diskriminasie in Suid-Afrikaanse handboeke manifesteer, bevind die komitee dat 84% van die handboekskrywers wit en 16% van die skrywers swart is (DBE, 2019:52). Swart word hier op 'n omvattende wyse gebruik om na bruin, swart en Indiërmense te verwys. Daardie 16% kan afgebreek word in verdere detail: bruin – 5.92%; Indiër – 1.97%; swart – 7.89% (DBE, 2019:52). Daarom voer ek hier aan dat 'n spreker en kenner van Kaapse Afrikaans deel moet vorm van die handboekskrywerspan en die handboekkeurderspan. Voorts blyk dit ook 'n oplossing te wees vir die ministeriële komitee se bevindinge van die oorwegend wit skrywerspanne vir skoolhandboeke. Die dominante sprekerkorps van Kaapse Afrikaans is bruin sprekers (Hendricks, 2016a:5), dus sal die insluiting van 'n spreker en kenner van Kaapse Afrikaans die skrywer- en keurderspan meer verteenwoordigend in terme van ras en taalgebruik maak. Alhoewel die fokus in hierdie artikel op Kaapse Afrikaans val, moet die skrywerspan ook sprekers en kenners van ander voorheen gemarginaliseerde variëteite insluit.

²⁰ Die voorkeur vir die preskriptiewe aanslag hou onder andere verband met die siening dat die standaardvariëteit die oorkoepelende kommunikasiemedium van 'n spraakgemeenskap is. Volgens Ammon (2015:58) is een van die hoofdoelwitte van taalstandaardisering om kommunikasie in die publieke domein te verbeter, veral in gevalle van interne taalvariasie, bv. uiteenlopende dialekte in een spraakgemeenskap. Die standaardtaal verrig dus 'n lingua franca-funksie vir 'n spraakgemeenskap (Joseph, 1987:72-83). Daarom het die preskriptiewe aanslag ten doel om taalgebruikers se taalgebruik te reguleer (Curzan, 2014:17) om doeltreffende en duidelike kommunikasie binne 'n spraakgemeenskap te verseker (Pullum, 2004:7; Straaijer, 2016:236) deur eenvormige taalreëls daar te stel waaraan alle taalgebruikers moet voldoen. Ten spyte van dié funksionele beskouing van die preskriptiewe aanslag, het dit ook 'n ideologiese dimensie wat met kwessies

herhaaldelik leerders se taalgebruik te korrigeer indien hulle omgangsvariëteite gebruik. Sodoende bevorder dié rolspeleers die idee van die standaardtaal as die enigste legitieme taal, hetsy doelbewus of nie.

Wanneer ons dit oor Kaapse Afrikaanse taalstrukture en -konvensies in skoolhandboeke het, is dit myns insiens belangrik om 'n proskriptiewe aanslag²¹ tot taalleer in te neem deur meer variante of wisselvorme as aanvaarbare antwoorde te beskou, byvoorbeeld *kwaai* of *woelag* as gepaste sinonieme vir *indrukwekkend*; die verboë besitlike voornaamwoord *onse* as wisselvorm vir *ons*, en *tel op vi jou* as 'n gepaste idiomatiese ekwivalent vir *ek haal my hoed vir jou af*.

Handboekskrywers behoort voorts die linguistiese konteks van die Afrikaanse spraakgemeenskap duidelik vir leerders te skets. Hiermee word bedoel dat leerders moet verstaan dat taalvariasie 'n natuurlike verskynsel binne enige taal is en dat die onderskeid tussen die Afrikaanse variëteite nie op die meerderwaardigheid van Standaardafrikaans berus nie. Hier moet handboekskrywers veral steun op die KABV se beskrywing van taal, want dit legitimeer variëteite soos Kaapse Afrikaans as 'n geldige instrument vir kommunikasie en denke, asook as 'n estetiese middel waardeur leerders hulle geleefde ervaringe en kulturele identiteit uitdruk (DBO, 2011:5). Vanweë die sosiale aard van taal, skep dit ook die geleentheid om sosiale verhoudings op te bou en 'n sensitiwiteit vir kulturele diversiteit te ontwikkel. Volgens Odendaal (2012:468) funksioneer Afrikaans binne 'n konteks van multivariëteit en dit is belangrik om 'n bewustheid van én sensitiwiteit vir die onderskeie Afrikaanse variëteite by skoolleerders te ontwikkel. Dit kan gedoen word deur 'n inklusiewe wordingsgeskiedenis van Afrikaans by die handboeke in te sluit.

Milroy (2001:547) meen 'n belangrike komponent van 'n legitieme taal is historisering. 'n Variëteit van 'n taal het 'n mate van legitimiteit, afhange van of die variëteit 'n geskiedenis het én van die bydrae wat die variëteit tot die ontstaan en die geskiedenis van die standaardtaal gemaak het (Milroy, 2001:547-548). Binne die Afrikaanse taalgemeenskap het variëteite wel 'n geskiedenis en dit het inderdaad 'n bydrae tot die huidige standaardtaal gemaak. Kaapse Afrikaans word as een van die oudste variëteite van Afrikaans beskou (Hendricks, 2016b:6; AWS, 2018:i) en speel 'n belangrike rol in die geskiedenis van die Afrikaanse taal, aldus Van Rensburg (2012:28). Die Arabiese Taalbeweging²² en die Genadendalse skryftradisies²³ dien as 'n voorbeeld van Kaapse Afrikaans se geskiedenis en

oor die nasie-staat en prestige verband hou (Armstrong & McKenzie, 2015:34; Straaijer, 2016: 237). Sedert die 17de eeu in Europa het die groeiende sosiopolitieke mag van die elite daartoe gelei dat tale op grond van die taalgebruik van die elite gestandaardiseer is (Armstrong & McKenzie, 2015:34; Straaijer 2016:238). Aangesien die standaardvariëteit op die taalgebruik van die elite gebaseer is, word dit as toonaangewend en/of gesaghebbend beskou (Milroy, 2007:137). Indien taalgebruikers nie die taalreëls wat deur voorstanders van die preskriptiewe aanslag op die spraakgemeenskap opgelê het volg nie, word hulle taalgebruik as afwykend gestigmatiseer. Sodoende vestig die preskriptiewe aanslag die standaardvariëteit as die enigste korrekte en legitieme vorm van die taal.

²¹ 'n Proskriptiewe benadering bied meer variante en wisselvorme as aanvaarbare alternatiewe vir die standaardvariëteit, maar dit maak steeds aanbevelings rakende 'n voorkeurvorm. Taalgebruikers moet in kennis gestel word dat al die variantvorme deel vorm van die standaardvariëteit. Dus het die taalgebruiker die keuse oor watter vorm hulle wil gebruik en hoef nie noodwendig die voorkeurvorm te gebruik nie (Odendaal, 2012:464).

²² Raadpleeg Davids (1987, 2011), Dick (2012), Odendaal (2012), Versteegh (2015) en Willemse (2018) vir meer besonderhede oor die Arabiese Taalbeweging.

²³ Raadpleeg Balie (1986), Van Rensburg (2012), Carstens & Le Cordeur (2016), Wissing (2017) en Van Heerden (2018) vir meer besonderhede oor die Genadendalse skryftradisies.

historiese intellektuele tradisie (Davids, 1987; Odendaal, 2012:70-78). Gedagtig aan Milroy (2001:547-548) se siening van historisering, behoort die geskiedenis en intellektuele tradisies van Kaapse Afrikaans in handboeke vermeld te word, want dit sal bydra tot die legitimering van Kaapse Afrikaans. Hier is Ronel van Oort (2008) se lesreeks oor die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans waardevolle bronmateriaal.

Van Oort (2008:24) beskryf die ontwikkeling van 'n lesreeks as 'n meganisme wat die gedeelde geskiedenis van Afrikaans ten toon kan stel ten einde die versoeningsideaal van die Suid-Afrikaanse Grondwet te bewerkstellig. Só 'n lesreeks behoort by handboeke ingesluit te word, want handboeke in die verlede het versuim om die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans te verreken (Van Oort, 2008:3).

Dit is ook belangrik om kennis te neem van bestaande projekte wat fokus op inklusiewe Afrikaansonderrig om duplisering te vermy en ook om die voornemende handboek se aanslag met ander projekte te koördineer. Een só 'n projek is die Afrikaanse Taalraad (ATR) se Kurrikulum-inisiatief,²⁴ waarvolgens ondersoek ingestel word na 'n inklusiewe benadering tot Afrikaansetaalonderrig op skool. Handboekskrywers kan ook ondersteuning kry by die huidige *Drietalige Woordeboek van Kaaps*-projek en die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* se Kaapse projek ten opsigte van die insluiting van bepaalde leksikale items asook die etimologie van die betrokke leksikale items.

5.2 *Evaluering*

In die evalueringsfase moet handboekskrywers 'n omvattende ondersoek instel na die leemtes en winste van skoolhandboeke wat tans gebruik word. Dit beteken hulle moet handboeke wat tans gebruik word aan evaluering onderwerp en vasstel in watter mate die handboeke voldoen aan die kontekstuele vereistes soos onder 5.1 uiteengesit. Hier kan handboekskrywers kritiese diskoersanalise as benadering volg om die handboeke volgens die kontekstuele vereistes te analiseer. Volgens Pennycook (2004:787) fokus kritiese diskoersanalise daarop om insig te kry in "texts and practices of reading and writing in relationship to questions of social change, cultural diversity, economic equity, and political enfranchisement". Dit fokus op die verhouding tussen teks en kwessies oor sosiale verandering, kulturele diversiteit, ekonomiese billikheid en politieke deelname, en daarom is kritiese diskoersanalise die gepaste benadering om handboeke teen die agtergrond van die kontekstuele vereistes te evalueer. Só 'n ondersoek sal handboekskrywers toelaat om hulself beter te oriënteer ten opsigte van wat die leemtes en winste is met betrekking tot die verteenwoordiging van Kaapse Afrikaans in handboeke wat tans gebruik word.

5.3 *Statusbeplanning*

Volgens Du Plessis (2000:143) is statusbeplanning 'n tweeledige proses, waartydens 'n taalvariëteit eerstens as die basis van die standaardtaal geselekteer word en die gekose variëteit dan daarna funksieontwikkeling ondergaan deurdat dit in verskeie gebruikersdomeine (byvoorbeeld in die opvoedkunde, in die massamedia en in die regstelsel) geïmplementeer word.

²⁴ Hierdie inisiatief word onderneem in samewerking met 'n aantal rolspelers onder meer die Afrikaanse Onderwysnetwerk (AON), Suid-Afrikaanse Onderwysunie (SAOU) en Virtuele Instituut vir Afrikaans.

Anders as tydens standaardisering, meen Odendaal (2012:473) dat statusbeplanning tydens herstandaardisering eerstens 'n polisentriese benadering tot seleksie behoort te behels, wat beteken dat al die variëteite van 'n taal deel moet vorm van die nuwe standaardtaal. Sodoende word daar gelyke status aan al die variëteite toegeken, en dit voorkom en vernietig idees oor die verheuenheid van een variëteit bo 'n ander. Daarna moet nuwe funksies aan die betrokke variëteite toegeken word. In aansluiting by Huss en Lindgren (2011:7-8; kyk afdeling 2), voer Odendaal (2012:473) aan dat die voorheen gemarginaliseerde variëteite in gebruiksdomeine wat voorheen tot die huidige standaard beperk is, in gebruik gestel moet word ten einde die status van dié variëteite te verhoog. Dit word dus vir taalgebruikers duidelik dat hierdie variëteite ook geskik is om funksies te vervul wat tans slegs beperk is tot die bestaande standaard.

Wanneer ons dit oor die herstandaardisering van Afrikaans het, word daar eerstens verwys na die seleksie van gemarginaliseerde variëteite soos Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrikaans om deel uit te maak van die nuwe standaardtaal. Hier word daar egter net op Kaapse Afrikaans gefokus. Tydens funksieontwikkeling moet nuwe funksies aan variëteite soos Kaapse Afrikaans toegeken word. Dit behels dat Kaapse Afrikaans toenemend in die onderwys, die letterkunde, die godsdiens, die massamedia en die sakewêreld gebruik moet word.²⁵

Op só 'n manier word die legitimiteit van Kaapse Afrikaans verhoog, want dit wys vir die Afrikaanse spraakgemeenskap dat Kaapse Afrikaans ook hoër taalfunksies kan verrig.

Vir die doeleindes van hierdie bespreking word Kaapse Afrikaans geselekteer en in skoolhandboeke opgeneem om hoër taalfunksies aan Kaapse Afrikaans toe te ken en dit uiteindelik as 'n legitieme taalvorm van Afrikaans te vestig.

5.4 Korpusbeplanning

Du Plessis (2000:143) omskryf korpusbeplanning as die ontwikkeling van taalnorme vir die gekose taalvariëteit, wat insluit die ontwikkeling van 'n alfabet (verskrifteliking), die formulering van taalreëls en -norme (grammatikalisering), en uiteindelik die saamstel van woordeboeke en stylgidse vir woordeskatontwikkeling en -uitbreiding (leksikalisering). Korpusbeplanning word in twee fases uitgevoer. Tydens die eerste fase vind kodifisering plaas, wat besluite behels oor watter ortografie, grammatikale vorme en leksikale items in die nuwe standaardvariëteit opgeneem moet word (Odendaal, 2012:476).

Aangesien die kodifisering van Kaapse Afrikaans in sy totaliteit nie binne die bestek van 'n skoolhandboek moontlik is nie, stel ek voor dat daar op een afdeling van Kaapse Afrikaans gefokus word. Na my mening is Kaapse Afrikaanse idiomatiese uitdrukkings die gepaste fokusarea, want dit is kultureel verrykend en dit bied ook die geleentheid om verskeie ander areas van taalkunde te onderrig, byvoorbeeld betekenisleer en figuurlike taal, beeldspraak, stylfigure, leenwoorde en erfgoed, woordvorming en klankleer, asook spelling (KABV, 2011:53). Davids (2011), Hendricks (2016) en Basson en Le Cordeur (2018c) het reeds lyste met Kaapse Afrikaanse idioome geskep wat in die handboeke opgeneem kan word. Hier onder

²⁵ Sien Basson (2022) vir 'n historiese oorsig van die oproepe na 'n meer inklusiewe Standaardafrikaans. Voorts kan *Kaaps in Fokus* (Hendricks & Dyers, 2016) geraadpleeg word vir 'n kontekstuele beskouing oor die gebruike van Kaaps in onder andere die onderwysstelsel (Le Cordeur, 2016:83-100), massamedia (De Vries, 2016:123-136) en die ekonomie (Van der Rheede, 2016:113-122). Sien Meads (2020) se bespreking oor die waarde en funksie van Kaaps in die Afrikaanse letterkunde. Raadpleeg ook Coetzee (2017) oor die rol van Kaaps as 'n godsdiensstaal.

verskyn slegs enkele voorbeelde uit Davids (2011), Hendricks (2016) en Basson en Le Cordeur (2018c:183-184):

Davids (2011):

1. *aansit* – aanstellerig wees
2. *bus* – iemand wat baie nuuskierig is
3. *karte* – iemand wat altyd ’n storie en/of verskoning het
4. *laa-die-daa* – ’n gesiene en/of hoogdrawende persoon/persone
5. *poep op ’n lappie* – iemand is niks werd nie

Hendricks (2016:11-14):

1. *bos los* – om ’n geheim te verklap
2. *’n lange gooi* – om pad te gee
3. *jou laat maak* – om jou te verbeel
4. *min te wiet* – salig onbewus
5. *slange hang* – sonder om tyd te verkwis

Basson en Le Cordeur (2018c:183-184):

1. *iemand skaal* – ’n minagtende opmerking oor iemand maak/oordeel oor iemand vel
2. *moetie my bors warm maakie* – moet my nie kwaad maak nie
3. *ou innie stuk* – die sentrale punt van aandag
4. *vir spek en boentjies* – iets nie met die nodige erns aanpak nie
5. *vrou sit mettie remote innie hys* – die vrou lê die reëls in die huis neer

Wat betref die grammatikalisering en leksikalisering van die bovermelde idiomatiese uitdrukkings, is dit belangrik dat handboekskrywers die nodige bronne raadpleeg om seker te maak dat die idiome aansluit by die taal- en spelreëls van gepubliseerde Kaapse Afrikaanse tekste. Daar is tans ’n behoefte aan verdere navorsingsbronne oor die grammatika van Afrikaanse omgangsvariëteite soos Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrikaans. Steeds kan handboekskrywers die volgende bronne raadpleeg: die spelriglyne vir Kaapse Afrikaanse tekste by uitgewers soos NB-Uitgewers en Modjaji Books, die spelriglyne van koerante soos *Die Son* en *Rapport*, Hendricks (2016:7-26) se uiteensetting oor die taalkenmerke van Kaapse Afrikaans, die AWS, die taal- en spelriglyne van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, *SEcoKa*-projek by die Universiteit van Wes-Kaap vir duidelikheid oor die grammatikale patrone en ekologiese sintaksis van Kaapse Afrikaans asook die taal- en spelriglyne wat gevolg word in die *Drietalige-woordeboek-van-Kaaps*-projek wat tans aan die gang is.

In die tweede fase van korpusbeplanning word die taal- en spelreëls van die Kaapse Afrikaanse idiomatiese uitdrukkings in die vorm van onderrigmateriaal geïmplementeer.

5.5 Prestigebeplanning

Kaplan en Baldauf (1997:50) omskryf prestigebeplanning as die proses waartydens die sosiale waarde en aansien van die geselekteerde taalvariëteit verhoog word. Dit word gedoen deur ’n positiewe houding ten opsigte van die geselekteerde taalvariëteit by sprekers te skep, om sodoende die lewenskragtigheid van die nuwe standaardtaal te verseker. Deumert (2000:387-378) meen prestigebeplanning vind gewoonlik voor statusbeplanning plaas, aangesien die fokus daarvan is om die sosiale aansien van die gekose variëteit te verhoog. Odendaal (2012:462) verdeel prestigebeplanning in twee afdelings, naamlik bemarking en aanvaarding.

Volgens Basson (2022:116) behoort daar ’n addisionele stap, naamlik bewusmaking, bygevoeg te word. Bewusmaking behels ’n duidelike uiteensetting aan die spraakgemeenskap oor hoe die historiese en sosiopolitieke omstandighede die huidige diglossie²⁶ in Afrikaans veroorsaak het. Hierdie bewusmaking moet voor statusbeplanning onderneem word. Daarom moet prestigebeplanning myns insiens as ’n deurlopende proses tydens herstandaardisering beskou word, eerder as die voorlaaste afdeling van die herstandaardiseringsmodel.

Daar is reeds verskeie bewusmakingspogings aan die gang, onder andere aanlyn platforms soos *Vannie Kaap* se video oor die waardigheid van Kaaps waarna teen 26 Januarie 2022 alreeds 468 100 keer op Facebook en 11 979 op YouTube gekyk is. Daar is ook verskeie navorsingspublikasies soos *Die Afrikaans van die Kaapse Moslems* (Davids, 1987) en *Kaaps in Fokus* (Hendricks & Dyers, 2016) wat die legitimiteit en waardigheid van Kaapse Afrikaans op ’n akademiese vlak bevorder. In die media gebruik persone soos Anastasia de Vries (*Vrye Weekblad*) en Michael le Cordeur (*Die Burger*) hulle rubrieke om bewusmaking oor Kaapse Afrikaans te skep, terwyl skrywers soos Chase Rhys en Nathan Trantraal (*Rapport*) bewusmaking selfs verder voer deur hulle rubrieke in Kaaps te skryf. Die televisiepersoonlikheid Heindrich Wyngaard se program *KLOP* (Kô Lat Ons Praat) het al insetsels oor variëteite uitgesaai, byvoorbeeld sy onderhoud met Quentin Williams oor die *Drietalige-woordeboek-van-Kaaps*-projek en boekresensies oor literêre werke wat in Kaapse Afrikaans geskryf is. Laastens word daar ook op skoolvlak bewusmaking van die kwessie van Kaapse Afrikaans in die klaskamer beoefen. In 2020 het die jaarlikse LOK-simposium (Letterkunde-ondersteuningskomitee) afgeskop met ’n paneelgesprek met die tema “Die hantering van taalvariasie in die Afrikaans-klas”. Tydens hierdie gesprek het opvoeders hulle mening gelug oor hulle uitdagings met die onderrig van ’n hegemoniese standaardvariëteit en ’n pleidooi gelewer ten gunste van ’n buigsamer benadering tot taalonderrig, wat onder andere die aanvaarding van Kaapse Afrikaans in stelwerk insluit. Op soortgelyke wyse het die ATR in samewerking met die AON en SAOU in 2022 ’n webinarreeks genaamd “Flambojante Afrikaans” aangebied ten einde die breër publiek en spesifiek onderwysers bewus te maak van die diverse aard van die Afrikaanse taal, die legitimiteit van Afrikaanse variëteite en die noodsaaklikheid van inklusiwiteit in die Afrikaansklaskamer.

Bogenoemde bewusmakingsveldtogte moet verder onder prestigebeplanning uitgebrei word. Nadat idiomatiese uitdrukkings in Kaapse Afrikaans in die vorm van onderrigmateriaal geïmplementeer is, moet die nuwe onderrigmateriaal met Kaapse Afrikaans as deel van prestigebeplanning bemark word om ’n positiewe gesindheid by sprekers te vestig. Aangesien die nuwe standaardvariëteit hier in ’n handboek omvat word, is dit belangrik dat veral rolspelers in die onderwys betrek word. Daarom moet bemarking vir die onderrigmateriaal onder meer deur die bemarkingspan van die opvoedkundige uitgewery tydens werkwinkels met opvoeders onderneem word. Die skrywers van die handboeke kan ook in radioprogramme praatjies lewer soos *Ons en die onderwys* op Radio Sonder Grense, by onderwys-simposiums soos die jaarlikse LOK-simposium of selfs besoeke afêl by onderwysopleidingsinstansies en met voornemende

²⁶ Diglossie kan gedefinieer word as die verskynsel waartydens ’n gaping tussen twee verwante taalvorme (die standaardtaal en die omgangstaal) ontstaan het deurdat dit vir verskillende sociolinguïstiese funksies gebruik word. Ondanks die verwantskap tussen die twee taalvorme veroorsaak die voorgenome gaping dat daar ingrypende verskille tussen die twee taalvorme ontwikkel (Moeliono, 1968:50; Ponelis, 1994:14; Odendaal 2012:1-2). In die Afrikaanse spraakgemeenskap verwys dit na die gaping tussen Standaardafrikaans en omgangsvariëteite soos Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrikaans.

Afrikaansonderwysers praat. Verder kan die handboekskrywers ook artikels skryf vir die opvoedkundige afdelings in tydskrifte soos *Huisgenoot* en *Kuier* om aan lesers die doel van die projek te verduidelik en die nuwe onderrigmateriaal te bemark. Laastens kan vennootskappe met organisasies soos die Afrikaanse Taalraad (ATR), die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA) en die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (NTLA) aangegaan word om ook die nuwe onderrigmateriaal tydens hulle werksaamhede te bemark.

Die laaste afdeling van prestigebeplanning is aanvaarding, waartydens daar vasgestel word of die nuwe standaard deur die spraakgemeenskap aanvaar word en of dit wel in verskillende gebruiksdomeine toegepas word. Indien daar 'n teësinigheid by die spraakgemeenskap is om die nuwe standaard te gebruik, was die herstandaardiseringsproses nie suksesvol nie (Odendaal, 2012:488).

Binne die konteks van die Kaapse Afrikaanse idiome in skoolhandboeke, is dit veral belangrik dat dié insluiting deur rolspelers in die onderwys aanvaar word. Daarom is dit belangrik dat die nuwe onderrigmateriaal deur leerders, opvoeders, vakadviseurs, die Onderwys- en Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en uiteindelik die Departement van Basiese Onderwys (meer spesifiek die Handboekkeuringskomitee) aanvaar word. Indien die onderrigmateriaal die goedkeuring van die voormelde persone en/of instansies verkry het, kan die herstandaardiseringsproses as suksesvol beskou word, en omgekeerd.

5.6 Vernuwing

Odendaal (2012:490) beskryf die laaste fase van die herstandaardiseringsproses as vernuwing, en verdeel die fase in twee afdelings, naamlik evaluering en aanpassing. Taalbeplanners moet die nuwe standaardtaal krities evalueer op grond van die uitkomst van aanvaarding soos onder prestigebeplanning uiteengesit, aldus Odendaal (2012:490). Die nuwe standaardtaal moet ook onderwerp word aan 'n soortgelyke evalueringsproses soos onder 5.1 uiteengesit. Hiertydens moet daar vasgestel word in watter mate die nuwe standaard voldoen aan die onderskeie kontekste waarbinne dit gaan funksioneer en alle moontlike tekortkominge moet geïdentifiseer word. Nadat die evaluering voltooi is, moet die tekortkominge, soos uitgewys deur die spraakgemeenskap tydens aanvaarding, én die tekortkominge wat tydens die evalueringsproses geïdentifiseer is, aandag geniet. Hierna moet alle nodige aanpassings aan die nuwe standaardtaal gedoen word.

Handboekskrywers sal ook die vernuwingsfase moet onderneem deur die onderrigmateriaal krities te evalueer en die nodige aanpassings te doen. Ten opsigte van evaluering moet die skrywers self die onderrigmateriaal aan 'n evalueringsproses onderwerp, soos onder 5.1 uiteengesit. Met betrekking tot die uitkomst van hierdie proses moet die handboekskrywers die nodige aanpassings ten opsigte van die onderrigmateriaal doen. Nog 'n manier om die evaluering te onderneem, is om onderhoude (semigestruktureerd of in fokusgroepe) met vakadviseurs, onderwysers en leerders te doen. Tydens hierdie onderhoude kan die handboekskrywers ook opvolg vrae vra om alle onduidelikhede uit te klaar. Die handboekskrywers kan ook vraelyste gebruik as 'n instrument om te help met die evaluering. Hierna moet alle moontlike tekortkominge of leemtes in die kodifisering of funksies van die idiomatiese uitdrukkings, soos uitgewys deur die leerders/onderwysers/vakadviseurs, gehanteer word. Uiteindelik moet die aangepaste onderrigmateriaal weer aan die rolspelers in die onderwys voorgelê word ten einde hulle finale goedkeuring vir publikasie te verkry.

6. Gevolgtrekking

In hierdie artikel is die skoolhandboek as 'n praktiese bron vir die herstandaardisering van Afrikaans verken. Daar is eers aangedui hoe herstandaardisering 'n vorm van sosiale regstelling is wat die Afrikaanse taal wil demokratiseer deur variëteite soos Kaapse Afrikaans as voedingsbronne vir die standaardvariëteit te gebruik. Voorts is daar aangevoer dat, alvorens die standaardvariëteit uitgebrei kan word, Kaapse Afrikaans eers losgemaak moet word van stigmas en stereotipes deur dit as 'n legitieme taalvariëteit van Afrikaans te vestig. Hier val die klem op statusverhoging en funksieuitbreiding van Kaapse Afrikaans. Op grond van Basson (2022:128) se siening dat skoolhandboeke 'n gepaste bron is om Kaapse Afrikaans te legitimeer, is die diskursiewe aard van handboeke belig en gebruik om te illustreer hoe handboeke as 'n bron vir die legitimering van Kaapse Afrikaans aangewend kan word. Hiernaas is skoolhandboeke as bron vir die legitimering van Kaapse Afrikaans teen die agtergrond van Odendaal (2012:462) se herstandaardiseringsmodel bespreek. Daar is telkens aangetoon hoe handboeke binne elke fase van die model gebruik moet word om Kaapse Afrikaans te legitimeer.

Ten einde hierdie konseptuele artikel prakties toe te pas, sal die evalueringsfase (kyk 5.2) van die herstandaardiseringsmodel in 'n opvolgartikel onderneem word. Hiertydens sal ondersoek ingestel word na twee Afrikaanshandboeke wat tans gebruik word en na die manier waarop die demokratiseringsideale van die herstandaardiseringsprojek in die betrokke handboeke verreken word.

BIBLIOGRAFIE

Afrikaaps. 2010. Kaapstad. Plexus Films.

Alim, HS & Paris, D. 2017. What is Culturally Sustaining Pedagogy and Why Does It Matter? In Paris, D & Alim, HS (eds). *Culturally Sustaining Pedagogies: Teaching and Learning for Justice in a Changing World*. New York: Teachers College Press.

Apple, MW. 1990. The text and cultural politics. *The Journal of Educational Thought*, 24(3A):17-33.

Apple, MW & Christian-Smith, LK (eds). 1991. *The politics of the textbook*. New York. Routledge Roland.

Armstrong, N & McKenzie, I. 2015. On Prescriptivism and Ideology. *Representaciones*, XI (2):27-58.

Balie, IHT. 1986. Die 2½ eeue van Genadendal: 'n kultuurhistoriese ondersoek. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch. Universiteit Stellenbosch.

Basson, E. 2018a. Die visuele storievertelling van die Trantraal-broers se comics. *Klyntji*, <https://klyntji.com/joernaal/2018/9/16/andre-nathan-trantraal> [25 Julie 2021].

Basson, E. 2018b. 'n Kritiese ondersoek na die plek van Kaapse Afrikaanse taalkunde en kallitentiteit in die Afrikaans Huistaalklaskamer aan die hand van Kaapse Afrikaanse idiomatiese uitdrukkings. Ongepubliseerde M.Ed-verhandeling. Stellenbosch. Universiteit Stellenbosch.

Basson, E & Le Cordeur, M. 2018c. Kaapse Afrikaanse idiomatiese uitdrukkings as hulpmiddel vir 'n meer inklusiewe Afrikaanse huistaalklaskamer. *Stilet*, 30(1-2):169-187.

Basson, E. 2022. Van daar na waar? 'n Oorsigtelike blik op die herstandaardiseringsdebat van Afrikaans. *LitNet-Akadies*, 19(1). <https://www.litnet.co.za/van-daar-na-waar-n-oorsigtelike-blik-op-die-herstandaardiseringsdebat-van-afrikaans/> [30 Maart 2022].

Biocca, F. 1991. The analysis of discourses within the political ad. In Biocca (ed). *Television and political advertising. Signs, codes, and images*. New York. Routledge.

Botha, K. 1990. Afrikaans en empowerment. *Karring*, 5(1):5-9.

Bourdieu, P. 1991. *Language and symbolic power*. Cambridge. Harvard University Press.

Carstens, WAM & Le Cordeur M (reds.). 2016. *Ons kom van vêr: bydraes oor bruin Afrikaanssprekendes se rol in die ontwikkeling van Afrikaans*. Tygervallei: Naledi.

Christie, P. 2008. *Opening the doors of learning: changing schools in South Africa*. Sandton. Heinemann Publishers.

- Cloete, E. 1992. Afrikaner identity: culture, tradition and gender. *Agenda: Empowering Women for Gender Equity*, 13:42-56.
- Coetzee, OM. 2017. Waarom die Bybel in Kaaps? *LitNet*. <https://www.litnet.co.za/waarom-die-bybel-kaaps/>. [31 Oktober 2022].
- Collins, J. 2017. Dilemmas of race, register, and inequality in South Africa. *Language in Society*, 46:39-56.
- Curdt-Christiansen, XL. 2017. Language socialisation through textbooks. In Duff & May (eds). *Language Socialization, Encyclopedia of Language and Education*, 3:195-210.
- Curzan, A. 2014. *Fixing English: Prescriptivism and Language History*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Cushing, I. 2021. Policy mechanisms of the standard language ideology in England's education system. *Journal of Language, Identity and Education*, DOI:<https://doi.org/10.1080/15348458.2021.1877542>.
- Dass, S & Rinqest, A. 2017. School Fees. In Veriava, Thom & Hodgson (eds). *Basic education rights handbook, Education rights in South Africa*. Johannesburg. SECTION27.
- Davids, A. 1987. The role of Afrikaans in the history of the Cape Muslim community. In Du Plessis & Du Plessis (reds.). *Afrikaans en taalpolitiek: 15 opstelle*. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery.
- Davids, A. 2011. *The Afrikaans of the Cape Muslims from 1815 to 1915 – a sociolinguistic study*. Willemsse & Dangor (reds.). Pretoria: Protea Boekhuis.
- Department of Basic Education (DBE). 2019. Textbook evaluation report of the Ministerial Task Team – Evaluation of a Broad Sample of Existing Textbooks and Learning Materials Towards Developing a Textbook Policy that Promotes Diversity. <https://www.education.gov.za/Portals/0/Documents/Reports/Textbook%20Evaluation%20Report.pdf?ver=2019-04-05-115847-130>. [10 November 2022].
- Department of Higher Education and Training (DHET). 2020. The language policy framework for public Higher Education Institutions determined in terms of Section 27(2) of the Higher Education Act, 101 of 1997 (as amended). https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/202011/43860gon1160.pdf. [10 November 2022].
- De Vries, A. 2016. Kaaps in Koerante. In Hendricks, F. & Dyers, C. (reds.). *Kaaps in Fokus*. Stellenbosch: Sun Media.
- De Wet, JP. 1997. Afrikaans: 'n ideologiese besinning in 'n multilinguistiese Suid-Afrikaanse bestel. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Pretoria. Universiteit van Suid-Afrika.
- Departement van Basiese Onderwys (DBO). 2011. *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV): Afrikaans Huistaal graad 7-9*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Deumert, A. 2000. Language planning and policy. In Mesthrie, Swann, Deumert & Leap (eds). *Introducing Sociolinguistics*. Philadelphia: John Benjamins.
- Dick, AL. 2012. Gewone lesers aan die Kaap, c. 1680 tot 1850. *LitNet Akademies*, 9(2):653-685.
- Du Plessis, H. 2000. Taalbeplanning. In Du Plessis & Van Gensen (reds.). *Taal en stryd 1989-1999: gedenkboek*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Engelbrecht, A. 2006. Textbooks in South Africa from Apartheid to Post-Apartheid: Ideological change revealed by racial stereotyping. In Roberts-Schweitzer, Greaney en Duer (eds). *Promoting social cohesion through education case studies and tools for using textbooks and curricula*. Washington DC: The World Bank.
- Eskey, D. 1974. The case for the standard language. *College English*, 35(7):769-774.
- Esterhuysen, J. 1986. *Taalapartheid en skoolafrikaans*. Emmarentia: Taurus Uitgewers.
- Fairclough, N. 1995. *Critical discourse analysis: the critical study of language*. New York: Longman Publishing.
- FitzGerald, F. 1979. *America revised: history schoolbooks in the twentieth century*. Boston: Little, Brown & Co.
- Geland, J. 2018. Departementshoofde in Wes-Kaapse skole: die vestiging van rolle en verantwoordelike hede wat betref onderrig, leer, bestuur en leierskap. Ongepubliseerde M. Ed-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

- Gelb, S. 2004. Inequality in South Africa: nature, causes and responses. African Development and Poverty Reduction: the macro-micro linkage. Lesing gelewer tydens *Forum paper 2004*, 13-15 Oktober 2004, Lord Charles Hotel, Somerset West.
- Giliomee, H. 2014. Afrikaner nationalism, 1875–1899. In Pretorius (ed.). *A history of South Africa from the distant past to the present day*. Pretoria. Protea Book House.
- Gilson, LL & Goldberg, CB. 2015. Editors' comment: So, what is a conceptual paper? *Group & Organization Management*, 40(2):127-130.
- Grant, D. 2013. *WCED: Media release. Background to the national quintile system*, https://wcedonline.westerncape.gov.za/comms/press/2013/74_14oct.html [20 Julie 2021].
- Grebe, HP. 1999. Oosgrensafrikaans as teoretiese konstruk onder die loep. *Literator*, 20(2):47-57.
- Haugen, E. 1959. Planning for a standard language in modern Norway. *Anthropological Linguistics*, 1(3):8-21.
- Haugen, E. 1987. Language planning. In Ammon, Dittmar, Mattheier & Trudgill (eds). *Handbooks of linguistics and communication science – sociolinguistics*. Berlin: Walter de Gruyter.
- Hendricks, F. 2011. Die potensiele nut van 'n gelykevlak-perspektief op die variëteite van Afrikaans. Lesing gelewer tydens die simposium *Mainstreaming Afrikaans regional varieties*, 24–25 Januarie 2011, Suid-Afrikaanse Sentrum vir Nederland en Vlaandere, Pinelands.
- Hendricks, F. 2016a. Die aard en konteks van Kaaps: 'n Hedendaagse, verledetydse en toekomstperspektief. In Hendricks, F & Dyers, C (eds). 2016. *Kaaps in Fokus*. Stellenbosch: Sun Media.
- Hendricks, F. 2016b. The nature and context of Kaaps: a contemporary, past and future perspective. *Multilingual Margins*, 3(2):6-39.
- Hendricks, F. 2017. Die hervorming van SA en die elfde uitgawe van die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls. Referaat gelewer tydens die 4de Gents Colloquium over het Afrikaans, 10 en 11 Oktober 2017, Universiteit Gent en Gents Centrum voor het Afrikaans en de Studie van Zuid-Afrika, België.
- Hugo, D. 2010. Die tweede Afrikaanse taalbeweging. In Hugo (red.). *Halala Afrikaans*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Huss, L & Lindgren, AR. 2011. Introduction: Defining Language Emancipation. *International journal of the sociology of language*, 209:1-15.
- Ide, T, Kirchheimer, J & Bentrovato, B. 2018. School Textbooks, Peace and Conflict: an Introduction. *Global Change, Peace and Security*, 30(3):287-294.
- Jaakkola, E. 2020. Designing conceptual articles: four approaches. *AMS Review*, 10:18-26.
- Jordaan, AM. 2004. Mites rondom Afrikaans. Ongepubliseerde Ph.D-proefskrif. Pretoria. Universiteit van Pretoria.
- Kalmus, V. 2003. *School textbooks in the field of socialisation*. Estonia. Tartu Press.
- Kaplan, RB & Baldauf, RB. 1997. *Language planning. From practice to theory*. Clevedon: Multilingual Matters Ltd.
- Le Cordeur, M. 2011. Die variëteite van Afrikaans as draers van identiteit: 'n sosiokulturele perspektief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(4):758-777.
- Le Cordeur, M. 2015. Die kwessie van Kaaps: Afrikaansonderrig op skool benodig 'n meer inklusiewe benadering. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55(4):712-728.
- Le Cordeur, M. 2016. Kaaps: Tyd dat die Taal van die Kaapse Vlakte in die Formele Skool Verreken word. In Hendricks, F & Dyers, C (reds.). 2016. *Kaaps in Fokus*. Stellenbosch: Sun Media.
- Le Cordeur, M. 2020. 'n Strategie vir die insluiting van Kaapse Afrikaans by die formele skoolkurrikulum. *LitNet*. <https://www.litnet.co.za/n-strategie-vir-die-insluiting-van-kaapse-afrikaans-by-die-formele-skoolkurrikulum/> [27 Desember 2020].
- Meads, C. 2020. Om boeke in Kaaps te publiseer. *Kaapse Bibliotekaris*, 64 (1):8-13.
- Milroy, J. 2001. Language ideologies and the consequences of standardisation. *Journal of Sociolinguistics*, 5(4):530-555.
- Milroy, J. 2007. The Ideology of the Standard Language. *The Routledge Companion to Sociolinguistics*. New York: Routledge.
- Moeliono, AM. 1968. Language development and cultivation: alternative approaches in language planning. *Pacific Linguistics*, 68(D).
- Mokwena, RM. 1993. Lees is die sleutel tot taalvernuf. *Afrikaans Vandag*, 1(1):2.

- Möller, MJ. 2007. 'n Ondersoek na die ontwikkeling van praktiese riglyne vir die gebruik van visuele middele in die bereiking van graad 12-leeruitkomste na aanleiding van die Nasionale Kurrikulumverklaring van die Departement van Onderwys. Ongepubliseerde Ph.D-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Nienaber, GS & Nienaber, PJ. 1958. *Die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal*. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk.
- Nienaber, GS, Nienaber, PJ & Nienaber, CJM. 1962. *Dit was ons erns – die ontwikkeling van die Afrikaanse taal, letterkunde, boek en tydskrif*. Kaapstad: Nasionale Handelsdrukkery Bpk.
- Nkosi, B. 2013. South Africa's hidden textbook crisis. *Mail and Guardian*. <https://mg.co.za/article/2013-08-23-00-south-africas-hidden-textbook-crisis/> [28 Mei 2021].
- Nkosi, B. 2016. Lack of textbooks hampering learning at school. *Times Live*. <https://www.timeslive.co.za/news/south-africa/2016-06-02-lack-of-textbooks-hampering-learning-at-schools/> [28 Mei 2021].
- Odendaal, G. 2012. Die herstandaardisering van Afrikaans: 'n Praktiese benadering met die AWS as gevallestudie. Ongepubliseerde Ph.D-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Odendaal, G. 2014. Moet Afrikaans geherstandaardiseer word? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(4):656-674.
- Pennycook, A. 2001. *Critical applied linguistics*. Mahwah, NJ. Lawrence Erlbaum Associates.
- Pennycook, A. 2004. Critical applied linguistics. In Davies & Elder (eds). *The Handbook of Applied Linguistics*. Oxford. Blackwell Publishing Ltd.
- Pokpas, L. & Van Gensen, A. 1992. Afrikaans en ideologie in taalbeplanning: 'n stryd van standpunte. In Webb (red.). *Afrikaans ná apartheid*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Ponelis, FA. 1994. Standaardafrikaans in oorgang. In February (red.). *Taal en identiteit: Afrikaans en Nederlands*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Pradhan, U. 2017. Contesting knowledge, constructing legitimacy: knowledge making in mother-tongue education schools in Nepal. *Ethnography and Education*, 12(3):381-394.
- Pullum, GK. 2004. Ideology, Power and Linguistic Theory. *Presentation at the Annual Meeting of the Modern Language Association*, 1–15.
- Saal, E. 2019. Van “brokwa” tot “broodgoed” – op reis met Oranjerivierafrikaans (Gariep-Afrikaans). Lesing gelewer tydens die *ATR-komvandaan*-seminaar, 24 September 2019, Afrikaanse Taalraad en Erfenisstigting, Eersterust.
- Siegel, J. 2006. Language ideologies and the education of speakers of marginalized language varieties: Adopting a critical awareness approach. *Linguistics and Education*, 17:157-174.
- Slabbert, F Van Zyl. 1999. *Afrikaner Afrikaans: anekdotes en analise*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Spaull, N. 2013. Poverty and privilege: primary school inequality in South Africa. *International Journal of Educational Development*, 33:436-447.
- Stander, M & Jenkinson, AG. 1993. Geïnstansionaliseerde taal binne 'n nuwe bedeling. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 11(1):30-37.
- Straaijer, R. 2016. Attitudes to prescriptivism: an introduction. *Journal of Multilingual and Multicultural Development*, 37(3): 233-242.
- Steyn, JC. 1987. *Trouwe Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg.
- Stone, G. 2002. The lexicon and sociolinguistic codes of the working-class Afrikaans-speaking Cape Peninsula coloured community. In Mesthrie (ed.). *Language in South Africa*. Cape Town: Cambridge University Press.
- University of Chicago Law School – Global Human Rights Clinic. 2020. Access denied: Internet access and the right to education in South Africa. *Global Human Rights Clinic*, 1:1-53.
- Van de Rheede, I. 1992. Die skool, Afrikaans en die kurrikulum. In Webb (red.). *Afrikaans ná apartheid*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van den Heever, R. 1987. *Tree na vryheid*. Kaapstad: Kaaplandse Professionele Onderwysersunie.
- Van den Heever, R (red.). 1988. *Afrikaans en bevryding*. Kaapstad: Kaaplandse Professionele Onderwysersunie.
- Van Dyk, H & White, CJ. 2019. Theory and practice of the quintile ranking of schools in South Africa: a financial management perspective. *South African Journal of Education*, 39(1):1-9.

- Van Heerden, M. 2018. Genadendal: 'n erfenisjuweel. *LitNet*, <https://www.litnet.co.za/genadendal-n-erfenisjuweel/> [1 Maart 2022].
- Van Huyssteen, G & S. Pilon. 2021. Standaardisering as 'n produk van die tydsges. Referaat gelewer tydens LitNet se virtuele simposium *Ontlaering 2021: Geworteldheid – die onderrig van Afrikaans in spesifieke ruimtes*, 29 en 30 April.
- Van Keymeulen, J. 2018. Het afschalen van het Afrikaans: een politieke stommitieit. *Literator*, 39(2):1-4.
- Van Leeuwen, T. 2007. Legitimation in discourse and communication. *Discourse and Communication*, 1(1):91-112.
- Van Oort, CP. 2008. Die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans: 'n inklusiewe perspektief en implementering in 'n lesreeks. Ongepubliseerde Ph.D-proefskrif. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Van Rensburg, C. 1992. Die demokratisering van Afrikaans. In Webb, VN. (red.). 1992. *Afrikaans ná apartheid*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Rensburg, C. 2012. *Só kry ons Afrikaans*. Kaapstad: Lapa Uitgewers.
- Van Rensburg, C. 2017. Die dag toe slim sy baas gevang het. *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 48:51-66.
- Versteegh, K. 2015. Islamic learning in Arabic-Afrikaans between Malay model and ottoman reform. *Wacana*, 16(2):284-303.
- Wade, RD. 1996. An investigation of the putative restandardisation of South African English in the direction of a 'new' English, black South African English. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Durban: Universiteit van Natal.
- Webb, V. 1997. Afrikaans in een democratiserend Zuid-Afrika. *Ons erfdeel*, 40(2):225-236.
- Webb, V. 2000. Die rekonstruksie van die Afrikaanse werklikheid en handboekvernuwing: repliek op Jan Esterhuysen. In Du Plessis & Van Gensen (reds.). *Taal en stryd 1989-1999: gedenkbundel*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD). 2013. Background to the national quintile system. https://wcedonline.westerncape.gov.za/comms/press/2013/74_14oct.html [20 Julie 2021].
- Willemse, H. 2009. Verandering en toekoms: om 'n kreoolse Afrikaans te bedink. Lesing gelewer tydens die *Roots*-konferensie, 22 en 23 September, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville.
- Willemse, H. 2011. Afrikaanse variëteite: voorlopige kantaantekeninge by die veelkantige storie van Afrikaanssprekendes. Lesing gelewer tydens simposium *Mainstreaming Afrikaans regional varieties*, 24 en 25 Januarie, Suid-Afrikaanse Sentrum vir Nederland en Vlaandere, Pinelands.
- Willemse, H. (red.). 2018. *Die Afrikaans van die Kaapse Moslems*. Bellville: Hansa Reproprint.
- Wissing, D. 2017. Die vokaalstelsel van Genadendalse Afrikaans: 'n verkenning. *LitNet Akademies*, 14(3):190-214.

Skoolgebaseerde bewegingsontwikkelingsprogramme en die motoriese behendigheid van graad 1-leerders: Die NW-CHILD-studie

School-based movement development programmes and motor performance of Grade 1 learners: The NW-CHILD Study

CHANELLE KEMP

Fisieke Aktiwiteit, Sport en Rekreasie (FASReK)
Skool vir Psigo-Sosiale Onderwys
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
E-pos: Chanelle.Kemp@nwu.ac.za



Chanelle Kemp



Anita Pienaar

ANITA E PIENAAR

Fisieke Aktiwiteit, Sport en Rekreasie (FASReK)
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
E-pos: Anita.Pienaar@nwu.ac.za

DORITA DU TOIT

Skool vir Psigo-Sosiale Onderwys
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
E-pos: Dorita.duToit@nwu.ac.za



Dorita du Toit

CHANELLE KEMP is 'n lektor in die Skool vir Psigo-Sosiale onderwys aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom Kampus. Sy behaal die grade BSc Menslike Bewegingskunde & Voeding (2005), Honneurs in Kinderkinetika (2006), MSc in Menslike Bewegingskunde (2009) en PhD in Menslike Bewegingskunde (2013) aan die NWU. Sy behaal ook haar nagraadse Onderwysertifikaat (2018) aan Unisa. Sy is sedert 2021 aan die NWU verbonde, waar sy verskeie modules op voorgraadse vlak aanbied en is ook betrokke by studieleiding aan M- en PhD-studente. Sy was vir 10 jaar onderwyser by verskeie laerskole in die veld van Liggaamlike

CHANELLE KEMP is a lecturer in the School of Psycho-Social Education at the North-West University (NWU), Potchefstroom Campus. She obtained the following degrees: BSc Human Movement Science & Nutrition (2005), Honours in Kinderkinetics (2006), MSc in Human Movement Science (2009) and PhD in Human Movement Science (2013) at the NWU. She also obtained her post-graduate Certificate in Education (2018) at Unisa. In 2021 she joined the academic staff of the NWU, where her academic responsibilities include modules on undergraduate level as well as guidance to several Masters and Doctoral students in the field of

Datums:

Ontvang: 2022-04-26

Goedgekeur: 2022-09-27

Gepubliseer: Desember 2022

<p>Opvoeding. Haar navorsingsbelangstelling sluit in motoriese ontwikkeling, leerverwante probleme, fisieke aktiwiteit, obesiteit by kinders, liggaamlike opvoeding en vroeë intervensieprosesse.</p>	<p>Physical Education. She was a teacher for a period of 10 years at various primary schools in the field of Physical Education. Her research interests include motor development, learning-related problems, physical activity, obesity in children, physical education and early intervention processes.</p>
<p>ANITA E PIENAAR is professor in die Skool vir Menslike Bewegings Wetenskap aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom-kampus. Sy behaal haar PhD-graad in 1994 aan die destydse PU vir CHO. Haar onderrigtaak by die NWU sluit die aanbieding van modules op voor- en nagraadse vlak in, asook studieleiding in verskeie M- en D-studente binne die veld van Kinderkinetika en Sportwetenskap. Sy speel 'n leidende rol in verskeie navorsingsprojekte, nl. dié wat handel oor die groei, perseptueel-motoriese en fisieke ontwikkeling van kinders en die invloed van verskeie faktore binne die konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing op kinders se skool- en sportprestasie, wat die verbetering daarvan insluit. Sy ontvang in 2012 'n erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir haar vakkundige bydrae tot kennisontwikkeling op hierdie terrein.</p>	<p>ANITA E PIENAAR is a professor in the School of Human Movement Science at the North-West University (NWU). She obtained the PhD degree at the former PU for CHE in 1994. Her teaching responsibilities at the NWU include modules on undergraduate and post-graduate levels as well as guidance to several Masters and Doctoral students in the field of Kinderkinetics and Sport Science. She provides a leading role in several research projects concerning the growth, perceptual-motor and physical development of children and the influence of different factors within the context of the South African population on children's school- and sport performance, including the improvement thereof. In 2012 she was awarded an honorary medal from the South African Academy for Science and Arts for her contribution towards the expansion of subject-specific knowledge in this field.</p>
<p>DORITA DU TOIT is mede-professor in die Skool vir Psigo-Sosiale Onderwys aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom-kampus. Sy behaal die grade BA Menslike Bewegingskunde (1992), Honneurs in Menslike Bewegingskunde (1993), MA in Menslike Bewegingskunde (1996) en PhD in Menslike Bewegingskunde (2002) aan die NWU. Sy behaal ook haar nagraadse onderwysertifikaat (2003) aan die NWU. Sy is sedert 2002 aan die NWU verbonde. Haar onderrigtaak by die NWU sluit die aanbieding van modules op voor- en nagraadse vlak, asook studieleiding aan verskeie M- en D-studente binne die veld van Bewegingsonderwys in. Sy speel 'n leidende rol in verskeie navorsingsprojekte wat handel oor liggaamlike opvoeding. Haar navorsingsbelangstellings sluit Liggaamlike Opvoeding, motoriese leer en motoriese ontwikkeling in.</p>	<p>DORITA DU TOIT is an associate Professor in the School of Psycho-Social Education at the North-West University (NWU), Potchefstroom Campus. She obtained the following degrees: BA Human Movement Science (1992), Honours in Human Movement Science (1993), MA in Human Movement Science (1996) and PhD in Human Movement Science (2002) at the NWU. She also obtained her post-graduate Certificate in Education (2003) at the NWU. In 2002 she joined the academic staff of NWU, where her academic responsibilities include modules on undergraduate and post-graduate levels as well as guidance to several Masters and Doctoral students in the field of Physical Education. She plays a leading role in various research projects dealing with Physical Education. Her research interests include Physical Education, motor learning and motor development.</p>

ABSTRACT***School-based movement development programmes and motor performance of Grade 1 learners: The NW-CHILD Study***

Research shows that school beginners often show insufficient motor proficiency. When children in South Africa reach school going age, in the year they turn seven, they are expected to have already mastered the most fundamental movement skills which include object-control and locomotor skills. However, the diversity of the composition of the South African population poses several challenges to the perceptual-motor development of school beginners. Insufficient stimulation of perceptual-motor development and fundamental motor skills during the pre-school years, contributes to Grade 1 learners often already experiencing movement backlogs when they start the formal school phase. Physical Education, which was a compulsory school subject in the past, played an important role in the development of movement skills of especially young children. In this respect, the school environment offered the opportunity to provide children with the early building-blocks of lifelong participation in movement, as children spend a large part of their young life at school. However, the exclusion of Physical Education in schools, results in children being only minimally or not at all exposed to movement. In South Africa, until 2011, about 25% of the total time spent in all the learning areas in the Foundation Phase (Gr.1 – Gr.3) was spent on life skills. Only 33% of this 25% was allocated to physical development and movement. Although Physical Education has since 2012, been returned to the National School Curriculum in South Africa, many processes must be put into place to restore it back to its full potential. This includes adequate resources and trained physical education teachers, especially in schools where school starters are already experiencing backlogs in their perceptual-motor development due to socio-economic factors. An adequate perceptual-motor skill foundation appears to have a significant effect on the quality of children's lives, and possibly on their intellectual productivity and school success later in life, and therefore participation in movement development programs for the school beginner is essential. This study aimed to determine the effect of two school-based movement development programs, based on different intervention approaches, on the motor performance of Grade 1 learners in the North-West province of South Africa. The study is a sub study within a longitudinal study that started with Grade 1 learners in the North-West province of South Africa (NW-CHILD Study). Two schools were selected to participate in this sub study from one of four school districts and from one town, based on availability, from the total sample of 20 schools in the study. The schools participated in a 21-week intervention and included 75 learners (School 1 = 40 and School 2 = 35), with a mean age of 6.66 years (± 0.24 SD). Motor performance was measured using the Bruininks-Oseretsky Test of Motor Proficiency-2 short version. The movement development program of school 1 was based on a process-oriented approach, while school 2 followed a program that was based on a product-oriented approach. Both movement development programs contributed to significant improvement, although in different motor performance sub-components, which could be attributed to the approaches followed in these programs. The process-oriented program contributed to a greater degree of motor proficiency improvement than the task-oriented program, which could be ascribed to the underlying processes of motor performance that were addressed in this intervention approach, which again contributed to improved bilateral integration. Such improvement of motor proficiency can be attributed to the composition of the programs and the knowledge of the specialists who presented the programs. Attention to the content and the approach of delivery (process and task oriented) are important to be taken into consideration when compiling movement

development programs to optimize the results. It is also imperative that such programs are offered by specialists in the field of motor development, to be able to fully support learners who also display inadequate motor proficiency.

KEYWORDS: School-based movement developmental programs, motor proficiency, children, intervention; process-oriented approach, product-oriented approach, fine motor precision, fine motor integration, manual dexterity, bilateral coordination, balance, running speed & agility, upper-limb coordination, strength

TREFWOORDE: Skoolgebaseerde bewegingsprogramme, motoriese behendigheid, kinders, intervensie; proses-georiënteerde benadering, produk-georiënteerde benadering, fynmotoriese presisie, fynmotoriese integrasie, handratsheid, bilaterale koördinasie, balans, hardloopspoed en ratsheid, boonste ledemaatkoördinasie, krag

OPSOMMING

Navorsing toon dat skoolbeginners gereeld onvoldoende motoriese behendigheid toon. Die doel van die studie was om die effek van twee skoolgebaseerde bewegingsontwikkelingsprogramme, gebaseer op verskillende intervensiebenaderings, op die motoriese behendigheid van Graad 1-leerders in die Noordwes-Provinsie van Suid-Afrika te bepaal. Die substudie het deel uitgemaak van 'n longitudinale studie wat met Graad 1-leerders in die Noordwes-Provinsie van Suid-Afrika begin is (NW-CHILD Studie). Twee skole is vanuit een van die vier skooldistrikte in die studie op 'n beskikbaarheidsbasis vanuit die totale steekproef van 20 skole in een dorpsgebied geselekteer om aan die studie deel te neem. Die skole het aan die intervensie vir 21 weke deelgeneem, en het bestaan uit 75 leerders (Skool 1=40 en Skool 2=35), met 'n gemiddelde ouderdom van 6.66 jaar (± 0.24 sa). Die Bruininks-Oseretsky Test of Motor Proficiency-2 verkorte weergawe is gebruik om motoriese behendigheid te bepaal. Die bewegingsontwikkelingsprogram van Skool 1 het berus op 'n proses-georiënteerde benadering, terwyl Skool 2 'n program gevolg het wat op 'n produk-georiënteerde benadering berus het. Beide bewegingsontwikkelingsprogramme het bygedra tot betekenisvolle verbetering, maar in verskillende motoriese behendigheid subkomponente, wat toegeskryf word aan die benaderings wat in dié programme gevolg is. Die inhoud sowel as die wyse van aanbieding (proses- en taakgeoriënteerd) is beide belangrik om in ag te neem in bewegingsontwikkelingsprogramme om optimale resultate te verseker. Dit is ook belangrik dat spesialiste in die veld van motoriese ontwikkeling sodanige programme moet aanbied om ook leerders met onvoldoende motoriese behendigheid te ondersteun.

1. Inleiding

Fundamentele motoriese vaardighede en perseptueel-motoriese vermoëns is belangrik in die leerproses en gevolglik belangrike vaardighede vir die skoolbeginner om te bemeester (Gabbard, 2018:214). Beweging word as 'n voorvereiste vir leergereedheid beskou, aangesien dit die basis voorsien om die brein vir akademiese werk te integreer (Muallem *et al.*, 2018:5). Dit vorm ook die basis van perseptuele, affektiewe en kognitiewe funksionering (Zeng *et al.*, 2017:11) en dra ook by tot luister-, lees-, skryf-, taalvaardighede en selfkonsep (Gabbard, 2018:327) wat die kind benodig om aan skolastiese eise te kan voldoen. Volgens Goddard-

Blythe (2000:154) is “Aandag (A)”, “Balans (B)”; en “Koördinasie (C)” die primêre “ABC” waarop leer berus. Indien hierdie vaardighede nie voldoende ontwikkel is teen die tyd dat die kind met formele skool begin nie, kan dit tot gevolg hê dat kinders spesifieke leerprobleme ontwikkel (Fredericks *et al.*, 2006:40). Die skoolbeginner is in die fase waar optimale ontwikkeling van perseptueel-motoriese vaardighede, soos ruimtelike oriëntasie en liggaamsbewustheid, van kardinale belang is, aangesien die sensitiewe tydperk vir die ontwikkeling van perseptueel-motoriese vaardighede tussen 3.5 jaar en 7 jaar is (Gabbard, 2018:9). Die fundamentele motoriese vaardighede wat in hierdie tydperk ontwikkel (lokomotoriese, balans- en objekkontrolevaardighede), word beskou as boublokke vir meer komplekse motoriese en sportvaardighede (Gabbard, 2018:13). Kinders met onvoldoende fundamentele motoriese vaardighede is geneig om gevorderde motoriese vaardighede moeiliker te bemeester en ervaar dikwels ’n groot mate van frustrasie wat genotvolle deelname aan sport kan beïnvloed (Clark, 2007:43).

Volgens die tydsraamwerk van motoriese ontwikkeling soos deur Gabbard (2018:7) en Gallahue *et al.* (2012:12) beskryf, wanneer kinders in Suid-Afrika skoolgaande ouderdom bereik (in die jaar wat hulle sewe word), word daar verwag dat hulle alreeds die meeste fundamentele bewegingsvaardighede wat objekkontrole- en lokomotoriese vaardighede insluit, bemeester het. Navorsing toon egter dat skoolbeginners onvoldoende lokomotoriese, objekkontrole-, balans-, krag- en ratsheidsvaardighede toon en dat dié vaardighede van leerders nog nie bemeester is nie (Van Beurden *et al.*, 2003:493; Okely & Booth, 2004:358; Africa & Van Deventer, 2005:1; Mak *et al.*, 2010:88; Pienaar & Kemp, 2014:167; Tsikata *et al.*, 2021:19). Deelname aan bewegingsontwikkelingsprogramme word dus genoodsaak om bemeestering van die leerders se fundamentele en perseptueel-motoriese vaardighede te bewerkstellig.

Die diversiteit van die Suid-Afrikaanse bevolkingsamestelling stel verskeie uitdagings aan die perseptueel-motoriese ontwikkeling van skoolbeginners. Tans word meer as ses uit elke tien kinders in Suid-Afrika in armoede groot (Statistics South Africa, 2020) en talle kinders onder die ouderdom van 6 jaar het geen toegang tot vroeë kinderontwikkelingsprogramme nie (Hall *et al.*, 2016:8). Adeyemi-Walker *et al.* (2018:11) bevestig in dié verband dat kinders wat in agtergeblewe gemeenskappe grootword, agterstande toon met betrekking tot objekkontrole- en lokomotoriese vaardighede. ’n Suid-Afrikaanse studie op kinders vanuit lae sosio-ekonomiese omstandighede bevestig verder in dié verband dat die motoriese en sensoriese ontwikkeling van 5- tot 6-jarige kinders agterstande van tot 12 maande toon in vergelyking met hul chronologiese ouderdom (Pienaar *et al.*, 2007:304). Navorsing toon verder dat 25% van leerders in sekere dele van Suid-Afrika vanuit agtergeblewe gemeenskappe, nie Graad 1 geslaag het nie (Departement van Nasionale Onderwys, 2003; Mouton *et al.*, 2013:31). Erasmus *et al.* (2011:60) dui aan dat die vlak van leergereedheid van die Graad 1-leerders onder andere deur perseptueel-motoriese stimulasie in die voorskooljare bepaal word. Die onvoldoende stimulasie van perseptueel-motoriese vaardighede, asook fundamentele motoriese vaardighede tydens die voorskooljare, het gevolglik tot gevolg dat Graad 1-leerders dikwels ’n bewegingsagterstand het wanneer hulle met die formele skoolfase begin (De Waal & Pienaar, 2020:671).

Liggaamlike Opvoeding, wat in die verlede ’n verpligte skoolvak was, het ’n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van bewegingsvaardighede van veral jong kinders. Die skoolomgewing bied in dié opsig die geleentheid om aan kinders die vroeë boublokke van lewenslange deelname aan beweging te voorsien, aangesien kinders ’n groot deel van hulle jong lewe by die skool spandeer (Chen, 2015:77). Die huidige situasie rakende die toepassing, maar meer spesifiek die weglating van Liggaamlike Opvoeding in skole, het egter tot gevolg

dat kinders slegs minimaal of glad nie aan beweging blootgestel word nie (Burnett, 2020:194). In Suid-Afrika is daar tot en met 2011 25% van die totale tydskuur van al die leerareas in die Grondslagfase (Gr1 – Gr3) spandeer aan lewensvaardighede. Slegs 33% van hierdie 25% is beskikbaar gemaak vir liggaamlike ontwikkeling en beweging (Rajput & Van Deventer, 2010:142). Alhoewel Liggaamlike Opvoeding vanaf 2012 terug in die Nasionale skoolkurrikulum van Suid-Afrika geplaas is, moet baie prosesse in plek kom om die vak weer tot sy volle reg te laat kom. Dit sluit in voldoende hulpmiddels en opgeleide liggaamlike opvoeding-onderwysers, veral in skole waar skoolbeginners reeds weens sosio-ekonomiese faktore agterstande in hulle perseptueel-motoriese ontwikkeling ervaar. Navorsing in dié verband wat deur Erasmus *et al.* (2011:59) en Stroebel *et al.* (2017:163) uitgevoer is, het gevind dat onderwysers nie voldoende opgelei is vir vroeë kinderontwikkelingsbehoefte nie en dat skole vanuit agtergeblewe areas nie oor genoegsame hulpbronne vir voldoende motoriese ontwikkeling in die tydperk beskik nie.

Verskeie studies het al die waarde van bewegingsontwikkelingsprogramme ondersoek (Goodway & Branta, 2003:36; Goodway *et al.*, 2003:298; Deli *et al.*, 2006:5; Pienaar *et al.*, 2011:113) wat die belang van die implementering van sodanige programme in die vroeë kinderjare bevestig het. Die studies is egter meestal op voorskoolse kinders uitgevoer en rapporteer beduidende verbetering in fundamentele vaardighede, balans, visueel-motoriese vaardighede, asook kognitiewe vaardighede. Studies wat wel op skoolbeginners uitgevoer is, toon dat programme wat fokus op fundamentele bewegingsvaardighede, wel dié vaardighede van die kinders verbeter het (Karabourniotis *et al.*, 2002:1259; Van Beurden *et al.*, 2003:493; Tompsett *et al.*, 2017:1795; Ruiz-Esteban *et al.*, 2020:4891). Krüger (2002:188) se studie oor Graad 1-leerders in Suid-Afrika het aangetoon dat 'n motoriese vaardighedsprogram van 8 weke die soepelheidsvaardighede asook hand-oog-koördinasie van die kinders verbeter het. Studies het ook al gesondheidsbevorderende voordele van bewegingsontwikkelingsprogramme by skoolbeginners ondersoek (Graf *et al.*, 2005:291) weens die groterwordende onaktiewe leefwyse van kinders op 'n jong ouderdom (Keller, 2008:58; Mak *et al.*, 2010:91).

Dit blyk gevolglik dat 'n voldoende perseptueel-motoriese vaardighedsfondasie 'n betekenisvolle effek op die kwaliteit van die kind se lewe, sowel as op sy intellektuele produktiwiteit en skoolsukses later in sy lewe, kan uitoefen. Dit is gevolglik van kritieke belang vir die skoolbeginner om aan bewegingsontwikkelingsprogramme blootgestel te word. Navorsers (Venetsanou & Kambas, 2009:324; Mavildi *et al.* 2017:281) rapporteer in dié verband dat bewegingsontwikkelingsprogramme 'n belangrike voorkomende effek kan uitoefen en gevolglik 'n betekenisvolle opvoedkundige middel is wat benut moet word. Navorsing toon ook dat Suid-Afrika se populasie uit groot hoeveelhede kinders uit agtergeblewe gemeenskappe bestaan wat veral aandag noodsaak as gevolg van fundamentele vaardighede en perseptueel-motoriese agterstande wat by kinders uit risiko-omgewings gerapporteer word (Uys & Pienaar, 2010:131; Atmore *et al.*, 2012:123; Bruwer *et al.*, 2014:23; Durand *et al.*, 2019:200; Giese *et al.*, 2022:19).

Jong kinders het unieke, diverse en omvattende ontwikkelingsbehoefte en ontwikkelingsprogramme wat tydens hierdie tydperk aangebied word, stel daarom verskeie uitdagings ten einde suksesvol te wees (Pienaar, 2020:163). Kundiges wat die onderbou of boustene van beweging verstaan en sodoende meer effektiewe hulp kan verleen aan leerders met agterstande, is gevolglik belangrik om die sukses van bewegingsprogramme te verhoog. In dié verband word studies wat taak- en prosesgeoriënteerde benaderings gevolg het, gerapporteer (Fredericks *et al.*, 2006:29; Mannisto *et al.*, 2006:273; Matvienko & Ahrabi-Fard, 2010:299; Pienaar *et al.*, 2011:113). Taakgeoriënteerde benaderings het ten doel om die eindproduk te verbeter en

derhalwe die kwaliteit van uitvoering van 'n spesifieke vaardigheid te verhoog, terwyl prosesgeoriënteerde benaderings ten doel het om primêr die onderliggende prosesse wat betrokke is by die leerproses, te beïnvloed. Hierdie onderliggende prosesse sluit in sensoriese funksie, aandag en beplanning en word beskou as voorvereistes vir die bemeestering van motoriese vaardighede (Adolph & Franchak, 2017:1). In 'n sistematiese oorsigstudie wat 26 studies ingesluit het, het Smith-Engelsman *et al.* (2013:234) in hierdie verband die effektiwiteit van verskillende motoriese intervensie-benaderings met betrekking tot die verbetering van kinders se motoriese vaardighede vergelyk, en gevind dat die effektiwiteit van die taakgeoriënteerde benadering betekenisvol beter was as dié van die prosesgeoriënteerde benadering. Ook Ashkenazi (2015:21) kom in die literatuuroorsig van sy ondersoek na die effektiwiteit van verskillende intervensieprogramme op die motoriese vaardighede van jong kinders in Israel, tot die gevolgtrekking dat taakgeoriënteerde intervensies beter resultate lewer as prosesgeoriënteerde intervensies. Vanuit 'n kliniese oogpunt beskou, beveel die mees resente beste praktykbeginsels aan dat taakgeoriënteerde intervensies eerder vir terapie gebruik moet word as prosesgebaseerde intervensies, weens minder sterk bevindinge wat vanuit vorige, prosesgebaseerde benaderingstudies, gerapporteer is. Daar word egter ook steeds leemtes in hierdie navorsingsveld uitgelig wat verdere navorsing noodsaak om teenstrydighede op te klaar (Montgomery, *et al.*, 2018:4; Pienaar, 2020:222). Hierdie tipe intervensiebenaderings is egter ook nog nie getoets in die algemene populasie van skoolbeginners, wat meer tipies ontwikkelende kinders verteenwoordig nie. Die vraag word gevolglik gevra of dieselfde uitkomst gesien sal word wanneer bewegingsontwikkelingsprogramme saamgestel word vir meer tipes ontwikkelende kinders wanneer die inhoud en uitvoering asook doelwitte van sodanige programme op verskillende intervensiebeginsels gebaseer is. Die doel van hierdie studie is gevolglik om die effek van skoolgebaseerde bewegingsontwikkelingsprogramme, aangebied deur kundiges en gebaseer op proses- en taakbenaderings, op die motoriese behendigheid van Graad 1-leerders in die Noordwes-Provinsie van Suid-Afrika te bepaal.

2. Metode van ondersoek

2.1 Ondersoekgroep

Hierdie studie maak deel uit van 'n omvattende studie wat op Graad 1-leerders in die Noordwes-Provinsie van Suid-Afrika uitgevoer is (NW-CHILD Study) (Child-Health-Integrated-with-Learning and Development). Graad 1-leerders in die Noordwes-Provinsie van Suid-Afrika het gedien as teikenpopulasie vir die studie. Die totale steekproef wat uit 880 Graad 1-leerders bestaan het, is deur middel van 'n gestratifiseerde ewekansige steekproef in samewerking met die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit geselekteer. Om die steekproef te bepaal, is 'n lys name van skole in die Noordwes-Provinsie verkry wat deur die Departement van Basiese Onderwys verskaf is. Uit die lys skole in die Noordwes-Provinsie wat in 4 onderwysdistrikte gegroepeer is en elk 12-22 streke met ongeveer 20 skole (minimum 12, maksimum 47) per streek verteenwoordig, is streke en skole ewekansig met betrekking tot populasiedigtheid en skoolstatus (kwintiel 1-skole uit swak ekonomiese gebiede tot kwintiel 5-skole uit goeie ekonomiese gebiede) gekies. Seuns en dogters in Graad 1 is dan ewekansig uit elke skool geselekteer. Twintig skole, met 'n minimum van 40 kinders per skool, met 'n gelyke verdeling van geslagte, is by die studie betrek. Die twee skole wat aan die voortoetsnatoets gedeelte van die studie deelgeneem het, is op 'n beskikbaarheidsbasis vanuit die totale steekproef in een skooldistrik en dorpsgebied geselekteer en het 75 leerders in totaal ingesluit

(Skool 1=40 en Skool 2=35) (Gemiddelde ouderom 6.6 jaar), wat aan die twee verskillende ontwikkelingsprogramme deelgeneem het. Slegs leerders wat aan geen ander sportsoort deelgeneem het nie, is by die studie betrek. Die skole het 'n kwintiel 4 en 5 skoolkwintielstatus wat hulle in die hoër SES-kategorie plaas.

2.2 Meetinstrumente

2.2.1 Bruininks-Oseretsky Test of Motor-Proficiency (BOT-2 SF)

Die Bruininks-Oseretsky Test of Motor-Proficiency (tweede uitgawe) (BOT-2) (Bruininks & Bruininks, 2005) se verkorte weergawe, wat gevalideer is teen die volledige weergawe en uit 14 items bestaan, is gebruik om die kinders se motoriese behendigheid te evalueer. Die toetsbattery word individueel geëvalueer om fyn- sowel as grootmotoriese vaardighede van kinders te bepaal. Hierdie normgebaseerde meetinstrument is geskik vir gebruik by 4- tot 21-jariges (Bruininks & Bruininks, 2005). Die BOT-2 evalueer vaardighede in vier motoriese-areakomponente en bestaan uit fynmotoriese vaardighede (word verdeel in fynmotoriese presisie en fynmotoriese integrasie); handkoördinasie (word verdeel in handratsheid en boonsteledemaat-koördinasie); liggaamskoördinasie (word verdeel in bilaterale koördinasie en balans); en krag- en ratsheidkomponent (word verdeel in hardloopspoed, ratsheid en krag). Die routelling is verwerk na 'n punttelling vir elke subkomponent (fynmotoriese presisie (maksimum=14), fynmotoriese integrasie (maksimum=10), handratsheid (maksimum=9), bilaterale integrasie (maksimum=7), balans (maksimum=8), hardloopspoed en ratsheid (maksimum=10), boonste ledemaatkoördinasie (maksimum=12) en krag (maksimum=18). Hierdie afsonderlike subpunttelling word na 'n totale punttelling vir motoriese behendigheid verwerk (maksimum=88) waaruit 'n standaardtelling en persentielwaarde bereken word. Die BOT-2 word as 'n betroubare toetsbattery beskou wat geldigheid toon van $r=0.75$ en $r=0.80$ (Bruininks & Bruininks, 2005:64). Die bemeesteringskategorieë wat vir die toetstotaal se standaardtellings gerapporteer word in die BOT-2-handleiding is soos volg: ver bogemiddeld (standaardtelling >70); bogemiddeld (standaardtelling 60-69); gemiddeld (standaardtelling 41-59); ondergemiddeld (standaardtelling 31-40); ver ondergemiddeld (standaardtelling <30).

2.2.2 Antropometrie

Antropometriese metings is geneem, aangesien navorsing getoon het dat liggaamsamestelling 'n effek op leerders se motoriese vaardighede het (Webster *et al.*, 2021:7). Antropometriese metings het ingesluit liggaamsmassa (kg), liggaamslengte (cm) en velvoue (trisepe en subskalupêre, mm). Hierdie metings is gemeet deur opgeleide honneursstudente in Menslike Bewegingskunde. Liggaamsmassa is gemeet met 'n elektroniese skaal en liggaamslengte is gemeet met 'n Harpenden-stadiometer. Velvoue is gemeet met 'n Harpenden-velvoukaliper en is gebruik om vetpersentasie te bereken. Die Internasionale aangepaste ouderdomsafsnypunte, soos voorsien deur Cole *et al.* (2000:1243), is gebruik om oorgewig en obesiteit by die leerders te bepaal.

3. Prosedure

3.1 Navorsingsprosedure

Etiese goedkeuring vir die uitvoering van die studie is by die Etiekkomitee van die NWU verkry (No. NW-00070-09-A1), sowel as toestemming van die Onderwysdepartement van die Noordwes-Provinsie. Skoolhoofde van die onderskeie geïdentifiseerde skole is toestemming gevra vir insameling van die data tydens skoolure. Sestig Graad 1-leerders is in elke geselekteerde skool ewekansig geselekteer en het vorms vir ingeligte toestemming ontvang wat deur die leerders se ouers ingevul moes word. Die leerders, sowel as leerders se ouers wat positief op genoemde vorms gereageer het, het die toetsings ondergaan. Die Bruininks-Oseretsky (tweede uitgawe) toetsbattery se verkorte weergawe is gebruik om die leerders se motoriese behendigheid te bepaal. Indien Engels nie die eerste taal van die proefpersone was nie, is opgeleide tolke gebruik om die instruksies van die evalueerder aan die proefpersoon te tolk. Twee skole in een van die onderwysdistrikte en dorp is geselekteer en het beide 'n 21-weke lange bewegingsontwikkelingsprogram gevolg in die tydperk tussen die voortoets en die natoets.

3.2 Bewegingsontwikkelingsprogramme

Albei die bewegingsontwikkelingsprogramme wat gevolg is, is as deel van die lewensvaardighede-leerarea aangebied, en het voldoen aan die riglyne wat neergelê is vir Liggaamlike Opvoeding (South African Department of Basic Education [SADBE], 2011). Albei die bewegingsontwikkelingsprogramme het bestaan uit sessies van 35 minute wat een keer per week vir 21 weke tydens skoolure gevolg is. Albei programme het in Maart ná die voortoets begin en is in November voltooi waarna die natoets uitgevoer is. Skoolvakansie het gestrek van 27 Maart – 11 April; 10 Junie – 12 Julie en 24 September – 3 Oktober. Al die leerders het 100% bywoning gehad tydens die deelname aan die ontwikkelingprogramme.

Skool 1 se bewegingsontwikkelingsprogram is deur 'n geregistreerde Kinderkinetikus (met 'n graad in Menslike Bewegingskunde, en nagraadse spesialisering in motoriese ontwikkeling) saamgestel, en aangebied vanuit haar teoretiese begroning van wat die onderbou van perseptueel-motoriese ontwikkeling vorm. Elke les in die program het bestaan uit 6 aktiwiteite wat grootspier- en perseptueel-motoriese aktiwiteite, naamlik ruimtelike oriëntering, statiese en dinamiese balans, hand-oog-koördinasie, voet-oog-koördinasie, motoriese beplanning en bilaterale integrasie ingesluit het. Verskillende aparate is gebruik en aktiwiteite is tussen die lesse gevarieer. Die program se aanbieding het grootliks op 'n proses-georiënteerde benadering berus waar die fundamentele boublokke vir effektiewe beweging en persepsie aangespreek word.

Skool 2 se bewegingsontwikkelingsprogram is deur 'n Sportwetenskaplike (met 'n graad in Menslike Bewegingskunde, en nagraadse spesialisering in sportwetenskap) en 'n Arbeids-terapeut saamgestel en aangebied. Elke les in die program het bestaan uit 6 aktiwiteite wat krag, ratsheid en fynmotoriese aktiwiteite ingesluit het. Oefenballe en 'n ratsheidsleer is gebruik en aktiwiteite is tussen die lesse afgewissel. Die program se aanbieding was grootliks gefokus op 'n taakgeoriënteerde benadering met die fokus om spesifieke vaardighede goed te bemeester. Onderstaande bied 'n uiteensetting van die samestelling van 'n les van albei die bewegingsontwikkelingsprogramme:

TABEL 1: Voorbeeld van 'n les van elk van die bewegingsontwikkelingsprogramme

	Ontwikkelingsprogram 1 Skool 1 (Prosesgeoriënteerd)	Ontwikkelingsprogram 2 Skool 2 (Taakgeoriënteerd)
Aktiwiteit 1	Fundamentele vaardighede <ul style="list-style-type: none"> • Galop • Glypassies • Paddaspronge 	Oefenbalaktiwiteit <ul style="list-style-type: none"> • Leerder lê op sy/haar rug terwyl hy/sy die oefenbal tussen sy/haar hande vashou. Die tweede leerder staan oor die leerder en slaan die bal saggies af na die leerder se liggaam toe vir 10 sekondes.
Aktiwiteit 2	Balans <ul style="list-style-type: none"> • Balanseer op verskillende liggaamsdele (bv. Hand en voet, hand en knie). 	Ratsheidsleer-aktiwiteit <ul style="list-style-type: none"> • Leerder hardloop met hoë knieë deur die ratsheidsleer.
Aktiwiteit 3	Ruimtelike oriëntasie <ul style="list-style-type: none"> • Kruip onderdeur hindernis 	Oefenbal aktiwiteit <ul style="list-style-type: none"> • Leerder lê op sy/haar rug met knieë opgetrek na die liggaam en die sole van die voete wat boontoe wys. Die tweede leerder bons die oefenbal op die leerder se voete. Die leerder moet die bal in die lug opskop. Herhaal 10 keer.
Aktiwiteit 4	Hand-oog-koördinasie/Bilaterale integrasie <ul style="list-style-type: none"> • Bons en vang 'n bal 	Ratsheidsleeraktiwiteit <ul style="list-style-type: none"> • Leerder hardloop sywaarts deur die ratsheidsleer
Aktiwiteit 5	Hand-oog-koördinasie/Motoriese beplanning <ul style="list-style-type: none"> • Gooi bal met linkerhand deur rooi hoepel 	Fynmotoriese aktiwiteit <ul style="list-style-type: none"> • Ryg van krale
Aktiwiteit 6	Ruimtelike oriëntasie <ul style="list-style-type: none"> • Touspring na beginpunt 	Fynmotoriese aktiwiteit <ul style="list-style-type: none"> • Aktiwiteite met skuifspelde

3.3 Statistiese prosedure

Statistica (StatSoft, USA) is gebruik om die data te ontleed. Data is vir beskrywingsdoeleindes aan die hand van rekenkundige gemiddeldes (\bar{x}), maksimum en minimum waardes en standaardafwykings (sa) ontleed. Data is ook verder ontleed deur gebruik te maak van t-toetsing om voor- en natoetsverskille in die groepe te bepaal en die vlak van betekenisvolheid is op $p < 0.05$ gestel. 'n Kovariansie-analise is verder uitgevoer waar gekorrigeer is vir voortoetsresultate en lengteverskille wat tussen die groepe gevind is, om die effek van die twee tipes

bewegingsontwikkelingsprogramme te evalueer. Effekgrootte (EG) d – die verskil in gemiddeldes gedeel deur die grootste standaardafwyking van die voortoets – is gebruik om praktiese betekenisvolheid van verskille tussen die groepe aan te dui. 'n EG-waarde vanaf 0.8 en hoër is beskou as hoogs prakties betekenisvol, vanaf 0.5 as medium prakties betekenisvol en 0.2 as 'n klein praktiese betekenisvolheid (Cohen, 1988:327).

4. RESULTATE

Tabel 2 dui die beskrywende inligting van die proefpersone in die twee skole aan met betrekking tot die aantal proefpersone, ouderdom, geslagsverspreiding en lengte, massa en vetpersentasie tydens die aanvang van die program. Hieruit blyk dit dat die skole wat ouderdom en geslag en liggaamsmassa betref redelik dieselfde waardes getoon het tydens die voortoets ($p > 0.05$), alhoewel die seuns in Skool 2 betekenisvol langer was as die seuns in Skool 1 ($p < 0.05$). In die totale groep was twaalf leerlinge (5 seuns en 7 dogters) oorgewig en geset met 'n gemiddelde vetpersentasie van 15.26% en 15.00% onderskeidelik.

TABEL 2: Beskrywende statistiek en liggaamsamestelling van die leerders in die twee skole

	N	\bar{X} Ouderdom	sa	\bar{X} Lengte (cm)	sa	\bar{X} Massa (kg)	sa	\bar{X} Vet %	sa
Totale groep	75	6.66	0.24	125.94	5.63	24.88	5.91	15.14	5.95
Skool 1 (Program 1)									
Groep	40	6.64	0.25	125.12	5.67	24.76	5.73	15.26	4.83
Seuns	21	6.63	0.26	125.75	5.19	24.70	4.38	15.57	3.96
Dogters	19	6.64	0.24	124.41	6.23	24.82	7.07	14.91	5.73
Skool 2 (Program 2)									
Groep	35	6.69	0.24	126.87	5.52	25.01	6.19	15.00	7.09
Seuns	20	6.77	0.18	129.09*	4.03	26.80	6.75	16.50	7.74
Dogters	15	6.58	0.27	123.93	5.97	22.63	4.55	13.00	5.77

N - aantal proefpersone; \bar{X} - rekenkundige gemiddeld; sa – standaardafwyking; cm – sentimeter; kg - kilogram; % - persentasie; *p-waarde < 0.05

Tabel 3 beskryf die motoriese behendighedsverskille binne en tussen die groepe wat voorgekom het tydens die voor- en die natoets. Skool 1 het statistiese betekenisvolle verbetering getoon in 5 van die motoriese behendighedssubkomponente, terwyl Skool 2 betekenisvol verbeter het in 6 van die motoriese behendighedssubkomponente. Albei skole se motoriese behendighedsstotaal het ook betekenisvol verbeter.

Die resultate van die natoetsing is verder ontleed deur middel van 'n ko-variansie analise waar daar gekorrigeer is vir voortoetsverskille asook betekenisvolle lengteverskille wat tussen

TABEL 3: Voor- en natoetsverskille in motoriese behendigheid binne en tussen die groepe volgens die BOT-2 verkorte vorm

Subkomponent	Skool 1 (N=40)				Skool 2 (N=35)				Betekenisvolheid van tussengroepverskille			
	VT	NT	\bar{x}	VT-NT Verskil	VT	NT	\bar{x}	VT-NT Verskil	gvv	t	p	
Fynmotoriese presisie PT (14)	9.95	9.98	9.98	2.01	0.03	9.29	10.46	2.93	1.17#	73	-0.88	0.3807
Fynmotoriese integrasie PT (10)	3.55	3.18	3.18	2.55	-0.37	4.20	4.11	2.03	-0.09	73	-1.75	0.0846
Handratsheid PT (9)	4.65	6.03	6.03	1.00	1.38#	5.23	5.97	1.01	0.74#	73	0.23	0.8188
Bilaterale koördinasie PT (7)	5.58	6.78	6.78	0.53	1.2#	5.40	5.94	1.91	0.54	73	2.65	0.0010*
Balans PT (8)	6.18	7.08	7.08	1.14	0.9#	4.80	6.77	1.24	1.97#	73	1.10	0.2730
Hardloopspoed en ratsheid PT (10)	7.98	8.18	8.18	1.03	0.2	7.91	8.74	0.61	0.83#	73	-2.84	0.0058*
Boonste ledemaatkoördinasie PT (12)	7.08	9.35	9.35	1.87	2.27#	7.40	9.71	1.87	2.31#	73	-0.84	0.4036
Krag PT (18)	3.90	6.55	6.55	2.50	2.65#	4.23	7.11	2.10	2.88#	73	-1.05	0.2971
Motoriese behendigheid ST	43.13	46.95	46.95	7.52	3.82#	42.97	49.11	7.32	6.14#	73	-1.26	0.2121
Motoriese behendigheid P	27.90	40.25	40.25	24.36	10.35#	26.91	47.09	24.88	20.18#	73	-1.20	0.2339

VT – Voortoets; NT – Natoets; \bar{x} - rekenkundige gemiddeld; sa – standaard afwyking; gvv – grade van vryheid; t – t-waarde; p = p-waarde; betekenisvolheid; #p-waarde < 0.05; binnegroep VT-NT-verskil; *p-waarde < 0.05; tussengroepverskil; PT – punttelling; ST – standaardtelling; P – persentiel

die seuns in die twee skole gevind is. Tabel 4 dui die aangepaste gemiddelde waardes van die 8 motoriese behendigheidsubkomponente en die motoriese behendigheidstotaal aan.

TABEL 4: Aangepaste natoetsresultate gekorrigeer vir voortoets- en lengteverskille

Subkomponent	Skool 1		Skool 2		p-waarde	Praktiese betekenisvolheid
	Aangepaste	SF	Aangepaste	SF	P	EG
Fynmotoriese presisie PT (14)	9.70	0.33	10.71	0.35	0.0401	0.5**
Fynmotoriese integrasie PT (10)	3.22	0.38	4.07	0.40	0.1279	
Handratsheid PT (9)	6.15	0.13	5.84	0.14	0.1270	
Bilaterale koördinasie PT (7)	6.75	0.21	5.97	0.22	0.0127	0.6**
Balans PT (8)	6.96	0.19	6.88	0.20	0.7938	
Hardloopspoed en ratsheid PT (10)	8.17	0.14	8.75	0.15	0.0062	0.7**
Boonste ledemaatkoördinasie PT (12)	9.40	0.26	9.66	0.28	0.5007	
Krag PT (18)	6.66	0.32	7.01	0.34	0.4574	
Motoriese behendigheid ST	46.80	0.95	49.26	1.02	0.0829	
Motoriese behendigheid P	39.56	3.31	47.77	3.54	0.0966	

\bar{X} - rekenkundige gemiddeld; SF – standaard fout; p - p-waarde; EG – effekgrootte; * = 0.2 = klein; ** = 0.5 = matig; *** = 0.8 = groot; PT – punttelling; ST – standaardtelling; P – persentielvlak

Drie van die 8 motoriese behendigheidsubkomponente het verbetering by die leerders in die twee skole getoon wat tot betekenisvolle verskille tussen die skole gelei het. Skool 1 se leerders het prakties betekenisvolle hoër waardes in bilaterale koördinasie behaal, terwyl Skool 2 se leerders hoër waardes in fynmotoriese presisie en hardloopspoed en ratsheid getoon het.

Tabel 5 gee 'n uiteensetting van die verskillende bemeesteringskategorieë (ver ondergemiddeld, ondergemiddeld, gemiddeld, bogemiddeld en ver bogemiddeld) en die aantal en persentasie leerders wat daarin gekategoriseer was vir motoriese behendigheid gebaseer op die voor- en natoetsresultate. Die meeste leerders in beide skole is tydens die voortoets in die ondergemiddelde (33.3%) en gemiddelde kategorieë (66.7%) geklassifiseer. Uit die tabel blyk dit dat Skool 1 se ontwikkelingsprogram daartoe bygedra het dat 'n groter persentasie

van die leerders in dié groep, se vlak van motoriese behendigheid met die aanvang van die program verskuif het van ondergemiddeld na gemiddeld, en van gemiddeld na bogemiddeld. Twee van die leerders in Skool 1 se persentasie bemeestering het ook van gemiddeld na ver bogemiddeld verskuif. Tydens die voortoets is 14 kinders (35%) in Skool 1 as ondergemiddeld geklassifiseer en slegs 5 (12,5%) tydens die natoets. Hierteenoor het die persentasie leerders in Skool 2 steeds in die ondergemiddelde en gemiddelde kategorieë gebly tydens die natoetsing.

TABEL 5: Persentasie leerders geklassifiseer in die verskillende bemeesteringskategorieë van motoriese behendigheid van die twee skole tydens die voor- en natoets

	1 VOG		2 OG		3 G		4 BG		5 VBG	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Skool 1 (N=40)										
Motoriese behendigheid VT	0	0	14	35	26	65	0	0	0	0
Motoriese behendigheid NT	0	0	5	12.5	28	70	5	12.5	2	5
Skool 2 (N=35)										
Motoriese behendigheid VT	0	0	11	31.4	24	68.6	0	0	0	0
Motoriese behendigheid NT	0	0	10	28.6	25	71.4	0	0	0	0

1 – ver ondergemiddeld (VOG); 2 – ondergemiddeld (OG); 3 – gemiddeld (G); 4 – bogemiddeld (BG); 5 – ver bogemiddeld (VBG); N – aantal proefpersone; VT – voortoets; NT – natoets; % – persentasie

5. Bespreking van resultate

Hierdie studie het ten doel gehad om die effek van twee skoolgebaseerde bewegingsontwikkelingsprogramme gebaseer op verskillende benaderings op die motoriese behendigheid van Graad 1-leerders in die Noordwes-Provinsie te bepaal.

Die resultate (Tabel 3) toon dat ná deelname aan die programme het die prosesgeoriënteerde bewegingsontwikkelingsprogram wat deur Skool 1 gevolg is, tot betekenisvolle verbetering in 5 van die 8 motoriese behendigheidsubkomponente en die algehele motoriese behendigheidstotaal bygedra. Die taakgeoriënteerde bewegingsontwikkelingsprogram wat Skool 2 gevolg het, het betekenisvolle verbetering tot 6 van die 8 motoriese behendigheidsubkomponente en die algehele motoriese behendigheidstotaal bygedra. Dit dui daarop dat beide programme effektief was om motoriese behendigheid te verbeter. Hierdie resultate stem ooreen met studies wat ook getoon het dat deelname aan bewegingsprogramme kinders se perseptueel-motoriese en fundamentele motoriese vaardighede verbeter het (Van Beurden *et al.*, 2003:493; Matvienko & Ahrabi-Fard, 2010:299; Pienaar *et al.*, 2011:113; Sofu *et al.*, 2014:59; Sutapa *et al.*, 2021:994).

Wat fynmotoriese presisie betref, het die taakgeoriënteerde bewegingsontwikkelingsprogram (Skool 2), nadat gekorrigeer is vir voortoetsverskille, betekenisvolle verbetering in dié vaardigheid bewerkstellig, terwyl hiërdie vaardighede van die leerders in Skool 1 (prosesgeoriënteerde bewegingsontwikkelingsprogram) dieselfde gebly het. Skool 2 se bewegingsontwikkelingsprogram het spesifieke fynmotoriese aktiwiteite bevat wat op 'n taakspesifieke wyse inge oefen is, en wat tot die verbetering van hierdie vaardighede kon bygedra het. Sutapa *et al.* (2021:1002) toon in hierdie verband dat vaardighede spesifiek tot die doel van die intervensieprogram inge oefen moet word om verbetering te bewerkstellig. Hestbaek *et al.* (2021:15) het verder gevind dat fynmotoriese vaardighede vinnige verbetering toon ná verloop van 'n intervensieprogram. Hierdie skool het ook tydens die verloop van die intervensietydperk met “Speedstacking” as 'n sport ('n individuele en spansport wat die opstapeling van gespesialiseerde plastiekkoppies in 'n spesifieke volgorde, in die kortste moontlike tyd behels) begin, en daar is navorsingsbewyse dat hierdie aktiwiteite kan bydra tot verbeterde fynmotoriese koördinasie en algemene motoriese koördinasie (Udermann *et al.*, 2004:409; De Milander *et al.*, 2014:51). Die bewegingsontwikkelingsprogram van Skool 1 het hierteenoor nie spesifieke fynmotoriese aktiwiteite bevat nie, aangesien die samestelling daarvan eerder op onderliggende prosesse of boublokke van beweging, soos verbetering van bilaterale koördinasie, gefokus het.

Dit blyk verder dat die hardloopspoed en ratsheidsvaardighede van leerders in Skool 2 sodanig verbeter het ná deelname aan die bewegingsontwikkelingsprogram dat die verbetering tot betekenisvolle verskille tussen die skole se hardloopspoed en ratsheid bygedra het. Skool 2 se program het spesifieke ratsheidsleeraktiwiteite bevat wat die hardloopspoed en ratsheidsvaardighede van die leerders kon verbeter het, terwyl spesifieke aktiwiteite om spoed en ratsheid te verbeter, nie in Skool 1 se program ingesluit was nie, wat kon bygedra het tot verskille tussen die twee programme.

Uit die ko-variënsie-analise (Tabel 4) blyk dit verder dat die prosesgeoriënteerde bewegingsontwikkelingsprogram wat Skool 1 gevolg het, se leerders weer betekenisvol beter presteer het in bilaterale koördinasie in vergelyking met die leerders wat die taakgeoriënteerde bewegingsontwikkelingsprogram (Skool 2) gevolg het. Skool 1 se program het aktiwiteite soos touspring en sterspronge ingesluit wat die bilaterale koördinasie van die leerders aangespreek het. Bilaterale koördinasie speel 'n belangrike rol in skryf en lees en kan gevolglik 'n effek op 'n kind se skoolvordering uitoefen (Fernandes *et al.*, 2016:5). Die skryfvaardigheid vereis van 'n kind asimmetriese bilaterale integrasie en die vermoë om die midlyn te kruis en leesvaardigheid vereis van 'n kind die vermoë om die midlyn te kruis (Cheatum & Hammond, 2000:23; Gabbard, 2018:185).

Die resultate het ook getoon dat beide bewegingsontwikkelingsprogramme die handratsheid van die leerders betekenisvol verbeter het (Tabel 3). Hierdie verbetering kan by Skool 2 moontlik toegeskryf word aan die “Speedstacking” waaraan die leerders deelgeneem het. Die verbetering in bilaterale koördinasie van die leerders in Skool 1 ná verloop van die intervensie kon moontlik daartoe bygedra het dat hierdie leerders se handratsheid verbeter het, aangesien die toets vereis dat die leerders muntstukke verplaas van een hand na 'n ander en in 'n houer plaas wat goeie bilaterale koördinasie vereis. Balansvaardighede, wat in beide programme deur die aktiwiteite aangespreek is, het statisties betekenisvolle verbetering getoon in albei bewegingsontwikkelingsprogramme, en geen verskille is in die uitkoms van die programme gevind wat balansvaardighede betref nie. Dit stem ooreen met navorsing deur Pienaar *et al.* (2011:113) op 4- tot 6-jarige kleuters wat ook gevind het dat 'n perseptueel-motoriese Kinderkinetika-program van 7 maande die balansvaardighede van die kleuters betekenisvol

verbeter het. Dit is egter in teenstelling met twee studies wat nie verbetering in balansvaardighede kon bewerkstellig nie (Krüger, 2002:188; Wang, 2004:32), alhoewel hierdie intervensieprogramme geen balansaktiwiteite bevat het nie en slegs agt en ses weke onderskeidelik van duur was. Beide skole se leerders se boonste ledemaatkoördinasie het dermate verbeter, dat daar geen betekenisvolle verskil tydens die natoets tussen die skole in hierdie vaardigheid voorgekom het nie. Aktiwiteite om boonste ledemaatkoördinasie te verbeter, was in Skool 1 se bewegingsontwikkelingsprogram ingesluit en kon bygedra het tot die verbetering van hierdie vaardigheid, terwyl “Speedstacking” en aktiwiteite met oefenballe waarskynlik bygedra het tot die verbetering van boonste ledemaatkoördinasie in Skool 2. Dieselfde tendens het ook by kragvaardighede voorgekom. Skool 2 se program het spesifieke aktiwiteite met oefenballe ingesluit vir kragverbetering, terwyl die program van Skool 1 nie spesifieke aktiwiteite vir die verbetering van kragvaardighede ingesluit het nie, alhoewel die dierlope wat in die program uitgevoer is, indirek kon bygedra het tot die verbetering van krag. Leerders in beide skole se motoriese- behendigheid totale het ook betekenisvol verbeter en die skole het nie betekenisvol verskil tydens die natoetsgeleentheid nie.

Wat fynmotoriese integrasie betref, het beide skole geen verbetering in hierdie vaardigheid ná verloop van die bewegingsontwikkelingsprogramme getoon nie. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat nie een van die programme spesifieke fynmotoriese integrasieaktiwiteite ingesluit het nie.

Uit die resultate blyk dit dat beide programme tot verbetering in motoriese behendigheid bygedra het en dat daar nie wesenlike verskille met betrekking tot die effek van die twee programme was nie. Die verskille wat wel voorgekom het in die komponente wat verbeter het, kan aan die samestelling van die programme en die benaderings wat gevolg is, gekoppel word. Verskille is egter wel gesien in die verandering in die vlak van bemeestering van leerders in die onderskeie skole. ’n Groot persentasie van die leerders van Skool 1, wat in die ondergemiddelde vlak van bemeestering met die aanvang van die intervensie geklassifiseer was, het na die gemiddelde bemeesteringskategorie verskuif. Verder was daar ook leerders in die gemiddelde bemeesteringskategorie wat na die bogemiddelde bemeesteringskategorie verskuif het en 5% (n=2) van die leerders het selfs na die ver bogemiddelde bemeesteringskategorie geskuif. Hierteenoor het die bemeesteringskategorie waarin leerders in Skool 2 voor die aanvang van die program was, onveranderd gebly na deelname aan die program. Hieruit wil dit voorkom of die prosesgeoriënteerde bewegingsontwikkelingsprogram (Skool 1) op ’n individuele vlak ’n groter mate van verbetering bewerkstellig het en veral probleemareas beter aangespreek het, aangesien die grootste verskuiwing van die ondergemiddelde na die gemiddelde bemeesteringskategorie plaasgevind het. Dit het verder ook motoriese vermoëns wat reeds goeie ontwikkeling getoon het, verdere verbetering laat ondergaan soos blyk uit die verskuiwing van leerders na die bogemiddelde vlak van bemeestering. Die prosesgeoriënteerde bewegingsontwikkelingsprogram se bydrae lê gevolglik veral in die verbetering van motoriese vaardigheidsprobleme en algehele liggaamskoördinasie wat moontlik met bilaterale integrasie te make het, wat in die program betekenisvolle verbetering ondergaan het.

6. Gevolgtrekking

Die resultate van die studie toon samevattend dat albei die skoolgebaseerde bewegingsontwikkelingsprogramme wat deur spesialiste aangebied is, maar op verskillende intervensiebenaderings geskoei was, bygedra het tot die verbetering van motoriese behendigheid. Hierdie verbetering wat deur beide programme bewerkstellig is, kan grootliks aan die

samestelling van die programme en die kennis van die spesialis wat die programme aangebied het, toegeskryf word. 'n Studie deur Longhurst (2002:10) het ook in die verband bewys dat 'n 12-week lange perseptueel-motoriese bewegingsontwikkelingsprogram wat deur 'n spesialis aangebied is, die motoriese vaardighede van die leerders meer verbeter het as 'n gewone Liggaamlike Opvoeding bewegingsontwikkelingsprogram. Uit hierdie navorsing blyk dit dat bewegingsontwikkelingsprogramme, gebaseer op verskillende intervensie benaderings, tot die algehele verbetering van Graad 1-leerders se motoriese behendigheid kan bydra en dat beide benaderings (proses- en taak-georiënteerd) belangrik is vir toepassing in ontwikkelingsprogramme.

Aangesien alle komponente wat die onderbou van die motoriese behendigheid totaal in die BOT-2 verkorte vorm uitmaak nie betekenisvolle verbetering getoon het nie, kan daar uit die resultate aanbeveel word dat die programmeffek moontlik kan verbeter indien aanpassings daaraan gemaak word. Die tydsduur van die program en die duur van 'n les kan verleng word en die aantal kontaksessies per week kan vermeerder word. Beide benaderings kan baie suksesvol gebruik word en behoort geïntegreer te word vir toepassing op 'n individuele vlak waar leerders spesifieke agterstande toon. 'n Kind wat probleme ervaar met fynmotoriese koördinasie-aktiwiteite kan moontlik meer verbetering toon indien 'n taakgeoriënteerde benadering gebruik word om die spesifieke probleem te verbeter. Hierteenoor sal 'n kind wat probleme ervaar met motoriese beplanning weer meer waarde put uit 'n prosesgeoriënteerde benadering, wat ten doel het om die kind se algehele koördinasie en die onderliggende oorsake van die probleem te verbeter. Daar word gevolglik aanbeveel dat opgeleide persone, wat spesialiste in menslike beweging is en wat voldoende kennis het van die interne prosesse betrokke by beweging, betrokke sal wees in die samestelling en aanbieding van liggaamlike opvoedingsprogramme vir jong kinders.

Hierdie studie se resultate moet beoordeel word in die lig van tekortkominge wat in ag geneem moet word. Die proefgroep was relatief klein en die skoolkalender het 'n onvoorsiene lang onderbreking gehad as gevolg van die 2010-sokker-wêreldbeker wat in Suid-Afrika aangebied is, wat veroorsaak het dat die Junie-Julie-vakansie verleng moes word, wat die resultate kon beïnvloed het. Die studie het ook nie 'n kontrolegroep gehad wat glad nie aan 'n bewegingsontwikkelingsprogram deelgeneem het nie om sodoende die effek van ryping te monitor nie. Ten spyte van hierdie tekortkominge het die studie steeds waardevolle inligting aan die lig gebring rakende die effek van skoolgebaseerde bewegingsontwikkelingsprogramme op die motoriese behendigheid van Graad 1-leerders. Die studie het getoon dat indien bewegingsontwikkelingsprogramme deur kundiges aangebied word, dit die motoriese behendigheid van kinders betekenisvol kan laat verbeter. Dit kan veral ook bydra tot die verbetering van die vaardighede van leerders met motoriese vaardigheidsprobleme wat belemmerend vir hulle verdere ontwikkeling kan wees en gevolglik vroegtydig reggestel kan word. Resultate het egter ook getoon dat die samestelling van bewegingsontwikkelingsprogramme vir die skoolbeginner belangrik is, asook die wyse van aanbieding (proses of taak) ten einde suksesvolle resultate te bewerkstellig.

BEDANKINGS

Die outeurs bedank graag die Onderwysdepartement van die Noordwesprovinsie, die hoofde van die skole en al die leerders vir die toestemming wat verleen is om hierdie studie te kon voltooi. Vir alle finansiële ondersteuning ontvang om hierdie studie moontlik te kon gemaak het, bedank ons die MRC (Medical Research Council of South Africa), SASA (die South

African Sugar Association) asook die NRF (National Research Foundation of South Africa). Vrywaring: Enige opinie, bevindinge, gevolgtrekkings of aanbevelings wat in hierdie materiaal voorkom, is die mening van die outeur(s) en dus aanvaar MRC en NRF geen aanspreeklikheid daarvoor nie.

BIBLIOGRAFIE

- Adeyemi-Walker, LJ, Duncan, M, Tallis, J & Eyre, E. 2018. Fundamental motor skills of children in deprived areas of England: A focus on age, gender and ethnicity. *Children*, 5(10):1-14. <https://doi.org/10.3390/children5080110> [22 April 2022].
- Adolph, KE & Franchak, JM. 2017. The development of motor behaviour. *Wiley Interdisciplinary Reviews-Cognitive Science*, 8(1-2):1-17. <https://doi.org/10.1002/wcs.1430> [22 April 2022].
- Africa, EK & Van Deventer, KJ. 2005. Bewegingsvermoë van 7-9 jarige dogters in die Stellenbosch-omgewing: 'n vergelyking. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning*, 27(1):1-16. <http://doi.org/10.4314.sajrs.v27i1.25914> [22 April 2022].
- Ashkenazi, TS. 2015. The effect of a low-cost virtual reality intervention program compared to a conventional intervention program for young children with developmental coordination disorder: A randomised control trial. *Dissertation Abstracts International: The Sciences and Engineering*, 83(4-B). ProQuest Information & Learning.
- Atmore, E, Van Niekerk, L & Ashley-Cooper, M. 2012. Challenges facing the early childhood development sector in South Africa. *South African Journal of Childhood Education*, 2(1):120-139. <https://doi.org/10.4102/sajce.v2i1.25> [22 April 2022].
- Bruininks, RH & Bruininks, BD. 2005. *Bruininks-Oseretsky test of motor proficiency*. 2nd ed. Circle Pines, MN: AGS Publishing.
- Bruwer, M, Hartell, C & Steyn, M. 2014. Inclusive education and insufficient school readiness in Grade 1: Policy versus practice. *South African Journal of Childhood Education*, 4(2):18-35. <https://doi.org/10.4102/sajce.v4i2.202> [22 April 2022].
- Burnett, C. 2020. A national study on the state and status of physical education in South African public schools. *Physical Education and Sport Pedagogy*, 26(3):179-196. <https://doi.org/10.1080/17408989.2020.1792869> [22 April 2022].
- Cheatum, BA & Hammond, AA. 2000. *Physical activities for improving children's learning and behaviour: a guide to sensory motor development*. Champaign, III: Human Kinetics.
- Chen, A. 2015. School environment and its effects on physical activity. *Kinesiology review*, 4(1):77-84. <https://doi.org/10.1123/kr.2014-0078> [22 April 2022].
- Clark, JE. 2007. On the problem of motor skill development. *Journal of Physical Education, Recreation & Dance*, 78(5):39-44. <http://dx.doi.org/10.1080/07303084.2007.10598023> [22 April 2022].
- Cohen, J. 1988. *Statistical power analysis for the behavioural sciences*. 2nd ed. Hillsdale, NJ: Erlbaum.
- Cole, TJ, Bellizzi, MC, Flegal, KM & Dietz, WM. 2000. Establishing a standard definition for child overweight and obesity worldwide: International survey. *BoiMed Central* 320(7244):1240-1245. <https://doi.org/10.1136/bmj.320.7244.1240> [22 April 2022].
- De Milander, M, Du Plessis, J & Du Randt, A. 2014. Sport stacking motor intervention programme for children with developmental coordination disorder. *South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation*, 36(3):51-60.
- De Waal, E & Pienaar, AE. 2020. Influences of Early Motor Proficiency and Socioeconomic Status on the Academic Achievement of Primary School Learners: The NW-CHILD Study. *Early Childhood Education Journal*, 48(5):671-682. <https://doi.org/10.1007/s10643-020-01025-9> [22 April 2022].
- Deli, E, Bakle, I & Zachopoulou, E. 2006. Implementing an intervention movement program for kindergarten children. *Journal of Early Childhood Research*, 4(1):5-18. <http://dx.doi.org/10.1177/1476718X06059785> [22 April 2022].
- Department of National Education. 2003. *Revised national curriculum statement Grade R-9. Life orientation*. Pretoria: State printers.

- Durand, MJ, Roux, CJ & Burnett, C. 2019. Motor and physical development of five to six year-old children in low socioeconomic community. *African Journal for Physical Activity and Health Sciences*, 25(2):200-215.
- Erasmus, M, Janse Van Rensburg, O, Pienaar, AE & Ellis, S. 2011. Deficiencies within the education system with regard to perceptual motor learning preparation of Grade R learners. *South African Journal of Childhood Education*, 1(2):46-63. <https://doi.org/10.4102/sajce.v1i2.84> [22 April 2022].
- Fernandes, VR, Scipiao Ribeiro, ML, Melo, T, Maciel-Pinheiro, PT, Guimaraes, TT, Araujo, NB, Rebeiro, SR & Deslandes, AC. 2016. Motor Coordination correlates with academic achievement and cognitive function in children. *Frontiers in Psychology*, 7(318):1-8. [22 April 2022].
- Fredericks, CR, Kokot, SJ & Krog, S. 2006. Using a developmental movement programme to enhance academic skills in Grade 1 learners. *South African Journal of Research in Sport, Physical Education and Recreation*, 28(1):29-42. <https://doi.org/10.4314/sajrs.v28i1.25929> [22 April 2022].
- Gabbard, CP. 2018. *Lifelong motor development*. 8th ed. San Francisco: Pearson Education Inc.
- Gallahue, DL & Ozmun, JC & Goodway, J. 2012. *Understanding Motor Development: Infants, Children, Adolescents, Adults*. McGraw-Hill, New-York.
- Giese, S, Tredoux, C, Mattes, F, Bridgam, G, Van der Berg, S, Schenk, J & Kotzé, J. 2022. *Thrive by Five Index Report, Innovation Edge, Cape Town*. www.thrivebyfive.co.za [19 September 2022].
- Goddard-Blythe, S. 2000. Early learning in the balance: priming the first ABC. *Support for Learning*, 15(4):154-158. <http://dx.doi.org/10.1111/1467-9604.00168> [22 April 2022].
- Goodway, JD & Branta, CF. 2003. Influence of a motor skill intervention on fundamental motor skill development of disadvantaged preschool children. *Research Quarterly for Exercise and Sport*, 74:36-46. <https://doi.org/10.1080/02701367.2003.10609062> [22 April 2022].
- Goodway, JD, Crowe, H & Phillip, W. 2003. Effects of motor skill instruction on fundamental motor skill development. *Adapted Physical Activity Quarterly*, 20:298-314. <https://doi.org/10.1123/apaq.20.3.298> [22 April 2022].
- Graf, C, Koch, B, Falkowski, G, Jock, S, Christ, H, Stauenmaier, K, Bjarnason-Wehrens, B, Tokarski, W, Dordel, S & Predel, H. 2005. Effects of a school-based intervention on BMI and motor abilities in childhood. *Journal of Sport Science and Medicine*, 4:291-299.
- Hall, K, Sambu, W, Berry, L, Giese, S, Almeleh, C & Rosa, S. 2016. *South African early childhood review 2016*. Cape Town: Children's Institute, University of Cape Town and Ilifa Labantwana.
- Hestbaek, L, Vach, W, Andersen, ST & Lauridsen, HH. 2021. The effect of a structured intervention to improve motor skills in preschool children: Results of a randomized controlled trial nested in a cohort study of Danish preschool children, the MiPS study. *International Journal of Environmental Research and Public Health*, 18(23):1-18. <https://dx.doi.org/10.3390%2Fijerph182312272> [22 April 2022].
- Karabourniotis, E, Evaggelinou, C, Tzetzis, G & Kourtessis, T. 2002. Curriculum enrichment with self-testing activities in development of fundamental movement skills of first grade children in Greece. *Perceptual Motor Skills*, 94:1259-1270. <https://doi.org/10.2466%2Fpms.2002.94.3c.1259> [22 April 2022].
- Keller, BA. 2008. State of the Art Reviews: Development of fitness in children: the influence of gender and physical activity. *American Journal of Lifestyle Medicine*, 2(1):58-74. <https://doi.org/10.1177%2F1559827607308802> [22 April 2022].
- Krüger, E. 2002. Die invloed van 'n motories fundamentele vaardigheidsprogram op die fisieke en kognitiewe ontwikkeling van die graad I kind. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ph.D-Tesis).
- Longhurst, GK. 2002. The effects of differentiated physical activity programmes on the motor proficiency of children with learning disabilities. Empangeni: University of Zululand. (Ph.D-Thesis).
- Mak, KK, Ho, SY, Lo, WS, Thomas, GN, Mcmanus, AM, Day, JR & Lam, TH. 2010. Health-related physical fitness and weight status in Hong Kong adolescents. *BioMed Central Public Health*, 10:88-92. <https://doi.org/10.1186/1471-2458-10-88> [22 April 2022].
- Mannisto, J, Cantell, M, Huovinen, T, Kooistra, L & Larkin, D. 2006. A school-based movement programme for children with motor learning difficulty. *European Physical Education Review*, 12(3):273-287. <https://doi.org/10.1177%2F1356336X06069274> [22 April 2022].

- Matvienko, O & Ahrabi-Fard, I. 2010. The effects of a 4-week after-school program on motor skills and fitness of kindergarten and first-grade students. *American Journal of Health Promotion*, 24(5):299-303. <https://doi.org/10.4278/ajhp.08050146> [22 April 2022].
- Mavildi, M, Okely, AD, Chandler, P & Paas, F. 2017. Effects of integrating physical activities into a science lesson on preschool children's learning and enjoyment. *Applied Cognitive Psychology*, 31(3):281-290. <https://doi.org/10.1002/ACP.3325> [22 April 2022].
- Montgomery, I, Zwicker, J, Glegg, SMN & Boniface, G. 2018. Management of Developmental Coordination Disorder. *Evidence for Practice*. <https://caot.ca/document/6146/E4P%20DCD%2020182.pdf> [22 April 2022].
- Mouton, N, Louw, GP & Strydom, G. 2013. Critical challenges of the South African School system. *International Business & Economics Research Journal*, 12(1):31-44. <https://doi.org/10.19030/iber.v12i1.7510> [22 April 2022].
- Mualem, R, Leisman, G, Zbedat, Y, Ganem, S, Mualem, O, Amaria, M, Kozle, A, Khayat-Moughrabi, S & Ornai, A. 2018. The effect of movement on cognitive performance. *Frontiers in Public Health*, 6(100):1-6. <https://doi.org/10.3389/fpubh.2018.00100> [22 April 2022].
- Okely, AD & Booth, ML. 2004. Mastery of fundamental movement skills among children in New South Wales: prevalence and sociodemographic distribution. *Journal of Science and Medicine in Sport*, 7(3):358-372. [https://doi.org/10.1016/s1440-2440\(04\)80031-8](https://doi.org/10.1016/s1440-2440(04)80031-8) [22 April 2022].
- Peens, A, Pienaar, AE & Nienaber, A. 2008. The effect of different interventions on the self-concept and motor proficiency of 7-9 year old DCD children. *Child Care, Health & Development*, 34(3):316-328. <https://doi.org/10.1111/j.1365-2214.2007.00803.x> [22 April 2022].
- Pienaar, AE. 2012. *Motoriese ontwikkeling, groei, motoriese agterstande, die assessering en die intervensie daarvan: 'n Handleiding vir nagraadse studente in Kinderkinetika*. Potchefstroom: Axiom Printers.
- Pienaar, AE. 2020. *Perceptual Motor learning: Theory and Practice*. Fourth Edition. Potchefstroom: Axiom Printers.
- Pienaar, AE & Botha, JE. 2022. The Value of a Motor Intervention for 3 to 6-Year-Old Children Infected with and Affected by HIV. *International Journal of Environmental Research and Public Health*, 19:2967. <https://doi.org/10.3390/ijerph19052967> [22 April 2022].
- Pienaar, AE & Ernst, JE. 2007. The influence of an integrated intervention approach on DCD children: FLAGH study. *African Journal for Physical, Health, Education, Recreation and Dance*, 13(1):238-252, September (Supplement).
- Pienaar, AE & Kemp, C. 2014. Motor proficiency profile of Grade 1 learners in the North-West Province of South-Africa: NW-CHILD Study. *South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation*, 36(1):167-182.
- Pienaar, AE, Van Rensburg, E & Smit, A. 2011. Effect of a Kinderkinetics programme on components of children's perceptual-motor and cognitive functioning. *South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation*, 33(3):113-128.
- Rajput, DI & Van Deventer, KJ. 2010. An epoch of controversy within physical education and sport in post-apartheid South Africa: A review. *African Journal for Physical, Health Education, Recreation and Dance*, 16(1):140-158.
- Ruiz-Esteban, C, Andres, JT, Mendez, I & Morales, A. 2020. Analysis of motor intervention program on the development of gross motor skills in preschoolers. *International Journal of Environmental Research and Public Health*, 17(13):4891-4898. <https://doi.org/10.3390/ijerph17134891> [22 April 2022].
- Smits-Engelsman, BCM, Blank, R, Van der Kaay, A, Mosterd-van der Meijs, R, Vlught-van den Brand, E, Polatajko, HJ & Wilson, PH. 2012. Efficacy of interventions to improve motor performance in children with developmental coordination disorder: A combined systematic review and meta-analysis. *Developmental Medicine & Child Neurology*, 55(3):229-237.
- Sofo, S, Rujal, T & Wagganer, JP. 2014. Impact of a movement program on preschoolers' perceptual-motor abilities. *International Interdisciplinary Journal of Scientific Research*, 1(1):59-67.
- Statistics South Africa. 2020. *More than 60% of South African children are poor*. <http://www.statssa.gov.za/?p=13438> [15 Sept 2022].
- Statsoft. 2011. *Statistica for Windows. Release 5.5: General conventions & statistics*. Tulsa, USA: StatSoft.

- Stroebel, LCE, Hay, J & Bloemhoff, HJ. 2017. Needs and challenges of foundation phase life skills teachers in delivering physical education: Jack of all trades and master of none? *South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation*, 39(3):163-177. <https://doi.org/10.4314/SAJRS.V39I3> [22 April 2022].
- Sutapa, P, Pratama, KW, Rosly, MM, Ali, SKS & Karakauki, M. 2021. Improving motor skills in early childhood through goal-oriented play activity. *Children*, 8(11):994-1005. <https://dx.doi.org/10.3390%2Fchildren8110994> [22 April 2022].
- Tompsett, C, Sanders, R, Taylor, C & Copley, S. 2017. Pedagogical approaches to and effect of fundamental movement skill interventions on health outcomes: A systematic review. *Sports Medicine*, 47(9):1795-1819. <https://doi.org/10.1007/s40279-017-0697-z> [22 April 2022].
- Tsikata, E, Diaboh, CA & Aboagye, AEA. 2021. Assessing the locomotor and object control skill levels of basic pupils in Ghana: The role of physical education. *Universal Journal of Sport Sciences*, 1:19-27. <https://doi.org/10.31586/ujss.2021.115> [22 April 2022].
- Udermann, BE, Mayer, JH, Murray, SR & Sagendorf, K. 2004. Influence of cup stacking on hand-eye coordination and reaction time of second-grade students. *Perceptual and Motor Skills*, 98(2):409-414. <https://doi.org/10.2466/pms.98.2.409-414> [22 April 2022].
- Uys, PL & Pienaar, AE. 2010. Die fisieke en motoriese ontwikkeling van voorskoolse kinders vanuit verskillende sosio-ekonomiese omstandighede: Thusano-studie. *South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation*, 32(2):131-144. <https://doi.org/10.4314/SAJRS.V32I2.59302> [22 April 2022].
- Van Beurden, E, Barnett, LM, Dietrich, UC, Brooks, LO & Beard, J. 2003. Can we skill and activate children through primary school physical education lessons? "Move it Groove it" – a collaborative health promotion intervention. *Preventive Medicine*, 36:493-501. [https://doi.org/10.1016/s0091-7435\(02\)00044-0](https://doi.org/10.1016/s0091-7435(02)00044-0) [22 April 2022].
- Venetsanou, F & Kambas, A. 2009. Environmental factors affecting preschoolers' motor development. *Early Childhood Education Journal*, 37(4):319-327. <https://psycnet.apa.org/doi/10.1007/s10643-009-0350-z> [22 April 2022].
- Wang, J. 2004. A study on gross motor skills of preschool children. *Journal of Research in Childhood Education*, 19(1):32-42. <https://doi.org/10.1080/02568540409595052> [22 April 2022].
- Webster, EK, Sur, I, Stevens, A & Robinson LE. 2021. Associations between body composition and fundamental motor skill competency in children. *BioMed Central Pediatrics*, 21(1):444. <https://doi.org/10.1186/s12887-021-02912-9>. PMID: 34629074; PMCID: PMC8504089 [19 September 2022].
- Zeng, N, Ayyub, M, Sun, H, Wen, X, Xiang, P & Gao, Z. 2017. *Biomed Research International*, 2017:1-13. <https://doi.org/10.1155/2017/2760716> [22 April 2022].

'n Perspektief op Orania se OSK Koöperatiewe Bank Beperk

A perspective on Orania's OSC Co-operative Bank Limited

FANIE JOUBERT

Departement Ekonomie
Universiteit van Suid-Afrika
Pretoria
E-pos: sjjoube@unisa.ac.za



Fanie Joubert



André Laäs

ANDRÉ LAÄS

Direkteur
Beneficio Finansieringskorporasie
Pretoria
Suid-Afrika



Anna Maria Laäs



Jannie Rossouw

ANNA MARIA LAÄS

Direkteur
Laäs Döman Ingelyf Prokureurs
Waterkloof, Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: laas-am@law.co.za

JANNIE ROSSOUW

Besoekende Professor
Wits Besigheidskool
Universiteit van die Witwatersrand
Johannesburg
Suid-Afrika
E-pos: Jannie.rossouw@wits.ac.za



Cobus Vermeulen

COBUS VERMEULEN

Departement Ekonomie
Universiteit van Suid-Afrika
Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: vermejc@unisa.ac.za

Datums:

Ontvang: 2022-03-11

Goedgekeur: 2022-10-07

Gepubliseer: Desember 2022

<p>FANIE JOUBERT is 'n senior lektor in die Departement Ekonomie aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa). Hy begin sy loopbaan in 2005 as junior dosent by die Universiteit van Pretoria en betree daarna die privaat sektor waar hy nader kennis gemaak het met finansiële markte as ekonoom van die Efficient Group. In sy navorsing fokus hy op verskeie ekonomiese velde insluitende inflasie, huishoudelike finansies, volhoubare ontwikkeling en finansiële markte.</p>	<p>FANIE JOUBERT is a senior lecturer in the Department of Economics at the University of South Africa (Unisa). His career started in 2005 as junior lecturer at the University of Pretoria and this was followed by a stint in the private sector where he made closer contact with financial markets as economist at the Efficient Group. His research focuses on various economic fields including inflation, household finances, sustainable development and financial markets.</p>
<p>ANDRÉ LAÄS is 'n gekwalifiseerde aandelemakelaar en lid van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Aandelemakelaars. Hy is tans 'n aandelemakelaar in eie diens, sowel as besturende direkteur van verskeie finansiële instansies wat fokus op bategerugsteunde korttermynfinansiering. Hy is ook 'n eiendoms waardeerder, geregistreer by die Suid-Afrikaanse Raad vir Eiendoms waardeerders. Sy loopbaan sluit onder meer 'n dienstydpark as Senior Dosent in Sakebestuur by Unisa in, waar hy later 'n Dcom-graad behaal.</p>	<p>ANDRÉ LAÄS is a certified stockbroker and member of the South African Institute of Stockbrokers. He is currently a self-employed stockbroker and managing director of various financial companies that focus on asset-backed short-term finance. He is also a property valuer, registered with the South African Council for the Property Valuers Profession. His employment history inter alia includes being a Senior Lecturer in Business Management at Unisa, where he later obtained a DCom degree.</p>
<p>ANNA MARIA LAÄS studeer aan die Universiteit van Pretoria, waar sy in 1978 die graad BA (Regte) behaal en in 1980 haar LLB. Ná 'n kort tydjie as staatsaanklaer en staatsadvokaat, kwalifiseer sy as prokureur en word toegelaat in 1983. Sy skryf daarna die eksamens vir toelating as aktebesorger en daarna as notaris, en word onderskeidelik in 1984 en 1987 daartoe toegelaat. In 1995 is sy een van die eerste prokureurs wat verskyningsbevoegdheid in die Hooggeregshof kry. Sy praktiseer tans as direkteur van Laäs Döman Ingelyf in Pretoria, waar sy haar veral toespits op eiendomsverwante sake en algemene kommersiële aangeleenthede.</p>	<p>ANNA MARIA LAÄS studied at the University of Pretoria, where she obtained her BA (Law) degree in 1978 and her LLB in 1980. After short stints as public prosecutor and state advocate, she qualified as an attorney and was admitted as such in 1983. Thereafter she passed the examinations and was admitted as conveyancer and then notary, respectively in 1984 and 1987. In 1995 she was one of the first attorneys achieving the right of appearance in the High Court. She currently practises as director of Laäs Döman Inc in Pretoria, focusing mainly on property-related and general commercial matters.</p>
<p>JANNIE ROSSOUW is besoekende professor by Wits Besigheidskool aan die Universiteit van die Witwatersrand. Gedurende sy professionele loopbaan was hy onder meer 'n Senior Adjunkhoofbestuurder van die SA Reserwebank. Sy navorsing fokus op sentrale banke, inflasie en fiskale volhoubaarheid.</p>	<p>JANNIE ROSSOUW is visiting professor at Wits Business School at the University of the Witwatersrand. During his professional career he served, inter alia, as a Senior Deputy General Manager of the SA Reserve Bank. His research focuses on central banks, inflation and fiscal sustainability.</p>

COBUS VERMEULEN is 'n senior dosent verbonde aan Unisa se Departement Ekonomie, asook 'n navorsingsgenoot by die SA Reserwebank. Hy is 'n aktiewe navorser in die breë veld van monetêre ekonomie, en het artikels gepubliseer oor onderwerpe soos sentralebank- eienaarskap en -onafhanklikheid, monetêre beleidsinstrumente, die verwantskap tussen inflasie en werkloosheid, die sakesiklus, en empiriese modellering. Hy het 'n doktorsgraad in Ekonomie aan die Universiteit van Pretoria verwerf.

COBUS VERMEULEN is senior lecturer in the Department of Economics at Unisa, and a research fellow at the SA Reserve Bank. He is an active researcher in the broader field of monetary economics and has published articles on topics including central bank ownership and independence, monetary policy instruments, the relationship between inflation and unemployment, the business cycle and empirical modelling. He obtained his doctoral degree in Economics from the University of Pretoria.

ABSTRACT

A perspective on Orania's OSC Co-operative Bank Limited

In the mobilisation of savings, banks play an important role in channelling investments, but also in improving the standard of living of the population or communities served by these institutions. The channelling of savings to investment stimulates the investment multiplier, which shows the total impact on the economy as a result of increased investment. An analysis of the lending activities of banks shows that these institutions face both liquidity and solvency risks. To avoid these risks, it is important for banks to lend funds to borrowers at appropriate rates that correctly reflect the riskiness of lending activities.

Against this background, this article draws specific attention to the role that co-operative banks and co-operative financial institutions play in the South African economy, by focusing on Orania's OSC Co-operative Bank Limited (OSC), the largest co-operative bank in South Africa. The paper considers the origin and expansion of the OSC's lending practices and its role in encouraging investment in the community served by the bank.

The main research finding is that the OSC has had a significant positive influence on Orania's economic development. The recommendation from this research is that the OSC can serve as an example for other co-operative banks and co-operative financial institutions to implement similar practices in order to support the communities in which they operate.

KEYWORDS: banks, financial intermediaries, co-operative banks, money supply, credit extension, Orania, OSC Co-operative Bank Limited (OSC), ora

TREFWOORDE: banke, finansiële tussengangers, koöperatiewe banke, geldvoorraad, kredietverlening, Orania, OSK Koöperatiewe Bank Beperk (OSK), ora

OPSOMMING

Banke, as mobiliseerders van spaargeld, speel 'n belangrike rol in die kanalisering van beleggings, maar ook in die verbetering van die lewenstandaard van die bevolking of gemeenskappe waarbinne hulle funksioneer. Die omskakeling van besparings na beleggings stimuleer die beleggingsvermenigvuldiger, wat weer toon dat 'n toename in investeringsbesteding die totale ekonomie ondersteun. 'n Analise van die leningsbedrywighede van banke wys dat hierdie instellings beide likiditeits- en solvensieprobleme in die gesig staar. Om hierdie risiko's te vermy, is dit belangrik dat banke die korrekte rentekoers hef wat die risiko verbonde aan die lening en die koste van kapitaal om die lening te befonds, weerspieël.

Hierdie artikel ontleed spesifiek die rol wat koöperatiewe banke en koöperatiewe finansiële instellings in die Suid-Afrikaanse ekonomie vervul, deur te fokus op Orania se OSK Koöperatiewe Bank Beperk (OSK), die grootste koöperatiewe bank in Suid-Afrika. Die navorsing bestudeer die ontstaan en ontwikkeling van die OSK se uitleenaktiwiteite om belegging aan te moedig in die omgewing wat deur die bank bedien word.

Die gevolgtrekking is onder meer dat die instelling ’n beduidende positiewe invloed op Orania se ekonomiese ontwikkeling gehad het. Die aanbeveling uit hierdie navorsing is dat die OSK as voorbeeld vir ander koöperatiewe banke en koöperatiewe finansiële instellings kan dien, om soortgelyke praktyke in werking te stel en sodoende die direkte omgewing waarbinne hulle werksaam is, te ondersteun.

1. Inleiding

Kredietverlening stimuleer beleggingsbedrywighede in die ekonomie, wat weer deur middel van die beleggingsvermenigvuldiger ekonomiese groei bevorder (Mishkin, 2010). Kredietverlening is dus ’n noodsaaklike funksie in die strewe na die verbetering van die lewenstandaard van die bevolking, wat van ekonomiese groei afhanklik is. Banke, as mobiliseerders van spaargeld, speel ’n belangrike rol in die kanalisering van beleggings.

Wanneer daar na geregistreerde finansiële instellings binne die bankomgewing in Suid-Afrika verwys word, onderskei die SA Reserwebank tussen vier breë kategorieë, naamlik: banke en verteenwoordigende kantore; gelisensieerde versekeraars; koöperatiewe banke; en koöperatiewe finansiële instellings (SA Reserwebank, 2021a). Laasgenoemde twee kategorieë word dikwels onder dieselfde vaandel beskou, gegewe die natuurlike progressie van koöperatiewe finansiële instellings na koöperatiewe banke. Hierdie oorskakeling kan wetlik plaasvind sodra die instelling meer as 200 lede, of deposito’s van R1 miljoen, het (SA Reserwebank 2014:6).

Navorsing toon dat koöperatiewe finansiële instellings (KFI’s) (*co-operative financial institutions, CFIs*) internasionaal ’n beduidende rol speel sover dit toegang tot basiese bankdienste en krediet betref. Mushonga *et al.* (2018) verwys na die rol wat hierdie instellings speel om veral “finansiële uitgeslote gemeenskappe” asook “persone met laer inkomste” toegang tot finansiering te bied, wat dan ook finansiële dienste insluit. In teenstelling met die verwagting, was die bevinding egter dat daar tussen 2011 en 2017 ’n wesenlike daling in die aantal KFI’s in Suid-Afrika was, en dat Suid-Afrika een van die laagste KFI-penetrasiekoerse ter wêreld het (Mushonga *et al.*, 2018:2).

Volgens die SA Reserwebank (2021) is die OSK Koöperatiewe Bank Beperk (OSK) tans die grootste koöperatiewe bank in Suid-Afrika sover dit die waarde van deposito’s betref. Teen die agtergrond van die dalende neiging in KFI’s in Suid-Afrika, staan die OSK se beduidende vooruitgang gedurende die laaste paar jaar in skrilte kontras.

Boshoff (2012) en Senekal (2021) bespreek die ontstaan en ontwikkelingsgeskiedenis van Orania. Senekal (2021) verwys ook na “’n eie bank” vir Orania as ’n “kerninstelling vir ekonomiese groei”. Verder meld hy dat die OSK as “grootste gemeenskapsbank in Suid-Afrika ... verdere studie verdien” (Senekal, 2021:536 & 545). Hierdie artikel fokus dus op die navorsingsbehoefte wat Senekal (2021) geïdentifiseer het, deur die agtergrond, rol en invloed van die OSK op die ekonomie van Orania binne die konteks van die bankwese te ondersoek. Dit word benader vanuit die perspektief van die tradisionele rol van banke in die ekonomie, maar met ’n sterk klem op spesifiek koöperatiewe banke in Suid-Afrika.

Die res van hierdie artikel is soos volg gestruktureer: Afdeling 2 oorweeg die teorie en literatuur oor banke en koöperatiewe banke. In Afdeling 3 word verder hierop uitgebrei deur

te fokus op die verskillende kategorieë en bedrywighede van geregistreerde banke en die koöperatiewe banklandskap in Suid-Afrika. Afdeling 4 gee agtergrond oor die Orania-ekonomie, asook die ontstaan en rol van die OSK binne dié mikro-ekonomiese kosmos. Afdeling 5 bied 'n blik op die OSK se leningsbedrywighede en die impak daarvan op Orania se eiendomsmark en breër ekonomie. Gevolgtrekkings volg in Afdeling 6.

2. Literatuuroorsig

Kredietverlening aan die privaat sektor stimuleer beleggings in die ekonomie, veral sover dit die finansiering van produksie, verbruiksbesteding en kapitaalvorming ondersteun (Mohr, 2016:175). Dit is egter nie die enigste faktor wat tot ekonomiese groei bydra nie. Ander faktore, wat ook die beleggingsvermenigvuldiger ondersteun, sluit natuurlike hulpbronne, menslike hulpbronne, tegnologiese ontwikkeling, produktiwiteit en entrepreneurskap in. Ekonomiese groei word ook ondersteun deur politieke stabiliteit en beleidsekerheid, wat gesonde monetêre en fiskale beleid insluit (sien byvoorbeeld Fedderke & Luiz, 2015, of Radu, 2015).

2.1 Die beleggingsvermenigvuldiger

Die basis vir ekonomiese groei word geïllustreer deur die berekening van die bruto binnelandse produk (BBP, ekwivalent aan inkomte, Y) – sien byvoorbeeld Mohr *et al.* (2008):

$$Y = C + I + G + X - Z \quad (1)$$

waar C verbruiksbesteding deur huishoudings, I investeringsbesteding deur firmas, G owerheidsbesteding, X uitvoer en Z invoer voorstel. Groei in inkomte (Y) kan dus volg op toenames in verbruikersbesteding (C), investeringsbesteding (I), owerheidsbesteding (G) en/of uitvoer (X), of 'n afname in invoer (Z).

Ten einde te voorspel wat met ekonomiese groei sal gebeur indien die vlak van investering verander, kan die beleggingsvermenigvuldiger (b) gebruik word. Die beleggingsvermenigvuldiger word wiskundig voorgestel as:

$$b = \frac{1}{(1-g)} \quad (2)$$

waar g die grensverbruiksgeneigdheid (*marginal propensity to consume*) van verbruikers verteenwoordig. Die verandering in ekonomiese groei (ΔY), binne hierdie doelbewus beperkte teoretiese raamwerk kan dan wiskundig voorgestel word (Snowdon & Vane, 2005) as:

$$\Delta Y = \frac{1}{(1-g)} (\Delta I) \quad (3)$$

Die vermenigvuldiger bereken die verhouding tussen die uiteindelijke verandering in die land se inkomte (BBP) en die aanvanklike verandering in investering. Die omvang van besteding word bepaal deur elke individu se grensverbruiksgeneigdheid (g), naamlik daardie gedeelte van bykomende inkomte wat vir verbruiksbesteding aangewend word. In vergelyking 3 hierbo, word die nasionale grensverbruiksgeneigdheid gebruik.

Weens belegging in die ekonomie verhoog die besteding, byvoorbeeld weens 'n toename in indiensneming. Die kleinhandelaars waar geld gevolglik bestee word, se eienaars en werkers sal op hul beurt weer 'n gedeelte van die inkomste wat hulle ontvang, herbestee. Die grootte van die vermenigvuldiger “*b*” hang dus af van die grootte van die deel van die addisionele inkomste (grensverbruiksbesteding) wat in elke rondte gegeneer en in die volgende rondte spandeer word, met laasgenoemde wat bekend staan as die grensverbruiksgeneigdheid (Mohr *et al.*, 2008:443). Die aanvanklike toename in investering kring dan uit deur die ekonomie, lewer positiewe eksternaliteite op, en stimuleer verdere produksie en ekonomiese bedrywigheid.

Banke is 'n belangrike bron van finansiering vir besighede en individue se bedrywighe, investeringsbedrywighe en verbruikersbesteding. Banke speel 'n prominente rol in die nasionale betalingstelsel, wat – deur duisende daaglikse transaksies – doeltreffende handel bewerkstellig. Banke kan ook staatsbesteding ondersteun deur fiskale tekorte te finansier (Van der Merwe *et al.*, 2014:42). 'n Verdere unieke funksie van banke is dat hulle “geld kan skep” deur nuwe lenings uit te reik. Hierdie aspek word verder in Afdeling 3 verduidelik.

2.2 Koöperatiewe banke

Die Internasionale Koöperatiewe Alliansie (IKA) is 'n nie-regeringsorganisasie wat reeds in 1895 gestig is met die doel om koöperatiewe bewegings wêreldwyd te ondersteun. Die organisasie omskryf 'n koöperatiewe beweging as 'n selfstandige organisasie of persone wat vrywillig saamwerk om gesamentlike ekonomiese, sosiale of kulturele behoeftes te vervul, deur gesamentlike eienaarskap en demokratiese beheer. Die waardes wat die organisasie nastreef, sluit selfhelp, eie verantwoordelikheid, gelykheid en solidariteit in (IKA, 2022).

Die Internasionale Arbeidsorganisasie (IAO, 2020:5) sluit hierby aan deur te noem dat koöperatiewe besighede sekere eienskappe van “tradisionele” besighede deel, byvoorbeeld om markaktiwiteite op 'n kommersiële grondslag te bedryf, maar dat hulle “spesiale strategiese” eienskappe het wat voorkeur geniet bo en behalwe die doelwit om winste te genereer. Voorbeelde hiervan sluit in om dienste teen kosprys aan lede te verskaf, om insette teen billike waarde vanaf produserende lede aan te koop, en om werk te skep en aangename werksomstandighede aan lede-werkers te bied.

Hierdie kwasi-besigheidseienskappe van koöperatiewes skep uitdagings in soverre dit op klassieke ekonomiese teorie betrekking het. Royer (2014:2) verduidelik dat die meeste teorieë van firmas begin met die aanname van winsmaksimering. Dit word egter as onvanpas beskou binne die koöperatiewe teorie, wat eerder fokus op ander doelwitte van koöperatiewe besighede, om byvoorbeeld lede se opbrengste of terugbetalings aan lede te maksimeer, of om kostes te beperk (te minimaliseer). Royer (2014) ontwikkel dan ook die *Neo-klassieke teorie van koöperatiewes* waarin sommige van die doelwitte in verdere besonderhede bespreek word.

Met betrekking tot die impak van koöperatiewe besighede op die ekonomie, toon die IAO (2020:5) dat dié besighede kan bydra tot markstabiliteit deur, onder andere, markfoute reg te stel, konsentrasie in markte te beperk en asimmetriese inligting (m.a.w. inligting wat nie aan alle partye beskikbaar is nie) te verminder. Daar is ook bewyse dat koöperatiewe banke beter vaar tydens finansiële krisisse. Chiamonte, Poli en Oriani (2015) het 'n steekproef van Europese koöperatiewe, spaar- en kommersiële banke sowel voor as ná die 2008 Globale Finansiële Krisis ondersoek, en onder andere bevind dat koöperatiewe banke beter gevaar het relatief tot die ander banksoorte. Hulle skryf dit toe aan hul kenmerkende besighedsmodel en toesighoudingstrukture, wat beteken het dat hulle minder blootgestel was aan slegte (“toksiese”) bates, hul besigheid meer gefokus het op plaaslike bedrywighe, en daar 'n sterk

klem op die belang van lede was (Chiaromonte *et al.*, 2015:492). Hulle voeg egter by dat die prestasie korreleer met verskillende ekonomiese en finansiële toestande, en dat die meeste banksoorte tydens tye van 'n opwaartse sakesiklus (s.g. “boom”) stabiel presteer (Chiaromonte *et al.*, 2015:519).

Catturani, Kalmi en Stefani (2016) ontleed aspekte van sosiale kapitaal van Italiaanse koöperatiewe banke, en beklemtoon dat hierdie banke gekenmerk word deur hul fokus op plaaslike verwantskappe, wat hulle in 'n posisie stel om meer persoonlike (“sagte”) inligting van individue te bekom. Gevolglik word kostes verwant aan morele risiko's (*moral hazards*) en seleksieprobleme (*adverse selection*) beperk. Dié bron beklemtoon dat koöperatiewe banke, veral in Italië, getrou bly aan hul oorsprong en herkoms en meestal in landelike gebiede werksaam is. Die gevolg is dat dit finansiële insluiting aanmoedig, veral vir groepe wat moontlik andersins aan diskriminasie in finansiële markte blootgestel sal wees (Catturani *et al.*, 2016:205-6). Nóg 'n bevinding is dat koöperatiewe banke beter presteer waar wedersydse kennis en vertroue teenwoordig is. Die verwantskap is sterker waar lenings ook aan kleinsakeondernemings toegestaan word (Catturani *et al.*, 2016:218-9).

3. Geregistreerde banke en koöperatiewe banke in Suid-Afrika

Van Wyk *et al.* (2019:33) groepeer die ekonomiese bydrae van banke soos volg:

1. Die aanvaarding van deposito's en die voorsiening van lenings;
2. Die voorsiening van betalings-, klarings- en skikkingsdienste;
3. Die lewering van verwante dienste, bv. risikobestuur, beleggings- en adviesdienste.

Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat daar talle verskillende tipes “banke” (banke is 'n onderafdeling van finansiële instellings, wat byvoorbeeld ook versekeraars insluit) bestaan, elk met spesifieke mandate en fokus van bedrywighede. Volgens die SA Reserwebank se Omsigtigheidsreguleerder (*Prudential Regulator*) word geregistreerde finansiële instellings in Suid-Afrika in vier kategorieë ingedeel, naamlik:

- geregistreerde banke en verteenwoordigende kantore;
- gelisensieerde versekeraars;
- geregistreerde koöperatiewe banke; en
- geregistreerde koöperatiewe finansiële instellings.

(SA Reserwebank 2021a)

Weens die belangrike rol wat banke in die ekonomie speel, is die banksektor een van die mees geregleerde industrieë. Finansiële regulering het ten doel om die voorsiening van inligting aan beleggers te verseker (en sodoende beleggers en verbruikers te beskerm) en ook om die gesondheid van die finansiële stelsel te verseker (Mishkin, 2010).

Die Financial Services Laws General Amendment Act, 2013 (Wet No. 45 van 2013) (FSLGAA) is op 12 November 2013 deur die Parlement gepromulgeer. Hierdie wet het sekere veranderinge aan die Wet op Koöperatiewe Banke, 2007 (Wet No. 40 van 2007) goedgekeur. Die belangrikste verandering was dat toesig oor alle koöperatiewe banke vanaf 28 Februarie 2014 onder die beheer van die SA Reserwebank gesentraliseer is (SA Reserwebank, 2014).

Wetlik in Suid-Afrika kan banke kragtens een van drie wette geregistreer word: Die Bankwet van 1990, soos gewysig, die Onderlinge Bankwet van 1993, soos gewysig, en die Koöperatiewe Bankwet van 2007, soos gewysig (Republiek van Suid-Afrika, 1990, 1993 & 2007; SA Reserwebank, 2018a). Teen die einde van 2017 was 25 banke kragtens hierdie drie

wette geregistreer, maar wat aantal (19) en bates (meer as 90%) betref, was die oorgrote meerderheid banke wat kragtens die Bankwet van 1990 geregistreer is (SA Reserwebank, 2018a). In 2017 was slegs drie banke kragtens elk van die ander twee wette geregistreer. Vir doeleindes van die ontleding wat in hierdie artikel volg, is banke wat kragtens die Koöperatiewe Bankwet van 2007, soos gewysig, geregistreer is, van besondere belang.

Die handelsbevoegdheid van koöperatiewe banke is beperk in vergelyking met dié van banke wat kragtens die Bankwet van 1990 geregistreer is. Die vernaamste verskil tussen koöperatiewe banke en handelsbanke is dat 'n koöperatiewe bank deur sy lede besit word – en nie deur aandeelhouers in 'n publieke maatskappy soos in die geval van 'n handelsbank nie. Dit beteken dus dat 'n lid beide 'n kliënt en die mede-eienaar van die koöperatiewe bank is (SA Reserwebank, 2018b). Die doel van 'n koöperatiewe bank is daarom nie om winste te maksimeer nie, maar eerder om die beste moontlike produkte en dienste aan sy lede te bied (Van Wyk *et al.*, 2019:57). Koöperatiewe banke is ook diep gewortel in hul plaaslike gemeenskappe, en dra sterk by tot plaaslike ekonomiese ontwikkeling, veral in gebiede waar ander banke afwesig is.

3.1 Grensvoorwaardes vir die suksesvolle bestuur van 'n bank

Die bestuur van 'n bank kan aan die hand van die volgende vier grensvoorwaardes beoordeel word:

1. effektiewe bestuur van die bank se likiditeit en solvensie;
2. die befondsing van lenings deur kapitaal en deposito's;
3. rentekoerse wat op lenings gehef word moet die risiko van die lenings, skaarsheid en die koste van kapitaal korrek weerspieël;
4. fooie vir dienste gelewer moet korrek bereken word om kostes te dek.

3.1.1 Likiditeit en solvensie

Die Lombaard Bank wat in Maart 1793 in Kaapstad gevestig is, was Suid-Afrika se eerste bank (Arndt, 1928), maar moes in 1842 weens finansiële probleme sluit (Rossouw, 1983). Trouens, die voortbestaan van geen bank is gewaarborg nie. Die bankwese is 'n riskante bedryf, met verskeie Suid-Afrikaanse banke wat vanweë finansiële probleme moes sluit. Bekende voorbeelde is Saambou Bank (sien byvoorbeeld Mittner, 2003) of (meer onlangs) VBS Bank (Mantshantsha, 2018).

Die feit dat regerings somtyds hulp aan banke moet verleen, toon dat 'n bank wat 'n likiditeits- of solvensieprobleem in die gesig staar, nie sodanige probleme te bowe kan kom deur bloot meer lenings toe te staan nie. Trouens, as dit die wyse was om sodanige probleme die hoof te bied, sal geen bank ooit weens 'n likiditeits- of solvensieprobleem hoof te sluit nie; hulle kan bloot net aanhou krediet verleen. Dit stel die eerste grensvoorwaarde vir die OSK: die bestuur van die bank moet die instelling se likiditeit en solvensie bestuur. Daar moet egter in gedagte gehou word dat koöperatiewe banke slegs lenings teen sy deposito's kan skep. Dit is in teenstelling met 'n kommersiële bank, wat geld kan skep deur lenings toe te staan wat nie deur deposito's gerugsteun word nie. Koöperatiewe banke is dus van nature beter beskerm teen likiditeits- en solvensieprobleme.

3.1.2 *Befondsing van lenings*

Die basiese benadering in die literatuur wat oor bankwese en kredietverlening handel, is gebaseer op die teorie van die depositovermenigvuldiger. Kragtens hierdie teorie sal oorskotreserwes weens 'n toename in deposito's van banke tot groei in hul bates (die uitleenbedrywighede) lei, wat tot 'n volgende rondte van deposito's aanleiding gee (sien byvoorbeeld Van der Merwe *et al.*, 2014). Hierkragtens word die vermoë van banke om hul bates uit te brei, bepaal deur die formule waar ΔD die verandering in deposito's by banke is, voorgestel as (sien byvoorbeeld Mishkin, 2010):

$$\Delta D = \frac{\Delta R}{r} \quad (4)$$

met ΔR die verandering in reserwes en r die vereiste reserweverhouding soos voorgeskryf deur die sentrale bank.

Die tweede grensvoorwaarde is dus dat die OSK se lenings deur deposito's befonds moet word.

3.1.3 *Rentekoerse*

Die vlak van uitleenrentekoerse van Suid-Afrikaanse banke word van die SA Reserwebank se repokoers afgelei. Volgens die BusinessDictionary (S.a.) is hierdie diskontokoers die koers waarteen sekuriteite deur die sentrale bank vanaf kommersiële banke teruggekoop word. Om die geldvoorraad tydelik te verhoog, verlaag die sentrale bank die repokoers. Om die geldvoorraad te verlaag, word die repokoers verhoog.

Die Monetêre Beleidskomitee van die SA Reserwebank stel die repokoers vas. Aangesien Suid-Afrika se monetêre beleid in 'n inflasieteiken geanker is, bepaal die verwagte toekomstige verloop van die inflasiekoers die vlak van die repokoers, omdat daar 'n direkte verband tussen inflasie en rentekoerse bestaan (Mankiw, 2020).

Suid-Afrikaanse banke gebruik die repokoers as die basis vir die bepaling van die prima-koers op lenings. Tans (2022) is die prima-uitleenkoers teen 'n verhouding van 3,5 persentasiepunte bó die repokoers vasgepen. Die prima-uitleenkoers is slegs 'n "verwysingskoers" – die werklike rentekoers wat kliënte op lenings betaal, word relatief tot hierdie verwysingskoers bepaal. Vanuit die bank se oogpunt is die korrekte "prys" (naamlik die rentekoers wat gehew word) van belang, want hierdie "prys" weerspieël die risiko verbonde aan die lening en die koste van kapitaal om die lening te befonds.

Die derde grensvoorwaarde vir die OSK is die korrekte vlak van rentekoerse op lenings, om sodoende risiko korrek te weerspieël.

3.1.4 *Foioe*

Foioe, soos byvoorbeeld bankkoste en kommissie op transaksies, is ander belangrike bronne van inkomste vir banke. Dit is die vierde grensvoorwaarde vir die OSK: Foioe vir dienste gelewer moet korrek bereken word om kostes te dek.

3.2 *Die huidige koöperatiewe banklandskap*

Die jongste beskikbare data (dit is vir die einde van 2019/2020) rapporteer op daardie tydstip vyf geregistreerde koöperatiewe banke in Suid-Afrika. Die ledetal van hierdie banke wissel

tussen 604 vir die Koöperatiewe Bank Beperk (KSK) en 1 523 vir die OSK. Deposito's by hierdie banke wissel van R1,9 miljoen (Webbers Employees Savings and Credit Co-operative Bank) tot R160 miljoen (OSK) (sien Tabel 1). Die KSK Koöperatiewe Bank Beperk is die “jongste” instelling en is effektief op 1 Oktober 2020 as 'n koöperatiewe bank geregistreer (Republiek van Suid-Afrika, 2020). Al vyf die instellings is ook by die Omsigtigheidsreguleerder geregistreer.

TABEL 1: Geregistreeerde koöperatiewe banke in Suid-Afrika

Naam	Tipe	Registrasie-nommer	Ledetal	Deposito's (Rand)
Ditsobotla Primary Savings and Credit Co-operative Bank	Spaar en krediet	PA COB 03	1,319	7 500 000
OSK Koöperatiewe Bank Beperk	Spaar en lenings	PA COB 01	1,523	160 000 000
Ziphakamise Savings and Credit Co-operative Bank	Spaar en krediet	PA COB 02	841	4 900 000
Webbers Employees Savings and Credit Co-operative Bank	Spaar en lenings	PA COB 04	791	1 900 000
KSK Koöperatiewe Bank Beperk	Spaar en lenings	PA COB 05	604	51 000 000

Bron: SA Reserwebank, 2021a

Soos blyk uit die name van die instellings, is hul primêre fokus dié van depositoneming en die toestaan van lenings en/of krediet. Trouens, die gekonsolideerde balansstate van koöperatiewe banke¹ vir die jaar tot 28 Februarie 2018 toon dat (SA Reserwebank, 2018b) die koöperatiewe banksektor se totale bates 26,6% jaar-op-jaar gegroei het, vanaf R121,2 miljoen tot R153,5 miljoen. Dit is gedryf deur groei in lenings. Toenames in laste was hoofsaaklik te wyte aan deposito's, wat sowat 98% van die totale laste uitmaak.

Sodra 'n koöperatiewe bank 200 of meer lede het, of sy deposito's die waarde van R1 miljoen oorskry, moet daar aan die Wet op Koöperatiewe Banke van 2007 voldoen word. Voor hierdie mylpaal bereik word, staan sodanige instellings as koöperatiewe finansiële instellings (KFI's) bekend. Soos reeds gemeld in die inleiding, bestaan daar 'n natuurlike progressie vanaf 'n KFI na 'n koöperatiewe bank. Die Ontwikkelingsagentskap vir Koöperatiewe Banke (*Co-operative Banks Development Agency*, CBDA) verduidelik dat (CBDA, 2018:21) potensiële KFI's voldoen aan die Koöperatiewe Bankwet se vereistes van meer as 200 lede en R1 miljoen deposito's – maar nog nie aan al die omsigtigheidsvereistes

¹ Op daardie datum was slegs vier koöperatiewe banke geregistreer, en sluit dus KSK uit wat eers in 2020 bygekom het.

(*prudential requirements*) van die SA Reserwebank nie. Die instellings funksioneer dus onder die CBDA se regulasies.

Betreffende die koöperatiewe banksektor (d.i. KFI's en koöperatiewe banke) se bates was dit in 2018 bykans om die helfte verdeel, met 51% by KFI's teenoor 49% by koöperatiewe banke. In terme van ledetal was KFI's baie groter, met 24 066 lede in 2018 (CBDA, 2018:21). Die jongste beskikbare data (dit is vir Februarie 2021) toon dat daar op daardie tydstep 23 geregistreerde KFI's in Suid-Afrika was. Wat lede betref, was Motswedi Financial Services Co-operative Ltd die grootste (2 261), terwyl Oranjekas Savings and Credit Co-operative (SACCO) met sowat R40 miljoen die grootste bedrag in deposito's gehad het (SA Reserwebank, 2021a).

Belangrik sover dit hierdie navorsing aangaan, is dat daar 'n groot aantal KFI's bestaan wat moontlik in die toekoms ook as volwaardige koöperatiewe banke sal kan registreer. Aansporings vir verdere groei is onder meer die Nasionale Tesourie se *Financial Co-operative retail bond* wat in Oktober 2011 vrygestel is en wat 'n "veilige spaarinstrument" daarstel waarin KFI's en koöperatiewe banke kan belê (CBDA, 2018:27).

4. Die ontwikkeling van die OSK Koöperatiewe Bank Beperk (OSK) en die ora

Boshoff (2012) en Senekal (2021) gee 'n omvattende oorsig van Orania se ontwikkeling. Hierdie artikel sluit hierby aan deur die fokus te verskuif na die unieke ontwikkeling van finansiële dienste in dié dorp. In die vroeë 1990's was dit 'n uitdaging vir inwoners van Orania om bankdienste te bekom. Werkers wat per tjek betaal is, moes na Hopetown (sowat 43 km van Orania) reis om tjeks te wissel en om hul inkomste te bestee. Betaling per tjek is teen die einde van 2020 in Suid-Afrika uitgefaseer.

Lukas Taljaard,² 'n sakeman in Orania wat die plaaslike vulstasie bedryf het, het 'n gaping in die mark gesien en begin om werkers se tjeks te endosseer vir kontant. Koste is verhaal teen 'n fooi van sowat R5 per tjek. Dit was in werklikheid die eenvoudige ontstaan van wat vandag as die OSK Koöperatiewe Bank Beperk bekend staan.

Die tjekwisselings was meerdoelig:

- i. 'n diens aan werkers wat kontant nodig gehad het en nie na Hopetown kon reis nie;
- ii. om besteding van werkerslone op Orania, eerder as Hopetown, aan te moedig; en
- iii. om kontanthering by die vulstasie te verminder.

Die probleem was egter dat dié informele reëling nie aan die vereistes van die Bankwet (van 1990) voldoen het nie, omdat dit aspekte van depositoneming omvat het. Omstreeks 2001 het Ters Schuman (afgetrede ouditeur) besef dat iets reëlmatig op die been gebring moes word. Daar is besluit om 'n spaar- en kredietkoöperatief te stig wat deel was van die *South African Credit Co-operative League* (SACCOL). Die Orania Spaar- en Kredietkoöperatief Beperk is gevolglik op 18 Maart 2002 gestig. Die instelling het dus op 18 Maart 2022 sy 20ste bestaansjaar gevier.

Die SA Reserwebank erken SACCOL as die verteenwoordigers van spaar- en kredietkoöperatiewe (asook "Krediet Unies" – *Credit Unions*), soos uiteengesit in die *Staatskoerant Vol. 29412 (1176)*, Desember 2006 (SACCOL, 2019). Dit beteken dat hierdie instansies

² Mnr Taljaard was ook steeds die besturende direkteur van die OSK, ten tyde van die skrywe van hierdie artikel.

vrygestel is/word van die Bankwet van 1990. Ook noemenswaardig is dat die instelling wat tans as die OSK bekend staan, een van die eerste spaar- en kredietkoöperatiewe binne Suid-Afrika was wat as sodanig geregistreer is. Dit het tot gevolg gehad dat die owerhede, veral die SA Reserwebank, groot belangstelling getoon het in die ontstaan en ontwikkeling van die instelling, en dit in talle opsigte as 'n gevallestudie vir ander moontlike soortgelyke instellings beskou word.

Ongeveer die begin van die 2000's is die instelling só bestuur dat dit steeds geen wins getoon het nie. Die instelling het egter gegroei en werknemers is aangestel. Taljaard was steeds in beheer, maar het geen salaris verdien nie. Dit bevestig die oorhoofse motief van die bank, naamlik om die gemeenskap te dien – iets wat vandag nog baie prominent blyk uit die manier hoe die bank besigheid doen.

Een van die eerste uitdagings was om 'n bankrekening vir die OSK self te open by 'n bank wat kragtens die Bankwet van 1990 geregistreer is. Die naaste dorp was Hopetown, waar verskillende bankgroepe takkantore gehad het. In 2002 het die OSK 'n bankrekening by Standard Bank oopgemaak. In praktyk kan die OSK dus nou aan die nasionale betaalstelsel deelneem via die Standard Bank-bankrekening. Kliënte kan 'n betaling in die OSK se rekening by Standard Bank maak, waarna dit op grond van 'n kliëntenummer aan die individu se rekening by die OSK toegedeel word. Dit beteken dat daar 'n “substel van rekeninge” bestaan wat bedryf word soortgelyk aan 'n prokureur se trustrekening.

Die omgewing waarbinne die instelling werksaam was, het ook groei getoon en gevolglik was daar veral 'n toename in die aanvraag na lenings – spesifiek huislenings. Teen 2007 het die instelling 'n batewaarde van meer as R18 miljoen gehad. Dit het beteken dat die bank kragtens die Wet op Koöperatiewe Banke van 2007 moes funksioneer.

In 2011 is die OSK as volwaardige koöperatiewe bank geregistreer. Tydens die registrasie moes daar besluit word op 'n naam vir die bank, en voorstelle wat oorweeg is, sluit die “Orania Koöperatiewe Bank Beperk” en “OSK Koöperatiewe Bank Beperk” in. Gegewe dat die afkorting “OSK” reeds so gevestig was in die volksmond, is daar besluit om die afkorting alleen te gebruik as nuwe naam. Die naam is dus sedert Junie 2011 nie meer “Orania Spaar en Krediet” nie, maar slegs “OSK Koöperatiewe Bank Beperk”. Dit is ook die rede waarom die “*Orania Spaar en Krediet*”-gedeelte nie meer deel is van die naam nie.

Vanuit die bank se oogpunt blyk dit egter dat die feit dat die OSK nie direkte toegang tot die nasionale betaalstelsel het nie, wel 'n administratiewe las op die instelling plaas. Om buite die stelsel te bly, is egter tans steeds meer koste-effektief, gegewe die “klein” ledetal. Die OSK hou byvoorbeeld 'n geskrewe verwerkingstelsel, byvoorbeeld waar debietorders onder andere bygevoeg kan word; dit word dan as 'n enkele “staat” na Standard Bank gestuur vir elektroniese verwerking (EFT). Alhoewel daar nie elektroniese EFT-fasiliteite (EFTs) by die OSK is nie, sal die bestuur van die OSK in sekere gevalle transaksies goedkeur (en uitvoer) wat op skrif (byvoorbeeld epos-opdragte) aan die instelling gerig word. Dit is 'n voordeel van 'n “klein” instelling waar die bestuur van die bank die meeste van hul kliënte en hul finansiële posisies persoonlik ken. Alhoewel die handgeskrewe stelsel verouderd is, is daar talle funksionele bankopsies beskikbaar, insluitende inbetalings (ora-“geldeenheid”/rand/tjeks), onttrekkings (ora/rand), oorbetalings per internet na ander banke, oorplasinge na OSK-kaartrekening, of ander transaksies (bankstate, ens.).

In praktyk beteken dit dat die OSK slegs toegang tot die betaalstelsel het deur een van die geregistreerde banke. Enige reserwefondse moet ook noodgedwonge by 'n geregistreerde bank geplaas word. Dit is ook vanweë hierdie rede dat lede nie 'n individuele rekeningnummer,

soortgelyk aan die groter banke se kliënterekeningnommers, kan bekom nie. By navraag het die bestuurder van die OSK bevestig dat die aanvraag hierna buitendien baie min is.

Die OSK is kreatief in die manier waarop mense aangemoedig word om geld by die instelling te belê, asook om spesifiek die plaaslike geldeenheid (ora) te gebruik. Oor die algemeen hef die OSK geen maandelikse fooie nie en is slegs transaksiekostes van toepassing. Laasgenoemde kostes word ook geskrap wanneer transaksies in oras plaasvind. Dit impliseer dat die OSK een van die grensvoorwaardes (fooie) vir suksesvolle bankwese baie noukeurig moet bestuur.

Soortgelyk as wat daar in die literatuur uitgelig is, dui die bestuurder van die OSK aan dat die bank 'n sterk fokus het op finansiële insluiting (*financial inclusion*); oftewel, om by die sogenaamde “unbankables” uit te kom. 'n Ander beduidende voordeel van die OSK is dat dit eiendom binne Orania as sekuriteit teen lenings aanvaar. Eiendom binne Orania word byvoorbeeld nie deur die groot vyf banke as sekuriteit aanvaar nie omdat dit nie op voltitel of deeltitel gebaseer is nie, maar eerder ingevolge die Wet op die Beheer van Aandeelblokke (Republiek van Suid-Afrika, 1980).

In 2019 het die OSK se batewaarde bykans R200 miljoen beloop, en het dit 'n ledetal van ongeveer 1 400 gehad. Dit gee 'n aanduiding van die beduidende invloed wat die OSK in sy omliggende omgewing het, veral as 'n mens in gedagte hou dat daar toe maar sowat 1 700 inwoners in Orania was. Ook noemenswaardig is dat daar sowat 108 000 transaksies gedurende die 2018/19-boekjaar geboekstaaf is, wat direkte inbetalings in die OSK se rekening by Standard Bank insluit.

Die OSK het sterk groei getoon gedurende die laaste paar jaar en die batewaarde het in Maart 2022 reeds op R327 miljoen gestaan (dit sluit lenings van R195 miljoen in). Hierdie syfers is in teenstelling met verwagtings dat die grendelstaat 'n negatiewe impak op bedrywighele sou hê. Die deposito's van die bank het in 2020 met 38,0 persent gestyg. In 2021 ontvang die instelling die prys as beste koöperatiewe bank in Suid-Afrika van die Reserwebank se Omsigtigheidstoetsinghouer (*Prudential Authority*). In afdeling 5 word die instelling se groei en impak verder ontleed deur spesifiek te kyk na die leningsbedrywighele.

Nog 'n unieke eienskap van Orania se finansiële stelsel is die plaaslike “geldeenheid”, of ora. Dit word deur die sakekamer van Orania uitgereik en deur die OSK geadministreer. Dit word met die simbool Φ geïdentifiseer. Die fisiese druk van die note geskied in Kimberley. Alhoewel daar na die ora as 'n “geldeenheid” verwys word, is dit in werklikheid geregistreer as 'n koepon of koepbewys. Dit dien dus as 'n ruilmiddel en die Orania Sakekamer en die OSK mag ook geen ander “geld” (byvoorbeeld rande) uitreik nie.

Die uitleg van die “noot” het 'n sterk kulturele uitbeelding, byvoorbeeld die skets van “Rachel de Beer” op die Φ 10-noot. Agterop die “note” is daar advertensieruimte waar plaaslike besighede hul goedere of dienste kan adverteer, wat weer op sy beurt help om van die drukkerskoste van die “note” te dek. Die “note” het veiligheidseienskappe, byvoorbeeld 'n watermerk en fluoresserende eienskappe (wat slegs onder UV-ligte gesien kan word). Gedurende 2019 was daar na raming ora ten bedrae van sowat R1,5 miljoen in omloop.

Die ora word teen 'n ruilwaarde (wisselkoers) van een-tot-een (1:1) teenoor die Suid-Afrikaanse rand uitgereik. Dit is ook vrylik verwisselbaar vir randnote of randdeposito's by die OSK. Omdat die sakekamer Suid-Afrikaanse rande in reserwe moet hou gelykstaande aan die oras wat uitgereik word, dra ora-uitreiking nie tot geldskepping in Suid-Afrika by nie. Bevestiging kon egter nie verkry word of daar kopiereg op die koepone bestaan nie.

5. Die OSK se leningsbedrywighede

Die vereistes waaraan OSK-lenings moet voldoen, stem in 'n groot mate ooreen met wetlike voorskrifte waaraan banke in die algemeen moet voldoen, en sluit onder andere die volgende in:

- Bewys van inkomste en uitgawes
- Verklaring van bates en laste
- Bewys van terugbetaalvermoë, bv. betaalstaat of pensioenstaat
- Lenings word beperk tot 80% van die eiendomswaardasie in die geval van eiendomslenings, wat impliseer dat die OSK vrywillig aan 'n reserwevereiste van 20% voldoen. Dit is hoër as die wetlike vereiste en verseker dat die OSK aan 'n verdere grensvoorwaarde (likiditeit en solvensie) voldoen.
- Leningsaansoeke moet inpas by dorp of Dorpsraad se reëls.

Hierbenewens word lenings deur 'n kredietkomitee van die bank ondersoek vir moontlike goedkeuring. Geen lenings³ mag groter wees as 25% van die *totale reserwekapitaal*, of 2,5% van die totale *batewaarde* in die balansstaat nie, watter een ook al die kleinste is.

Daar was in 2019 ongeveer 550 geregistreerde eiendomme in Orania, terwyl die OSK 306 eiendomslenings op sy boeke gehad het (ongeveer 55% van die eiendomme). Dit skets die omvang van die OSK in die plaaslike eiendomsmark. Uitstaande lenings teen eiendom het sowat R140 miljoen van die OSK se bates uitgemaak. Ander bates van die bank sluit 'n klein portefeulje persoonlike lenings (ongeveer R121 000) in, terwyl oortrokke fasiliteite by geleentheid toegestaan word, maar uitsluitlik vir besigheidsrekeninge.

Die bestuurder van die OSK het bevestig dat nie-presterende lenings (*non-performing loans*) baie selde voorkom en dat daar gemiddeld slegs sowat vyf tot tien sulke gevalle jaarliks is, met ander woorde slegs sowat een persent van die totale lenings. Die bestuur van die OSK het ook bevestig dat daar 'n gevestigde eerlikheidskultuur tussen die mense op die dorp is, en ook tussen die bank en sy kliënte. Dit beteken dat persone die vrymoedigheid het om moontlike geldelike probleme met die bank, of sy bestuur, te bespreek, eerder as om bloot agterstallig te raak.

Volgens die OSK was daar 'n merkbare toename in die aanvraag na – en die toestaan van – nuwe lenings, veral sedert 2008/09. Gebeure of omstandighede wat tot die verskynsel kon bydra, sluit in:

- die uitleg van talle nuwe erwe;
- geen kompetisie (monopolie) nie; en
- addisionele likiditeit (laste tot bates) weens 'n toename in deposito's by die OSK, wat tot die befondsing van meer lenings gelei het.

Tydens 2018 tot 2019 het lenings op die OSK se boeke veral vinnig toegeneem, terwyl die bank se bates teen 'n meer gematigde tempo gegroei het. Dit het veroorsaak dat die toegestane lenings van sowat 72% van laste ("balansstaat") gestyg het tot meer as 80% – dus bo die bank se eie maksimum perk. In sulke gevalle beteken dit dat die bank genoodsaak word om eers te wag vir nuwe deposito's voordat addisionele lenings toegestaan kan word. Alternatiewelik beteken dit dat lenings slegs gedeeltelik toegestaan word. Die bank bestuur dus die grensvoorwaarde vir die befondsing van lenings.

³ Die beperking is ook van toepassing op beleggings.

Gedurende die laaste paar jaar (2020 tot 2022) het deposito's egter weer sterk gestyg. Die gevolg was dat die lenings-tot-batewaarde-verhouding gedaal het tot onder die 60%-vlak, wat dus beteken dat addisionele lenings wel weer toegestaan kon word – binne die bank se kriteria.

Die OSK meld dat aansoekers meer fokus op die nominale bedrag van hul rente en terugbetalings (paaielemente) op lenings, met ander woorde, maandelikse bekostigbaarheid, as op die rentekoers wat aan die lenings gekoppel is. Dit beteken dat die OSK die grensvoorwaarde met betrekking tot rentekoerse en die koste van kapitaal bestuur.

Data van die Orania Dorpsraad bevestig die toename in ekonomiese bedrywighede binne die dorp. Bouaansoeke het toegeneem vanaf 37 in 2016 tot 85 in 2020, met 'n geskatte waarde van Φ 68,7 miljoen teen 2020.

Eiendomsverwante transaksies gee 'n verdere aanduiding van 'n gesonde eiendomsmark binne Orania. Indien daar na vaste-eiendomstransaksies gekyk word, was daar in 2020 ongeveer 40 transaksies, met 'n totale waarde van Φ 47,3miljoen. Die verhandeling van erwe toon ook groei en in 2020 is 55 erwe van die hand gesit, teen 'n gesamentlike waarde van Φ 17,7 miljoen.

Finansiële ontwikkeling het ook 'n positiewe impak op ekonomiese groei (Levine, 2005). Garcia & Liu (1999:35) is van mening dat “finansiële ontwikkeling van kritieke belang [is] vir ekonomiese groei.” Daarom kan verwag word dat Orania se finansiële ontwikkeling – by wyse van die vooruitgang van die OSK – 'n positiewe invloed op die breër Orania-ekonomie, buiten slegs die eiendomsmark, sal hê.

Volgens Orania se 2020-sensus (Orania Dorpsraad, 2021) het kapitaalvorming tussen 2016 en 2020 met gemiddeld 41,7% per jaar gegroei. Die OSK se kapitaalvorming het selfs meer as verdubbel sedert 2016, en byna tweederdes van Orania se totale kapitaalvorming in 2020 kan aan die OSK toegeskryf word. Die kapitaalvorming van die OSK alleen is meer as genoeg om die totale begroting van R183,3 miljoen vir Orania se 2016–2020 Ekonomiese Ontwikkelingsplan (EOP) te finansier. Kapitaalvorming kan gelykgestel word aan investering; uit vergelyking (1) hier bo is dit duidelik dat sodanige gesonde groei in investeringsbesteding (*I*) ekonomiese groei (*Y*) sou bevorder. Terselfdertyd is werk geskep, met permanente indiensname wat teen gemiddeld sowat 3% per jaar gegroei het,⁴ en die aantal geregistreerde besighede binne Orania wat byna verdubbel het sedert 2016 (Orania Dorpsraad, 2021).

Hierdie ontleding toon aan dat groei in ekonomiese bedrywighede inderdaad deur die OSK ondersteun word. Dit bevestig dat 'n suksesvolle koöperatiewe bank voordelig kan wees vir 'n plaaslike gemeenskap soos Orania.

Die OSK funksioneer binne die grensvoorwaardes wat hier bo uiteengesit is. Die OSK se likiditeit en solvensie word noukeurig bestuur. Tweedens word lenings deur kapitaal en deposito's befonds. Derdens word rentekoerse op lenings gehef wat die risiko van die lenings, skaarsheid en die koste van kapitaal korrek weerspieël. Laastens dek die fooie wat gehef word die kostes.

6. Gevolgtrekkings

Hierdie artikel is toegespits op die rol wat koöperatiewe banke en koöperatiewe finansiële instellings in die ekonomie vervul. As praktiese voorbeeld is daar in diepte gekyk na die agtergrond van die OSK Koöperatiewe Bank Beperk en die rol en impak daarvan op die Orania-ekonomie.

⁴ Oor dieselfde tydperk (2016–2019) het totale nasionale formele indiensneming maar met gemiddeld 0.54% per jaar gegroei (Statistieke Suid-Afrika, S.a.).

Die literatuur bevestig die belangrike rol van banke, as mobiliseerders van spaargeld, in die kanalisering van beleggings. Die minimum grensvoorwaardes waaraan 'n bank soos die OSK moet voldoen, is geïdentifiseer. Binne die konteks van banke toon hierdie navorsing dat daar verskeie instellings is wat op die gebied van koöperatiewe bankwese werksaam is, waarvan die OSK as die grootste van hierdie instellings geïdentifiseer is. Sedert 2017/18 het daar 'n mate van oplewing in hierdie sektor plaasgevind.

Sover dit die koöperatiewe banksektor (d.i. KFI's en koöperatiewe banke) se bates aangaan, was dit teen 2018 bykans om die helfte verdeel, met koöperatiewe finansiële instellings (KFI's) wat 51% opgemaak het teenoor 49% deur koöperatiewe banke. Talle van die KFI's het ook reeds gemaklik die vereistes van 200 of meer lede en deposito's van R1 miljoen oorskry, en moet dus slegs nog aan 'n paar omsigtigheidsvereistes voldoen voordat hulle ook in aanmerking kom om as koöperatiewe banke te registreer. Die gevolgtrekking is dat verdere toekomstige groei binne die sektor verwag moet word.

Die navorsing bevestig dat die OSK tans die grootste koöperatiewe bank in Suid-Afrika is. Gevolglik dien die OSK as rolmodel vir koöperatiewe finansiële instellings. Verder vind ons dat daar sterk groei in die onderneming was – gemeet aan sy bates (lenings) sowel as sy laste (deposito's).

Die likiditeitsposisie van die instelling blyk gesond te wees en in 2022 het die OSK se batewaarde ongeveer R327 miljoen beloop. Voorts beloop deposito's R301 miljoen. Limiete op lenings en beleggings per kliënt (insluitend verwante persone) word streng volgens beperkings op reserwekapitaal- en batewaardeverhoudings bestuur.

In soverre dit die impak van die OSK op sy direkte omgewing betref, vind ons beduidende positiewe tekens. In 2019 was daar ongeveer 550 geregistreerde eiendomme in Orania, terwyl die OSK 306 van hierdie eiendomslenings op sy boeke gehad het (dus sowat 55 persent). Verder blyk dit dat ekonomiese bedrywigheid in die omgewing waarbinne die OSK werksaam is, naamlik die groter Orania, tussen 2016 en 2020 'n wesenlike oplewing beleef het. Bewyse hiervan is te vinde uit syfers wat toon dat bouaansoeke – en die waarde daarvan – sterk aan die toeneem is. Die eiendomsmark toon gesonde groei met betrekking tot die verhandeling van vaste eiendom en erwe. Investering groei ook sterk, en ekonomiese aktiwiteit, gemeet aan werkskepping en die vestiging van nuwe ondernemings, is gesond. Gevolglik kan daar uit bogenoemde bevindings afgelei word dat die OSK wel 'n beduidende positiewe invloed op Orania se ekonomiese ontwikkeling het.

Desnieteenstaande is daar steeds heelwat ruimte vir verdere akademiese navorsing – onder andere oor die invloed wat die OSK op ander sektore binne Orania se ekonomie het. Daar kan ook na die grootte van die Orania-ekonomie self gekyk word, byvoorbeeld om die bruto geografiese produk en die verandering daarvan oor tyd te bereken. Laasgenoemde kan dien as 'n belangrike verwysingspunt (delertal) wanneer veranderlikes oor tyd ontleed word.

ERKENNING

Die outeurs bedank die bestuur van die OSK (by name mnr Hanri Maritz, Bestuurder) vir hul waardevolle inligting en bydrae tot hierdie navorsing. Die outeurs is egter verantwoordelik vir al die interpretasies. Ons bedank ook die drie anonieme keurders vir hul waardevolle kommentaar en voorstelle. Die menings in hierdie artikel moet nie aan enige universiteit of ander instelling toegeskryf word nie.

BIBLIOGRAFIE

- Afrikaanse Nuus. 2014. Eiendomsreg in Orania. *Afrikaanse Nuus*. 26 April 2014. Aanlyn by <http://bmarksa.org/nuus/eiendomsreg-in-orania/>.
- Arndt, EHD. 1928. *Banking and currency development in South Africa, 1652 to 1927*. Kaapstad: Juta.
- Boshoff, CWH. 2012. *Dis nou ek*. Pretoria: Lapa Uitgewers.
- BusinessDictionary. (S.a.). Aanlyn by <http://www.businessdictionary.com/definition/repo-rate.html>. [Internettoegang op 15 Mei 2019].
- BusinessTech. 2019. Battle of the banks: South Africa's big 5 banks compared. Aanlyn by <https://businesstech.co.za/news/banking/339319/battle-of-the-banks-south-africas-big-5-banks-compared/> [Internettoegang op 7 Oktober 2019].
- Catturani, I, Kalmi, P & Stefani, M. 2016. Social Capital and Credit Cooperative Banks. *Economic Notes by Banca Monte dei Paschi di Siena*, 45(2):205-234.
- Chiaromonte, L, Poli, F & Oriani, M. 2015. Are Cooperative Banks a Lever for Promoting Bank Stability? Evidence from the Recent Financial Crisis in OECD Countries. *European Financial Management*, 21(3):91-523.
- Co-operative Banks Development Agency (CBDA). 2018. Co-operative Banks Development Agency Annual Report 2017–2018. Pretoria. Aanlyn by <http://www.treasury.gov.za/coopbank/publications/Co-operative%20Banks%20Development%20Agency%20Annual%20Report%202017-18.pdf> [Internettoegang op verskeie datums].
- Duca, J. (S.a.). Subprime Mortgage Crisis 2007–2010. *Federal Reserve History*. Dallas. Aanlyn by https://www.federalreservehistory.org/essays/subprime_mortgage_crisis. [Internettoegang op 17 Mei 2019].
- Fedderke, J & Luiz, J. 2015. The Political Economy of Institutions, Stability and Investment: a simultaneous equation approach in an emerging economy – the case of South Africa. Working Paper Number 15. Universiteit van Kaapstad. Aanlyn by [Internettoegang op 25 Augustus 2022].
- Fiorillo, S. 2018. What Was the Subprime Mortgage Crisis and How Did it Happen? *The Street*. Aanlyn by <https://www.thestreet.com/personal-finance/mortgages/subprime-mortgage-crisis-14704400>. [Internettoegang op 17 Mei 2019].
- Garcia, VF & Liu, L. 1999. Macroeconomic determinants of stock market development. *Journal of Applied Economics*, 2(1):29-59.
- Hausmann, R. 2008. Final recommendations of the International Panel on ASGISA. Harvard University Centre for International Development (CID). *CID Working Paper No. 161*. Harvard University.
- Internasionale Arbeidsorganisasie (IAO). 2020. *Statistics on Cooperatives: Concepts, classification, work and economic contribution measurement*. Geneva.
- Internasionale Koöperatiewe Alliansie (IKA). 2022. Aanlyn by <https://www.ica.coop/en/cooperatives/cooperative-identity>. [Internettoegang op 30 Augustus 2022].
- Levine, R. 2005. Finance and Growth: Theory and Evidence. In *Handbook of Economic Growth* (hoofstuk 12). Amsterdam: Elsevier.
- Mantshantsha, S. 2018. Scandal of the year: VBS — a most unsophisticated bank heist. *Financial Mail*. Aanlyn by <https://www.businesslive.co.za/fm/features/cover-story/2018-12-21-scandal-of-the-year-vbs--a-most-unsophisticated-bank-heist/>. [Internettoegang op 14 Mei 2019].
- Mishkin, FS. 2010. *The Economics of Money, Banking and Financial Markets* (9 ed.). Pearson Education Inc.
- Mittner, M. 2003. What happened at Saambou? *Fin24*. Aanlyn by <https://www.fin24.com/Companies/What-happened-at-Saambou-20030728>. [Internettoegang op 14 Mei 2019].
- Mohr, P. 2016. *Economic indicators*. 5th edition. Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Mohr, P, Fourie, L *et al.* 2008. *Ekonomie vir Suid-Afrikaanse studente*. Vierde uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Mushonga, M, Arun, T & Marwa, N. 2018. Drivers, inhibitors and the future of co-operative financial institutions: A Delphi study on South African perspective. *Technological Forecasting & Social Change*. Volume 133:254-262. Aanlyn by <https://doi.org/10.1016/j.techfore.2018.04.028> [Internettoegang op verskeie datums].

- Nasionale Tesourie. 2013. South Africa's largest co-operative bank. *The Connection*. Februarie. Aanlyn: <http://www.treasury.gov.za/coopbank/newsletter/TheConnection-Issue4.pdf>. [Internettoegang op verskeie datums].
- Orania Dorpsraad. 2021. *Orania Sensus (verskeie jare)*. Orania: Orania Dorpsraad.
- Die Presidensie. 2006. Accelerated and Shared Growth Initiative for South Africa (ASGISA). *Annual Report*, South African government.
- Radu, M. 2015. Political Stability – A Condition for Sustainable Growth in Romania? *Procedia Economics and Finance*. Jaargang 30:751-757.
- Republiek van Suid-Afrika. 1980. *Wet op die Beheer van Aandeelblokke*, No 59 van 1980, soos gewysig.
- Republiek van Suid-Afrika. 1990. *Bankwet*, No 94 van 1990, soos gewysig.
- Republiek van Suid-Afrika. 1993. *Wet op Onderlinge Bank*, No 124 van 1993, soos gewysig.
- Republiek van Suid-Afrika. 2007. *Koöperatiewe Bankwet*, No 40 van 2007, soos gewysig.
- Republiek van Suid-Afrika. 2013. *Financial Services Laws General Amendment Act*, No. 45 of 2013.
- Republiek van Suid-Afrika. 2020. Registration of co-operative bank – KSK Koöperatiewe Bank Beperk. *Staatskoerant*. 6 November. Notice 629 of 2020. Aanlyn by https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/202011/43872gen629.pdf [Internettoegang op verskeie datums].
- Roodt, D. 2017. Dawie maak digitale geld vir Orania. *Die Burger*. 4 Julie 2017.
- Rossouw, J. 1983. 'n Beskouing van die institusionele ontwikkeling van kredietbronne en enkele finansieringsvraagstukke binne die Suid-Afrikaanse landbousektor. Ongepubliseerde MCom-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Royer, FS. 2014. The Neoclassical Theory of Cooperatives: Part I. *Journal of Cooperatives*, 28:1-19.
- SACCOL. 2019. Savings and Credit Co-operative League of South Africa Limited. Cape Town. SACCOL. <http://pmg-assets.s3-website-eu-west-1.amazonaws.com/docs/2007/070828saccosub.pdf> [Internettoegang op 16 Augustus 2022].
- SA Reserwebank. 2014. *Combined Annual Report of the Supervisors of the Co-operative Banks Development Agency and the South African Reserve Bank 2013/14*. Pretoria: SARB. <http://www.reservebank.co.za> and <http://www.treasury.gov.za/coopbank/>.
- SA Reserwebank. 2018a. *Bank Supervision Department Annual Report 2017*. Pretoria: SARB.
- SA Reserwebank. 2018b. *Cooperative Banks Annual Report 2017/18*. Pretoria: SARB.
- SA Reserwebank. 2018c. *Register of Co-operative Banks. Suid-Afrikaanse Reserwebank Koöperatiewe Bankregister*. Pretoria: SARB. <https://www.resbank.co.za/PrudentialAuthority/Deposit-takers/Co-operativeBanks/Pages/Licensing.aspx>. [Internettoegang op verskeie datums].
- SA Reserwebank. 2021a. *SA Registered Financial Institutions*. Pretoria: SARB. https://www.resbank.co.za/en/home/what-we-do/Prudentialregulation/SA_registered_financial_institutions [Internettoegang op verskeie datums, 2022].
- SA Reserwebank. 2021b. *Quarterly Bulletin*. September 2021. Pretoria: SARB. <https://www.resbank.co.za/content/dam/sarb/publications/quarterly-bulletins/quarterly-bulletin-publications/2021/back-up-september/01Full%20Quarterly%20Bulletin.pdf> [Internettoegang op 2 Februarie 2022].
- Senekal, B. 2021. Die eerste 40 jaar van Orania. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(2):526-550.
- Snowdon, B & Vane, H. 2005. *Modern Macroeconomics: Its Origins, Development and Current State*. Northampton, Massachusetts: Edward Elgar.
- Statistieke Suid-Afrika. (S.a.). *Quarterly Labour Force Survey* (verskeie uitgawes).
- Van der Merwe, E, Mollentze, S, Leshoro, T, Rossouw, J & Vermeulen, C. 2014. *Monetary Economics*. Cape Town: Oxford University Press.
- Van Wyk, K, Botha, Z & Goodspeed, I. (eds). 2019. *Understanding South African Financial Markets*. Pretoria. Van Schaik.
- Werner, RA. 2016. A lost century in economics: three theories of banking and the conclusive evidence. *International Review of Financial Analysis*, 46:361-379.

Het oortreders 'n reg op hervorming of eerder 'n reg op 'n hervorming-gedrewe omgewing?

Are offenders entitled to a right to rehabilitation or rather to a rehabilitation-driven environment?

CASPER LÖTTER

Navorsingsgenoot, Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

Suid-Afrika

E-pos: casperltr@gmail.com



Casper Lötter

CASPER LÖTTER het in 2018 sy PhD in Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat behaal. Hy is tans 'n konflikkriminoloog verbonde aan Noordwes-Universiteit se Skool vir Filosofie (Potchefstroom) as nadoktorale navorsingsgenoot. Van sy werk het reeds in *Conversation Africa* verskyn en hy skryf ook gereeld vir *Mail & Guardian* se Thoughtleader-rubriek. In 2019 was hy 'n nadoktorale beurshouer van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

CASPER LÖTTER completed his PhD in Philosophy at the University of the Free State in 2018. He is a conflict criminologist affiliated with North-West University's School of Philosophy (Potchefstroom) as a postdoctoral research fellow. His work has appeared in *Conversation Africa* and he regularly writes for *Mail & Guardian*'s Thoughtleader column. He received a postdoctoral grant from the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ("South African Academy of Science and Arts") in 2019.

ABSTRACT

Are offenders entitled to a right to rehabilitation or rather to a rehabilitation-driven environment?

This contribution critically examines Omar's (2011) claim that offenders in South Africa have a legal right to expect and demand that the Department of Correctional Services rehabilitate them. Omar's three argumentative assumptions are carefully examined since these statements are representative of a deeply entrenched traditional position in South Africa on the issues regarding re-offending and resettlement of ex-offenders. These assumptions are that crime is a simple problem, the problematically functionalist approach to post-release rehabilitation and the demand for rehabilitation without factoring in the harsh challenges ex-offenders in South Africa constantly face. Critically minded criminologists insist, for example, that so-called conventional "crime" cannot be understood without an appreciation of its context. Five parameters are considered to explore this issue, namely, 1) the public institutions that

Datums:

Ontvang: 2022-03-09

Goedgekeur: 2022-10-15

Gepubliseer: Desember 2022

perpetuate structural violence, 2) the bigoted selection of particular neighbourhoods for policing and 3) processing through the criminal justice system, 4) a stigmatising shaming culture (such as in South Africa) that marginalises vulnerable groups (notably ex-offenders) to function as a “source” (not a “cause”) of crime, and 5) the political distortion of our understanding of crime to serve the interests of the rich and powerful. As far as the functionalist approach to crime is concerned, the danger of this rationale is that it not only underestimates the significance of structural oppressions, but also neglects how, as Martinson (2001[1974]) observes, criminality is symptomatic of the fundamentally unjust nature of our society. Yet the most serious objection to Omar’s (2011) traditional position is that rehabilitation might not even be possible in stigmatising shaming cultures, such as that found in South Africa. To assist this analysis, a brief overview of the literature on interactionist and conflict approaches covering the past fifty years, is considered. Four approaches (functionalist, interactionist, conflict and control) inform our understanding of deviance and crime. Functionalist theories argue that society is essentially healthy, and that crime (or other deviant behaviour) is the result of the breakdown of existing moral values and institutions, while interactionists emphasise how crime is “a socially constructed phenomenon”. However, the traditional approach that underpins almost all rehabilitation and reintegration initiatives is functionalism. My own theoretical framework lies somewhere between an interactionist and conflict approach to crime. I am primarily concerned with the politically charged labelling perspective, as well as post-colonial thinking on the societal predation of the marginalised (including ex-offenders). The interactionist approach, on the one hand, investigates how marginalisation and stigmatisation are socially constructed. In fact, Giddens and Sutton (2017) argue that the nature of “labelling” has perhaps been the most fruitful insight of this movement. Merton (1948), one of the leading academics on the labelling perspective, suggests the term “self-fulfilling prophecy” in his exploration of the everyday dynamics of labelling, and defines the former as “a false definition of the situation evoking a new behavior which makes the originally false conception come true”. Yet conflict criminologists contend, on the other hand, that the class conflict inherent in capitalist societies inevitably results in crime. No one, however, claims that a transition to a socialist state would magically result in the total disappearance of “crime”. Acknowledging the negative impact of stigma on ex-offenders in South Africa, Muntingh (2005) argues that “[t]he reality is ... that ex-prisoners continue to suffer from social and economic exclusion – a reflection of society’s belief that those who have offended or been imprisoned cannot be part of ‘good’ society again”. Although written almost twenty years ago, this is as true today as it was then. In fact, the presence of the prison-industrial complex in South Africa over the past two decades accelerated the recycling of ex-offenders for profit rather than embracing their sustainable resettlement and rehabilitation. Stigmatising shaming cultures (typically individualistic societies, such as the US, UK and South Africa), on the other hand, encourage subtler lingering shame and rejection of offenders, and therefore generate higher rates of recidivism. Additionally, Braithwaite (1989) contends that the penal practices of many stigmatising shaming cultures in the West practised the “uncoupling of shame and punishment”. According to Galtung (1996), one of the foremost theorists in Peace Studies, denial of certain groups access to basic human needs is a natural precursor to conflict, being itself a form of cultural violence, legitimised by stigma. Therefore, labelling and re-offending go hand-in-hand. Conflict Management’s emphasis on the recognition of basic human needs to “provent” (Burton, 1997) conflict and forestall recidivism can clearly be seen here. In the case of South African ex-offenders, the effects of stigma on their prospects after release are serious hurdles to reintegration. This is the reason, among others, why conflict management

is such a powerful theoretical lens with which to understand recidivism within the context of a stigmatising shaming culture. It is concluded that enforcing an offender's right to rehabilitation in our harsh stigmatising shaming culture is an ineffectual, pointless measure unless the right conditions are created in favour of a pro-rehabilitation and integrative (rather than stigmatising) shaming culture. From the perspective of ex-offenders, transformative, not restorative, justice is what is called for.

KEYWORDS: enforceable legal right; rehabilitation; traditional position; Jameelah Omar; simple problem; society; essentially healthy; functionalist approach; conflict approach; stigmatising shaming cultures; integrative shaming cultures; labelling perspective; recidivism; transformative justice

TREFWOORDE: afdwingbare reg; hervorming; tradisionele invalshoek; Jameelah Omar; enkelvoudige kwelpunt; gemeenskap; wesenlik gesond; funksionalistiese benadering; konflikbenadering; hardestigmatiserende-beskamingskultuur; integreerende-beskamingskultuur; etiketteringspraktyk; heroor-treding; transformerende geregtigheid

OPSOMMING

Hierdie bydrae ondersoek die veronderstelling dat oortreders in Suid-Afrika 'n afdwingbare reg het om van die Departement Korrektiewe Dienste te verwag om hul te hervorm. Kundiges soos Omar (2011), wie se uitgangspunt verteenwoordigend van die sogenaamde tradisionele invalshoek is, word onderlê deur 'n gedagtegang dat misdaad hom vertoon as 'n enkelvoudige kwelpunt aangesien ons gemeenskap wesenlik gesond is ('n benadering tot misdaad wat bekendstaan as funksionalisme). My kritiese invalshoek is dat die verontagsaming van die ongenaakbare en onherbergsame omstandighede wat vrygelate gevangenes in die gesig staar, beteken dat hul heeltemal verkeerd beoordeel word. Ek skets 'n vlugtige oorsig van die literatuur gewy aan beide die funksionalistiese en konflikbenaderings tot misdaad wat oor die afgelope vyftig jaar vergader is. Kortliks betoog hierdie benaderings dat afdwingbaarheid van sodanige reg in 'n hardestigmatiserende-beskamingskultuur soos in Suid-Afrika te vinde is, niks minder as 'n sinnelose oefening is nie. My eie teoretiese raamwerk lê êrens tussen wisselwerking- en 'n konflikbenadering tot misdaad. Dit word verder onderlê deur 'n kritiese ontplooiing van die polities-besielde etiketteringspraktyk en postkolonialistiese teorie toegepas op die maatskaplike jag op hierdie geringgeskattes. Dit is die rede waarom konflikbemiddeling (grondliggende menslike behoeftes) so 'n doeltreffende teoretiese lens is. Daar word tot die slotsom gekom dat 'n oortreder se sogenaamde reg tot hervorming binne die omvang van ons hardestigmatiserende-beskamingskultuur 'n leë, niksseggende gebaar is tensy daar eerder die regte omstandighede geskep word ten gunste van 'n integreerend-beskamingskultuur. Vanuit die gesigspunt van vrygelate gevangenes is dit transformerende, eerder as regstellende, geregtigheid wat dringend benodig word.

&&&&&&&&&&&&&&&&&&&

“Exile is strangely compelling to think about but terrible to experience. It is the unhealable rift forced between a human being and a native place, between the self and its true home; its essential sadness can never be surmounted.” – Edward Said

“To have once been a criminal is no disgrace. To remain a criminal is the disgrace.” – Malcolm X

Inleiding

Sowat ’n dekade gelede het Omar (2011), ’n regsdosent verbonde aan die Universiteit van Kaapstad se Instituut vir Kriminologie, ’n prikkelende artikel geskryf waarin sy betoog dat ’n oortreder of gevangene ’n reg het om sy of haar rehabilitasie van die Suid-Afrikaanse Departement Korrektiewe Dienste (hierna verwys as DKD of die Departement) te eis. Met verwysing na wetgewing, die Grondwet en regspraak, is die saak wat sy stel ten gunste van die gevangene se reg tot rehabilitasie, oortuigend. Selfs al het haar bydrae meer as tien jaar gelede verskyn, is daar nog steeds nie uitsluitel oor hierdie belangrike kwessie wat sy aangeraak het nie. Daar is dus ’n leemte te bespeur in die bestaande kennis wat hanteer moet word. Hoe dit ook al sy, die omstandighede wat sy destyds uitgewys het, het vererger, soos ek hier onder redeneer. Te meer nog, is en was Omar se betoog verteenwoordigend van ’n tradisionele uitgangspunt (hierna verwys as die “tradisionele standpunt”) oor misdaad en heroortreding in Suid-Afrika, wat verkeerd is, aangesien die aangeleentheid verder in onkunde verstrengel en in mites gehul word. Die parallelle aangeleentheid aangaande die potensiele hervorming en vestiging van dienende of vrygelate gevangenes is ook allermins uitgepluis en kan selfs as ’n ergerlike (“vexed”) kwelpunt, eerder as bloot ingewikkeld, voorkom. Ek benadruk dat wanneer ek my aandag wend na Omar se werk is my teiken die tradisionele posisie in Suid-Afrika se konserwatiewe omgewing waarvan haar bydrae ’n goeie voorbeeld en dus op sigself genome waardevol is, aangesien dit ’n gesigshoek openbaar wat andersins dalk onverkend sou gebly het.

Ek betoog dat daar uit die staanspoor vanselfsprekend begrip moet wees daarvoor dat niemand of niks uiteraard die sogenaamde hervorming van oortreders kan waarborg nie. Vir baie gevangenes wat langtermynvonnisse uitdien, is die besluit om by een van die tronkbendes (of bendes in korrektiewe sentrums) aan te sluit, in ieder geval ’n meer sinvolle oorlewingstrategie as die gedagte aan twyfelagtige hervorming in ’n andersins harde, ongenaakbare omgewing. So verwys Steinberg (2019:xiv-xvii) byvoorbeeld in sy geskiedkundige ondersoek, *The Number*, na bendebedrywighede in Suid-Afrikaanse tronke of korrektiewe sentrums as juis die gevolg van ’n behoefte aan ’n mate van beskutting en veiligheid, wat bendes vir hul lede (probeer) skep binne ongenaakbare omstandighede. ’n Anonieme keurder van hierdie artikel wys daarop dat “In die praktyk beskerm hierdie bendes hulleself teen ander bendes in dieselfde omgewing. Bendes is nie gestig om gevangenes teen personeel te beskerm nie en sodanige konflikte (bendes teen personeel) kom relatief min voor in die SA sisteem.” Maar daar is tog ook gevalle waar (bende)geweld teen gevangenis personeel die gevolg van beweerde vernynige optrede van personeel teenoor oortreders was, soos die omstrede feite in die bekende St. Albans-maksimum gevangenisgeweld in Port Elizabeth (nou Gqeberha) van Julie 2005 uitwys (Lötter, 2022:5-6). Hierdie wrede, ongenaakbare omgewing in Suid-Afrikaanse korrektiewe sentrums is deels die gevolg van bende-geweld (in daardie sentrums waar daar wel bendes bedrywig is) en deels die gevolg van die onderdrukkende omstandighede wat binne sodanige sentrums of gevangenis se heers.

Ten beste kan die Departement ruimte skep vir die hervorming van gevangenes of oortreders in die vorm van die aanbieding van programme om oortreders behulpsaam te wees met die aanleer van misdaadweerstandingsvaardighede in die algemeen. As dit die gesigshoek is wat Omar (2011) wil uitwys, met “’n reg tot rehabilitasie,” sou haar betoog heeltemal aanvaarbaar gewees het, maar dit is nie wat sy in gedagte het nie.

Wat myns insiens erg problematies is, is die onbevoegte aanname wat haar betoog onderlê, naamlik of hierdie voorgestelde reg tot rehabilitasie of hervorming hoegenaamd

bestaansreg in Suid-Afrika se hardestigmatiserend-beskamingskultuur het. Terwyl alle kulture beskaming inspan ten einde afwyking, soos misdaad, hok te slaan, is die belangrike onderskeid tussen hardestigmatiserend-beskamingskulture (soos te vinde in Suid-Afrika en die VSA) en integrerend-beskamende kulture (China, Japan) die feit dat eersgenoemde verwerping toepas deur die gebruik van stigma en muishondstatus, terwyl laasgenoemde integrasie, in die vorm van liefde en oortuiging inspan (Lötter, 2019:497). Teen hierdie agtergrond is mens dus genoop om te vra of 'n abstrakte reg soos dié tot rehabilitasie nie 'n leë gebaar is in 'n omgewing waar hervorming en hervestiging vanuit die staanspoor ontmoedig word nie? So is daar dan ook aangevoer dat die ongeregverdigde stigma teen vrygelate oortreders (wat reeds hul straf uitgedien het), 'n wenteldeur is wat, in die lig van die bekende en skokkende Bosasa tender- en omkoopskandaal binne DKD, die wiele van die gevangenis¹ as 'n besigheidsmoedel (vir winsbejag) geolie hou om ander redes as die veiligheid van die publiek (Agrizzi & Mitchell, 2020; Basson, 2019; Lötter, 2020a; Steyn & Vecchiato, 2019).

Om die waarheid te sê, is die Bosasa-skandaal die oortjies van die seekoei. Die omvang van die probleem is te bespeur in die winsmotief wat ingebou is in die gedeeltelike rampspoedige wanbestuur van privaat gevangenis. Ek haal graag in hierdie verband, ter motivering en nuansering, die mening van 'n anonieme keurder uitvoerig aan:

... die probleem is eerder daarin gesetel dat privaat instansies beperk word ten opsigte van die tipe oortreder wat hulle ontvang. Hulle mag net maksimum kategorie oortreders aanhou, waar die rehabilitasieprognose vir vordering baie swak is en die sekuriteitsbedreiging baie hoog (DKD verplaas dus al hulle groot risiko's na die privaat instansies). Hulle mag nie weier om die oortreder te ontvang nie (behalwe op grond van bedspasie) en hulle mag nie oortreders direk in die publiek vrylaat nie. Inteendeel, alle oortreders moet vir ten minste ses maande voor vrylating weer terugkeer na DKD (dus 'n tydperk van terugval in bendebedrywighede). Verder, as hulle herklassifiseer word na medium gevalle, mag hulle nie meer by die privaat instansies aangehou word nie. Die omvang van die probleem is derhalwe nie net direk in die winsmotief gesetel nie.

Ek gaan akkoord met hierdie meer genuanseerde benadering tot die bestuur en sukses van privaat gevangenisentrums in Suid-Afrika. Benewens die gedeeltelike winsmotief van dergelike sentrums (volgens Hopkins [2020] het Suid-Afrika tans twee) is 'n verdere probleem die invoer van grootliks onnodige Amerikaanse strafhardeware in die vorm van supermaksimumruimtes (Davis, 2003:102; Dissel, 2002). So wys McLaughlin (2010:165) byvoorbeeld daarop dat “[t]hese particular commercial enterprises have a built[-]in ‘growth dynamic’ because they have a vested interest in seeing the problem of crime growing”. McLaughlin se opmerking moet verstaan word in die konteks van die gevangenis-industriële kompleks, veral die Bosasa-skandaal, as 'n geheel en is, soos tereg deur die anonieme keurder hier bo opgemerk, nie uitsluitlik van toepassing op die totstandkoming van privaat gevangenis in Suid-Afrika nie. Terwyl McLaughlin (2010) se waarneming in die konteks van die Verenigde Koninkryk se sogenaamde “crime control complex”, wat agteroor leun om aan die behoeftes van die neo-liberale besigheid(s)inisiatiewe te voldoen, gemaak is, is daar reeds uitgewys dat dieselfde redenasie op Suid-Afrika van toepassing is (Lötter, 2020a). Hierdie toedrag van sake is verder

¹ Een van die anonieme keurders het daarop gewys dat die begrip “korrektiewe stelsel” of “korrektiewe dienste” verkieslik bo die benaming “tronk” is, maar aangesien hierdie bydrae van 'n interdisiplinêre aard is en baie lesers met laasgenoemde term vertrouwd is, is ek eerder geneig om beide terme sonder voorbehoud te gebruik.

belemmer deur die inwerkingtreding van die Strafreghswysingswet No. 105 van 1997 (Republiek van Suid-Afrika, 1997), welke stukkie wetgewing minimum gevangenisstermyne geboekstaaf het. Dit het uiteraard 'n baie groter invloed op DKD as op privaat gevangenis aangesien die departement die primêre ontvanger van oortreders is. In die lig van die tronk-industriële kompleks waarna hier bo verwys is, kan laasgenoemde ontwikkeling, wat ook nie 'n nuwe neiging blyk te wees nie, maar reeds dekades (selfs voor 1994) terugstrek, net met wantroue bejeën word.

Die nota oor wantroue bou ek verder uit deur die konserwatiewe invalshoek betreffende hervorming te toets aan die reeks strukturele onderdrukkings hier ter plaatse en die vraag na te speur of sodanige posisie nie eerder die kriminogeniese mites in verband daarmee versterk nie. Volgens die Franse ekonoom, Thomas Piketty (2015), is Suid-Afrika voor in die ry wanneer besits- en inkomsteongelykheid ter sprake is. Dit is welbekend dat ongelykheid van hierdie aard 'n kriminogeniese teelaarde is (Kriegler, 2019). Inderdaad, soos Martinson (2001) dan ook uitwys, konvensionele “misdad” is dalk 'n heel normale reaksie op die ongenaakbare en onherbergsame omstandighede wat in 'n “abnormale” gemeenskap heers. Ter analogie, beredeneer Phyllis Chesler (2005) dat vrouens twee keer meer geneig is as mans² om aan 'n geestesiekte te ly, aangesien hul in 'n distopiese wêreld uitgelewer aan patriargale onderdrukking leef – 'n situasie wat reeds heelwat vererger is deur die geslagsgebaseerde reaksie op die pandemie (Brooks & Saad, 2020).

Gevolgtik ontplooi ek in hierdie bydrae die belangrike oorweging betreffende basiese menslike behoeftes, wat 'n belangrike tema is in die literatuur van Konflikhantering en Vrede-studies. Volgens Galtung (1996:viii) is die oplossing “[to] make the subconscious conscious and we may be liberated from much protracted structural and repetitive, direct violence”.

Aangesien ek vir hierdie doel in besonder die interaksionistiese en konflikbenaderings tot misdad met mekaar in gesprek wil bring, is 'n vlugtige oorsig van hierdie twee gedagterigtings oor die afgelope vyftig jaar vanpas. Hierdie oorsig sal ook vir 'n ander doel nuttig wees, naamlik om in die lig van my kritiek op Omar (2011) se posisie as 'n proeflopie aan te dui hoe hierdie twee benaderings mekaar onderling kan versterk eerder as om hulle as onafhanklike enkelbenaderings te beskou. Nieteenstaande hierdie kritiek, is die waarde van Omar (2011) se argument opgesluit in die idees, wetgewing en raamwerk wat volgens haar die betoog sal steun om die Departement tot verantwoording te roep. Myns insiens sou hierdie aspekte belangrike oorwegings wees in die argument om 'n meer rehabiliterende omgewing as 'n alternatief tot wat tans beskikbaar is, te skep.

Voordat ek 'n konflikhanterings- en konflikkriminologiese perspektief ontgin as my metodologie om die invloed van “muishondstatus,” oftewel “etikettering” (“labelling”), op die politisering van misdad te verduidelik, poog ek eers om die komplekse aard van misdad na te speur.

Misdad is 'n ingewikkelde probleem

Omar (2011:21) betoog dat “very few rehabilitative programmes can be shown to reduce reoffending [and that] until there are constructive and properly resourced programmes that are available to all prisoners, we cannot know the true value that rehabilitation can play in our prisons”.

² Dit is egter ook so, soos een van die keurders opmerk, dat mans minder geneig as vrouens is om hulp te soek vir sensitiewe probleme soos geesteskrankheid.

Haar argument rakende 'n oortreder se reg om op rehabilitasie of hervorming by die Departement aan te dring, is gedeeltelik gebaseer op die ondeurdagte aanname dat misdaad 'n patologie van 'n andersins gesonde gemeenskap is en dat as andersdenkendes (soos oortreders) net daarvan oortuig kan word om die regte paadjie te stap, alles sal regkom. Oorweeg byvoorbeeld die gedagte van Chesler (2005) hier bo dat vrouens nie kan sin maak in 'n distopiese patriargie nie en dus dubbeld so geneig as mans is om aan geestesversteurings te ly. Nog 'n aanname, wat aansluit by haar onkritiese begrip van 'n gesonde gemeenskap, is die gedagte dat misdaad 'n eenvoudige probleem is wat doeltreffend aangepak kan word deur bloot oortreders te hervorm met die oog op hul uiteindelijke hervestiging ná vrylating (Omar, 2011:20). Sy voer onder meer aan dat “One of the aims of rehabilitation is to reintegrate a prisoner back into society, with the hope that crime will be avoided in the future.” In beginsel stem ek saam, maar, soos ek poog om hier onder aan te toon, is hierdie oorweging – gegewe die huidige omstandighede – blote wensdenkery.

Hierdie aannames wat by Omar (2011) se argument ingebou is, moet bevraagteken word aangesien hul nie net verkeerd is nie, maar ook gekleur is met 'n (moontlik onbewuste) politieke kwas wat, ten minste gedeeltelik, die kriminogeniese teelaardes waarna ek hier bo verwys het, versterk. Bowendien: tereg meen 'n anonieme keurder dat dit “insigte [is] wat deur DCS [sic] ondersteun en gedeel word, wat die probleem vererger en [gevolglik] nie die onderliggende probleme aanspreek nie.” Ondanks die feit dat Marx (Marx & Engels, 1977:229; Bussard, 1987) self, soos algemeen bekend, onsensitief na vrygelate gevangenes as *lumpenproletariat*³ verwys het, is dit ook so dat Marxisties-geïnspireerde kriminologie sedert die afloop van die Tweede Wêreldoorlog opbouende insigte ontwikkel het. Een sodanige diepsinnige gesigspunt is deur De Haan (1991:208) verwoord as “what we need is not a better theory of crime, but a more powerful critique of crime”.

In 'n wêreld waar klasbewustheid aan die orde van die dag is – 'n situasie waaruit konflik voortvloei, aangesien toegang tot geleenthede grootliks daardeur bepaal word (Bourdieu, 1984; Bourdieu & Passeron, 1979) – geniet die nietige oortredings wat deur die armes gepleeg word voorkeur bo die grusame misdade van die welgesteldes en gesaghebbendes. 'n Interessante eietydse voorbeeld is die verskynsel van die selfverrykende projekte van die laasgenoemde tipe “oortreder”⁴ wat tot grootskaalse mensgemaakte klimaatsverandering gelei het (Klein, 2015; Lötter, 2018:114-115) en die voortbestaan van alle lewensvorme op hierdie planeet in gevaar gestel het. Ten tye van die skryf van hierdie bydrae (Februarie 2022), berig die *New York Times* dat die Verenigde Volke pas 'n verslag vrygestel het (Intergovernmental Panel on Climate Change, 2022) waarin gewaarsku word dat die gevare rakende planeetverwarming so vinnig toeneem dat ons vermoë om daarby aan te pas, eersdaags oorweldig sal word. In die lig van hierdie soort oorwegings meen Cohen (1973:624) dat sogenaamde “allegaagse” misdaad

³ Hierdie begrip verwys na die laer klasse sonder 'n verhoogde politieke gewaarwording wat geen belang by rewolusionêre vooruitgang het nie.

⁴ Dit is uiteraard so dat, soos een van die keurders aandui, 'n misdaad slegs gepleeg kan word indien daar 'n verbod op daardie bepaalde handeling of nalating deur 'n wet of die gemenerg geskep is/word en sogenaamde “klimaatsmisdad” is dus volgens hierdie siening nie streng gesproke 'n misdaad nie. Klimaatsaktiviste, soos Greta Thunberg (2019) en Naomi Klein (2015), betoog egter dat die rede hoekom hierdie handelinge/nalatings nie as misdade beskou word nie, is omdat dit deur welgestelde en magtige rolspelers gepleeg word wat 'n gevestigde belang daarby het dat sodanige handelinge nie as misdade geklassifiseer word nie. Vanuit die oogpunt van klimaatgeregtigheid is sodanige optrede moreel gesproke wel 'n misdaad.

nie behoorlik verstaan kan word sonder verwysing na die konteks waarin dit gepleeg word nie.

Marxisties-geïnspireerde kriminoloë (Reiman & Leighton, 2020; Quinney, 2008, 1991; McLaughlin, 2010; Muncie, 2010; Davis, 2003, 2005; Christie, 2017; Chambliss & Seidman, 1971; Julia & Herman Schwendinger, 1970; Cohen, 1973) het hierdie uitgangspunt nagespeur en ek belig vervolgens hierdie belangrike idee met verwysing na vyf padtekens, naamlik 1) ’n uitwysing van die openbare inrigtings wat strukturele geweld aanblaas, 2) die polisiëring van geteikende gemeenskappe en 3) hul gevolglike vordering deur die strafregstelsel, 4) die maniere waarop ’n stigmasierend-beskamingskultuur (soos te vinde in Suid-Afrika) kwesbare groepe (soos vrygelate gevangenes of oortreders) geringskat met die oog daarop dat hierdie groepe(rings) as “bron” eerder as “oorsaak” van misdadige teelaarde dien en 5) die politieke verwringing van die publiek se begrip van misdaad ten einde die belange van die welgesteldes en gesaghebbendes te bevorder. Volgens McLaughlin (2010:167), “the blindspot of conventional criminology retains its steadfast refusal to research victimization by the powerful, not least because the state does not recognize nor fund such research.” Dit is natuurlik ook so dat die slagoffer, die oortreder, die konteks en die omgewing nie van mekaar geskei kan word nie en inderdaad inter-afhanklik van mekaar is.

Sedert die laat 1960s is hoofstroomkriminologie (met die nadruk op objektiewe, empiriese bevindings) in die Westerse wêreld indringend bevraagteken en die aannames wat daaruit voortspruit, ondersoek (McLaughlin, 2010). Die name van hierdie rebeldiskoerse is dan ook self-verduidelikend, naamlik Groen Kriminologie, Vredemakende Kriminologie, Ontbindingskriminologie, Feministiese Kriminologie, Kritiese Raskriminologie, en so meer. Pat Carlen (2005:83) doen aan die hand dat “a critical criminology must try not only to think the unthinkable about crime, but also to speak the unspeakable about the conditions in which and by which it is known”. Ek poog dus ook om met hierdie bydrae iets soortsgelyks te doen, naamlik om iets oorspronklik by te dra.

Eerstens, die idee van individuele aanspreeklikheid vir misdaadpleging het tot ’n groot mate verlore gegaan by die moderne begrip van sogenaamde “objektiewe” misdaadryfvere. Daar is nou begrip vir die gedagte dat openbare inrigtings “strukturele geweld” (’n term wat in 1996 deur Galtung gemunt is) aanblaas ten einde gemeenskappe te na te kom op maniere wat beide ongeregverdig en andersins voorkombaar is. Voorbeelde van hierdie vorme van verdrukking, wat terselfertyd ook as aansienlike bronne van misdaadteelaarde dien, is patriargie, rassemeeerderwaardigheid, armoede, werkloosheid en verdiepende ongelykheid. Craig Haney (2005:81) dring byvoorbeeld daarop aan dat “contextual, situational and structural forces” ’n baie groter rol by “allegaagse” misdaadpleging speel as wat die tradisionele klem op individuele verantwoordelikheid voorhou.

Meer onlangs het Dastile en Agozino (2019:22-24) aangedui dat die Westers-gesentreerde paradigma in eietydse kriminologiese denke Afrika-vroue hul waardigheid ontsê het. Dié stand van sake is volgens die skrywers bewerkstellig deur die kriminalisering van vroulike gevangenes se identifisering van hul subjektiwiteit en eie-belligaming. Dastile en Agozino (2019:29-31) betoog vervolgens dat die epistemologie wat hierdie vorm van kolonialisering as ’n begripsraamwerk onderlê, hervorm moet word. In dieselfde asem staan die verskeidenheid van onderstromings wat Kritiese Kriminologie as ’n vakdisipline daarstel, skepties teenoor die aannames wat hoofstroomkriminologie, met ’n klem op empiriese werk, onderlê ten gunste van ’n meer omvattende beeld van die konteks van misdaadpleging (McLaughlin, 2010:163-166; Young, 2011:270-271). In die 1970s het die egspar Julia en Herman Schwendinger

(1970:148) die volgende humanistiese definisie van misdadadpleging geformuleer, wat gegrond is op die miskenning van basiese menslike behoeftes:

If the terms imperialism, racism, sexism and poverty are abbreviated signs for theories of social relationships or social systems which cause the systematic abrogation of basic rights, then imperialism, racism, sexism, and poverty can be called crimes according to the logic of our argument.

Volgens hierdie ongewone omskrywing van misdaad tel 'n verskeidenheid van strukturele onderdrukkings dan self as “misdade”. So doen Haney (2005:78-87) dan ook aan die hand dat die denkpatroon wat gevangenisstraf as straftoemeting onderlê, van dieselfde gediskrediteerde negentiende eeuse mite afgelei is as die begrip van individuele verantwoordings, ondanks die feit dat 'n raamwerk verpak met 'n geheelbeeld amper uitsluitlik gedrag wat as misdaad beskryf word, verduidelik. Nietemin word gevangensetting as die oorwegende straftoemetingsparadigma in Suid-Afrika en die res van die wêreld (Bosworth, 2010:197; Davis, 2003:100-103; Haney, 2005:86; Dastile & Agozino, 2019:30-31), nog steeds op hierdie uitgediende model gebaseer. Reiman (1990:131-133) betoog op sy beurt dat 'n gemeenskap wat ideologie van hierdie aard rugsteun, altyd onwillig of nie in staat sal wees om self verantwoordelikheid te neem vir sy eie aanspreeklikheid in die skepping van misdadaadteelaardes nie. In die 12de uitgawe van hierdie bekroonde werk (Reiman & Leighton, 2020:175-180), vind 'n klemverskuiwing in die skrywers se hantering van die onderwerp plaas, aangesien hul nou wys op die bydraende misdadaadanspreeklikheid van beide die oortreder en die gemeenskap. Hierdie gebrek aan verantwoordings vir die strukturele onderdrukking wat gemarginaliseerde gemeenskappe skep, lei daartoe dat hierdie gemeenskappe ook deur voorgenoemde uitgediende model gevorm word.

Tweedens is dit hierdie individualistiese agenda wat, volgens 'n Marxisties-geïnspireerde lees van misdaad, dien as 'n model vir gevangenisoplegging welke ook gevoed word deur 'n selektiewe en onvertegenwoordigende polisiëring van armoedige woonbuurte. Alexander (2012, 2020) het byvoorbeeld aangetoon dat die verskynsel van grootskaalse gevangensetting niks anders as 'n voortsetting van 'n ander tipe slawerny is wat ondanks die Burgeroorlog van 1861–1865, nog in die Amerikaanse psige bly voortbestaan, aangesien dieselfde rassistiese diskoers wat slawerny onderlê het, nog in die onderbewuste teenwoordig is. Angela Davis (2003:50) verwys na hierdie eiesoortige geskiedkundige nadraai waar 'n verskynsel (soos slawerny) onder 'n heel ander mantel kan bly voortsleep as die smeebaarheid van die geskiedenis. Alexander (2012), Reiman (1990:80-115) en Davis (2005:37) betoog al drie onder afsonderlike vaandels dat die polisiëring van armoedige woonbuurte grootliks tot die uitsluiting van welgestelde ruimtes sal lei en dat daar meer mense beskikbaar sal wees vir prosessering deur die strafregstelsel (howe, polisie, gevangenis, regslui) as wat andersins die geval sou wees.

Oorweeg ook Human Rights Watch (2017) se gevolgtrekkings oor die toestand van die Verenigde State se strafregstelsel, naamlik dat dwelmbesit teen mans van kleur diskrimineer: “Black adults use drugs at similar or even lower rates than white adults, yet black adults are more than two-and-a-half times as likely as white adults to be arrested for drug possession in the US.” In hierdie verband merk McLaughlin (2010:165) op dat “[t]he prison plays the crucial function in advanced capitalist societies of warehousing ‘surplus populations’ and the ‘dangerous classes’”. Hierdie sogenaamde surplusbevolkings waarna McLaughlin verwys, sluit uiteraard hawelose vrygelate gevangenes en armes in. Die oogmerk met die uitvoerige

polisiëring en prosessering van hierdie kwesbare groepe is uiteraard gerig op hul boosskatting of demonisering (Reiman, 1990:129-133).

Reiman (1990:115) redeneer dat in 'n kapitalistiese staat, waar inkomste en bateverspreiding grotendeels ongelyk is en sukses amper uitsluitlik in terme van toegang tot geld en mag bereken word, armes (en ander uitgewekenes) as boos beskou word. Dit nie net om die huidige ekonomiese reëlings as billik en regverdig te legitimeer of wettig nie, maar ook om aandag weg te trek van die maniere waarop die welgesteldes en gesaghebbendes hul rykdom bekom. Steven Box (1983:3) voeg byvoorbeeld die volgende gesigspunt by Reiman se insiggewende waarneming:

Maybe what is stuffed into our consciousness as *the* crime problem is in fact an illusion, a trick to deflect attention away from other more serious crimes and victimising behaviours which objectively cause the vast bulk of avoidable death, injury and deprivation. (nadruk in die oorspronklike)

Derdens, maatskaplike euwels, soos armoede as gevolg van 'n ongenaakbare stelsel, verskyn as “bronne” eerder as “oorsake” van misdaad (Reiman, 1990:8-9, 14, 48; Quinney, 2008 en ander bronne hier bo vermeld). Om hierdie idee te verduidelik, het Reiman (1990:5), 'n bekende konfliktkriminoloog woonagtig in die Verenigde State, die begrip Pyrrhiese nederlaag gemunt. Waar 'n Pyrrhiese oorwinning een is wat teen so 'n enorme koste behaal is dat die uitslag van byna slegs akademiese belang is, is 'n Pyrrhiese nederlaag eweneens 'n nederlaag van so 'n omvang dat die uitslag eintlik op 'n oorwinning neerkom, omdat om te verloor die eintlike doel van die oefenlopie was.

'n Interessante voorbeeld van so 'n Pyrrhiese nederlaag in die Suid-Afrikaanse opset, word deur Van Loggerenberg in sy boek *Tobacco Wars* (2019) verskaf. Volgens Van Loggerenberg is die elite ondersoekenhede van die Suid-Afrikaanse Belastingdiens stelselmatig afgetakel of afgeskaal met die oog op ontbinding sodat gesaghebbende gevestigde sakebelange, in besonder die ondergrondse tabaknywerheid, as deel van 'n breër staatskapingsprojek, belastingaanspreeklikheid kon ontwyk. Daar word aan die hand gedoen dat die strafregstelsels in alle lande met grootskaalse ongelykhede so ontwerp is om gevolg aan 'n Pyrrhiese nederlaag te gee (Reiman & Leighton, 2020) terwyl die alledaagse misdaadprentjie, aldus Box (1983), gemistifiseer (“mystification of crime”) word. Ek ontgin die redes hiervoor in die volgende paragraaf.

Vierdens, Richard Quinney (2008) wys daarop dat die gedagte aan sogenaamde “objektiewe” misdaad geen bestaansreg het nie, aangesien die openbare begrip van gedrag wat as “misdadig” gereken word, ideologies verwing word om aan die doeleindes van die welgesteldes en gesaghebbendes te voldoen. Misdaad is dan ook inderdaad 'n politieks-maatskaplike rekonstruksie van die werklikheid. Terselfdertyd is dit van groot belang dat die invloed van klas, ras en geslag (sowel as, mag mens byvoeg, muishondstatus) op die unieke lewensweë van oortreders in ná-koloniale ruimtes ontplooi, soos Dastile en Agozino (2019:31) oortuigend uitwys. Marqua-Harries, Stewart en Padayachee (2019) betoog in dieselfde trant dat, aangesien baie oortreders uit 'n agtergrond deurspek met trauma en/of verwaarlosing kom, die gevangenis se hervormingsmandaat veel eerder baat sal vind by 'n traumaperspektief. Wat natuurlik ontbreek, is 'n terapeutiese invalshoek en 'n gesonde jeug in terme van 'n korrektiewe rehabilitasieraamwerk. Dit is in hierdie konteks dat krities-geïnspireerde kriminoloë ondersoek “whose law and whose order” beskerm word (Schwendinger & Schwendinger, 1970; Taylor, Walton & Young, 1973). Soos Stanley Cohen (1973:624) dan ook betoog, die misdaadpleging “carried out by the powerful are not only not punished, but are not called ‘crime’”.

Laastens, uit 'n interdisiplinêre oogpunt, Konflikbemiddeling of Vredestudies, soos hierdie studierrein ook bekendstaan, is belangrike insigte ter hand om Kritiese Kriminologie te verryk (Lötter, 2021b:1250-1255). In besonder het ek in gedagte die nadruk wat kenners van eersgenoemde vakgebied op die voorkoming of versagting van spanning plaas deur middel van die erkenning van basiese menslike behoeftes (Burton, 1997; Galtung, 1996). In die konteks van vrygelate gevangenes se etikettering of muishondstatus, is dit hierdie ongebreidelde konflik wat onder andere lei tot verdere misdaadpleging en Suid-Afrika se onhoudbare hoortredingsyfers.

In die lig van Suid-Afrika se hardestigmatiserend-beskamingskultuur, word Goffman (1990:19) se seminale omskrywing van stigma oorweeg, naamlik “the central feature of the stigmatized individual’s situation in life [...] It is a question of [...] ‘acceptance’”. Ek doen aan die hand dat die “question” ’n allesomvattende begrip is vir die gedagte aan basiese menslike behoeftes soos inkomste, herberg en die allerbelangrike idee van psigiese maatskaplike aanvaarding. Burton (2001) het die nuutskepping “provention” gemunt wat gemik is op strategie om voortslepende maatskaplike spanning (“protracted social conflict”) wat tot geweld kan lei, hok te slaan. My gedagtegang is gevolglik gemik op Konflikhantering/Konflikkriminologie as ’n doelgerigte interdisiplinêre metodologie ten einde my navorsingsvraag te ondersoek.

Interdisiplinêre konflikmetodologie

Ek oorweeg vervolgens, deur middel van ’n eklektiese metodologie bestaande uit Konflikhantering, Konflikkriminologie en postkoloniale teorie, die bostaande argument van Omar (2011), naamlik dat ’n oortreder die reg het om hervorming van die Departement te eis. Vanuit ’n Konflikhanteringsperspektief (Burton, 1997; Galtung, 1996; Quinney, 1991:11-12) is die politieke oorweging van basiese menslike behoeftes, soos teoreties verfyn deur Burton (1915-2010) en Galtung (1996), die kern van hierdie bydrae. (Sowel Burton as Galtung is besonder geskik om dergelike uitgangspunte te ondersteun: Burton was ’n professionele diplomaat voor hy die akademie betree het, en Galtung is in 1969 benoem tot die wêreld se eerste leerstoel in vredes- en konflikstudies aan die Universiteit van Oslo in Noorweë.)

Tensy daar aan hierdie grondliggende vereiste van basiese menslike behoeftes by die ná-vrylatingsontvangs van vrygelate gevangenes voldoen word, is verskeie vlakke van spanning en konflik sowel as meegaande kriminogeniese teelaardes ’n voldonge feit. Konflikkriminologie se kritiese, Marxistiese invalshoek, aan die ander kant, word gevorm deur die aandrag om geen kennis van dissiplinêre grense te neem nie (Young, 2011:258), soos blyk uit Michel Foucault se vertrekpunt insake die paradigmaverskuiwing in strafoplegging vanaf absolute na dissiplinêre mag (McLaughlin, 2010:162-163). Hierby kan gevoeg word dat kognitiewe dissonansie ook ’n empiriese bydrae tot hierdie uitgangspunt gelewer het.

Laasgenoemde metodologie se fokus het verskuif vanaf ’n raamwerk vir verduidelikings rondom oorsake van misdaad na ’n “critique of correctional criminology in which the questioning of political and social control would take precedence over behavioural and correctional issues... [and a critical understanding of] the capacity of the capitalist state to criminalise problematical behaviour” (McLaughlin, 2010:155). Anders gestel, is hierdie opmerking ’n verwysing na die abstraksie van interkonnektiwiteit eerder as orde.

In besonder is die geringskatting, diskriminasie en stigmatisering van vrygelate gevangenes as ’n groep of klas gebaseer op dieselfde beginsel as dié van postkoloniale teorie, naamlik “onder-ontwikkeling.” In hierdie verband gaan Sherry (2008:654) akkoord met postkoloniale teorie se vermoë om verwaarloosde en onderdrukte stemme se slaankrag aan te wakker. As

sodanig, gee postkoloniale teorie vorm aan sy betekenis deur middel van “producing a liberatory, transformative subjectivity in an oppressed or marginalised group whilst at the same time producing useful knowledge of that group and those who work in support of them” (Phillips, 2011:165). Postkoloniale teorie verteenwoordig dus ’n kragdadige lens waardeur die onderdrukking van geringeskatte gemarginaliseerdes ondersoek kan word (Lötter, 2018:41-42) en hierdie bespreking baan die weg vir Kritiese Kriminologie se insigte rakende die etiketteringsperspektief.

Die etiketteringsperspektief binne ’n teoretiese raamwerk

Giddens en Sutton (2017: Hoofstuk 20) verduidelik dat daar tans vier benaderings is wat ons begrip met betrekking tot misdaad, afwyking en heroortreding belig – funksionalisties, interaksionisties, konflik en beheer.⁵ Funksionalistiese teorieë redeneer dat die gemeenskap oor die algemeen gesproke, in wese gesond is en dat misdaad (of ander afwykings) die gevolg van ’n agteruitgang van morele waardes of strukturele spanning is (Giddens & Sutton, 2017: Hoofstuk 1), terwyl interaksioniste van mening is dat misdaad niks anders as “a socially constructed phenomenon” is nie (Giddens & Sutton, 2017:209). Die sogenaamde tradisionele benadering, wat byna alle hervormings- en hervestigingsinisiatiewe onderlê, is funksionalisties. Kundiges wat onder hierdie tradisie tel, is onder meer Émile Durkheim, John Braithwaite en die Frankfurtse Skool (ondanks laasgenoemde se Marxistiese beskouing). Konflikkriminoloë, waaronder Jeffrey Reiman, Pat Carlen, Richard Quinney en ekself tel, betoog dat die klaskonflik wat voortvloei uit die ekonomiese maatreëls wat in kapitalistiese gemeenskappe geld, onvermydelik in misdaad ontlaar (Chambliss & Seidman, 1971). Ek is egter geensins oortuig daarvan dat ’n oorgang vanaf ’n kapitalistiese na ’n sosialistiese gemeenskap noodwendig tot die uitskakeling van misdaad gaan lei nie.

My eie teoretiese raamwerk lê êrens tussen interaksionisme en ’n konflikbenadering tot misdaad.⁶ Dit word verder onderlê deur ’n kritiese ontplooiing van die polities-geïnspireerde etiketteringspraktyk en postkoloniale teorie toegepas op die maatskaplike jag op die gemarginaliseerdes (wat uiteraard vrygelate gevangenes insluit). First (2006:8) se herinnering van haar 90-dae aanhouding in eensame opsluiting gedurende die hoogtepunt van Suid-Afrika se apartheidsbeleid, verbeeld die probleem van funksionalisme pragtig en toon hoe die interaksionistiese en konflikbenaderings mekaar onderskraag:

It was Friday night, police-raid night. Pickup vans and kwela-kwelas, policemen in uniform, detectives in plain clothes were combing locations and hostels, backyards and shebeens to clean the city of ‘crime,’ and the doors of Marshall Square stood wide open to receive the haul of the dragnet.

Soortgelyk is die gedagte aan “allegaagse” misdaad wat as ongekwalifiseerde “misdad” in ’n abnormale gemeenskap getipeer is – soos postapartheid Suid-Afrika in die wurggreep van ’n bendeskadustaats tydens staatskaping (Chipkin & Swilling, 2018; Johnson, 2015:49; Zondo, 2022) – eenvoudig gekheid. Daarenteen wys Braithwaite (1989:50-53) korrek daarop dat die verskeidenheid benaderings tot misdaad produktief saamgesnoer kan word om ’n algemene teorie van misdaad op te bou, soos hy self gedoen het.

⁵ Volgens een van die keurders sal “’n Meer kontemporêre en gevorderde begrip [eerder] heilheid en interkonnektiwiteit weerspieël.”

⁶ Uiteraard kan paradigmas oorvleuel, soos Kuhn uitgewys het.

Aangesien die interaksionistiese benadering ondersoek instel na die wyse waarop die geringskating en stigmatisering van bepaalde groepe maatskaplik en polities opgebou en saamgestel word, wys Giddens en Sutton (2017:209) daarop dat die ondersoek na die aard van etikettering moontlik die mees produktiewe insig van hierdie beweging was. Robert K. Merton (1948:195), een van die leidende figure wat werksaam is aan die etiketteringsperspektief, doen aan die hand dat die begrip “self-fulfilling prophecy”⁷ nuttig is in sy ondersoek na die alledaagse werking van etikettering en omskryf dit as “a false definition of the situation evoking a new behavior which makes the originally false conception come true”. Deur die tronkstempel op vrygelate gevangenes af te druk (Alexander, 2012; 2020), kan ons verwag dat hul aan ons ergste verwagtings sal voldoen. Boonop dring Foucault (1991:107) daarop aan dat onbepaalde strafoplegging (en wat hy uiteraard hier in gedagte het, is stigma en geringskating) nie redelikerwys as “straf” beskou kan word nie, aangesien dit nie op hervorming gemik is nie en dus “little better than torture” is.

Daarenteen, het Wolf (1978:102) egter tot ’n ander slotsom gekom in sy (vanselfsprekend funksionalistiese) siening dat “stigma is perhaps the most important deterrent element in punishment.” Tog dring Braithwaite (1989:20 & 100) met sy grondliggende onderskeid tussen hardestigmatiserend-beskamings- en integrerend-beskamende kulture daarop aan dat stigmatisering “counterproductive” is aangesien dit op “criminogenic labeling” neerkom. Hy betoog ook oortuigend dat gemeenskappe wat beskaming hanteer met die doel van haalbare hervestiging in gedagte (tipies gemeenskapsverknogte omgewings [“communitarian societies”] soos te vinde in China en Japan), die misdryf eerder as die oortreder veroordeel (Braithwaite, 1989:100). Hierdie benadering skep die geleentheid vir die oortreder om sy of haar aandeel in die misdaad en beskaming daaroor te erken sodat die oortreder op hierdie wyse binne die gemeenskap hervestig kan vind. Hierdie erkenning deur die oortreder is noodsaaklik ten einde ’n “commitment to a shared ethical identity” (Harris & Braithwaite, 2010:113) tussen die oortreder en die gemeenskap te (her)bou. Hardestigmatiserend-beskamingskulture (tipies hoogsindividualistiese gemeenskappe, soos te vinde in Suid-Afrika en die Verenigde State) moedig onerkende en ongefokusde beskaming aan wat, anders as wat die geval is met integrerend-beskamingskulture, lei tot ’n verwerping van die teregwyding deur die oortreder en gevolglik ’n groter geneigdheid tot heroortreding en ’n besliste onvermoë om te hervestig (Braithwaite, 1989:113). Dit is deur hierdie gedagtegang dat Braithwaite (1989:61) aandui dat die strafopleggingspraktyke van baie hardestigmatiserend-beskamingskulture in (veral) die Weste, aanleiding gegee het tot die “uncoupling of shame and punishment.” Volgens Galtung (1996:31) is die weerhouding van grondliggende menslike behoeftes aan enige maatskaplike groep ’n natuurlike aansporing tot spanning en konflik, op sigself ’n vorm van kulturele geweld wat stigma teen die betrokke groep regverdig. Etikettering en heroortreding gaan duidelik hand aan hand. ’n Gewigtige bewustheid van die ernstige politieke nadraai van die staat se geringskatings- en etiketteringspraktyke het De Haan (1991:208) genoop om die dringendheid van ’n meer indiepteondersoek na die presiese aard van misdaad uit te wys. Ook Weiss (1998:428-429) het reeds op die randjie van die huidige eeu daarop gewys dat daar wêreldwyd ’n intense neiging tot verdrukking en ongeduld teenoor maatskaplike afwyking te bespeur is met die oog op die hantering van groeiende oorskotbevolkings, waarvan vrygelate gevangenes natuurlik een sodanige groep uitmaak.

Terwyl Muntingh (2002:22) die negatiewe invloed van stigma op die lewensloop van vrygelate gevangenes in Suid-Afrika erken, gee hy terselfdertyd ook toe dat “[t]he reality is

⁷ Saam met geleerde-hulpeloosheid en toeskrywingsvooroordeel.

... that ex-prisoners continue to suffer from social and economic exclusion – a reflection of society’s belief that those who have offended or been imprisoned cannot be part of ‘good’ society again”. Hierdie woorde is twintig jaar gelede geskryf, maar hul strekking is vandag, weens die nadraai van onder andere die sogenaamde tronk-industriële kompleks met tronkstraf as ons oorwegende straftoemetingsopsie binne ’n hardestigmatiserend-beskamingskultuur, selfs van groter toepassing as wat hul destyds was. Die verskynsel van die tronk-industriële kompleks (waarvan privaat gevangensisse ’n klein onderdeel verteenwoordig) het sedert ten minste 2003 die hersirkulering van oortreders, al is dit net ten dele, in die najaag van die onverklaarde winsmotief beide aangeblaas en aangemoedig eerder as om, soos wat mens eerder sou verwag van ’n verantwoordelike regering, hul haalbare hervorming en -vestiging te bevorder (Lötter, 2020a:2-3, vn1). Selfs meer onstellend is die voorstel van Davis (2003:29-36) en Bosworth (2010:15-16 & 35-37) dat die verskynsel van grootskaalse gevangensette ’n heruitvinding van slawerny deur ander maniere, soos hier bo na verwys is, was ten einde in die behoefte aan goedkoop handarbeid op die katoenplase in die Amerikaanse Suide, ná die afloop van die Burgeroorlog daar, te voldoen. In die Suid-Afrikaanse konteks is hierdie gedagte duidelik te bespeur in Suid-Afrika vóór 1994 en ná 1994 met die verskuiwing van die vooroordeel van ras na inkomste- en eiendomsongelykheid (König, 2015:165; Lötter, 2018:148-152).

’n Soortgelyke werkswyse is te vinde in voor-apartheid Suid-Afrika waar spanne bandiete (soos hul toe bekend gestaan het) direk deur die Departement van Korrektiewe Dienste aan privaat werkgewers uitverhuur is – en moontlik is dit ook indirek in postapartheid Suid-Afrika steeds waar. Ek doen aan die hand dat hierdie stelling korrek is, ondanks grootskaalse werkloosheid hier ter plaatse en die feit dat oortreders nie gedwing mag word om te werk nie, aangesien hierdie groep as deel van die “oorskotbevolking” steeds winsgewend is in die vorm van die hersirkulering wat die tronk-industriële kompleks aanvuur. Hierdie prentjie verduidelik hoekom kundiges soos Richards en Jones (2004:202), al is hul opmerking in ’n ander kulturele konteks geopper en al is hierdie stelling slegs ten dele waar vir die Suid-Afrikaanse situasie, betoog dat vrygelate gevangenes nooit toegelaat word om ’n heenkome te vind ten einde te hervestig nie maar “[i]nstead [they] are processed through correctional stages where they are structured to fail, return to prison and over time become institutionalized”. Aangesien die Verenigde State en Suid-Afrika⁸ beide hardestigmatiserend-beskamingskulture bevat, is hierdie Amerikaanse bron ook deels van toepassing hier te lande. Die oorgrote meerderheid voel wrokkig teenoor hul etikettering, die muishondstatus wat ’n ongeregverdigde “invisible punishment” is wat hul hof-benoemde vonnisoplegging aansienlik oorskry (Henderson, 2005:1240 en Uggen, Manza & Behrens, 2004:280, onderskeidelik). Hier kan tereg gevra word wat die punt van individualisering van misdaadoplegging is, soos Geiger (2006) dan ook in die omvang van die Verenigde State se hardestigmatiserend-beskamingskultuur behendig gedoen het, wanneer stigma, ondanks die aard van die misdryf, vrygelate gevangenes se vonnisoplegging onbepaald uitrek. In hierdie opsig benadruk laasgenoemde se waarneming Braithwaite se belangrike uitgangspunt rakende die hervormingspotensiaal van hervestiging en die kansellering daarvan deur die teenwig daarvan, naamlik stigmatisering deur etikettering:

The bitterness underlying these comments shows the flip side of the power of community reintegration: when stigma and rejection are the dominant experience, the potentially restorative benefits of civic participation are lost. (Uggen, Matza & Behrens, 2004:277)

⁸ ’n Anonieme keurder het my daaraan herinner dat DKD ’n subkultuur binne die breër Suid-Afrikaanse kultuur is, wat dui op ’n algemene onverdraagsaamheid teenoor geringgeskatte groepe.

Die nadruk van konflikhantering op die waarde van die erkenning van grondliggende menslike behoeftes ten einde spanning en konflik te “provent” (Burton) en sodanige heroortreding hok te slaan, is hier ooglopend. “Provent”, soos ek hierbo aangedui het, is ’n nuutskepping van Burton (1997, 2001) wat daarop dui dat die korrekte sosio-ekonomiese toestande van meet af aan geskep moet word ten einde konflik te voorkom of te vermy. In die konteks van heroortreding beteken dit dat daar aan voormalige oortreders se basiese menslike behoeftes voorsien word ten einde die gebrek hieraan as ’n moontlike dryfveer vir heroortreding te vermy. Dieselfde waarneming is van toepassing op Suid-Afrikaanse oortreders; hul skamele vooruitsigte vir suksesvolle hervestiging na vrylating is ’n ernstige struikelblok wat hul haalbare hervorming ernstig belemmer (Dissel, 2008:172; Lötter, 2018:15-36; Samuels, 2010:3 & 15). In hierdie opsig redeneer John Muncie (2010:142) betekenisvol dat “the stereotyping of [ex-offenders] as ‘spoiled’ precludes their ability to return to the mainstream”. Chui en Cheng (2013:673) sluit hul studie van Hong Kong, ’n voormalige Britse kroonkolonie voordat dit in 1997 aan China terugbesorg is, se ongenaakbare stigmatiserend-beskamingskultuur af met die opmerking dat “[e]xamining the stigma of returning prisoners is [...] vital for both researchers and policymakers.” Michelle Alexander (2020) voeg op haar beurt die belangrike insig tot hierdie gedagtewisseling toe, dat stigma ’n besondere afbrekende gevolg op die lewens van oortreders in die Verenigde State het, aangesien dit Afro-Amerikaners en nou ook sogenaamde “onwettige migrante” opgesluit hou as tweedeklas burgers, ’n weggooibare groep gebore uit rassegeheueverlies. Dieselfde gebeur natuurlik in Suid-Afrika en Afrika. Sy doen terselfdertyd aan die hand dat “the notion that, if you’ve ever committed a crime, you’re permanently disposable is the very idea that has rationalized mass incarceration in the United States.” In dieselfde trant het Mboti (2018) aangedui dat die oorwegende gevangenisdiskoers in Suid-Afrika nog steeds op ’n apartheidsgrondslag bedryf word aangesien die ons/hulle-beginsel by gevangenisstraf ingebou is en volksvreemd aan die Afrika-idee van ubuntu is. Inderdaad, volgens Malcolm X se welbekende woorde, “Second class citizenship is nothing but twentieth century slavery.” Ter plaatse is daar dan ook betoog dat al die redes wat gelys is om die mislukking van hervestigingsinisiatiewe te verduidelik (dwelmmisbruik/verslaafdheid, werkloosheid, bende-aktiwiteite en verswakte maatskaplike bande), die direkte gevolg van die afbrekende invloed van die stigma van gevangenisstraf as die beskamingskultuur se oorwegende vonnisopleggingsparadigma is (Lötter, 2018:38). Adorjan en Chui (2014:99-110) dui op dieselfde gevolgtrekking in hul oorsig van gefaalde hervestigingsprojekte in beide die Weste en die Ooste. Terwyl Afrika baie kulture bevat wat wel integrerend-beskamend van aard is, is gevangenisstraf as die oorwegende vonnisopleggingsparadigma uiteraard nog ’n koloniale oorblyfsel in dele van Afrika (Nagel, 2008; Dastile & Agozino, 2019:30-31).

Dui hierdie argumente nie daarop dat stigma en heroortreding, aan die een kant, en hervestiging en integrerende beskaming, aan die ander kant, soos hand in handskoen pas nie? Gedenk die woorde van Mary Bosworth (2010:169), “while prisons have always been used to control the poor and the disorderly, the extent to which incarceration in the 1990s became divorced from any of its historical justifications for justice, crime reduction, or rehabilitation is remarkable”. Dit is die gevolg, soos Braithwaite (1989:61) aandui, van die ont koppeling van beskaming en vonnisoplegging in stigmatiserend-beskamingskulture. Hierdie misplaaste praktyke het beide Jones-Young en Powell (2015) sowel as Mechthild Nagel (2008:68) genoop om na vrygelate gevangenes te verwys as ’n “highly stigmatized population” en “some of society’s most marginalized people” onderskeidelik. Op sy beurt bevestig hierdie waarnemings weer Braithwaite en Becker se gesamentlike insig dat stigma misdaad aanblaas en veelseggend is omtrent die politieke mag van etikettering.

In hierdie opsig is Kritiese Kriminologie se oogmerk die uitwys van die “‘criminalisation’ practices that emanated from and assisted the ‘authoritarian state’ in its management of structural contradictions” (McLaughlin, 2010:163). Die volgende drie kenmerke moet die leser tot onrus stem. Eerstens, die staat se uitvoerige mag om hom op die instemming van die breë publiek te beroep in sy etiketterings- en geringskattingspraktyke, verteenwoordig een van die magtigste dissiplinêre metodes beskikbaar vir die bevordering van gevestigde belange. Hierdie is ’n verwysing na kapitaal sowel as ras en geslag. Tweedens, Nils Christie (2017:4), die bekende Norweegse konflikkriminoloog, het die aandag gevestig op die verskynsel dat “the major dangers of crime in modern societies are not the crime, but the fight against them may lead societies towards totalitarian developments”. Laasgenoemde is ’n gewigtige kwessie aangesien die sameswering van strafgerigte kriminoloë (“correctional-minded criminologists”) met die staat laasgenoemde se ondeurdagte “criminalisation and marginalisation practices” (McLaughlin, 2010:167) sonder meer wettig. Volgens Hillyard en Tombs (2004:28), “[i]f criminology is now well established as a discipline, the costs of legitimacy and professionalisation have been, and continue to be, high when measured against any index of social justice”. Wat eerder in aanvraag is, is inderdaad, soos Noam Chomsky dit stel, intellektuele verantwoordelikheid.

Die bou van ’n konflik- en interaksionistiese teorie word ook sterk deur postkoloniale teorie beïnvloed aangesien beide simpatiek staan teenoor die kritiek op die nalatenskap van koloniale ontwikkelingspraktyke wat so op die Derde Wêreld afgedruk is (Phillips, 2011:157). Teen hierdie vlugtige agtergrond van etikettering- en konflikperspektiewe in ’n postkoloniale raamwerk, kan die meriete van die tradisionele invalshoek vervolgens oorweeg word.

Die voorgestelde tekortkomings in die tradisionele uitgangspunt

Ek het betoog dat die grondliggende tekortkoming in Jameelah Omar se vertrekpunt haar geloof in die funksionalistiese (“functionalist”) invalshoek is, selfs al is dit net op ’n onbewuste vlak. Sy is egter in goeie geselskap aangesien Braithwaite (1989:38-43) ook ’n funksionele geneigdheid teenoor misdaadvoorkoming openbaar siende dat hy aanvoer dat die oorgrote meerderheid mense dit eens is met die meeste beginsels wat die strafreg onderlê.

Die gevaar van hierdie uitgangspunt is egter nie net dat dit ’n neo-konserwatiewe gordyn trek oor strukturele verdrukings nie, maar ook dat dit nie ruimte laat vir die noodsaaklike moontlikheid dat, soos Martinson aandui, konflik in ons gemeenskap ’n belangrike teken is dat iets grondliggend verkeerd is nie. So betoog Pat Carlen (2013) byvoorbeeld dat die gedagte aan hervorming uitgediend is in ’n gemeenskap wat weier om aandag te gee aan die kwessie van grondliggende verandering as ’n voorvereiste vir die moontlikheid van wesenlike hervorming. Hierdie gedagtegang behoort enige betekenisvolle heroorweging van die wese van misdaad vooraf te gaan (soos De Haan dan ook voorgestel het). Ek kan nie aan twee beter voorbeelde dink wat hierdie idee uitbeeld as juis dié van Ruth First (allegaagse misdaad) en Phyllis Chesler (vrouwees te midde van patriargale onderdrukking) rakende normale lewensomgang in ’n abnormale gemeenskap nie.

Hierdie oorwegings bring ons by ’n hernude begrip van Quinney se betoog dat ons openbare besef van misdaad in die eerste plek gevorm word deur voorafbestaande gevestigde belange wat gelei het tot die verwronge fokus op sogenaamde alledaagse misdaad, terwyl die meer grusame misdade van die welgesteldes en gesaghebbendes oorgesien word (soos Reiman in sy Pyrrhiese nederlaagteorie uitwys). Oorweeg byvoorbeeld die gedagte dat terwyl mense vir diefstal van brood tronk toe gestuur word, olie- en petrolnywerhede daarin geslaag het om ’n

vastrapplek in Nelson Mandela-Baai te kry om brandstof in die baai van skip tot skip te vul (“bunkering”), sonder die belemmering van ’n omgewingsimpakstudie en terwyl brandstofverspilling in die water die hele gemeenskap se inkomste as ’n toeristebestemming bedreig (Rogers, 2022). Dit sluit die visvangbedryf en die sukses van die voortplantingstoekoms van grootskaalse seeleuensvorme in. Hierdie waarnemings word gemaak in die lig van drie ernstige verspillings sedert 2016 (Rogers, 2022) en ’n beduidende gewaarwording onder die publiek oor die belang van omgewingsbeskerming ná die onlangse gefnuikte seismiese bedrywighede van Shell aan die Oos-Kaapse Wildekus (Jordan, 2022), nog nie die owerhede beweeg het om die aangeleentheid te hanteer nie. Behalwe vir hierdie tekortkoming om die rol van gevestigde belange by misdaadpleging in ag te neem, neem ek vervolgens die ernstigste tekortkoming van hierdie benadering onder die loep.

Ek betoog dat die ernstigste tekortkoming in die tradisionele standpunt die aanname is dat hervorming in beginsel nie eers moontlik is binne die omvang van ’n hardestigmatiserend-beskamingskultuur nie, soos dié wat in Suid-Afrika te vinde is (Braithwaite, 1989: 20, 100 & 113). Terwyl dit ook so is dat geen kultuur deurlopend homogeen is nie, gee die twee hoofafdelings (te wete hardestigmatiserend-beskamingskulture en integrerend-beskamingskulture) ons tog ’n goeie aanduiding wat die aard van die heersende kultuur is (Lötter, 2018:58). Ek betoog, soos Braithwaite dan ook doen, dat stigma van nature teenproduktief is en daarom nie in staat is om hervestigings- en hervormingspogings aan te wakker en te versterk nie. Alhoewel dit so mag wees dat daar nie betroubare syfers oor heroortreding in Suid-Afrika is nie (Muntingh, 2005:28, Pierce & Kiewit, 2020), het die Volksrepubliek van China (wat tussen die jare 1949–1996 ’n goeie voorbeeld van ’n integrerend-beskamingskultuur was (Lötter, 2021a) heroortredingsyfers van ’n skamele 6-8% vrygestel (Dutton & Xu, 1998:322) – met die verstandhouding dat hierdie tipe statistieke vir die Volksrepubliek ’n ingewikkelde oefening is – aangesien China elke jaar duisende mense teregstel vir heroortreding van misdade wat wissel van nietighede tot mense- en dwelmhandel tot terrorisme.

Terselfdertyd moet daarop gewys word dat heroortredingsyfers in Suid-Afrika so hoog as 86–94% kan wees (Cronje, 2017:23; Murhula & Singh, 2019; Ngabonziza & Singh, 2012:87; Pierce & Kiewit, 2020). In dieselfde asem stel Ben Geiger (2006:1197) dan ook voor dat heroortredingsyfers vir die Verenigde State (’n ander geniepsige hardestigmatiserend-beskamingskultuur) ten minste so hoog as 66% is. In teenstelling hiermee, betoog Braithwaite (1989:9) oortuigend dat ’n integrerend-beskamingskultuur is “conceived as a tool to allure and inveigle the citizen to attend to the moral claims of the criminal law, to coax and caress compliance, to reason and remonstrate with him over the harmfulness of his conduct”. Hy dring gevolglik daarop aan dat sodanige kultuur noodsaaklik is in die stryd teen misdaad aangesien stigma heroortreding aanhelp (*Ibid.*). In die Suid-Afrikaanse konteks wys Ngabonziza en Singh (2012:99) daarop dat onder huidige toestande heroortreding in die stelsel verskans is en “likely to remain a revolving door”.

Inderdaad, soos Geiger (2006:1192) dan ook redeneer:

Collateral consequences are a legal burden constituting punishment and should be imposed through the individualized process of criminal sentencing, according to the Bill of Attainder Clause. If collateral consequences are nevertheless imposed legislatively, at a minimum their burden should be proportional to the responsibility of individual ex-offenders for their criminal histories [...] Most civil legal burdens applied to wide swathes of ex-offenders, then, will be morally disproportionate to the criminal histories of a substantial portion of ex-offenders.

Dit is bepaald 'n ernstige klag teen 'n grondwetlike bestel dat 'n algemene stigma sonder voorbehoud teen alle oortreders toegepas word, ongeag hul geskiedkundige misdaad (en ondanks die feit dat hul reeds hul vonnis “uitgedien” het). Daar is dan ook met goeie rede aangedui dat die stelselmatige stigmatisering van oortreders in Suid-Afrika haatspraak is waarteen daar regtens opgetree kan word (Lötter, 2018:20-21 & 266; Lötter, 2020b). Teen hierdie oorweldigende getuienis betoog Omar (2011:21) dat:

It is evident that rehabilitation is viewed as one of the principal aims and functions of the correctional system in South Africa, and as one of the aims of imprisonment. The right to rehabilitation is consistent with the drive towards the full restoration of the civil and political rights of citizenship after release.

Die redenasie ten gunste van die reg tot hervorming, soos die tradisionele invalshoek dit verstaan, wanneer al die aanduidings teen so 'n voorstel is, maak, met respek, geen sin nie. Omar se voorstel, alhoewel prysenswaardig om 'n ander rede, moet met 'n voorafgaande inisiatief wegspring, welke voorwaardelike stap die wesenlikheid van sukses aansienlik sal verhoog. Ek verwys hier naamlik na die versorging van 'n pro-hervormingsomgewing. Om die waarheid te sê, meer as een kundige (Dastile & Agozino, 2019:31; Davis, 2003; Nagel, 2008:70, Marqua-Harries, Stewart & Padayachee, 2019, Young, 2011:259) het die voortgesette teenwoordigheid van die gevangenis in 'n postkoloniale konteks, soos dié van Suid-Afrika, bevraagteken. Die beweegredes vir hierdie beswaar wissel onder meer van die onbetwiste feit dat hierdie inrigting in sy belofte om ons veiliger te hou, gefaal het tot die oorweging dat die gevangenis as die steunpilaar van 'n hardestigmatiserend-beskamingskultuur te midde van die tronk-industriële kompleks, heroortredingsyfers aanjaag. Daar is ook aangevoer dat Afrika-gesentreerde vonnisopsies (soos gemeenskapsdiens) meer gepas in 'n postkoloniale konteks sou wees (Lötter, 2018:266). Soos waargeneem deur Elise Swain (2020), “Prison is a barbaric punishment, and the possibility of death and major illness from Covid-19 has only made incarceration all the more brutal”. Die herbewerking van die gevangenis vir winsbejag het slegs die betoog vir sy ontbinding versterk.

Gevolgtrekking

Ter gevolgtrekking betoog ek dat Omar (2011) se argument rakende die oënskynlike hervorming en hervestiging van voormalige oortreders, prysenswaardig is. Haar bydrae omvat die dubbele voordeel dat dit hierdie verwaarloosde gesprek – wat nietemin so 'n belangrike en kontensieuse kwelpunt is – aanwakker; daarby verskaf sy ook 'n raamwerk vir regstappe teen die staat, waardeur die versuim om bepaalde maatskaplik-ekonomiese regte af te dwing, getakel kan word. Hierdie regte (en ek verwys veral hier na die reg van vrygelate gevangenes om vry van stigma, diskriminasie en geringskatting te leef) is verskans in die Menseregtehandves wat as aanhangsel tot die Grondwet dien. Ek verskil egter van haar oor die uitwysing van die betrokke regte wat afdwing behoort te word.

In soverre dit om skadelike maatskaplike etikettering en die toekenning/verwerping van muishondstatus gaan, doen ek aan die hand dat die sogenaamde “reg tot hervorming” slegs haalbaar is binne 'n rehabiliteerbare omgewing (wat uiteraard ook die gemeenskap as 'n geheel sal raak). Gevolglik betoog ek dat dit 'n sinnelose oefening is om die sogenaamde reg tot hervorming regtens te probeer afdwing binne die konteks van Suid-Afrika se hardestigmatiserend-beskamingskultuur, waar gevangensetting as die oorwegende straftoemetingsparadigma dien. Hierdie toedrag van sake sal vanuit 'n konfliktperspektief (eerder as 'n konsensuele) die

geval bly tot tyd en wyl die nodige maatskaplike, ekonomiese en politieke toestande wat strukturele onderdrukking deel maak van ons werklikheid, doeltreffend hanteer word. Hieronder tel uiteraard ook die stigmatisering, diskriminasie en geringskatting van vrygelate gevangenes.

In hierdie opsig is stigma en die gevolglike muishondstatus wat daaruit voortvloei, 'n goeie voorbeeld van die gevangenismodel se newe-effekte of sydelingse gevolge ("collateral consequences"), á la Geiger (2006). Dit op sigself genome is 'n klinkklare aanduiding van hervorming wat per definisie streng bepaal word deur 'n gemeenskap waar reëlmatige geringskatting van oortreders aan die orde van die dag is. Dit is natuurlik ondanks die verskanste ideaal van hervorming en hervestiging van hierdie nomadiese groep in die Departement van Korrektiewe Dienste se doelwitstelling. Soos Braithwaite (1989) dan ook reeds uitgewys het, blaas die doelgerigte stigmatisering, diskriminasie en geringskatting van vrygelate gevangenes ons reeds kommerwekkend hoë heroortredingsyfers verder aan en dien terselfdertyd ook as 'n misdaadteelaarde.

Al het mens waardering vir Omar (2011) se meegevoel vir die geringgekattes en gemarginaliseerdes, stem die tradisionele gesigspunt se ernstige negering van die ongenaakbare toestande wat vrygelate gevangenes in Suid-Afrika se onvergewensgesinde kultuur in die gesig staar, nie ooreen met die werklikheid op voetsoolvlak nie. Hierdie gedagte resoneer met die verwronge logika ingebou in Ruth First se ooreenstemmende vertelling van die polisiering van sogenaamde alledaagse misdaad in die abnormale gemeenskap van Suid-Afrika gedurende die apartheidsbewind en die idee van 'n distopiese opset waarin vroue in 'n patriargale gemeenskap leef.

Die redenasië van die tradisionele uitgangspunt (alhoewel uiteraard goed bedoel) stem ooreen met die strekking van Wolf (1978) se slotsom dat stigma moontlik die mees doeltreffende teenvoeter vir misdaadpleging is. Hy verreken egter nie die politiese voetwerk wat by etikettering betrokke is nie en ook nie die verpletterende gevolge wat sodanige muishondstatus vir beide die oortreder in besonder en die gemeenskap in die algemeen inhou nie. Intendeel, muishondstatus blaas heroortreding aan. Weens die her-skepping van die gevangenis tot 'n liggaam met die najaag van wins as oogmerk en dié se oorsprong in koloniale verdrukking, word die volhoubaarheid daarvan as 'n inrigting wat maatskaplike welvaart voorstaan, inderdaad bevestig. Tot oormaat van ellende, moet daar ook bykomend hiertoe rekening gehou word met die staat se eie duister agenda om mag by wyse van stigmatiserings- en geringskattingspraktyke na te jaag, sowel as die betreurenswaardige neiging van sekere hoofstroomkriminoloë om hul gewig by hierdie oefenlopie van die staat ter wille van erkenning, aansien en, natuurlik, befondsing in te gooi (Christie 2017:4; Carlen; 2005:84-85; McLaughlin, 2010:167; Hillyard & Tombs, 2004:28; Young, 2011:270-271).

Gevollik is die eerste stap die bevordering van elemente van 'n integrerend-beskamingskultuur (soos die Chinese ervaring uitgewys het [Lötter, 2021a]) in Suid-Afrika se andersins oorwegend hardestigmatiserend-beskamingskultuur voor ons enigsins kan droom van betekenisvolle of haalbare hervestiging (Lötter, 2018:270-273, 2020b). Voorbeelde hiervan is die kriminalisering van stigma teen vrygelate oortreders en tasbare pogings om hul maatskaplik te hervestig, soos die verskaffing van werksgeleenthede, aanvanklike huisvesting en/of geldelike hulp ná vrylating. Die gedagte hier is die voldoening aan oortreders of vrygelate gevangenes se basiese menslike behoeftes, soos Burton (1997, 2001) in 'n ander konteks uitwys, ten einde die motief (konflik) vir verdere oortreding en misdaad te verwyder. Aangesien die hervormingsideaal in stigmatiserend-beskamingskulture, soos dié van Suid-Afrika, grootliks skyn is, doen ek aan die hand dat die tradisionele invalshoek vir die oortreder se sogenaamde reg tot rehabilitasie, mank gaan aan die broodnodige kritiese insig dat politieke oorwegings rakende

misdad verkeerd is, byvoorbeeld die idee dat dit 'n eenvoudige probleem is wat 'n andersins gesonde samelewing moet oplos. Daar blyk ook 'n onbewustheid te wees van die gevaar van die etikettering van oortreders wat reeds hul vonnis uitgedien het.

Myns insiens het hierdie bydrae ook die waarde van 'n interdisiplinêre benadering tot die begrip van misdad buiten bloot empiriese werk, uitgewys. In hierdie opsig, het Konfliktantering (of Vredestudies) 'n belangrike bydrae gemaak deur die uitwys van die belangrikheid van grondliggende menslike behoeftes by wyse van die “proventing” van konflik en wat daaruit voortvloei. Hierby kan gevoeg word die kulturele en strukturele geweld wat die nagevolge is van die muishondstatus van vrygelate gevangenes. Die wisselwerking tussen hierdie verskillende gesigspunte hou vanselfsprekende implikasies in vir die vooruitsigte by heroortreding. Enige raamwerk wat daarop gemik is om suksesvolle hervestiging te bevorder, moet kennis neem van hierdie oorwegings by die hantering van voortslepende maatskaplike konflik (wat sonder twyfel misdad is).

Desnieteenstaande behoort oortreders te kan aandrang op die reg tot 'n hervormingsomgewing vrygestel van stigma, geringskatting en diskriminasie. Sonder hierdie afdwingbare reg, word die beginsel van individuele aanspreeklikheid, wat so nou met ons strafreg verstrengsel is, stelselmatig en vanselfsprekend afgetakel. Onbepaalde straftoemeting (“indefinite sentencing”), soos Foucault (1991[1978]) uitwys, is inderdaad niks anders as marteling nie, maar ook marteling sonder 'n duidelike doelwit (miskien is die oogmerk opvallend sinistêr). Ons hoef nie vir bestraffende of regstellende geregtigheid te betoog nie; transformerende geregtigheid sal voldoende wees, en dit sal 'n heel nuwe ingesteldheid vereis.

BIBLIOGRAFIE

- Adorjan, M & Chui, WH. 2014. Aging out of crime: Resettlement challenges facing male ex-prisoners in Hong Kong. *The Prison Journal*, 94(1):97-117. <https://doi.org/10.1177%2F0032885513512095>.
- Agrizzi, A & Mitchell, P. 2020. *Inside the Belly of the Beast: The real Bosasa Story*. Truth be Told Publishing, Kindle Edition.
- Alexander, M. 2012. *The new Jim Crow: Mass incarceration in the age of colourblindness*. (Revised ed.). New York: The New Press.
- Alexander, M. 2020. The Injustice of This Moment Is Not an ‘Aberration.’ *The New York Times*, January 17. <https://www.nytimes.com/2020/01/17/opinion/sunday/michelle-alexander-new-jim-crow.html> [4 February 2020].
- Basson, A. 2019. *Blessed by Bosasa: Inside Gavin Watson’s State Capture Cult*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Bosworth, M. 2010. *Explaining U.S. imprisonment*. London: Sage.
- Bourdieu, P. 1984. *Distinction. A Social Critique of the Judgement of Taste*. R. Nice (Trans). Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Bourdieu, P & Passeron, J-C. 1979. *The Inheritors, French Students and their Relation to Culture*. R. Nice (Trans). Chicago: University of Chicago Press.
- Box, S. 1983. *Power, Crime and Mystification*. London: Tavistock.
- Burton, JW. 1997. *Violence Explained: The Sources of Conflict, Violence and Crime and Their Prevention*. Manchester: Manchester University Press.
- Burton, JW. 2001. Conflict Prevention as a Political System. *The International Journal of Peace Studies*, 6(1): no page numbers provided.
- Braithwaite, J. 1989. *Crime, shame and reintegration*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Brooks, DJ & Saad, L. 2020. Double Whammy: Why the Underrepresentation of Women among Workplace and Political Decision Makers Matters in Pandemic Times. *Politics & Gender*, 16(4):1110-22. DOI: <https://doi.org/10.1017/S1743923X20000628>.
- Bussard, RL. 1987. The ‘dangerous class’ of Marx and Engels: The rise of the idea of the Lumpenproletariat. *History of European Ideas*, 8 (6): 675–692. DOI:10.1016/0191-6599(87)90164-1.
- Carlen, P. 2005. In praise of critical criminology. *Outlines*, 2:83-90.

- Carlen, P. 2013. Against rehabilitation; for reparative justice. In Ball, Tauri, O'Brien & Carrington (eds). *Crime, justice and social democracy: International perspectives [Critical Criminological perspectives]*. London: Palgrave Macmillan, pp. 89-104.
- Chambliss, W & Seidman, R. 1971. *Law, Order, and Power*. Reading, Mass.: Addison-Wesley.
- Christie, N. [1993] 2017. *Crime Control as Industry: Towards Gulags Western Style*. (3rd ed.). London: Routledge.
- Chesler, P. 2005. *Women and Madness*. (2nd ed.). New York City: St. Martin's Press.
- Cronje, M. 2017. *A Comparative Analysis of Recidivism with specific reference to Crimino-Victimogenic variables, Offence Analysis and Programme Participation*. Unpublished PhD thesis, Durban: University of KwaZulu-Natal.
- Chipkin, I. & Swilling, M. 2018. *Shadow State: The Politics of State Capture*. Johannesburg: Wits University Press.
- Chui, WH & Cheng, KKY. 2013. The mark of an ex-prisoner: Perceived discrimination and self-stigma of young men after prison in Hong Kong. *Deviant Behavior*, 34(8):671-684. <https://doi.org/10.1080/01639625.2013.766532>.
- Cohen, S. 1973. *Folk Devils and Moral Panics*. London: MacGibbon & Kee.
- Dastile, NP & Agozino, B. 2019. Decolonising incarcerated women's identities: Looking through the lens of prison abolitionism. *SA Crime Quarterly*, no. 68:21-32. <https://doi.org/10.17159/2413-3108/2019/v0n68a5622>.
- Davis AY. 2003. *Are prisons obsolete?* New York: Seven Stories Press.
- Davis, AY. 2005. *Abolition democracy: Beyond empire, prisons, and torture*. New York: Seven Stories Press.
- De Haan, W. 1991. Abolitionism and crime control: a contradiction in terms. In Stenson & Cowell (eds). *The politics of crime control*. London: Sage, pp. 203-217.
- Dissel, A. 2002. Tracking transformation in South African prisons. *Track Two*, 11(2):8-15. <https://journals.co.za/doi/pdf/10.10520/EJC111550>.
- Dissel, A. 2008. Rehabilitation and reintegration in African prisons. In Sarkin (ed). *Human rights in African prisons*. Cape Town: Human Sciences Research Council, pp. 155-177.
- Dutton, M & Xu, Z. 1998. Facing Difference: Relations, Change and the Prison Sector in Contemporary China. In Weiss & South (eds). *Comparing Prison Systems: Toward a Comparative and International Penology*. Amsterdam: Gordon and Breach, pp. 289-336.
- First, R. [1965] 2006. *117 Days*. Johannesburg: Penguin.
- Foucault, M. [1975] 1991. *Discipline and punish: The birth of the prison*. A. Sheridan (Trans). London: Penguin.
- Galtung, J. 1996. *Peace by Peaceful Means: Peace and Conflict, Development and Civilization*. London: Sage.
- Geiger, B. 2006. The case for treating ex-offenders as a suspect class. *California Law Review*, 94(4):1191-1242. DOI: 10.2307/20439062.
- Giddens, A. & Sutton, PW. 2017. *Sociology*. (8th ed.) Cambridge: Polity Press.
- Goffman, E. [1963] 1990. *Stigma: Notes on the Management of Spoilt Identity*. London: Penguin.
- Haney, C. 2005. The contextual revolution in psychology and the question of prison effects. In Liebling & Maruna (eds). *The effects of imprisonment*. Devon: Willan, pp. 66-93.
- Harris, N & Braithwaite, J. 2010. Reintegrative shaming theory. In Cullen & Wilcox (eds). *Encyclopedia of criminological theory*. Thousand Oaks, CA.: Sage, pp. 111-115.
- Henderson, TNY. 2005. New frontiers in fair lending: Confronting lending discrimination against ex-offenders. *New York University Law Review*, no. 80, 1237-1271 <https://ssrn.com/abstract=911304>.
- Hillyard, P & Tombs, S. 2004. Beyond Criminology? In Hillyard, Pantazis, Tombs & Gordon (eds). *Beyond Criminology: Taking Harm Seriously*. London: Pluto Press, pp. 10-29.
- Hopkins, R. 2020. *The Misery Merchants: Life and Death in a Private South African Prison*. Johannesburg: Jacana.
- Human Rights Watch 2017. *United States: Events of 2016*. <https://www.hrw.org/world-report/2017/country-chapters/united-states> [5 February 2020].
- Intergovernmental Panel on Climate Change 2022. *Climate Change 2022: Impacts, Adaptation and Vulnerability*. https://report.ipcc.ch/ar6wg2/pdf/IPCC_AR6_WGII_FinalDraft_FullReport.pdf [28 February 2022].
- Johnson, RW. 2015. *How long will South Africa survive? The looming crisis*. (1st ed.) Johannesburg: Jonathan Ball.

- Jones-Young, NC & Powell, GN. 2015. Hiring ex-offenders: A theoretical model. *Human Resource Management Review*, 25(3):298-312. <http://www.sciencedirect.com/science/journal/10534822>.
- Jordan, B. 2022. Offshore ship refuelling plan makes waves. *Sunday Times*, March 6, p. 10.
- Klein, N. 2015. *This changes everything: Capitalism vs. the Climate*. London: Penguin.
- König, I. 2015. *Whither South Africa – Neoliberalism or an Embodied Communitarian Indigenous Ethic?* Unpublished PhD thesis. Port Elizabeth/Gqeberha: Nelson Mandela Metropolitan University.
- Kriegler, A. 2018. South Africa won't Become less Violent until it's More Equal. *The Conversation Africa*, September 12. <https://theconversation.com/south-africa-wont-become-less-violentuntilits-more-equal-103116> [30 March 2019].
- Lötter, C. 2018. *The reintegration of ex-offenders in South Africa based on the contemporary Chinese model: An interdisciplinary study*. Unpublished PhD thesis. Bloemfontein: University of the Free State.
- Lötter, C. 2019. Vrygelate gevangenes word as gevangenispersoneel aangestel: Kan Suid-Afrika leer by hierdie nuwe internasionale tendens? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(4):493-511. DOI.10.17159/22247912/2019/v59n4a3.
- Lötter, C. 2020a. The Tenuous Link Between Crime and Incarceration: Bosasa's Public-Private Partnership. *Phronimon*, no. 21: 24 pages. <https://doi.org/10.25159/2413-3086/7000>.
- Lötter, C. 2020b. 'n Pleidooi vir die kriminalisering van stigma teen vrygelate gevangenes in Suid-Afrika. *KOERS Journal for Christian Scholarship*, 85(1):1-16. <https://doi.org/10.19108/85.1.2470>.
- Lötter, C. 2021a. 'n Chinese padkaart vir die hervestiging van vrygelate gevangenes: 'n Gevallestudie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(2):490-506. DOI. 10.17159/2224-7912/2021/v61n2a6.
- Lötter, C. 2021b. Die transformasie van die Suid-Afrikaanse gevangeniswese tot 'n openbare instelling met positiewe vrede as waardestelsel. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(4-2):1235-1259. DOI.10.17159/2224-7912/2021/v61n4-2a?
- Lötter, C. 2022. Judging the Holy Cow: Examining the Role of Implicit Bias in Judicial Rulings – An Analysis of the Decision in *Mbena v Minister of Justice and Correctional Services* 2015 4 All SA 361 (ECP). *Potchefstroom Electronic Law Journal*, no. 25:1-29. <https://doi.org/10.17159/1727-3781/2022/v25ia12743>.
- Marqua-Harries, L, Stewart, G & Padayachee, V. 2019. Towards transforming a system: Re-thinking incarceration for youth (and beyond). *SA Crime Quarterly*, no. 68:33-40. DOI: <https://doi.org/10.17159/2413-3108/2019/v0n68a5632>.
- Marx, KH. & Engels, F. [1848] 1977. Communist Manifesto. S. Moore en F. Engels (Trans). In McLellan (ed). *Selected Writings*. (1st ed.). Oxford: Oxford University Press, pp. 221-247.
- Mboti, N. 2018. Apartheid studies and spectral carcerality. Paper delivered at the Global Prison Conference held at the Centre for Social Change, University of Johannesburg, 16-18 November.
- Martinson, R. [1974] 2001. What works? Questions and answers about prison reform. In Latessa and Holsinger (eds). *Correctional contexts*. (2nd ed.) Los Angeles: Roxbury, pp. 22-54.
- McLaughlin, E. 2010. Critical Criminology. In McLaughlin & Newburn (eds). *The Sage handbook of criminological theory*. London: Sage, pp. 153-174.
- Merton, RK. 1948. The self-fulfilling prophecy. *The Antioch Review*, 8(2):193-210. <http://dx.doi.org/10.2307/4609267>.
- Muncie, J. 2010. Labeling, Social reaction and social constructionism. In McLaughlin & Newburn (eds). *The Sage handbook of criminological theory*. London: Sage, pp. 139-152.
- Muntingh, L. 2002. Tackling recidivism in South African prisons. *Track Two*, 11(2):20-29 <https://hdl.handle.net/10520/EJC111548>.
- Muntingh, L. 2005. *Offender rehabilitation and reintegration: taking the White Paper on Corrections forward*. Research Paper Number 10. Cape Town: Civil Society Prison Reform Initiative.
- Murhula, PBB. & Singh, SB. 2019. A Critical Analysis on Offenders Rehabilitation Approach in South Africa: A Review of the Literature. *African Journal of Criminology and Justice Studies: AJCJS*, 12(1):21-43. ISSN 1554-3897.
- Nagel, M. 2008. "I write what I like": African prison intellectuals and the struggle for freedom. *The Journal of Pan African Studies*, 2(3):68-80. <https://www.questia.com/library/journal/1G1-192353344/i-write-what-i-like-african-prison-intellectuals>.
- Ngabonziza, O & Singh, SB. 2012. Offender reintegration program and its role in reducing recidivism: exploring perceptions of the effectiveness of tough enough program, *Acta Criminologica*, CRIMSA 2011 Conference Special Edition, no. 2:87-102. DOI:10.1094/PDIS-11-11-0999-PDN.

- Omar, J. 2011. A prisoner's right? The legal case for rehabilitation. *SA Crime Quarterly*, no. 37:19-26 <https://hdl.handle.net/10520/EJC47708>.
- Samuels, JA. 2010. Challenges that offenders face upon release that contribute to recidivism in the Department of Correctional Services: A case study of the West Coast Medium 'A' Correctional Centre in the Western Cape. Unpublished Master's thesis, Bellville: University of the Western Cape.
- Schwendinger, J & Schwendinger, H. 1970. Defenders of order or guardians of human rights? *Issues in Criminology*, 5(2):123-157. <https://www.questia.com/library/journal/1G1-371689921/defenders-of-order-or-guardians-of-human-rights>.
- Sherry, MD. 2008. Postcolonialism. In Given (ed.). *The Sage Encyclopedia of Qualitative Research Methods*. Thousand Oaks, CA.: Sage, pp. 651-655.
- Stayn, JP & Vecchiatto, P. 2019. *The Bosasa Billions*. Pretoria: Lapa.
- Steinberg, J. [2004] 2019. *The Number*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Swain, E. 2020. Anti-nuclear pacifists get federal prison terms for nonviolent protest. *The Intercept*, November 16. https://theintercept.com/2020/11/16/nonviolent-protest-plowshares-nuclear/?utm_medium=email&utm_source=The%20Intercept%20 [18 November 2020].
- Phillips, R. 2011. Postcolonial scholarship in social justice research. In Markauskaite, Freebody & Irwin (eds). *Methodological choice and design: scholarship, policy and practice in social and educational research*. Netherlands: Springer, pp. 157-166.
- Pierce, B & Kiewit, L. 2020. Nicro: The High Rate of Offender Recidivism. *702 Podcasts*, January 13. <http://www.702.co.za/podcasts/269/tonight-with-lester-kiewit/279121/nicro-the-high-rate-of-offender-recidivism> [7 April 2021].
- Piketty, T. 2015. Transcript of Nelson Mandela Annual Lecture. Johannesburg: University of Johannesburg. <https://www.nelsonmandela.org/news/entry/transcript-of-nelson-mandela-annual-lecture-2015> [16 November 2020].
- Reiman, J. [1979] 1990. *The Rich get Richer and the Poor get Prison*. (3rd ed.) New York: Macmillan.
- Reiman, J & Leighton, P. [1979] 2020. *The Rich get Richer and the Poor get Prison: Thinking Critically about Class and Criminal Justice*. (12th ed.) New York City: Routledge.
- Republiek van Suid-Afrika, 1997. Strafbegwysingswet No. 105 van 1997. Pretoria: Government Printers.
- Richards, SC & Jones, RS. 2004. Beating the perpetual incarceration machine. In Maruna & Immarigeon (eds). *After crime and punishment: Pathways to offender reintegration*. London: Willan, pp. 201-232.
- Rogers, G. 2022. Chokka industry joins sectors opposing offshore bunkering. *The Herald*, March 3, p. 9.
- Quinney, R. 1991. The Way of Peace: On Crime, Suffering, and Service. In Pepinsky and Quinney (eds). *Criminology as Peacemaking*. Bloomington: Indiana University Press, pp. 3-13.
- Quinney, R. [1970] 2008. *The social reality of crime*. New Brunswick: Transaction.
- Taylor, I, Walton, P & Young, J. 1973. *The new criminology*. London: Routledge.
- Thunberg, G. 2019. *No One is too Small to make a difference*. London: Penguin.
- Uggen, C, Manza, J & Behrens, A. 2004. 'Less than the average citizen': Stigma, role transition and the civic reintegration of convicted felons. In Maruna & Immarigeon (eds). *After crime and punishment: Pathways to offender reintegration*. Cullompton, UK: Willan, pp. 261-293.
- Van Loggerenberg, J. 2019. *Tobacco Wars*. Cape Town: Tafelberg.
- Weiss, RP. 1998. Conclusion: Imprisonment at the millennium 2000 – Its variety and patterns throughout the world. In Weiss & South (eds). *Comparing prison systems: Toward a comparative and international penology*. Amsterdam: Gordon and Breach, pp. 427-482.
- Wolf, P. 1978. The effect of prison on criminality. In Freeman (ed). *Prisons past and future*. London: Heinemann, pp. 93-104.
- Young, J. 2011. Critical criminology in the twenty-first century: critique, irony and the always unfinished. In Carrington & Hogg (eds). *Critical Criminology: Issues, Debates, Challenges*. Oxford: Routledge, pp. 251-274.
- Zondo, Justice RMM. 2022. *Judicial Commission of Inquiry into allegations of State Capture, Corruption and Fraud in the Public Sector including Organs of State Report: Vol. 1 of 3 Vol*. Pretoria: Government Printers. https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/202201/judicial-commission-inquiry-state-capture-reportpart-1.pdf [18 January 2022].

'n Kritiese evaluering van die bydrae van (prof.) WS Prinsloo tot die wetenskap van die Ou Testament

A critical evaluation of the contribution of (Prof.) WS Prinsloo to the study of the Old Testament

SD (FANIE) SNYMAN

Navorsingsgenoot, Fakulteit Teologie & Religie
Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Suid-Afrika
E-pos:: snymansd@ufs.ac.za



Fanie Snyman

FANIE (SD) SNYMAN studeer teologie aan die Universiteit van Pretoria. Ná die voltooiing van sy studies word hy 'n predikant in die NG Kerk Nelspruit-Suid in 1981. Hy word aangestel as senior lektor in Ou Testament aan die Universiteit van die Vrystaat aan die begin van 1984. In 1985 behaal hy die DD-graad aan die Universiteit van Pretoria. Hy word eventueel bevorder tot professor en dien as dekaan van die fakulteit Teologie & Religie aan die Universiteit van die Vrystaat van 2013–2019. Hy is outeur van talle artikels wat in akademiese joernale plaaslik sowel as internasionaal gepubliseer word. Hy is bekend vir sy navorsing op veral die Boek van die Twaalf en wat inter alia uitgeloop het op die publikasie van 'n kommentaar op Maleagi (2015) en die boeke Nahum, Habakuk en Sefanja (2020).

FANIE (SD) SNYMAN studied theology at the University of Pretoria and after completing his theological studies entered the ministry to become a minister in the Dutch Reformed Church Nelspruit-South in 1981. He was appointed as senior lecturer in Old Testament at the University of the Free State at the beginning of 1984. He obtained the DD-degree from the University of Pretoria in 1985. He was eventually promoted to professor and served from 2013–2019 as dean of the faculty of Theology & Religion at the University of the Free State. He authored numerous articles in academic journals both locally and abroad. He is known for his research on especially the Book of the Twelve that resulted inter alia in a commentary of the book of Malachi (2015) and on the books of Nahum, Habakkuk and Zephaniah (2020).

Datums:

Ontvang: 2022-09-14

Goedgekeur: 2022-10-22

Gepubliseer: Desember 2022

ABSTRACT***A critical evaluation of the contribution of (Prof.) WS Prinsloo to the study of the Old Testament***

This year marks 25 years since the untimely passing away of Prof. Willem Sterrenberg Prinsloo, the well-known Old Testament scholar and former dean of the Faculty of Theology at the University of Pretoria. It is thus an appropriate time to take stock of the legacy he had left behind and to endeavour a critical evaluation of his work. There is little doubt that Prinsloo exercised a tremendous influence on at least a generation of theological students who studied the Old Testament as part of their theological training. He also played an important part in a crucial stage in the academic study of the Old Testament in South Africa, especially during the last twenty years of the twentieth century.

The problem addressed in this contribution is to provide the reader with a critical assessment of the contribution of Prinsloo to the study of the Old Testament. How Prinsloo's contribution to the study of the Old Testament may be evaluated is the central question asked in this article. The method followed in achieving this goal is to start by giving a brief overview of Prinsloo's career as a student and pastor in a local congregation before commencing an academic career as a staff member in the Department of Old Testament at the University of Pretoria. Secondly, a brief overview is given of the historical environment of Old Testament studies that coincided with Prinsloo's academic career. Prinsloo focused mainly on the psalms and consequently this investigation will especially concern itself with his publications on the psalms. However, his views on exegesis and the exegetical method he proposed will also be consulted. Lastly, a few conclusions are drawn in order to attempt an assessment of his contribution to Old Testament studies.

The last three decades of the twentieth century were characterised by a close scrutiny of exegetical method. Whereas historical-critical methods focused on the development texts had undergone in the course of time, emphasis was now placed on texts in their so-called final form, irrespective of how these texts may have changed over time. Terms such as structural analysis, discourse analysis, text-immanent exegesis, diachronic or synchronic exegesis and surface structure vis-à-vis deep structure became part of the technical vocabulary scholars were using in the discussions regarding the topic of the exegesis of the Old Testament.

It is within this context that Prinsloo developed his peculiar form of text-immanent exegesis. Although he acknowledges the value and achievements of historical-critical exegesis, he is quick to point out the fallacies and weaknesses of this method of exegesis. The main point of his criticism against historical-critical approaches to the Old Testament is that a study of the supposed changes to which texts had been subjected in the course of time resulted in a fragmentation of the text. The major advantage of text-immanent exegesis is the emphasis on the text in its final form.

An important characteristic of Prinsloo's text-immanent exegesis is to apply a rigid sequence of exegetical steps. These steps start with the proper demarcation of a text, followed by text-critical considerations. The third step is an important one, which involves subjecting the text to a structural analysis. A basic point of departure in exegesis is that meaningful communication can only happen when language is used in a structured way. An analysis to determine the structure of a demarcated text is thus of vital importance to arrive at the meaning of a text. The next step consists of an enquiry into the literary genre (or Gattung as it is called in scholarly circles) and the "situation in life" (Sitz im Leben) of the text. An analysis of possible traditional material (creation, ancestors, Exodus, Sinai, wilderness, the land, Zion and David) constitutes the next step. The text is then subjected to a redactional scrutiny to

determine whether additions had been added to the text. Given the fact that the text in its final form is the point of departure in Prinsloo's exegetical approach, it follows that possible additions (as in the penultimate step above) would receive scant attention. With all the information thus gathered from the investigation, the theological meaning of the text may next be formulated.

The meticulous reading of and focus on a demarcated text may be regarded as the most important legacy of Prinsloo's work. At the same time, this focus on a single text has a disadvantage as well. Texts cannot be studied by themselves in isolation of other texts surrounding them. This is also true of Prinsloo's focus on the individual psalm. Individual psalms also form groups of psalms and this aspect is neglected in his approach. A second point of criticism is the strict methodology at the core of his structured enquiry that had to be followed in the proposed exegesis. Method is important, but a rigid methodology where even the sequence of exegetical steps may not be changed, cannot be maintained any longer. Rather than a rigid focus on method, exegetes nowadays prefer to use the term "approach" to describe their exegetical method. A devaluation of the historical dimension of Old Testament texts is another point of criticism that may be raised against Prinsloo's text-immanent exegesis. Although Prinsloo is aware of the importance of the historical dimension of Old Testament texts, in practice hardly any evidence of attention to historical aspects may be discerned when scrutinising the manner in which an exegesis of a psalm is carried out by him. By contrast, Old Testament scholars nowadays agree that text and historical reality cannot be separated and that the historical dimension of an ancient text, such as the Old Testament, plays a vital and indispensable part in any endeavour to understand the text. Prinsloo displays a strange dualistic view on historical-critical methods of exegesis. On the one hand, he is highly appreciative of the achievements of historical-critical approaches to the Old Testament, while, on the other, he is simultaneously highly critical of historical-critical exegesis. His main accusations are that historical-critical exegesis is positivistic, evolutionistic and atomistic. Text-immanent exegetical approaches themselves are, however, not free from positivism – Prinsloo's emphasis on objectivity being a case in point. In addition, Prinsloo's polemic style is another point of criticism that may be raised. He does not shy away from entering into a critical debate with colleagues and he is known for his highly critical remarks on the untenable results of historical-critical exegesis. The question can be asked whether this highly critical attitude to historical-critical exegesis is appropriate in scholarly debate. Furthermore, it may also be asked why only historical-critical methods are targeted, while other exegetical methods are also practised.

Despite these critical remarks, Prinsloo will be honoured for having established a particular way of approaching a text, thereby ensuring a meticulous focus on the final text of the Old Testament.

KEYWORDS: exegetical method(s); historical critical exegesis; synchronic exegesis; structural analysis; text immanent reading; interpretation of the Old Testament

TREFWOORDE: eksegetiese metode(s); histories-kritiese eksegesi; sinkroniese eksegesi; struktuuranalise; teksimmanente lees; interpretasie van die Ou Testament

OPSOMMING

Vanjaar sal dit 25 jaar wees sedert die ontydige dood van prof. WS Prinsloo. Dit sou dus die moeite loon om ná 25 jaar bestek op te neem van sy bydrae tot die wetenskap van die Ou Testament en die vraag te vra na sy nalatenskap en hoe dit geëvalueer moet word. Metodologies gesproke gee die artikel 'n kort oorsig oor die lewe van Prinsloo. Vervolgens word hy geplaas binne die historiese konteks van die stand van die Ou Testamentiese wetenskap. Prinsloo gee in sy navorsing veral aandag aan die psalms en gevolglik word veral gefokus op die kenmerke van sy ondersoek na die psalms. Drie monografieë wat sy eksegetiese van 'n aantal psalms weergee en sy publikasies wat handel oor die metodiek van eksegetiese gebruik as verwysingsraamwerk vir die beoordeling van sy werk. Laastens word daar tot enkele gevolgtrekkings gekom.

1. Inleiding, probleemstelling en metodologiese vertrekpunt

Dit is vanjaar 25 jaar ná die tragiese dood van prof. WS (Riempies) Prinsloo, Ou-Testamentikus en voormalige dekaan van die destydse Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria. Sy dood op ouderdom 53 het skokgolwe deur die akademiese, teologiese en kerklike wêreld van destyds gestuur. Hier was immers 'n persoon wat oor 'n relatiewe kort periode op beide nasionale en internasionale vlak 'n indrukwekkende reputasie opgebou het as 'n Ou Testamentikus. Ook het hy 'n beduidende invloed uitgeoefen op die agenda van navorsing op die Ou Testament, by name gedurende die laaste ongeveer twintig jaar van die twintigste eeu. Prinsloo sou vanjaar 78 jaar oud wees – alreeds 13 jaar ná aftree-ouderdom – en 'n mens kan nie help om te wonder hoe sy akademiese loopbaan sou verloop het, sou hy nog gelewe het nie. Hy maak merkwaardige opgang in die wêreld van die Ou Testamentiese wetenskap in Suid-Afrika, waar hy onder andere dien as voorsitter van die Ou Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika. Internasionaal dien hy op die redaksie van toonaangewende wetenskaplike publikasies op die gebied van die Ou Testament. Sodoende verwerf hy nasionaal en internasionaal bekendheid as Ou Testamentikus.

Prinsloo lewer 'n indrukwekkende lys van publikasies in plaaslike en internasionale tydskrifte en publiseer onder andere 'n monografie in die bekende *Beiheft zur Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft*-reeks (BZAW) met 'n ondersoek na die boek Joël (Prinsloo, 1985a). Hy was 'n gewilde dosent wat bekend was vir sy goed voorbereide lesings en die hoë standaard wat hy gestel het aan studente (veral in mondelinge eksamens!). Sy gewildheid as dosent en ook sy besondere persoonlikheid het studente geïnspireer om in te skryf vir 'n doktorsgraad in Ou Testament. Le Roux (1993:32) en Groenewald (2004:548) merk op dat Prinsloo die denke van geslagte teologiestudente aan die Universiteit van Pretoria gevorm het. Predikante in gemeentes se prediking moes geskoei wees op die resultate van struktuuranalise, en doktorsale studente het onder sy invloed die metode toegepas op boeke en gedeeltes van boeke in die Ou Testament (Le Roux, 1993:32).

Dit sou dus die moeite loon om ná 25 jaar bestek op te neem van die bydrae van Prinsloo tot die wetenskap van die Ou Testament en die vraag te vra na sy nalatenskap en hoe dit geëvalueer moet word. Metodologies gesproke bied die artikel 'n kort oorsig oor Prinsloo se lewe. Vervolgens word hy geplaas binne die historiese konteks van die stand van die Ou Testamentiese wetenskap soos beskryf deur Le Roux (1993) se *A story of two ways*, waarin 'n historiese oorsig gebied word oor die eerste dertig jaar (1957–1987) van die bestaan van die Ou Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika. Prinsloo skenk in sy navorsing veral

aandag aan die psalms en gevolglik word veral gefokus op die kenmerke van sy ondersoek na die psalms. Le Roux (1993:33) merk op dat die eksegetiese metode wat Prinsloo ontwikkel het, sy hoogtepunt bereik in sy werk oor die psalms. Die drie monografieë (Prinsloo 1984, 1987, 2000 [postuum]) wat sy eksegetiese van 'n aantal psalms weergee en sy publikasies wat handel oor die metodiek van eksegetiese, word hoofsaaklik gebruik as verwysingsraamwerk vir die beoordeling van sy werk. Laastens word daar tot enkele gevolgtrekkings gekom.

2. Lewensloop

Willem Sterrenberg Prinsloo word op 19 Augustus 1944 te Vrede in die Vrystaat gebore waar sy ouers boere in die Vrede-distrik was. Hy matrikuleer in 1962 aan die Hoërskool Vrede waar hy hoofseun was. In 1963 skryf hy as student aan die Universiteit van Pretoria vir die BA Admissie-graad in, met die oog daarop om hom te bekwaam as predikant in die NG Kerk. Hy studeer teologie aan die Fakulteit Teologie (Afd. B) aan die Universiteit van Pretoria en behaal die BA-graad (1965), BD-graad (1968) en die Lisensiaat in Teologie (1969) almal met lof. Tydens sy studies is hy aktief in die studentelewe en dien onder andere as primarius van Sonop-tehuis en ook as lid van die Verteenwoordigende Studenteraad aan die Universiteit van Pretoria. Hy tree in 1970 in die huwelik met Avrille de Klerk en 'n seun en twee dogters is uit die huwelik gebore. Ná sy legitimasie as proponent word hy beroep na die NG Kerk Standerton (naby sy geboortedorp, Vrede) en hy is vir 'n kort periode (April 1971 – einde 1974) predikant van die gemeente.

Aan die einde van 1974 word Prinsloo beroep as dosent in Bybelkunde aan die Universiteit van Pretoria en so begin 'n aktiewe akademiese loopbaan waar hy agtereenvolgens lektor (1975), senior lektor (1976), medeprofessor (1977) en professor (1986) word. Hy behaal sy doktorsgraad in Ou Testament in 1976 onder die promotorskap van die destydse departementshoof van die Departement Ou Testament, prof. AH (Bertus) van Zyl, met 'n proefskrif getiteld, *Jahwe die vrymagtige in die Ou Testament*. Ná die aftrede van prof. AH van Zyl, word Prinsloo departementshoof van die Departement Ou Testament (1987). Sy leierseenskappe word ook binne die fakulteit opgemerk en waardeur en hy word verkies as dekaan van die fakulteit in 1989 en dien in hierdie hoedanigheid tot 1996. Op 5 Oktober 1997 sterf hy deur selfdood toe te pas.

3. 'n Oorsig oor die historiese konteks van WS Prinsloo

Die historiese konteks waarin Prinsloo sy werk as Ou Testamentikus begin en voortsit is goed gedokumenteer in die monografie van Le Roux (1993). In dié monografie beskryf Le Roux die geskiedenis van die Ou Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika vanaf sy ontstaan in 1957 tot en met 1987. Die boek begin met 'n breë historiese agtergrond, gevolg deur 'n oorsig oor die bestudering van die Pentateug, die profetiese literatuur, die psalms en die wysheidsliteratuur van die Ou Testament.

Die sewentigerjare van die twintigste eeu verteenwoordig 'n bepalende keerpunt vir die wetenskaplike studie van die Ou Testament. Voor die sewentigerjare van die vorige eeu was daar nie werklik ruimte vir 'n kritiese benadering tot die studie van die Ou Testament nie (Le Roux, 1993:27). Dit alles het verander met 'n referaat wat prof. Willem Vorster in Maart 1971 voor die kongres van die Nuwe Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika in Pretoria gelewer het. Tydens die referaat wys Vorster op die belangrikheid van die moderne linguïstiek en met name die onderskeid tussen sinkroniese en diakroniese ondersoek van tekste. In die

besonder is die belangrikheid van die fokus op die finale teks en onbelangrikheid van inligting rakende die historiese groei van die teks, beklemtoon. Prof. JA (Jimmie) Loader (1978:1-40) het in 'n buitengewoon invloedryke artikel Vorster se idees toeganklik gemaak vir studente in die Ou Testament. Volgens Le Roux (1993:29) het hierdie artikel die terminologie om die proses te verstaan, verskaf en het hy (Loader) ook die metode daargestel wat daarná in 'n paar stappe prakties toegepas kon word.

Dit is binne dié milieu waarin Prinsloo hom as jong dosent bevind en waar hy sy standpunt betreffende die nuwe manier van eksegeese moet stel. Dit moet ook in gedagte gehou word dat teologiestudente hul Hebreeuse kennis via prof. Loader ontvang het en dat hulle dus goed onderlê was in die manier waarop hy eksegeese van die Ou Testament beoefen het. Prinsloo sluit by Loader se uiteensetting van gekontroleerde eksegeese aan, maar die metode word aangepas en verryk met die insigte van die boek van Richter (1971). Terme soos struktuur-analise, diskoersanalise, teksimmanente eksegeese, die voorrang van sinkronie bo diakronie, die onderskeid tussen oppervlakte- en dieptestruktuur van tekste, die finale vorm van die teks en struktuurmerkers het sedertdien deel geword van die standaardwoordeskat in die gesprek oor die eksegeese van die Ou Testament.

4. Kenmerke van WS Prinsloo se ondersoek na die Psalms

Soos reeds genoem, doktoreer Prinsloo in 1976 met 'n proefskrif getiteld *Jahwe die vrymagtige in die Ou Testament*. Interessant is dat hy, sover vasgestel kan word, nooit weer na dié proefskrif van hom verwys nie. In 1982 publiseer hy 'n kommentaar op die boek Rut (Prinsloo, 1982) en behalwe vir enkele artikels (Prinsloo, 1977:110-129; 1980:330-341) oor die boek Rut, wat die kommentaar op Rut voorafgaan, publiseer hy nie verder iets oor hierdie boek nie. Die Alexander von Humboldt-beurs word aan hom toegeken en hy studeer in 1982–1983 aan die Universiteit van Tübingen. As resultaat van die verblyf in Duitsland, publiseer hy 'n monografie oor die boek Joël (Prinsloo, 1985a). Weer eens val dit op dat hy nie weer verwys na dié boek van hom in latere publikasies nie. Hy publiseer ook 'n paar artikels oor die Skrifprofete van die Ou Testament (Prinsloo, 1981:432-433; 1983:255-263; 1985b:260-270; 1988b:337-343; 1989:11-20).

Prinsloo maak 'n besliste skuif in die fokus van sy navorsing na die Psalms toe en publiseer feitlik eksklusief artikels en monografieë wat hoofsaaklik bestaan uit die aanbied van 'n eksegeese van 'n bepaalde psalm. Soos reeds aangedui, woed daar veral in die sewentigerjare van die vorige eeu 'n heftige “Methodenstreit” onder Ou Testamentici in Suid-Afrika. Die eksegeese wat Prinsloo aanbied, staan in die teken van hierdie stryd.

Die eksegeese wat hy aanbied, volg die reëls van sy teksimmanente benadering. Eksegeese bestaan uit 'n aantal stappe waarin die volgorde van die stappe belangrik is, met die bedoeling om die “volle inhoud van 'n teks te probeer bepaal” (Prinsloo, 1980:162). Die oortuiging dat die verskillende eksegetiese stappe in 'n bepaalde volgorde moet gebeur, is 'n insig wat hy by Richter (1971:19) oorneem, wat dit duidelik stel dat die volgorde “sachlich begründet ist und nicht umgekehrt oder verändert werden kann” (saaklik begrond is en nie omgekeer of verander kan word nie).

Die eksegeese van 'n bepaalde gedeelte uit die Ou Testament – in Prinsloo se geval 'n psalm – begin met die afbakening van die gedeelte. Die vraag wat gevra word, is waar die gedeelte begin en eindig. Wanneer die begin en die einde van 'n eenheid vasgestel is, is dit die eenheid of perikoop waarop in die res van die eksegeese gefokus word. 'n Verskeidenheid van formele en inhoudelike kriteria, soos geïllustreerde inleidingsformules, die korrelasie van

tydsvorme en persoonsvorme, die herhaling van bepaalde woorde, opvallende verskil in woordeskat, stylverskille en spanning in 'n teks, is voorbeelde van aanwysings in 'n teks met behulp waarvan 'n teks afgebaken word as 'n perikoop (Prinsloo, sa:7–8). Die volgende stap behels 'n tekskritiese ondersoek van die afgebakende gedeelte. Vir Prinsloo is die Masorete Tekst die uitgangspunt en in die meeste gevalle word tekskritiese voorstelle wat in die tekskritiese apparaat van wetenskaplike uitgawes van die Hebraïese Bybel (*Biblia Hebraica Kittel* en *Biblia Hebraica Stuttgartensia*) of deur kommentare en in tydskrifartikels gemaak word, nie aanvaar nie.

Die derde stap is 'n belangrike stap in Prinsloo se eksegetiese metode. Die psalm word onderwerp aan 'n struktuuranalise. Die struktuur van 'n teks geld immers as invalspoort tot die teks (Prinsloo, sa:9). Vir taal om sinvol te kommunikeer, geld dit as 'n gegewe dat die taal gestruktureer moet wees. Struktuuranalise behels die noukeurige lees van die teks, waar noulettende aandag gegee word aan die sintaktiese (metrum, rym, alliterasie, assonansie, woordspel, die opvallende herhaling van woorde of struktuurmerkers, inclusio of ringskomposisies) en stilistiese (parallelisme, chiasme, stylfigure soos anadiplose, anafore) kenmerke van die psalm. Die struktuuranalise word gedoen nie ter wille van 'n treffende struktuur nie; eerder word daar gevra na die funksie van die struktuur as hulp om die teks beter te verstaan (Prinsloo, sa:13).

Die vierde stap behels die ondersoek na die literêre genre of *Gattung* (die gangbare tegniese term) en die tipiese situasie of *Sitz im Leben* (tegniese term) van die betrokke gedeelte. 'n *Gattung* of literêre genre word deur Prinsloo (sa:13) gedefinieer as die voorkoms van minstens twee onafhanklike literêre eenhede binne dieselfde literêre tradisie (die Ou Testament), wat bepaalde ooreenkomste vertoon. Prinsloo sluit hier weer nou aan by Richter (1971:131) se omskrywing van die begrip *Gattung* wat hy “verwandte Formgruppe” noem, dus tekste wat vormgewys verwantskap met mekaar vertoon. Navorsing oor die psalms het heelwat moontlikhede sover dit literêre genres betref, opgelewer (bv. klaagpsalms, dankpsalms, vertrouenspsalms, koningspsalms, pelgrimsliedere), maar Prinsloo is huiwerig om 'n bepaalde psalm “*Gattungsgewys*” te benoem. Telkens wys hy op die gevaar om 'n psalm binne 'n bepaalde opvatting oor 'n spesifieke *Gattung* te forseer. Die meer aanvaarbare opsie is om eerder die unieke struktuur van elke psalm te erken en te waardeer. 'n *Gattung* of literêre genre is eintlik net 'n teoretiese of ideale teksvorm; in konkrete literatuur bestaan daar slegs individuele teksvorme (Prinsloo, sa:15). Die ondersoek na die sogenaamde *Sitz im Leben* beteken om die psalm binne 'n bepaalde historiese horison en binne 'n sogenaamde tipiese sosiale en kulturele situasie tuis te bring. Psalms is gedigte en bevat daarom baie min historiese inligting met behulp waarvan dit bo alle twyfel gedateer kan word, en daarom het die ondersoek na die genre en tipiese situasie van 'n psalm min waarde vir Prinsloo se interpretasie van die psalms. Vir Prinsloo (sa:16) is die bepaling van die *Sitz im Leben* van 'n teks “hoogstens 'n hipotetiese rekonstruksie van die situasie”.

Geykte tradisiemateriaal wat 'n opsomming is van die groot heilsdade van JHWH wat in die Ou Testament gevind word, is belangrik vir Prinsloo, en die ondersoek na die tradisies (skepping, aartsvaders, uittog, Sinai, woestyn, die land, Dawid en Sion) is die volgende stap in die eksegetiese proses. Die outeurs van die Ou Testament het nie in 'n vakuum geleef nie, maar eerder in 'n literêre en teologiese klimaat, en dit word weerspieël in die tradisies wat in die Ou Testament gevind word (Prinsloo, sa:17). 'n Tekst word noukeurig ondersoek om spore van 'n tradisie of tradisies te vind en dit word dan lig op die betekenis van die teks. Tegelykertyd moet die eksegeet waak daarteen om tradisies op 'n teks af te forseer, aangesien elke teks sy eie unieke betekenis het (Prinsloo, sa:20).

'n Ondersoek na die moontlike redaksiegeskiedenis van die teks of psalm word ook ingesluit by die eksegetiese ondersoek, maar gewoonlik het die struktuuranalise alreeds die eenheid van die teks uitgewys, sodat redaksionele byvoegings tot die teks onwaarskynlik is. “Aangesien ons basies ’n sinkroniese benadering volg – ons uitgangspunt is immers die ‘finale gekanoniseerde’ teks en dit is ook die een waarmee ons werk – gaan ons nie te veel op detail in by hierdie aspek van die eksegetiese proses nie” (Prinsloo, sa:21).

Uit die eksegetiese proses wat stiptelik in die bepaalde volgorde gedoen word, word die boodskap of teologiese intensie van die teks dan geformuleer. Ter wille daarvan om die teks te verstaan, veronderstel die laaste stap ’n integrasie en sintese van al die voorafgaande stappe (Prinsloo, sa:22).

Prinsloo is konsekwent in sy erkenning van die resultate van histories-kritiese teks-ondersoek, maar hy toon telkens aan hoedat ’n histories-kritiese eksegeese die teks onnodig fragmenteer in kleiner eenhede wat oor ’n periode van tyd heen saamgevoeg is om een psalm te vorm. Sy eie sinkroniese benadering word dan geïllustreer, wat aantoon dat die teks ’n samehangende struktuur en dus eenheid vertoon en wat dus nie noodwendig die produk is van ’n ontwikkeling van die teks oor die tyd heen nie. Met ander woorde: ’n sinkroniese benadering tot die teks toon aan hoedat die teks eerder en verkieslik ’n samehangende geheel vorm wat struktureel kunstig aanmeekaarsit is.

5. ’n Kritiese evaluering van WS Prinsloo se werk

5.1 *Die fokus op die teks*

Prinsloo se publikasies word gekenmerk deur ’n uiters noukeurige fokus op die teks van (in sy geval) ’n psalm (Prinsloo, 1980:162, 1984:4-5). In sy professorale intrede word hierdie aksent beklemtoon wanneer hy sê: “Die primêre taak van ’n Departement Ou Testament behoort te wees om hom met die Ou Testament – ja met die teks van die Ou Testament – besig te hou” (Prinsloo, 1987:3). Die winspunt van struktuuranalise is dat dit “die teks soos wat dit nou voor ons lê, in die sentrum plaas” (Prinsloo, 1988a:204). Hierdie presiese fokus op die teks het hy oorgedra op voorgraadse en veral sy doktorale studente. Die fokus op die teks het nuwe dimensies van die teks na vore laat kom in die uitwys van stylfigure soos chiasmes, parallelismes, figura etymologica, ringskomposisies, inclusio en die herhaling van begrippe wat voorkom in ’n bepaalde literêre eenheid. Hierdie fokus op die enkele teks het dan ook nuwe betekenismomente na vore laat kom. Met hierdie sinkroniese fokus op die teks begin en ontwikkel ’n eksegetiese tradisie vir die eerste keer in Suid-Afrika (Le Roux, 1993:33).

Die benadering van ’n noukeurige fokus op die teks het egter ook ’n negatiewe gevolg. Tekste in die Ou Testament kan nie net in isolasie van mekaar bestudeer word nie. Tekste in die Ou Testament hou verband met mekaar beide op literêre en historiese vlak. ’n Enkele psalm staan in verband met ander psalms in die onmiddellike omgewing van die psalm. Op sý beurt is die groter verband weer deel van een van vyf afdelings (of afsonderlike boeke) in die Psalmbundel as geheel, wat op sý beurt weer deel vorm van die derde deel van die Hebreeuse Ou Testament en wat ook weer deel is van die Ou Testament as geheel. Dit is hierdie groter verband waarin die enkele psalm opgaan, wat nie aandag kry in Prinsloo se werk nie.

5.2 *’n Strak metodologie*

Metodologie en veral die volgorde van duidelik onderskeibare stappe in die eksegetiese proses is vir Prinsloo belangrik. Uiteraard sal die metode wat gevolg is om tot ’n bepaalde verstaan

van 'n teks te kom, die uiteindelijke verstaan van 'n teks beïnvloed. Metodologie bepaal die uitslag van resultate en daarom is metodologie belangrik in wetenskaplike diskussie. Vandag is 'n strak metodologie wat vereis word vir wetenskaplike eksegeese nie meer belangrik nie. Wetenskaplike eksegeese word eerder gesien as 'n verklaring en verduideliking van hoe die ondersoek tot 'n bepaalde verstaan van 'n teks geraak het. In dié verband word van 'n eksegetiese benadering as 'n breë raamwerk vir die eksegeese van tekste uit die Ou Testament gepraat, eerder as 'n model of metode (Snyman, 1996:542). Metodologie bly belangrik, maar die strakke en rigiede toepassing daarvan word nie meer op Prinsloo se manier gedoen nie. Immers, tekste bevat nie betekenis nie; tekste kry betekenis na aanleiding van die eksegeet se bepaalde lees van die betrokke teks. Human (1999:354) eien 'n tendens van "'n vryheid om Bybelse tekste vanuit 'n verskeidenheid van invalshoeke te lees" en vra die vraag of daar verder van metode of metodes in die eksegetiese en hermeneutiese debat gepraat moet word. Human (1999:364) verkies die term "benadering" eerder as "metode" wanneer hy sy literêr-historiese lees van die Ou Testament verduidelik.

5.3 *Onderwaardering van die historiese dimensie van Ou Testamentiese tekste*

Prinsloo beklemtoon telkens dat die historiese dimensie van Ou Testamentiese tekste belangrik is. In sy klasnotas aan studente (Prinsloo, sa:5) word gesê dat alhoewel daar op sinkroniese manier gewerk moet word, diakroniese aspekte nie geïgnoreer of afgeskeep mag word nie. 'n Mens sien egter min daarvan in die praktiese toepassing van sy eksegetiese benadering. Deist (1994:286) is dit eens met dié standpunt in sy opmerking dat Prinsloo "in die uitleg van spesifieke tekste kort terloopse historiese opmerkings gemaak het, [maar] funksioneer die historiese sy van die literatuur nie regtig wanneer die eksegeese self aangepak word nie". In sy professorale intreerede waarin hy Psalm 15 behandel, word hierdie waarneming van Deist bevestig. Prinsloo is krities oor pogings om Psalm 15 te dateer, maar waag dan tog 'n vae datering van die psalm in die eksiliese of na-eksiliese tyd op grond van beïnvloeding deur die wysheidsliteratuur en die feit dat dit lyk asof die psalm bekend is met ander Ou Testamentiese gedeeltes (Prinsloo, 1987:14). Wanneer hy dan eventueel samevattende opmerkings oor die psalm en die teologiese boodskap van die psalm maak (Prinsloo, 1987:14-16), speel die datering van die psalm geen rol nie. Hy spreek hom dan ook uit teen teoretiese rekonstruksies van 'n veronderstelde agtergrond en ten gunste van die poëtiese funksies van die huidige teks (Prinsloo, 1987:12). Prinsloo (sa:5) waarsku sy studente dat "daar so maklik 'n subjektiewe historiese raamwerk geskep word wat die hele eksegetiese proses in 'n verkeerde rigting mag stuur".

Daarteenoor het Deist (1983:78) die belangrikheid van die historiese konteks van tekste beklemtoon. 'n Enkelvoudige visie op 'n teks se literêre en stilistiese kenmerke is onvoldoende om die betekenis van 'n teks vas te stel. Teks en werklikheid kan nie geskei word nie (Deist, 1983:86). Le Roux (1993:49) stel die standpunt selfs nog sterker wanneer hy sê dat om die lewensbelangrike verhouding tussen 'n teks en sy omgewing gering te skat, lei tot 'n wan-verstaan van die teks.

5.4 *'n Dualistiese waardering van histories-kritiese benaderings tot eksegeese*

Prinsloo is beide waarderend en krities teenoor histories-kritiese benaderings tot eksegeese. Hy stel dit onomwonde dat die bydrae van die histories-kritiese metode van interpretasie nooit onderskat moet word nie (Prinsloo, 1994:78). In sy professorale intreerede is sy standpunt dat die teks op teksimmanente wyse geanaliseer behoort te word. Hy vervolg dan egter met die

merkwaardige opmerking dat “omdat die teks as sodanig historiese vrae na vore roep, is dit vanselfsprekend dat ’n volledige eksegetiese model ook histories-kritiese vrae sal vra” (Prinsloo, 1987:4). Hy erken dat ’n teks soos ’n psalm ’n oorsprong en ook geskiedenis het wat in berekening gebring moet word in die eksegeese van die psalm (Prinsloo, 1984:1-6; 1988a:205-206).

Tegelykertyd is Prinsloo krities teenoor histories-kritiese benaderings. In twee publikasies (Prinsloo, 1988a:196-209; 1994:78-83) formuleer hy drie argumente teen histories-kritiese metodes – histories-kritiese eksegeese is positivisties, evolusionisties en atomisties. Met die term positivisties toegepas op die Bybelwetenskappe, bedoel Prinsloo (1988a:203) dat dit ’n “wetenskap van vasstaande, kontroleerbare feite geword het”. Met die term evolusionisties verwys Prinsloo (1988a:203, 1994:78) na die klem wat histories-kritiese eksegeese lê op die oorsprong, ontwikkeling en rekonstruksie van die teks ten koste van die teks self. Met die term atomisties bedoel Prinsloo (1988a:203) dat Bybeltekste eintlik maar net “deeltekste is wat saamgestel is uit kleiner tekste, wat op hulle beurt weer hulle eie wordingsgeskiedenis vertoon”.

Die vraag kan gevra word of dié drie kritiese opmerkings die resultate van histories-kritiese eksegeese ongeldig of op sy minste verdag maak. Dit is egter ook ’n vraag of die metode wat hy propageer nie ook positivisties is nie. Trouens, Prinsloo (1988a:205) erken dat strukturanalise nie aan positiwisme ontkom nie, alhoewel hy in ’n ander publikasie kategories ontken dat ’n sinkroniese eksegetiese benadering positivisties is (Prinsloo, 1991:ix). Die positivistiese onderskeid tussen objek en subjek word ook gevind in strukturanalise in die sin dat die teks met sy struktuur buite die eksegeet staan waar die eksegeet die subjek is en die teks die objek (Deist, 1988:44). Deist (1994:306-307) toon aan hoedat “die immanente benadering sterk trekke vertoon van ’n realistiese/essentialistiese teksbeskouing en ’n positivistiese wetenskapsbeskouing”. Die gevolg is dat die teks en die wêreld van die teks beskou is as ’n “deposito van betekenis”, wat beteken dat betekenis, met die regte apparaat tot die eksegeet se beskikking, korrek daaruit afgelei word. Dit is hierdie grondtoon wat by Prinsloo waargeneem word. Deist (1994:345) konkludeer dat positiwisme die oorwegende rasionaliteitsraamwerk was waarbinne oor die geldigheid van teorieë en bevindinge van teologiese ondersoek geargumenteer is. Die metode wat Prinsloo propageer, ontkom dus ook nie aan die kritiek wat hy teen histories-kritiese metodes het nie (Le Roux 1993:49). Nou verwant aan ’n positivistiese agtergrond vir ’n eksegetiese benadering, is die strewe na objektiwiteit. Objektiwiteit is vir Prinsloo belangrik, want dit is ’n objektiewe metode met objektiewe kriteria wat geldige resultate bied (Prinsloo, 1988a:205). Tegelykertyd en oënskynlik teenstrydig hiermee is sy standpunt dat die eksegeet bewus moet wees van sy/haar eie raamwerk, waarmee Prinsloo dus ruimte maak vir subjektiwiteit in die proses van eksegeese.

Dit is ook ’n vraag of die beskuldiging van “evolusionisties” inderdaad ’n verdoemende argument teen histories-kritiese eksegeese is. Prinsloo (sa:21) erken dat die Ou Testament “nie op ’n dag skielik persklaar uit die hemel na ons toe gekom het nie. Die Ou Testament het ’n ingewikkelde geskiedenis van mondelinge en skriftelike oorlewering”. Wanneer ’n eksegetiese benadering hierdie “ingewikkelde geskiedenis” wil naspur, is dit sekerlik die goeie reg van so ’n metode en het die benadering inderdaad gehelp om Ou Testamentiese tekste beter te verklaar en te begryp.

Prinsloo moet gelyk gegee word dat histories-kritiese metodes inderdaad daartoe neig om die teks te fragmenteer sodat daar van “atomisties” gepraat kan word. Hier eindig histories-kritiese eksegeese egter nie. Histories-kritiese eksegeese vra uiteindelik ook na die sinvolheid van die sogenaamde “Endgestalt” van die teks. Kaiser (1975:57) praat in dié verband van

“Zusammenhangexegeese” (samehangende eksegeese) of “Gesamtinterpretation” (geheelinterpretasie) van eksegeese. Barth en Steck (1984:103) merk op dat wanneer ’n teks histories-krities ondersoek is, is dit “sein Sinn als Text” (sy betekenis as teks) wat bepaal moet word. Histories-kritiese eksegeese beteken ook “eine Gesamtinterpretation des Texts als absichtvoller und sinnhafter Ganzheit im Rahmen eines geschichtlichen Lebensvorgang” (geheelinterpretasie van die teks as doelgerigte en sinvolle geheel binne die raam van ’n historiese lewensproses) (Barth & Steck, 1984:107).

5.5 Die polemiese aard van sy publikasies

Prinsloo huiwer nie om in kritiese gesprek te tree met kollegas nie (Prinsloo, 1986:267-271; 1992:66-81; 1996:21-33). In die eksegeese van die verskillende psalms wat hy aanbied, is hy veral polemies teen ’n histories-kritiese eksegeese van die betrokke psalm. Telkens word die onmoontlike aard van ’n histories-kritiese eksegeese aangetoon. ’n Argument wat telkens gevoer word, is die uitwys van verskillende en soms ook botsende resultate waartoe histories-kritiese geleerdes kom. Le Roux (1993:284) toon aan hoedat ’n belangrike punt in Prinsloo se metode was om die onhoudbaarheid van die resultate van histories-kritiese metodes uit te wys en bloot te lê. Telkens wys hy daarop hoedat ’n histories-kritiese benadering die fragmentering van tekste tot gevolg het. Dit is veral die datering van die verskillende psalms vanuit ’n histories-kritiese perspektief wat aan kritiek deur Prinsloo onderwerp word. Dieselfde psalm word verskillend dateer deur histories-kritiese geleerdes en dit gee aanleiding tot die vraag of dit hoegenaamd die moeite loon om ’n psalm te dateer. Le Roux (1993:285) toon aan hoe Prinsloo se “hoogs negatiewe houding teenoor die datering en historiese konteks” van die psalms voorkom in elke uitleg van die psalms wat hy aanbied.

Voorstanders van ’n sinkroniese benadering tot die eksegeese van tekste kan egter ook nie aanspraak daarop maak dat dit tot dieselfde resultaat sal lei nie. ’n Voorbeeld hiervan is die analise van Psalm 126 wat deur Prinsloo en twee van sy doktorale studente gedoen is en wat tot drie verskillende resultate lei. Prinsloo (2000:268) verdeel die psalm in twee strofes wat bestaan uit verse 1–4 en 5–6. In 1992 publiseer G.T.M. Prinsloo (1992:225-251) ’n artikel waarin hy die psalm verdeel in verse 1–3 en 4–6. Snyman (1998:644-652) publiseer ’n artikel waarin hy argumenteer vir ’n verdeling van verse 1–3, 4 en dan 5–6. Snyman (1998:650) vind dit opvallend dat drie kollegas wat dieselfde paradigma van ’n sinkronies-tekstsimmanente lees van ’n teks deel tot drie verskillende resultate kom. Hy skryf dit toe aan die “mate van subjektiwiteit (teenoor die ideaal van objektiwiteit so kenmerkend van positiwisme) by elke navorser” (Snyman, 1998:650).

Die vraag kan gevra word of die kritiese en selfs afwysende opmerkings teenoor histories-kritiese metodes wenslik was. Die metode wat Prinsloo propageer, het soveel nuwe moontlikhede vir die betekenisontsluiting van die psalms ingehou dat die negatiewe beoordeling van ’n ander metode nie nodig was nie. Daar sou ook gevra kon word waarom die kritiek net teen histories-kritiese metodes gerig is, terwyl daar ’n reeks van ander eksegetiese benaderings is waarteen daar ook kritiek uitgespreek sou kon word (Botha e.a., 1994).

6. Gevolgtrekking

Prinsloo se blywende nalatenskap lê in sy beklemtoning van die fokus op die noukeurige lees van die Ou Testamentiese teks. Eksegeese kan in der waarheid opgesom word as die noukeurige lees van die Bybelse teks, verkieslik in die oorspronklike taal van Hebreeus of Aramees wat

die Ou Testament betref. Sonder die noukeurige lees van die teks gaan daar betekenisnuanses verlore.

Prinsloo is 'n kind van sy tyd: Tydens sy aanstelling as dosent heers daar reeds 'n fel *Methodenstreit* onder Ou Testamentici in Suid-Afrika en die vraag na die “korrekte” metode van “gekontroleerde” eksegeese oorheers die debat in Ou Testamentiese akademiese kringe vir minstens 'n dekade lank. In hierdie tyd vestig Prinsloo hom as 'n prominente stem en word sy teksimmanente eksegeese 'n gerespekteerde benadering tot die eksegeese van die Ou Testament, wat navolging vind in afgestudeerde predikante van die NG Kerk en in sy doktorsale studente se proefskrifte (Botha, 1986; Coetzee, 1986; G. T. M. Prinsloo, 1989; Snyman, 1985).

Prinsloo se onderwaardering van die historiese dimensie van tekste (ook Psalm-tekste) is 'n leemte in sy benadering tot die eksegeese van die Ou Testament. Die vraag kan selfs gevra word of Prinsloo se keuse van psalms as die primêre fokus van sy navorsing nie 'n bewuste (of onbewuste) poging is om van die soms lastige historiese dimensie van tekste te ontsnap nie. Om die verskille waartoe historiese-kritiese geleerdes kom, wat die datering van psalms betref, aan die kaak te stel, lei nie noodwendig daartoe dat die psalms ahistories geles kan word nie. Waar Prinsloo wel tot 'n datering van 'n psalm kom, gee hy nie 'n aanduiding van hoe die datering van die psalm die uitleg en verstaan van die psalm beïnvloed nie. Kortom, die historiese dimensie van tekste kry te min aandag in die eksegeese van die psalms wat Prinsloo aanbied.

Tegelykertyd moet ook beklemtoon word dat ongeag die min aandag wat die historiese dimensie van tekste kry, Prinsloo nie verdink mag word van 'n fundamentalistiese uitleg van psalms nie. Intendeel, hy huiwer nie om hom sterk uit te spreek teen 'n fundamentalistiese uitleg en verstaan van die Ou Testament nie. Die vraag kan gevra word of hier nie 'n spanning in Prinsloo se benadering te bespeur is nie. Aan die een kant neig sy uitleg van die psalms na 'n ahistoriese uitleg. Terselfdertyd is hy egter hewig gekant teen 'n fundamentalistiese uitleg van die Ou Testament. 'n Tipiese kenmerk van 'n fundamentalistiese Skrifbeskouing is juis dat die historiese dimensie van die teks nie ernstig opgeneem word nie.

'n Verdere winspunt van die werk van Prinsloo is dat hy telkens sy eksegeese van 'n psalm afsluit met praktiese riglyne ten opsigte van die teologiese boodskap en preekmoontlikhede wat die psalm bied. In sy ongepubliseerde klasnotas maak hy die opmerking dat daar nie volstaan kan word met die vraag na die verstaan van die teks in sy Ou Testamentiese konteks nie. Die (Ou Testamentiese) teks moet dus “vertaal” word, geïnterpreteer word, en geaktualiseer word vir die tyd waarin ons nou lewe (Prinsloo, sa:23).

Daar is weinig of geen van sy oudstudente wat sy metode van eksegeese vandag nog navolg nie. Twee van sy oudstudente wat akademiese poste beklee (het), het in publikasies oor die metodiek van eksegeese ruimte gemaak vir die historiese dimensie van eksegeese (Human, 1999; Snyman, 1996). Snyman (1996:541) wil die kritiek teen immanente benaderings sou hulle ahistories wees, ernstig opneem en daarom moet teksimmanente of struktuurgerigte eksegetiese benaderings “verruim word om ook die historiese dimensie van 'n teks in te sluit”. Human (1999:357) maak 'n soortgelyke opmerking in sy standpunt dat sowel die historiese as literêre aspekte mekaar moet aanvul om die verskillende dimensies van die teks se veelkleurigheid na vore te bring. Die historiese dimensie van tekste kan nie geïgnoreer of selfs net onderwaardeer word nie. Fundamentalistiese Skrifbeskouings wat vandag populêr geword het, is die bewys daarvan.

Prinsloo het in 'n persoonlike gesprek die opmerking gemaak dat 'n wetenskaplike die verantwoordelikheid het om iets aan 'n volgende geslag van geleerdes na te laat. Hy het inderdaad 'n belangrike rol gespeel in die beoefening van die eksegeese van die Ou Testament

tydens die laaste twee dekades van die twintigste eeu. Sy invloed het voortgeleef nie alleen in sy talle publikasies nie, maar ook in die werk van verskeie doktorsale studente wat akademiese poste aan universiteite beklee en beklee het. Die eensydigheid van sy sinkroniese benadering waarin die historiese dimensie van tekste onderbeklemtoon is, is egter aangevul en uitgebrei deur groter ruimte te gee aan die historiese aard van Ou Testamentiese tekste.

BIBLIOGRAFIE

- Barth, H & Steck, OH. 1984. *Exegese des Alten Testaments: Leitfaden der Methodik*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- Botha, PJ. 1986. Die teologiese funksie van die Torah-woordveld in die driehoeksverhouding Jahwe-vrome-vyand in Psalm 119. DD-proefskrif. Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Botha, PJ, Bosman, HL, Burden, JJ & Olivier, JPJ. (eds). 1994. Understanding the Old Testament in South Africa. *Old Testament Essays*, 7(4) (spesiale uitgawe).
- Coetzee, JH. 1986. Die spanning tussen God se ‘verborge wees’ en sy ‘ingrype om te red’: ’n Eksegetiese ondersoek na ’n aantal klaagpsalms. DD-proefskrif. Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Deist, F. 1983. Again: Methods of exegesis. *Old Testament Essays*, 1:73-88.
- Deist, F. 1988. Gekontroleerde eksegetiese en/of kreatiewe uitlê. *Hervormde Teologiese Studies*, 44(1):39-54.
- Deist, F. 1994. *Ervaring, rede en metode in Skrifuitleg: ’n Wetenskapshistoriese ondersoek na Skrifuitleg in die Ned. Geref. Kerk 1840–1990*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Groenewald, A. 2004. Once again methods: Is there a method in the madness? *Old Testament Essays*, 17(4):544-559.
- Human, DJ. 1999. Die literêr-historiese lees van ’n teks. *Skrif en Kerk*, 20(2):354-368.
- Kaiser, O. 1975. Die alttestamentlike Exegese. In Adam, Kaiser & Kümmel (reds.). *Einführung in die exegetische Methoden*. München: Kaiser Verlag, pp. 9-60.
- Le Roux, JH. 1993. *A story of two ways: Thirty years of Old Testament scholarship in South Africa*. Pretoria: Verba Vitae. (*Old Testament Essays*, supplementum 2).
- Loader, JA. 1978. Gedagtes oor gekontroleerde eksegetiese. *Hervormde Teologiese Studies*, 34:1-40.
- Prinsloo, GTM. 1989. ’n Literêr-eksegetiese analise van die boek Habakuk. DD-proefskrif. Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Prinsloo, GTM. 1992. Analyzing Old Testament poetry: An experiment in methodology with reference to Psalm 126. *Old Testament Essays*, 5:225-251.
- Prinsloo, WS. 1977/78. The function of Ruth in the book of Ruth. *Ou Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika*, 20/21:110-129.
- Prinsloo, WS. 1980. The theology of the book of Ruth. *Vetus Testamentum*, 30:330-341.
- Prinsloo, WS. 1981. Isaiah 14:12-15: Humiliation, hubris, humiliation. *Zeitschrift für die Alttestamentliche Wissenschaft*, 93(3):432-438.
- Prinsloo, WS. 1982. *Die boek Rut*. Kaapstad: NG Kerkuitegewers.
- Prinsloo, WS. 1983. Die boek Joël: Verleentheid of geleentheid? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 24(3):255-263.
- Prinsloo, WS. 1984. *Van kateder tot kansel: ’n Eksegetiese verkenning van ’n aantal psalms*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Prinsloo, WS. 1985a. *The theology of the book of Joel*. Berlin: Walter de Gruyter. (BZAW, 163.)
- Prinsloo, WS. 1985b. Esegieël 19: Een, twee of drie treurliedere. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 26(3):260-270.
- Prinsloo, WS. 1986. Response to J. A. Loader, “The exilic period in Abraham Kuenen’s account of Israelite religion”. *Zeitschrift für die Alttestamentliche Wissenschaft*, 98(2):267-271.
- Prinsloo, WS. 1987. *Die Ou Testament, ’n verouderde boek? Enkele gedagtes na aanleiding van Psalm 15*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Prinsloo, WS. 1988a. Die historiese-kritiese metode(s) in perspektief. *Skrif en Kerk*, 9(2):196-209.
- Prinsloo, WS. 1988b. The cohesion of Haggai 1:4-11. In Augustin & Schunk (reds.). *Wüncet Jerusalem Frieden: Collected communications to the XIIth Congress of the International Organization for the*

- Study of the Old Testament*. Frankfurt am Main: Peter Lang, pp. 337–343. (Beiträge zur Erforschung des Alten Testaments und des Antiken Judentums 13.)
- Prinsloo, WS. 1989. Eighth-century passages from the book of Isaiah? Reflections on Isaiah 28:1-6. *Old Testament Essays*, 1(3):11-20.
- Prinsloo, WS. 1991. *Die Psalms leef*. Halfway House: NG Kerkboekhandel.
- Prinsloo, WS. 1992. The unity of the book of Joel. *Zeitschrift für die Alttestamentliche Wissenschaft*, 104(1):66-81.
- Prinsloo, WS. 1994. A comprehensive semiostructural exegetical approach. *Old Testament Essays*, 7(4):78-83.
- Prinsloo, WS. 1996. Eksegese is 'n spel (sonder grense?). *Acta Theologica*, 16(2):21-33.
- Prinsloo, WS. 2000. *Die lof van my God solank ek lewe: Verklaring van 'n aantal psalms deur Willem S. Prinsloo*. Irene: Medpharm Publikasies.
- Prinsloo, WS. 2000. Psalm 126: Wie met tranen saai, sal met blydschap maai. In Prinsloo (red.). *Die lof van my God solank ek lewe*. Irene: Medpharm Publikasies, pp. 264-273.
- Prinsloo, WS. sa. *Die metodiek van eksegese*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Richter, W. 1971. *Exegese als Literaturwissenschaft: Entwurf einer alttestamentliche Literaturtheorie und Methodologie*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Snyman, SD. 1985. Antiteses in die boek Maleagi. DD-proefskrif. Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Snyman, SD. 1996. 'n Struktureel-historiese benadering tot die eksegese van die Ou Testament. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 37(4):540-549.
- Snyman, SD. 1998. Psalm 126: 'n Perspektief vanuit die hede na die verlede en die toekoms. *Skrif en Kerk*, 19(3):644-652.

Janus

Die Romeinse god Janus word meestal voorgestel met 'n gesig aan weerskante van sy kop. Hy kan dus gelyktydig in twee rigtings kyk, en dit was die inspirasie vir hierdie “speletjie” of “oefeninkie”.

Ek het verskeie kere al gesê dat 'n mens binnekort Engels sal moet ken om Afrikaans te kan verstaan. Lesers kan gerus kyk hoeveel (meestal gekamoeifleerde) Engels hulle in die eerste stukkie opmerk voordat hulle dit met die meer tradisioneel idiomatiese tweede stukkie vergelyk.

Kyk een kant toe

So staan ons klomp toe die Saterdagmiddag by die vuur en praatjies maak toe die ref die game begin doodblaas. Dis veral oor die goed wat ons nie meer mee kan deel nie dat ons so staan en praat. Jan sê siende dat daar geen meer kundiges is wat al die probleme in die stelsel kan aanvat nie, dit is geen wonder dat die regering nie die ekonomie kan groei nie. Hy sê ons kan doen met 'n sterk leier wat met al die loodswaaiers kan wegdoen.

Toe Koos sê hy moet dan maar self inspring en mense oplei, laat hoor Jan: “Ek doen, ek doen, maar op die einde van die dag kan ek myself dit nie alleen aftrek as die regering dit vir my so moeilik maak om my onderneming suksesvol te hardloop nie. Ek gaan eventueel in die skuldhof opeindig,” kla hy, “en dit wil ek ten alle koste vermy.”

Piet kla weer dat sy seunskinders smôrens wil inlê en kom hulle nie met die melkery help nie. Hy wil hê hulle moet die alarm stel, maar hulle druk glo net die ding dood en slaap verder. Hy dink dis vandat Kleinpiet en Klaas met hulle nooit opgebreek het. Piet sê hy dink daar kan 'n brutale moord onder hulle neuse gepleeg word sonder dat hulle wakker word. Hy het al uit planne gehardloop, sê hy, en met dié dat hulle so inslaap, gaan hulle nog op baie dinge in die lewe uitmis, reken hy.

Toe my vrou uitkom en sê dis amazing ons is net 5 punte kort van 'n oorwinning, besluit ons ons kan tog nie al die land se probleme aanspreek nie en by verre die beste plan is om in te gaan en onself te geniet. Ons kan 'n dop steek en kyk of die ouens se wedstrydplan afkom. Dit sal awesome wees.

Kyk ander kant toe

So staan ons klomp toe die Saterdagmiddag by die vuur en praatjies maak toe die *skeidsregter* die *wedstryd* begin doodblaas. Dis veral oor die goed wat ons nie meer kan *hanteer* nie dat ons so staan en praat. Jan sê *aangesien* daar *geen kundiges meer* is wat al die probleme in die stelsel kan *aanpak/takel* nie, *is dit* geen wonder dat die regering nie die ekonomie kan *laat groei* nie. Hy sê ons kan *baat vind by* 'n sterk leier wat *van* al die loodswaaiers *ontslae* kan *raak*.

Toe Koos sê hy moet dan maar self inspring en mense oplei, laat hoor Jan: “Ek *maak so / ek doen dit*, maar *op die ou end / ten slotte* kan *ek dit* nie alleen *regkry/vermag* as die regering dit vir my so moeilik maak om my onderneming suksesvol te *bedryf / bestuur* nie. Ek gaan *uiteindelik* in die skuldhof *beland / eindig*,” kla hy, “en dit wil ek *tot elke prys* vermy.”

Piet kla weer dat sy seunskinders smôrens *laat wil lê / laat wil slaap* en dat *hulle* nie met die melkery *kom help* nie. Hy wil hê hulle moet die *wekker* stel, maar hulle druk glo net die ding dood en slaap verder. Hy dink dis vandat Kleinpiet en Klaas met hulle nooit *uitgemaak* het. Piet sê hy dink daar kan 'n *wrede / wreedaardige* moord onder hulle neuse gepleeg word sonder dat hulle wakker word. Hy *het nie meer planne nie / is al raadop*, sê hy, en met dié dat hulle so *laat slaap*, gaan hulle *nog baie* dinge in die lewe *mis / misloop*, reken hy.

Toe my vrou uitkom en sê dis *ongelooflik* want ons *kort* net 5 punte *vir 'n oorwinning / om te wen*, besluit ons ons kan tog nie al die land se probleme *oplos* nie en *verreweg* die beste plan is om in te gaan en *dit / die wedstryd* te geniet. Ons kan 'n dop steek en kyk of die ouens se wedstrydplan *slaag*. Dit sal *wonderlik / skitterend* wees!

JD (TOM) MCLACHLAN

E-pos: tommcl@whalemail.co.za

Boekbespreking / Book Review

Titel: *Beyond Diplomacy: My life of remarkable transitions and the moments that made the difference*
Outeur: Riaan Eksteen
Uitgewer: Protea Boekhandel, 2022.

Riaan (“Koedoe”) Eksteen woon sedert 1993 in Swakopmund, Namibië, waar hy permanente residensiële status het. Hierdie outobiografie som die belangrikste herinneringe uit sy loopbaan tot sover as beroepsdiplomaat, uitsaaibestuurder, konsultant en akademikus op.

Die boek fokus op vier afsonderlike temas. Die eerste is ’n oorsig oor sy ongeveer 27 jaar as in toenemende mate senior diplomaat betrokke by die interaksie tussen die Suid-Afrikaanse regering en veral die Verenigde Nasies (VN) in New York en Geneve, sowel as met lande soos Namibië, Turkye en ander. Die oorheersende fokus van sy werk gedurende hierdie periode was om as verteenwoordiger van die regering ’n oplossing vir die toekoms van Suidwes-Afrika (SWA) en vir die toenemende internasionale weerstand teen binnelandse apartheid in Suid-Afrika (SA) te help vind, te beding en te bestuur. Die tweede tema fokus op sy relatiewe kort maar kontroversiële ervaring van vyf jaar as Direkteur-Generaal (D-G) van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK), en twee jaar as onafhanklike politieke en sakekonsultant. Dit word derdens gevolg deur ’n beknopte oorsig oor die hervatting van sy konsultasie-aktiwiteite op internasionale en sakevlakke. Die boek sluit vierdens af met ’n opsomming van sy huidige aktiwiteite in die akademiese wêreld.

Die boek is in ’n gemaklike geselstrant geskryf, maar bevat ook ’n magdom tegniese besonderhede oor sy uiteenlopende aktiwiteite en ervarings tot nou toe, insluitende besonderhede oor noemenswaardige mense wat hy teengekom het, presiese datums, plekke en inligting oor belangrike besluite en dokumente waarna hy in die boek verwys. Die boek is dus ook ’n belangrike verwysingsbron vir navorsers oor die onderwerpe wat hy aanroer. Sy vertellings behels verder fassinerende eerstehandse verhale van hoe politiek alledaags op die hoogste vlakke ten opsigte van beide binnelandse en buitelandse vraagstukke, asook in demokrasieë en diktatorskappe, bedryf word. Hy skryf egter eksplisiet vanuit die perspektief van iemand wat vir baie jare ten nouste direk op die hoogste besluitnemingsvlakke saamgeleef het met politieke en ander transformasies wat veral die Suid-Afrikaanse en Namibiese regerings en mense se lotgevalle geraak en bepaal het.

Ton Vosloo, voormalige voorsitter van Naspers, verduidelik in sy voorwoord tot die boek waar die bynaam “Koedoe” wat hy reeds by sy geboorte gekry het, en sy hele lewe lank al saamdra, vandaan kom. Vosloo beskou Eksteen se herinneringe as relevant en toepaslik vir die huidige tydsgewrig in Suid-Afrika. Hy is ook vol lof oor die verskillende bydraes wat Eksteen oor ’n lang periode onder baie moeilike omstandighede gemaak het om komplekse samelewingsvraagstukke te besweer en te probeer verbeter.

Een goue draad wat deur die boek loop, is die belangrike rol wat ’n kombinasie van geleenthede, netwerke en toeval, in samehang met ’n mens se eie vermoëns, in jou lewe kan speel. Dit bevestig Machiavelli se beklemtoning van hoe die wisselwerking tussen die noodlot (*fortuna*) en mense se goeie en slegte eienskappe (*virtù* en *corruptio*) jou lotgevalle kan beïnvloed. Eksteen het kort na sy aanstelling as jong diplomatieke kadet in die Departement van Buitelandse Sake in 1964, byvoorbeeld ’n toevallige ontmoeting met Pik Botha gehad. Botha was toe reeds ’n senior diplomaat, getaak met die voorbereiding en koördinerings van

Suid-Afrika se verweer in die internasionale geregshof in Den Haag teen klagtes van Ethiopië en Liberië oor Suid-Afrika se bestuur van Suidwes-Afrika, en hy het die jong rekrut betrek. Dit het die rigting wat die jong Eksteen se loopbaan daarna ingeslaan het, rigtinggewend bepaal. Hy het naamlik van toe af al meer begin spesialiseer op die verhouding tussen die Verenigde Nasies aan die een kant en Suid-Afrika en Namibië aan die ander kant.

In 1974 neem die 32-jarige Eksteen nog 'n deurslaggewende besluit. Hy weier 'n aanbod om hom as Nasionale Party (NP)-kandidaat in 'n veilige parlementêre setel in daardie jaar se verkiesing beskikbaar te stel, omdat hy verkies het om eerder sy loopbaan as beroepsdiplomaat voort te sit. Hy word in daardie hoedanigheid toenemend as een van Pik Botha se belangrikste vertrouelinge en adviseurs beskou. Botha was op sy beurt 'n vertroueling van eerste minister BJ Vorster, wat hom in 1975 as nuwe ambassadeur by die VN aanstel. Die belangrikste onderskeiding wat Eksteen gedurende sy loopbaan behaal het, was waarskynlik sy diplomatieke bydrae as Suid-Afrikaanse Missiehoof, later met volle ambassadeurstatus, by die VN (1976–1980). Hy het sy senior kollega, mentor en lewenslange vriend, Pik Botha, op 35-jarige ouderdom in 1977 as missiehoof daar opgevolg, toe Botha Dr. Hilgard Muller as nuwe Minister van Buitelandse Sake vervang het.

Eksteen was dus die “gesig” van Suid-Afrika in die VN tydens die hoogtepunt van die internasionale verdoeming van die land oor apartheid. Dit was 'n besonder moeilike pos om te beklee, maar is steeds een van die belangrikste diplomatieke poste vir enige land. In 1981 word Eksteen op 39 die Hoof van Beplanning in die Departement van Buitelandse Sake, wat hom invloed oor strategiese beleidsbepaling in daardie departement gee. Hy bly ook aan as ambassadeur by die VN, en word toenemend as toekomstige kroonprins D-G van die departement beskou, onder andere as gevolg van sy noue verbintenis met minister Pik Botha, sy akkurate politieke waarnemings en insigte, sowel as sy goeie menseverhoudings en bestuursvermoëns.

Sy volgende kritieke besluit verander sy toekoms egter dramaties. Pik Botha was naamlik, naas sy buitelandse sakeportefeulje, ook die minister verantwoordelik vir die SAUK. Waarskynlik op grond van sy goeie samewerking met Eksteen en die vertroue wat Botha in hom gehad het, oorreed laasgenoemde hom in 1983 om 'n aanstelling as die nuwe D-G van die SAUK te aanvaar, ten spyte van sy gebrek aan ervaring in daardie veld. Hierdie aanstelling was polities kontroversieel, omdat dit vir kritici van apartheid nog 'n illustrasie van politieke inmenging in die media was. Dit was waarskynlik 'n selfs moeiliker en meer onstuimige periode in Eksteen se lewe as wat die VN was.

Hy verduidelik hoe hy van die begin af toenemende probleme met eerste minister (later president) PW Botha, sy familie en vriende sowel as ander ministers se persoonlike en direkte politieke inmenging in die redaksionele nuusbeleid en besluite van die SAUK ervaar het. Dit het uiteindelik in 1987 tot openlike konflik en 'n politieke en persoonlike vertrouensbreuk gelei tussen Eksteen aan die een kant en PW Botha sowel as sy voormalige D-G van Buitelandse Sake, Dr Brand Fourie, wat toe as voorsitter van die Raad van die SAUK gedien het, en die meerderheid van daardie Raad, aan die ander kant. Eksteen verlaat die SAUK in 1988 en tree vir 2 jaar op as onafhanklike politieke en sakekonsultant in Pretoria. Hy verduidelik in besonderhede in die boek wat aanleiding tot hierdie gebeure gegee het.

President FW de Klerk stel hom in 1990 egter weer as nuwe ambassadeur in Namibië aan en oor die volgende sewe jaar dien hy ook agtereenvolgens weer as ambassadeur by die VN in Geneve sowel as in Turkye en vier ander voormalige Sowjet-unierepublieke (Azerbaidjan, Kirgyzstan, Turkmenistan en Uzbekistan). Daarna hernu hy weer sy konsultasiepraktyk, behaal 'n doktorsgraad in Internasionale Verhoudinge in 2018 toe hy 76 jaar oud was, en begin boeke

en ander akademiese publikasies produseer. 'n Kort uittreksel uit sy curriculum vitae en 'n kernbibliografie van die belangrikste boeke waarna hy in hierdie outobiografie verwys, verskyn teen die einde van die boek. Sy meer volledige curriculum vitae is beskikbaar by <https://www.riaaneksteen.com/cv-resume/>.

Soos Eksteen aandui in hierdie outobiografie, het die professionele bydraes wat hy tot dusver gemaak het, baie wyer gestrek as die heersende siening van 'n diplomaat as bloot 'n amptelike politieke verteenwoordiger, boodskapper en woordvoerder (“spindokter”) vir die regering van die dag. Die titel van die boek, *Beyond Diplomacy*, dui daarop dat diplomatieke werk ook in wese die beïnvloeding, fasilitering of katalisering van beleidmaking en die implementering van regeringsbeleid beide binnelands en internasionaal behels, en dat hierdie twee vlakke van beleid onlosmaaklik aanmekaar verbind is. Dis met ander woorde nie net 'n eng-omskrewe administratiewe uitvoeringsfunksie nie, maar impliseer ook 'n integrale politieke rol met wye diskresies oor wat om te doen en te sê. Hierdie en ander faktore veroorsaak dat die Buitelandse Sakefunksie seker die moeilikste funksie in enige regering is, as gevolg van die geweldige kompleksiteit en verpolitiserings daarvan. Dit vereis goeie insig, oordeel en ervaring van verskeie samelewingsektore, tale en kulture, asook goeie interpersoonlike verhoudings en legitimiteit by beleidmakers.

Eksteen illustreer hierdie faset van sy werk met verwysing na sy advies aan sy minister, Pik Botha, sowel as aan ander topparty- en regeringsleiers oor allerlei netelige beleidskwessies terwyl hy in diens van Buitelandse Sake was. Nog 'n illustrasie hiervan is sy onthulling dat die D-G van die SAUK veronderstel was om vergaderings van die Werkskomitee van die Staatsveiligheidsraad (SVR) by te woon. Hieroor was hy erg ongemaklik. 'n Sydelingse opmerking wat hy in 1979 in 'n interne telegram aan minister Pik Botha gemaak het, het ook byvoorbeeld verreikende politieke gevolge gehad. Hy het naamlik bloot genoem dat die leier van die amptelike Progressiewe Federale Party-opposisie in die parlement, Colin Eglin, op 'n stadium direkte kontak met een van Suid-Afrika se felste kritici op daardie tydstip, mnr Don McHenry, die Amerikaanse Ambassadeur by die VN, gemaak het. Botha het dit as onaantwoordbaar beskou en politieke munt daaruit geslaan, wat gelei het tot Eglin se bedanking en sy vervanging deur dr. Van Zyl Slabbert as amptelike opposisiepartyleier.

Eksteen se ervarings bevestig ook Machiavelli se identifisering van politieke gedrag as speletjies wat gespeel word deur alle betrokkenes, en wat soms moreel of eties bevaagteken kan word. Diplomatie behels by uitstek sulke speletjies wat individue, groepe en regerings met mekaar speel. Hy verwys onder andere na die futiele pogings van die SA weermag om buitelandse beleid te probeer beïnvloed. Eksteen se subtiele defleksie van VN D-G Waldheim se navraag oor die vordering met die identifisering en instelling van 'n gedemilitariseerde sone tussen Angola en Namibië illustreer dit ook. Ander voorbeelde van politieke speletjies wat regeringsvertegenwoordigers speel, sluit in sy opdrag om die militêre betrokkenheid van die SA weermag in Angola in 1981 te ontken, sowel as Gen. Neil Knobel se uitdruklike leuen dat hy niks weet van chemiese oorlogvoering in die weermag nie, terwyl dit later onthul is dat hy die hoof van daardie program was. So het die hoof van die Nasionale Intelligensiediens, Niël Barnard, ook in 1987 ontken dat gesprekke met Mandela gevoer is. Hy was na bewering te “gevaarlik” daarvoor. Later bevestig Barnard self dat hy op daardie tydstip reeds in gesprek met Mandela was.

Ander interessante/belangrike onthullings in die boek sluit onder andere in dat eerste minister PW Botha in 1982 in 'n vergadering van die SVR Gen. Constand Viljoen opdrag gegee het om Maputo “plat te skiet” indien SA Vervoerdienste se werknemers wat na bewering in Maputo ontvoer was, iets sou oorkom. PW Botha het Eksteen verder persoonlik en doelbewus

voor topgeneraals in die sekuriteitsdienste verneder, omdat hy nie gereeld as SAUK D-G, SVR-komiteevergaderings bygewoon het nie. Eksteen bevestig verder dat PW Botha teen die einde van 1986 vermoedelik reeds 'n eerste beroertetoeval gehad het,¹ asook dat een van FW de Klerk se mees lojale binnekringministers (vermoedelik Kobie Coetsee) in 1992 beweer het dat De Klerk nooit van plan was om politieke mag prys te gee nie. Hy wou slegs 'n stelsel van magdeling gehad het wat 'n vorm van wit minderheidsbeheer sou voortsit. Dit bevestig die jongste inligting wat hieroor beskikbaar is.²

Siniese lesers mag moontlik die vermelding van die vele name van hoogwaardigheidbelleers wat Eksteen in die verloop van sy omswerwinge teëgekomp het, insluitende die pous, regeringshoofde, ander beïnvloeders en glanspersoonlikhede, skepties vertolk as “name-dropping”. Dit is egter die realiteit van daardie tipe werk, m.a.w. dis die mense met wie jy gereeld in daardie hoedanigheid kommunikeer en sake doen. Dis ongelukkig nie vir elke Jan Rap en sy maat beskore nie, en illustreer die elitistiese aard van enige agentskap wat met internasionale verhoudinge te doen het.

Eksteen erken ook dat hy 'n lid van die Afrikaner Broederbond was, maar ontken dat daardie lidmaatskap enige invloed op sy loopbaan, besluite en optredes gehad het. Hierdie standpunt mag ook deur sekere lesers bevreemte word.

'n Ander belangrike vraag wat nie altyd heeltemal duidelik is uit Eksteen se herinneringe nie, is tot welke mate hy, as een van die mees invloedryke internasionale woordvoerders en verdedigers van Suid-Afrika se apartheidsbeleid, altyd persoonlik self saamgestem het met die amptelike standpunte wat hy namens die Nasionale Partyregering ingeneem het. Sy ongemak met sekere opdragte en versoeke van bo skemer soms wel deur, byvoorbeeld waar hy as nuwe D-G van die SAUK weier om te voldoen aan sy minister, Pik Botha, se versoek om hom in sy gesprekke met die Amerikaanse Adjunkminister van Buitelandse Sake vir Afrika, dr Chet Crocker, by te staan met die Namibiese vraagstuk. Nog 'n illustrasie hiervan is sy eksplisiete verwerping (in 'n formele vergadering van die SVR), van Gen. Magnus Malan se standpunt dat SWAPO “vernietig sal word”.

As ambassadeur by die VN weier hy ook aanvanklik in 1992 om die huurkontrak vir die ambassadeurswoning in Geneve te hernu, omdat hy 'n goedkoper en beter opsie gehad het. Die eienaar van die eiendom was die skoonma van Tony Georgiades, wat op daardie stadium, saam met sy gade, Elita, persoonlike vriende van president en mev. Marike de Klerk was. Onder uitdruklike opdrag van sy departementshoof, Neil van Heerden, was hy egter verplig om dit te hernu. Hy beskou ook verskeie uitgesproke antagonistiese opponente van Suid-Afrika se apartheidsbeleid met wie hy te doene gehad het, as vriende. Dit sluit onder andere Joseph Lelyveld, verbanne New York Times verslaggewer in die 1960s in Suid-Afrika, in.

Hierdie enkele uiteenlopende gevalle illustreer persoonlike standpunte wat verskil van die amptelike standpunte wat hy ingeneem het. In ander gevalle is die antwoorde op hierdie vraag egter nie altyd duidelik nie. As beroepsdiplomaat is Eksteen meestal baie diskreet hieroor. Dit is egter nie 'n dilemma wat eiesoortig aan die diplomatie is nie. Besluite oor die mate waartoe 'n werknemer binne 'n organisasie of stelsel bereid is om saam te leef, en hom/haar te assosieer met aspekte van daardie organisasie of stelsel waarmee hy/sy in persoonlike hoedanigheid verskil, skep gewoonlik baie komplekse situasies. Hierdie moreel-etiese dilemma is veral akut in professionele beroepe in die regte, godsdiens, politiek en ander sektore waar

¹ Sien ook Cloete, F. 2019. Resolving P.W. Botha's 1985 Rubicon riddle. *Historia*, 64(2):142.

² Cloete, F. 2022. Die Nasionale Party se Machiavelliaanse strategieë vir demokratisering in die 1980s en 1990s in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, in druk.

die uitlewing van normatiewe waardes baie prominent is. Dis potensieel relevant en problematies in enige beroep of situasie waarin mens jou kan bevind. Mens sou dus graag wou weet wat Eksteen se verduideliking hiervan sou wees.

Koedoe Eksteen se herinneringe handel oor sy ervarings gedurende 'n baie belangrike maar uiters onstuimige periode in Suid-Afrika se geskiedenis. Dit gee die agtergrond vir sekere gebeure wat tot dusver nie duidelik was nie, en verklaar hoekom en hoe sekere goed waarby hy betrokke was, gebeur het. Die boek word aanbeveel vir enigeen wat belangstel in hoe regeringsbesluite geneem is en hoe internasionale verhoudinge gedurende daardie era gewerk het. Die meeste van daardie situasies is steeds in beginsel relevant vir en toepaslik op hedendaagse politieke regeringsprosesse en -besluitnemingsituasies.

FANIE CLOETE

<https://faniecloete.wordpress.com>

Hoof, Staatkundige Beplanning (1986-1989), Staatkundige Ontwikkelingsdiens, Pretoria
Emeritus professor in Openbare Beleid en Regeerkunde, Universiteite van Johannesburg en Stellenbosch

Spesiale tema: Afrikaans – Huidige inisiatiewe en toekomstige perspektiewe

In die vorige twee uitgawes, die Junie- en Septemberrnommers, is twee meningstukke oor “die twintig jaar van openbare taaldebate op Stellenbosch” (Brink, p. 411) geplaas. In sy weergawe meen prof. Chris Brink, voormalige rektor van die Universiteit Stellenbosch (2002–2007), dat die kern van die probleem opgesom kan word as die botsende verwagtinge betreffende die belange van Afrikaans aan die een, en die belange van die Universiteit Stellenbosch aan die ander kant. Op sy beurt bevind dr. Edwin Hertzog, voormalige voorsitter en ondervoorsitter van die Raad van die Universiteit Stellenbosch (2000–2008) “dat die aanpassings wat gedurende prof. Brink se termyn aan die taalbeleid gemaak is, nodig en in die beste belang van die universiteit was”, alhoewel hy dit terselfdertyd betreur “dat die akademiese onderbou van Afrikaans in die proses onder druk gekom het” (Hertzog, p. 608).

Twintig jaar later het die tersiêre landskap in Suid-Afrika onherroeplik verander en is Afrikaans as wetenskapstaal ongetwyfeld onder druk. Nietemin is daar die afgelope twintig jaar ook verskeie inisiatiewe onderneem waardeur Afrikaans op verskillende terreine bevorder is. Hiervan is die stigting van Akademia, ’n privaat hoërondewysinstelling, byvoorbeeld oteen-seglike getuienis van ’n voortgesette betrokkenheid by die handhawing van Afrikaans as wetenskapstaal.

Hiermee nooi die redaksie alle belangstellendes uit om deel te neem aan ’n spesiale temanommer oor huidige en toekomstige inisiatiewe rakende Afrikaans, waarin herbesinning oor vroeëre optredes en standpunte beslis ook sal figureer. Prof. Wannie Carstens, die aangewese gas-redakteur, sal later ’n vollediger uiteensetting van die beoogde temanommer verskaf. Intussen word belangstellendes versoek om aan hom te skryf by: wannie.carstens@nwu.ac.za.

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Keurders: Desember 2021 – November 2022

- Dr. EM (Elbie) Adendorff, Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch
 Me. A (Alana) Bailey, Kultuurhistorikus, Afriforum en Afriforum-uitgewers, Pretoria
 Dr. E (Elna) Barnard, Grondslagfase-onderwys, Kaapse Skiereiland vir Tegnologie
 Prof. Wessel Bentley, Research Institute for Theology and Religion, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
 Mev. Annemarie Carelsen, Kunsadviseur, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
 Prof. WAM (Wannie) Carstens, Afrikaanse Taalkunde, Tale en literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Dr. Yolandi M Coetser, Filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Dr. JA (Jesse) de Beer, Ekonomie, Universiteit van Namibië, Windhoek, Namibië
 Dr. Elna de Waal, Oefen- en Sportwetenskap, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
 Prof. EC (Elize) du Plessis, Kurrikulum en Onderrigstudies, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
 Prof. Heilna du Plooy, Navorsingseenheid Tale en Literatuur, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Prof. François Durand, Paleontologie en Ekologie, Departement Dierkunde, Universiteit van Johannesburg.
 Prof. PNJ (Pieter) Duvenage, Dekaan Geesteswetenskappe, Akademia, Pretoria
 Prof. Gideon Els, Rekeningkunde, Universiteit van Johannesburg
 Prof. Lambert K Engelbrecht, Maatskaplike werk, Universiteit Stellenbosch
 Henrico Erasmus, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Zululand
 Dr. CM (Ina) Gouws, Politieke Studies en Regeerkunde, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
 Prof. BW (Oppel) Greeff, Farmakologie, Universiteit van Pretoria
 Prof. SF (Franci) Greyling, Skryfkuns, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Prof. IJ (Izak) Grové, Musiek, Universiteit Stellenbosch
 Dr. Piet-Louis Grundling, Aardwetenskap, Sentrum vir Omgewingsbestuur, UVS, Departement Bosbou, Visserye en die Omgewing
 Prof. AM (Albert) Grundlingh, Geskiedenis, Universiteit van Stellenbosch
 Prof Michael (MF) Heyns, Filosofie, AROS en Skool vir Filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Prof. HP (Hendrik) Hofmeyr, Komposisie, Orkestrasie, Musiekteorie, Universiteit Kaapstad
 Prof. DJ (Dirk) Human, Ou Testament, Universiteit van Pretoria
 Drs. FME (Frank) Judo, Advokaat, Balie, Brussel, België
 Prof. EPJ (Ewert) Kleynhans, Skool vir Ekonomiese Wetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Prof. Kobus Kok, Nuwe Testament, Universiteit van Pretoria
 Dr. H (Herculene) Kotzé, Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Prof. JS (Kobus) Krüger, Godsdienwetenskap, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein en Universiteit van Pretoria
 Dr. C (Chris-Marié) le Hanie, Opvoedkundige studies, AROS (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies), Pretoria
 Prof. WFM (Willem) Luyt, Penologie, Departement van Korrektiewe Bestuur, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria

- Dr. Willemien Marais, Joernalistiek, Departement Kommunikasiewetenskap, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Prof. FA Mouton, Geskiedenis, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof. Jan G Myburgh, Toksikologie, Departement van Parakliniese Wetenskappe, Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria
- Prof. TG (Theo) Neethling, Politieke Wetenskap, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Prof. BJ (Bernard) Odendaal, Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Me. H. (Helena) Oosthuizen, Spraak-Taalterapie, Universiteit Stellenbosch
- Prof. Joelien Pretorius, Internasionale Verhoudings, Politieke Wetenskap, Universiteit van Wes-Kaapland
- Prof. L. (Laurette) Pretorius, Rekenaarwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof. JH (Johann) Rossouw, Filosofie, Departement Filosofie en Klassieke, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Prof. MJ (Marinus) Schoeman, Filosofie, Universiteit van Pretoria
- Prof. JM (Juliana) Smith, Kurrikulum-studies, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Wes-Kaapland
- Prof. MJ (Maggie) Soer, Spraak-Taalterapie en Oudiologie, Universiteit van Pretoria
- Dr. J-A (Jan-Ad) Stemmet, Geskiedenis, Universiteit Stellenbosch
- Prof. Francois Steyn, Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie, Universiteit van Pretoria
- Prof. Jean Steyn, Kriminologie en strafreg, Universiteit van Zululand
- Prof. Dr. Wessel Stoker, leerstoel esthetica, Vrije Universiteit, Amsterdam
- Dr. T. (Talytha) Louw-Swanepoel, Joernalistiek en Mediastudies, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof. CH Thesnaar, Praktiese Teologie en Missiologie, Universiteit Stellenbosch
- Prof. Geesje van den Berg, Kurrikulum en Onderrigstudies, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof. Dr. Steven Vanderputten, Geskiedenis, Fakulteit Kuns en Filosofie, Universiteit van Gent, België
- Prof. IJ (Kobus) van der Walt, Filosofie van Natuurwetenskap en Tegnologie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof. MP (Petro) van Niekerk, Vergelykende opvoedkunde en internasionale onderwys, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof. Anthoni van Nieuwkerk, Thabo Mbeki Public School of Public and International Affairs, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof. HF (Herrie) van Rooy, Antieke Tekste, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof. Paul van Tongeren, Filosofie, Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland.
- Prof. JK (Jo-Ansie) van Wyk, Internasionale Betrekkinge en Diplomatie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof. Anné Verhoef, Filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Dr. JC (Cobus) Vermeulen, Ekonomie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Dr. Charles Villet, Filosofie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Prof. JM (Koos) Vorster, Reformatoriese Teologie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof. RR (Robert) Vosloo, Sistematiese Teologie, Universiteit Stellenbosch
- Me. R (Roné) Wieringa, Virtuele Instituut vir Afrikaans, Afrikaanse Taalraad en Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, die kunste en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, word nie vir publikasie oorweeg nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, word gratis aan die outeur verskaf. Indien 'n outeur meer eksemplare verlang, kan dit teen die heersende prys van die Akademieskantoor bestel word.

Die volgende **algemene voorskrifte** geld vir voorgelede manuskripte:

- Stuur 'n **elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word in skrifgrootte Arial 12-punt met 'n 25 mm-linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n **erkende taalversorger** geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans of Nederlands geskryf wees en beperk wees tot tussen **8 000 en 10 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort *curriculum vitae* in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en 'n foto(s) van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Die bydrae moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1 000** woorde in Engels. 'n Opsomming in 'n ander taal as Afrikaans moet 'n **vertaling van die titel** as opskrif hê.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels net ná die Engelse opsomming verskaf.
- **Illustrasies of grafika** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.

Opskrifte in die *Tydskrif* lyk soos volg:

1. Hoofopskrifte is in hoof- en kleinletters en vetdruk. Daar is 'n lynspasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 Opskrifte is in hoof- en kleinletters en kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 Subopskrifte is kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte kan soos bo genommer word indien 'n outeur dit verkies. Daar is geen punte ná opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: Die waardestruktuur.*

Indien 'n opskrif of onderskrif 'n **subtitel** bevat, volg die subtitel ná 'n dubbelpunt en begin dit met 'n hoofletter, met inagneming van die gewone Afrikaanse patroon, byvoorbeeld die konvensie rakende die lidwoord 'n.

Plaas asseblief tabelle en figure op die regte plek in die teks.

Aanhalings en verwysings

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale as Afrikaans is nie. Aanhalings wat langer as **drie reëls** is, word geïndenteer en nie tussen aanhalingstekens geplaas nie. Enige invoeging in 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Alle bibliografiese besonderhede word verstrek in die taal van die geraadpleegde bron, mits dit in die Romeinse alfabet is.

Voorbeelde:

- **Boek:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.
- **Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.
- **Hoofstuk in 'n boek:** Verhoef, G. 2012. 'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu. In Pretorius, F (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortyde tot nou*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 201-217.
- **Internethron:** Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

In Afrikaans:

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan, 1996:45) ...

OF: ... (Swan, 1996:45). [aan sinseinde]

Bladgeld

Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen om bladgeld. Die *Tydskrif* is nasionaal geakkrediteer en opgeneem in internasionale indekse. Navorsingsartikels gepubliseer in die *Tydskrif* kwalifiseer dus vir staatsubsidies.

Outeursreg

Outeur(s) behou outeursreg in 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

Guidelines for authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the subject fields of theology, languages, arts and culture, and social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions published elsewhere will not be considered for publication in the *Journal*. An author will receive two complimentary copies of the edition in which his/her contribution appeared. More copies may be ordered from the publications office at the current price.

Submitted manuscripts should meet the following requirements:

- Contributions are to be submitted electronically by email to publikasies@akademie.co.za. Manuscripts should be typed in double spacing in Arial 12 point, leaving a 25 mm left margin.
- Manuscripts have to be **edited and be ready for printing**. Authors have to submit proof in writing that their text has been language edited by a **recognised text editor/language practitioner**.
- Contributions should be submitted in Afrikaans or Dutch and be limited to **8 000-10 000** words.
- An abridged *curriculum vitae* in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG format) of each author should be submitted along with the contribution.
- Manuscripts should be accompanied by an abstract of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1 000** words. An abstract in a language other than Afrikaans should be headed by a **translation of the title**.
- The English abstract should be followed by a list of approximately **10-20 keywords** in English and Afrikaans.
- **Illustrations or graphics** should be provided with suitable captions placed below them, and their size should be appropriate for the format of the *Journal*.

Headings in the *Journal* are styled as follows:

1. **Main headings** are in upper and lower case, and bold. Leave a line space between the heading and the text.

1.1 *Headings* are in upper and lower case and italics. Leave a line space between the heading and the text.

1.1.1 *Subheadings* are in italics. Leave a line space between the heading and the text.

Headings may be numbered, if preferred. There are no full stops after headings.

Table headings are styled as follows:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: *Systemic interdependence: The value structure*

If a **subtitle** occurs in any heading or caption, it is preceded by a colon and begins with an upper-case letter.

All tables and figures are to be inserted at the correct place in the text.

Quotations and references

- **Quotations** are not italicised – not even when in a foreign language. Quotations that exceed **three lines** are indented and are not placed in quotation marks. Anything inserted in a quotation is placed in square brackets. See examples in the printed *Journal*.
- **Abbreviations** should be avoided as far as possible.
- **Bibliographic references** follow the abbreviated Harvard method, with some variation allowed for specific subjects.

All bibliographic details are given in the language of the source used, provided the source is in the Roman alphabet.

Examples:

- **Book:** Quirk, R. & Greenbaum, S. 1973. *A university grammar of English*. Essex, UK: Longman.
- **Article in a journal or magazine:** Paterson, A-M. 2013. Inspired by fellowship: How Poet's Corner in Westminster Abbey brought Burns lovers together. *The Scots Magazine*, 178(1):36-38.
- **Chapter in a book:** De Gruchy, JW. 1984. Jung and religion: A theological perspective. In Papadopoulos, RK & Saayman, GS. (eds). *Jung in modern perspective*. London: Ad Donker, pp. 193-203.
- **Internet source:**
Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

In Afrikaans:

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Citations in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan, 1996:45) ...

OR: ... (Swan, 1996:45). [at the end of a sentence]

Page fees:

A fee of R300 per printed page (+VAT) is charged to help cover printing costs. It is the responsibility of the author to apply for payment of these fees by his/her university/research institution. The *Journal* has been accredited nationally and is included in international indices. Research articles/papers published in the *Journal* therefore qualify for government subsidies.

Copyright:

Copyright of articles published in the *Journal* vests in the author(s).